

**DIE GEBED IN DIE CARMINA MINORA VAN CATULLUS:**

**'N LITERÊRE EN METODOLOGIESE STUDIE, TOEGESPITS OP ENKELE  
PROBLEME IN VERBAND MET LITERÊRE INTERPRETASIE**

**Jan Swanepoel, M.A., B.Phil.**

**Proefskrif goedgekeur vir die graad Doctor Litterarum in Latyn in die  
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir  
Christelike Hoër Onderwys.**

**Promotor: † Prof. A.G.P. van der Walt**

**Hulppromotor: Prof. H.F. van Rooy**

**Potchefstroom**

**1989**

## BEDANKINGS

By die voltooiing van hierdie studie wil ek graag my dank uitspreek teenoor die persone wat my bygestaan het in hierdie projek.

Eerstens roep ek met dankbaarheid die aandeel van my ontslape promotor, kollega en vriend, prof. A.G.P. van der Walt, in herinnering. Sy bewaame leiding, fyn kritiese vermoë en in besonder die openheid wat hy aan die dag gelê het, sal my altyd bybly. Ek is dankbaar dat die Senaat van die PU vir CHO besluit het dat hierdie proefskrif steeds met die vermelding van sy naam as promotor ingedien kan word.

Ook aan prof. H.F. van Rooy wat na die afsterwe van prof. Van der Walt as hulppromotor opgetree het en 'n waardevolle bydrae gelewer het, my hartlike dank.

Mev. J.M. Schulze, wat die manuskrip getik en tegnies versorg het, verdien 'n besondere woord van dank.

Ek bedank graag die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek vir hul vriendelike behulpsaamheid.

Van die talle persone wat 'n aandeel gehad het in my akademiese vorming, vermeld ek graag die volgende by die naam:

- mev. S. Nell, wat 'n liefde vir Latyn by my aangewakker het
- wyle prof. W.N. Coetzee, my mentor in die akademiese bestudering van die Klassieke
- prof. T.T. Cloete, wat my in die bestudering van die poësie ingelei het
- prof. N.T. van der Merwe, onder wie ek die voorreg gehad het om in die Filosofie te studeer.

Aan my ouers, vriende, kollegas en oud-kollegas gaan 'n woord van dank uit vir hul belangstelling.

Hierdie lys van name word nie sonder rede afgesluit met 'n vermelding van my vrou en kinders nie.

## TEGNIESE OPMERKINGS

- In hierdie studie is Mynors (1967) se Oxford-uitgawe van Catullus se gedigte as basisteks gebruik. Waar daar 'n ander tekslesing gekies is, is dit in die bespreking vermeld.
- Bibliografiese verwysings is gedoen volgens die aangepaste Harvard-styl. Hiervolgens word 'n geïntegreerde bibliografie saamgestel, sonder onderskeiding tussen primêre en sekondêre tekste. Die uitgawes van die gedigte van Catullus verskyn onder die naam van die redakteur wat die edisie behartig het. Verwysings na die geskrifte van ander klassieke skrywers as Catullus geskied volgens die standaardmetode in filologiese navorsing.
- Griekse woorde en aanhalings is getransliterereer en ongeaksentueer word weergegee in vetdruk.
- Aangesien die vroeë uitgawes van sommige bronne dikwels nie verkrygbaar was nie, is die datum van die uitgawe wat geraadpleeg is, vir verwysingsdoeleindes gebruik. In gevalle waar daar 'n groot gaping tussen die oorspronklike en die latere publikasiedatum is, is dit in die teks vermeld. In die Bibliografie is die aanvanklike publikasiedatum in hakies na die datum van uitgawe geplaas.
- Kruisverwysing binne die proefskrif geskied soos volg: (a) indien daar na 'n gedeelte in 'n ander hoofstuk verwys word: "(kyk hoofstuk \*, punt \*)", en (b) indien daar na 'n gedeelte binne dieselfde hoofstuk verwys word: "(kyk punt \*)."
- Kursivering geskied deur 'n verandering van karakterstel. Aangesien dit nie baie opvallend is nie, word 'n voorbeeld, waarin die woorde "Catullus" en "gebedsgedigte" gekursiveer is, hier verstrekk: "Die rede waarom juis Catullus se gebedsgedigte bespreek word, is ..."

## INHOUD

### HOOFSTUK 1

#### OOGMERKE, TOESPITSING, HIPOTEESES EN WERKPLAN

1.	OORKOEPELENDE OOGMERK	1
2.	HOOFDOOGMERKE	1
2.1	Eerste hoofdoogmerk	1
2.2	Tweede hoofdoogmerk	2
3.	VERNAAMSTE PROBLEME	3
4.	TWEE FOKUSSE	3
5.	BENADERING EN TOESPITSING	4
5.1	Literêre gerigtheid	4
5.2	Metodologiese gerigtheid	5
6.	HIPOTEESES	6
6.1	Bepaaldheidsipotese	7
6.2	Onbepaaldheidsipotese	7
7.	WERKPLAN EN WERKWYSE	8

### AFDELING A

#### KONTEKSTUALISERING

### HOOFSTUK 2

#### DIE INTELLEKTUELE EN HISTORIESE KONTEKS

- 'n postscriptum as praefatio -

1.	INLEIDING	13
2.	DIE PROBLEEM VAN OBJEKTIVISME EN RELATIVISME AS KERNPROBLEEM VAN DIE TWINTIGSTE EEU	14
3.	WAARHEIDSTEORIE	17
4.	RELASIONALITEIT	19
5.	DIE BEPAALDHEIDSPROBLEEM, HOOFSAAKLIK BESIEEN VANUIT ONTWIKKELINGE IN DIE HERMENEUTIEK	20
6.	KRITERIA VIR KORREKTHEID	22
6.1.	Outeursbedoeling	22
6.2	Ooreenstemming met hoe die teks in sy ontstaans- konteks gefunksioneer het en verstaan is	23

6.3	Teksstrekking of teksbedoeling	23
6.4	Verrekening van uiteenlopende interpretasies	24
7.	TIPERING VAN 'N FILOLOGIESE HERMENEUTIEK	25
7.1	Die probleme met betrekking tot 'n algemene tipering	25
7.2	Hoofoorwegings vir die huldiging van 'n normatiewe hermeneutiek	26
7.3	Tendense in die ontwikkeling van 'n filologiese hermeneutiek	26
7.3.1	Inleiding	26
7.3.2	Voorgeskiedenis	26
7.3.3	Taal-toespitsing	27
7.3.4	Agtergrond	27
7.3.4.1	Schleiermacher en die strewe na 'n algemene hermeneutiek	28
7.3.4.2	Die historisiteit van kuns	29
7.3.4.3	'n Betroubare metodologie vir die Geesteswetenskappe	29
7.4	Belangrike formaliseerders van 'n filologiese hermeneutiek	30
7.4.1	Inleiding	30
7.4.2	Wolf	30
7.4.3	Ast	31
7.4.4	Boekh	32
7.4.5	Samevatting	33
7.5	Die Historisme	34
7.6	Teenreaksie	34
7.7	Tipering	35
7.7.1	Inleiding	35
7.7.2	Vereistes	36
7.7.3	Oogmerke	36
7.7.4	Metodes	37
7.7.5	Wetenskapsopvatting	38
8.	WENDINGS IN DIE TWINTIGSTE EEUSE BESTUDERING VAN DIE KLASSIEKE POËSIE	39
8.1	Die impak van moderne benaderings	39
8.2	Die wenslikheidsvraagstuk	40
8.3	Klassici se voorkeure	41
8.4	Die vernaamste wendings	42
8.5	Wendings in Catullusnavorsing	42
9.	PLASING BINNE DIE RAAMWERK VAN 'N SKEMATISERING VAN TEKS- OF LITERATUURBESKOUINGS	45
9.1	Inleiding	45
9.2	Die teks-as-dokument beskouing	46
9.3	Die teks-as-monument beskouing	47
9.4	Die teks-as-teken beskouing	48
9.5	Plasing	49
10.	TERSAAKLIKHEID VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK	50

## AFDELING B

### SISTEMATIESE ONDERSOEK: GEBED EN LITERÊRE GEBED

#### UITEENSETTING

#### HOOFSTUK 3

#### DIE ROMEINSE GEBED: 'N VORMLIKE EN STILISTIESE VERKENNING

1.	INLEIDING	52
2.	NADERE PRESISERING VAN DIE BEGRIP "GEBEDSVORM"	52
2.1	Negatiewe afgrensings	52
2.2	Wat onder "gebedsvorm" verstaan word	55
3.	GEBEDSTIPES	56
3.1	Klassieke outeurs se aanduidings van verskillende gebedstipes	56
3.2	Gebedsterme	56
3.2.1	precatio / prex	56
3.2.2	oratio	56
3.2.3	carmen	57
3.2.4	Ander woorde	57
3.2.5	votum	57
3.2.6	hymnus	58
3.2.7	Samevatting	58
3.3	Tipologieë van moderne navorsers	59
3.3.1	Pighi se indeling	59
3.3.2	Kleinknecht se indeling	59
3.3.2.1	Die rituele gebed	59
3.3.2.2	Die persoonlike gebed	59
3.3.2.3	Die literêre gebedsparodie	59
3.3.2.4	Die gebed aan die muses	59
3.3.3	Samevatting	60
4.	DIE VORMSKEMA VAN DIE GEBED	60
4.1	Inleiding	61
4.2	Aanspreking / Invocatio	61
4.3	Uitbreidings en predikerings	61
4.4	Die bede of versoek	62
4.5	Gebedswerkwoorde	62
5.	STYL: GEBEDSTYL EN DIE STYL VAN VERWANTE DISKOERSE	63
5.1	Inleiding	63
5.2	Styl: verskillende definisies en benaderings	63
5.2.1	Wolfram Ax	63
5.2.2	Évrard-Gillis	64
5.2.3	Sosio-linguistiese oorwegings	65
5.3	Stylondersoek	65
5.3.1	Inleiding	65
5.3.2	Die neiging tot indrukwekkende taalgebruik	66

5.3.3	Sakrale taagebruik	66
5.3.3.1	Konservatisme	66
5.3.3.2	Argaïserende tendens	66
5.3.3.3	Redundante stelyse	67
5.3.3.4	"Wachsende Glieder"	68
5.3.3.5	Polêre uitdrukkings	68
5.3.3.6	Klankorkestrasie	68
5.3.4	Taagebruik in magiese tekste	69
5.3.5	Juridiese en amptelike taagebruik	70
5.3.5.1	Ooreenkomste en verskille ten opsigte van sakrale taagebruik	70
5.3.5.2	Konstruksies met 'n hoë voorkomfregkwensie	71
5.3.5.3	Redundansie	71
5.3.5.4	Ander stylkenmerke	71

## HOOFSTUK 4

### LITERÊRE GEBEDSTEKSTE: ENKELE MOONTLIKE ONDERSKEIDINGSMODELLE

1.	INLEIDING	73
2.	AGTERGRONDE	74
2.1	"Literatuur" nie 'n vaste kategorie nie	74
2.1.1	Veranderende opvatting oor wat "literatuur" is	74
2.1.2	Romeinse perspektief	74
2.1.3	Die moderne leser se perspektief	75
2.2	Literêre gerigtheid	75
2.3	Sistematiese benadering	76
3.	DIE ONDERSKEIDINGSPROBLEEM	76
4.	MOONTLIKE KRITERIA	77
5.	PRELITERÊR-LITERÊR	78
6.	VERSKILLE GELEË IN OBJEKSKENMERKE	79
7.	KRITERIA GEBASEER OP 'N MODEL VAN NORM EN AFWYKING	80
8.	ENKELE MODELLE	81
8.1	"Unpoetische Wörter"	81
8.1.1	Axelsson se model	81
8.1.2	Problematiese fasette	82
8.2	Die Russies-Formalistiese benadering	83
8.2.1	Pragmatiese en poëtiese taagebruik	83
8.2.2	Problematiese fasette	83
8.3	Afwyking van genrekonvensies	84
9.	KONTEKSTUELE MODEL	85
9.1	Inleiding	85
9.2	'n Kontekstuele beskrywing van die funksionering van godsdienstige gebede	86
9.2.1	Beskrywing van die kommunikasiehandelinge	86
9.2.2	'n Eenvoudige kommunikasie-model	86
9.2.3	'n Model van taagebruikfunksies	86
9.2.4	Kontekstuele oorwegings: die gebed in godsdienstige konteks	88
9.2.5	Die gebed as een van die sacra	89

9.2.6	Geestesingesteldheid: ekspressiewe funksie	89
9.2.7	Konvensies	92
9.2.8	Die ander komponente in die kommunikasiehandeling	92
9.2.8.1	Sender	93
9.2.8.2	Reseptor	93
9.2.8.3	Boodskap en kode	93
9.2.8.4	Kanaal	93
9.3	Enkele verskille	93
9.4	Evaluering van die kontekstuele model	96
10.	'N KLUSTERBENADERING	96
10.1	Uiteensetting	96
10.2	Evaluering	99
11.	ONTKENNING VAN 'N ONDERSKEID	100
12.	KONKLUSIE	100

## AFDELING C

### TOEGEPASTE STUDIE

#### 'N BESPREKING VAN DIE GEBEDSTEKSTE IN DIE CARMINA MINORA

#### UITEENSETTING

#### DEEL 1

#### DIE GEBED IN OOREENSTEMMING MET DIE KONVENSIES

#### VAN KULTIESE TEKSTE

### HOOFSTUK 5

1.	INLEIDING	104
2.	WERKWYSE	105
3.	CARMEN 34 AS HIMNE	105
4.	TRADISIE	106
5.	VORMSKEMA EN TEMATIESE VERLOOP	106
6.	STRUKTUUR	107
6.1	Makrostruktuur	107
6.2	Simmetriese bou	107
6.3	Lofprysing	107
6.4	Formele en stilistiese fasette	108
6.5	Herhaling en variasie	108
6.6	Benoeming	110
6.7	Tematiese skakeling	110
6.8	Liturgiese taalgebruik	111
6.9	Ritmies-metriese struktuur	112
6.10	Griekse en Romeinse elemente	112
7.	INTERPRETASIEPROBLEME	114

7.1	Kontekstuele probleme	114
7.2	Enkele standpunte	114
7.3	Bespreking	116
8.	METODOLOGIESE EN WETenskapSHISTORIESE OPMERKINGS	119

## DEEL 2

### DIE PERSOONLIKE GEBED

#### INLEIDING

#### HOOFSTUK 6

##### CARMEN 109

1.	BENADERINGS TOT DIE BESTUDERING VAN DIE GEDIG	121
2.	DIE TEKSINTERNE STRUKTUUR	123
2.1	Tematiese verloop	123
2.2	Die gebedsvorm	123
2.3	Formulêre taalgebruik en register	124
2.4	Struktuurprinsipes	124
2.4.1	Persoonswisseling	124
2.4.2	Uitdrukkings wat betrekking het op tydskuur	125
2.4.3	Pleonastiese stelwyse	125
2.4.4	Ordering van gegewens: patroonvorming	126
3.	LESERSKENNIS: DIE INTERTEKS EN DIE ONGESEGDE	129
4.	INTERPRETASIEVRAAGSTUKKE	132
4.1	Die verhouding tussen amor en amicitia	132
4.2	Die toonaard van die gedig	134
4.3	Foedus amicitiae	136
4.4	'n Ander interpretasie?	136
4.5	Gebedsvorm en versvorm	140
5.	SAMEVATTING	141

#### HOOFSTUK 7

##### CARMEN 76

1.	INLEIDING	143
1.1	Algemene tipering	143
1.2	Oogmerke	144
1.3	'n Analitiese aanpak	144
2.	STRUKTUURBESKRYWING	145

2.1	Makrostruktuur	145
2.1.1	Vernaamste denkskole	145
2.1.2	Nut van struktuurbeskrywing en -indeling	146
2.1.3	Struktuurprinsipes	146
2.1.3.1	Jukstaposisie van die algemene en die besondere en van die onbepaalde en bepaalde	146
2.1.3.2	Kruis- en muntformulerings	148
2.1.3.3	Persoonstruktuur	148
2.2	Mikrostruktuur	150
2.2.1	Die eerste beweging	150
2.2.2	Die tweede beweging	152
2.2.3	Die derde beweging	153
2.2.3.1	Skematiese voorstelling	153
2.2.3.2	'n Tekskritiese probleem	154
2.2.3.3	Patroon en dinamiek	154
2.3	Metaforiek	157
2.3.1	Inleiding	157
2.3.2	Amor as ooreenkoms / kontrak	158
2.3.3	Amor as morbus	161
2.4	Metries-ritmiese oorwegings	163
2.5	Foniese struktuur	163
2.6	Die toonstruktuur: rasionaliteit, wil en emosie	164
2.7	Integrasie van die gebedstekes by die gedig as geheel	165
2.8	Die literêre benutting van die gebedsvorm in carmen 76	166
3.	INTERPRETASIEVRAAGSTUKKE	167
3.1	Inleiding	167
3.2	Die verhouding tussen teks en outeur	169
3.3	Verskille oor die strekking van die gedig	169
3.3.1	Carmen 76 as godsdienslike gedig	169
3.3.1.1	Manifestasie van diepste geloofsoortuigings	170
3.3.1.2	'n Mistiese interpretasie	170
3.3.1.3	'n Voor-Christelike interpretasie	170
3.3.1.4	Carmen 76 as Romeinse gedig	171
3.3.1.5	'n Animistiese ingesteldheid	171
3.3.2	Carmen 76 as nie-godsdienslike gedig	171
3.4	Die status van literêrewetenskaplike uitsprake	172
3.4.1	Dilemma	172
3.4.2	Moontlike uitweë	172
3.5	Opvattinge oor die toonaard van die gedig	174
3.5.1	Uiteenlopende opvattinge	174
3.5.2	Faktore wat die beskrywing van die toonstruktuur beïnvloed	175
3.5.2.1	Die invloed van opvattinge oor die makrostruktuur	175
3.5.2.2	"Opregtheid"	175
3.5.2.3	Hoogheiligheid	176
3.6	Die geldigheidsvraagstuk: 'n "misreading"	177
3.7	Amor as huwelik?	180
3.8	Opvattinge oor die tersaaklikheid van die interteks	181
3.9	Genreklassifikasie: epigram of elegie?	183
3.10	Samevatting oor die interpretasieproblematiek	184
4.	KONKLUSIE: INTERPRETASIEVERSKILLE EN GEBEDSFUNKSIES	185

## DEEL 3

### DIE GEBEDSPARODIEË

#### INLEIDING

#### HOOFSTUK 8

#### DIE VERSKUILDE GEBEDSPARODIEË

1.	INLEIDING	188
2.	CARMEN 31	189
2.1	Teks	189
2.2	Resepsiegeskiedenis	189
2.3	Oogmerke	190
2.4	Makrostruktuur	191
2.5	Formele verwantskappe met gebedstekste	193
2.5.1	Vormskema	193
2.5.2	Verdere ooreenkomste	193
2.6	Aleksandrynse kenmerke	195
2.7	Sirmio en die spreker	196
2.8	Die funksie van die gebedsvorm: verheuenheid en spel	198
2.9	Metodologiese opmerkings	199
2.9.1	Leserskompetensie	199
2.9.2	Interpretasieverskille en raamkonstruksie	199
3.	CARMEN 44	200
3.1	Teks	200
3.2	Resepsiegeskiedenis	200
3.3	Oogmerke	201
3.4	Tematiese verloop	201
3.5	Aleksandrynse kenmerke	202
3.6	Carmen 44 as gebedsparodie	202
3.6.1	Herkenning van carmen 44 as gebedsparodie	202
3.6.2	Vormskema	203
3.6.3	Styl en gebedstopoi	204
3.7	Die funksie van die gebedsvorm	206
4.	CARMEN 2	208
4.1	Teks	208
4.2	Tekskritiese probleme	208
4.3	Resepsiegeskiedenis	209
4.3.1	Die herkenning van die gedig as gebedstekste	209
4.3.2	Faktore wat eenduidige interpretasie bemoeilik	210
4.3.3	Ander dispuutpunte	210
4.4	Oogmerke	211
4.5	Tematiese verloop	211
4.6	Aansluiting by die gebedsvorm	212
4.7	Verskuiwende fokus	213
4.8	Funksie van die gebedsvorm	214

4.8.1	Meningsverskille	214
4.8.2	Spel	214
4.8.3	Somber elemente	215
4.8.4	Die verhouding tussen die meisie en die spreker	215
4.8.5	Die argumente ten gunste van die somber interpretasie	216
4.8.6	'n Parodiërende interpretasie	217
4.8.7	Die meisie in die rol van puella divina en moeder?	217
4.8.8	Die gebed en die keuse tussen die korter en langer lesing	218
4.9	Konklusie	219
5.	CARMEN 17	220
5.1	Teks	220
5.2	Inleiding	220
5.3	Makrostruktuur	221
5.3.1	Rudd se voorstel	221
5.3.2	'n Ander voorstel	222
5.3.3	Hoe skakel versreëls 1-7 en 8-26?	223
5.4	Verwantskappe met gebedstekste	224
5.4.1	Struktuur van die eerste beweging en aansluiting by die konvensies van gebedstekste	224
5.4.2	Godsdienstige elemente in versreëls 8-26	225
5.4.3	Onsekerhede	226
5.5	Funksie van die gebedsvorm en godsdienstige elemente	227
5.5.1	Middel tot 'n doel	227
5.5.2	Seksuele toespelings in die gebedstekste	228
5.5.3	Styltipering	228
5.6	Metodologiese opmerkings	230

## HOOFSTUK 9

### CARMEN 36

1.	INLEIDING	232
1.1	Carmen 36 as heg-gestruktureerde maar uiteenlopend geïnterpreteerde gedig	232
1.2	Oogmerke	233
1.3	Hipoteses	233
1.4	Werkwyse	234
2.	TEMATIESE VERLOOP	235
2.1	Twee tipes struktuurbeskrywings	235
2.2	Meganiese struktuurbeskrywing	235
3.	RESEPSIEHISTORIESE ONDERSOEK	236
3.1	Inleiding	236
3.2	Variant 1: Ellis se lesing	237
3.2.1	Inleiding	237
3.2.2	Raam: die liefdesverhouding tussen Catullus en Lesbia	237
3.2.3	Historiese invulling	237

3.2.4	Samevatting	238
3.3	Variant 2: Comfort se lesing	238
3.3.1	Inleiding	238
3.3.2	Besware	238
3.3.3	Rekonstruksie van die situasie	239
3.3.4	Psigologiese argumente	239
3.3.5	Ander argumente	241
3.4	Variant 3: Buchheit se lesing: carmen 36 as literêre invektyf	241
3.4.1	Afwysing van 'n genetiese benadering	241
3.4.2	Afwysing van 'n liefdesraam	241
3.4.3	Die gelofte as middel tot 'n doel	242
3.4.4	Buchheit se interpretasie-strategie	242
3.4.4.1	Intertekstuele argumente	242
3.4.4.2	Struktuurargumente	243
3.4.4.3	Taalkundige argumente	243
3.4.4.4	Verklarende krag	244
3.4.5	Die onderliggende beginsel, of te wel die "wit mitologie"	245
3.4.6	Excursus: Soles oor die struktuur van carmen 36	246
3.4.7	Literatuuropvatting	247
3.4.8	Evaluering	247
3.5	Variant 4: Williams se lesing	247
3.5.1	'n Ander raam	247
3.5.2	Argumente	247
3.5.3	Literatuurbeskouing en -benadering	248
4.	VARIANT 5: CARMEN 36 AS GEBEDSPARODIE: 'N VORM-GEORIËNTEERDE LESING	249
4.1	Inleiding	249
4.2	Parodie en ironie	249
4.3	Ooreenstemming met die grondvorm	251
4.3.1	Carmen 36 as votum	251
4.3.2	Formulêre taalgebruik en woorde met godsdienstige assosiasies	252
4.3.3	Verhewe register	253
4.3.4	Vormskema van die precatio	254
4.3.5	Samevatting	254
4.4	Afwykinge	254
4.4.1	Vreemde verskynsels	254
4.4.2	'n Voorgestelde raam	254
4.4.3	Die geloftevoorwaardes	255
4.4.4	Die betroubaarheid van die verteller	256
4.4.5	Motiverings vir at	257
4.4.6	Vervulling van slegs een van die voorwaardes	257
4.4.7	Verklarende krag	258
4.5	Interne struktuur	258
4.5.1	Inleiding	258
4.5.2	Makrostruktuur	258
4.5.3	Mikrostruktuur	261
4.5.3.1	Ambivalensie en meerduidigheid	261
4.5.3.2	Konformerings en ondermyning	262
4.5.3.3	Patroonmatigheide	263
4.5.3.4	Sintaktiese vooropstelling deur middel van hyperbaton	264
4.5.3.5	Foniese organisasie en die semantiese funksie daarvan	264
4.5.3.6	Metaforiek	267

4.6	Die funksie van die gebedsvorm	267
5.	METODOLOGIESE BESPREKING	268
5.1	Inleiding	268
5.2	Die redes vir interpretasieverskille	268
5.2.1	Taalkundige detailverskille	268
5.2.2	Raamkonstruksie	270
5.2.2.1	Tekstuele argumente / 'n beroep op die teks	271
5.2.2.2	Intertekstuele argumente	273
5.2.3	Teorieë, leesfokusse en rame	273
5.2.3.1	Die vraag oor realiteit of fiktiewiteit	274
5.2.3.2	Struktuurbeskrywing en struktuurargumente	274
5.2.3.3	Problemitiese fasette van struktuur-georiënteerde interpretasie	275
5.2.3.4	Terme teoriegelade	276
5.2.3.5	Personae	276
5.3	Een of meerdere interpretasies?	277
5.4	Kriteria	279
5.4.1	Moontlike kriteria	279
5.4.2	Die waarde en beperkinge van hierdie kriteria	280
5.4.3	Toepassing op die besproekte resepsies van carmen 36	282
6.	KONKLUSIES	284
6.1	Afwysing van 'n enkele korrekte interpretasie	284
6.2	Invoering van 'n pragmatiese norm	285
6.3	Wetenskapsfilosofiese posisionering	285
6.4	Beperk die gebruik van gebedsvorme die aantal moontlike interpretasies?	286
6.5	Nogeens oor die funksie van die gebedsvorme	286

## DEEL 4

### DIE GEBED AAN DIE MUSE

#### HOOFSTUK 10

##### CARMEN 1

1.	INLEIDING	288
1.1	Carmen 1 as uiteenlopend geïnterpreteerde gedig	288
1.2	Oogmerke	289
1.3	Werkwyse	289
2.	'N OORSIG OOR DIE BELANGRIKSTE INTERPRETASIEPROBLEME	289
2.1	Inleiding	289
2.2	Kom daar 'n gebed in carmen 1 voor?	290
2.2.1	Die tekskritiese probleem en die standaardlesing	290
2.2.2	Alternatiewe tekslesings	290
2.2.3	Besware teen die standaardlesing	291

2.2.4	Goold se voorstel	292
2.2.5	Arkins se kritiek	293
2.2.6	Samevatting	293
2.3	In watter verhouding staan versreëls 9b-10 tot versreëls 1-9a?	293
2.4	Die strekking van die gedig	294
2.4.1	Kernprobleme	294
2.4.2	Opdraggedig of ars poetica?	294
2.4.3	Verbandhoudende vraagstukke	296
2.4.3.1	Die belang van konvensies	296
2.4.3.2	Plek in die oeuvre	296
2.4.4	Verskille oor die motivering vir die spreker se opdrag van die libellus aan Nepos	296
2.4.4.1	Kompliment aan Nepos	296
2.4.4.2	Literêre politiek en dienstigheid	297
2.4.4.3	Dekmantel of voorwendsel ("device")	297
2.4.4.4	Ligte ironisering van Nepos	297
2.4.4.5	Invektief en parodie	297
2.5	Die verhouding tussen die geskrifte van Catullus en Nepos	297
2.5.1	Kontrastering	298
2.5.2	Ooreenstemming	298
2.6	Die funksie van die vermenging van registers	298
2.6.1	Die toonstruktuur	298
2.6.2	Ambivalensies	299
2.6.3	Struktuurpatrone	301
2.6.3.1	Patroon van geringskatting van die spreker se geskrifte	301
2.6.3.2	Patroon van 'n deurbreking van die geringskatting van die spreker se geskrifte	302
2.6.3.3	Patroon van hoogagting van Cornelius se werk	302
2.6.3.4	Patroon van 'n aanval op Cornelius en sy werk	302
2.7	Verskille oor die verhouding waarin tekssegmente tot mekaar staan	303
2.7.1	Stasiese en dinamiese strukture	303
2.7.2	Ooreenstemmende eenhede	303
2.7.3	Kontrasterende tekseenhede	304
2.7.3.1	Elder se uiteensetting	304
2.7.3.2	Németh se uiteensetting	305
3.	TETIESE LESING VAN CARMEN 1 AS GEBEDSTEKS	307
3.1	Inleiding	307
3.2	Aansluiting by die konvensies van opdraggedigte	307
3.3	Aansluiting by die konvensies van gebedsgedigte	308
3.3.1	Carmen 1 as musiese gebed	308
3.3.2	Vormskema	309
3.4	Dieperliggende verbande tussen versreëls 9b-10 en 1-9a?	309
3.5	Dedikasie analoog aan offerhandeling?	310
3.6	Gebedskenmerke in versreëls 3-9a	310
3.7	Perspektiewe op die interpretasieproblematiek	311
4.	METODOLOGIESE BESPREKING	314
4.1	Oogmerke	314
4.2	Indeling van verskillende tipes argumente	314
4.3	Tekskritiese argumente	315
4.4	Algemene tipering van funksionaliteits- en struktuurargumente	315
4.5	Sinvolheids-, paslikheids- en funksionaliteits=	

	argumente	317
4.6	Strukturargumente	318
4.6.1	'n Kritiese ondersoek	318
4.6.2	Plasing binne die raamwerk van hermeneutiese benaderings	318
4.6.3	Uiteenlopende strukturpatrone	318
4.6.4	Die veelheid van strukture	319
4.6.4.1	Die kompleksiteit van taal	319
4.6.4.2	Tersaaklikheid van alle strukture?	319
4.6.4.3	Strukture en parameters, toegelig met Elder se beskrywing van die makrostruktuur van die gedig	319
4.6.4.4	Samevatting	321
4.6.5	Strukturbeskrywings teleologies gerig	321
4.6.6	Die probleem van die hermeneutiese sirkel	322
4.6.7	Die probleem van poli-interpretabele strukture	322
4.6.7.1	Corneli tibi ... <i>habe tibi</i>	322
4.6.7.2	Foniese struktuur	323
4.6.7.3	Toonstruktuur	324
4.6.8	Is strukture ontiese objekskenmerke?	324
4.7	Komparatiewe argumente	324
4.8	Kontekstuele argumente	326
5.	KONKLUSIE	329

## ADELING D

## KONKLUSIE

### HOOFSTUK 11

#### KONKLUSIE

1.	INLEIDING	333
2.	SISTEMATIESE BESKRYWING VAN DIE VOORKOMS EN LITERÊRE FUNKSIONERING VAN DIE GEBED IN DIE CARMINA MINORA	334
2.1.1	Voorkoms	334
2.1.2	Gebedstipes	334
2.1.3	Spreiding	335
2.1.4	Die posisie van die gebed in die teks	335
2.2	Oorsig oor die vorm, styl en <i>topoi</i> van die gebed in die <i>carmina minora</i>	337
2.2.1	Inleiding	337
2.2.2	Die gebedsvorm of -skema	338
2.2.3	Styl	339
2.2.4	Gebedst <i>opoi</i>	340
2.2.5	Catullus se gebedsgedigte en die stereotiperings in verband met die Romeinse gebed	340
2.2.6	Verskil die gebedstekste in die <i>polymetra</i>	

	en epigramme?	342
2.3	Die literêre benutting en funksionering van die gebed in die carmina minora	344
2.3.1	Inleiding	344
2.3.2	Drie verhoudings	344
2.3.3	Voorbeelde en funksies	345
2.3.4	Oor die drie verhoudings en funksie wat aan die benutting van die gebedsvorm toegeskryf word.	347
3.	METODOLOGIESE BESPREKING	348
3.1	Inleiding	348
3.2	Die vereiste leserskompetensie	348
3.3.	Die faktore wat 'n rol speel in interpretasieverskille	350
3.3.1	Inleiding	350
3.3.1.1	Die konteks waarbinne hierdie bespreking tuishoort	350
3.3.1.2	Die vlakke waarop die interpretasieverskille lê	350
3.3.1.3	Interpretasieverskille en die gebedsvorm	351
3.3.2	Tekskritiese faktore	351
3.3.3	Verskille oor taalkundige aspekte speel 'n onbelangrike rol	353
3.3.4	Verskille oor die makrostruktuur 'n onbelangrike faktor	353
3.3.5	Lesersbelangstellings	354
3.3.6	Raamkonstruksie	355
3.3.7	Paradigmatiese faktore	356
3.3.8	Die strewe na oorspronklikheid; institusionele faktore en kreatiwiteit	358
3.4	Die bepaaldheidsvraagstuk in literêre interpretasie, met toespitsing op die geldigheidsvraagstuk	359
3.4.1	Inleiding	359
3.4.2	Werkwyse	360
3.4.3	Problematiese aansprake met betrekking tot die aanspraak op 'n enkele korrekte interpretasie	360
3.4.4	Bespreking van die kriteria wat aangevoer word vir 'n korrekte interpretasie	364
3.4.4.1	Outeursbedoeling	364
3.4.4.2	Teksbedoeling of -strekking	365
3.4.4.3	Ander kriteria	366
3.4.5	Argumente in literêre bewysvoering	366
3.4.6	Kritiese bespreking van paradigmas	367
3.4.6.1	Genetiese aanpakke: die teks as dokument	367
3.4.6.2	Die teks as monument	368
3.4.6.3	Die teks as tekensisteem vir die leser	370
3.4.7	Waarheidsmodelle	371
3.4.8	Die vraagstuk van onvergelykbaarheid	373
3.4.9	Moet daar afgestap word van interpretasie?	374
4.	SAMEVATTENDE STANDPUNT MET BETREKKING TOT DIE VOORGESTELDE HIPOTEESES	375
5.	IMPLIKASIES	377
6.	SUGGESTIE VIR VERDERE ONDERSOEK	381
	ABSTRACT	382
	BIBLIOGRAFIE	385

## HOOFSTUK 1

### OOGMERKE, TOESPITSING, HIPOTEESE EN WERKPLAN

#### 1. OORKOEPELENDE OOGMERK

Die oogmerk met hierdie studie is om die gebedsgedigte in die *carmina minora* van Catullus literêr te bestudeer met besondere toespitsing op bepaalde teoretiese en metodologiese probleme in verband met literêre interpretasie.

#### 2. HOOFDOOGMERKE

Hierdie oorkoepelende oogmerk kan nader gepresiseer word deur twee hoofdoogmerke te spesifiseer.

##### 2.1 EERSTE HOOFDOOGMERK

Die eerste hoofdoogmerk met hierdie studie is om 'n sistematiese literêre beskrywing te bied van die voorkoms en funksies van die gebed in die *carmina minora* van Catullus. As sodanig kan hierdie studie beskou word as 'n onderdeel van 'n groter geheel, naamlik as 'n bestudering van die voorkoms en funksionering van die gebed, wat in oorsprong 'n godsdienslike vorm en handeling is, in die literatuur, spesifiek in die Romeinse poësie.

Twee presiserings is in hierdie verband nodig. In die eerste plek moet opgelet word dat die term "gebed" hier in 'n ruim sin gebruik word. Dit sluit nie slegs die gebed in die streng sin van die woord, dit wil sê die *precatio* of *prex*, in nie, maar sluit alle tekste in wat aan 'n godheid of gode gerig is, en waarvan die vernaamste funksies is om iets van 'n godheid te vra (die *precatio* of *prex*), om 'n godheid te loof (die *hymnus*), om iets aan 'n godheid te beloof (die *votum*) of toe te wy (die *dedicatio*). Verder sluit dit ook tekste in wat op die lees van die gebedsvorm geskoei is waarin duidelike aanduidings van gebedstyl aanwysbaar is. Hierdeur word ook gebedsparodieë, waar die gebedsvorm verskuil funksioneer, by hierdie studie betrek.

Die tweede presisering raak die spesifisering van wat onder *carmina minora* verstaan word. Aangesien navorsers die oeuvre van Catullus op verskillende wyses indeel (kyk Quinn, 1972a:12), is dit nodig om aan te stip dat die term *carmina minora* hier gebruik word om te dui op die sogenaamde *polymetra*, dit wil sê *carmina* 1 tot 60, en op die *epigramme* (*carmina* 69 - 116).<sup>1</sup>

<sup>1</sup> Ross (1969:1) se indeling van oeuvre van Catullus word hier gevolg. Vir 'n beredenering van die ratio vir die toespitsing van hierdie studie op die *carmina minora*, kyk punt 7 hieronder.

## 2.2 TWEEDE HOOFDOGMERK

Die tweede - en ewe belangrike - hoofdogmmerk van hierdie studie is om metodologies te besin oor enkele probleme in verband met literêre interpretasie. Daar moet van meet af aan opgelet word dat die tema van die gebed in die *carmina minora* van Catullus juis so gekies is om ondersoek in te stel na bepaalde teoretiese en metodologiese vraagstukke in die bestudering en interpretasie van wat konvensioneel as literêre tekste getipeer word. Daar kan dus gestel word dat die tema gekies is omdat dit eksemplaries is van bepaalde literêr-teoretiese en metodologiese vraagstukke, en omdat sodanige probleme goed geïllustreer en ondersoek kan word aan die hand van die gebedspoësie van Catullus. Sowel die keuse van (a) die gebed as (b) die gebedsgedigte van Catullus moet in die lig hiervan verstaan word.

Die gebed is gekies omdat die gebedsvorm, met sy verskillende tipes, 'n vorm is waarvan die formele merkers en die tipiese *topoi* welbekend is en waarvan die konvensies geëk is. Juis die bekendheid en geëktheid van die vorm en die leser se vertroutheid met die tipiese gebedstopoi laat die navorser vermoed dat dit 'n faktor behoort te wees wat enkelduidigheid in die interpretasie van gebedsgedigte behoort te bevorder.

Sover dit die keuse van juis Catullus se gebedsgedigte aangaan, moet opgelet word dat literatore en navorsers dikwels die opmerking maak dat Catullus se poësie, spesifiek die *carmina minora*, besonder direk is en gekenmerk word deur eenvoud.<sup>2</sup> Ook hierdie direktheid en eenvoud van die poësie van Catullus laat die vermoede ontstaan dat die geskryfte van so 'n direkte digter nie aanleiding sal gee tot skerp uiteenlopende interpretasies van sy gedigte nie.

In die loop van hierdie studie sal dit blyk dat nóg die geëktheid en konvensiegebondenheid van die gebedsvorm nóg die beweerde eenvoud van Catullus se poësie enkelduidige interpretasies van sy gebedsgedigte tot gevolg het, en dat daar, intendeel, ingrypende interpretasieverskille oor sy gebedsgedigte voorkom. Die probleme in verband met literêre interpretasie, en spesifiek die vraagstuk hoe bepaald literêre interpretasie kan wees, maak 'n belangrike deel uit van die problematiek wat in hierdie studie aan die orde gestel word.

<sup>2</sup> Kyk byvoorbeeld Wiseman (1987:1): "Of all Latin poets Catullus is the one who seems to speak the most directly to us." Hierdie direktheid word dikwels verbind aan Catullus se natuurlikheid en opregtheid. Kyk byvoorbeeld Cruttwell (1898:233-234): "... his verses are the honest spontaneous expression of his every-day life." Kroll (1960: vii) bestempel die Catullus van die *carmina minora* weer as die "urwüchsigigen Naturburschen." In die Twintigste eeu is daar wel, na aanleiding van 'n nuwe leesstrategie (kyk hoofstuk 2, punt 8.5 en hoofstuk 11, punt 3.4.9), by sommige literatore 'n groter bewustheid van die meerduidigheid van baie van Catullus se gedigte (kyk byvoorbeeld Heine, 1975:5 e.v. en Németh, 1972:27).

### 3. VERNAAMSTE PROBLEME

In die titel van hierdie studie word vermeld dat hierdie ondersoek toegespits sal wees op enkele probleme in verband met literêre interpretasie. Die vernaamste van hierdie vraagstukke is die volgende:

- Oor watter toerusting en kennis moet die leser beskik om Catullus se gebedsgedigte op 'n toereikende wyse te interpreteer? Hierdie probleem kan ook anders geformuleer word deur te vra of daar bepaalde voorwaardes is waaraan die leser moet beantwoord om die gebedsgedigte toereikend te interpreteer. Wat in hierdie verband in die sentrum staan, is die vraag hoe belangrik kennis van die gebedsvorm en van die konvensies van gebedstekste vir die verstaan van Catullus se gebedsgedigte is.
- Aan watter faktore kan die interpretasieverskille oor Catullus se gebedsgedigte toegeskryf word?
- Is alle interpretasies van literêre tekste (i.e. die gebedsgedigte van Catullus) ewe geldig? Anders geformuleer: bestaan daar een korrekte interpretasie van 'n gedig of is meerdere lesings daarvan moontlik, selfs al weerspreek sommige van hierdie interpretasies mekaar?
- Hoe kan die vraagstuk van uiteenlopende interpretasies besleg word? Is die antwoorde op interpretasieverskille te vinde in 'n deeglike bestudering van die kenmerke van die studie-objek, of moet die antwoorde eerder gesoek word deur na te gaan met behulp van watter teoretiese en metodologiese aannames die kensubjek of leser die gedig bestudeer?
- Hoe raak hierdie uiteenlopendheid van interpretasies die betroubaarheid en status van literêr-wetenskaplike uitsprake, en watter implikasies hou dit in vir die wetenskapsbeskouing wat literatoure binne die kring van die filologiese paradigma huldig?

### 4. TWEE FOKUSSE

Om die tweekantigheid van hierdie studie verder te verduidelik, kan gestel word dat hierdie studie twee fokusse het:

- Die studie het enersyds 'n spesifieke toespitsing, naamlik om die gebedsgedigte in die *carmina minora* van Catullus literêr te beskryf en te interpreteer.
- Andersyds het dit 'n meer algemene fokus, naamlik om te probeer nagaan wat aan die interpretasie van literêre tekste (in hierdie geval: die gebedsgedigte van Catullus) ten grondslag lê en om te probeer vasstel wat eenduidigheid in literêre interpretasie in die weg staan.

Hierdie twee fokusse staan in 'n dialektiese verhouding teenoor mekaar:

- Die eerste verteenwoordig 'n formalistiese strewende. Dit kan beskou word as 'n poging om 'n vorm in besonderhede te beskryf, die spesifieke kenmerke daarvan te identifiseer en om die spesifieke funksies daarvan vas te pen. Dit verteenwoordig 'n strewende na taksonomie, na definisie, bepaaldheid en presisie. Dit is gefokus op

die objek, op die blootlegging van die kenmerke, struktuur en funksies daarvan. Dit wil deur indringende teksanalise teksfunksies en betekenis identifiseer. Toegepas op hierdie studie hou dit in dat daarna gestreef word om die struktuur en werking van die gebedsvorm in Catullus se poësie so eksak as moontlik te beskryf.

- Die tweede fokus hou verband met probleme in verband met die proses van betekeniskonstruksie. Dit vloei voort uit 'n begrip hoe kompleks die leeshandeling is, hoe moeilik dit is om teksfunksies en betekenis vas te pen en te begrens. Dit is georiënteer aan die leser en probeer rekenskap gee van die feit dat lesers tekste verskillend verstaan en interpreteer. Anders as die formalistiese strewe om 'n eindige stel funksies van 'n vorm te herken en te spesifiseer, wil dit 'n verklaring bied van die historiese feit dat lesers dieselfde tekste (artefakte) op uiteenlopende en selfs op onderling nie-met-mekaar-rymbare wyses uitlé en interpreteer. Hier word gefokus op hoe die literator se literêre aannames (spesifiek sy aannames oor die ondersoekveld) asook sy metodologiese aannames en metodes 'n rol speel in die eventuele resultate van sy ondersoek. Ontwikkelinge op literêr-teoretiese en wetenskapsfilosofiese gebied vorm die agtergrond waarteen hierdie ondersoek geloofs word.

## 5. BENADERING EN TOESPITING

Hierdie studie vertoon 'n literêre en metodologiese toespitings. Om die toespitings van hierdie studie duidelik in reliëf te stel, word die gerigtheid van hierdie ondersoek vergelyk met ander benaderings tot die bestudering van die Romeinse gebed en die gebedsgedigte van Catullus.

### 5.1 LITERÊRE GERIGTHEID

Die studie wat hier onderneem word, word aangebied as 'n literêre ondersoek. Daar sal gepoog word om die gebedsgedigte van Catullus op so 'n wyse te bestudeer dat dit wat hierdie tekste tot literêre tekste stempel op die voorgrond staan. Daar sal besondere aandag geskenk word aan die gedigte as tekste waarin taal en sy moontlikhede ontgin word en waarin die inhoud en strekking (die "wat") van die gedig nie losgedink word van die vormgewing (die "hoe") daarvan nie. Sover dit die benutting van die gebedsvorm aangaan, sal daar telkens gevra word na hoe die gebedsvorm in die gedigte funksioneer en wat die literêre funksie daarvan is. Die konvensies wat literêre betekening moontlik maak, sal ook aandag geniet.

Die literêre gerigtheid van die ondersoek kan goed geïllustreer word deur dit te vergelyk met 'n hele aantal vroeëre studies oor die Romeinse gebed. Die oogmerk met vroeëre studies was hoofsaaklik om die gebed in die Romeinse godsdienst te tipeer in 'n poging om meer te wete te kom oor die Romeinse godsdienst en kultuur. Terwyl daar meermale in hierdie studies ook van literêre tekste gebruik gemaak is, kan die gerigtheid daarvan as godsdiensthistories getipeer word en was dit nie afgestem op hoe die gebedstekste as literêre tekste funksioneer nie.

Tussen die vele studies<sup>3</sup> oor die gebed staan veral die *De Romanorum precationibus* van Appel (1909/1975) en die grondliggende tipering van die vorm en styl van die gebed deur Norden (1923/1956) uit as besonder waardevolle bydraes.

Alhoewel die hoofbelangstelling in die Romeinse gebed tot dusver van die kant van navorsers oor die godsdiens gekom het, word hoegenaamd nie te kenne gegee dat Romeinse gebedsgedigte nie tevore literêr bestudeer is nie. Veral Gordon Williams (1968:132-157) het belangrike werk in hierdie verband gelewer, terwyl die studie van Kleinknecht (1937/1967) oor die gebedsparodie in die Oudheid, en die meer resente studie van Korzeniewski (1978-1979) oor die literêre gebedsparodieë in die poësie van Catullus ook vermelding verdien. Hierbenewens is daar ook 'n hele aantal studies oor enkeltekste van Catullus waarin gebede voorkom, onderneem. Omdat die gebruik van die gebedsvorm dikwels nie in die sentrum van sodanige ondersoeke gestaan het nie en omdat die behandeling van enkeltekste uiteraard nie 'n globale beeld van die benutting van die gebedsvorm in 'n beduidende gedeelte van Catullus se oeuvre kan bied nie, lewer hierdie besprekings nuttige gegewens op, maar kan dit uiteraard nie 'n sistematiese literêre bestudering van die gebedsgedigte in Catullus se *carmina minora* vervang nie. Wat die huidige studie verder onderskei van vorige ondersoeke, is die klem wat hierin op teoretiese en metodologiese aangeleenthede gelê word.

## 5.2 METODOLOGIESE GERIGTHEID

Die metodologiese gerigtheid van hierdie studie vloei direk voort uit die interpretasieproblematiek. Die feit dat daar in die lang geskiedenis van die bestudering van die Klassieke literatuur 'n hele aantal interpretasies of lesings van die meeste Klassieke gedigte gebied is, maar dat daar ten spyte van intensiewe bestudering van hierdie gedigte meermale min eenstemmigheid bestaan oor wat 'n spesifieke gedig "eintlik" beteken, lewer uiteraard probleme op en bring die betroubaarheid en status van wetenskaplike literêre uitsprake in gedrang. Die bestaan van nie-met-mekaar-rymbare interpretasies konfronteer die leser met die probleme wat in punt 3 hierbo aangestip is.

Om die benadering wat in hierdie studie gevolg word, duidelik te maak, kan kortliks nagegaan word hoe die probleem van botsende interpretasies gewoonlik gehanteer word. Wanneer die literator met botsende interpretasies gekonfronteer word, kan hy die vraagstuk soos volg hanteer:

- Hy kan bestaande interpretasies krities in oënskou neem; sommige in orde vind; ander as onjuis beoordeel en sekere nuanserings aan bestaande interpretasies voorstel. Wetenskaplike kennis groei dikwels langs hierdie moeisame weg.

<sup>3</sup> Godsdiensnavorsers wie se bydraes vermelding verdien, is Wissowa (1902), Bailey (1932), Latte (1960), Pighi (1967), Bayet (1969) en Wagenvoort (1980a en 1980b), asook die fenomenologiese studie van Heiler (1923).

- Hy kan nóg 'n interpretasie aanbied en 'n nuwe lesing daarvan gee.
- Hy kan die hele interpretasiebedryf afskryf of relatieweer.<sup>4</sup>
- Hy kan poog om langs die weg van transendentale kritiek (kyk in hierdie verband Strauss, 1978:99-100) insig te probeer verwerf oor die faktore wat aanleiding tot interpretasieverskille gee. Om dit te doen, sal hy die fokus moet laat val op die filosofiese, teoretiese en metodologiese aannames wat aan verskillende lesings van tekste ten grondslag lê. Op hierdie wyse word die debat oor interpretasieverskille op 'n dieper vlak as 'n eenvoudige "reg-of-verkeerd" benadering gevoer.

In hierdie studie word die laasgenoemde weg gevolg. Die opvatting word gehuldig dat daar op hierdie wyse gevorder kan word na insig in die vraagstuk waarom interpretasies verskil. Daar sal ook op hierdie wyse nagegaan kan word wat die verdienstes en beperkinge van verskillende teoretiese modelle vir die bestudering van literêre betekenisprosesse is.

Waar die probleem van een of meerdere interpretasies van 'n teks so 'n belangrike plek in hierdie studie inneem, is daar besluit om komparatief te werk te gaan.

In die lig hiervan kan gestel word dat die teoretiese en metodologiese gerigtheid van hierdie studie inhou dat 'n kritiese refleksiewe benadering gevolg sal word. Daar sal in die analise en bespreking van die gebedsgedigte nie net teties uitsprake gemaak word oor wat gedigte beteken, en watter rol die benutting van die gebedsvorm hierin speel nie, maar daar sal voortdurend gevra word na wat aan literêre uitsprake ten grondslag lê en hoe literêre argumente opgebou is. Hierdie tipe transendentale kritiek sal nie net vir die standpunte van ander navorsers gereserveer word nie, maar sal ook op die interpretasies van hierdie skrywer van toepassing gemaak word.

## 6. HIPOTESES

Die dialektiek tussen bepaaldheid en onbepaaldheid in literêre interpretasie gee aanleiding daartoe dat 'n stel kompeterende hipoteses vanuit die hoek van die twee fokusse van hierdie studie geformuleer kan word.

<sup>4</sup> Die skerpste aanval op interpretasie word aangetref in Sontag (1967:3-14). Iser (1978:2-3) skryf interpretasie in die sin van die ontdekking van die geheim van die teks en die verklaring van die verskuilde, eintlike betekenis daarvan af. Culler (1981:16-17) beskou op sy beurt interpretasie as één van die take van die literator, maar wys daarop dat literatore meermale soveel aandag hieraan skenk dat ander ewe of belangriker opgawes van literêre ondersoek in die slag bly.

Terwyl daar in hierdie studie van die veronderstelling uitgegaan word dat daar 'n algemene formele patroon in Latynse gebedstekste onderskei kan word en dat die gebedsvorm as 'n diskoerstipe bepaalde moontlikhede vir die literêre benutting daarvan bied, loop die weë uiteen oor die vraag of die herkenbaarheid van die gebedsvorm die aantal moontlike lesings van 'n teks beperk al dan nie.

## 6.1 BEPAALDHEIDSHIPOTESES

Vanuit die bepaaldheidsfokus word die volgende hipoteses geformuleer:

- Kennis van die kenmerke van die vorm, styl en tipiese topoi wat in die gebed voorkom, bied 'n belangrike sleutel tot die vasstelling van die betekenis van Catullus se gebedsgedigte.
- 'n Bepaalde gebedsgedig het ten diepste een sentrale betekenis en kan nie op meerdere en botsende wyses uitgelê en geïnterpreteer word nie.
- Die juistheid of onjuistheid van literêre uitsprake oor die gebedsgedigte van Catullus kan met sekerheid vasgestel word. 'n Literêre uitspraak is waar of korrek omdat dit in ooreenstemming is met die feite van die saak waaroor die uitspraak gemaak word.
- Die vasstelling van die korrekte of juiste betekenis van 'n gebedsgedig berus op deeglike linguale en literêre analise van die gebedstekste en uitsprake oor die juistheid van 'n interpretasie kan verder versterk word deur kontekstuele of intertekstuele argumente.
- Die antwoorde op interpretasieprobleme moet ten diepste in die objek wat bestudeer word, gesoek word.

## 6.2 MEDEDINGENDE HIPOTESES

- Gebedstekste kan op meerdere en selfs botsende wyses geïnterpreteer word.
- Die benutting van 'n streng en konvensioneel geykte vorm soos die gebed in 'n gedig waarborg nie dat die teks enkelduidig geïnterpreteer kan word nie.
- Noukeurige teksanalise, selfs wanneer dit aangevul word deur intertekstuele en kontekstuele argumente, waarborg nie 'n enkelduidige interpretasie van 'n gebedsgedig waarvan die korrektheid - tot die uitsluiting van ander moontlike interpretasies - vasstaan nie.
- Die antwoorde op interpretasieprobleme is nie sonder meer in die teks te vind nie. Die leser se teoretiese en metodologiese aannames en die metodes wat hy in sy ondersoek gebruik, speel 'n beduidende rol in die resultate waartoe daar met behulp van literêre ondersoek gekom word.

- Die feit dat lesers soortgelyke teoretiese en metodologiese aannames huldig, waarborg egter nie noodwendig dat lesers tot dieselfde resultate sal geraak nie.
- Die resultate van literêre ondersoek moet in verhouding tot die literator se teoretiese en metodologiese aannames, asook met inagneming van die metodes wat hy in sy ondersoek gebruik, verstaan en beoordeel word. Die korrektheid van 'n literêre uitspraak kan nie aangetoon word deur bloot 'n beroep daarop te doen dat die betrokke uitspraak in ooreenstemming met die feite van die saak is nie, maar hang af van die integreerbaarheid van die uitspraak by 'n reeks ander uitsprake wat as waar beskou word. Alternatiewelik kan die nut en waarde van literêre uitsprake beoordeel word na aanleiding van die insiggewendheid of interessantheid daarvan.

## 7. WERKPLAN EN WERKWYSE

Hierdie studie word ingedeel in vier afdelings, te wete 'n sketsing van die ruimere konteks waarbinne hierdie studie onderneem word (Afdeling A), 'n sistematiese bespreking van die gebed (Afdeling B), 'n toegepaste studie oor die gebedstekste in die *camina minora* van Catullus (Afdeling C), en 'n konklusie (Afdeling D).

In Afdeling A word die intellektuele konteks waarbinne hierdie studie onderneem word, aan die orde gestel. Hierdie uiteensetting is daarop afgestem om die wyere raamwerk te skets waarbinne 'n studie oor die probleem van bepaaldheid in literêre interpretasie, soos wat dit gemanifesteer word in die bestudering van die gebedsgedigte in *carmina minora* van Catullus, tuishoort. Die aandag sal gevestig word op ontwikkelinge in die Wetenskapsleer, die Hermeneutiek, die Literatuurwetenskap en die Klassieke Filologie. Daar sal spesifiek gewys word op ontwikkelinge wat 'n objektivistiese wetenskapsopvatting problematiseer, en wat die strewe na eksaktheid en bepaaldheid in interpretasie in geding plaas. Daar sal aangevoer word dat daar in die Klassieke Filologie oorewegend 'n objektivistiese wetenskapsopvatting gehuldig word, en dat daar, op grond van die hantering van 'n normatiewe hermeneutiek, aanspraak gemaak word op korrektheid in interpretasie. Voorts sal daar gepoog word om 'n tipering te verstrek van 'n tipiese filologiese hermeneutiek, en sal daar aandag geskenk word aan nuwere tendense in die bestudering van die Klassieke poësie, met illustrasie daarvan aan die hand van ontwikkelinge in Catullusnavorsing.

In Afdeling B, wat bedoel is as 'n inleiding tot die bespreking van Catullus se gebedsgedigte, sal daar eerstens in hoofstuk 3 'n agtergrondsuiteensetting gebied word oor die Romeinse gebed. In hierdie hoofstuk sal nagegaan word wat onder die begrip "gebedsvorm" verstaan word, en sal daar ondersoek ingestel word na die verskillende gebedstipes wat in die Romeinse samelewing voorgekom het. Gebedstipologieë van klassieke outeurs en moderne navorsers sal aan die orde gestel word. Besondere aandag sal geskenk word aan die vormskema of struktuur van gebedstekste, en daar sal ook gepoog word om 'n tipering van die styl van gebedstekste en van daaraan verwante diskoerstitipes te bied.

Vervolgens sal daar, steeds as onderdeel van die sistematiese ondersoek, in hoofstuk 4 nagegaan word of dit moontlik is om tussen literêre en nie-literêre gebedstekste te onderskei. Daar sal in hierdie ondersoek krities gekyk word na verskillende onderskeidingsmodelle en die daarmee verbandhoudende kriteria wat aangelê kan word in 'n poging om literêre gebedstekste van ander gebedstekste af te grens.

Albei hierdie hoofstukke staan in die teken van die strewe na eksaktheid, in soverre dit 'n poging is om die studie-objek, die gebed en spesifiek die literêre gebed, so presies as moontlik te begrens. Terwyl die uiteensetting in hoofstuk 3 inderdaad 'n nadere presisering van die gebed en gebedstyl bied, sal dit uit die uiteensetting in hoofstuk 4 blyk dat dit nie so maklik is om 'n literêre gebedsgedig van sogenaamde nie-literêre gebede af te grens nie. Daar sal aangevoer word dat literariteit nie soseer in die objek geleë is nie, maar in die leser of kensubjek se houding teenoor die objek.

Na die sistematiese verkenning volg daar in Afdeling C 'n toegepaste studie. In hierdie afdeling word daar 'n gedetailleerde bespreking gebied van elk van die gebedsgedigte wat daar in die *carmina minora* voorkom. Die gedigte wat bespreek sal word, is *carmina* 34, 109, 76, 31, 2, 44, 17, 36 en 1.

Die volgordening van die gedigte is op grond van twee oorwegings gedoen. In die eerste plek is daar gepoog om die gedigte te bespreek in 'n volgorde waar daar begin word met gedigte wat relatief min interpretasieprobleme oplewer en waarin daar geleidelik oorbeweeg word na gedigte waaroor daar meer dispute bestaan. Andersyds, as 'n tweede oorweging, is daar gepoog om die gebedsgedigte in verskillende tipes in te deel en saam te groepeer, te wete 'n gedig wat in ooreenstemming met die konvensies van kultiese tekste geskryf is (*carmen* 34), persoonlike gebede (*carmina* 109 en 76), gebedsparodieë (sowel die verskuilde parodieë in *carmina* 31, 2, 44 en 17 as die openlike parodie in *carmen* 36) en die musiese gebed (*carmen* 1).

In die bespreking van die gebedsgedigte sal daar telkens van elke gebedsgedig 'n uitvoerige analise gebied word. Hierdie "close reading" van tekste het ten doel om die wyse waarop die teks gestruktureer is en die vernaamste beginsels waarop die werking van die gedig berus, bloot te lê.

Dit is belangrik om daarop te let dat in gevalle waar die gebed slegs 'n onderdeel van die gedig uitmaak, daar in die bespreking nie slegs op die gebedstekste as sodanig gekonsentreer sal word nie, maar dat die gebedsgedeelte in sy samehang en verband met die res van die gedig bestudeer sal word. Die aanname wat aan hierdie werkwyse ten grondslag lê, is dat die onderdeel se funksie bepaal word deur die geheel waarbinne dit funksioneer. Daarom kan die funksies waarmee die gebed in die *carmina minora* van Catullus aangewend word, nie los van die teksgeheel waarbinne dit voorkom, bespreek word nie. Hierdie werkwyse, dit wil sê die indringende analise van elke gedig, is dan ook een van die faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat die studie-onderwerp begrens is tot die *carmina minora*, en nie die hele oeuvre van Catullus betrek nie. Om die voorkoms en funksionering van die gebed in die *carmina maiora* op hierdie gedetailleerde wyse te beskryf, sou die omvang van die studie te wyd gemaak het. 'n Tweede en belangriker oorweging wat 'n rol gespeel het in die afbakening van die ondersoekveld tot die *carmina*

minora, is die feit dat die metodologiese problematiek voldoende geïllustreer kan word aan die hand van die gebedsgedigte in die carmina minima.

In die bespreking van die gedigte sal nagegaan word watter rol die leser se kennis van die gebedsvorm en van die konvensies van gebedstekste in die interpretasie van die gedigte speel. In gevalle waar daar ernstige interpretasieverskille voorkom (soos in carmina 36 en 1), sal nagegaan word watter perspektiewe 'n lesing van die gedigte vanuit die hoek dat gebedsvorme daarin voorkom op die interpretasieproblematiek bied.

Namate daar oorgegaan word tot die bespreking van gedigte wat heelwat interpretasieprobleme oplewer, sal 'n groot gedeelte van die bespreking aan metodologiese aangeleenthede afgestaan word. Die wyse waarop elk van die gebedsgedigte bespreek sal word, is nie deurgaans identies nie, maar wissel na gelang van die teoretiese aangeleentheid of aangeleentede wat aan die hand van die interpretasie van die onderhawige gedig geïllustreer kan word. So byvoorbeeld sal die vraag na die kompetensie wat by die leser veronderstel word, vooropstaan in die bespreking van die verskuilde gebedsparodieë (carmina 31, 2, 17 en 44), maar gaan dit in die bespreking van die openlike parodie in carmen 36 veral om die vraag na die faktore wat tot uiteenlopende interpretasies van tekste aanleiding gee. Hierdie afwisseling in werkwyse dien ook daartoe om variasie aan die ondersoek te verleen. Terwyl daar in die laaste twee dekades in die literatuurwetenskap fyn onderskeidings getref is ten opsigte van verskillende soorte lesers (kyk byvoorbeeld Iser, 1978:30; Holub, 1984:84-85), word daar in hierdie studie oorwegend gewerk met sogenaamde reële of konkrete lesers. Om die verskynsel van verskillende en uiteenlopende lesings van 'n gedig te illustreer, word daar by voorkeur gewerk met reeds bestaande interpretasies van 'n gedig wat in die loop van die resepsiegeskiedenis daarvan gebied is. Hierdeur kan 'n aanklag van willekeurigheid ten opsigte van moontlike interpretasies vermy word, aangesien daar gewerk word met interpretasies wat inderdaad reeds van die onderhawige teks gebied is. Die interpretasies wat in die loop van die ondersoek deur hierdie leser voorgestel word, kan uiteraard ook as die interpretasie van 'n reële leser beskou word. Die wyse waarop die resepsies van ander lesers in hierdie studie benut word, ontwikkel ook in die loop van die ondersoek. Aanvanklik (soos byvoorbeeld in carmen 34) word 'n eie interpretasie voorgestel en word daar slegs verwys na bestaande literatuur oor die gedig. Soos wat die metodologiese problematiek ontvou, word die eie lesing en die interpretasies van ander lesers meermale geskei (byvoorbeeld in carmina 76, 36 en 1) en verskil die volgorde waarin eie en ander lesings aan die bod kom van hoofstuk tot hoofstuk.

In lyn met die vergelykende aanpak en die neiging tot kritiese refleksie, sal daar namate die studie vorder al hoe meer aandag geskenk word aan interpretasieverskille en aan die faktore wat daartoe aanleiding gee. In plaas daarvan om slegs 'n tetiese lesing van 'n gedig aan te bied en meningsverskille gerieflik tot die voetnote te verban, sal daar noukeurig nagegaan word hoe die argumente ten gunste van bepaalde interpretasies opgebou word. Alhoewel dit beslis veel bondiger sou wees om bloot tetiese lesings te lewer as om uitvoerige besprekings te bied van die meningsverskille wat daar oor die betekenis en strekking van die gedigte bestaan, is hierdie werkwyse onvermydelik in die lig van die kritiese en refleksiewe benadering wat in hierdie studie gevolg word. Veral waar die bestaan van uiteenlopende interpretasies die status en geldigheid van

literêre uitsprake in gedrang bring, moet daar op hierdie wyse te werk gegaan word. Om die woorde van Damoetas in die Vergilius se derde Ecloga hier in 'n ander konteks van toepassing te maak, kan gesê word: *res est non parva*. (Vergilius, *Eclogae*, 3.54).

Om die studie af te rond sal daar in die Afdeling D gepoog word om konklusies te tref oor hoe die gebed in Catullus se *carmina minora* daaruitsien en hoe dit literêr funksioneer. Daar sal aandag geskenk word aan die metodologiese en teoretiese vraagstukke wat in punt 3 hierbo aan die orde gestel is. Hierin sal daar verder 'n poging aangewend word om aan te toon watter relevansie die resultate van hierdie studie vir die klassikus se bestudering van literatuur het en vir die wetenskapsopvatting wat taamlik algemeen onder filoloë gehuldig word.

## **AFDELING A**

### **KONTEKSTUALISERING**

## HOOFSTUK 2

### DIE INTELLEKTUELE EN HISTORIESE KONTEKS

#### - 'n "postscriptum" as "praefatio" -

#### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die intellektuele en historiese konteks geskets teen die agtergrond waarvan hierdie studie onderneem is.

'n Sentrale probleem wat in hierdie studie aangespreek word, is - soos dit reeds in die bespreking van die twee fokusse van hierdie ondersoek vermeld is (kyk hoofstuk 1, punt 4) - die probleem van bepaaldheid in literêre interpretasie, dit wil sê die vraag of 'n teks slegs op een wyse korrek geïnterpreteer kan word, en of dit op meerdere wyses kan geskied.

Die direkte aanleiding tot hierdie studie was die bewuswording van 'n diskrepansie tussen 'n wetenskapsbeskouing of -ideaal wat heersend is in die Klassieke Filologie, en die resultate wat uit wetenskaplike ondersoek verkry word. Terwyl die opvatting wyd gehuldig word dat dit moontlik is om die tekste van die Oudheid korrek te kan interpreteer, toon 'n resepsiehistoriese ondersoek aan dat wyd uiteenlopende en botsende lesings van tekste baie algemeen voorkom. Hierdie uiteenlopendheid van resultate stel die navorser voor die uitdaging om - indien 'n mens dit swart-of-wit wil formuleer - óf kriteria aan te voer waarom 'n bepaalde interpretasie of lesing as juis aanvaar moet word, en waarom ander as foutief afgewys moet word, óf om met die uiteenlopendheid van interpretasies verlief te neem, en om gevolglik wysigings aan te bring in die wetenskapsopvatting wat gehuldig word.

Om hierdie probleem in perspektief te beskou, is dit nodig om die ruimere raamwerk waarbinne hierdie probleem tuishoort, te bespreek. Hierdie raamwerk het betrekking op ontwikkelinge in die Filosofie, die Wetenskapsteorie, die Hermeneutiek, die Literatuurwetenskap en die Klassieke Filologie. Omdat die faktore wat daartoe aanleiding gee dat die vraagstuk van bepaaldheid in literêre interpretasie in dispuut is, besonder kompleks is, word hier slegs gepoog om die belangrikste kante daarvan te skets in soverre dit ter sake is vir die vraagstuk van bepaaldheid in interpretasie. Hierdie hoofstuk het betrekking op die tweede van die fokusse van hierdie studie, naamlik om na te gaan wat aan interpretasie ten grondslag lê

In die bespreking wat hierop volg, sal daar vervolgens aandag geskenk word aan:

- die probleem van objektivisme en relativisme in die wetenskap
- 'n bondige oorsig oor die vernaamste waarheidsteorieë

- relasionaliteit
- die bepaaldheidsprobleem, hoofsaaklik besien vanuit ontwikkelinge in die Hermeneutiek
- die kriteria vir korrektheid
- die tipering van 'n filologiese hermeneutiek
- wendings in die Twintigste-eeuse bestudering van die Klassieke poësie, geïllustreer aan die hand van tendense in Catullusnavorsing
- 'n skematisering van literatuur- en teksbeskouings, eweneens met toespitsing op benaderings in Catullusnavorsing.

## 2. DIE PROBLEEM VAN OBJEKTIVISME EN RELATIVISME AS 'N KERNPROBLEEM VAN DIE TWINTIGSTE EEU

Die probleem van bepaaldheid in literêre interpretasie hou verband met 'n omvattender probleem, wat as 'n kernvraagstuk van twintigste eeuse besinning beskou kan word, te wete die strydpunt oor objektivisme en relativisme in die wetenskap (kyk Bernstein, 1983:7).

In 'n knap studie, getiteld "Beyond objectivism and relativism", tipeer Bernstein (1983:8) die objektivisme as: "... the basic conviction that there is or should be some permanent, ahistorical matrix or framework to which we can ultimately appeal in determining the nature of rationality, knowledge, truth, reality, goodness, or rightness." Daar word binne die kring van die aanhangers van die objektivisme gemeen dat die laatvaardiging van 'n objektivistiese beskouing noodwendig moet lei tot 'n radikale en destruktiewe skepsis oor kennis in die algemeen en wetenskaplike kennis in die besonder.

Die relativisme, aan die anderkant, ontken die moontlikheid van objektiewe kennis. Bernstein (1983:8) tipeer dit, binne die konteks van 'n filosofiese diskussie, soos volg: "In its strongest form, relativism is the basic conviction that when we turn to the examination of those concepts that philosophers have taken to be most fundamental - whether it is the concept of rationality, truth, reality, right, the good, or norms - we are forced to recognize that in the final analysis all such concepts must be understood as relative to a specific conceptual scheme, theoretical framework, paradigm, form of life, society or culture." In die geleedere van die aanhangers van hierdie beskouing word die objektivistiese opvatting as 'n gevaarlike dogmatiese beskou.

Terwyl daar in die Twintigste eeu steeds kampvegters vir sowel die objektivisme as die relativisme is, en wel in 'n wye verskeidenheid van wetenskaplike dissiplines, is die oorwegende tendens ten gunste van 'n relativistiese beskouing.<sup>1</sup> Alhoewel daar binne die geleedere van die

<sup>1</sup> Bernstein(1983:3) stel dit soos volg: "There seems almost a rush to embrace various forms of relativism. Whether we reflect on the na-

voorstanders van die relativisme skerp onderlinge verskille aanwysbaar is, toon Bernstein (1983: x-xi) aan dat die ooreenkomste daartussen nog belangriker is, te wete 'n verset teen die oorskatting van wetenskaplike metode. Hy wys daarop dat die relativisme beskou kan word as 'n reaksie teen 'n wetenskapsmodel wat sy wortels in die Sewentiende eeu het, en waarin die opvatting van die rasionalistiese filosoof, René Descartes (1596-1650) 'n belangrike rol gespeel het. Wat volgens hierdie beskouing aan wetenskaplike kennis sy besondere status gee, is die rasionaliteit en die streng metodiese kant daarvan. En dit is juis teen hierdie imperialisme van wetenskaplike metode, en die aansprake wat op grond daarvan vir wetenskaplike kennis gemaak word, waarteen die relativiste skerp reageer.

Dat die stryd tussen relativisme en objektivisme nie net 'n geïsoleerde verskynsel is nie, maar beskou kan word as 'n kernprobleem van Twintigste-eeuse besinning, blyk uit die groot aantal dissiplines waarin die objektivisme tans bevraagteken word.

Waar die Positivisme, met sy strewe na die vasstelling van "le fait positif" deur middel van empiriese ondersoek, in die Negentiende eeu die dominante wetenskapsideaal was, het dit in die Twintigste eeu 'n gevoelige knou gekry deur die opkoms van sowel die Historiese Skool in die Wetenskapsleer as die sogenaamde skepties-anargistiese rigting (kyk Van den Broeck & Lefevere, 1984:18). Terwyl die objektivisme steeds invloedryk is, soos gesien kan word in die geskrifte van die logiese-positiviste, was daar sedert die Sestigjare 'n stroom van kritiek op die sogenaamde standaardopvatting van wetenskap. 'n Besondere invloedryke figuur in hierdie verband was die wetenskapshistorikus, Thomas S Kuhn. Sy geskrif, "The structure of scientific revolutions" het oorspronklik in 1962 verskyn. Dit het 'n heftige debat in die Wetenskapsleer ingelei. In sy werk reageer hy teen die logies-positivistiese onderskeiding van 'n "context of discovery" en 'n "context of justification", waarvan slegs laasgenoemde ter sake sou wees vir die beoordeling van wetenskaplike uitsprake. Kuhn (1970:176) lê klem op die maatskaplike struktuur van wetenskapsbeoefening. In sy aanval op die standaardopvatting van wetenskap vestig hy veral die aandag op die rol wat wetenskaplike paradigmas of teoretiese raamwerke in wetenskaplike kennisvorming speel.

'n Nog radikaler breuk met die objektivisme is te sien in die geskrifte van Paul Feyerabend, wat in sy "Against method: outline of an anarchistic theory of knowledge" (1975) 'n skerp aanval geloods het op die hoogskatting van rasionele metode in die wetenskap, en ten opsigte van metode die radikale standpunt "anything goes" (1975:28) ingeneem het.

Op die gebied van die Hermeneutiek was daar eweneens in die Twintigste eeu ontwikkelinge wat as belangrike relativerings van die objektivisme beskou kan word. 'n Belangrike figuur in hierdie verband was Martin Heidegger (1889-1976), en in besonder, in voortbouing op die opvatting van Heidegger, Hans-Georg Gadamer. Gadamer se "Wahrheit und Methode", wat in 1960 verskyn het, kan as 'n bakenwerk in die filosofiese

---

ture of science, or alien societies, or different historical epochs, or sacred and literary texts, we hear voices telling us that there are no hard "facts of the matter" and that almost "anything goes." Kyk ook Arkins, 1986:121.

hermeneutiek beskou word. Ook hierin word daar kritiek gelewer op die hoogskatting van metode in die wetenskap. Gadamer spreek die mening uit dat die hermeneutiese verskynsel glad nie 'n probleem van metode is nie (1960: xxv).

Op die gebied van die Literatuurwetenskap was daar sedert die begin van die eeu belangrike en dinamiese ontwikkelinge. Wat vir 'n bespreking van die vraagstuk van objektivisme en relativisme ter sake is, is dat daar in die Twintigste eeu 'n hele aantal mededingende skole ontstaan het, met verskillende opvattinge oor die aard en funksie van die literatuur, en ook oor die metodes waarvolgens dit bestudeer behoort te word. Die Twintigste eeu word dan ook meermale getipeer as 'n tydperk van kritiese pluralisme (Ryan & Van Zyl, 1982:13), soos blyk uit 'n opnoeming van invloedryke rigtings in hierdie eeu. In hierdie verband kan verwys word na die Russiese-Formalisme, New Criticism, Strukturalisme, Psigoanalise, Resepsie-estetika, Marxistiese literatuurkritiek, Feministiese kritiek, Post-strukturalisme en / of Dekonstruksie. In die lig van hierdie uiteenlopendheid bied die titel van Hartman (1980) se werk, "Criticism in the wilderness: the study of literature today", 'n treffende tipering van die algehele afwesigheid van 'n gedeelde paradigma in die literatuurteorie en -kritiek. Hierdie gebrek aan 'n gedeelde paradigma het volgens sommige navorsers so ver gevorderd dat 'n toestand van algehele onvergelykbaarheid bereik is: "... this debate cannot be resolved because what is at stake is a contest between the different theoretical frameworks within which each group conceptualizes language, subjectivity and the world." (Belsey, 1982:175).

'n Belangrike Twintigste-eeuse ontwikkeling is dat daar toenemend 'n skeiding en selfs 'n antagonisme tussen literatuurteorie en literêre kritiek ontwikkel het (kyk Ryan en Van Zyl, 1982:10-14). Sommige skole, byvoorbeeld New Criticism, spits hulle veral daarop toe om metodes vir literêre kritiek te ontwerp, terwyl ander literêr-teoretiese ingesteld is en konsentreer op literatuurfilosofiese vraagstukke (kyk Ryan & Van Zyl, 1982:9-10).

Teen die agtergrond van hierdie sketsmatige oorsig blyk dit dat Bernstein se standpunt dat die probleem van subjektivisme en objektivisme 'n kernvraagstuk van Twintigste-eeuse besinning is, baie oortuigend is.

Gesien in die lig van die wydverspreidheid van hierdie debat in verskillende dissiplines, is dit besonder opvallend en selfs eienaardig dat hierdie polemieke, ten spyte van bepaalde ontwikkelinge op teoretiese gebied (kyk punt 8), nie prominent figureer in die Twintigste-eeuse besinning oor die bestudering van die Klassieke nie, en dat die objektivisme steeds baie sterk staan.<sup>2</sup> In die verdere uiteensetting sal daar gepoog word om redes vir hierdie eienaardigheid aan te voer (kyk veral punt 7.2).

<sup>2</sup> In hierdie verband moet opgemerk word dat, omdat klassici nie in die Twintigste eeu sterk konsentreer op die hermeneutiese en wetenskapsfilosofiese problematiek nie, die navorsers, in sy tipering van die heersende wetenskapsopvatting in die Klassieke Filologie, aangewese is op 'n beoordeling van die werkwyse wat tipies in filologiese navorsing gevolg word. Die dominante wetenskapsopvatting binne die vakgebied word as objektivisties getipeer omdat dit duidelik is dat klassici oorwegend 'n normatiewe hermeneutiese teorie

### 3. WAARHEIDSTEORIË

Die stryd tussen objektivisme en relativisme kan ook uit 'n ander hoek bekyk word, naamlik vanuit die hoek van die verskillende waarheidsteorieë wat in die loop van die geskiedenis geformuleer is.

Alhoewel daar myns insiens wel 'n verband tussen bepaalde waarheidsmodelle en die huldiging van 'n objektivistiese en relativistiese beskouing aangetoon kan word, moet in gedagte gehou word dat besinning oor die vraag wat waarheid is, veel verder in die geskiedenis teruggaan as die huidige debat tussen objektiviste en relativiste.

In die loop van die geskiedenis is daar verskillende waarheidsmodelle ontwikkel, waarvan die vernaamstes die volgende is:

- die korrespondensieteorie
- die koherensieteorie
- die pragmatistiese of pragmatiese waarheidsbeskouing.

Die invloedrykste van hierdie teorieë is die korrespondensieteorie en die koherensieteorie, terwyl die pragmatiese waarheidsbeskouing ook, veral in die Amerikaanse denkkultuur, vele aanhangers gevind het.

Die oudste van hierdie teorieë is die korrespondensieteorie,<sup>3</sup> en dit is dan ook betreklik eenvoudig om dit te formuleer. In terme hiervan is 'n uitspraak waar wanneer dit wat in die uitspraak beweer word, in ooreenstemming is met (dit wil sê korrespondeer met) die feite van die saak waaroor die uitspraak gemaak word, met hoe 'n saak of toestand "werklik" of "eintlik" is. Bondig geformuleer tref ons dit aan in die uitspraak van Isaac Israeli, 'n Negende-eeuse Neoplatonist: *veritas est adaequatio rei et intellectus*. (Prior, 1967:224).

Laat ons dit prakties toepas op literatuurbestudering. Wanneer 'n mens wil vasstel wat 'n gedig beteken, dan is jou uitsprake daarvoor waar as dit korrespondeer met die feite van die saak, dit wil sê, met wat die gedig in werklikheid beteken. Indien literator A die gedig op wyse X interpreteer, literator B op wyse Y, en literator C op wyse Z, en die uitsprake X, Y en Z van mekaar verskil, kan elkeen van hierdie uitsprake nie waar wees nie. Die ware of korrekte interpretasie is die een wat ooreenstem met die feite van die saak. Hiervolgens kan net een uitspraak oor 'n saak waar wees, tensy 'n mens wil toegee dat daar meer as een werk-

---

onderskryf (kyk punt 7), en omdat daar van die standpunt uitgegaan word dat 'n deeglike bestudering van die tekste van die Oudheid die betroubaarheid van die resultate wat uit sodanige studie voortvloei, verseker. In samehang hiermee staan die objek wat bestudeer word sentraal, en word daar min aandag geskenk aan die invloed wat die navorser se teoretiese en metodologiese aannames op die resultate van sy ondersoek uitoefen.

<sup>3</sup> Vir 'n strengere filosofiese uiteensetting hiervan, wat ook aanduidings bied van die verskillende variante van hierdie teorie, kyk Woolley, 1976:125-149 en Prior, 1967:223-232.

likheid is, iets wat aanhangers van die korrespondensieteorie nie aanvaar nie (Botha, 1987:13).

Die koherensieteorie<sup>4</sup> is ietwat moeiliker om te formuleer, maar vereenvoudigd gestel kom dit daarop neer dat waarheid nie bestaan in die ooreenstemming van 'n uitspraak met 'n feit nie, maar in die integreerbaarheid van 'n uitspraak met 'n reeks uitsprake wat as waar beskou word. Hoe meer die mens se aannames samehang vertoon, hoe waardeer is dit.<sup>5</sup> Hiervolgens hang die waarheidsgehalte van 'n uitspraak dus nie net af van die inhoud van daardie uitspraak op sigself nie, maar van die geheel van uitsprake waarmee dit samehang vertoon (Botha, 1987:15).

Terwyl daar ingevolge hierdie beskouing gestreef word na 'n enkele, omvattende sisteem van ware uitsprake, blyk dit dat daar oor 'n saak verskillende stelle uitsprake gemaak kan word, wat onderling koherensie kan vertoon. In die fisika het dit byvoorbeeld geblyk dat lig beskryf kan word as partikel (materie) en as golf (energie). Hoe die wetenskaplike lig beskryf, hang af van die teoretiese raamwerk of paradigma van waaruit die wetenskaplike sy ondersoek onderneem. Daar kan gevolglik verskillende stelle koherente uitsprake oor dieselfde verskynsel (lig) gemaak word (Botha, 1987:15-16). Soms is sodanige stelle uitsprake versoenbaar, maar dit kan mekaar ook uitsluit. Dit impliseer dat botsende stelle uitsprake as waar beskou kan word, iets wat deur die teenstanders van die koherensieteorie as 'n ernstige swakheid van hierdie model beskou word.

Om dit op literatuurbestudering van toepassing te maak: wanneer "dieselfde teks" vanuit die raamwerk van verskillende teorieë gelees word, sal die uitsprake wat daarvoor gemaak word, van mekaar verskil. As die literator 'n gedig lees op basis van die aanname dat die teks 'n dokument is (kyk punt 9.2), kan hy 'n reeks uitsprake maak wat onderling koherensie vertoon, maar wat kan verskil van 'n ander reeks uitsprake oor dieselfde teks, wanneer dit as 'n monument (kyk punt 9.3) opgeneem word. Terwyl daar dus binne die raamwerk van 'n bepaalde teorie 'n stel koherente uitsprake gemaak kan word, kan daar na aanleiding van verskillende teorieë stelle koherente uitsprake gemaak word wat van mekaar verskil.

Dit is duidelik dat daar, anders as by die korrespondensieteorie, in die koherensie-benadering nooit met "naakte feite" gewerk word nie, maar met feite binne die raamwerk van teorieë. Dit wat as "feit" erken word, berus op bepaalde aannames. Hierdie beskouing staan krities teenoor die korrespondensieteorie, omdat daar gemeen word dat dit nie so maklik is om te sê wat "die feite van saak" of die "realiteit" is, waarmee 'n uitspraak sou moes ooreenstem om ingevolge die korrespondensieteorie as waar te kwalifiseer nie.

<sup>4</sup> Vir 'n uitvoeriger uiteensetting, kyk Woolley, 1976:150-169 en White, 1967:130-133.

<sup>5</sup> "... the more our beliefs hang together in a system, the truer they are" (Prior, 1967:224).

Die pragmatiese waarheidsteorie<sup>6</sup> ontstaan in 'n reaksie teen die korrespondensie- en koherensieteorieë. Dit kom uit die Amerikaanse denkwêreld, en veral William James, maar ook Charles S. Pierce en John Dewey, het op verskillende wyses gewerk aan die uitbouing daarvan (kyk Ezorsky, 1967:427-430). Hierdie teorie is minder teoreties ingesteld, en vertoon 'n "plat-op-die-aarde" benadering (Botha, 1987:19): dit wil die waarheidsvraagstuk nie op basis van absolute sekerheid besleg nie, maar beoordeel die "waarheid" van uitsprake op grond van die nut en werkbaarheid daarvan. Eenvoudig geformuleer kom dit daarop neer dat iets waar is, indien dit "werk."

Toegepas op literatuurstudie hou dit in dat, sou daar verskillende interpretasies oor 'n gedig voorkom, die besondere interpretasie wat die insiggewendste is en wat die meeste probleme oplos, as die korrekte, of eerder as die nuttigste aanvaar moet word.

Om hierdie bondige bespreking van waarheidsbeskouings in verband te bring met die stryd tussen objektivisme en relativisme, kan gestel word dat voorstanders van die objektivisme aansluit by die korrespondensieteorie, terwyl diegene wat die sogenaamde relativisme aanhang oorwegend geneig is om 'n koherensieteorie te onderskryf.

#### 4. RELASIONALITEIT

Waar Bernstein se onderskeiding tussen "objektivisme" en "relativisme" tot dusver in hierdie terme aangebied is, sal lesers merk dat daar by die laaste verwysing na relativisme 'n "sogenaamde" daarvoor gestel is. Terwyl Bernstein se kensketsing van relativisme wat hierbo verstrekkend is, myns insiens 'n billike tipering is van die standpunt wat deur die onderskrywers daarvan gehuldig word, sal vele aanhangers daarvan na alle waarskynlikheid beswaar maak teen die benaming "relativisme" en "relativistiese beskouing." Die rede hiervoor is nie ver te soek nie: dit is daarin geleë dat "relativisme" dikwels 'n negatiewe konnotasie dra en beskou word as iets wat alle rasionaliteit op heeltemal losse skroewe stel. Wanneer daar weer gekyk word na Bernstein (1983:8) se tipering van relativisme, sal opgemerk word dat daar gestel word dat konsepte soos "waarheid", "rasionaliteit" ensovoorts "relative to a specific conceptual scheme, paradigm, form of life, society or culture" (my kursivering, J.S.) is. Dit gaan dus (met enkele uitsonderinge) nie hier oor 'n anargistiese standpunt van totale willekeurigheid nie, maar oor 'n opvatting dat konsepte soos "waarheid" en die verwante begrippe, in relasie tot 'n bepaalde konsepsuele raamwerk, paradigma, ensovoorts verstaan moet word. Waar 'n begrip soos "objektiviteit" meestal 'n positiewe konnotasie het, en aanhangers van so 'n wetenskapsideaal nie ongemaklik sal voel oor 'n tipering van die opvatting as "objektivisties" nie, lyk dit raadsaam om die alternatiewe standpunt ook oor te vertaal in 'n vorm wat vir die onderskrywers daarvan aanvaarbaar sal wees. "Relasionaliteit" of "relasionele opvatting" voldoen myns insiens aan hierdie vereiste, en is verkieslik bo "relativisme", omdat selfs 'n

<sup>6</sup> Vir 'n vollediger uiteensetting, kyk Ezorsky, 1967:427-430.

kursoriese kennismaking met die geskrifte van sogenaamde relativiste laat blyk dat die soeke na waarheid en wetenskaplike kennis nie iets is wat ligtelik opgeneem word, en aan algehele willekeurigheid uitgelewer word nie. Waarteen die meeste rasionaliste reageer, is nie rasionaliteit as sodanig nie, maar 'n bepaalde opvatting van rasionaliteit wat sedert die Aufklärung die oorheersende opvatting daarvan geword het.

Teen hierdie agtergrond kan daar nou geleidelik nader beweeg word aan die vraagstuk van bepaaldheid in literêre interpretasie. Om die vraagstuk as 't ware nader aan huis te bring, sal daar eerstens 'n uiteensetting gebied word van twee hoofposisies oor bepaaldheid in die lees, verstaan, uitleg en interpretasie van tekste, en sal daar vervolgens nagegaan word hoe daar in die Klassieke Filologie hieroor gedink word. In die uiteensetting wat hierop volg, word die geskiedenis by wyse van spreke in trurat geskets, beginnende by die huidige situasie, opgevolg deur 'n oorsig oor die vroeëre verloop van sake wat aan die huidige polemieks voorafgegaan het.

## 5. DIE BEPAALDHEIDSPROBLEEM, HOOFSAAKLIK BESIEEN VANUIT ONTWIKKELINGE IN DIE HERMENEUTIEK

Die vraagstuk van bepaaldheid in interpretasie is ten diepste 'n hermeneutiese vraagstuk. Alhoewel die term "hermeneutiek" uit die Sewentiende eeu dateer, is die hermeneutiese werksaamheid veel ouer. Palmer (1969:35) merk tereg op: "the operations of textual exegesis and theories of interpretation - religious, literary, legal - date back to antiquity."

Terwyl daar deur die loop van die eeue verskillende opvattinge oor die taak en die terrein van die hermeneutiek gehuldig is,<sup>7</sup> kan daar sover dit die bepaaldheidsvraagstuk aangaan, twee hoofstrominge onderskei word: "On the one side are the defenders of objectivity and validation, who look to hermeneutics as the theoretical source for norms of validation; on the other side are the phenomenologists of the event of understanding, who stress the historical character of this 'event', and consequently the limitations of all claims to 'objective knowledge' and 'objective validity'." (Palmer, 1969:65). Tot die eerste stroming behoort denkers soos Friedrich Schleiermacher (1768-1834), Wilhelm Dilthey (1833-1911), en - in die Twintigste eeu - Emilio Betti en E.D. Hirsch.

<sup>7</sup> Palmer (1969:33-45) onderskei ses hoofbeskouings, te wete hermeneutiek as (1) 'n teorie van Bybeleksegese, (2) 'n algemene filologiese metodologie, (3) die wetenskap van linguïstiese verstaan, (4) die metodologiese fundering van die Geisteswissenschaften, (5) die fenomenologie van bestaan en eksistensiële verstaan, en (6) 'n sisteem van interpretasie. Bleicher (1983) onderskei in sy werk, wat van resenter ontwikkelings kennis neem, tussen die drie hoofstrominge, te wete "Hermeneutical theory", "Hermeneutic theory" en die resenter ontwikkelings "Critical hermeneutics".

Die vernaamste figure in die ander stroming is Martin Heidegger (1889-1976) en Hans-Georg Gadamer (g.1900), wat die aandag daarop gevestig het dat verstaan 'n gebeurtenis is wat verband hou met die kenner se historiese gesitueerdheid.<sup>8</sup>

Sedert Palmer sy werk in 1969 gepubliseer het, het Dekonstruksie op die toneel verskyn. Anders as die werk van Heidegger en Gadamer, wat binne die hermeneutiese tradisie staan, staan Dekonstruksie in die lyn van ontwikkelinge in die linguistiek. Veral Ferdinand de Saussure se opvatting oor die arbitrêre verhouding tussen betekenaar (signifiant) en betekende (signifie), en die impak daarvan op die literatuurteorie, veral die Strukturalisme (kyk Visser, 1982b:53-56), is in Dekonstruksie tot sy konsekwensie deurgevoer (kyk Eagleton, 1983:127-132).

Hier is daar sprake van 'n nog radikaler breuk met die objektivisme as in die werk van figure binne die hermeneutiese rigting, aangesien 'n belangrike rol in laasgenoemde aan die tradisie toegeken word. Derrida (1984:11-12) loods daarenteen 'n aanval op die hele logosentristiese tradisie van die Westerse filosofie. Op grond van 'n opvatting oor difference (kyk Ryan, 1982:101-103) word betekenis beskou as iets wat voortdurend uitgestel word. Uiteraard het die soeke na bepaaldheid geen plek binne so 'n denkraamwerk nie.

Die ontwikkelinge wat hierbo vermeld is, hou belangrike konsekwensies in vir die Klassieke Filologie, sowel vir die wetenskapsbeskouing wat taamlik algemeen deur die beoefenaars daarvan gehuldig word, as vir die wyse waarop die tekste van die Oudheid bestudeer word. Veral wanneer Klassieke Filologie as 'n onderdeel van 'n oorkoepelende Altertumswissenschaft beskou word, verg hierdie ontwikkelinge 'n kritiese verantwoording van die kant van klassici. Dit is egter iets waaraan daar tot dusver na my wete bitter weinig aandag geskenk is.<sup>9</sup>

Dat die bestudeerders van die tekste van die Oudheid oorwegend baie pertinent 'n objektivistiese beskouing onderskryf en bepaaldheid in interpretasie nastreef, sal meer aandag geniet in die bespreking van 'n tradisionele model van 'n filologiese aanpak (kyk punt 7), en verg eintlik geen betoog nie, wanneer in ag geneem word dat die bestudering van die tekste van die Oudheid dikwels in diens staan van 'n poging om die geskiedenis en kultuur van die Klassieke wêreld op basis hiervan te rekonstrueer.

<sup>8</sup> Hierdie ontwikkeling val binne die sogenaamde "Hermeneutic theory" in Bleicher se indeling (kyk voetnoot 7 hierbo). In resenter hermeneutiese benning, die stroming van "Critical hermeneutics", waarin figure soos K.-O. Apel en J. Habermas 'n leidende rol gespeel het, het die fokus verskuif vanaf 'n gewone verstaansvraagstuk na 'n hermeneutiek wat ingestel is op praxis, en waarin die fokus val op die opdekking van ideologieë onderliggend aan verstaan en interpretasie, met die oog op die verandering of ondergraving daarvan.

<sup>9</sup> Jäger (1975:104-107) skenk wel kortliks aandag aan resenter ontwikkelinge in die Hermeneutiek.

## 6. KRITERIA VIR KORREKTHEID

Wanneer daar 'n saak uitgemaak word vir geldigheid in literêre interpretasie, ontstaan die vraag op grond van watter kriteria korrekte en foutiewe interpretasies, of - sagter gestel - goeie en swak interpretasies van 'n literêre werk van mekaar afgegrens kan word.

Die voorstanders van bepaaldheid in interpretasie voer gewoonlik een of meer van drie kriteria aan, waaraan die korrektheid van 'n interpretasie beoordeel kan word, te wete dat 'n interpretasie korrek is, indien dit in ooreenstemming is met:

- die outeursbedoeling
- hoe die teks in sy ontstaanskonteks gefunksioneer het en met die wyse waarop die destydse tydgenootlike lesers dit gerespieer het, en
- die strekking van die teks.

Daar word vervolgens na elk van hierdie voorstelle gekyk.

### 6.1 OUTEURSBEDOELING

Alhoewel dit in die Twintigste eeu sterk bevraagteken word (kyk byvoorbeeld Welles & Warren, 1968:40-41), is dit 'n diep-gewortelde beskouing dat 'n teks se betekenis gelyk te stel is aan wat die outeur daarmee bedoel het. Hiervolgens word van die leser verwag om die betekenis "uit te haal" wat die outeur (bewustelik) in die teks "ingesit" het (kyk Culler, 1981:7).

Die sterkste voorstander van die kriterium van outeursbedoeling in die Twintigste eeu (en wel op 'n gesofistikeerder wyse as wat die opvatting gewoonlik gehuldig word) is E.D. Hirsch, met sy geskrifte "Validity in interpretation" (1967) en "The aims of interpretation" (1976). Terwyl Hirsch toegee dat tekste op verskillende wyses gelees kan word en dat daar in die loop van die geskiedenis verskillende betekenis daaraan toegeskryf is en toegeskryf kan word, benader hy die vraagstuk van interpretasie vanuit die hoek van wat 'n leser behoort te doen wanneer hy tekste lees (1976:77, 89-92). Die enigste kriterium vir 'n geldige interpretasie, is dat die interpretasie in ooreenstemming moet wees met dit wat die outeur daarmee bedoel het. So 'n beskouing hou in dat die outeur 'n bepaalde betekenis in sy teks vasgelê het, en dat dit die leser se plig is om hierdie betekenis te rekonstrueer. Die outeursbedoeling word in noue samehang met die konvensies van die genre of tekstipe bepaal (Hirsch, 1967:68-121).

Hirsch was deeglik bewus daarvan dat hy met hierdie voorstel van hom ingegaan het teen 'n kanon van die New Criticism, wat van mening was dat hulle finaal afgereken het met die sogenaamde "intentional fallacy" (kyk Wimsatt, 1970:3-18 en Beardsley & Wimsatt, 1966:229-232). Hy was egter van mening dat afstanddoening van die kriterium van outeursbedoeling die geldigheid van interpretasie as 'n wetenskaplike aktiwiteit in gedrang sou bring. Oor die wyse waarop hy die historiese feit van uiteenlopende interpretasies beredder, sal daar weldra meer gesê word (kyk punt 6.4).

## 6.2 OOREENSTEMMING MET HOE DIE TEKS IN SY ONSTAANSKONTEKS GEFUNKSIONEER HET EN VERSTAAN IS

Een van die vernaamste punte van kritiek wat die New Critics teen die kriterium van outeursbedoeling ingebring het, was dat dit onvasstelbaar is (kyk Wellek & Warren, 1968:148). Veral wanneer 'n mens met tekste uit 'n veel vroeër tydperk werk, en dit nie moontlik is om met 'n outeur oorleg te pleeg oor wat hy werklik bedoel het nie, is hierdie kriterium problematies. Daarom het die New Critics aangevoer dat die bedoeling van die outeur afgelees moet word uit die teks.

Dit is waarskynlik met inagneming van hierdie besware dat 'n mens 'n versigtiger formulering van die kriterium van outeursbedoeling kry in die opvatting dat 'n interpretasie korrek is wanneer die hedendaagse leser die teks verstaan soos wat dit in sy ontstaanskonteks gefunksioneer het en verstaan is. Hiervolgens moet die moderne leser daarna streef om die teks te respieer soos wat die destydse tydgenootlike leser dit sou gedoen het.

Hierdie herformulering stel die literator natuurlik steeds voor die probleem om duidelik aan te toon hoe die "oorspronklike" lesers die teks gerespieer het (kyk Wimsatt & Brooks, 1969:547), iets wat in die geval van die tekste van die Oudheid moeilik empiries aangetoon kan word, omdat daar so min tydgenootlike resepsies van hierdie tekste vir ons behoue gebly het.

Volgens hierdie opvatting het die destydse resepsie dus in beginsel 'n voorrang bo die hedendaagse resepsie. Om aanspraak te maak op die korrektheid van 'n interpretasie, moet die leser volledig konformeer aan die senders- en resepsiekode van destyds.

## 6.3 TEKSSTREKKING OF TEKSBEDOELING

Waarskynlik na aanleiding van bedenkinge oor die vasstelbaarheid van outeursbedoeling (en by implikasie ook die variant van destydse lesersresepsie), ontwikkel die opvatting dat 'n interpretasie korrek is wanneer die interpretasie as metateks korreleer met, of in ooreenstemming is met die strekking of bedoeling van die teks. Ingevolge hierdie opvatting word die teks die toetssteen vir die beoordeling van die korrektheid (al dan nie) van 'n interpretasie. Die opvatting word gehuldig dat so 'n benadering kontroleerbaarder is as die meer psigologiese kriterium van outeursbedoeling. Die leser moet net noukeurig lees "wat die teks sê". Hierdie opvatting ontwikkel onder meer na aanleiding van die New Critics se onderskeiding tussen sogenaamde "intrinsieke" en "ekstrinsieke" benaderings tot literatuurbestudering, met die bevoorregting van intrinsieke bestudering as die juiste metode om betekenis vas te stel (kyk Wellek & Warren, 1968:73 e.v.).

In noue samehang met hierdie opvatting staan die gedagte dat wat 'n literêre teks beteken, nie los gedink kan word van die "hoe" van die teks, dit wil sê die styl en struktuur daarvan nie. Die wyse waarop betekenis vasgestel moet word, moet dus baie sterk rekening hou met die struktuur van die teks. So 'n aanpak verg 'n intensiewe lees, 'n sogenaamde "close reading", daarvan.

#### 6.4 VERREKENING VAN UITEENLOPENDE INTERPRETASIES

Voorstanders van bepaaldheid in interpretasie, op grond van een of meer van die kriteria wat hierbo bespreek is, moet uiteraard rekenskap gee van die verskynsel dat lesers tekste in die loop van die geskiedenis op uiteenlopende wyses geïnterpreteer het. Die probleem van vele betekenisvolle woorde op verskillende wyses gehanteer. 'n Baie algemene variant daarvan, wat in baie artikels te bespeur is (kyk byvoorbeeld Comfort se lesings van carmen 36 in hoofstuk 9, punt 3.3) is wat 'n mens 'n "reg-en-verkeerd benadering" sou kon noem. Die literator voer argumente aan waarom sy voorgestelde interpretasie korrek is, en in die aantoning van die korrektheid van sy eie interpretasie, wys hy ander interpretasies wat van sy eie verskil, as verkeerd af. Hierdie strategie kom dikwels nie verby gewoon transendente kritiek nie.

Meer geraffineerd as hierdie "reg-en-verkeerd benadering" is pogings om te onderskei tussen die "meaning" en "significance" van 'n teks (Hirsch, 1967:139-144; 1976:79-80), of tussen die "Bedeutung" en "Bedeutsamkeit" daarvan (Betti, 1972:28-32). Volgens Hirsch is "meaning" gelyk te stel aan wat die outeur bedoel het, en is dit iets vas en seker wat nie in die loop van die geskiedenis verander nie. Onder interpretasie verstaan hy die eksplikasie van die verbale betekenis van 'n passasie. Sodanige verbale betekenis kan vasgestel word deur intensiewe filologiese analise van sowel die teks as alle eksterne getuienis. Onder "significance" verstaan hy die betekenis wat 'n teks vir verskillende lesers mag hê. "Meaning" is die opgaaf van die Hermeneutiek en die vasstelling daarvan heet "interpretasie", terwyl "significance" tot die terrein van die literêre kritiek behoort, en as "kritiek", en nie as "interpretasie" nie, bekendstaan.<sup>10</sup>

Om dan saam te vat: volgens die voorstanders van bepaaldheid in interpretasie, is interpretasie 'n duideligmaking van of wat die outeur bedoel het, of van hoe die teks in sy ontstaanskonteks gefunksioneer het en hoe die destydse lesers die teks gerespieël het, of van wat die teks of die teksstruktuur "sê". Betekenis is iets "vas", stabiel en onveranderlik. Interpretasie is wesenlik 'n nasegging van die teks, en die strategieë om by 'n korrekte interpretasie uit te kom, wissel van 'n poging tot historiese rekonstruksie van wat die outeur bedoel het, tot 'n "close reading" van die teks.

Die tipe estetika wat hiermee saamhang is 'n outeursestetika, 'n tydgesesestetika, of 'n tekseestetika.

<sup>10</sup> Dit is interessant om daarop te let dat een van die grondleggers van die filologiese metode, August Boekh (1785-1867), ook 'n onderskeid getref het tussen "interpretasie" en "kritiek", maar met 'n omkering van die hiërargie wat deur Hirsch voorgestaan word. Volgens Boekh raak interpretasie die uitleg van wat 'n teks sê wanneer dit op sigself bestudeer word, terwyl "kritiek", die hoër vorm van literêre werksaamheid, te doen het met die verklaring van die teks se verhouding tot die wyer verbande waarin dit staan (1986:132-134).

## 7. TIPERING VAN 'N FILOLOGIESE HERMENEUTIEK

### 7.1 DIE PROBLEME MET BETREKKING TOT 'N ALGEMENE TIPERING

'n Poging om tendense in die bestudering van die tekste van die Oudheid te plaas binne die konteks van die Twintigste-eeuse ontwikkelinge wat hierbo (kyk punt 2) geskets is, en om te probeer verreken waarom die objektivistiese tradisie en die huldiging van 'n normatiewe hermeneutiese teorie steeds sterk staan in die Klassieke Filologie, word deur 'n hele aantal faktore gekompliseer.

'n Eerste oorweging wat so 'n algemene tipering bemoeilik, is die feit dat daar 'n lang en ryk geskakeerde tradisie van bestudering van die tekste van die Oudheid is.<sup>11</sup> Enige poging om 'n algemene tipering te bied, moet dus van meet af aan daarmee rekening hou dat dit niks meer as 'n veralgemening kan oplewer nie. Soos Arkins (1986:122) aantoon, het die fokusse in die bestudering van die Klassieke in die loop van die geskiedenis ingrypend verander.

'n Verdere kompliserende faktor is dat ensiklopediese en metodologiese besinning nie in die sentrum staan van Twintigste-eeuse navorsing oor die Klassieke nie. Die laaste werklik omvattende sistematiese van die Klassieke Filologie se terrein en hermeneutiese teorie is dié van August Boekh wat meer as 'n eeu gelede in 1877 gepubliseer is.<sup>12</sup> Dit wat Werner Jaeger (1970:1) in 1914 tydens sy intrede by die Universiteit van Basel gesê het, is myns insiens steeds van toepassing op die situasie vandag: "Logische Bestimmungen und methodologische Betrachtungen haben sich in der klassischen Philologie von heute keiner grossen Beliebtheit zu rühmen." Volgens hom is daar in die Klassieke Filologie "geringe Lust ... zur Systematik und Methodik" aanwysbaar.

Hierdie gebrek aan grondslaestudies kontrasteer skerp met sowel die werk van sekere grondleggers van die Klassieke Filologie in die Negentiende eeu, by name met die arbeid van F.A. Wolf, F. Ast en P.A. Boekh (kyk verder punt 7.4), as met die Twintigste-eeuse opbloeï in teoretiese besinning in ander dissiplines as die Klassieke Filologie.

Ten spyte van hierdie kwalifikasies lyk dit tog vir my moontlik om bepaalde tendense in die tradisie van die bestudering van die tekste van die Oudheid aan te stip, en is ek nie so pessimisties as Jaeger (1970:1) wat beweer dat daar soveel filologieë is as wat daar goeie filoloë is nie.

In 'n poging om te kom tot 'n ewewigtige uiteensetting van 'n tipiese filologiese werkswyse (waarna ek as die "tradisionele model" sal verwys), en om sekere wendings in die Twintigste-eeuse bestudering van veral

<sup>11</sup> Hierdie geskiedenis kan nagelees word in Wilamowitz-Moellendorff (1921) wat steeds die beste oorsig hieroor bied. Hierdie geskrif is in 1982 in Engels vertaal deur A. Harris, en van 'n inleiding en kritiese kommentaar voorsien deur Lloyd-Jones. Vir 'n bondiger oorsig, kyk Jäger, 1975:16-31).

<sup>12</sup> Jäger (1975) bied op 'n beperkter skaal 'n nuttige inleiding tot die Klassieke Filologie.

die Klassieke poësie daarmee te vergelyk, word kortliks 'n sistematiserende, en daarom noodwendig ook 'n veralgemenende uiteensetting gebied oor tendense in die bestudering van die Klassieke tekste. Hierdie uiteensetting het enersyds ten doel om die agtergrond te bied waarom die tipering van die tradisionele model (kyk punt 7.7) juis so daaruitsien. Andersyds kan dit help om lig te werp op die vraag waarom die Klassieke Filologie nie so sterk geraak is deur die stryd rondom objektivisme en relativisme, en die probleem rondom bepaaldheid in literêre interpretasie nie.

## 7.2 HOOFORWEGINGS VIR DIE HULDIGING VAN 'N NORMATIEWE HERMENEUTIEK

Dit wil my voorkom of die hooforwegings wat ter sake is by 'n poging om insig te verwerf waarom 'n normatiewe benadering tipies is aan 'n filologiese benadering, die volgende is:

- die praktiese gerigtheid daarvan
- die behoefte aan 'n normatiewe model om te onderskei tussen korrekte en foutiewe lesings
- die bydraes van invloedryke figure in die ontwerp van 'n filologiese hermeneutiek
- die konteks waarbinne teksbestudering plaasvind, naamlik die poging om kennis in te win oor die geskiedenis en kultuur van die Oudheid
- vertroue in 'n metode wat sy nut in die loop van die geskiedenis bewys het.

## 7.3 TENDENSE IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N FILOLOGIESE HERMENEUTIEK

### 7.3.1 Inleiding

Om hierdie kriptiese stellings enigsins toe te lig, word vervolgens 'n voëlvlug gebied oor enkele ontwikkelinge en tendense in die bestudering van die tekste van die Oudheid. Die uiteensetting is sistematies (dit poog om tendense te identifiseer), eerder as streng histories.

In die bestudering van die antieke geskifte word die navorser deurlopend met verstaansprobleme gekonfronteer. Dit begin reeds by die gewone verstaan van die taal, maar sny ook kontekstuele vraagstukke aan. Hierdie probleme spruit onder meer daaruit voort dat die navorser in tyd en kultuur geskei is van die tekste wat hy bestudeer.

### 7.3.2 Voorgeskiedenis

'n Voorbeeld uit die vroegste voorgeskiedenis van filologiese navorsing in die Klassieke wêreld wat aan ons bekend is, illustreer die gerigtheid van 'n filologiese werkwysse goed. In die derde eeu voor Christus het 'n aantal Griekse digters wat hul eie geskrifte op die model van Homeros se werke wou modelleer, die taak aangepak om

- 'n korrekte en betroubare teks van die Homeriese geskrifte saam te stel
- kennis in te win oor die kenmerkende eienskappe van die taalgebruik in hierdie tekste, wat in 'n ander dialek as hul eie geskryf was
- moeilikhede in die verstaan van die tekste op te klaar (Jäger, 1975:11).

Hiermee is reeds in 'n neutedop sekere van die kernopgawes van filologiese navorsing aangestip, alhoewel die filologiese werksaamheid in die loop van die geskiedenis veel wyer gedifferensieer het.

Wat belangrik is om op te let, is dat filologiese navorsing van vroeg reeds 'n praktiese gerigtheid vertoon het, en dat die metodes wat ingespan is om tekste te interpreteer, in noue samehang met die bestudering daarvan ontwikkel is. In hierdie praktiese werksaamheid word met verloop van tyd geraffineerde metodes van taalkundige ondersoek ontwikkel.

Juis omdat filoloë voortdurend met verstaansprobleme te kampe het, is dit nie vreemd dat die oproep wat in sekere kringe in die Twintigste eeu opgaan, dat daar van interpretasie as 'n hoofopgawe van literatuurbestudering afstand gedoen moet word (kyk hoofstuk 1, punt 5.2, voetnoot 4), nie inslag gevind het in die geleedere van klassici nie.<sup>13</sup>

### 7.3.3 Taal-toespitsing

Alhoewel die historiese kontekstualisering van geskrifte (veral in die sin van die identifisering van die dinge waarna 'n teks refereer, dit wil sê die *denotata*) van vroeg af aandag geniet het, word die filologiese werksaamheid gekenmerk deur 'n sterk toespitsing op taal. Hierby moet in gedagte gehou word dat die Klassieke Filologie tot min of meer aan die einde van die Agtiende eeu 'n hulpwetenskap was. Die funksie van filologiese navorsing was om aan dissiplines soos byvoorbeeld Teologie en Regte betroubare tekste te verskaf, en om probleme in die verstaan daarvan uit te klaar.

In die lig hiervan is die verstaansproblematiek hoofsaaklik as 'n verstaan van die taal beskou, en is 'n eksegetiese werkwysse gevolg. Mueller-Vollmer (1986:9) tipeer die rol van die hermeneutiek tot en met die werk van Schleiermacher (1768-1834) as "the decoding of a given meaning" en "clearing away the obstacles in the way of proper understanding".

### 7.3.4 Agtergrond

<sup>13</sup> Kyk die voetnoot by punt 7.7.3 vir Quinn (1972a:6) se opvatting dat interpretasie vandag die hoofopgawe is van die literator wat hom besig hou met die bestudering van die Romeinse poësie, en let op die agtergrond waarteen die opmerking gemaak word.

Om die werk van die Negentiende-eeuse formaliseerders van die moderne(r) filologiese hermeneutiek (dit waarna daar later as die tradisionele model verwys sal word) in perspektief te beskou, is dit nodig om kortliks aandag te skenk aan:

- Schleiermacher se kritiek op 'n suiwer filologiese hermeneutiek en sy strewe na die ontwerp van 'n algemene hermeneutiek
- nuwe insigte wat die aandag gevestig het op die historisiteit van kuns, en
- die poging om 'n betroubare metodologie vir die Geesteswetenskappe te ontwerp.

Al drie hierdie ontwikkelinge dra daartoe by dat die verstaansproblematiek in 'n ruimer konteks as bloot die taalkundige verstaan van tekste beskou word.

#### 7.3.4.1 Schleiermacher en die strewe na 'n algemene hermeneutiek

Friedrich Schleiermacher (1768-1834)<sup>14</sup> word algemeen beskou as die grondlegger van 'n algemene, filosofies-gestempelde hermeneutiek (Rossouw, 1981:22).

In sy poging om verder te beweeg as die ontwerp van vakhermeneutieke (soos dié van sy tydgenote F.A. Wolf en F. Ast (kyk verder punt 7.4.2 en 7.4.3)), en in sy strewe daarna om 'n algemene hermeneutiek daar te stel wat rekenskap kan gee van die verstaanproblematiek in 'n verskeidenheid van dissiplines, reageer Schleiermacher teen 'n hermeneutiek wat primêr gerig is op die dekodering van tekste en die uit-die-wegruiing van spesifieke verstaansprobleme. Vir hom het hermeneutiek te doen met "illuminating the conditions for the possibility of understanding and its modes of interpretation." (Mueller-Vollmer, 1986:9). As sodanig verkry die hermeneutiek 'n sterker filosofiese oriëntasie, en word ingesien dat die verstaan van tekste meer as 'n suiwer taalkundige verstaan daarvan behels.<sup>15</sup>

Schleiermacher tref dan 'n onderskeid tussen grammatikale en psigologiese of tegniese interpretasie (kyk Palmer, 1969:88-90). Die belangrikheid hiervan is daarin geleë dat dit 'n wegbeweging markeer vanaf 'n objekgeoriënteerde hermeneutiek tot 'n hermeneutiek waarin die verstaans-handeling, en by implikasie die rol van die kensubjek in interpretasie, deeglik in berekening gebring word, iets wat vir die verdere ontwikkeling

<sup>14</sup> Vir 'n oorsig oor sy bydrae tot die Hermeneutiek, kyk Rossouw (1981:22-32) en Palmer (1969:84-97).

<sup>15</sup> Mueller-Vollmer (1986:9) tipeer die omwenteling wat met Schleiermacher plaasgevind het, soos volg: "Against the assumption of older hermeneutics that a reader would understand everything unless or until he encountered contradictions or a nonsensical passage, Schleiermacher advanced a radically different position. From the point of hermeneutics we cannot claim to understand anything that 'we cannot perceive and construct as necessary. In accordance with this maxim, understanding is an unending task'".

van hermeneutiese besinning van kardinale belang sou wees. Palmer (1969:91) tipeer Schleiermacher se bydrae dan ook as 'n oorgang vanaf "a language-centered to a subjectivity-centered hermeneutics".

#### 7.3.4.2 Die historisiteit van kuns

'n Verdere verruiming van 'n taal-georiënteerde hermeneutiek, wat besonder belangrik was vir die bestudering van die tekste van die Oudheid, was die groeiende bewustheid van die historisiteit van kuns. Twee figure wat 'n belangrike rol hierin gespeel het, was J.J. Winckelmann (1717-1768) en G. Herder (1744-1803). Wülfing (1985:14) wys daarop dat Winckelmann in sy studie oor die kuns van die Oudheid aangetoon het "dass ein Kunstwerk nicht nur als Schöpfung eines begabten Individuums verstanden werden kan, aber auch als Produkt einer gesellschaftliche Verfassung, eines physikalischen Klimas, einer politischen Situation." Hierdie opvatting oor die "historische Bedingtheit der Kunst" is nog verder ontwikkel deur Herder (kyk Wülfing, 1985:14). Die bydraes van Winckelmann en Herder kan beskou word as 'n wegbeleiding vir die Historisme wat sy hoogtepunt in die laat Negentiende eeu bereik het (kyk punt 7.5). Wat hier te sake is, is dat kuns, en dus ook literatuur, nie net talig nie, maar grondig histories geïnterpreteer moet word.

#### 7.3.4.3 'n Betroubare metodologie vir die Geesteswetenskappe

'n Laaste faktor wat ter sake is, en wat van besliste belang is vir insig in die objektivistiese oriëntering van die Klassieke Filologie, is die feit dat daar sedert die werk van Schleiermacher 'n besondere sterk strewe is na die ontwerp van 'n betroubare wetenskaplike metodologie vir die Geesteswetenskappe.

Hierdie strewe hou direk verband met die vooruitgang van die Natuurwetenskappe sedert die Sewentiende eeu n.C. Gadamer (1967a:39) toon aan dat die Natuurwetenskappe sedert hierdie tyd prominent gekenmerk is deur die ideaal van die beheersing van die natuur. Om hierdie ideaal te verwesenlik, is 'n hoë premie geplaas op die ontwerp van streng metodes om tot wetenskaplike kennis of waarheid te kom. Juis die sukses wat op grond van hierdie model in die Natuurwetenskappe behaal is, het die Geesteswetenskappe voor die uitdaging gestel om sy kennisideaal duidelik te formuleer. Dit het ook die verwagting geskep dat 'n soortgelyke beheersing van die menslik-geskiedkundige wêreld deur die beoefening van die Geesteswetenskappe moontlik is (Gadamer, 1967a:39).

In hierdie poging om 'n betroubare metodologie vir die Geesteswetenskappe te ontwerp, is daar in sommige kringe gepoog om die metodes van die Geesteswetenskappe te modelleer op dié van die Natuurwetenskappe. Veral navorsing in die positivistiese lyn sedert die Negentiende eeu lewer getuigenis hiervan. Ander geesteswetenskaplikes het egter 'n ander rigting opgegaan, en gepoog om 'n metodologie te ontwerp wat eie is aan die Geesteswetenskappe, en wat verskil van dié van die Natuurwetenskappe, maar nie daarom minder wetenskaplik is nie (kyk Mueller-Vollmer, 1986:16). Die kulminasiepunt van hierdie rigting, waarin Schleiermacher 'n belangrike bydrae gelewer het, word aangetref in die geskrifte van

Wilhelm Dilthey (1833-1911) aan die einde van die Negentiende en begin van die Twintigste eeu.<sup>16</sup>

Gadamer (1967a:40) wys tereg daarop dat, ten spyte van pogings in die laaste ongeveer honderd jaar om die Geesteswetenskappe te modelleer op die Natuurwetenskappe, die vernaamste faktore wat die wetenskapsopvatting in die Geesteswetenskappe beïnvloed het, uit 'n heel ander oord afkomstig was: "In der Tat liesse sich zeigen, dass die Entwicklung der Geisteswissenschaften in den letzten hundert Jahren sich zwar das Vorbild der Naturwissenschaften ständig vor Augen hielt, dass aber ihre stärksten und wesentlichsten Impulse nicht aus der grossartigen Pathos dieser Erfahrungswissenschaften stammten, sondern aus dem Geist der Romantik und des deutschen Idealismus. Es ist in ihnen ein Wissen um die Grenzen der Aufklärung und der Methode in der Wissenschaft lebendig."

## 7.4 BELANGRIKE FORMALISEERDERS VAN 'N FILOLOGIESE HERMENEUTIEK

### 7.4.1 Inleiding

Teen hierdie agtergrond kan kortliks aandag geskenk word aan die hermeneutiese teorieë van drie Duitse geleerdes, wat 'n belangrike rol gespeel het in die formalisering van 'n filologiese hermeneutiek,<sup>17</sup> te wete F.A. Wolf (1759-1824), F. Ast (1778-1841) en P.A. Boekh (1785-1867). Indien dit dan so is dat daar tot objektiewe kennis in die Geesteswetenskappe gekom kan word deur die streng toepassing van spesifieke metodes, bied die uiteensetting wat hierop volg, 'n oorsig oor die voorgestelde hermeneutiese teorieë binne die raamwerk waarvan die Klassieke bestudeer kan word om tot betroubare resultate te kom. 'n Uiteensetting van die voorgestelde metodologieë vestig terselfdertyd die leser se aandag op die sake wat belangrik geag is in die interpretasie van die tekste van die Oudheid.

### 7.4.2 Wolf

Friedrich August Wolf (1759-1824) se "Vorlesung über die Enzyklopädie der Altertumswissenschaft" (1831) bied 'n tipiese voorbeeld 'n prakties-gerigte vakmetodologie. Hy definieer hermeneutiek as die "Wissenschaft von den Regeln, aus denen die Bedeutung der Zeichen erkannt wird." (1831:290). Hierdie reëls moet aanpas by die objek wat bestudeer word, en gevolglik geld daar afsonderlike hermeneutiese reëls vir poësie, vir geskiedenis, vir regstekste ensovoorts.

<sup>16</sup> Vir 'n uiteensetting en evaluering van Dilthey se bydrae, kyk Palmer, 1969:98-123; Rossouw, 1981:32-41; Bleicher, 1983:19-26; Mueller-Vollmer, 1986:23-28.

<sup>17</sup> Die uiteensetting oor Wolf en Ast steun grootliks op Palmer (1969:76-83), en die sitate uit hul geskrifte is daaruit oorgeneem.

Die oogmerk met hermeneutiese ondersoek is om die geskrewe of gesproke gedagtes van 'n outeur te begryp soos wat die outeur self dit opgeneem wil hê (1831:293). As sodanig het hermeneutiese ondersoek ten doel om volmaakte kommunikasie tussen die leser en die outeur te bewerkstellig.

Wolf tref 'n duidelike onderskeid tussen verstaan en verklaar, met laasgenoemde wat op eersgenoemde berus. Hy onderskei drie vlakke van ondersoek, te wete 'n *interpretatio grammatica*, 'n *interpretatio historica* en 'n *interpretatio philosophica* (Palmer, 1969:82). Eersgenoemde sny die verstaan van die taalstruktuur van die teks aan. Die tweede betrek die historiese konteks waarbinne die outeur gewerk het, met insluiting van biografiese besonderhede. Die doel hiermee is om vas te stel wat die outeur geweet het. Die filosofiese interpretasie dien as 'n logiese kontrole op die grammatikale en historiese ondersoek, met die doel om die interpretasie se konsistensie te verseker.

### 7.4.3 Ast

Waar Wolf se hermeneutiek duidelik die stempel dra van die praktiese gerigtheid daarvan, kan die invloed van die Idealisme en die Romantiek op die hermeneutiek van Friedrich Ast baie duideliker bemaak word. In 1808 publiseer hy twee grondliggende werke oor die oogmerke met filologiese ondersoek, te wete "Grundlinien der Grammatik, Hermeneutik und Kritik" en "Grundriss der Philologie". Die oogmerk met filologiese studie is volgens Ast om die gees ("Geist") van die Oudheid te begryp, veral soos dit gemanifesteer is in die literêre erfenis daarvan. Die gees van die Oudheid kan egter slegs gesnap word deur aandag te skenk aan die taal, aangesien taal die basiese medium vir die oordrag van die geestelike waardes is. Hermeneutiek is volgens hom daarop gemik om die geestelike of spirituele betekenis wat in tekste opgesluit is, te voorskyn te bring (Palmer, 1969:76).

Tipies van die Idealisme word "Geist" beskou as die permanente, formatiewe beginsel, waarmee alle lewe verband hou. Ast stel dat die navorser slegs die eenheid van die gees van die Antieke kan verstaan indien hy die individuele manifestasies daarvan in geskryfte van die individuele outeurs begryp. Aan die anderkant kan die gees van 'n individuele outeur nie begryp word sonder om dit in relasie te stel tot die oorkoepelende geheel nie (1808:179). Die betekenis van 'n werk moet dus verklaar word deur 'n ondersoek van die teks as sodanig, maar ook in die verhouding daarvan tot die oorkoepelende tydsgees.

Ast onderskei tussen drie vorme van verstaan, te wete die historiese, die grammatikale en die geestelike. Eweneens onderskei hy drie hiermee samehangende vorme van verklaring, naamlik die Hermeneutiek des Buchstabens, die Hermeneutiek des Sinnes en Hermeneutiek des Geistes (Palmer, 1969:78).

Wat belangrik is van Ast se model, is dat die tydsgees afgelees kan word uit die geskryfte van die beste outeurs en kunstenaars van die tydperk. Op hierdie wyse word die idee van 'n oorkoepelende tydsgees en die Romantiese opvatting oor die genialiteit van die individu met mekaar versoen. Nog belangriker is Ast se opvatting oor die transendering van die tydelike deur geestelike verklaring. Palmer (1969:79) vat dit goed saam wanneer hy in verband met hierdie transendering van tydelikheid opmerk: "... the romantic interest in history is subordinated to the idea, just as is the romantic admiration of genius and individuality; all are

manifestations of Geist. The twentieth-century Heideggerian assertion of the radically historical character of human reality (and thus reality itself) is foreign to the idealistic presuppositions of Ast. Neither in the context of the Enlightenment rationalistic presuppositions nor in those of the Romantics does history become really historical; it is only the raw material for deducing an atemporal truth or an atemporal Geist."

Hierdie insig is uiters belangrik om te verstaan waarom 'n sterker klem op 'n histories-georiënteerde metodologie nie aanleiding gegee het tot 'n afstanddoening van 'n objektivistiese wetenskapsidee nie. Terwyl daar 'n sterk bewustheid is van die historisiteit van die tekste wat bestudeer word, word daar nie erns gemaak met die navorser se eie historisiteit nie, en met die implikasies hiervan vir sy wetenskaplike ondersoek nie. Gadamer (1967a:41) merk tereg op dat 'n historiese aanpak in die Geesteswetenskappe aanleiding gee tot 'n opvatting van die relativiteit van kennis en die resultate van wetenskaplike ondersoek. Dat die groter historiese toespitsing in die bestudering van die Klassieke nie hierdie algemene patroon gevolg het nie, is waarskynlik onder meer toe te skryf aan hierdie soort insulering van historisiteit in 'n atemporale geestelike interpretasie. 'n Ander moontlikheid is dat die navorser sy eie historisiteit nie as probleem ervaar nie, en meen dat dit moontlik is om die tekste van die Oudheid objektief te bestudeer.

#### 7.4.4 Boekh

Die laaste figuur waaraan aandag geskenk sal word om algemene tendense in die filologiese hermeneutiek toe te lig, is August Boekh (1785-1867). Sy monumentale "Enzyklopädie und Methodologie der philologischen Wissenschaften" is in 1877, ongeveer 'n dekade na sy dood, deur E. Bratuscheck gepubliseer.<sup>19</sup> Hierdie geskrif was besonder invloedryk. Dit is steeds die laaste werklik omvattende geskrif oor die metodologie van die Klassieke Filologie, en word tereg vandag nog hoog aangeslaan (kyk Wülfing, 1985:16 en Mueller-Vollmer, 1986:23).

Soos sy leermeester Schleiermacher, maar anders as Wolf en Ast, staan Boekh 'n algemene, sistematiese hermeneutiek voor, eerder as 'n hermeneutiek wat reëls vir interpretasie verskaf. Die *Altertumswissenschaft* berus vir hom op die beginsel van "philologische Verstehen", en die taak van die hermeneutiek word beskou as die metodiese uitwerking van die "Gesetze des Verstehens" (1877:75; 1986:133). Die taak van die filologie beskou hy, in 'n beroemdgeworde formule as die "Erkenntniss des Erkannten" (1877:10), dit wil se die inwinning van kennis oor dit wat deur die menslike gees tot stand gebring is in sy kultuurskeppings. Filologie is vir hom die basiswetenskap of matriks van alle Geesteswetenskappe (Mueller-Vollmer, 1986:20-21).

Boekh tref 'n onderskeid tussen interpretasie en kritiek as take van die filoloog, en ten opsigte van albei stel hy 'n groot premie op die aangebore kompetensie waaroor die interpreteerder en kritikus moet beskik. Interpretasie is volgens hom gerig op die objek op sigself, sonder inagneming van die verhouding waarin dit tot iets anders staan, terwyl

<sup>19</sup> Aangesien die 1877-uitgawe moeilik verkrygbaar is, verwys ek sover moontlik na die geredeliker beskikbare Engelse vertaling wat in Mueller-Vollmer (1986) opgeneem is.

kritiek, wat volgens Boekh 'n hoër vaardigheid verteenwoordig (1986:144), die relasie tussen die objek en ander objekte vasstel en beoordeel. Sowel ten opsigte van interpretasie as kritiek onderskei Boekh (1986:136-138,142) vier onderskeibare, maar onderling samehangende wyses of vlakke waarop hierdie handeling funksioneer, te wete

- die grammatikale (wat betrekking het op die taal)
- die individuele (wat betrekking het op hoe die individuele outeur die taal gebruik)
- die historiese (wat die materiële relasies en konteks van die werk aansny)
- die generiese (wat toegespits is op die genre waartoe die teks behoort).

Hierdie hermeneutiese model maak dit volgens Jäger (1975:105) moontlik om 'n teks sowel sinchronies as diachronies te bestudeer: "Der unverzichtbare Gewinn aus Bökhs Theorie ist die Einsicht in die Notwendigkeit, den historischen Kontext als synchronischen Zusammenhang und die Gattungsentwicklung als diachronischen Zusammenhang bei der Interpretation zu berücksichtigen." (kyk verder punt 9.5).

In sy uiteensetting lê Boekh meermale klem op die noodsaaklikheid van objektiviteit, en verwag hy selfs van kritiek 'n soort matemitiese objektiviteit (1986:144,147). In die lig hiervan is dit nie vreemd dat sy teorie streng normatief is nie, in so 'n mate dat hy vir die beoefening van kritiek 'n hiërargie van sekerheid in vier vlakke opstel, wat begin by dit wat absoluut seker is, tot by dit wat verisimile, probabile en les bes credible is (1986:146).

Boekh se hermeneutiek bevat ook vir die moderne leser 'n hele aantal (aangename) verrassings, omdat sy opvattinge nie altyd konformeer aan taamlik wyd gehuldigde opvattinge in die geleere van die klassici van vandag nie. So beskou hy byvoorbeeld die taak van filologiese ondersoek nie as blote historiese rekonstruksie nie, en verder is hy nie tevrede met die blote vasstelling van outeursbedoeling nie, maar verwag hy van die filoloog om die outeur beter te verstaan as wat die outeur homself verstaan het (1986:139). Die filoloog is hiertoe in staat omdat hy oor 'n soort reflektiewe kennis beskik en bewus is van sake waarvan die outeur net halfbewus of onbewus was (1986:139).

#### 7.4.5 Samevatting

Benewens die verskille tussen hierdie hermeneutiese teorieë (soos byvoorbeeld tussen die praktiese oriëntering van Wolf se model, die idealistiese ontwerp van Ast, en die Schleiermacheriaanse en Hegeliaanse hermeneutiek van Boekh), is daar ook opvallende ooreenkomste aan te merk. So blyk dit byvoorbeeld dat daar in al drie modelle 'n belangrike plek toegeken word aan die talige en historiese dimensies van die verstaan van tekste. Die weg tot betroubare wetenskaplike kennis berus onder meer op deeglike taal- en historiese ondersoek.

## 7.5 DIE HISTORISME

'n Volgende belangrike fase in die ontwikkeling van die Klassieke Filologie is dan juis die historistiese fase wat sy hoogtepunt in die laat Negentiende en die eerste dekades van die Twintigste eeu bereik. Die Klassieke Filologie word nou beskou as *Altertumswissenschaft*, of te wel as 'n onderdeel van so 'n oorkoepelende dissipline waarin gepoog word om 'n wetenskap tot stand te bring wat die ganse geskiedenis en kultuur van die Oudheid bestudeer.

Die ideaal van 'n omvattende *Altertumswissenschaft* is die eerste keer eksplisiet geformuleer deur Friedrich Wolf (Jäger, 1975:23). Boekh se opvatting oor die interafhanklikheid van geskiedenis en filologie het verdere impetus aan hierdie historiserende tendens verleen (Wülfing, 1985:24). Dit is egter in die werk van Ulrich von Wilamowitz-Moellendorff (1848-1931) en sy kollegas aan die Berlynse Universiteit dat daar aktief gepoog is om hierdie ideaal te verwesenlik. In hierdie tydperk word filologiese navorsing volledig geïdentifiseer met historiese navorsing, nie net sover dit metode aangaan nie, maar ook ten opsigte van die studieveld, soos blyk uit die eerste sin van Wilamowitz-Moellendorff (1921:1) se oorsig oor die geskiedenis van filologiese navorsing: "Die Philologie, die immer noch den Zusatz klassisch erhält, obwohl sie den Vorrang, der in dieser Bezeichnung liegt, nicht mehr beansprucht, wird durch ihr Objekt bestimmt, die griechisch-römische Kultur in ihrem Wesen und allen Äusserungen ihres Lebens. Diese Kultur ist eine Einheit, mag sie sich auch an ihrem Anfang und ihrem Ende nicht scharf abgrenzen lassen. Die Aufgabe der Philologie ist, jenes vergangene Leben durch die Kraft der Wissenschaft wieder lebendig zu machen, das Lied des Dichters, den Gedanken des Philosophen und Gesetzgebers, die Heiligkeit des Gotteshauses und die Gefühle der Gläubigen und Ungläubigen, das bunte Getriebe auf dem Markte und im Hafen, Land und Meer und die Menschen in ihrer Arbeit und in ihrem Spiele."

Hierdie ontwikkelinge is belangrik vir die Klassieke Filologie se houding teenoor sowel die probleem van objektivisme en relativisme, as vir die vraagstuk van bepaaldheid in interpretasie. Die historistiese aanpak het sterker klem gelê op iets wat lank voor die einde van die Negentiende eeu al 'n kenmerk van filologiese navorsing was. Dit is naamlik dat, hoe nougeset tekste ook al in die loop van die geskiedenis van die Klassieke Filologie bestudeer is, die oogmerk met sodanige studie selde bloot was om die teks "op sigself" te bestudeer, maar dat sodanige ondersoek ten minste implisiet in die ruimer konteks van 'n poging om meer te wete te kom oor die geskiedenis en kultuur van die Oudheid onderneem is. In so 'n poging om 'n omvattende *Altertumswissenschaft* tot stand te bring, is die geskrewe tekste van die Oudheid die vernaamste bronne waaruit so 'n oorkoepelende wetenskap opgestel kan word. In so 'n projek is 'n voorkeur vir bepaaldheid in interpretasie heeltemal te verwagte, en selfs 'n voorvereiste.

## 7.6 TEENREAKSIE

Reeds in die Negentiende eeu is daar deur veral Friedrich Nietzsche (1844-1900) beswaar ingebring teen hierdie historistiese aanpak (kyk Jäger, 1975:26), en hierdie kritiek het in die Twintigste eeu aangegroei (kyk Jaeger, 1916/1970, en Jäger, 1975:29). 'n Historistiese aanpak het vandag sy dominansie verloor, alhoewel dadelik bygevoeg moet word dat hierdie benadering wat alles wil herlei tot oorsaak, verloop en gevolg,

nog nie sy greep op Klassieke Filologie heeltemal laat vaar het nie. Patzer (1970:261) stel byvoorbeeld: "Die klassische Philologie versteht sich heute seit Boekh fast unbezweifelt auch in ihrem Ziel als Geschichte."

Een van die vernaamste besware wat hierteen ingebring is, is die oorheersende rol wat historiese navorsing in so 'n benadering speel. Lloyd-Jones (1982: viii, xvii) wys tereg daarop dat Wilamowitz-Moellendorff se poging om die antieke wêreld in al sy geledinge te bestudeer, in die praktyk aan historiese navorsing die belangrikste plek toegeken het: "The various disciplines linked together by his conception of Altertumswissenschaft are in theory on an equal footing; but in practice the rest are held together in the firm grasp of a single branch of study, history; ..." (1982: xvii). Die gevaar wat Lloyd-Jones in Wilamowitz-Moellendorff se beskouing sien, is dat diachroniese ondersoek daarvolgens tot die alfa en die omega verhef word. Hy wys daarop dat Twintigste-eeuse navorsing aangetoon het dat sinchroniese ondersoek knap resultate in die bestudering van onder meer die literatuur, die godsdiens en die filosofie opgelewer het. Sover dit die bestudering van die literatuur aangaan, wys Lloyd-Jones (1982: xvii) uit dat 'n historiese aanpak se toespitsing op ontwikkeling 'n nadelige invloed gehad het. Voorts het dit in literatuurbestudering veral gelei tot 'n toespitsing op die "inhoud" van tekste, met 'n daarmee samehangende afskeping van estetiese aspekte.

Wülfing (1985:21) wys dan ook, in sy tipering van die huidige stand van sake in die vakgebied, daarop dat daar sedert die Twintigerjare van hierdie eeu weer "eine stark literaturorientierte, ... geistesgeschichtliche ... und begriffsgeschichtliche ... Richtung Platz gegriffen hat." Dit gee weer aanleiding tot 'n toespitsing op estetiese, etiese en filosofiese interpretasie, iets wat 'n altertumwissenschaftliche benadering op die agtergrond geskuif het. Oor die ontwikkelinge in literatuurbestudering in die Twintigste eeu sal weldra meer gesê word (kyk punt 8).

## 7.7 TIPERING

### 7.7.1 Inleiding

Dit is egter teen die agtergrond van die ontwikkelinge tot en met die historistiese fase, dat ek sal poog om 'n algemene tipering te bied van wat as die tradisionele of standaardmodel van filologiese navorsing kan deurgaan, en wat steeds 'n sterk stroming in navorsing oor die Klassieke verteenwoordig. Daar moet opgelet word dat die tipering wat hier aangebied word 'n ruim tipering is, wat inhou dat al die fasette wat hier vermeld word, nie sal figureer in elke tradisionele filoloog se benadering tot teksbestudering nie. Dit hou verband met die feit dat hierdie opvattings dikwels implisiet eerder as eksplisiet gehuldig word.<sup>19</sup>

<sup>19</sup> Ter wille van kontrole het ek hierdie tipering aan 'n aantal klassici voorgehou wat binne die raamwerk van hierdie benadering werk, en hulle het dit as 'n billike kensketsing daarvan beskou.

In die uiteensetting van 'n tipiese filologiese werkwyse volgens die tradisionele model sal daar vervolgens aandag geskenk word aan

- die vereistes vir die verstaan en interpretasie van tekste
- die oogmerke met teksbestudering
- die metodes van ondersoek
- die wetenskapsteoretiese oriëntering.

### 7.7.2 Vereistes

Daar word van die aanname uitgegaan dat die lees, verstaan, uitleg en interpretasie van tekste bepaalde vaardighede by die navorser veronderstel.

Die vernaamste kennis en vaardighede waaroor hy moet beskik is:

- 'n gedeë kennis van die taal
- 'n grondige kennis van die historiese konteks waarin die werk ontstaan het, met inbegrip van die lewensgeskiedenis van die outeur, die tydsomstandighede waarin hy geleef en geskryf het, die wyere historiese en sosiale konteks, asook (soms) van die lesers vir wie hy geskryf het.
- 'n kennis van die kenmerke van die genre waartoe die teks behoort
- 'n kennis van die literêre tradisie waarbinne die geskrif tuishoort
- 'n goeie kritiese vermoë, sover dit die vergelyking en beoordeling van gewens aangaan.

### 7.7.3 Oogmerke

Ten opsigte van die oogmerke met die filologiese bestudering van tekste is dit besonder moeilik om te veralgemeen, aangesien daar in die loop van die geskiedenis fokusverskuiwings en 'n besliste verruiming plaasgevind het,<sup>20</sup> maar globaal genome behels dit om:

- die egtheid van die teks te bepaal<sup>21</sup>

<sup>20</sup> Vir baie klassici het die taak van die navorser begin en geëindig by *recensio*, en is interpretasie in 'n ruimer sin as 't ware as 'n verbode vrug beskou. Vir die verskil tussen Negentiende- en Twintigste-eeuse beskouings en kritiese werksaamheid, kyk Quinn, 1968:116-117.

<sup>21</sup> Quinn (1972a:6) merk op dat die taak om 'n betroubare teks van Catullus se gedigte saam te stel, omtrent so goed afgehandel is as wat die beskikbare manuskripte toelaat. Die taak van die navorser lê nou anders: "The initiative is now passing to the literary critic, whose business is not so much to tidy up damaged lines, as to make sense of the poems. This seems to me the chief task for the worker in Roman poetry in our time."

- om taalkundige probleme daarin op te los
- vas te stel wat 'n teks "eintlik" of "werklik" beteken,<sup>22</sup> iets wat hoofsaaklik verknoop word aan outeursbedoeling, genrekenmerke of teksbedoeling
- om duidelik te maak waarna 'n teks refereer, dit wil sê om die denotata toe te lig
- die teks te plaas binne sy historiese ontstaanskonteks
- die teks se verhouding tot die literêre tradisie duidelik te maak
- die teks se verhouding tot die tipiese kenmerke van die genre waartoe dit behoort, toe te lig.

By diegene wat tekste eksplisiet binne die raamwerk van 'n omvattende Altertumswissenschaft bestudeer, moet hierby nog bygevoeg word dat sodanige teksbestudering ten doel het om by te dra tot die rekonstruksie van die kultuur waarbinne hierdie werk ontstaan het, iets wat, hoewel minder eksplisiet, ook die gewoon filologiese benadering kenmerk.

#### 7.7.4 Metodes

Ter verwerking van hierdie oogmerk, bedien die filoloog hom eerstens van die metodes wat ontwikkel is in die tekskritiek.<sup>23</sup> Voorts is die werkwyse wat gevolg word, tipies en myns insiens in die eerste plek eksegeties van aard. Dit verg die aanwending van metodes van taalkundige ondersoek.

'n Komparatiewe werkwyse is van vroeë reeds 'n merkteken van filologiese ondersoek. In die bestudering van 'n teks word dit vergelyk met ander soortgelyke tekste. Patzer (1970:270) stel dit goed: "Philologie erklärt immer das eine aus dem andern, die Stelle aus der Stelle oder dem Werk, das Werk aus dem andern Werk und dem Gesamtwerk des Autors usf." Die klem op die genus waartoe 'n teks behoort, hou hiermee verband.

Hierbenewens word metodes van historiese ondersoek gebruik om 'n teks sowel histories as literêr-histories te kontekstualiseer. Die Filologie het trouens 'n groot bydrae gelewer in die ontwerp van die histories-kritiese metode van geskiedkundige navorsing (Jaeger, 1970: 6). In die ensenering van 'n teks binne die literêre tradisie word 'n belangrike plek toegeken aan Quellenforschung. Hierin speel die konsep van imitatio of navolging van die geskifte van vroeëre outeurs dikwels 'n belangrike

<sup>22</sup> Kyk Patzer (1970:270) waar hy aantoon dat die hoofsaak van filologiese navorsing in die loop van die geskiedenis beskou is as "der begründete Aufweis dessen, was ein gegebener literarischer Text eigentlich meint."

<sup>23</sup> Büchner (1957:113) merk in hierdie verband op: "Der Textkritik wegen ist im allgemeinen Bewusstsein wohl die philologische Methode zu ihrem Ruhme gekommen."

rol, veral in die werk van Negentiende-eeuse navorsers.<sup>24</sup> As teen-ganger vir hierdie sterk klem op die werk se afhanklikheid van die geskryfte van voorgangers, word daar - in 'n poging om die outeur nie na 'n blote na-aper te laat lyk nie - dikwels klem gelê op die individuele en unieke wyse waarop tradisionele literêre temas in sy werk vergestalt word, en, wanneer die outeur se voorganger 'n Griek was, op die Romeinsheid van sy werk.

#### 7.7.5 Wetenskapsopvatting

Die wetenskapsopvatting wat tipies deur filoloë gehuldig word, kan as objektivisties getipeer word. Daar word gestreef na die bereiking van objektiewe resultate, en daar word oorwegend aanvaar dat sodanige resultate haalbaar is.

Die weg daartoe is deur deeglike taalkundige en historiese ondersoek.

Gesien in die lig van die objektivistiese oriëntering word daar nie besondere aandag geskenk aan die rol van die navorser of kenner in die kenproses nie. Wanneer daar wel rekenskap gegee word hiervan, heers daar nie volkome eenstemmigheid oor wat van die leser verwag word nie. Vanuit die Duitse tradisie word gemeen dat objektiewe resultate bereik kan word deur 'n proses van "historische Verstehen", terwyl 'n ander positivistiese standpunt (wat taamlik algemeen in die Anglo-Amerikaanse wêreld voorkom) is dat objektiewe kennis bereik kan word wanneer die kensubjek hom ontleedig van sy eie voorveronderstellings en hy tabula rasa sy objek benader en streng empiries te werk gaan. In albei hierdie aanpake word daar van die leser verwag om so volledig moontlik te konformeer aan die senderskode. Daar word met ander woorde aanvaar dat die tyds- en kultuurgaping tussen die leser en die teks oorbrug kan word. Verskillende opvattinge oor hoe so 'n oorbrugging bewerkstellig kan word, is in die loop van die geskiedenis voorgestel. Dit wissel vanaf 'n ingesteldheid dat verstaan eintlik onproblematies is, en dat hierdie oorbrugging eintlik vanself of heel natuurlik geskied, tot die opvattinge dat hierdie gaping ongedaan gemaak kan word deur prosesse van historiese rekonstruksie, inlewing, verbeelding en selfontleding.

Daar word binne die filologiese rigting aanvaar dat tekste nie sommer op enige willekeurige wyse uitgelê of geïnterpreteer kan word nie. Daar word met ander woorde 'n streng normatiewe hermeneutiek voorgestaan. Om tekste op heeltemal uiteenlopende wyses te interpreteer, is onaanvaarbaar: 'n bepaalde interpretasie is korrek, en lesings wat daarvan verskil, is verkeerd. Dit impliseer dat tekste 'n sentrale betekenis of "core meaning" het, en dit is die navorser se taak om dit vas te stel. Die uitleg en interpretasie van tekste verg die toepassing van bepaalde

<sup>24</sup> In die Twintigste eeu word steeds hieraan aandag geskenk, maar die klem word dan sterker gelê op die funksie van sodanige imitatio as die blote feit daarvan. Arkins (1986:126), in sy bespreking van studies oor literêre beïnvloeding in die geskryfte van Klassieke outeurs, skryf in hierdie verband: "The results range from mindless obsession with Quellenforschung which virtually obliterates the individual author and the mere reductive citation of verbal parallels to really sensitive studies of how an ancient author transforms his sources in a variety of ways to serve his own purposes."

hermeneutiese reëls. Die interpretasie van 'n teks is wesenlik 'n nasegging daarvan: dit is om duidelik te maak wat die teks "sê". In hierdie sin is interpretasie gelyk te stel met explicatio. Daar word nie ingegaan op die probleem dat uitleg self berus op die navorser se verstaan van die teks nie.

Oor die spesifieke literatuurbeskouing of teksopvatting wat in hierdie model hanteer word, sal later (kyk punt 9.2 en 9.5) meer gesê word. Dit is naamlik 'n beskouing van die teks as dokument van 'n skrywer of 'n tydvak. Literêre ondersoek word daarom beskou as 'n ondersoek na die "Realien" waarna die tekste verwys of waarop dit betrekking het. Daar word nie ingegaan op die probleme rondom referensialiteit nie. Dit gee terselfdertyd aanleiding tot 'n voorkeur vir 'n letterlike, selfs literalistiese, lees van tekste (kyk punt 9.2).

Ten slotte moet opgemerk word dat filoloë in die meeste gevalle 'n hoë agting en respek het vir die tekste waarmee daar gewerk word, ten minste vir die sogenaamde meesterwerke in die tradisie. Dit blyk trouens reeds uit die benaming wat aan die literatuur van die Grieke en Romeine toegeken word, te wete die Klassieke literatuur.

Dit hang saam daarmee dat die bestudering van die Klassieke literatuur baie dikwels ten nouste verband hou met 'n etiese oogmerk, naamlik met 'n aanname dat die leser deur sy besigwees met die literatuur van die Oudheid daardeur gevorm en geslyp word. Dit is op onderskeibare wyses te sien in die humanistiese en neo-humanistiese rigtings in Duitsland (kyk Wülfing, 1985:13-16).

## 8. WENDINGS IN DIE TWINTIGSTE-EEUSE BESTUDERING VAN DIE KLASSIEKE POËSIE

### 8.1 DIE IMPAK VAN MODERNE BENADERINGS

Terwyl daar in die uiteensetting hierbo gepoog is om aan te toon dat 'n filologiese aanpak objektivisties georiënteerd is, en, op grond van die normatiewe teorie wat gehuldig word, bepaaldheid in interpretasie voorstaan, word hiermee nie beweer dat die Twintigste-eeuse navorsing oor die Klassieke literatuur nie baie duidelik geraak is deur ontwikkelinge in sekere van die moderne literêre teorieë en deur die kritiese praktyke wat na aanleiding daarvan voorgestel is nie, maar dan deur daardie skole wat prakties ingestel is, sterk teks-gerig is en hoogs bepaalde resultate nastreef (kyk punt 8.3).

Die bestudering van die Klassieke literatuur vanuit die raamwerke wat in die Twintigste eeu ontwikkel is, gee aanleiding tot "afwykings" van wat ek hierbo veralgemenend as die tradisionele filologiese benadering voorgedra het. Alhoewel moderne teorieë en metodes 'n besliste impak gehad het op die wyse waarop die Klassieke literatuur bestudeer word, meen ek dat daar aangetoon kan word dat hierdie ontwikkelinge nie 'n wesenlike verandering inhou sover dit die huldiging van 'n objektivistiese wetenskapsbeskouing en die aanspraak op eksaktheid in interpretasie aangaan nie.

In die uiteensetting wat hierop volg, sal die aandag spesifiek toegespits word op die impak wat moderne teorieë en metodes op die bestudering van die Klassieke poësie gehad het, en waar dit toepaslik is, sal die ontwikkelinge toegelig word met voorbeelde van tendense in Catullusnavorsing.

Voor dat daar aan Twintigste-eeuse ontwikkelinge aandag geskenk word, moet daarop gewys word dat die tradisionele benadering en meer moderne aanpakke vandag steeds naas mekaar bestaan, en dat die resenter ontwikkelinge nog by verre nie die tradisionele benaderingswyse vervang het nie.

## 8.2 DIE WENSLIKHEIDSVRAAGSTUK

Oor die vraag of dit wenslik en geldig is om die literatuur van die Oudheid met behulp van moderne teoretiese apparaat te bestudeer, heers daar meningsverskil, met sommige mense wat voorbehoude en bedenkinge daaroor het, en ander wat dit as verrykend beskou.

As voorbeelde van die eerste standpunt kan verwys word na Ross, Mendell en McCabe. Ross (1969:171) meen dat moderne teorieë ontoepaslik is: "... current literary criticism too often substitutes its own terms (created by and valid for a very different literature) for the study of the Roman traditions." Mendell (1965: v) bring op sy beurt beswaar in teen die gebruik van moderne terminologie, onder meer omdat dit volgens hom swak gedefinieer is, en dikwels "baffling rather than illuminating" sou wees. Dit is egter veral McCabe (1986:78-84) wat 'n striemende aanval geleods het op wat hy as die ahistorisiteit van die aanwending van moderne teoretiese opvattinge vir die ontsluiting van die Klassieke literatuur beskou.

By ander navorsers is daar egter 'n groter openheid teenoor nuwere benaderings. Dit blyk uit die feit dat daar in die laaste sowat twee dekades 'n hele aantal artikels en geskrifte verskyn het, waarin daar gepoog is om aan te toon watter moontlikhede nuwere benaderings vir die bestudering van die Klassieke literatuur inhou. Afgesien van Segal se reeds vermeldde "Ancient texts and modern criticism" (1968) kan verwys word na Bardon (1970b) se "Philologie et nouvelle critique", Germain-Demoulin (1971) se "La critique nouvelle et les études classiques", Évrard-Gillis (1976) se strukturalistiese studie oor die poësie van Catullus, en Barner (1977) se "Neuphilologische Rezeptionsforschung und die Möglichkeiten der Klassischen Philologie". Ook in die tydskrif *Arethusa* (1982:(1\*2)) is aandag geskenk aan Marxistiese, Psigoanalitiese en Semiotiese benaderings tot die bestudering van die Klassieke literatuur.

Terwyl hierdie stryd oor die toepaslikheid al dan nie van moderne teorieë om die Klassieke literatuur te bestudeer nog voortduur, wil dit my voorkom of die oorwegende houding wat uit Klassieke studies afgelees kan word, 'n pragmatiese ingesteldheid is. Alhoewel dit by verre nog nie die hoofstroom van klassici verteenwoordig nie, is daar by 'n groterwordende aantal literatore 'n openheid om moderne teorieë op die proef te stel. Die oorwegende indruk wat 'n mens vorm, is dat nuwere teorieë en die daarmee verbandhoudende metodes hoofsaaklik as werktuie of "tools" beskou word, wat 'n kans gegun kan word indien dit goeie resultate oplewer. Hierdie pragmatiese ingesteldheid kan afgelees word uit Henderson (1984:115-116) se opmerkings oor die standpunte wat ingeneem

is tydens 'n internasionale konferensie in September 1984 oor die Griekse en Latynse Filologie in die Twintigste eeu: "In the process of interpretation new methods, at least in so far as they are shown as valid and useful for the ancient literary works, should be applied. Only a few reservations were expressed against developments such as structuralism and semiotics, and then more because of the few good results so far than because of any objection in principle."

Terwyl so 'n pragmatiese toets sekerlik nie onbillik is nie, en dit goed is om die resultate wat met behulp van moderne teorieë en metodes verkry is, te vergelyk met dié wat behaal word volgens die tradisionele metodes, gaan die saak myns insiens dieper as wat so 'n pragmatiese ingesteldheid te kenne gee (kyk hoofstuk 11, punt 5 en 6). Terwyl goeie resultate beslis nie geringgeskat moet word nie, bevorder die eklektiese benadering wat deur die meeste klassici voorgestaan word (kyk byvoorbeeld Segal, 1968:19) glad nie die ontwerp van 'n sistematiese literatuurbestudering en metodologie nie.

### 8.3 KLASSICI SE VORKEURE

Wanneer daar afgestap word van hierdie debat oor die wenslikheid van die aanwending van moderne teoretiese apparaat, en daar eerder gekyk word na watter rigtings in die Twintigste eeu die grootse invloed op die bestudering van die Klassieke poësie uitgeoefen het, is daar 'n aantal interessante verskynsels wat aangemerkt kan word, wat insiggewend is vir die Klassieke Filologie se houding teenoor literatuurbestudering.

Van die verskillende Twintigste-eeuse strominge waarna daar hierbo verwys is (kyk punt 2), is studies oor die Klassieke poësie ongetwyfeld die sterkste beïnvloed deur New Criticism (wat vandag ver van nuut is) en Werkimmanente Interpretation in die Anglo-Amerikaanse en Duitse wêreld respektiewelik (kyk Segal, 1968:10). As die Twintigste-eeuse strominge op 'n skaal gerangskik sou word, beginnende by die rigting wat bepaaldheid in interpretasie voorstaan en eindigende by die rigting wat betekenis as iets heel vloeibaars beskou, blyk dit dat hierdie twee pole respektiewelik verteenwoordig word deur New Criticism en Dekonstruksie. Die rede waarom juis New Criticism en Werkimmanente Interpretation so aanloklik was vir klassici, is nie moeilik om aan te toon nie: "... New Criticism, with its concern for recurrent words, echoes, plays upon connotations and double meanings, has proven its usefulness in a field where close attention to the text and language has always been of primary importance ..." (Segal, 1968:11). Daarenteen het Dekonstruksie nog glad nie op enige noemenswaardige wyse sy stempel afgedruk op die bestudering van die Klassieke literatuur nie.

Hieruit blyk myns insiens dat die meeste klassici van die nuwere skool steeds die maklikste aansluiting vind by die strominge wat prakties eerder as teoreties gerig is, en wat 'n sterk voorkeur vir teksinterpretasie toon. Dit wil my voorkom dat dit as 'n algemene reël geformuleer kan word dat klassici se teëiening van moderne teorieë en metodes direk saamhang met die graad waarin sodanige modelle nuttig is vir die beoefening van teksstudie, en omgekeerd, dat hoe abstrakter-teoreties die Twintigste-eeuse teorieë is, hoe minder dit in hul werk neerslag gevind het.

#### 8.4 DIE VERNAAMSTE WENDINGS

Daar word vervolgens aandag geskenk aan van die belangrikste klemverskuiwings en koersveranderings in die bestudering van die Klasieke poësie onder invloed van moderner strominge.

Die opvallendste verandering is die verruiling van die diachroniese aanpak van die tradisionele model vir 'n sinchroniese benadering in literatuurbestudering. Die literatuur word nie meer in sy historiese ontwikkeling, met klem op die plek daarvan binne die literêre tradisie bestudeer nie. Die literêre teks word nou eerder as 'n sinchroniese sisteem bestudeer, en daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die literêre teks 'n outonome objek is wat op sigself bestudeer moet word. Dienooreenkomstig word daar nie gefokus op die historiese faktore wat daartoe bygedra het dat 'n teks daaruitsien soos dit wel daaruitsien nie (of daardie faktore nou geleë is in die skrywer se persoonlikheid, sy historiese situasie, die gebeure in sy tyd of in 'n omvattende tydsgees), maar word die klem geplaas op 'n streng bestudering van die intrinsieke struktuur van die teks. Daar is met ander woorde 'n beweging weg van 'n genetiese benadering (waarin die ontstaansfaktore op die voorgrond staan) tot 'n werkingsteorie (waarvolgens gevra word hoe 'n literêre teks as literêre teks funksioneer). Dienooreenkomstig is die fokus nie meer primêr op wat die teks sê (die sogenaamde inhoud daarvan) nie, maar op hoe die teks funksioneer. Die toespitsing is op die vorm en styl van die kunswerk; die benadering is esteties, met heelwat klem op die formele aspekte van die kunswerk, en die gestruktureerdheid daarvan (kyk verder punt 8.5).

Hierdie nuwere benadering waarin daar veral nagegaan word hoe die literêre werk funksioneer, gee daartoe aanleiding dat literatuurbestudering al hoe meer toegespits word op die bestudering van enkeltekste, met die interpretasie daarvan as die hoofopgawe van die literator (kyk Culler, 1981:4). In direkte samehang hiermee is daar 'n afname in meer sistematiese historiese ondersoeke wat 'n wyere terrein dek.

In hierdie funksionele oriëntering speel die opvatting van die eenheid van die literêre teks 'n deurslaggewende rol. Literêre verskynsels word nie op sigself bestudeer nie, maar daar word voortdurend gevra na die funksie van die onderdeel binne die geheel. Die opvatting word gehuldig dat die teks 'n organiese geheel is. In samehang hiermee word die teks nie meer as dokument beskou nie, maar as 'n monument (kyk punt 9.3), waarin alle klein eenhede deel uitmaak van die groot geheel.

Al die bogenoemde verskynsels hou direk verband met die opkoms van benaderings waarin die teks sentraal staan, en daar gepoog word om dit intrinsiek as iets op sigself te bestudeer. Die poësie van Catullus, met sy Aleksandrynse geneigdheid tot formele sofistikasie, het hom uitstekend tot so 'n benadering geleen. Daar word vervolgens kortliks aangetoon hoe bogenoemde klemverskuiwings in Catullusnavorsing gemanifesteer is.

#### 8.5 WENDINGS IN CATULLUSNAVORSING

Die oorgang van 'n diachroniese tot 'n sinchroniese aanpak in studies oor Catullus kan bemerk word in die afskaling van hoe belangrik historiese agtergrondinligting geag word, en die daarmee samehangende klem wat op intrinsieke bewysvoering gelê word. Tipies van hierdie wending is

die vroeë Quinn,<sup>25</sup> Copley (1958) en Rudd (1959). In hierdie aanpakke word die belangrikheid van agtergrondsgewens gerelativeer (kyk veral Quinn, 1968:115-116). Vraagstukke rondom die digter se persoon, sy lewensgeskiedenis, die chronologiese volgorde waarin hy sy geskryfte geskryf het, en die "Realien" waarop sy gedigte betrekking het, is deur hierdie skrywers op die agtergrond geskuif.<sup>26</sup>

Veral belangrik is die feit dat literatuuronderzoek op die model van die New Critics 'n ernstiger benadering tot die literatuur en tot literatuurbestudering in die hand gewerk het, aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan is dat: "... literary works ... rational structures susceptible of disciplined, rigorous study" (Segal, 1968:11) is. Dit hou myns insiens verband met die strewe na eksaktheid en objektiwiteit in literêre interpretasie. Ook die sterker klem op 'n metodiese werkwyse in die bestudering van die literatuur hang hiermee saam.

Eweneens belangrik sover dit die vraagstuk van bepaaldheid in interpretasie aangaan, maar hierdie keer met 'n neiging tot 'n ruimer omvatting oor prosesse van literêre betekening, is die groter aandag wat in die laaste aantal dekades aan die analise van simbolisme geskenk is. Segal (1968:15) wys daarop dat klassici soms sku is vir 'n simbolistiese benadering: "The realistic and historical view of literature, with its rewards of clear, tangible, connections between words and solid "facts", is understandably slow to disappear. It is hard to relinquish the concrete for something so inherently evanescent and ambiguous as a symbol". Die invoering van nuwere teoretiese benaderings het meegewerk tot die laatvaarding van 'n "naïve literalism" ten gunste van simbolistiese ondersoek, iets wat revolusionêre gevolge in sekere vertakkinge van Klassieke literatuurbestudering gehad het (Segal, 1968:16). Dit verteenwoordig 'n neiging weg van 'n enkele korrekte lesing tot 'n oper vorm van interpretasie, wat steeds nie arbitrêr is nie, aangesien 'n simbool nie maar somer enigiets kan beteken nie. Analoog aan Segal se onderskeidings tussen "literalists" en "symbolists", onderskei Heine (1975:3) in sy uiteensetting van die vernaamste probleme in Catullusnavorsing, eweneens tussen tradisionele kritici wat hulle in die bestudering van Catullus se gedigte besig hou met "Realienforschung", en ander literatore in wie se geskryfte 'n "Abneigung gegenüber den Methoden und Ergebnissen dieser positivistischen Philologie immer lauter werden."

Die voorveronderstelling dat 'n literêre teks 'n "eenheid" of 'n "harmoniese geheel" vorm, het 'n sterk invloed uitgeoefen op Twintigste-eeuse Catullusnavorsing (kyk Heine, 1975:1-2; kyk ook Buchheit se lesing van *carmen* 36 in hoofstuk 9, punt 3.4). Hierdie strewe na die uitwysing van eenheid, het hom nie net kenbaar gemaak

<sup>25</sup> Dit wil sê die Quinn van "The Catullan revolution" wat oorspronklik in 1959 gepubliseer is. In sy latere werk "Catullus: an interpretation" (1972a:23-24) kwalifiseer hy hierdie standpunt.

<sup>26</sup> Die debat oor die tersaaklikheid van hierdie gegewens vir literêre bewysvoering duur steeds voort (kyk Heine, 1975:3-5). Wiseman (1987) vestig weer pertinent die aandag op die belangrikheid van kennis van die konteks waarin Catullus se gedigte ontstaan het, vir insig in sy poësie.

in die bespreking van die afsonderlike gedigte nie. Daar is ook verskeie pogings aangewend om die eenheid van Catullus se oeuvre duidelik te maak, iets wat in sterk teenstelling staan tot die ouere opvatting dat die leser in Catullus se poësie eintlik twee uiteenlopende digters aantref, te wete die skrywer van spontane poësie vol eenvoud in die *carmina minora*, en die geleerde en gesofistikeerde Aleksandryn in die *carmina maiora* (kyk Heine, 1975:2, 8-13).

Die bestudering van die Klassieke poësie in die Twintigste eeu is egter nie net beïnvloed deur New Criticism nie. Sedert die laat Sestigere jare is daar toenemende tekens daarvan dat daar groter aandag geskenk word aan die rol van die leser in betekeniskonstruksie. Ver al in die werk van Gordon Williams, die outeur van die monumentale "Tradition and originality in Roman poetry" (1968:171-249), word daar sterk klem gelê op die sogenaamde "demand on the reader". Ook in Quinn (1972a: x) se geskryfte is daar erkenning vir die rol van die leser. In die nuwe "Cambridge history of classical literature" (1982:3-32) word daar dan ook 'n hoofstuk afgestaan aan die destydse leespubliek tot wie se adres die gedigte gerig was. Hierdie hoofstuk word dan ook op die flapteks van die werk as 'n vernuwing aangekondig. Dit toon aan dat die destydse reseptor nou belangrik beskou word in studies oor die Klassieke literatuur.<sup>27</sup>

Alhoewel nie al hierdie ontwikkelinge teruggevoer kan word tot die opkoms van die Resepsie-estetika in die laat Sestigere- en Sewentigerjare van hierdie eeu nie, val dit saam met 'n ontwikkeling waarin daar heelwat meer aandag geskenk word aan die rol van die leser, wat tot en met hierdie tyd beslis die afgeskepte lid van die outeur-teks-leser-driemanskap van literêre kommunikasie was (kyk Eagleton, 1983:74).

Dit wil my egter voorkom of hierdie groter erkenning van die rol van die leser, nog glad nie in Catullusnavorsing 'n breuk met die tradisie van 'n outeurs- of 'n teksetetika markeer nie. In die latere bespreking van Williams (1968) se opvattinge waarna daar hierbo verwys is, sal aangetoon word dat die feit dat die leser in berekening gebring word, nog nie inhou dat ons hier met 'n leserseestetika te doen het nie (kyk hoofstuk 9, punt 3.5.3). Ook die belangstelling in hoe destydse lesers

<sup>27</sup> Teoreties sterker deurdag is die studie van Wolfgang Rösler (1980) oor die historiese funksionering van literatuur, met verwysing na Alkaios, waarin die teoretiese problematiek goed ingesien word, en waarin daar ten gunste van 'n destyds-sinchroniese benadering tot literatuurbestudering gekies word. Hy skenk besondere aandag aan die publiek op wie Alkaios se liriek gerig was as 'n bepalende faktor wat nodig is vir die verstaan van hierdie digter se werk. Rösler se studie is dan ook opgeneem in die reeks "Theorie und Geschichte der Literatur und der schönen Künste", 'n reeks waarin 'n resepsie-estetiese aanpak duidelik herkenbaar is, en waarvan onder andere Iser en Jauss op die redaksie dien. Ver al Jauss se insigte word in hierdie studie toegepas. Die model wat Rösler gebruik, staan afwysend teenoor sowel die immanente literaturopvatting waarvolgens 'n werk ahistories as selfstandige entiteit bestudeer sou moes word (1980:18), as teenoor 'n "geistesgeschichtliche" benadering (1980:14-18).

die gedigte (waarskynlik) gelees het, dien eintlik as 'n weerstand teen willekeurige interpretasie van die tekste.

Die grotere erkenning wat aan die rol van die leser toegeken word, is belangrik vir die vraagstuk of 'n teks op slegs een of op meerdere wyses geïnterpreteer kan word. Deur die erkenning wat aan die leser verleen word, word, ten minste in beginsel, die weg gebaan vir 'n oper opvatting oor literêre interpretasie. Hierdie deur word egter nog maar op 'n klein skrefie oopgemaak. Dit blyk goed uit Quinn (1972a: x), een van die progressiewer literatore, se opmerkings in hierdie verband, waar die leser heelwat meer speling toegelaat word, maar die outeur in die finale instansie steeds die uiteindelijke arbiter oor die betekenis van die teks is. Terwyl Quinn van die standpunt uitgaan dat 'n gedig 'n sentrale of kernbetekenis het, wys hy daarop dat die gedig eers werklik bestaan en betekenis verkry in individuele lesers se lesings daarvan, iets wat die opvatting van 'n enkele korrekte interpretasie grondig problematiseer. Hieraan voeg hy egter toe: "It seems to me sensible, none the less, to assume the existence (it is not something that can be pointed to, as the verbal structure can be pointed to) of a central area, within which the poet decides what we are to make of his poem; inside that area we are responding to his poem, outside that area we are pursuing our own private reactions." Alhoewel hy afstand doen van die moontlikheid om 'n enkele korrekte interpretasie daar te stel, neem hy die volgende standpunt oor uiteenlopende lesings in: "Disagreement - serious disagreement - about the central area means failure, on the poet's part, or on ours." (1972a: x).

## 9. PLASING VAN BENADERINGS BINNE DIE RAAMWERK VAN 'N SKEMATISERING VAN TEKS- OF LITERATUURBESKOUINGS

### 9.1 INLEIDING

Om enersyds die voorafgaande tiperings van die sogenaamde tradisionele model van filologiese ondersoek en die nuwere wendings in die bestudering van die poësie in perspektief te stel, en om andersyds agtergrondsinligting te bied vir die latere bespreking van verskillende resepsies van die gebedsgedigte, word daar vervolgens, in aansluiting by Van Coller (1983:1-16), 'n skematisering van tipiese benaderings tot literatuurbestudering gebied. Dit word gedoen aan die hand van 'n eenvoudige voorstelling van 'n kommunikasiehandeling, met die "komponente" van sender, boodskap, ontvanger, wat oorvertaal is vir literêre kommunikasie:

outeur → teks → leser / reseptor

Hierdie kommunikasie vind natuurlik plaas in 'n bepaalde historiese konteks, en waar literatuur uit 'n veel vroeër tydvak bestudeer word, en die kontekste waarin die kommunikasie plaasvind, ingrypend verskil, sou 'n mens verder kon onderskei tussen die destyds-tydgenootlike lesers, en die huidige lesers.

Terwyl literêre kommunikasie altyd 'n outeur, teks en leser veronderstel, blyk dit dat daar in die loop van die geskiedenis op verskillende van hierdie "komponente" in die literêre kommunikasiehandeling die aandag

gevestig is: so is die teks vroeër veelal bestudeer as iets wat deur 'n outeur voortgebring is, en wat inligting verskaf oor die skrywer en die tydvak; later, in die vroeë en middel Twintigste eeu, is die aandag primêr op die teks as 'n outonome verskynsel toegespits, terwyl daar sedert die laat Sestigjarige toenemend klem gelê is op die leser se rol in literêre kommunikasie. Hierdie tipering is uiteraard 'n taamlik krasse oorvereenvoudiging van 'n komplekse aangeleentheid,<sup>20</sup> maar is genoegsaam vir die doel van hierdie ondersoek.

Van Coller (1983:2-4) onderskei drie hoofteipes teks- of literatuurbeskouings, te wete

- die teks as dokument
- die teks as monument
- die teks as teken (of tekensisteem vir die leser).

Daar word vervolgens 'n bondige uiteensetting van elk van hierdie benaderings tot literatuurbestudering gebied.

## 9.2 DIE TEKS-AS-DOKUMENT BESKOUIING

Wanneer die literatuur volgens hierdie beskouing gelees en bestudeer word, word die teks opgeneem as 'n dokument van 'n skrywer en die tydsomstandighede waarin hy geleef het. Enersyds bied die teks inligting oor die outeur, sy opvatting, psigiese ingesteldheid en lewensomstandighede; andersyds funksioneer die skrywer en die tydsomstandighede as die verklaringsgrond vir die teks. Soos die benaming dokument getuig, word hier 'n baie realistiese, soms selfs literalistiese, literatuurbeskouing gehuldig. Die benadering word oorwegend gekenmerk deur 'n deterministiese aanpak: die teks word verklaar uit die faktore wat daartoe aanleiding gegee het. As sodanig kan dit as 'n genetiese literatuuropvatting getipeer word. Daar word baie maklik vanaf die outeur en tydsomstandighede na die teks, en vanaf die teks na die outeur en die tydsomstandighede oorbeweeg: die teks word gebruik om meer oor die outeur en die tydsomstandighede te wete te kom, en hierdie agtergrondsfaktore word weer gebruik om die teks te verklaar. Omdat literatuurondersoek beskou word as 'n ondersoek van Realien, is die fokus sterk op "inhoud", eerder as op "vorm."

Hierdie genetiese benadering gaan baie ver in die geskiedenis terug. 'n Belangrike impuls vir die verdere ontwikkeling daarvan was die Positivisme wat in die tweede helfte van die Negentiende eeu die dominante wetenskapsbeskouing geword het (Van Coller, 1983:2). Die artistieke uitloper van hierdie deterministiese filosofie, is die Naturalisme, ingevolge waarvan die mens beskou word as 'n produk (volgens Van Coller, 1983:2 'n "slagoffer") van milieu en erflikheid. Literatuurbestudering volgens hierdie model toon tipies positivisties 'n oorsaak-gevolg-skema.

Daar kom verskeie variante hiervan voor, waarvan die belangrikste die biografiese, die psigologiese, en die tydsgeesbenaderings is.

<sup>20</sup> Vir 'n steeds kriptiese, maar uitgebreide skematisering, kyk Swanepoel, 1986:313-315.

Alhoewel 'n biografiese benadering in die loop van die geskiedenis 'n prominente lyn in Catullusnavorsing verteenwoordig het (kyk Heine, 1975:13-15), en dit vandag steeds sy aanhangers het, is dit tans globaal genome op die agtergrond geskuif. Die vernaamste kritiek wat daarteen ingebring is, is uitgespreek teen die oorsaaklikheid wat in hierdie benadering ingebou is, en die sterk mate waarin literêre argumentasie volgens hierdie model op konjektuur berus.<sup>29</sup>

Die psigologiese aanpak staan steeds redelik sterk. Hiervolgens word gepoog om die psigiese profiel van die outeur, soos dit gemanifesteer word in die styl van sy geskrifte, te bestudeer.<sup>30</sup>

### 9.3 DIE TEKS-AS-MONUMENT BESKOUIING

In die vroeë en middel Twintigste eeu het daar, as 'n teenreaksie op die Positivisme, verskeie sogenaamde outonomistiese bewegings ontstaan, waarin daar gepoog word om die teks op sigself te bestudeer.

Verskeie van die kenmerke van hierdie beskouing is reeds vermeld in die bespreking van die wendings in die Twintigste-eeuse bestudering van die Klassieke poësie (kyk punt 8.4), en daarom word daar baie kortliks hierby stilgestaan.

In teenstelling met die bestudering van die teks as dokument, word hierdie benadering gekenmerk deur 'n ahistoriese ingesteldheid. Die teks word beskou as 'n sinchroniese sisteem wat op sigself, los van enige oorsaaklikheid, bestudeer moet word. Veral in New Criticism word daar metodologies onderskei tussen intrinsieke en ekstrinsieke benaderings van literatuurbestudering (kyk Wellek & Warren, 1968:73 e.v.), en word laasgenoemde as onaanvaarbaar beskou. Tekste behoort hiervolgens intrinsiek bestudeer te word deur 'n "close reading" daarvan te onderneem. Die fokus is op die illustrasie van die tematiese eenheid van die gedig. Die onderdeel word nie in isolasie nie, maar in die verhouding daarvan tot ander tekssegmente en tot die geheel bestudeer. Die gestruktureerdheid van die teks kry baie aandag. Daar is gevolglik baie klem op die taligheid en gestileerdheid van die literêre teks, en daar word voortdurend gepoog om deur intensiewe lees patrone in die teks te identifiseer. Die standpunt word ingeneem dat die "wat" van die teks nie los van die "hoe" daarvan verstaan kan word nie.

Hierdie benadering kry sy naam na aanleiding daarvan dat die literêre teks in verskillende variante van die outonomistiese benadering beskou word as 'n monument van ewige skoonheid, wat los van enige oorsaaklikheid bestudeer moet word (Van Collier, 1983:3).

Alhoewel hierdie veralgemening nie op al die verskillende outonomistiese skole van toepassing is nie, is die oriëntering in die teks-as-monument

<sup>29</sup> Vir kritiek hierop in Catullusnavorsing, kyk veral Havelock (1938:72-84) se spitsvondige parodiëring daarvan.

<sup>30</sup> Veral Havelock (1938) en Schäfer (1966) se studies hoort in hierdie kategorie tuis, terwyl ook Bardou (1970a) se studie oor Catullus se poësie tekens van hierdie benadering vertoon.

model oorwegend fenomenologies van aard, en word daar gepoog om die splitsing tussen kensubjek en kenobjek op te hef (Van Coller, 1983:2-3).

Hierdie benadering het 'n besondere sterk invloed op Twintigste-eeue Catullusnavorsing uitgeoefen. Oor die verdienstes, beperkinge en gevare wat met so 'n aanpak gepaard gaan, sal later meer gesê word (kyk hoofstuk 11, punt 3.4.6.2).

#### 9.4 DIE TEKS-AS-TEKEN BESKOUIING

Wanneer hierdie benadering, wat reeds vroeg in hierdie eeu ontwikkel het, maar sedert die tweede helfte van die Twintigste eeu al hoe prominenter geword het, met die dokument- en monument-beskouing vergelyk word, is die opvallende verskil dat 'n teks nie meer uit sy agtergronde (volgens die dokument-beskouing), of op sigself (volgens die monument-beskouing) bestudeer word nie, maar nou as teken binne 'n netwerk van kodes beskou word.

Van Coller (1983:4-14) behandel Semiotiese benaderings, Taalhandelingsbenaderings, Resepsie-estetika en aanpakke waarin 'n belangrike plek aan intertekstualiteit verleen word, as manifestasies van hierdie literatuurbeskouing, wat hy as die "nuwe paradigma" tipeer. Daar sal nie hier op die baie duidelike verskille tussen die bogenoemde benaderings binne hierdie teksbeskouing ingegaan word nie, maar slegs gewys word op enkele sake wat belangrik is vir die probleem rondom een of meerdere lesings van 'n teks.

In die eerste plek moet daarop gelet word dat 'n beskouing van die teks as teken die aandag prominent vestig op die leeshandeling, en op die leser as aktualiseerder van die betekenis van die teks. Dit word veral deur voorstanders van die Resepsie-estetika beklemtoon. In hierdie selfde beweging word die aandag gevestig op die verskillende kodes (byvoorbeeld die senderskode, die periodecodes en die leserskode) waardeur literêre kommunikasie moontlik word.

Wanneer die teks as teken opgeneem word, word dit beskou as iets virtueels. Die Praagse Strukturalis, Jan Mukařovský, het 'n onderskeid getref tussen artefak en estetiese objek (kyk Van Coller, 1983:3-4). Hierdie onderskeiding speel 'n belangrike rol in die Resepsie-estetika, veral in die werk van Wolfgang Iser. Die artefak is die materiële teks, die eindige stel tekens op papier. Die estetiese objek is iets mentaals, wat deur die leser geaktualiseer word in die leeshandeling. As sodanig is daar een identiese artefak, maar word verskillende estetiese objekte in die leeshandeling gerealiseer. Hierdie onderskeid kan vergelyk word met die verhouding waarin 'n partituur tot die uitvoerings daarvan staan. Iser (1978:21) stel in hierdie verband dat die literêre werk nie geïdentifiseer kan word met of die artefak of die estetiese objek nie: "... the literary work has two poles, which we might call the artistic and the aesthetic: the artistic pole is the author's text and the aesthetic is the realization accomplished by the reader. In view of this polarity, it is clear that the work itself cannot be identical with the text or with the concretization, but must be situated somewhere between the two. It must inevitably be virtual in character, as it cannot be reduced to the reality of the text or to the subjectivity of the reader, and from this virtuality it derives its dynamism."

Ook belangrik vir die probleem rondom bepaaldheid in interpretasie, is die konsep van intertekstualiteit, wat deur die Russiese filosoof M. Bakhtin geformuleer is, en verder ontwikkel is deur onder meer J. Kristeva (kyk Van Gorp, 1984:152). Dit is 'n insig oor die teks se gesitueerdheid tussen ander tekste: dat dit ingeskryf is in die kader van ander tekste, van waaruit dit sy eie betekenis verkry. In terme hiervan is die teks dus nie iets staties en begrensds nie. "Het outonome, eenmalige karakter van de tekst word hierbij ontken; elke tekst bevind zich immers op het snijpunt van zoveel andere teksten, waarvan hij de repliek, de herlezing, de verschuiving, de verdichting, de oplossing, enz. is." (Van Gorp, 1984:152). Intertekstualiteit kom dus neer op die ont-binding of die de-sentralisering van 'n rigiede teksbegrip (Van Gorp, 1984:195). In terme van hierdie beskouing kan die teks nie 'n vaste toetssteen wees waarteen die korrektheid al dan nie van literêre uitsprake gemeet kan word nie.

## 9.5 PLASING

Om hierdie bespreking af te sluit, word gepoog om die verskillende benaderings tot die bestudering van die Klassieke literatuur te plaas binne die raamwerk van die verskillende literatuurbeskouings wat hierbo geskets is.

Die sogenaamde tradisionele model van filologiese ondersoek vertoon ooreenstemming met die teks-as-dokument-model, alhoewel so 'n tipering nie sonder kwalifikasie gelaat kan word nie. In soverre die literêre teks bestudeer word as die produk van 'n outeur en 'n tydvak, en in soverre die teks op sy beurt weer beskou word as 'n bron waaruit die geskiedenis gerekonstrueer kan word, word daar kennelik met 'n dokument-beskouing gewerk, iets wat sterk neig in die rigting van 'n realistiese aanpak.

Wanneer 'n model soos dié van Boekh egter van nader bekyk word, blyk dit dat so 'n aanpak voorsiening maak vir sowel diachroniese as sinchroniese ondersoek. In die mate wat 'n filologiese benadering poog om 'n teks aan die hand van die konvensies van die genre te bestudeer, vertoon dit verwantskap met die Resepsie-estetika se beklemtoning van periodecodes. In hierdie sin vind dit dus aansluiting by een van die variante van die teks-as-teken model. Ter kwalifisering van hierdie stelling moet egter dadelik bygesê word dat selfs die model van Boekh nie erns maak met die kodes waarvolgens die moderne leser die literatuur van die Oudheid ontsluit nie, en met die invloed wat dit op die resultate van wetenskaplike ondersoek uitoefen nie.

Die nuwere benaderings tot die bestudering van die Klassieke poësie (kyk punt 8.4) hoort hoofsaaklik binne 'n teks-as-monument opvatting tuis. Daar is ook enkele aanduidings van 'n teks-as-teken benadering,<sup>31</sup> maar dit is tot dusver nie baie prominent in Catullusnavorsing nie.

<sup>31</sup> Vergelyk veral Rösler (1980) se studie oor die poësie van Alkaios.

## 10. TERSAAKLIKHEID VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk is gepoog om die ruimere intellektuele konteks te skets teen die agtergrond waarvan die huidige studie onderneem is, en op die probleemkompleks waarop dit betrekking het.

Soos in die uiteensetting van die hoofmerke van hierdie studie te kenne gegee is (kyk hoofstuk 1, punt 1), word die problematiek wat hierbo geskets is, nie in sy volle omvang in hierdie studie aangespreek nie, maar word die net veel nouer gespan. In die bestudering van die gebedstekste in die *carmina minora* van Catullus, sal daar besondere aandag aan die probleem van bepaaldheid in literêre interpretasie geskenk word, en sal daar 'n poging aangewend word om te verduidelik waarom lesers tekste verskillend interpreteer.

Waar sowel die tradisionele as die nuwere benaderings (laasgenoemde nuut sover dit die bestudering van die Klassieke literatuur aangaan) oorwegend binne 'n objektivistiese tradisie staan, en die ideaal van bepaaldheid en eksaktheid in literêre ondersoek onderskryf word, kan die huidige studie as 'n toetsing van hierdie stellinginnames beskou word.

'n Studie wat die vraagstuk van bepaaldheid in literêre interpretasie aansny, kan uiteraard vanuit verskillende hoeke aangepak word. So sou daar byvoorbeeld gepoog kon word om dit spesifiek vanuit filosofiese of wetenskapsteoretiese hoek aan te pak, of uit die gesigspunt van ontwikkelinge in die moderne literatuurteorie. Omdat die skrywer hiervan nóg filosoof nóg literêre teoretikus van beroep is, en in 'n poging om die tersaaklikheid van die bovermelde problematiek vir die bestudering van die Klassieke literatuur so goed as moontlik te illustreer, is besluit om die argument in hierdie studie te ontwikkel aan die hand van metodes wat welbekend is in die Klassieke Filologie. So vind die ondersoek na die kenmerke van die gebed in hoofstuk 3 byvoorbeeld aansluiting by die tipiese beklemtoning van die belangrikheid van die tekstipe in filologiese ondersoek, en hou die gedetailleerde bespreking van tekste in Afdeling C duidelik verband met 'n prominente neiging in die Twintigste-eeuse bestudering van die poësie van Catullus. Waarin hierdie studie wel verskil van die gebruikelike aanpakke, is in die ruimte wat aan metodologiese besinning afgestaan word. Die doel met hierdie metodologiese bespreking is om te probeer vasstel of bepaaldheid in interpretasie haalbaar is.

## AFDELING B

### SISTEMATIESE ONDERSOEK: GEBED EN LITERÊRE GEBED

#### UITEENSETTING

In hierdie afdeling sal daar in hoofstuk 3 'n vormlike en stilistiese beskrywing van die Romeinse gebed gebied word. In hoofstuk 4 sal daar aandag geskenk word aan die vraag of (en indien wel, op watter wyse) daar onderskei kan word tussen literêre en nie-literêre gebedstekste.

## HOOFSTUK 3

### DIE ROMEINSE GEBED : 'n VORMLIKE EN STILISTIESE VERKENNING

#### 1. INLEIDING

Waar een van die hoofmerke van hierdie studie is om die voorkoms, kenmerke en literêre funksies van die gebedsvorm in die *carmina minora* van Catullus sistematies te beskryf, word daar in hierdie hoofstuk 'n vormlike en stilistiese beskrywing van die Romeinse gebed gebied.

Die oogmerk met hierdie uiteensetting is om aan die leser die nodige agtergrondsinligting oor die Romeinse gebed te verskaf. Gedetailleerde kennis van die gebedsvorm, -*topoi* en -styl word belangrik geag vir die literêre resepsie van die gebedsgedigte, aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat lesers die literêre gebedstekes respieer teen die agtergrond van hul kennis oor die gebed en die assosiasies wat daarmee verband hou.

In hierdie hoofstuk, wat in die teken van die formalistiese fokus van hierdie studie staan, sal die begrip "gebedsvorm" eerstens nader gepresiseer word. Vervolgens sal 'n oorsig gebied word oor die verskillende gebedstipes en oor die gebedstipologieë van klassieke en moderne outeurs. Dit sal opgevolg word deur 'n beskrywing van die vormskema van gebedstekes en van die -*topoi* wat daarin voorkom. Laastens sal aandag geskenk word aan gebedstyl en aan die stylkenmerke van verwante diskoerstipes.

#### 2. NADERE PRESISERING VAN DIE BEGRIP "GEBEDSVORM"

Waar daar reeds in hoofstuk 1 (punt 2.1) 'n omskrywing gebied is van wat onder 'n gebed verstaan word, word daar vervolgens 'n uiteensetting gebied van wat met "gebedsvorm" bedoel word. Die vraag wat nou aandag verdien, is in watter sin die gebedsvorm 'n vorm genoem word. In 'n poging om die begrip nader te presiseer, sal daar onderskeid getref word tussen

- in watter sin die gebedsvorm nie 'n vorm is nie, en
- in watter sin dit wel 'n vorm genoem kan word.

##### 2.1 NEGATIEWE AFGRENSINGS

Wanneer daar van die gebedsvorm gepraat word, word met "vorm" nie bedoel iets wat visueel waarneembaar is, omdat dit 'n bepaalde uiterlike gestalte het nie. Die gebedsvorm is ook nie 'n vorm in die sin wat 'n bepaalde versvorm (soos 'n elegiese koeplet of sonnet) of 'n bepaalde metriese patroon (soos die hendecasyllabus, die heksameter en die pentameter) 'n vorm genoem word nie. Van besondere belang is die feit dat die gebedsvorm ook nie op 'n bepaalde genre (*genus of eidos*) dui nie, aangesien die gebedsvorm in verskillende genres (soos die liriek, epos, tragedie en komedie) voorkom.

Die negatiewe afgrensings, veral dié dat die gebedsvorm nie 'n vorm in die sin van 'n *genus* of genre is nie, bring ons by belangrike vrae: Is

die gebed in die Oudheid as 'n vorm beskou? Hoe is literatuur destyds geklassifiseer en ingedeel? Het ons aanduidings wat die opvatting oor vorm was? Is die klassifikasies van destyds toereikend en kan daar volstaan word met die daardie opvattinge en indelings? Verally die werke van Russell (1981) en Cairns (1972) is in hierdie verband ter sake.

Russell (1981:148-158) bied 'n insiggewende oorsig oor die indeling van die literatuur in die Oudheid. Hy toon elders (1981:15-16) aan dat, ten spyte van Aristoteles se meer teoretiese indeling van geskryfte as mimeties of nie-mimeties, die algemene kritiese praktyk was om literatuur in te deel aan die hand van simplistieser onderskeidings, byvoorbeeld:

- die onderskeid tussen poësie en prosa (dit wil sê tipografies: vers);
- die onderskeid tussen verskillende soorte poësie (poësie-vorme) op basis van onderskeiding van die metra waarin bepaalde werke geskryf is; en
- op grond van die inhoud van tekste.

Russell toon ook aan dat die filosofie se onderskeidings van literatuursoorte waarskynlik verskil het van dié wat die skrywers self gehuldig het, aangesien eersgenoemde die skrywers se onderskeidings as te simplisties ervaar het (1981:152).

Van grondliggende belang sover dit die destydse nadenke oor vorm aangaan, is die streng skeiding wat in die teorieë van die Oudheid getref is tussen vorm en inhoud. Daar is onderskei tussen die konsep (to legomenon) en die wyse waarop dit uitgedruk word (lekxis) (Russell, 1981:4, kyk ook 115-116).

Die verband wat daar tussen retoriek en poëtika gesien is, en verally die opvatting dat denke los van, voor en onafhanklik van taal bestaan, het noodwendig daartoe aanleiding gegee dat styl as die eksterne kleed van die gedagte beskou is (Russell, 1981:4). 'n Proses van heuresis of inventio gaan die talige uitdrukking of ekspressie daarvan vooraf (Russell, 1981:4,120). Lekxis of dictio as 'n saak van woordkeuse en die organisasie daarvan is verder op model van die retoriek beskou as iets wat afgestem is op 'n spesifieke situasie en wat daarop gemik was om 'n bepaalde effek by die gehoor / reseptors te bewerkstellig, of dit nou was om die hoorder van iets te oortuig, om hom te onderrig of om aan hom genot te verskaf (Russell, 1981:3,94).

Hierdie redelik naïewe metafoer, naamlik dat styl die eksterne kleed van 'n konsep is, is tog nie as heeltemal onproblematies beskou deur die teoretici van die Oudheid nie. Daar is aanduidings, verally in die kompleksiteit van die opvatting oor figuræ, dat dit geensins so maklik was om die lektikos topos en die pragmatikos topos uitmekaar te hou nie. Demetrius, Hermogenes, "Longinus" en Aristides het lekxis nie as iets totaal onafhanklik van inhoud beskou nie, en in hul praktiese analises blyk dit dat hulle van mening was dat verskillende diskoerstopes (characteres logoon) nie uitsluitlik op grond van woordeskat en woorde gedefinieer kon word nie, en dat inhoud ook 'n rol daarin gespeel het (Russell, 1981:130).

Die begrippe styl, vorm en genre is nou met mekaar verweef. Norden (1958:11-12) wys daarop dat die begrip "styl" in die Oudheid nie soseer

op die styl van 'n individuele skrywer geslaan het nie, maar dat styl baie sterk deur konvensie bepaal is. Daar is gedink dat die styl moet aanpas by die onderwerp wat behandel word, en dat sekere style by sekere literatuursoorte (genera) gepas het. Die leerstuk van to prepon (in Latyn: decorum) het hierin 'n belangrike rol gespeel.

Die gebedsvorm is nie afhanklik daarvan of 'n teks in prosa of versvorm geskryf is nie, ook nie daarvan of dit formeel gesproke in 'n bepaalde genre voorkom nie.

Die opvatting dat literêre werke tot definieerbare klasse behoort, word dikwels as van sentrale belang vir die verstaan van die Klassieke literatuur beskou. Daar word gemeen dat die sleutel tot die verstaan van literatuur te vinde is in die bestudering van literêre genres (Russell, 1981:148 en Cairns, 1972:33). Russell (1981:148-149) wat, hoewel met sekere kwalifikasies, ook hierdie standpunt huldig, wys egter tereg daarop dat, alhoewel daar in die Oudheid 'n onderskeid getref is tussen literatuursoorte, die uitgebreide en gesofistikeerde genre-teorie eerder 'n Renaissance- as 'n Klassieke erfenis is. Daar moet voorts altyd rekening gehou word met die gaping tussen teorie en praktyk.

Cairns (1972:6) lê besondere klem op kennis van genres en genrekonvensies vir die verstaan van die Klassieke literatuur. Dit is egter belangrik om daarop te let dat genre vir hom nie te doen het met vorm nie, maar met inhoud: "... the poems and speeches of classical antiquity are not internally complete, individual works but are members of classes of literature known in antiquity as *gene* or *eide*, which will be described in this book as *genres*. Genres in this sense are not classifications of literature in terms of form as are epic, lyric, elegy or epistle, but classifications in terms of content ..."

Hierdie omskrywing is, soos Cairns (1972:6) self toegee, nie onproblematies nie: "It may be felt that it is confusing to call classifications in terms of content genres (although this is commonly done) since classifications in terms of form are also commonly called genres." (1972:6.) Tog meen Cairns dat dit verkieslik is om 'n ingeburgerde eerder as 'n nuwe term te gebruik. 'n Genre word dus volgens hom uitgeken aan die aansigbaarheid van 'n stel primêre of logies noodsaaklike elemente in 'n bepaalde kombinasie wat daardie genre van ander genres afgrens (1972:6). Aan hierdie primêre elemente kon die destydse gehoor uitken aan watter genre 'n gedig of toespraak behoort. Hierdie primêre elemente kan onderskei word van sekondêre elemente (topoi). Die topoi is die kleinste eenhede waarin die stof of inhoud van enige genre vir die doeleindes van analise verdeel kan word. Topoi is nie genrespesifiek nie en daarom kan dieselfde topos in verskillende genres voorkom. Dit kom egter dikwels in kombinasie met die primêre elemente voor, en kan daarom nuttig wees om 'n genre te identifiseer, alhoewel die finale arbiters vir klassifikasie die primêre elemente bly (Cairns, 1972:6). Russell (1981:157) wys tereg daarop dat genre volgens so 'n model geheel en al 'n inhoudelike saak word: "It is entirely a matter of content; the 'genre' becomes a complex of topics, not a form."

Die apparaat wat Cairns gebruik om die verskillende genres en die beginsels van generiese komposisie te illustreer, is ontleen aan die antieke retoriek. Williams (1980: ix e.v.) het hierteen gereageer. Sy tese is dat die digters vanaf Catullus tot Horatius 'n bepaalde skryftechniek gebruik het, en dat hierdie tegniek(e) in botsing was met die retoriekteorie,

wat hoofsaaklik uit later tydperke aan ons oorgelewer is. Die vernaamste kenmerk van hierdie tegniek het neergekom op 'n ontkenning van die fundamentele onderskeiding tussen vorm en inhoud, 'n onderskeiding wat so 'n belangrike plek in die retoriek beklee het. "In rhetorical theory that distinction permitted total prescription of the technique of composition by dividing it into two separate areas: language was subject to ordering by exhaustive description of vocabulary, syntax, and figures; content was likewise subject to ordering by the rules of inventio : the technique by which all the latent or inherent possibilities in a given idea or cluster of ideas could be 'discovered' and exploited. It was from the elaboration of this latter set of rules that what has recently been called the technique of 'generic composition' was evolved, and this was done, in my view, in a period later - even considerably later - than the one of which I am talking; for details of this technique I need only refer to the work of Cairns (1972)." Jenkyns (1982:86 e.v.) lewer ook kritiek op Cairns se reduksionistiese metodologie en op sy aanname dat die Oudheid "a time free zone" was. Hy is van mening dat Cairns nie reg laat geskied aan die verskille binne die werk van 'n bepaalde skrywer nie en ook nie aan die verskille tussen verskillende skrywers in verskillende tydperke nie.

## 2.2 WAT ONDER "GEBEDSVORM" VERSTAAN WORD

Ten spyte van hierdie negatiewe afgrensings is daar wel maniere waarop van die gebedsvorm as 'n vorm gepraat kan word.

- Die feit dat lesers gebedstekste as gebedstekste kan herken, impliseer dat sodanige tekste op strukturele gronde uitgeken kan word. Anders gestel: dat dit 'n bepaalde vormskema gemeen het, met sekere vaste en ander opsionele elemente. Wanneer daar van 'n gebedsvorm gepraat word, word daar 'n onderliggende struktuur bedoel, waartoe verskillende tekste behoort, omdat dit manifestasies van daardie skema is. Die herkenbaarheid van die vorm veronderstel weer die aanwesigheid van bepaalde merkers na aanleiding waarvan die klassifikasie van 'n teks as 'n gebed moontlik is.
- Dit blyk verder dat hierdie vorm 'n heel stabiele vorm was, wat in 'n groot mate onveranderd gebly het, selfs al het sosiale en kulturele faktore (soos die ingesteldheid van die bidder en die godsdienstsinhoude) radikaal verander.
- Die feit dat die elemente in die gebedskema daartoe neig om in 'n bepaalde lineêre volgorde voor te kom, is 'n verdere oorweging wat die herkenbaarheid daarvan verhoog, en wat ten gunste van die tipering van die gebed as 'n vorm aangevoer kan word. Die aanspreking, uitbreiding, bede of lofprijsing word gewoonlik in 'n bepaalde volgorde aangetref.
- Die uitwysbaarheid van bepaalde loci communes wat telkens in gebede voorkom (byvoorbeeld 'n aanduiding van die gronde waarop 'n bidder aanspraak maak op die reg om 'n gebed aan 'n godheid of gode te rig) versterk die herkenbaarheid van die tekstipe verder. Die probleem hiermee is dat daar gepoog word om 'n vorm te omskryf met behulp van inhoudelike oorwegings.

### 3. GEBEDSTIPES

#### 3.1 KLASSIEKE OUTEURS SE AANDUIDINGS VAN VERSKILLENDE GEBEDSTIPES

In opmerkings van outeurs uit die Oudheid oor die Romeinse gebed word fyn onderskeidings tussen verskillende gebedstipes aangetref. Valerius Maximus (1.1.1.), ook aangehaal deur Appel (1975:73) en Pighi (1967:56), merk met betrekking tot die *ius pontificum* op: *Prisco enim instituto rebus divinis opera datur, cum aliquid commendandum est precatione, cum aliquid exposcendum voto, cum solvendum gratulatione, cum inquirendum vel extis vel sortibus vel impetrato, cum sollemni ritu peragendum sacrificio, quo etiam ostentorum et fulgurum denuntiationes procurantur*. Valerius toon egter self aan dat die indelings nie waterdig is nie en dat die bogenoemde funksies soms deur 'n ander soort of tipe oorgeneem kon word. Ook Plinius die Ouere (N.H., 28.11) se opmerking: *alia sunt verba impetritis, alia depulsoriis, alia commendationis* skep die indruk dat verskille aan te merk is tussen verskeie soorte uitings wat tot die gode gerig is.

#### 3.2 GEBEDSTERME

Dit sal nuttig wees om die destydse klassifikasie van naderby te bekyk aan die hand van die verskillende benaminge wat vir die gebedshandeling gebruik is. Van die verskillende terme wat gebruik word om 'n gebed te benoem, is *precatio* of *prex*, asook *oratio* en *carmen* die gebruiklikste. Hierbenewens kan die *votum* en *hymnus* as besondere tipes gebedstekste geklassifiseer word. Daar word vervolgens kortliks iets oor elk hiervan gesê.

##### 3.2.1 *precatio* / *prex*

Dit is die algemeenste term om 'n gebed aan te dui. Dit is afgelei van die werkwoord *precari*, wat "om te smEEK" beteken.

##### 3.2.2 *oratio*

Hierdie woord kom, in weerwil van Warde Fowler (1971:166) se bewering tot die teendeel, wel in die Klassieke vir 'n gebed voor, maar is, soos hy tereg opmerk, gebruikliker in die Christendom. Dit dui gewoonlik op 'n gebed wat hardop uitgespreek is. Dit is afgelei van *orare*, en hou ook verband met die selfstandige naamwoord *os*. Wagenvoort (1980a) het 'n interessante vergelykende studie van die woorde *orare* en *precari* gemaak. Hy konkludeer (1980a:209) dat *orare* gebruik is vir die gebedshandeling van die priesters en amptenare in die staatskultus, en dat dit geslaan het op hoe hulle hardop voorgegaan het in die gebed. Afsonderlike woorde is deur die burgers herhaal. So het hulle dan gebid (*orabant*), maar het hulle hierdie handeling *precari* genoem. Ook in die *sacra privata* is plegtige frases en vaste formules hardop uitgespreek deur die bidders. Met die verloop van tyd het die Romeine geleer om die gode in die gebed aan te spreek en dit is soms hardop en soms in stilte gedoen.

### 3.2.3 carmen

Hierdie term word nie uitsluitlik net vir 'n gebed gebruik nie, maar word gebruik in verband met heel uiteenlopende taaluitinge, waaronder die gebed. Die carmen dui op "la parola cantata", dit wil sê die gesongte woord (Pighi, 1967:57). Williams (1982:53-54) wys daarop dat alhoewel die woord carmen, wat etimologies verwant is aan canere (om te sing), deur die digters van die Augustynse tydperk gebruik is as 'n generiese term om hul geskrifte te beskryf, hierdie betekenis, naamlik om te dui op 'n "gedig",<sup>1</sup> 'n gespesialiseerde gebruik was van 'n woord wat aanvanklik 'n veel wyer veld gedek het. So praat Cicero byvoorbeeld van die eerste kodifisering van die Romeinse Reg, die sogenaamde Twaalf Tafels, as 'n carmen necessarium, wat op skool uit die kop geleer moes word (Cicero, De legibus, 2.59). Die Twaalf Tafels self bevat 'n wetlike bepaling teen die gebruik van towerformules en die woord wat vir sulke formules gebruik word is carmen (Plinius, N.H., 28.18). Carmina en dirae, in die sin van magiese beswerings- en vervloekingsformules, kom sowel in die poësie as in nie-literêre kontekste voor.<sup>2</sup> Die voordrag of sing van die carmen is beskou as die kragtige gedeelte van die rite, en die woorde incantare en incantamentum word in hierdie verband gebruik (Bailey, 1932:10-11). Carmen as 'n beswering het dikwels gepaard gegaan met 'n magiese rite, die defixio of "vasnaeling" (Bailey, 1932:11). Carmina is ook gebruik met mediese opset, naamlik om gesond te maak.<sup>3</sup> Livius gebruik die term carmen om te verwys na 'n vroeë verdrag (A.U.C., 1.24.6), 'n teregstellingsbevel (A.U.C., 1.26.6) en 'n eed (A.U.C., 31.17.9). Die woord word ook gebruik om te dui op 'n gebed ("... carmen significa anche la preghiera fissata in una formula rigida, breve o lunga che sia" (Pighi, 1967:57)) of op die woorde van 'n gelofte. Dit laat Williams (1982:54) konkludeer dat daar geen beperking op die inhoud van 'n carmen was nie, en dat die wesenseienskap daarvan die vorm daarvan moes wees.

### 3.2.4 Ander woorde

Ander woorde wat vir die benoeming van 'n gebed gebruik word, is: gratulatio, adoratio, imploratio, comprecatio, deprecatio, obsecratio, salutatio, supplicatio, obtestatio, veneratio, invocatio.<sup>4</sup>

### 3.2.5 votum

Die votum word ook as 'n tipe gebed geklassifiseer (Von Severus, 1972:1153-1154), maar dit is 'n spesifieke soort. Appel (1975:68-69) stel dit goed: *Votum enim est ea precatio, quae destinata non solum ea quae*

<sup>1</sup> Die woord carmen word later in hierdie studie in hierdie sin gebruik in verband met die gedigte van Catullus.

<sup>2</sup> Vir literatuurverwysings na eersgenoemde, kyk Bailey, 1932:278 n. 12, 16, 17 en vir laasgenoemde Bailey, 1932:278-279 n. 18.

<sup>3</sup> Vergelyk Cato, Agr., 160 en Plinius, N.H., 28.63, aangehaal in Bailey 1932:279 n. 19.

<sup>4</sup> Kyk Appel, 1975:69-70 vir verwysings na waar dit in Latynse tekste voorkom.

is, qui votum facit, a deo petit, sed etiam formis quibusdam iuridicis definit ea, quae, si precibus erit satisfactum, se ipsum oblatum esse pollicetur. Die votum kan beskou word as 'n verdrag, waarin die aflegger belowe om 'n bepaalde teenprestasie te lewer, indien die gode dit waarom hy / sy vra, in vervulling laat gaan. Wissowa (1902:382) beklemtoon die "rechtsverbindliche Feststellung" daarvan. Dit het nie net by die Romeine voorgekom nie (Von Severus, 1972:1153). Wissowa (1902:319) wys ook op 'n verskil tussen die *precatio* en *votum* in die sin dat *vota* onderskei kan word van gebede ten opsigte van *adoratio*. Latte (1960:46) wys weer daarop dat die *vota* gekenmerk is deur die juridiese taalgebruik wat daarin voorkom.

'n Onderafdeling van die *votum*, is die *devotio*. 'n Oorlogstryder wy sy lewe hierin aan die gode van die onderwêreld toe. Die spreker deel homself in by diegene wat vernietig moet word, en na aanleiding daarvan hoort dit miskien eerder by vervloekinge of die toewydingsformules ("Ergebnisformeln") as by die *genus* van die gebed (Von Severus, 1972:1154).

Eweneens in gebedsvorm gestileer, is die *dedicatio*, *consecratio* ('n *dedicatio* in die staatskultus) en *evocatio* (kyk Von Severus, 1972:1154).

### 3.2.6 hymnus

Hierdie term kom as godsdiensteterm voor, maar word ook baie dikwels as 'n literêre term gebruik (Knebel, 1965:1344). Die etimologiese herkoms van die woord is onseker (Ziegler, 1967:1268-1269). *Himnes* kan getipeer word as tekste waarin die lof van 'n god grootgemaak word. Dit is belangrik om daarop te let dat gebede dikwels 'n aretalogie bevat het, wat dieselfde funksie vervul het (kyk punt 4.3). Die *himne* word soms getipeer as 'n gebed sonder 'n versoek aan die einde daarvan toegevoeg (Williams, 1968:156). Gigon (1965:1029) formuleer dit versigtiger deur te stel dat 'n gebed 'n *himne* word wanneer die hoofklem op die aanspreking en aretalogie eerder as op die bede of versoek self val. Daarteenoor beskou Bremer (1979:95) die *himne* as iets waarby die gebed inbegrepe is, terwyl gebede op hul beurt nie noodwendig *himnes* is nie. Oorspronklik is *himnes* gesing, maar later was die sing daarvan en begeleidende musiek nie noodsaaklike vereistes vir 'n teks om as 'n *himne* geklassifiseer te word nie (Knebel, 1965:1344). Ziegler (1967:1270) wys daarop dat, afgesien van die liedere van die *Salii* en die *Arvales*, Rome geen egte *himnes* opgelewer het nie en dat die *himnes* van *Catullus* en *Horatius* op Griekse lees geskoei is, alhoewel hierdie skrywers die vorm vrylik getransformeer het.

### 3.2.7 Samevatting

Uit die voorafgaande uiteensetting blyk dit dat die Romeine 'n hele aantal terme (en dus ook onderskeidings) gehad het vir taaluitings wat aan die gode gerig is. Die vraag of ons hier met 'n verskil in die onderliggende struktuur van die verskillende uitings te doen het, word later bespreek (kyk punt 3.3.3).

### 3.3 TIPOLOGIEË VAN MODERNE NAVORSERS

Daar is nie net in die Oudheid onderskeidings getref en indelings van gebedstekste gemaak nie. Ook moderne navorsers bied tipologieë aan om verskillende soorte gebede te klassifiseer. Enkele nuttige indelings word vervolgens behandel.

#### 3.3.1 Pighi se indeling

Pighi (1967:58) onderskei tussen gebede en formules wat

- \* eulogies is, dit wil sê waar 'n versoek gepaard gaan met lofprysing
- \* juridies is, dit wil sê waar die bede gepaard gaan met 'n belofte van die kant van die bidder (as sodanig bevat dit 'n verdragsbeginsel), en
- \* magies is, waar die uiting as dwingend beskou is.

#### 3.3.2 Kleinknecht se indeling

Hermann Kleinknecht (1967), wat 'n knap studie oor sowel die Griekse as Romeinse literêre gebedsparodie onderneem het, bied die volgende indeling. Dit is weliswaar 'n indeling van die Griekse gebede, maar hou myns insiens ook steek vir Romeinse gebede. Wat belangrik is om op te let, is dat dit nie slegs sogenaamde nie-literêre of godsdienstige gebede betrek nie, maar ook literêre gebede insluit.

##### 3.3.2.1 Die rituele gebed

Hierdie gebede staan direk in verband met kultiese handeling (soos offers) en is "ins Grosse angelegten Gebete" (1967:20). Kultushimnes resorteer hieronder.

##### 3.3.2.2 Die persoonlike of private gebed

Hierdie gebede moet onderskei word van rituele gebede. Kleinknecht (1967:54) onderskei tussen die meer seremoniële gebed, wat in formele situasies gebruik is, en die individuele gebed, wat eng met die bidder se eie situasie op 'n bepaalde oomblik verband gehou het. By enige belangrike gebeurtenis is daar gebed.

##### 3.3.2.3 Die literêre gebedsparodie

Benewens die parodiëring van die gebed as sodanig, sowel van die rituele as die persoonlike gebed, is die literêre gebedsparodie, wat in himnes aangetref word, 'n meer literêre verskynsel (Kleinknecht, 1967:87). In die Griekse literatuur kom hierdie soort parodiëring uitsluitlik in die liriek en tragedie voor.

##### 3.3.2.4 Die gebed aan die muses

Hierdie gebede kom in die Griekse en Romeinse literatuur voor. Kleinknecht (1967:103) beskou dit as 'n bepaalde tipe gebedsparodie, en wys daarop dat baie daarvan behoue gebly het. Hier moet volgens hom onderskei word tussen "dem eigentlichen ausgeführten Musengebet" en "dem

gewönlichen Musenanruf" wat sedert die tyd van Homeros 'n vaste inleidings-topos van epiese en liriese werke geword het.

Dit is voor-die-hand-liggend dat die kultiese en persoonlike gebede 'n godsdienstige aanwending / manifestasie van die gebed verteenwoordig, terwyl die literêre gebedsparodie en die gebed aan die muses as literêre aanwendingvorme van die gebed geklassifiseer kan word.

### 3.3.3 Samevatting

In die lig van hierdie tipologieë is dit duidelik dat dit moontlik is om baie fyn onderskeidings tussen gebedstekste te tref, iets wat blyk sowel uit die indelings van antieke skrywers as die van moderne navorsers. As die indelingskriteria ondersoek word, dan lyk dit oorwegend of die indelings of inhoudelik of funksioneel van aard is. Die vraag wat by 'n mens opkom, is of hierdie onderskeidings linguaal gemerk is. Appel (1975:73) wat hieraan aandag geskenk het, kom tot 'n belangrike konklusie, waarmee daar akkoord gegaan word. Ten spyte van Valerius Maximus en Plinius se uitsprake (kyk punt 3.1) wat skynbaar die teendeel daarvan beweer, stel hy: ... hanc differentiam non esse nisi secundariam, primariam autem sermonis structuram omnibus precibus communem esse. Ook Fauth (1967:709) wys daarop dat die verskillende tipes gebede dikwels in die gebedspraktyk ineengevloei het.

Hiermee word natuurlik nie ontken dat daar verskille aangemerkt kan word nie. Om Appel (1975:73) weer in hierdie verband aan te haal: Neque negandum est re vera talem quandam inter singula precationum genera differentiam extitisse: diversum petendi genus diversas genuit formulas. Maar hierdie onderskeidings is ten opsigte van die onderliggende gebedstruktuur van sekondêre belang.

## 4. DIE VORMSKEMA VAN DIE GEBED

### 4.1 INLEIDING

Dietrich (soos aangehaal in Norden, 1956:145) het reeds in die begin van hierdie eeu "eine wissenschaftliche Formenlehre religiöser Rede" in die vooruitsig gestel. Norden (1956) het, met sy grondliggende werk oor die gebeds- en predikeringsformules, konkrete gestalte aan hierdie vooruitsig gegee.

Kleinknecht (1967:18-20) onderskei, op grond van 'n ondersoek van die vormskema of die "aussere Form" van die gebed, 'n drieledige gebedstruktuur, te wete:

- Aanroeping (invocatio).
- Middelstuk, waarin veral aretalogiese elemente voorkom, en wat soms, na aanleiding van Ausfeld se ongelukkige benaming, die pars epica genoem word. Bremer (1981:196) het voorgestel dat hierdie gedeelte eerder die "argument" genoem moet word.
- Bede (precatio).

Daar word vervolgens aan elk van die dele aandag geskenk.

## 4.2 AANSPREKING / AANROEPING VAN DIE DIE GODHEID

Die aanroeping of aanspreking van 'n godheid kom in feitlik alle gebedstekste voor en kan as sodanig as 'n verpligte komponent van die gebedsvorm beskou word. Selfs waar die aanspreking in die oppervlakstruktuur ontbreek, word dit steeds onderliggend veronderstel. In die invokasie word die godheid of gode tot wie die gebed gerig word, gewoonlik by die naam genoem. Die aanroeping geskied uiteraard in die vokatief en word soms versterk deur die emfatiese uitroepwoord *o*. In uitsonderlike gevalle geskied die aanroeping in die nominatief. Die aanroeping gaan soms gepaard met groet- of aanroepingsformules (soos *salve* of *salvete*). Hierdie formules is opsioneel en kom voor in die imperatief.

Die korrekte benoeming van die godheid is as van kardinale belang beskou (kyk Laager, 1962:578). Dit blyk duidelik uit die gebruik van woorde wat as vrywaringsfrases ("escape clauses") by die naam van die godheid gevoeg is. Die Romeinse bidder het hom hierdeur probeer verskans teen foutiewe benoeming wat die effektiwiteit van sy gebed in gedrang sou bring. By wyse van voorbeeld kan verwys word na formules in verband met die geslag van die godheid. Indien die bidder onseker was of die godheid aan wie hy die gebed rig 'n god of 'n godin was, het hy die uitdrukking *sive mas sive femina* of *si deus si dea* toegevoeg aan die aanspreking. Ander gebruikelike toevoegings was formules soos *di deaque omnes* en *ceteri di deaque* (Versnel, 1981:13). Hierdie uitdrukkings vind nou aansluiting by juridiese taalgebruik (Appel, 1975:76-77). Indien die bidder onseker was oor die naam waarop 'n god genoem moes word, is 'n formule tot dien effekte aan die aanspreking toegevoeg (byvoorbeeld *sive quo alio nomine appellari vis*). Die belangrikheid van korrekte benoeming het ten nouste saamgehang met die feit dat die Romeine 'n funksionele opvatting oor die gode gehuldig het. Daar is gereken dat elke god 'n spesifieke invloedseer gehad het en dat die gebed aan die korrekte god gerig moes wees om effektief te wees (kyk byvoorbeeld Ovidius, *Fasti*, 4.827-829). Verder is die aanspreking dikwels gekenmerk deur 'n strewe na volledigheid. Hierdie neiging, wat veral in die *indigitamenta* van die priesters baie ver gevoer is (kyk Appel, 1975:85), kan waarskynlik toegeskryf word aan die bidder se begeerte om aan die veilige kant te wees en om nie deur gebrekkige benoeming die effektiwiteit van die gebed in gedrang te bring nie.<sup>5</sup>

## 4.3 UITBREIDINGS EN PREDIKERINGS

Die naam van die god kon op verskillende wyses uitgebrei word. Een van die gebruiklikste maniere waarop dit gedoen is, was deur die toevoeging van 'n epitheton of epitheta by die aanspreking. Appel (1975:94-95) onderskei tussen epitheta wat deur die bidder self aan die god toegesê is, dié wat in die kultus geëk is en dié waaroor daar geen

<sup>5</sup> Dit is egter interessant om daarop te let dat die name van die gode onder wie se beskerming Rome gestaan het, soms versluier is, sodat vyandiggesindes nie daarvan kennis kon neem nie (Appel, 1975:81). Hierdie praktyk het verband gehou met die opvatting dat die kennis van die naam van die god 'n sekere mag aan die persoon wat hierdie naam ken, verleen het (Appel, 1975:82).

sekerheid bestaan of dit by die eerste of tweede kategorie tuishoort nie. Die funksie van die *epitheta* was om die wese van die godheid aan te dui of om die situasie van die bidder in sy verhouding tot die god toe te lig. Die *epitheta* is dikwels aangewend as *blandimenta*, dit wil sê om die god te vlei, aangesien die bidder in dieselfde verhouding tot die god gestaan het as 'n cliens tot 'n *patronus* (Appel, 1975:95).

Norden (1956:144-176) onderskei tussen die tweede- en derdepersoonstyl van predikering. Die tweedepersoonstyl word gekenmerk deur die gebruik van die tweedepersoonsvoornaamwoord (wat dikwels anafories herhaal is) plus 'n werkwoord. Die derdepersoonstyl is minder gebruik as die tweedepersoonstyl, maar het van vroeg af daarnaas bestaan (Norden, 1956:163). Benewens die gebruik van *epitheta* is predikerings vervat in bysins- en deelwoordkonstruksies. Possessiewe en persoonlike voornaamwoorde kom oorvloediglik daarin voor.

Bogenoemde uitbreidings is opsioneel, maar kom heel dikwels in gebedstekste voor. Dit funksioneer gewoonlik as 'n *aretologia* of *doksologia*, dit wil sê as 'n uiteensetting van die deugde van die godheid (Norden, 1956:150).

Wille (1964:91) merk 'n belangrike saak aan wanneer sy daarop wys dat Romeinse gebede gekenmerk is deur die aanwesigheid van sekere vaste *topoi* of *loci communes*. Voorbeelde hiervan is die vermelding van die geboorteverhaal van die god, van sy kultussentra en van die gronde waarop die bidder die godheid in die gebed nader. Laasgenoemde staan in die literatuur bekend as 'n *hupomnesis*. Bremer (1979:97) onderskei, weliswaar ten opsigte van Griekse himnes, maar net so toepaslik op Romeinse gebede, vier tipes argumentasiewyses waardeur die bidder 'n beroep op die god gedoen het om sy gebed te verhoor, te wete *da quia dedi*; *da ut dem*; *da quia dedisti* en *da quia hoc dare tuum est*.

#### 4.4 DIE BEDE OF VERSOEK

Met die uitsondering van die himnes waarin dikwels slegs die deugde van die godheid besing word, is die bede of versoek 'n verpligte komponent in gebedstekste. Dit staan in die konjunktief of imperatief, en word dikwels deur *nunc* ingelei. In hierdie kerngedeelte van die gebed word die inhoud van die versoek of bede weergegee.

#### 4.5 GEBEDSWERKWOORDE

Met hierdie uiteensetting is reeds gevorder om die formele struktuur van Romeinse gebedstekste te beskryf. Vervolgens word hierdie abstrakte struktuur verder "ingevul" deur 'n lys te verstrek van die vernaamste gebedswerkwoorde. Appel (1975) het reeds 'n uitvoerige indeks hiervan opgestel met uitgebreide literatuurverwysings. Terwyl dit dus moontlik sou wees om slegs hierna te verwys, word sy indekse bondig hier weergegee, juis om die leser hiervan te help om die gebedsmerkers te herken, wanneer daar later oorgegaan word tot die analise en literêre bespreking van spesifieke gebedstekste.

Vir die benoeming van die handeling om te bid, het die Romeine 'n wye verskeidenheid werkwoorde gebruik, te wete:

*accersire* / *acessere deos*, *cantare* / *excantare deos*, *ciere deos*,  
*citare* / *excitare deos*, *clamare* / *conclamare deos*, *fari* / *affari*

deos, profari (selfstandig gebruik), gratulari deos; iurare / adiurare deos, loqui / adloqui deos, optare a deis; exoptare, orare deos, adorare deos, exorare deos, pellare / appellare deos, compellare deos, petere deos, plorare / implorare deos, poscere / exposcere deos (aliquid), precari deos, adprecari deos, comprecari deos, imprecari deos, quaesere deos, rogare deos, sacrare / obsecrare deos, salutare deos, consalutare deum, sollicitare deos, supplicare deis, testari deos, attestari deos, contestari deos, obtestari deos, venerari deos, advenerari deos, devenerari deos, vocare deos, advocare deos, devocare deos, evocare deos, invocare deos, provocare deos.

Sover dit die votum aangaan, kan nog hierby gevoeg word: vovere, votum suscipere en (votum) nuncupare.

## 5. STYL: GEBEDSTYL EN DIE STYL VAN VERWANTE DISKOERSE

### 5.1 INLEIDING

Alhoewel dit waarskynlik onmoontlik is om 'n beskrywing te bied van "gebedstyl" wat alle gebedstekste pas en rekenskap van alle stilistiese kenmerke daarvan kan gee, is dit tog moontlik om 'n uiteensetting te bied van sekere kenmerke wat byna altyd aanwesig is en wat globaal gesproke as gemene delers van die gebedstyl of sermo orationis beskou kan word. In hierdie afdeling sal 'n uiteensetting gebied word van:

- verskillende benaderings tot stylbestudering;
- sakrale taalgebruik;
- die styl van diskoerse wat verwant is aan die gebed (juridiese en amptelike styl).

### 5.2 STYL: VERSKILLENDE DEFINISIES EN BENADERINGS

Sover dit die begrip "styl" aangaan, moet toegegee word dat dit 'n moeilik omskryfbare begrip is, en 'n term wat in verskillende betekenisnuanses gebruik word. Algemene uitsprake soos "le style est l'homme même" en "language is style" klink mooi, maar sê weinig nuttigs en niks wat onderskeidend is nie.

#### 5.2.1 Wolfram Ax

Die uitvoerigste studie oor benaderings tot stylbestudering in die Latynse filologie is dié van Wolfram Ax (1976), wat 'n knap uiteensetting en in-deling bied van die hoofrigtings in stilistiese navorsing binne die vakgebied. Hy wys daarop dat 'n groot gedeelte van die navorsing diachronies geörienteer is en as sodanig gerig is op die bestudering van geïsoleerde linguistiese feite ("Einzelfakten") in hul historiese ontwikkeling. Hy toon aan dat daar - met die uitsondering van die werk van Marouzeau (1949) - oor die algemeen nie duidelik onderskei word tussen sintaksis en stilistiek nie. Hy wys daarop dat styl, as 'n verskynsel

wat te doen het met die keuse tussen verskillende moontlike stelwyses, nie tuishoort op die vlak van die onderliggende taalsisteem ("langue" in Saussure se terminologie) nie, maar op die vlak van die gerealiseerde manifestasie van die onderliggende sisteem in taalgebruik ("parole"). So is dit moontlik om tussen sintaksis en stilistiek te onderskei. As sodanig is die aangewese metode om stylnavorsing te doen om 'n sinchroniese ondersoek te loods, dit wil sê om na te gaan hoe elemente binne 'n sisteem funksioneer (1976:106-107). Hiermee negeer Ax (1976:105-109) nie die nut van diachroniese stylondersoek nie, maar toon hy aan dat dit bloot as hulpwetenskap van belang is.

### 5.2.2 Évrard-Gillis

'n Ander indeling is dié van Évrard-Gillis (1976:13-15). Hy skematiseer verskillende benaderings tot stilistiek met betrekking tot literêre werke. Alhoewel al drie die benaderings wat hy onderskei, ten doel het om die ekspressiewe waardes wat in 'n teks gemanifesteer is, te beskryf, doen elke benadering dit ooreenkomstig 'n ander verwysings- en / of oriënteringspunt:

- Die eerste benadering is geörienteer aan die taalsisteem ("la langue"). Die navorser stel vas watter leksikologiese, morfologiese en sintaktiese middele vir die skrywer beskikbaar was, en presiseer as 'n tweede stap die waardes wat hy toegeken het aan elk van die elemente van die taalsisteem. Stilistiese kenmerke word dus gedefinieer op basis van die onderliggende taalsisteem.
- 'n Tweede benadering is geörienteer aan die skrywer as organiseerder van die werk. Hierdie benadering is uiteraard geneties en sluit die psigokritiek en tematiese kritiek in.
- 'n Derde benadering is 'n sinchroniese benadering wat die werk as 'n sisteem beskou. Die opgaaf van die navorser is dan om die konstitutiewe elemente van die sisteem te analiseer en die funksionering van die sisteem te beskryf. Die teoretiese kader hiervan is die werk van die Formaliste.

Terwyl daar met Ax en Évrard-Gillis saamgestem word dat stylondersoek die beste sinchronies aangepak word, word daar in die hieropvolgende sistematiese uiteensetting aangesluit by 'n benadering waarin bepaalde linguistiese feite aangestip en gelys word. Die rede hiervoor is dat dit in hierdie afdeling gaan om 'n algemene tipering van gebedstyl. In so 'n algemene oorsig kan die funksie van afsonderlike elemente binne die sisteem van 'n spesifieke werk uiteraard nie verreken word nie. 'n Meer funksionele benadering sal wel later in die stilistiese bespreking van spesifieke tekste aan die orde kom. Die benadering wat in hierdie studie gevolg word, betrek elemente van die eerste en die derde benadering. Hiervolgens word gebedstyl opgeneem as 'n seleksie en kombinasie van linguale elemente wat algemeen in gebedstekste voorkom. In die sistematiese gedeelte word soos in die eerste benadering wat hierbo genoem is, gewerk, terwyl 'n sinchroniese aanpak by die gedigbesprekings gevolg sal word. In die slothoofstuk sal 'n 'n sistematiese oorsig gebied word.

Évrard-Gillis (1976:15) stel dit goed deur te sê dat dit in die stilistiek gaan om die bestudering van "des propriétés verbales d'un énoncé" en

dat styl as 'n ensemble van sulke kenmerke beskou kan word. As sodanig behoort stilistiese kenmerke dan ook linguisties beskryfbaar te wees.

### 5.2.3 Sosio-linguistiese oorwegings

Die ondersoek van die gebedstyl, bedoelende die linguale kenmerke wat tipes in gebedstekste voorkom, kan baie baat vind by insigte in die sosio-linguistiek. Anders as die hoofrigtings in die linguistiek van die laaste paar dekades, byvoorbeeld die Transformasioneel Generatiewe Grammatika van Noam Chomsky en sy navolgers, wat poog om 'n abstrakte beskrywing van die reëlsisteem van die onderliggende competence te bied en wat daarom baie geneig is tot abstraksie, lê sosio-linguiste die klem op taal as menslike kommunikasie-medium wat in konkrete sosiale omstandighede gebruik word met bepaalde sosiale funksies.

Uit die navorsing van sosio-linguiste het 'n aantal baie nuttige konsepte na vore gekom. Iets wat sterk beklemtoon word, is dat taalgebruik baie nou verband hou met die situasie waarin dit gebruik word. Nida (1976:55) wys byvoorbeeld daarop dat taalgebruik rol- en sfeerverwant is: die taal wat in verskillende samelewingsfere gebruik word, vertoon dikwels kenmerke wat eie aan daardie samelewingskring is. So sal die taal wat in die godsdiens gebruik word byvoorbeeld ander kenmerke vertoon as die taal wat in die wetenskap en onderwys gebruik word. 'n Spreker pas hom gewoonlik aan by die spraakkonvensies wat algemeen as "korrek" of "paslik" in 'n bepaalde situasie of sfeer beskou word.

Hierdie situatiewe kant van taalgebruik kan op verskillende maniere geanaliseer word. In 'n gemeenskap of 'n samelewingsgroep is daar sekere konvensies wat geld vir die voortbrenging en strukturering van uitings en tekste. Die twee fasette wat vir die doel van hierdie studie tersake is, is dié van register en dié van sfeer.

Insig hierin is natuurlik veel ouer as die twintigste eeuse sosio-linguistiek, alhoewel waarskynlik met reg beweer kan word dat insig in die "reëligheid" van taalgebruik nou eers sistematiese aandag kry. Dat die mense in die Oudheid ook sensitief was vir "korrekte" register en vir die sfeer waarin 'n taaluiting moet funksioneer, blyk baie duidelik uit die Romeinse opvatting oor die genera dicendi wat in die retoriek goed ontwikkel is en wat ook baie duidelik toegepas is in verskillende literêre genres (kyk Kenney, 1971:16). Ook in die Griekse literatuur vind ons byvoorbeeld 'n redelik sterk genre-hiërargie. Die mees verhewe styl (sover ten opsigte van woordkeuse as register) word aangetref in die epos. Byna net so formeel is die tragedie. Aristoteles (Rhet., 1404a) merk ook op dat die taal van prosa anders is as die taal van poësie.

## 5.3 STYLONDERSOEK

### 5.3.1 Inleiding

In hierdie afdeling sal gepoog word om vas te stel of daar 'n bepaalde sakrale styl (en gevolglik ook 'n spesifieke gebedstyl) onderskei kan word; wat die kenmerke daarvan is; hoe dit verband hou met die styl van verwante diskoerse en watter assosiasies dit oproep. Die uiteensetting oor die styl van magiese, juridiese en amptelike tekste is ter sake omdat sekere van die stylkenmerke daarvan ook in gebedstekste aantoonbaar is.

### 5.3.2 Die neiging tot indrukwekkende taalgebruik

Ten opsigte van die reeds bespreekte carmina (kyk punt 3.2.3) merk Williams (1982:53) op dat sekere stilistiese kenmerke (soos die gebruik van polêre uitdrukkings, van figura etymologica, en van uitgebreide / redundante ekspressie) aanduidings is van 'n begeerte om taal op 'n indrukwekkende manier te gebruik en dat sodanige kenmerke nie in gewone prosa voorkom nie. Hy vervolg: "The linguistic satisfaction and emphatic solemnity that can be achieved by these methods of expression must be stressed, for it explains their influence on all later artistic writing in Latin, especially in poetry, wherein their frequent occurrence marks off the style even of a poet like Virgil from any of his Greek models. These were devices of expression on which a Roman could draw when he wished to speak in an impressive way."

Alhoewel daar in die bespreking wat hierop volg, onderskei word tussen sakrale, juridiese en amptelike / administratiewe taalgebruik, moet in gedagte gehou word dat hierdie sosiolekte in belangrike opsigte ooreenstemmende kenmerke vertoon. Hierdie ooreenstemming kan in 'n groot mate teruggevoer word tot die neiging tot indrukwekkende taalgebruik. Cébe (1966:77-95) toon aan dat die taal van die godsdiens-, regs- en ampstaal van vroeg af in die Romeinse literatuur gearodieer is.

### 5.3.3 Sakrale taalgebruik

#### 5.3.3.1 Konservatisme

Dit is 'n redelike algemene trek dat die taal wat in godsdienstige handeling gebruik word, neig tot konserwatisme (Heusch, 1954:23). Daarom vertoon sakrale taalgebruik dikwels die merktekens van 'n vroeëre tydperk in die geskiedenis van die taal.<sup>6</sup> In Rome is dit so ver gevoer dat sakrale tekste steeds gebruik is selfs nadat dit vir die mense wat dit gebruik het onverstaanbaar geword het (Von Severus, 1972:1156). Quintilianus (Institutio Oratoria, 1.6.40) skryf in hierdie verband: *Saliorum carmina vix sacerdotibus suis satis intellecta*. Hierdie verskynsel hou natuurlik direk verband met die kultiese eise om rituele korrektheid. Vandaar die uitdrukking wat dikwels by die aanvang van godsdienstige rites van die Romeinse gebruik is, waarin die persoon wat daarin voorgegaan het, die aanwesiges gemaan het: *favete linguis*. Die uitdrukking beteken letterlik: "begunstig / (wees gunstig) met jul tonge", maar het inderdaad beteken: "bly stil". Hierdie-oproep is geuiter sodat iemand nie dalk iets sou sê wat die korrektheid van die rite in gedrang sou bring nie, en wat tot gevolg sou hê dat die hele rite van nuuts af aan oorgedoen sou moes word (kyk Page, 1965:44 en Williams, 1979:29).

#### 5.3.3.2 Argaïserende tendens

<sup>6</sup> Vergelyk byvoorbeeld die Afrikaanse vertaling van die gebed wat Jesus sy dissipels geleer het. Dit staan vandag nog, selfs na die 1983-vertaling, bekend as die "Onse Vader" (in plaas van "Ons Vader").

Hierdie konserwatisme wat algemeen in sakrale tekste voorkom, kan as 'n argaïserende tendens bestempel word. Daar moet deurgaans in gedagte gehou word dat hierdie tendens nie net in sakrale taalgebruik aanwysbaar is nie, maar tipies is aan enige tekstipe waarin daar 'n strewe na verhewe taalgebruik is. As sodanig kom dit nie net in godsdienstige tekste voor nie, maar ook in regs- en ander amptelike geskrifte. Trouens, in die Romeinse literatuur oor die algemeen en in die poësie in besonder is daar 'n sterk neiging tot die gebruik van argaïsmes. Palmer (1977:98) beklemtoon dit dat argaïsmes in alle Romeinse poësiegenres, selfs in die satire, gebruik word as 'n deel van hul poëtiese diksie.

Hierdie opmerking van Palmer vestig die aandag op die kwessie van 'n genre-hiërargie, iets wat baie duidelik in die Griekse literatuur aanwesig was, en wat - Williams (1968:746) se opmerkings tot die teendeel ten spyt - myns insiens ook vir die Romeinse literatuur gegeld het. Hiervolgens is die epos as die mees verhewe genre beskou, gevolg deur die tragedie, daarna die liriek, dan die "mindere" genres en die komedie. Argaïsmes kom in al hierdie genres voor, maar die gebruiksfrekwensie hou verband met die genre waartoe 'n bepaalde werk behoort. Hieruit vloei voort dat die gebruik van argaïsmes in gebedstekste 'n heel komplekse aangeleentheid is, veral as in aanmerking geneem word dat argaïsmes nie net op 'n verhewe register dui nie, maar dat dit ook 'n kenmerk van die gewone volkstaal was (Heusch, 1954:20 e.v.). Daarom moet die navorser probeer om onderskeid te tref tussen argaïsmes wat qua argaïsmes gebruik word, en dié wat in imitatio van voorgangers gebruik is (Palmer, 1977:98), aangesien die antieke literêre teorie 'n hoë premie op die nabootsing / navolging van skrywers uit vroeëre tydperke geplaas het. Ingevolge hiervan kon 'n argaïsmes in 'n literêre werk gebruik word, nie as 'n argaïsmes as sodanig nie, maar as nabootsing van 'n vroeëre skrywer se werk.

Argaïsmes kan op sowel morfologiese as leksikale vlak aangewys word (Palmer, 1977:98-99). Alhoewel die spesifieke funksie(s) waarvoor argaïsmes aangewend word, kontekstueel vir elke besondere voorkoms daarvan vasgestel moet word, is die algemeenste funksie daarvan om aan die teks / uitdrukking 'n verhewe register te verleen. Dit is reeds in die Oudheid raakgesien, soos blyk uit 'n opmerking van Quintilianus (Institutio Oratoria, 1.6.39): *verba a vetustate repetita ... adferunt orationi maiestatem aliquam.*

### 5.3.3.3 Redundante stelwyse

Een van die opvallendste kenmerke van sakrale taalgebruik is "l'abondance d'expression" (Marouzeau, 1949:97), iets wat veral in gebeds-, invokasie- en inkantasiëformules opmerklik is (vir voorbeelde, kyk Marouzeau, 1949:97-100). In registyl is daar 'n neiging tot redundansie en 'n pleonastiese stelwyse. In plaas daarvan om 'n enkele woord te gebruik om 'n konsep oor te dra, word 'n ketting van sinonieme of naby-sinonieme aaneengestremel. As voorbeeld hiervan kan 'n mens kyk na die gebed wat in Cato (Agr., 141) bewaar gebly het en wat by 'n *lustratio* gebruik is:

*Mars pater, te precor quaesoque, uti sies volens propitius mihi domo familiaeque nostrae, quouis rei ergo agrum terram fundumque meum ... circumagi iussi, uti tu morbos visos invisosque, viduertatem vastitudinemque, calamitates intemperiasque prohibeassis defendas averruncesque utique tu fruges, frumenta, vineta virgultaque*

grandire beneque evenire siris, pastores pecuaque salva servassis  
duisque bonam salutem valetudinemque mihi ... fundi terrae agrique  
mei lustrandi lustrique faciendi ergo.

Die neiging tot naasmekaarstelling van verwante konsepte blyk byvoorbeeld uit die aaneenstrengeling van:

precor quaesoque  
volens propitius  
domo familiaeque  
agrum terram fundumque meum  
viduertatem vastitudinemque  
calamitates intemperiasque  
prohibessis defendas averruncesque  
fruges, frumenta  
vineta virgultaque  
grandire bene evenire  
bonam salutem valetudinemque  
fundi terrae agrique mei  
lustrandi lustrique faciendi.

#### 5.3.3.4 "Wachsende Glieder"

Sover dit min of meer sinonieme uitdrukkings aangaan, wat mekaar in 'n sin opvolg, het Lindholm (1931) in 'n insiggewende studie daarop gewys dat daar in Latynse tekste (ook in sakrale en juridiese tekste) 'n "Gesetz der wachsenden Glieder" werksaam is, ingevolge waarvan die normale volgorde van naby sinonieme uitdrukkings is dat die langer woord die korter een opvolg in tweewoordfrases, en dat dieselfde neiging ook in tricola en nog langer frases, aangetoon kan word, naamlik dat die korter woord eerste, 'n langer woord tweede en 'n nog langer woord derde, ensovoorts staan. Hy verknop dit aan die spreker se ritmiese aanvoeling.

Voorbeelde hiervan in die sitaat hierbo is onder meer:

volens propitius (2-4 sillabes), en  
domo familiaeque (2-5 sillabes)

Uitsonderings op hierdie "wet" kom wel voor, maar die redes daarvoor kan gewoonlik kontekstueel vasgestel word.

#### 5.3.3.5 Polêre uitdrukkings

In sowel sakrale as regstekste word sogenaamde polêre uitdrukkings dikwels gebruik. In die gebed uit Cato is daar slegs een voorbeeld, naamlik dié van visos invisosque. In hierdie geval word 'n positiewe stelwyse opgevolg deur een wat semanties daarmee gekontrasteer is. Die hoofoorweging waarom sulke uitdrukkings gebruik word, is waarskynlik die begeerte tot volledige en presiese formulering en 'n poging om alle moontlikhede volledig te beskryf.

#### 5.3.3.6 Klankorkestrasia

'n Verdere kenmerk van sakrale taalgebruik wat eweneens uit die sitaat uit Cato geïllustreer kan word, is die klankorkestrasia wat daarin voorkom, en gemanifesteer word in sowel alliterasie as assonansie. Lindholm

(1931:57) merk tereg op "Die sakrale Sprache ist in besonderem Grade durch künstliche Klangmittel gekennzeichnet ..." Ook Grimal (1978:40) wys op die duidelike neiging tot klankorkestrasie.

Voorbeelde van alliterasie kom voor in:

viduertatem vastudinemque  
fruges, frumenta  
• vineta virgultaque  
pastores pecuaque  
salva servassis  
lustrandi lustrique.

Ook assonansie is volop in hierdie gebed.

Palmer (1977:104-105) wat, afgesien van sy erkenning van Griekse invloede, die Latinitas van Latynse poësietekste nie uit die oog wil verloor nie, voer aan dat die liefde vir woordspel, assonansie, alliteratiewe pare en sekere retoriese tegnieke (soos homoioteleuton, paronomasia, antithesis en isocolia) as "un-Greek" bestempel kan word, en kenmerkend is van 'n styl wat tipies aan Latynse poësietekste is. Veral assonansie en die voorkoms van alliteratiewe pare is algemeen in die ou gebedstekste.

### 5.3.4 Taalgebruik in magiese tekste

Aangesien die godsdiens en magie verwant aan mekaar is, is dit nie verrassend dat sakrale en magiese tekste ook heelwat eienskappe gemeen het nie. Soos Appel (1975:74) dit stel : ... facile intellegi potest antiquissimis temporibus Romanorum precationes arte cohaerere cum canticis magicis.

Waarin die godsdiens en magie merkbaar van mekaar verskil, is dat daar in die godsdiens 'n bewustheid van "kragte" buite die mens is, en dat die mens 'n versoek tot hierdie wesens rig. In die magie daarenteen probeer die gebruiker van hierdie formules die "krag" dwing om 'n sekere handeling uit te voer of 'n sekere situasie te bewerkstellig. Die beskouing word gehuldig dat die krag of effektiwiteit van die formule in die formule of woorde self geleë is en dat die korrekte uiting van die formule noodwendig die gewenste gevolg bewerkstellig.

Bailey (1932:74-75) toon in sy behandeling van die verhouding tussen godsdiens en magie aan dat die verskille tussen gebedstekste en magiese tekste veral gesoek moet word in 'n verandering van geestesingesteldheid by die bidder: die dwingende magiese formules gaan in gebedstekste oor tot die "language of petition". Alhoewel die verskille slegs graadueel is, tref 'n mens in magiese tekste 'n hoër frekwensie van imperatiewe aan (die magiese formules vertoon baie dikwels 'n bevelskarakter), terwyl sowel konjunktiewe as imperatiewe vir versoeke gebruik word in gebedstekste.

Omdat magiese praktyke 'n lang geskiedenis in Rome gehad het, vanaf die vroegste tye tot aan die einde van die Romeinse Ryk, en omdat die formules deur mense uit verskillende lae van die samelewing gebruik is (Bailey, 1932:13-14), is dit nie vreemd dat 'n baie groot stylvariasie in magiese tekste aangetref word nie. Voorbeelde hiervan is deur Appel (1975:43-46) byeengebring.

Dit wissel van heeltemal verstaanbare Latyn, soos byvoorbeeld:

- "Fuge fuge, lepuscule, et tecum aufer coli dolorem (Appel, 1975:44 no. 104), en
- Terra pestem teneto salus hic maneto in pedibus meis (Appel, 1975:44 no. 104),

tot haas onverstaanbare formules, soos byvoorbeeld:

- huat havat huat ista sista pista dannabo dannaustra (Appel, 1975:45 no. 112).

Magiese tekste word dikwels gekenmerk deur herhaling, en dan veral herhaling van imperatiewe of konjunktiewe, soos hierbo in Fuge fuge en huat havat huat.

Die getalsprinsipe is ook dikwels werkzaam in towertekste, en veral 'n driemalige herhaling is as besonder kragtig beskou.

In die Carmen Arvale, waaroor daar dispuut heers of dit as 'n magiese teks beskou moet word (soos wat Warde Fowler, 1971:186 en Bailey, 1932:73 meen) al dan nie (soos wat Norden, 1975:150,240 meen), word sowel aan die begin as aan die einde van die teks 'n driemalige herhaling van die woord triumphe aangetref.

### 5.3.5 Juridiese en amptelike taalgebruik

#### 5.3.5.1 Ooreenkomste en verskille ten opsigte van sakrale taalgebruik

Soos reeds uit die uiteensetting hierbo gebyk het, het regstaal heelwat gemeen met sakrale taalgebruik. Lejay (in Cèbe, 1966:77) tipeer die Romeinse regstyl as "redondant, cauteleux, hérissé de relatifs, chargé de répétitions, alourdi d'incidents, poussant la précision jusqu'à la puérité, dans une phraséologie embarrassée et verbeuse ..."

Ampstaal of amptelik taal kan beskou word as 'n stylvariant van die regstyl en is onder meer in oorlogsverklarings en verdrae gebruik (Marouzeau, 1949:100-101).

Waarin regs- en administratiewe tekste gradueel van sakrale tekste verskil, is dat daar benewens die oorfloedige stelwyse nog iets bykom, naamlik 'n neiging om te varieer, te nuanseer en te presiseer. Dit verteenwoordig 'n poging om alle moontlikhede te probeer oorskou (Marouzeau, 1949:101). Die rede hiervoor is voor-die-hand-liggend, wanneer daar gelet word op die funksie wat hierdie tekste binne 'n spesifieke gemeenskap moes vervul. So reël regstekste byvoorbeeld die verhoudinge tussen die individu en die staat en tussen individue onderling. Daarom kan verwag word dat die formuleerder van 'n regstekste die boodskap so presies as moontlik sou formuleer en dat hy alle moontlike situatiewe faktore sou probeer ondervang en daarom so volledig as moontlik sou definieer. Quintilianus (Institutio Oratoria, 5.15.34) merk dan ook op : *luris consulti, quorum summus circa verborum proprietatem labor est*. Marouzeau (1949:104) wys daarop dat die invloed van die regsopleiding (met sy sterk retoriese komponent) 'n belangrike faktor was wat aanleiding tot hierdie "amplification oratoire" gegee het.

### 5.3.5.2 Konstruksies met 'n hoë voorkomsvrekwensie

Hierdie funksionele en situatiewe faktore lewer dan ook 'n voorkeur vir of 'n herhaalde gebruik van sekere taalkonstruksies op. Hier word beweeg op die vlak van sintaksis. 'n Paar van die belangriekes, wat natuurlik nie uitsluitlik in regstekste voorkom nie, maar wat 'n hoër as normale frekwensie daarin vertoon, is voorwaardelike sinne en relatiewe bysinne.

Gesien in die lig daarvan dat regstekste dikwels die voorwaardes stipuleer waaronder die bepalings van die teks in werking tree, is dit te verstaan dat voorwaardelike sinne baie algemeen in regstekste voorkom. Cèbe (1966:78) gee 'n voorbeeld van 'n parodie van juridiese taalgebruik, waarin si en verwante vorme anafories herhaal word. Die si-bysin, word soms opgevoel deur 'n wetsimperatief.

Afgesien van hierdie voorkeur vir bepaalde sintaktiese konstruksies, kom formulêre taalgebruik en polêre uitdrukkings telkens in regstekste voor. Regshandelinge is dikwels vergesel en beseël deur 'n sekere mondelinge verklaring. So word daar in regstekste 'n baie groot aantal vaste formules, die sogenaamde *verba concepta*, aangetref. Die gebruik daarvan het gewoonlik die regsgeldigheid van die handeling geraak. Hierdie formules is van kindsbeen af deur die Romeine geleer, soos Cicero dit in die *De legibus* (2.23) stel: *a parvis didicimus*.

### 5.3.5.3 Redundansie

Marouzeau (1949:101) noem die volgende voorbeelde van redundante uitdrukking, waarby *geminatio* ook aantoonbaar is:

*ius et fas  
vis et potestas  
ope consilio  
emptum venditum  
locatum conductum  
usus fructus  
certum ratum  
certatio multae poenae  
agris dandis assignandis  
auro flando feriendo.*

Haffter (1934:81-82) tipeer die herhaling van sinonieme as "erschöpfende Doppelung" en wys daarop dat die verskynsel sowel in sakrale as regstekste voorkom. Belangriker vir hierdie studie is die feit dat hierdie verdubbelings in sakrale en regstekste 'n invloed uitgeoefen het op die oud-Latynse poësietaal of "Dichtersprache". Hy wys daarop dat die Latynse agtergrond van sulke uitdrukkings nie onderskat moet word nie, en dat Griekse invloede moontlik bygedra het tot 'n fynere stilering daarvan: "die griechischen Formen mögen mitgeholfen haben, die Anregungen, die einheimische Sakral und Gesetzssprache boten, in einen klingenden Stilschmuck umzuwandeln." Lindholm (1931:59) vestig die aandag op die bydrae wat die sakrale styl tot die Romeinse kunsprosa gelewer het.

#### 5.3.5.4 Ander stylkenmerke

- Regs- en amptelike tekste word gekenmerk deur 'n hoë voorkomfrekwensie van argaïsmes (Cébe, 1966:83). Die rede hiervoor is soos in die geval van sakrale tekste te vind in 'n konserwatisme wat tipies is aan die reg. Die argaïese uitdrukking is ter wille van "sollonité de l'expression" gebruik (Cebé, 1966:87).
- Herhalings- en anaforiese konstruksies, ingevolge waarvan sekere woorde (veral in aanvangsposisies van sinne en bysinne) herhaal word, kom dikwels voor (Cébe, 1966:79-80). Haffter (1934:82-83) wys daarop dat die benutting van anaforiese as 'n literêr-artistieke kunsmiddel gewortel is in die gewone spreektaal, en dat sodanige anaforiese konstruksies dikwels 'n aanduiding gee van die spreker se houding.
- Die wets- of futurum imperatief, wat 'n hoër register vertoon as die gewone imperatief en as sodanig statigheid aan die teks verleen, word dikwels gebruik (Cébe, 1966:78).
- Woordspel is nie vreemd aan regstekste nie en sluit die gebruik van woorde wat na aan mekaar lyk, maar wat semanties van mekaar verskil, in (Cébe, 1966:78).
- In regstekste is daar dikwels 'n aanduiding van die tyd wanneer die teks opgestel is en wanneer dit in werking tree (Cébe, 1966:78).
- Onderskikkende bysinne word algemeen gebruik (Cébe, 1966:63).
- Frases opgebou uit drie elemente, die sogenaamde "tripartition", kom dikwels voor (Cébe, 1966:89).

## HOOFSTUK 4

### LITERÊRE EN NIE-LITERÊRE GEBEDSTEKSTE:

#### ENKELE MOONTLIKE ONDERSKEIDINGSMODELLE

##### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die studie-objek, naamlik die literêre gebedspoësie, nader te presiseer en om vas te stel of dit moontlik is om literêre gebedsgedigte te onderskei van ander gebedstekste. Waar toepaslik sal die onderskeidingsprobleem toegelig word aan die hand van twee gebedstekste. Verskillende maniere om te probeer onderskei tussen literêre en nie-literêre (godsdiensstige en kultiese) gebede sal krities bespreek word.

In hierdie studie gaan dit om die literêre gebedspoësie en die voorbeelde wat bespreek sal word, is gebedsgedigte van Catullus. Om die gedigte van Catullus waarin die gebedsvorm gebruik word, te tipeer as "literêre gebedspoësie" sal na alle waarskynlikheid deur klassici as 'n juiste tipering aanvaar word. Daarom sou dit moontlik wees om gewoon te begin met die analise en bespreking van Catullus se gebedsgedigte. Die analises en besprekings sal dan ook later in Afdeling C aan die beurt kom. So 'n klassifikasie van 'n digter se gebedsverse as literêre gebedspoësie is egter nie so voor-die-hand-liggend en vanselfsprekend as wat dit by die eerste oogopslag lyk nie. Enersyds is dit (vanuit die formalistiese fokus van hierdie studie (kyk hoofstuk 1, punt 4)) nodig om die begrip "literêr" nader te probeer presiseer. Daar sal nagegaan word of "literêr" verband hou met kenmerke van die objek (teks), en of dit te doen het met die leser se instelling teenoor die "objek". Andersyds is die vraagstuk ook belangrik omdat dit direk verband hou met die vraag na wat die taak van die literator is. Waar vir 'n lang tyd aanvaar is dat sy hoof-, of selfs enigste, taak die bestudering van tekste (literêre werke) is, het daar sedert die werk van die Russiese Formaliste in baie kringe 'n kentering en koersverandering ingetree. Roman Jakobson (1921:11, aangehaal in Visser, 1982:16 en Ehrlich, 1965:172) stel dit in sy bekende dictum soos volg: "The object of the science of literature is not literature, but literariness - that is, that which makes a given work a work of literature." Dit sluit ten nouste aan by die vraag wat in hierdie hoofstuk onder bespreking kom, naamlik of, en indien wel hoe, daar tussen sogenaamde literêre en nie-literêre gebedstekste onderskei kan word. Nie alle literator sal Jakobson se opvatting oor die taak van die literatuurwetenskap onderskryf nie. Wat belangriker is as Jakobson se opvatting self, is dat hy deur sy taakomskrywing die literator dwing om na te dink oor waarmee hy eintlik in sy literatuurwetenskaplike werksaamheid besig is. Dit werk 'n self-refleksiewe literêr-kritiese praktyk in die hand. Hiervolgens staan literêre werke nie meer op sigself in die sentrum van literêre ondersoek nie, maar word ook indringend aandag geskenk aan die preteoretiese en teoretiese aannames wat aan literêre ondersoek ten grondslag lê en wat die resultate wat daarmee bereik word, struktureer en rig. Daar word van die literator verwag dat

hy sy teoretiese en metodologiese aannames ekspliseer en ter diskussie stel.

Die ondersoek na die onderskeid tussen literêre en nie-literêre gebede behoort ook (alhoewel dit nie die hoofdoel hiervan is nie) verdere gegewens oor die Romeinse gebed op te lewer, wat nuttig mag wees vir die verstaan van die funksionering van die gebedsvorm in die poësie van Catullus. Dit bied inligting wat ter sake is vir die vraag oor die toerusting waarop die leser moet beskik om 'n toereikende lesing van die literêre gebedstekste te bied.

## 2. AGTERGRONDE

Voordat daar oorgegaan word daartoe om die onderskeidingsprobleem toe te lig, is dit nodig om enkele agtergrondsfaktore uit te wys wat meer lig kan werp op die probleem van sogenaamde "nie-literêre" en "literêre" gebede.

### 2.1 "LITERATUUR" NIE 'N VASTE KATEGORIE NIE

#### 2.1.1 Veranderende opvattinge oor wat "literatuur" is

Die eerste saak wat aandag verdien, is dat in gedagte gehou moet word dat die begrip "literatuur" en "literêre werk" nie 'n vaste kategorie is wat in alle tye en alle kulture onveranderd geld nie. Die Romeine se opvatting oor wat onder litteraë geklassifiseer word, was veel wyer as die opvatting wat redelik algemeen in die twintigste eeu gehuldig word, naamlik dat literatuur 'n versamelterm vir poësie, drama en "artistieke" prosa is (kyk Jäger, 1975:108-109). Dit is in hierdie verband nuttig om enkele Romeinse literatuurgeskiednisse met mekaar te vergelyk. In die ouer, meer tradisionele geskiednisse (soos byvoorbeeld die van Duff (1909/1962)) word byna enigiets wat in die Romeinse kultuur op skrif gestel is, as deel van die Latynse letterkunde behandel. Dit sluit werke oor die landbou, boerderymetodes en selfs Vitruvius se geskrif oor die argitektuur in. 'n Heeltemal ander benadering word deur Quinn (1979) in sy literatuurgeskiedenis gevolg. Daarin behandel hy slegs werke wat volgens die twintigste-eeuse literatuuropvatting as literêre werke geklassifiseer sou word (kyk Swanepoel, 1986:295-296).

Die vraag oor die onderskeiding tussen "literêr" en "nie-literêr" moet gevolglik van ten minste twee kante bekyk word, naamlik vanuit Romeinse perspektief, en vanuit die hedendaagse leser se perspektief.

#### 2.1.2 Romeinse perspektief

'n Goeie manier om te probeer vasstel wat die Romeine as "literêre werke" opgevat het, is om na te gaan watter werke die kritici van destyds beskou het as werke wat binne hul domein val. Russell (1981:12-13) wys daarop dat die werke wat destyds as "'critic-worthy' literature" beskou is, 'n wye terrein gedek het: "It includes poetry of all kinds, oratory, history and the philosophical dialogue. Treatises and letters of a certain

formality could safely be added. But it does seem as though evidence of conscious art was required; no one in antiquity ever propounded the view that every use of language, however ephemeral or casual, could be subjected to formal or moral examination of this kind." Hy wys daarop dat daar nie in Latyn of Grieks 'n sambreelterm is om die hele korpus van literatuur waarmee die kritikus hom besig gehou het te beskryf nie: "It is usually described by means of an enumeration: 'poets, orators and prose-writers' or the like. Cicero in his Orator ((61-65)) uses five categories: orator, sophist, philosopher, historian and poet."

Sy ondersoek lei Russell (1981:17) daartoe om 'n reeks aannames van die destydse kritici bloot te lê. Een hiervan is dat die kritikus hom besig hou met alle soorte poësie en formele prosa wat 'n verenigde (hoewel nie goed gedefinieerde) literatuurkorpus vorm.

Gesien teen die agtergrond van hierdie ruim literatuuropvatting is dit nie moeilik om in te sien dat die Romeine hulle nie sou inspan om te onderskei tussen sogenaamde "literêre" en "nie-literêre" gebede nie.

### 2.1.3 Die moderne leser se perseptief

Hierdie probleem het sy voedingsbodem in die twintigste eeu, na aanleiding van die Russiese Formaliste en New Critics se klem op literariteit en op die andersheid van literêre werke (kyk Rabinowitz, 1982:28 en Visser, 1982:16). Alhoewel daar inderdaad in die literatuur van destyds baie fyn onderskeidings tussen verskillende tipes gebedstekste getref is (kyk hoofstuk 3, punte 3.1 en 3.2), was 'n onderskeiding op basis van die kriterium "literêr" en "nie-literêr" nie een daarvan nie. Om dit te sê, beteken nie dat die Romein geen verskil tussen byvoorbeeld 'n kultiese gebed en 'n "literêre" gebed (byvoorbeeld een in 'n komedie van Plautus) aangevoel het nie. Wat wel beweer word, is dat daar nie uitlatings oor sodanige verskille gemaak is nie. Dit mag gewoon wees dat die onderskeid vir die Romeine so voor-die-hand-liggend was dat hulle geen opmerkings daaroor gemaak het nie. In die afwesigheid van empiriese getuie is opmerkings hieroor bloot spekulatief.

Waaroor daar meer sekerheid bestaan, is dat baie moderne lesers 'n gebed in 'n geskrif van byvoorbeeld Cato en een in die oeuvre van Catullus as van mekaar verskillend resipieer en op verskillende wyses lees, omdat hulle van mening is dat verskillende konvensies vir literêre en nie-literêre tekste geld.

## 2.2 LITERÊRE GERIGTHEID

Die tweede agtergrondsfaktor wat aandag verdien, is dat die onderskeiding "literêr" - "nie-literêr" verband hou met die gerigtheid van hierdie studie, waaroor daar reeds in die inleidingshoofstuk iets gesê is. Omdat daar opgemerk is dat gebedstekste in die oeuvres van digters dikwels op so 'n wyse bespreek word dat dit duidelik is dat dit vir die navorsers daarom gaan om 'n bydrae tot die kennis van die Romeinse godsdienste te lewer, is beoog om in hierdie studie 'n "literêre" bestudering daarvan te onderneem. In plaas daarvan om godsdiensthistories iets oor die Romeinse se godsdienstige praktyke te probeer agterkom, is die oogmerk eerder om na te gaan hoe die gebedsvorm in die literatuur

funksioneer. Die fokus is gevolglik nie op watter inligting oor die Romeinse gebed in die gedigte ontdek kan word nie, maar (onder meer) op hoe die gebedsvorm met 'n literêre funksie benut word. Dit sluit (weer eens vanuit die formalistiese fokus van hierdie studie) vrae in oor hoe hierdie tekste gestruktureer is en hoe dit deur die leser geresipieer word. So 'n benadering plaas groter klem op formele, tegniese en stilistiese fasette. In plaas van 'n fokus op inhoude en 'n daarmee gepaardgaande geringskatting van formele en stilistiese oorwegings, is beoog om 'n ander invalshoek te kies waarin die wyse waarop gegewens in 'n teks gestruktureer is en die funksies wat met sodanige strukturering saamhang sterk beklemtoon word.

## 2.3 SISTEMATIESE BENADERING

Die poging om te onderskei tussen literêre en nie-literêre gebede moet verder gesien word teen die agtergrond daarvan dat hierdie studie nie ten doel het om slegs op induktiewe wyse geselekteerde literêre gebedstekste te bestudeer nie, maar om te kom tot 'n sisteembeskrywing van die benutting en funksionering van die gebedsvorm in die carmina minora van Catullus.

In die uiteensetting van die vormskema van die gebed (kyk hoofstuk 3, punt 4) is die abstrakte, onderliggende struktuur van gebedstekste aangetoon. Kennis van hierdie skema bied bloot insig in die onderliggende struktuur van gebedstekste, en kan nie op sigself die individuele benutting (manifestasies) of die individuele lesersresepsies daarvan verreken nie. Die spesifieke funksies waarvoor die gebedsvorm aangewend word, word eers duidelik wanneer nagegaan word in watter kontekste dit gebruik word.

## 3. DIE OÏNDERSKEIDINGSPROBLEEM

Die probleem word duidelik wanneer twee gebedstekste met mekaar vergelyk word. Die een is 'n gebedsgedig van Catullus (carmen 34) die ander die gebed aan Mars in die geskrifte van Cato (Agr., 141).

### Voorbeeldteks 1

Dianae sumus in fide  
puellae et pueri integri:  
Dianam pueri integri  
puellaeque canamus.  
O Latonia, maximi  
magna progenies Iouis,  
quam mater prope Deliam  
deposiuit oliuam,  
montium domina ut fores  
siluarumque ulrentium  
saltuumque reconditorum  
amniuumque sonantium:

tu Lucina dolentibus  
 Iuno dicta puerperis,  
 tu potens Triula et notho es  
 dicta lumine Luna.  
 tu cursu, dea, menstruo  
 metiens iter annuum,  
 rustica agricolae bonis  
 tecta frugibus explēs.  
 sis quocumque tibi placet  
 sancta nomine, Romulique,  
 antique ut solita es, bona  
 sospites ope gentem.

#### Voorbeeldteks 2

Mars pater, te precor quaesoque, uti sis volens propitius mihi domo familiaeque nostrae, quouis rei ergo agrum terram fundumque meum suovetaurilia circumagi iussi, uti tu morbos visos invisosque, viduertatem vastitudinemque, calamitates intemperiasque prohibessis defendas averruncasque utique tu fruges, frumenta, vineta virgultaque grandire beneque evenire siris, pastores pecuaque salva servassis duisque bonam salutem valetudinemque mihi ... fundi terrae agrique mei lustrandi lustrique faciendi ergo.

Wanneer die leser hierdie tekste naas mekaar lees, voel hy aan dat hierdie gebede, ten spyte van onderling ooreenstemmende kenmerke, tog nie presies dieselfde is nie. Terwyl die opvatting gedeel word dat daar 'n verskil tussen die twee gebede is, blyk dit gou, wanneer 'n mens hierdie verskil(le) probeer aanstip, dat dit glad nie so maklik is om die twee gebede ondubbelsinnig van mekaar af te grens en te onderskei nie. Dit is trouens baie eenvoudig om 'n betreklike lang lys van ooreenstemmende kenmerke van die twee gebedstekste te maak. Die probleem is eerder om te motiveer watter redes 'n mens kan aanvoer vir jou aanvoeling dat die gebede van mekaar verskil.

#### 4. MOONTLIKE KRITERIA

Dit is teen hierdie agtergrond dat ondersoek ingestel kan word na moontlike kriteria op grond waarvan literêre en nie-literêre gebede van mekaar onderskei kan word. Die uiteensetting wat hierop volg, is in 'n sekere mate "'n verhaal van vergissinge", aangesien verskeie van die aanpakke in die loop van hierdie studie sonder sukses op die proef gestel is. Dit is egter nie om hierdie rede minder belangrik nie. Van den Broeck en Lefevere (1984:22) wys myns insiens tereg op "de immense waarde van vergissingen" in die wetenskap, iets wat nie altyd deur wetenskaplikes met 'n positivistiese of logies-positivistiese wetenskapsopvatting ingesien word nie. Hy stel dit soos volg: "Ook als een theorie geen success boekt, doet ze dat eigenlijk noch, al was het alleen maar als voorbeeld van een weg die men niet meer moet inslaan."

In 'n poging om onderkeidingskriteria te bepaal, wil dit my voorkom of die navorser verskillende benaderings kan volg. Aangesien hierdie vraag tot dusver nie veel aandag geniet het nie, bied ek 'n eie indeling. Die vernaamste moontlike kriteria is die volgende:

- 4.1 Daar kan gewerk word met 'n model waarin dit wat as "literêr" en "nie-literêr" getipeer word in verband gebring word met ontwikkelinge in die literatuur soos wat dit in die geskiedenis ontplooi.
- 4.2 Daar kan gepoog word om die verskille in die tekste self aan te toon, dit wil sê dat literêre en nie-literêre gebedstekste in sekere aantoonbare opsigte kenmerke vertoon wat van mekaar verskil. Die verskil sou hiervolgens geleë wees in objekskemerke, en die opvatting word gehuldig dat literatuur of literêre tekste sekere eiesoortige wesenseienskappe vertoon.
- 4.3 'n Norm-afwyking-model kan gebruik word. Hiervolgens word een pool van die "literêr" - "nie-literêr" onderskeiding as die norm geneem en word die tweede pool dan daarmee vergelyk. Waar die tweede van die geponeerde norm verskil, word hierdie verskille as afwykings of transformasies van die grondvorm beskou, waarin die literariteit van die teks dan opgesluit sou lê. Voorbeelde van sulke norm-afwyking-modelle is onderskeidings wat gebaseer is op
  - die verskil tussen pragmatiese en poëtiese taalgebruik;
  - die verskil tussen prosa en poësie; en
  - verskille ten opsigte van konformerings aan genrekonvensies.
- 4.4. 'n Kontekstuele model kan gebruik word, waarin die verskille nie in tekste op sigself gesoek word nie, maar binne 'n ruimere semiotiese konteks waarin die hele kommunikasiehandeling verreken word.
- 4.5 In plaas daarvan om te soek na onderskeidende kenmerke wat 'n literêre teks tot literêre teks stempel, sou 'n kluster-benadering gevolg kon word. Die leser se opvatting dat 'n teks 'n literêre teks is, laat hom 'n literêre teks op 'n bepaalde manier lees.
- 4.6 Die verskille sou toegeskryf kon word aan verskillende fokusse waarmee en wyses waarop die leser tekste lees. Die verskil lê dan nie in die tekste as sodanig nie, maar in hoe die leser daarmee omgaan en die konvensies wat hy as tersaaklik beskou.
- 4.7 Die geldigheid van die onderskeid sou heeltemal verwerp kon word, soos in die werk van die Dekonstruktiviste;

In die uiteensetting wat hierop volg, sal hierdie kriteria onder afsonderlike hoofpunte (5-10) bespreek word. Veral in soverre dit die tweede moontlikheid aangaan (die verskil is aanwysbaar in objekskemerke), sal na die twee voorbeeldtekste wat hierbo aangehaal is, verwys word.

## 5. PRELITERÊR-LITERÊR

Een moontlike manier om "literêr" en "nie-literêr" te probeer onderskei, is om dit literatuurshories te doen. Elkeen wat die Romeinse

literatuurgeskiedenis ken, weet dat die Romeinse literatuur eers behoorlik op dreef gekom het in die derde eeu v.C., en wel na aanleiding van direkte kulturele kontak met die Grieke. Voor hierdie tyd het daar wel sekere preliterêre vorme bestaan, maar die belangrikste impetus vir die ontwikkeling van die Romeinse letterkunde het nie uit hierdie oord gekom nie. 'n Mens sou dus kon redeneer dat "literêre" tekste dié is wat ontstaan het na die tyd van die ontwikkeling van 'n Romeinse literatuur in enger sin, dit wil sê na Rome se direkte kontak met die Griekse literatuur.

Waar 'n navorser hom egter wel deeglik sal vergis, is om die preliterêre fase te tipeer as heelhuids Romeins<sup>1</sup> en om dan hierdie gebedstekste wat voor die derde eeu v.C. ontstaan het te gebruik as die standaardvorm van die "nie-literêre" gebed.

## 6. VERSKILLE GELEË IN OBJEKSKENMERKE

Om vas te stel wat 'n literêre gebedsgedig is, moet daar volgens hierdie benadering nagegaan word watter kenmerke gebede vertoon wat in die oeuvres van digters voorkom. Daar word aanvaar dat literêre gebedstekste bepaalde eiesoortige kenmerke vertoon en dat literêre gebedsgedigte verskil van "gewone" gebedstekste. Die verskille tussen literêre en ander gebedsgedigte sou dan 'n aanduiding wees van die literariteit van die een groep tekste. Daar word hiervolgens aanvaar dat sodanige verskille tekstueel aangetoon kan word.

Sover dit die vormskema van die gebed (kyk hoofstuk 3, punt 4) aan gaan, is daar nie ten opsigte van die voorbeeldtekste verskille aan te merk nie. Die verpligte asook sekere van die opsionele komponente waaraan 'n gebedstekste uitgeken word, is aanwesig. In albei tekste kom daar 'n aanspreking van die godheid voor, in albei is daar 'n poging om die gode se goedgesindheid te verkry, in albei is daar versoeke, in albei word daar formulêre taal gebruik. Stilisties vertoon die tekste ooreenkomste. Hierdie lys van gemeenskaplikhede kan sonder veel moeite langer gemaak word.

'n Redelik voor-die-hand-liggende verskil wat aangestip kan word, is dat die eerste teks in versreëls geskryf is, terwyl die tweede 'n prosateks is. Dit hou uiteraard nie net 'n tipografiese verskil in nie, maar betrek ook metriese oorwegings.

Wanneer daar gestel word dat die eerste teks 'n spesifieke ritmies-metriese struktuur vertoon en daar gepoog word om dit uitsluitlik op grond daarvan te wil afgrens van tekste soos die tweede voorbeeldteks, raak sake ingewikkelder. Daar kan byvoorbeeld verwys word na wat

<sup>1</sup> Norden (1975:245-246) het in 'n studie wat oorspronklik in 1939 gepubliseer is, aangetoon dat paraliterêre vorme wat van vroeg af in Rome bekend was, in werklikheid nie Romeins van oorsprong was nie, maar dat dit as gevolg van indirekte Griekse invloed via Magna Graecia of te wel die Suide van Italië in Rome posgevat het. Kyk verder Quinn, 1979:17.

Grimal (1978:38-40) met die gebedsteks in Cato maak. Hy herskryf die stuk prosa in versvorm deur dit in kola in te deel. Dit sien dan soos volg daaruit:

Mars Pater  
te precor quaesoque  
uti sies volens propitius  
mihi domo familiaeque nostrae.  
Quoius rei ergo  
agrum terram fundumque meum  
suovetaurilia circumagi iussi.  
uti tu morbos visos invisosque  
viduertatem vastitudinemque  
calamitates intemperiasque  
prohibessis defendas averruncesque.

So toon hy sekere struktuurprinsipes in hierdie teks aan (byvoorbeeld die neiging tot kola wat in lengte vergelykbaar is) en wys verder daarop dat vergelykbare metriese patrone, gebaseer op kwantiteit, in van hierdie tekseenhede voorkom:

utī tū mōrbōs vīsōs īnvīsōsq̄  
viduertatem vastitudinemque  
calamitates intemperiasque  
prohibessis defendas averruncesque.

Verder sou daarop gewys kon word dat daar in hierdie voorbeeldteks baie sterk aanduidings van klankorkestrasie aangetoon kan word (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3.6). Ook polere uitdrukkings en sillabies-vermeerderende woordgroepe kom hierin voor (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3.4 en 5.3.3.5).

Wat hieruit blyk, is dat die feit dat die tweede voorbeeldteks prosa is nie inhou dat dit struktuurloos of minder gestileerd as die Diana-tekste is nie.

'n Onderskeiding van tekste bloot op metriese gronde is, soos Aristoteles reeds aangevoer het (alhoewel daar nie altyd na hom geluister is nie!), 'n taamlik oppervlakkige onderskeid (kyk Russell, 1981:15-16). Norden (1956:156) wys verder daarop dat die gebed 'n middeposisie tussen poësie en prosa inneem. Sover dit die onderskeid tussen die twee voorbeeld-tekste aangaan, kan hoogstens gestel word dat die literêre gebedsgedig tipografies in versvorm geskryf is en dat dit 'n konsekwenter metriese bou as die prosagebed vertoon.

## 7. KRITERIA GEBASEER OP 'N MODEL VAN NORM EN AFWYKING

Indien 'n navorser "literêr" so interpreteer dat dit verskraal word tot "poëties", dan suggereer dit dat "poëties" met "prosaies" of "pragmaties" gekontrasteer kan word.

Benaderings wat baie aantreklik is, juis omdat dit nie bloot by benaderings bly nie, maar ook spesifieke ondersoekmetodes suggereer, is:

- Bertil Axelson (1945) en sy navolgers se onderskeiding tussen sogenaamde poëtiese en onpoëtiese woorde.
- Die Russies-Formalistiese opvatting oor die verskil tussen gewone / pragmatiese en poëtiese / literêre taalgebruik.
- 'n Model wat gebaseer is op 'n ondersoek na die vraag of die literêre gebodsteks konformeer aan, of afwyk van die konvensies vir gebodstekste. Lotman (1977:115 e.v.) se opvatting in verband met 'n estetika van identiteit en 'n estetika van opposisie is hier ter sake. Die literariteit van 'n gebodsteks sal dus nie noodwendig saamval met afwyking van genrekonvensies nie, maar kan ook voortspruit uit aansluiting daarby.

## 8. ENKELE MODELLE

### 8.1 "UNPOETISCHE WÖRTER"

#### 8.1.1 Axelson se model

'n Onderskeidingsmodel wat op die basis van norm en afwyking werk, en wat al heel dikwels in navorsing oor die Klassieke poësie gebruik is, is 'n model waarvolgens gepoog word om sogenaamde onpoëtiese woorde af te grens van woorde wat telkens in die poësie gebruik word. Hiervolgens word poëtiese tekste uitgeken aan die digters se woordseleksie. Die grondliggende werk hieroor is deur Bertil Axelson (1945) geskryf, en sover dit Catullusnavorsing aangaan deur Ross (1969) toegepas in 'n poging om vas te stel of daar verskillende tradisies in die oeuvre van die digter uitgewys kan word. Axelson se opvattinge het geblyk heel kontroversieel te wees, en die nut van sy model is uiteenlopend geëvalueer. Dit is afgewys deur Williams (1968:743-750) en Benediktson (1977), maar aangeprys deur onder andere Ross (1969:4) en onlangs ook, alhoewel gekwalifiseerd, deur Watson (1985).

Vir Axelson en sy navolgers het poëtiese taalgebruik nie die konnotasie wat dit dikwels in veral die Engelse literêre kritiek het nie. Dit gaan nie om 'n min of meer impressionistiese oordeel van die moderne leser oor die toon of register van 'n woord nie. Wat Axelson (1945:46) hom ten doel gestel het, is om 'n streng "wetenskaplike" toets te ontwerp sodat uitsprake oor die poëtiese of onpoëtiese aard van woorde op objektiewe wyse vasgestel kan word. Om dit te bereik maak hy gebruik van statistiese metodes, gegrond op bestudering van die leksikons van verskillende skrywers waarin die voorkomsvrekwensie van woorde in die poësie en die kunsprosa "objektief" met mekaar vergelyk word. Om vas te stel of 'n woord as poëties of onpoëties geklassifiseer moet word, moet die navorser hom volgens Axelson (1945:46-49,109,137) oriënteer aan die konvensies wat gegeld het ten tyde van die totstandkoming van die werk. Dit hou dus 'n oriëntering aan die senderskode in.

Verder volg hy 'n negatiewe metode (1945:9-10,16-17): nie watter woorde wel in die poësie voorkom, is die toetssteen nie, maar watter woorde in

die kunsprosa voorkom, maar nie (of redelik selde) in die poësie gebruik word, bied die kriterium vir die identifikasie van 'n onpoëtiese woord. Die gebruik van sogenaamde onpoëtiese woorde geld dan as afwyking van die konvensie en word gebruik om die styl van 'n skrywer te tipeer. As sodanig het hierdie model nie in die eerste plek 'n onderskeiding tussen literêre en nie-literêre tekste op die oog nie, aangesien sowel poëtiese as kunsprosatekste as literêre tekste geklassifiseer kan word. Tog is dit moontlik om op basis daarvan sekere opmerkings oor die "Dichtersprache" te maak.

Een van sy belangrike teses is dat genre die vernaamste (hoewel nie die enigste nie) determinant vir woordseleksie is (Axelson, 1945:18-22).

### 8.1.2 Problematiese fasette

Sonder om Axelson se model en sy navolgers (soos Ross) se toepassing daarvan heeltemal te verwerp, wil dit voorkom of die volgende voorbehoude in gedagte gehou moet word:

- Dit is 'n ope vraag of die onderskeiding tussen poëtiese en prosaïese taalgebruik toereikend of selfs geldig is (kyk Benediktson, 1977:345-348).
- Alhoewel daar deur statistiese ondersoek aangetoon kan word dat die voorkomfrekwensie van sogenaamde "onpoëtiese woorde" in 'n genre soos die epos beduidend laer is as in byvoorbeeld die liriek en die elegie, bly hierdie frekwensieverskil gradueel. Die feit dat "onpoëtiese woorde" wel in 'n "verhewe" genre soos die epos voorkom, laat 'n sterk vermoede ontstaan dat ander faktore (byvoorbeeld tema (Williams, 1968:743 e.v.) en metriese oorwegings) ook 'n rol hierin gespeel het. Die feit dat die onderskeid nie absoluut is nie, maar gradueel, verminder die nuttigheid van hierdie model as onderskeidingsbasis aansienlik.
- Daar kan met reg kritiek uitgespreek word teen die wyses waarop die statistiese analises in hierdie model uitgevoer word (kyk Benediktson, 1977:341-345 oor Ross (1969) se statistiese metodes).
- Die oriëntering van die model aan die senderskode beteken dat die leser volledig aangewese is op statistiese metodes, en dat hy sonder rekenaar en konkordansies magteloos is. Terwyl dit nut het as 'n metode om die senderskode te bepaal, verreken dit nie die estetiese respons van die (moderne) leser nie. Watson (1985:444-445), wat Axelson se benadering steun, gee dit toe.
- Dit is te betwyfel (of minstens 'n ope vraag) of 'n navorser op grond van 'n ondersoek oor woordfrekwensie in 'n bepaalde genre (maar in die werk van verskillende skrywers in verskillende tydperke) tot spesifieke konklusies kan geraak oor 'n spesifieke skrywer se woordseleksie.

## 8.2 DIE RUSSIES-FORMALISTIESE BENADERING

### 8.2.1 Pragmatiese en poëtiese taalgebruik

Hierdie onderskeiding tussen pragmatiese en literêre taalgebruik hou in dat waar daar aanvaar word dat dit in pragmatiese of gewone taalgebruik bloot gaan om die kommunikasie van inhoude, dit in poëtiese taalgebruik daarom gaan dat die aandag van die leser op die berig en kode self gevestig word.

Op die oog af hou so 'n benadering heelwat moontlikhede in. Indien die "poëtiese funksie" geleë is in ostraneni of vervreemding (kyk Van Gorp, 1984:116-117, 332), dan word daardeur vir die navorser 'n metode gesuggereer. Hy neem naamlik normale / gewone / pragmatiese taalgebruik as die norm, vergelyk poëtiese of literêre taalgebruik daarmee en bepaal die verskille daartussen. Hy beskou voorts die opsigte waarin poëtiese taalgebruik van gewone taalgebruik verskil as vooropstellend. Dit hou in dat die afwykings nie willekeurig is nie, maar 'n bepaalde funksie het. Daarna word nagegaan of die verskillende voorkomste van vooropstelling patroonmatighede vertoon. So word die struktuur van 'n teks dan bepaal en kan dit geïnterpreteer word. In hierdie benadering word groot klem gelê op literariteit.

### 8.2.2 Problematiese fasette

As model om die verskil tussen "literêre" en "nie-literêre" gebede te beskryf, is die Russies-Formalistiese onderskeid tussen pragmatiese en literêre taalgebruik ongelukkig nie van veel waarde nie. Afgesien daarvan dat die geldigheid van hierdie onderskeiding vandag deur baie skrywers in twyfel getrek word (kyk Selden, 1985:8-9; Pratt, 1977:3-37), is die rede hiervoor dat meeste navorsers van mening is dat godsdienstige of sogenaamde nie-literêre gebedstekste nie te klassifiseer is as tekste waarin "gewone taalgebruik" voorkom nie. Hierdie tekste is nie in gewone prosa geskryf nie, maar in 'n vorm tussen prosa en poësie. Norden (1958:30-31) maak in hierdie verband tereg die opmerking: "Zauber- und Bannformeln, die Sprache des Rechts und des Kultus sind überall in Proza konzipiert worden, aber nicht in der Prosa des gewöhnlichen Lebens, sondern in einer Prosa, die durch zweierlei Momente der alltäglichen Sphäre entrückt ist ...". Die twee kenmerke wat dit onderskei van gewone prosa, is die feit dat dit ritmies is (soos 'n lied, maar nie identies daarmee nie), en dat klankmiddels soos alliterasie en rym vrylik daarin voorkom "zur Hebung der Rede und Unterstützung des Gedächtnisses."

Afgesien daarvan dat dit vir die twintigste-eeuse navorser moeilik is om 'n heeltemal betroubare kennis van standaardtaalgebruik te hê (en wel omdat hy slegs geskrewe dokumente tot sy beskikking het, en ook omdat daar nie meer moedertaalsprekers en -hoorders van die taal is nie) word daar blykbaar aangeneem dat die onderskeid tussen pragmatiese en literêre taalgebruik 'n universele verskynsel is wat in alle tydperke en in alle kulture geld. Nog belangriker: daar word sonder meer aangeneem dat literêre taalgebruik die hefter gestruktureerde of "hoër" vorm is. Terwyl die laasgenoemde punt globaal genome korrek is, moet die onderskeid pragmaties-literêr nie sonder meer gelykgestel word met die onderskeid tussen prosa en poësie, of met die graad van gestruktureerdheid van prosa- en poësietekste nie. Die Romein het wel

tussen prosa en poësie onderskei, maar dit was, soos Norden (1958:30) aantoon, 'n onderskeiding van sekondêre belang. Russell (1981:17) wys daarop dat die verskil tussen prosa en poësie volgens die opvatting wat deur die Grieke en Romeine gehuldig is, die graad van realisme of realiteitsbetrokkenheid daarvan geraak het.

Die moderne leser moet ook daarop let dat die opvatting destyds gehuldig is dat die digter in sekere opsigte (byvoorbeeld ten opsigte van sintaksis en die mate van phantasia wat hom gegun is) beskou is as iemand wat meer vryheid veroorloof is as die prosaskrywer (kyk Grant, 1958:133 ten opsigte van woordorde; en Russell, 1981:149). Volgens Quintilianus (*Institutio Oratoria*, 10.1.29) was hierdie vryheid ten opsigte van taal en verbeelding 'n kompensasie vir die beperkinge wat die vorm op hom gelê het (Russell, 1981:149). Dit is daarom goed om in gedagte te hou dat daar nie 'n vaste hiërargie bestaan in alle kulture ingevolge waarvan poësie die hoër en prosa die laer vorm is nie, maar dat sodanige hiërargie van kultuur tot kultuur kan wissel.

### 8.3 AFWYKING VAN GENREKONVENSIES

Die model van norm en afwyking kan nuttige resultate oplewer indien nagegaan word in watter verhouding die literêre gebedstekes staan tot die genrekonvensies vir gebedstekste.

Daar word ingevolge hierdie benadering aanvaar dat die literêre benutting van die gebed geresipieer word in verhouding tot die aan-die-leser-bekende "grondvorm". Die moontlike verhoudinge waarin die literêre gebed tot die grondvorm kan staan, is

- dat dit daarby kan aansluit (identies daarmee, of analoog daaraan kan wees), of
- dat dit daarvan kan afwyk en die konvensies van die grondvorm kan ondermyn of deurbreek.

Omdat die leser se herkenning van die literêre gebedstekes as 'n gebedstekes berus op herkenning van sogenaamde formele merkers in die teks wat die godsdienstige en literêre gebed gemeen het, kan verwag word dat die godsdienstige gebed en die literêre gebed op formele vlak (die voorkoms van bepaalde merkers) in 'n groot mate sal ooreenstem. Dit hou in dat die funksieverskille

- of kontekstueel beskryf moet word, en gevolglik op 'n bepaalde benuttingswyse van die gebedsvorm berus,
- of berus op 'n lesershouding ten opsigte van die teks, dit wil sê, op dié dinge waarvoor die leser op die uitkyk is in sy lees en interpretasie van 'n teks.

Hierdie benadering sal verder uitgewerk word in die uiteensetting van die kontekstuele onderskeidingsmodel.

## 9. KONTEKSTUELE MODEL

### 9.1 INLEIDING

Waar dit uit die vorige bespreking geblyk het dat dit moeilik is om op grond van objekskenmerke of op formele gronde op 'n beduidende wyse tussen 'n nie-literêre en literêre gebed te onderskei, en daar ook aangetoon kan word dat die onderskeiding godsdienstig : literêr nie altyd waterdig is nie (kyk punt 9.4), word 'n kontekstuele model vir onderskeiding tussen literêre en godsdienstige gebede vervolgens uitgewerk.

Die hipotese is dat daar onderskei kan word tussen nie-literêre (godsdienstige) en literêre gebede op grond van 'n beskrywing van die kontekste waarin die gebedsvorm aangewend word. As sodanig moet die verskille verduidelik word aan die hand van 'n beskrywing van die globale kommunikasiesituasie. In so 'n ondersoek word nie net tekste (sogenaamde godsdienstige en literêre gebedstekste) met mekaar vergelyk nie, maar word die ondersoek verbreed om ook aan die ander "komponente" in die kommunikasiesituasie aandag te skenk. Dit sluit dan die sender, die reseptor, die kodes en konvensies wat aan teksproduksie en -resepsie ten grondslag lê, asook die kommunikatiewe konteks in. Uit die aard van die saak figureer historiese gegewens sterk in so 'n ondersoek na die kontekste waarin die gebedsvorm funksioneer. Dit is verstaanbaar teen die agtergrond van 'n aanname wat aan 'n kontekstuele onderskeidingsmodel ten grondslag lê, naamlik dat taal en literatuur 'n kommunikatiewe funksie in bepaalde historiese kontekste vervul (kyk Van Zyl, 1982:115 met betrekking tot die teorie van spraakhandelinge, waarin van 'n soortgelyke aanname uitgegaan word).

In hierdie benadering word die historiese gegewe aanvaar dat die gebed aanvanklik 'n godsdienstige handeling was en dat die aanwending van die gebedsvorm met wat voorlopig 'n (dominant) literêr-artistieke funksie genoem sal word, 'n latere ontwikkeling was. Sover dit die ontwikkeling van die gebed vanaf 'n godsdienstige / kultiese handeling tot 'n primêr literêre handeling aangaan, kan van 'n "sekularisering" (in die aanwending, nie in die vorm) van die gebed gepraat word.

Daar moet opgelet word dat hierdie ondersoek gerig is op 'n onderskeiding tussen literêre en nie-literêre gebede. Die wyse waarop die gebedsvorm in die literatuur funksioneer, val nie noodwendig saam met die historiese ontwikkeling van die gebed nie.

Aangesien kennis van die vormskema van die gebed bloot insig bied in die onderliggende struktuur van gebedstekste, en nie op sigself die individuele benutting (manifestasies) of die individuele lesersresepsies daarvan kan verreken nie, word die spesifieke funksies waarvoor die gebedsvorm aangewend word, eers duidelik wanneer nagegaan word in watter kontekste dit gebruik word.

Die werkswyse wat gevolg word, is om 'n beskrywing te bied van die globale kommunikasieproses met betrekking tot godsdienstige gebede, en dan daarna aan te toon in watter opsigte literêre gebede daarvan verskil.

## 9.2 'N KONTEKSTUELE BESKRYWING VAN DIE FUNKSIONERING VAN DIE GODSDIENSTIGE GEBEDE


### 9.2.1 Beskrywing van die kommunikasiehandeling

Die beskikbaarheid van die gebedstekste en die werk van navorsers daaroor (kyk hoofstuk 1, punt 5.1), maak dit moontlik om die minimum noodsaaklike gegewens vir die doel van hierdie studie bondig uiteen te sit. Daar word gepoog om hierdie inligting binne die raamwerk van 'n kommunikasie-model te orden.

Hiervoor word twee voorstellings van die kommunikasiegebeure gebruik, naamlik 'n eenvoudige kommunikasie-model en 'n model van taalgebruiksfunksies. Die tweede model word aanvullend tot die eerste gebruik om ook voorsiening te maak vir 'n uiteensetting van die tipiese biddersingesteldheid. Die uiteensetting wat hierop volg, betrek die tweede model slegs in soverre dit die ekspressiewe funksie van taalgebruik aangaan. Die meeste van die ander funksies (spesifiek die referensiële, metalinguale en estetiese funksies) het hoofsaaklik te doen met objekskenmerke en indien die bevinding juis is dat dit moeilik is om op grond van objekskenmerke op 'n beduidende wyse tussen literêre en nie-literêre gebedstekste te onderskei, sal daar nie diepgaande verskille ten opsigte van hierdie funksies aangetref word nie.

### 9.2.2 'n Eenvoudige kommunikasie-model

Daar kan gebruik gemaak word van 'n relatief eenvoudige kommunikasie-model:




### 9.2.3 'n Model van taalgebruiksfunksies

Terwyl die eenvoudige kommunikasie-model 'n aantal tersaaklike onderskeidings ten opsigte van die kategorieë godsdienstige en literêre gebede sal oplewer, lyk dit of 'n meer geraffineerde teoretiese model verdere moontlikhede bied vir die tref van onderskeidings tussen formeel verwante maar verskillend funksionerende gebedstekste.

Teen die agtergrond van die feit dat 'n leser, wanneer hy (toegerus met sy literêre kompetensie) 'n gebedstekste lees of bestudeer, dit wat hy voor hom het slegs 'n teks is en die ander komponente in die kommunikasieproses as die teks en leser gekonstrueer of gerekonstrueer moet word, is die model van taalgebruiksfunksies 'n nuttige model om die kommunikasiehandeling te probeer beskryf. Dit bied 'n teoretiese model

waarvolgens tussen verskillende kommunikasiefunksies onderskei kan word.

Van den Broeck en Lefevere (1984:34) se model sien soos volg daaruit:



Die verskillende komponente in hierdie modelle word as beskrywingskategorieë gebruik, alhoewel albei modelle nuansering verg.<sup>2</sup>

<sup>2</sup> 'n Paar kwalifikasies en nuanserings is myns insiens nodig om hierdie nuttige modelle te verfyn:

(a) Die indruk word gewek dat kommunikasie 'n eenrigtingshandeling is:

sender → boodskap → ontvanger

Die gebrek hierin is dat die reseptor se aktiewe ontsluitings-handeling (sy aandeel in die totstandbrenging van betekenis) nie duidelik hierin tot uitdrukking kom nie.

'n Bevredigender voorstelling sou dus so daar uitsien:

sender → boodskap ←→ ontvanger

Terwyl so 'n voorstelling rekenskap gee van historiese gegewens ('n skrywer skryf 'n teks, voordat 'n leser dit lees), behoort die volgorde om te ruil as dit oor die lees van tekste gaan. Wanneer tekste gelees word, is die leser (die sogenaamde "ontvanger") in werklikheid die aanvangspunt van die proses van

Daar word begin by 'n verkenning van die gebed binne godsdienstige konteks. Daarna word aandag geskenk aan die ander komponente in die kommunikasiehandeling.

#### 9.2.4 Kontekstuele oorwegings: die gebed in godsdienstige konteks

Die gebed as 'n godsdienstige handeling is iets wat algemeen voorkom in verskillende kulture. Dit word dikwels beskou as die polsslag van 'n godsdiens en as 'n "maatstaf" na aanleiding waarvan 'n godsdiens gemeet kan word (Wagenvoort, 1980b:234). Heiler (1923:1) noem die gebed "das zentrale Phänomen der Religion, der Feuerherd aller Frömmigkeit." Appel (1975:1) stel die algemeenheid van die begeerte om in verbinding met die gode te wees goed, wanneer hy sê: Omnes fere gentes humanae omnium, quae videmus, temporum existere vim ac naturam divinam arbitratae summo opere id agunt, ut cum dis immortalibus commercium habeant. Die gebed was 'n kragtige middel om kontak met die gode te bewerkstellig, en was ook by die Romeine bekend in alle fases van hul geskiedenis. Appel (1975:56-63) gee 'n uitvoerige uiteensetting van die geleentheid waartydens die Romeine gebid het. Hieruit blyk dit dat die gebed oorvloedig gebruik is, sowel in die openbare lewe as in dié van die individu. Die wye skopus van die gebed word raak uitgedruk deur Versnel (1981:8): "What did ancient man ask for? For everything."

#### 9.2.5 Die gebed as een van die "sacra"

---

betekeniskonstruksie. In geval van 'n geskrewe teks (re)konstrueer hy op basis van die teks die sender daarvan.

(b) Die konteks word nie in die model van taalgebruiksfunksies in berekening gebring nie.

(c) Ten opsigte van die kode word daar nie onderskei tussen taalmanifestasies en die wyere sosiale konvensies wat 'n invloed op teksgenerering en -resepsie het nie.

(d) Dit is 'n ope vraag of die estetiese funksie verknoop moet word aan die boodskap (soos by Van den Broeck en Lefevere in die skets hierbo), aan "die bedoeling van die outeur" soos Van den Broeck en Lefevere (1984:33) elders te kenne gee, of aan 'n ingesteldheid van die leser / reseptor.

(e) Alhoewel ingesien kan word waarom Van den Broeck en Lefevere die appellatiewe funksie by die ontvanger plaas, is dit 'n vraag of daar 'n verhouding tussen die ordening van gegewens in die teks (die struktuur daarvan) en die leser se resepsie daarvan bestaan. Die vraag is, met ander woorde, of die teksstruktuur 'n sekere pragmatiese of appellatiewe effek bewerkstellig, en of die appèl varieer van leser tot leser, en as sodanig nie deur die teksstruktuur bepaal word nie. Die moontlikheid dat die effek van 'n teks saamhang met albei hierdie faktore moet nie buite rekening gelaat word nie. Iser (1970) is van mening dat 'n literêre teks 'n "Appelstruktuur" vertoon, wat die leser uitnooi om dit te voltooi.

By die Romeine was die gebed een van meerdere kultiese handeling. Hierdie kultiese handeling (caerimoniae of sacra) is beoefen met die doel om in die regte verhouding tot die gode te staan. Meer sakraal-regtelik geformuleer, kan gestel word dat dit die funksie van hierdie caerimoniae was om die pax deorum te bewaar: dit was rites om te verseker dat òf 'n groep mense òf 'n individu in die regte verhouding tot die gode staan.

Vir die Romein, hetsy in staatsverband of as individu, is die verhouding met die gode gereël ooreenkomstig die *ius divinum*. Om in die regte verhouding tot die gode te staan, moes die Romein sekere rites of caerimoniae uitvoer. Bailey (1932:76 e.v.) deel die caerimoniae as volg in:

- die *sacrificium* of offer, wat dikwels vergesël is van 'n gebed of *precatio*;
- die *lustratio* of reinigingsproses;
- die *piaculum* of soenoffer, waardeur gepoog is om die verhouding met die gode reg te stel wanneer 'n oortreding, vergryp, of nalating van 'n verpligting begaan is; en
- die *votum* wat 'n soort gelofte was, waardeur die bidder belowe het om in die toekoms iets aan 'n godheid toe te wy (*vovère*), indien die godheid dit wat die bidder vra aan hom sou skenk. Daarom vertoon die *votum*, in 'n sterker mate as die ander caerimoniae sekere kontraktuele kenmerke.

Afgesien van hierdie vaste caerimoniae, moes die Romein ook let op openbarings van die gode se wil, wat in voortekens bekend gemaak is. Hier kan kultiese handeling soos die neem van *auspicia* en *auguria* vermeld word. Daar kan onderskei word tussen tekens waarom die mens vra (*auguria impetrativa*) en die *auguria oblativa* wat die gode self uit eie beweging aan hom openbaar (De Lepper, 1950:97). Ander kultiese handeling, wat by die Romeine ingeburger geraak het vanweë hul kontak met ander volkere, was byvoorbeeld die *haruspicia* (die ondersoek van die binnegoed van diere om die gode se wil te bepaal - iets wat na aanleiding van Etruskiese gebruike in Rome gangbaar geword het), asook die *supplicationes* en *lectisternia*, wat na aanleiding van Griekse invloed by die Romeine posgevat het, en waardeur 'n persoonliker en meer emosionele element die Romeinse godsdiens binnegetree het.

### 9.2.6 Geestesingesteldheid: ekspressiewe funksie

Hier word nagegaan wat die tipiese ingesteldheid of houding van gebedsprekers was by die uiting van 'n gebed. Versnel (1981:1-64) het 'n studie oor die godsdienstige ingesteldheid van die Grieke en Romeine by gebedsaflegging gedoen. Daarin spreek hy die mening uit dat daar nie ingrypende verskille daartussen bestaan het nie (1981:10). Die enkele verskille raak die Romeine se meer funksionele godsbeskouing (1981:22). Die ingesteldheid van die bidder hou verband met die ekspressiewe funksie van taalgebruik. Taal word met hierdie funksie gebruik wanneer die houding van die spreker in die taaluiting gemanifesteer word. Uiteraard kan so 'n tipering slegs 'n veralgemening wees en nie alle moontlike houdings in alle situasies omvat nie. Tog is daar genoeg aanduidings van die norm ten opsigte van die houding van die bidder by die aflegging van 'n gebed.

Daar moet opgemerk word dat die teoretiese kategorie ekspressiewe funksie hier in 'n ruimer sin gebruik word as wat gewoonlik die geval is, aangesien dit hier nie aan 'n spesifieke teks verknoop word nie, maar die gebedshouding rekonstrueer uit verskillende tekste, sowel gebedstekste as tekste waarin iets oor die Romeinse gebed en godsdiens gesê word.

Die Romeine het die mens se verhouding tot die gode met die woord *religio* uitgedruk. Alhoewel daar onder navorsers meningsverskil bestaan oor die etimologie van die woord, en alhoewel daar tereg heelwat bedenkinge gekoester kan word oor die bydrae wat 'n etimologiese benadering tot die spesifisering van die semantiese inhoud van terme kan lewer (kyk hieroor Louw, 1982:23-31), kan etimologiese getuienis nie genegeer word nie, wanneer daar aangedui kan word dat sekere opvattinge oor die konsep *religio* na aanleiding van die etimologiese herkoms daarvan deur die Romeine gehuldig is. *Religio* dui naamlik sowel op 'n verhouding van "om ontsag te hê" vir die gode (etimologies verbonde aan *religare*) as op 'n verbondenheid tussen die mense en die gode (etimologies verbonde aan *religare* (kyk Wagenvoort, 1980b:225-227)).

Die woorde waarmee die gebedshouding meestal uitgedruk word, met hul Afrikaanse vertalings, is: *castus* ("rein"), *probus* ("regskape"), *supplex* ("nederig", "smekend", "knielend"), *cautus* ("versigtig"), *fidus* ("vol vertrou"), *integer* ("onkreukbaar") en *pius* (gehoorsaam en afhanklik van die gode).

Hierdie houding verteenwoordig nie net 'n houding teenoor die gebed nie, maar ook jeens godsdienstige handeling oor die algemeen. Aulus Gellius (*Noctes Atticae*, 2.28.2) merk dan ook op dat die Romeine in *constituendis religionibus atque in dis immortalibus animadvertendis castissimi cautissimique* was. Die twee sleutelbegrippe was die van reinheid (*castitas*) en versigtigheid (om ag te slaan op verskillende *cautiones* in die omgang met die gode (kyk Pighi, 1967:61)). Sover dit reinheid aangaan, maak Cicero in die *De legibus* (2.24) 'n belangrike opmerking: *caste iubet lex adire ad deos, animo videlicet, in quo sunt omnia; nec tollit castimoniam corporis*.

Om *caste* teenoor die gode op te tree, het nie net op die reinheid van die liggaam betrekking gehad nie, maar ook en veral op reinheid van gemoed. Waar daar in die godsdienstige gebed deur die hele Romeinse geskiedenis altyd klem gelê is op die gebruik van die korrekte woorde en formules, is daar verskillende aanduidings in die latere geskiedenis dat 'n opregte gesindheid by die bidder van groot belang geag is, selfs belangrijker as die gebruik van die korrekte woorde (Wagenvoort, 1980a:203).

Dit is verder duidelik dat die Romein verwag het om gehoor (en verhoor) te word deur die gode, selfs as hy in stilte tot hulle bid, soos blyk uit Cicero se opmerking in die *De divinatione* (1.129): *Ex quo fit ut homines etiam cum tacite optent quid aut voveant, non dubitant quin di illud exaudiant*. Versnel (1981:29) wys in hierdie verband op die gereelde voorkoms van formules soos *audi* en *exaudi* in gebede, wat daarop dui dat die mens gretig was dat die god sy bede moes hoor.

Terwyl dit inderdaad so is dat die Romeinse godsdiens (en dus ook die gebed) globaal beskou 'n soort nugterheid en praktiese gerigtheid vertoon (Latte, 1960:47; Von Severus, 1972:1152-1153), is dit tog nodig om sekere

ekstreme formuleringe met betrekking tot die Romeinse se houding teenoor die godsdiens en die gebed te kwalifiseer.

- Die eerste van hierdie opvattinge is dat die Romeinse gebed weinig meer was as 'n aaneenstringing van magiese formules. Hiervolgens sou die gebedinstelling dus magies wees, en sou die Romeine deur die gebruik van die korrekte formules die gode verplig om aan hul wil uitvoering te gee. Bailey (1932:74-75) het tereg aangetoon dat die stelling oordrewe is, en dat, ten opsigte van verwantskappe in formulering tussen magiese en latere godsdienslike tekste, daar 'n verandering van toon en geestesinstelling aan te merk is. Dwingende, magiese formules moes geleidelik plek maak vir "the language of petition".

Op die vraagstuk oor die verhouding tussen magie en godsdiens, waarvoor daar dispuut heers (kyk Bailey, 1932:30-34), kan daar nie hier ingegaan word nie, behalwe om instemming te betuig met die standpunt dat magie en godsdiens naas mekaar bestaan het en dat die godsdiens geleidelik van die magie gedifferensieer het. Daarom is dit nie verrassend dat magiese en godsdienslike tekste sekere ooreenstemmende kenmerke vertoon nie. Hier word nie alleen gedink aan formulêre taalgebruik nie, maar ook aan die krag (*vis*) wat daar aan gebede oor die algemeen (Appel, 1975:73-75) en aan die geskrewe woord (kyk Clarke, 1968:576-577) in besonder toegeskryf is. Appel stel dit goed, wanneer hy na aanleiding van 'n bespreking van verskillende passasies opmerk: ... *facile intellegi potest antiquissimis temporibus Romanorum preces artes cohaerere cum canticis magicis* (1975:74).

Verder moet daar ten opsigte van magiese reste in die Romeinse godsdiens in gedagte gehou word dat daar onderskeid getref moet word tussen die *sacra publica* en *sacra privata*. 'n Bewuste poging om magiese praktyke uit die godsdiens en kultiese handelinge te weer, is veral in die *sacra publica* duidelik aan te wys (Bailey, 1932:9). Die magiese oorsprong van sekere godsdienslike handelinge is egter steeds herkenbaar in verskeie rites, onder andere in die *lustratio* (Bailey, 1932:17-21) en die *lupercalia*.

- Daar word dikwels oordrewe klem gelê op die kontraktuele element in die Romeinse godsdiens. Alhoewel 'n mate van kontraktualiteit, veral met betrekking tot die *vota*, nie ontken kan word nie, sou dit 'n oordrywing wees om die Romeinse godsdienshouding as niks anders nie as 'n *do ut des*-houding te tipeer. Terwyl dit wel so is dat die Romeine die godsdiens as 'n verbintenis met wedersydse regte en verpligtinge beskou het, en gebede dikwels kenmerke van juridiese taalgebruik vertoon (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.5) moet dieperliggende psigologiese ingesteldhede nie misgekyk en geringgeskat word nie (Bayet, 1969:143).
- Die standpunt dat die Romeinse godsdiens en gebed omtrent geen blyke van emosie gee nie, is nie deurgaans van toepassing nie. Eensydig word daar, deur te groot klem te lê op die gebrek aan emosie, 'n historiese ontwikkeling buite rekening gelaat. Hier word gedink aan ontwikkelinge binne die Romeinse kultus onder Griekse en Oosterse invloed, byvoorbeeld die invoering van die emosiebelaaide *supplicationes* binne die godsdiensbeleving van die Romeine (Wagenvoort, 1980b:232,235). Latte (1960:41) beweer byvoorbeeld dat 'n

gevoel van saligheid en meegevoerdheid in die teenwoordigheid van 'n godheid by die Romeine, anders as by die Grieke, ontbreek: "The feeling of bliss and rapture in the presence of a deity is lacking in the Roman as opposed to the Greek". Dit is egter nie moeilik om 'n hele aantal bewysplase aan te voer van gebede wat 'n sterk emosionele geladenheid vertoon nie (kyk punt 9.3 hieronder).

- Die opvatting dat persoonlike godsdienstigheid raar is in die voor-klassieke en Klassieke tydperk moet ook gekwalifiseer word (kyk Versnel, 1981:35). Dikwels word hierdie gebrek aan 'n persoonlike element ook nog verbind aan 'n gebrek aan of 'n morele interesse in die Romeinse gebed. Op hierdie standpunt sal later teruggekom word in die bespreking van Catullus se carmen 76, maar dit is by voorbaat goed om 'n strofe uit Horatius se Carmen saeculare (45-48) te siteer, waaruit veral in versreël 45 die teendeel blyk:

di, probos mores docili iuventae,  
di, senectuti placidae quietem,  
Romulae genti datè remquè prolemque  
et decus omne!

### 9.2.7 Konvensies

Die sosiale konteks waarbinne die gebed as 'n godsdienstige handeling gefunksioneer het, kan nie tot 'n enkele konteks afgegrens word nie. Dit het afgehang van 'n verskeidenheid faktore ooreenkomstig die bepalings van die *ius divinum*. Oorwegings wat hierin 'n rol gespeel het, was of die gebed gebruik is in die *sacra publica* of *sacra privata*; die godsdienskonsepsie (animisties, antropomorfisties, ensovoorts); die eise van die godsdienskalender en die situasie van die bidder.

Alhoewel die Romeinse gebed in 'n groot mate 'n sosiaal gestandaardiseerde vorm was, was dit tog nie in alle kultusse identies of homogeen nie (Von Severus, 1972:1157).

Bepaalde stilistiese konvensies, soos die gebruik van formulêre taal (sakrale, magiese, juridiese en amptelike taalgebruik), die neiging tot indrukwekkende taalgebruik, asook sekere retoriese konvensies vir teksstrukturering is reeds bespreek (kyk hoofstuk 3, punte 5.3.2 tot 5.3.5).

Hierdie konvensies het met die Romein se gebedshouding verband gehou. Die biddershouding van nederigheid, korrektheid, reinheid en vertrouwe, wat paslik was wanneer die gode genader is, kan gesien word in dit wat as "korrek" geag is by die generering van 'n bepaalde soort teks en die funksies waarvoor dit aangewend is. Teoreties geformuleer gaan dit hier om kodes, om die stel "reëls" waarvolgens tekens verbind is. Konvensies is natuurlik in beginsel deurbreekbaar, alhoewel dit, formeel gesproke, in die geval van die godsdienstige gebede van die Romeine omtrent nooit voorkom nie. Dieselfde konvensies geld ook in 'n groot mate vir sogenaamde literêre gebede. Selfs in die parodiëring van die gebedsvorm word daar op formele vlak en ten opsigte van strukturering van inligting by die heersende konvensies gehou, alhoewel formele ooreenstemming nog niks sê van die sosiale en literêre funksionering van die vorm nie.

### 9.2.8 Die ander komponente in die kommunikasiehandeling

Waar daar in die uiteensetting hierbo aandag geskenk is aan oorwegings wat die konteks en konvensies raak, word vervolgens ingegaan op die ander komponente in die kommunikasiehandeling. Dit word heel kursories gedoen, omdat die verskille tussen godsdienstige en literêre gebede wat hierop gebaseer is voor-die-hand-iggend is. Die opsigte waarin literêre gebedstekste hiervan verskil, word in paragraaf 9.3 uiteengesit.

#### 9.2.8.1 Sender

Die sender slaan op die persoon wat die gebed aflê. Hy kan by die godsdienstige gebed optree as woordvoerder van 'n groep of in sy persoonlike hoedanigheid. In die *sacra publica* of staatsgodsdienst was die woordvoerder gewoonlik 'n priester, terwyl dit in die *sacra privata* die paterfamilias of 'n individu was.

#### 9.2.8.2 Reseptor

Dit gaan hier oor die "persoon" of "persone" wat die teks ontsluit. 'n Godsdienstige gebed is primêr geadresseer aan 'n godheid of gode.

#### 9.2.8.3 Boodskap en kode

Aangesien dit hier wesenlik om die reeds bespreekte objekskenmerke gaan, kan verwag word dat, afgesien van tipografiese en metriese kenmerke, daar nie 'n wesenlike verskil tussen nie-literêre en literêre gebedstekste gevind sal word nie. Die linguale struktuur en stilistiese kenmerke van gebedstekste is reeds bespreek (kyk hoofstuk 3, punte 4 en 5.3).

#### 9.2.8.4 Kanaal

Die boodskap word gekodeer in taal, en kan mondeling of skriftelik wees (laasgenoemde raak die kanaal van inligtingsoordrag). Sonder om hier in die subtiele debat van Jacques Derrida en die Dekonstruktiviste ingetrek te raak ten opsigte van die polemieë oor wat primêr is, naamlik spraak of skrif (kyk Ryan, 1982:96; Eagleton, 1983:30), word hier bloot opgemerk dat, na aanleiding van kultiese eise oor korrektheid van formulering, rituele kultusgebede op skrif gestel is en deur die persoon wat in die gebed voorgaan het, uit die boeke voorgelees is.

### 9.3 ENKELE VERSKILLE

Teen die agtergrond van die plasing van die godsdienstige gebed tussen ander kultiese handelinge kan die volgende verskille tussen die gebed as 'n godsdienstige handeling en 'n gebed as 'n literêre handeling aangestip word:

- Die gebed is as kultiese handeling in hoofsaak 'n begeleidente handeling. Om met Wissowa (1902:333) te praat: "Denn das Gebet ist nach römischer Vorstellung nicht sowohl ein selbständiger Akt der Frömmigkeit, als vielmehr die zu jener sacralen Handlung und Darbringung notwendig gehörende mündliche Erklärung, die das sacrale Rechtsgeschäft von Seiten des Sterblichen perfekt macht . . ." Alhoewel gebede ook selfstandig gebruik is (Rose, 1973:875), is dit

in die reël 'n vergesellende handeling. Skerp daarmee gekontrasteer, is die gebed in die literatuur 'n selfstandige uiting.<sup>3</sup>

- 'n Verdere punt van belang is dat van die verskillende caerimoniae wat hierbo genoem is, slegs die *precatio* en *votum* as talige handeling representeerbaar is. Offers, soenoffers, reinigingsprosessies, die neem van voortekens en derglike, kan in taal beskryf word, maar die *votum* en gebed is talige handeling. Dit geld vir literêre en nie-literêre gebede, maar in literêre gebede is die fokus dikwels op die taalstruktuur self (kyk punt 10).
- Waar die godsdienstige gebed as 'n "Akt der Frömmigkeit" beskryf kan word, kan dieselfde natuurlik nie in alle gevalle van die gebruik van die gebed in die literatuur gesê word nie.
- Indien dit globaal gesproke juis is dat die godsdienstige gebede 'n nugterheid en gebrek aan emosie vertoon, kan dieselfde nie sonder meer van literêre gebedsgedigte gesê word nie. 'n Voorbeeld hiervan word aangetref in die gebed in Ovidius se *Fasti*, 6.249-252:

Vesta, fave! Tibi nunc operata resolvimus ora,  
ad tua si nobis sacra vanire licet.  
In prece totus eram: caelestia numina sensi,  
laetaque purpurea luce refulsit humus.

Die belangrikheid van laasgenoemde passasie vir die kwalifisering van die opvatting oor die emosieloosheid van Romeinse gebede is goed deur Wagenvoort (1980b:236) uitgewys. Hierdie voorbeeld is uit 'n literêre gebedstekes afkomstig. Die vraag sou na aanleiding hiervan gestel kon word of 'n sterker ekspressiewe funksie in literêre tekste een van 'n "konstellasie" van elemente is wat vir "literariteit" belangrik is (kyk punt 10 hieronder).

- By die literêre gebed is die funksioneringskonteks ingewikkelder as by die godsdienstige gebed. Waar die godsdienstige gebed gewoonlik *viva voce* in 'n heel spesifieke situasie afgeleë is, is kommunikasie deur middel van 'n skriftelike teks in 'n sin meer "onbestemd" as mondelingse kommunikasie (kyk Ricoeur, 1976:31-32).
- Sover dit die ekspressiewe funksie aangaan, waarin die ingesteldheid van die bidder duidelik word, is dit nie moontlik om 'n algemene tipering ten opsigte van literêre gebede te verstrek nie. Daar kan egter opgemerk word dat, alhoewel aansluiting by die tipiese gebedshouding moontlik is, die normale konvensie in beginsel deurbreekbaar is.
- Literêre gebede, soos nie-literêre gebedstekste, het natuurlik ook 'n sender, maar in hierdie geval is dit meestal nodig om te onderskei tussen die reële outeur / sender en die verteller of spreker, wat 'n tekstuele konstruksie is. Die twee kan soms saamval, maar is nie noodwendig identies nie.
- <sup>3</sup> 'n Uitsonderingsgeval in die *Carmen saeculare*, wat tydens die fees van 17 v.C. opgevoer is. Wat vir die kontemporêre leser oorbly, is slegs die talige teks.

- Ten opsigte van die reseptor is daar 'n ooglopende verskil tussen godsdienstige en literêre gebede aan te merk. Anders as die nie-literêre gebed wat primêr gerig is aan die gode, is die literêre gebed, alhoewel dit formeel aan 'n godheid gerig is, in die eerste instansie 'n teks vir die leser. By literêre gebedstekste is dit miskien beter om te onderskei tussen die geadresseerde en die ontsluiter of reseptor.

'n Verdere punt van belang is dat daar ten opsigte van die reseptor van literêre tekste in die literêre teorie fyner onderskei kan word met betrekking tot verskillende soorte lesers. 'n Mens sou kon werk met die reële leser, die implisiete leser ('n tekstuele konstruksie), die eksplisiete leser en 'n verskeidenheid ander lesers wat onderskei kan word (kyk Iser, 1978:27-38).

Sover dit die resepsie van tekste aangaan, moet daar aan die resepsiesituasie en resepsiegeskiedenis aandag geskenk word.

Wat die resepsiesituasie aanbetref kan verwag word dat die resepsie verskillend sal wees in verskillende kulturele kontekste. Alhoewel dit 'n veralgemening is, sou 'n mens kon onderskei tussen die resepsie van die "eerste lesers" (die destydse Romeinse lesers, wie se moedertaal Latyn was en aan wie die kulturele konteks bekend was) en kontemporêre lesers, vir wie Latyn nie 'n moedertaal is nie en wat etlike eeue later in 'n ingrypend verskillende kulturele konteks hierdie tekste lees.

Verder moet in gedagte gehou word dat, alhoewel die Latynse (literêre en kultiese) gebede seer sekerlik nie bestem was vir 'n Afrikaanse, Engelse, Franse of wattertaalse leser ook al nie, die tekste nou in 'n radikaal anderse kommunikatiewe konteks gelees word en funksioneer. Dit kan ingrypende betekenisverskuiwing tot gevolg hê. 'n Verkenning van resepsies deur die eeue kan ook interessante resultate oplewer, waaruit die verskillende preteoretiese en teoretiese fokusse waarmee lesers tekste lees en bestudeer, nagespoor kan word. Die uiteenlopendheid van sodanige resepsies sny die hele kwessie van die geldigheid van verskillende interpretasies aan.

- Ten opsigte van die gebedstekste as 'n uiting wat gerig is aan die gode, waarin daar gewoonlik 'n versoek, belofte of lofbetuiging vervat is, verskil godsdienstige en literêre gebede nie formeel nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die literêre teks se aansluiting by die konvensies van die godsdienstige vorm bloot *pro forma* kan wees. Dit mag vormlik daarmee ooreenstem, maar kan funksioneel hemelsbreed daarvan verskil. Sover dit taal aangaan, en die verskillende fasette wat daaraan onderskei kan word (leksikale, fonologiese en fonetiese, sintaktiese en semantiese fasette), verskil godsdienstige en literêre tekste nie. 'n Saak kan moontlik daarvoor uitgemaak word dat die wyse waarop die elemente georden is, verskil, maar dit is 'n debatteerbare punt. Dit raak die graad van gestruktureerdheid van 'n taaluiting, waarop daar later teruggekom sal word.

## 9.4 EVALUERING VAN DIE KONTEKSTUELE MODEL

Alhoewel die kontekstuele model betreklik eenvoudig is, stel dit die navorser in staat om op sinvolle wyse 'n aantal verskille tussen literêre en nie-literêre gebede aan te toon.

Dat hierdie benadering nie onproblematies is nie, blyk uit die feit dat dit nie altyd moontlik is om op klinkklare wyse tussen literêre en nie-literêre gebedstekste te onderskei nie. 'n Voorbeeld hiervan is die *Carmen saeculare* van Horatius. Hierdie gebedsgedig is vir 'n spesifieke godsdienstige geleentheid, die *Ludi saeculares* van 17 v.C., geskryf. Daar sou gevolglik 'n sterk saak daarvoor uitgemaak kon word dat dit as 'n godsdienstige gebedsgedig geklassifiseer behoort te word, aangesien die konteks waarin dit oorspronklik gefunksioneer het 'n godsdienstige geleentheid was. Aan die ander kant is hierdie gedig nie minder "literêr" as ander Horatiusgedigte nie, en word dit vandag hoofsaaklik as literêre werk geresipeer en bestudeer. Wat hieruit blyk is dat die onderskeid tussen literêre en nie-literêre gebede nie waterdig of absoluut is nie. Die lesersoriëntasie speel 'n belangrike rol in hoe hierdie gedig gelees word.

Die feit dat die kontekstuele model sekere onderskeidings moontlik maak, hou nie noodwendig in dat dit ten opsigte van alle gebedstekste ewe nuttig sal wees sover dit die praktiese analise daarvan aangaan nie. In die bespreking van die gebedstekste van Catullus sal hierdie model in gewysigde vorm aangewend word. Die gebedsgedigte sal nie met spesifieke kultiese tekste vergelyk word nie, maar sal bestudeer word teen die agtergrond van dit wat lesers van die gebedsvorm weet en stereotipies daarvan verwag. Daar sal nagegaan word of so 'n benadering ewe nuttig is in die bestudering van gebedsgedigte wat aan die normale konvensies konformeer as in die bestudering van gedigte wat daarvan afwyk.

## 10. 'N KLUSTERBENADERING

### 10.1 UITEENSETTING

Anders as in die vorige benaderings, waar gepoog is om die literariteit van 'n teks vas te stel deur sekere kenmerke daaraan toe te skryf of deur na te gaan hoe 'n teks binne 'n bepaalde konteks funksioneer, kan 'n wetenskaplike ook op 'n heel ander wyse met die vraag na die literêre of nie-literêre "aard" van tekste omgaan. In plaas daarvan om op 'n induktiewe wyse, na aanleiding van die herkenning van bepaalde kenmerke, te konkludeer dat 'n spesifieke teks 'n literêre teks is, kan 'n leser daarvan uitgaan dat hy 'n bepaalde teks as 'n literêre teks opneem, en op basis van hierdie klassifikasie die teks op 'n spesifieke wyse lees. Searle (1974:320, ook aangehaal in Van Zyl, 1982:116) formuleer dit goed: "Literature is not the name of an internal property but of a set of attitudes we take to a stretch of discourse." So 'n benadering staan in kontras tot 'n positivistiese wetenskaps- en literatuuropvatting ingevolge waarvan die navorser meen dat wetenskap stap vir stap 'n ordelike patroon vertoon: daar word eers geanaliseer, daarna geklassifiseer, en dan met behulp van bepaalde metodes tot bevindinge geraak. Die kenmerke

waaraan 'n literêre teks herken word, is volgens laasgenoemde opvatting objekskemerke, wat onafhanklik van die kensubjek se opvatting objektief in die teks aanwesig is.

Die alternatiewe benadering, ingevolge waarvan die kensubjek meer tot sy reg kom, staan natuurlik nie heeltemal los van die objek nie. So sal 'n leser byvoorbeeld, wanneer hy opmerk dat 'n bepaalde teks in versvorm geskryf is, aanvaar dat hy met 'n bepaalde soort literêre teks ('n gedig) te doen het, en op grond van hierdie opvatting 'n bepaalde instelling teenoor die teks inneem en dit ooreenkomstig die konvensies wat hy tersaaklik vir so 'n teks ag, lees. Ohmann (1971:8) is van mening dat 'n literêre werk 'n sekere soort aandag by die leser ontlok en op grond daarvan word gemeen dat dit sekere kenmerke vertoon.

Van die verskillende motiverings wat ten gunste van so 'n aanpak aangevoer kan word, word hier slegs na twee daarvan verwys. Die eerste hiervan kan deur empiriese ondersoek aangetoon word. Dit blyk dat dieselfde taaluitings, wanneer dit in versvorm en prosa geskryf is, op verskillende wyses deur lesers gelees word. Wanneer die uiting in versvorm geskryf is, skenk lesers aandag aan verskynsels soos rym en ritme, terwyl hierdie "tekstkenmerke" (wat natuurlik ewe aanwesig is in die prosateks) glad nie onder bespreking kom, wanneer lesers hierdie uiting, wanneer dit as 'n prosateks aangebied word, bespreek nie. Wat hieruit duidelik is, is dat die leser se opvatting oor die soort teks waarmee hy besig is, die teoretiese kategorieë bepaal met behulp waarvan hy die teks analiseer en bespreek. Die leser se opvatting oor die objek waarmee hy besig is, hetsy implisiet of eksplisiet, preteoreties of teoreties, is bepalend vir die beskrywingskategorieë, verloop en resultate van sy ondersoek. Hierby sal nou aangesluit word wanneer daar later in hierdie studie gepoog word om 'n verklaring te bied van waarom lesers tekste op uiteenlopende wyses interpreteer.

Die tweede motivering wat aangevoer kan word ter ondersteuning van hierdie benadering vloei voort uit die indringende kritiek waaraan die Russies-Formalistiese en Praagse Strukturalistiese opvatting oor die onderskeid tussen literêre en nie-literêre taalgebruik onderwerp is. Skrywers uit verskillende teoretiese skole het heftig teen hierdie opvatting gereageer. Pratt (1977:3-37), wat die literatuur vanuit 'n spraakhandelings teorie bestudeer, gaan so ver om dit as die "poetic language fallacy" af te maak. Die benadering ingevolge waarvan literariteit berus op 'n afwyking van normale taalgebruik, het in die laaste paar jaar heelwat kritiek uitgelok (kyk Van Zyl, 1982:116).

Waarom dit ten diepste hier gaan, is 'n verset teen 'n essensialistiese literatuuropvatting ingevolge waarvan gemeen word dat literêre werke sekere tydlose wesenseienskappe vertoon. In die plek daarvan word klem gelê op die leser se rol in die proses van klassifikasie en betekenis konstruksie.

Gesien in die lig daarvan dat dit feitlik onmoontlik is om 'n definisie van literatuur op te stel waarteen geen besware inbrenging kan word nie (kyk Tynyanov, 1977 passim), word hier uitgegaan van 'n nie-definitiewe nie-eksklusiewe kluster van opvattinge oor wat literêre tekste is.

Ohmann (1971) behandel verskillende definisies wat navorsers aan die hand gedoen het om literêre tekste te definieer. Hy gaan uit van die aanname dat lesers 'n goeie (nie vae) gedagte het van watter werke

literêre werke is en watter nie (1971:2,9), en aanvaar implisiet dat hierdie konsep vir alle tydperke geldig is.

Hy vermy 'n definisie van literêre werke in terme van sogenaamde "family resemblances". Hierdie familietreke dui op kenmerke / eienskappe / kwaliteite wat aanwesig is in baie van die werke wat as literêre werke bekend staan (lede van die groep), gewoonlik in kombinasie met van die ander kenmerke. Hierdie eienskappe is egter nie op sigself genome genoegsaam as kriteria vir lidmaatskap aan die groep geskryfte wat as literêre werke bekend staan nie.

Ohmann (1971:4-9) bespreek, met verwysing na die werk van ander skrywers (wat telkens tussen hakies vermeld word), 'n kluster van kenmerke wat in baie literêre werke voorkom. Hierdie kenmerke verteenwoordig neigings van literêre diskoerse (alhoewel nie elkeen hiervan in elke literêre werk voorkom nie), maar is volgens hom nie op sigself genome as klassifikasiekriteria van literêre diskoers toereikend nie. Hy bespreek die volgende opvattings:

- dat literêre werke òf nie verwys nie, òf nie op die gewone manier verwys nie (I.A. Richards);
- dat literêre werke fiktief is; dit wil sê dat die stellings wat daarin vervat is nie beoordeel moet word op grond daarvan of dit waar en korrek is nie;
- dat 'n literêre werk 'n diskoers ryk aan implisiete betekenis is (Beardsley);
- dat 'n literêre werk emotief is, dit wil sê dat dit bepaalde effekte by die leser bewerkstellig, wat verskil van diskursiewe en wetenskaplike tekste waarin 'n appèl gemaak word op die leser se oortuigings en opvattings (S. Langer, I.A. Richards en die New Critics);
- dat literêre werke die leser se aandag opeis vir die boodskap as sodanig (dat dit klem lê op die poëtiese funksie van taalgebruik). Dit gaan hier om 'n gerigtheid op die verbale vorm van die boodskap (R. Jakobson);
- dat literêre werke heg gestruktureer is, dit wil sê dat dit nie soos ander tekste slegs sintakties en fonologies georden is nie, maar dat die woorde in 'n literêre diskoers in 'n verhouding van soortgelykheid of kontras tot ander tekssegmente staan. Dit gaan hier om formele definisies van literêre werke, waarin klem gelê word op patroonmatigheid, herhaling, variasie en struktuur (R. Jakobson en S. Levin).

Ohmann (1971:10) wys daarop dat hierdie tendense in twee groepe verdeel kan word, wanneer gepoog word om op basis daarvan 'n definisie van literêre werke te bied. Die een groep fokus op die teks self en die verwysing, waarheidsgehalte en betekenis daarvan. Hierdie definisies is, in terme van die spraakhandelingsteorie van Austen en Searle, lokusionêre definisies. In die ander groep is die fokus op die effek van die diskoers, en daarom kan dit geklassifiseer word as perlokusionêre definisies.

Ohmann (1971:10 e.v.) meen egter dat 'n illokusionêre definisie die aangewese weg is om literêre werke sinvol af te grens van nie-literêre werke. Na 'n aanvanklike poging tot definisie waarin gestel word dat 'n literêre werk 'n diskoers sonder illokusionêre krag is (1971:13), kwalifiseer hy die stelling en bied die volgende definisie: "A literary work is a discourse whose sentences lack the illocutionary forces that would normally attach to them. Its illocutionary force is mimetic." Onder mimeties verstaan hy dat dit voorgee om na te boots ("purportedly imitative" (1971:14)). So imiteer 'n literêre werk dan 'n reeks spraakhandelinge, wat geen ander bestaan as 'n bestaan in die diskoers het nie. Waarop dit neerkom, is dat literêre werke geen stellings, bevele, beloftes, versoeke, ensovoorts bevat of maak nie, maar mimeties daarvan is. Dit hou nie in dat die voorwaardes vir stellings, bevele, beloftes, ensovoorts nie relevant is vir die sinne in 'n literêre werk nie, maar dat dit slegs relevant is in soverre dit mimesis toelaat om plaas te vind.

Ingevolge Ohmann se voorstel sal voorbeeldteks 2 dus nie as 'n literêre werk geklassifiseer kan word nie, omdat die spraakhandelinge daarin gepaard gaan met die normale illokusionêre konvensies, terwyl voorbeeldteks 1 wel as 'n literêre werk geklassifiseer sou kon word, omdat dit mimeties is van gebedspraakhandelinge, maar sonder dat die normale illokusionêre konvensies daarvoor van toepassing is. Anders gestel: voorbeeldteks 2 is 'n gebed, terwyl voorbeeldteks 1 slegs die spraakhandelinge van 'n gebed imiteer.

## 10.2 EVALUERING

Alhoewel so 'n onderskeiding nie nutteloos is nie en 'n onderskeiding tussen "werklike" en literêre gebede moontlik maak, het hierdie model besliste beperkinge. Die vernaamste kritiek wat daarteen ingebring kan word, is:

- Dit beskou literatuur a-histories as 'n vaste kategorie wat in alle tye en kulture onveranderd is. Literatuur is hiervolgens "a natural class" (1971:8) van tekste met 'n vaste ontologiese status. Dit klop nie met die resultate van historiese ondersoek nie (kyk punt 2.1 hierbo).
- Dit maak literatuur iets onbeduidends, omdat dit die proposisionele inhoud van literêre werke (as iets wat beduidende inligting bevat) heeltemal relativer en selfs opskort.
- Dit maak literatuur tot 'n "message minus", waarteen Van Zyl (1982:117) tereg kritiek lewer.
- Dit is gebaseer op die eenheid van die sin, terwyl literêre studie ten minste op basis van die eenheid van tekste onderneem moet word.
- Dit gee aanleiding tot hoogs bevraagtekenbare uitsprake, soos die volgende: Wanneer die digteres, Elizabeth Barret Browning, 'n gedig aan Robert Browning stuur, waarin die volgende versreëls voorkom: "How do I love thee? Let me count the ways", het hierdie sinne hul normale illokusionêre krag, maar wanneer hierdie sinne gepubliseer word en vir ander lesers beskikbaar gestel word, verander die status

van die uitsprake en word die illokusionêre krag daarvan bloot mimeties.

- Die definisie is eweneens nie eksklusief nie (dit kan byvoorbeeld ook grappe insluit).

Waarin Ohmann se bydrae wel nuttig is, is dat dit die belang van lesersfokusse by die lees van 'n literêre teks op die voorgrond stel. Hy het gelyk wanneer hy daarop wys dat die leser, omdat hy "weet" dat hy met 'n literêre teks besig is, dit op 'n bepaalde wyse lees (byvoorbeeld met klem op die gestruktureerdheid en implisiete betekenis daarvan). Konkreet gestel, hou dit in dat die leser 'n teks soos *carmen 34* as 'n literêre werk sal lees, omdat hy dit as 'n gedig herken (byvoorbeeld na aanleiding van die feit dat dit in versvorm geskryf is, en omdat dit in 'n "digbundel" opgeneem is). Hierdie herkenning of klassifikasie bepaal die leesstrategie wat gevolg sal word. Daarom is 'n benadering waarin met "family resemblances" gewerk word, myns insiens heel nuttig vir literêre ondersoek.

Die opvatting oor lesersfokusse sal verder uitgebou word in hierdie studie en daar sal besondere klem gelê word op hoe die leser se literatuuropvatting, teoretiese paradigma en metodes, sy resultate struktureer en rig.

## 11. ONTKENNING VAN 'N ONDERSKEID

Uiteraard van geen nut vir 'n poging om kriteria vir onderskeiding tussen literêre en nie-literêre tekste te probeer bepaal nie, is die standpunt van die Dekonstruktiviste wat 'n onderskeiding tussen literêre en nie-literêre tekste ontken (kyk Eagleton, 1983:134).<sup>4</sup>

## 12. KONKLUSIE

Die ondersoek wat in hierdie hoofstuk onderneem is in 'n poging om die literêre gebedspoësie nader te presiseer en af te grens van sogenaamde nie-literêre gebede, het aangetoon dat dit nie maklik is om op 'n klinkklare en uitsluitende wyse die begrip "literêre gebedspoësie" te onderskei van daaraan verwante tekstipes nie. Uit die ondersoek wil dit voorkom of die nuttigste wyses om literêre gebede te bestudeer is om te werk met of 'n klusterbenadering of die benadering wat deur die kontekstuele model gesuggereer is.

Die klusterbenadering bied nie 'n eksklusiewe kriterium waardeur literêre gebede van nie-literêre gebede afgegrens kan word nie, maar bied tog

<sup>4</sup> Sogenaamde nie-literêre tekste, soos byvoorbeeld filosofiese geskrifte, kan hiervolgens op 'n heel insiggewende wyse gelees word met behulp van metodes wat tradisioneel vir literêre tekste gereserveer is.

'n perspektief op tendense van literêre diskoerse, nie in die sin van objekskemerke nie, maar verknoop aan 'n ingesteldheid van die leser by die lees van 'n teks wat hy as 'n literêre teks opneem. Alhoewel dit nie 'n eksplisiete en uitgewerkte teksteorie bied nie, word die vermoede gekoester dat dit 'n bruikbare en effektiewe manier is om literêre ondersoek te onderneem.

Volgens die benadering wat deur die kontekstuele model gesuggereer is, word 'n literêre gebedsgedig gelees teen die agtergrond van dit wat 'n leser weet van die gebed en die houdings wat tipies daarmee geassosieer word. Daar word vermoed dat so 'n analisemodel veral nuttig sal wees in die bestudering van gebedstekste wat die verwagtings wat lesers daarvoor koester, ondergrawe en deurbreek.

## AFDELING C

### TOEGEPASTE STUDIE

#### 'N BESPREKING VAN DIE GEBEDSTEKSTE IN DIE CARMINA MINORA

##### UITEENSETTING

In hierdie afdeling word daar 'n literêre bespreking gebied van elk van die gebedsgedigte in die carmina minora van Catullus. Die bespreking verloop, in aansluiting by Kleinknecht se gebedstipologie (kyk hoofstuk 3, punt 3.3.2), in vier afdelings.

- In deel 1 (hoofstuk 5) word carmen 34, 'n gedig wat konformeer aan die konvensies van kultiese tekste, bespreek.
- In deel 2 (hoofstukke 6 en 7) kom die persoonlike gebedsgedigte, carmina 109 en 76, aan die orde.
- Deel 3 word gewy aan 'n bespreking van die gebedsparodieë. In hoofstuk 8 word die verskuilde gebedsparodieë in carmina 31, 44, 2 en 17 bespreek, en in hoofstuk 9 die openlike parodie in carmen 36.
- In deel 4 (hoofstuk 10) word carmen 1 met sy gebed aan die muse behandel.

Soos in hoofstuk 1 (punt 7) gestel, berus die volgordening op twee oorwegings. In die eerste plek word die gedigte bespreek in 'n volgorde waar daar begin word met die tekste wat relatief min interpretasieprobleme oplewer, en word daar geleidelik oorbeweeg na gedigte waaroor daar meer dispute bestaan. Andersyds het die volgordening ten doel om 'n tipologiese indeling te bewerkstellig.

In die subafdelings (Deel 1 en 4) waarin daar slegs een gebedsgedig bespreek sal word, sal daar nie 'n globale inleiding aan die afdelings toegevoeg word nie, soos wat wel sal gebeur in Deel 3 en 4, waarin meer as een gedig onder bespreking kom.

**AFDELING C**

**DEEL 1**

**DIE GEBED IN OOREENSTEMMING MET DIE KONVENSIES**

**VAN KULTIESE TEKSTE**

## HOOFSTUK 5

### CARMEN 34

#### TEKS

Dianae sumus in fide puellae et pueri integri: Dianam pueri integri puellaeque canamus.	
o Latonia, maximi magna progenies louis, quam mater prope Deliam deposiuit oliuam, montium domina ut fores siluarumque uirentium saltuumque reconditorum ammiumque sonantum:	5
tu Lucina dolentibus luno dicta puerperis, tu potens Triuia et notho es dicta lumine Luna.	10
tu cursu, dea, menstruo metiens iter annum, rustica agricolae bonis tecta frugibus explēs.	15
sis quocumque tibi placet sancta nomine, Romulique antique ut solita es bona sospites ope gentem.	20

#### 1. INLEIDING

Carmen 34, die Carmen Dianae, kan na aanleiding van die resepsieskiedenis daarvan as 'n betreklik onproblematiese gedig beskou word. Navorsers is dit in 'n groot mate eens oor sowel waarom dit in die gedig gaan as oor die formele struktuur daarvan. In gevalle waar daar wel meningsverskille tussen kommentatore bestaan, lê die probleme oorwegend op kontekstuele vlak (kyk punt 5). Carmen 34 kan dien as 'n voorbeeld van hoe die gebedsvorm in die literatuur benut word met die funksie om 'n godheid te loof, in ooreenstemming met die konvensies vir gebedstekste, sowel op vormlike vlak as in strekking.

Ten spyte van hierdie konformering aan konvensie kan carmen 34 as 'n betreklik unieke gedig in Catullus se oeuvre beskou word. Enersyds is daar, anders as in die meeste van die carmina minora, nie 'n ek-spreker aan die woord nie, maar is daar sprake van 'n "ons", bestaande uit 'n groep seuns en meisies. Diegene wat die opvatting huldig dat daar in Catullus se oeuvre onderskei kan word tussen persoonlike, direkte en spontane gedigte aan die een kant, en meer bewustelik artistieke gedigte aan die ander kant, is van mening dat carmen 34 'n middeposisie tussen

hierdie twee groepe gedigte beklee (byvoorbeeld Sellar, 1905:455; kyk egter punt 7.2 in die verdere bespreking).

'n Ander verskynsel wat hierdie gedig betreklik uitsonderlik maak, is die feit dat dit een van die weinige gedigte in Catullus se bundel is waaruit 'n sterker sosiale ingesteldheid afgelees word (kyk Williams, 1968: 42), in teenstelling met die persoonlike toonaard van die meeste van sy werk.

## 2. WERKWYSE

In die behandeling van hierdie gedig as gebedsgedig, sal aan die volgende sake aandag geskenk word:

- Carmen 34 se aansluiting by die konvensies vir himnes.
- Die verhouding waarin carmen 34 tot die werk van voorgangers staan.
- 'n Struktuurbeskrywing van die gedig, met 'n bespreking van die vernaamste struktuurprinsipes waarop die werking en effek van die gedig berus.
- Kontekstuele probleme in verband met die aard en funksie van carmen 34.
- Metodologiese en wetenskapshistoriese opmerkings.

## 3. CARMEN 34 AS HIMNE

Kroll (1960:62) tipeer carmen 34 tereg as "ein stilechter Hymnos", en ook Williams (1968:153) merk op dat die leser in Catullus se Diana-gedig te doen kry met 'n suiwer vorm van die himne, anders as in die meerderheid van gevalle van die benutting daarvan in die literatuur waar die himniese vorm gebruik is vir oogmerke anders as lofbetoning aan die gode.

Lafaye (1894:78) onderskei tussen die epiese en liriese himne, en deel carmen 34 by laasgenoemde kategorie in. In die liriese himne word 'n poëtiese enumerasietegniek aangetref in die plek van lang epiese vertellings. Die liriese himne kan beskou word as 'n literêre vorm, waarin 'n droë en monotone litanie getransformeer word tot 'n melodieuse lied (Lafaye, 1894:80). Quinn (1972a:31) wys daarop dat carmen 34, soos die Grieke die saak beskou het, as 'n koorhimne getipeer kan word (kyk verder punt 7).

Na 'n prooemium in die eerste strofe volg die himne, wat aangebied word as 'n lied van seuns en meisies. Anders as in baie Hellenistiese himnes, en ook anders as Catullus se praktyk in carmen 62, tree die digter nie op in die rol van iemand wat aan die kore instruksies gee nie (kyk Williams, 1968:155).

#### 4. TRADISIE

Op grond van die Romeinse elemente in die himne, kan met stelligheid beweer word dat carmen 34 beslis nie 'n vertaling van 'n Griekse voorbeeld is nie (Wilamowitz-Moellendorff, 1962:289). Tog staan dit vormlik baie sterk in die lyn van die Griekse himnografie. Alhoewel skrywers wat daarop ingestel is om 'n *Graecum exemplarium* vir die Diana-himne te identifiseer, dit eens is dat die gedig nie op 'n spesifieke Griekse voorbeeld gebaseer nie, is Lafaye (1894:80-82) van mening dat Catullus hierin aansluiting vind by veral Sappho, en in 'n mate ook by Anakreon. Macurdy (1928:129-130) poog op sy beurt, myns insiens op betreklik impressionistiese gronde, om stemmingsparallele tussen carmen 34 en die Hippolytus van Euripides aan te toon.

#### 5. VORMSKEMA EN TEMATIESE VERLOOP

Die gedig begin met 'n prooemium (1-4) waarin 'n aanloop tot die himne gebied word. Daarin maak 'n groep seuns en meisies hul verbondenheid aan Diana, en die voorneme om haar te besing, bekend. Quinn (1970:191) noem hierdie aanloop die hipotese van die vers. Dit skep 'n raamwerk waarbinne die himne aangebied kan word. Hierna volg die himne self, en dit bevat al die verpligte en opsionele komponente waaraan 'n loflied uitgeken word. Na die invocatio (o Latonia) in versreël 5a volg 'n uitbreiding, waarin die afkoms van die godin, sowel van vaders- as moederskant, vermeld word (5b-8). In hierdie gedeelte word die legende van die liefdesverhouding tussen Iuppiter en Latona opgeroep, en word die plek van Diana se geboorte, digby die olyfboom op Delos, vermeld.

Die derde strofe vermeld die godin se magsfere: sy is gebore om te heers oor die berge, woude, bergweides en strome.

In strofes vier en vyf volg die lofprysing self, en wel aan die hand van die verskillende gestaltes van die godin, in haar funksies as godin van geboorte, van die kruispaai en as maangodin.

Strofe vyf ontwikkel dan een van hierdie funksies verder: Diana as maangodin word voorgehou as ordeskepper, die bepaler van die maande, wat deur haar regulerende funksie die boer se skure met die seën van goeie opbrengste vul.

In die slotstrofe volg die gebed: 'n versoek om, soos in die verlede, die volk van Romulus te begiftig met haar seën.

## 6. STRUKTUUR

### 6.1 MAKROSTRUKTUUR

Die oorkoepelende struktuur sien soos volg daaruit en vertoon 'n afgeronde simmetrie:

- 1-4 Prooemium.
- 5-8 Aanspreking, en uitbreiding (geboortelegende
- 9-12 en magsfere).
- 13-16 Lofprysing, vermelding van haar name
- 17-20 en 'n verbesondering en toespitsing op een daarvan.
- 21-24 Gebed.

### 6.2 SIMMETRIESE BOU

Die gedig vertoon globaal genome 'n simmetriese struktuur. Die prooemium en precatio omraam die res van die gedig. Hierdie omraamde gedeelte kan op sy beurt in twee eenhede verdeel word. Daar is 'n noue verband tussen strofes 2 en 3, iets wat gesien kan word in die feit dat hierdie twee strofes een sin vorm, en waar die eerste daarvan toespits op die godin se afkoms, die volgende (wat deur 'n doelsinskonstruksie daaraan verbind is) op haar bestemming as heerseres. Ook tussen strofes vier en vyf is daar 'n duidelike samehang. Alhoewel die lofprysing nie in een sin saamgebind is nie, word eenheid daartussen bewerkstellig deur die anaforiese herhaling van tu (13,15,17), en deurdat een van die drie gestaltes van die godin wat in strofe 4 genoem word, in strofe 5 verder ontplooi en in verhouding tot die begunstigdes van die godin gebring word.

Soos in die sistematiese uiteensetting opgemerk is, vereis die himne, waarin die lofprysing van 'n god op die voorgrond staan, nie die gebed as 'n verpligte komponent nie (kyk hoofstuk 3, punt 3.2.6). Tog kom 'n bede, soos Meyer (1933:5-7) aantoon, reeds vanaf die vroeg-Griekse himnografie dikwels in lofliedere voor.

### 6.3 LOFPRYSG

Dit wil my voorkom of die hoofokus in hierdie gedig op lofprysing is. Dat dit wyd so geïnterpreteer word, blyk daaruit dat daar gewoonlik na hierdie gedig as die "Diana-himne" verwys word, en nie as die "Gebed aan Diana" nie, alhoewel dit interessant is om daarop te let dat die manuskripskrif van die gedig juis die Carmen Dianae is (kyk Ellis, 1876:89).

Selfs in die gebedstrofe is daar duidelike aanduidings van lofbetuiging. Die eerste van die bedes raak die heiligheid van die godin (*sis quocumque tibi placet / sancta nomine*, 20-21b), en ingebed in die bede om seën aan die Romeinse volk, word die godin geloof. Dit wat van haar gevra word, is wat sy van oudsher gewoond was om te doen (*antique ut solita es* (23)). Ook die algemeenheid en onspesifiekheid van die bede wek die indruk dat die gedig primêr lofprysing is, en dat 'n belangrike funksie van die gebed is om strukturele simmetrie en poëtiese sluiting te bewerkstellig.

#### 6.4 FORMELE EN STILISTIESE FASETTE

Op 'n meer tegniese formele vlak kan opgemerk word dat die himne 'n goeie voorbeeld bied van die aanwending van *epitheta*, relatiewe predikering (die inleiding van versreël 7 deur *quam*), van die tweedepersoonstyl (die anaforiese herhaling van *tu* in versreëls 13,15,17) asook van partisipiële uitbreiding (*metiens* (18)).

Verskeie stilistiese middele word aangewend om 'n indruk van strukturele sofistikasie te bewerkstellig. Hier word gedink aan die anaforiese met betrekking tot die naam van Diana in versreëls 1 en 3, en die *paronomasia* in *maximi / magna* (5-6), waardeur die godin se grootheid in verband gebring word met dié van haar deurlugtige vader. Verder is daar aanduidings van 'n metalinguale spel, waarin die etimologiese herkoms van woorde benut word. So word die godin onder andere *Iuno Lucina* en *Luna* genoem, terwyl die leser uit Cicero (*De Natura Deorum*, 2.68) weet dat hierdie name met die werkwoord *lucere* verband hou: *Luna a lucendo nominata sit, eadem est enim Lucina*. Metalinguale spel kom ook voor in die *jukstaposisie* van *menstruo / metiens*, woorde wat afkomstig is van dieselfde stam (Quinn, 1970:193).

#### 6.5 HERHALING EN VARIASIE

Dit is egter veral op sintaktiese vlak waar 'n duidelike bouprinsipe van die gedig onderskei kan word. Binne die progressie van die gedig ooreenkomstig die konvensionele vorm, is daar talle aanduidings van herhaling en variasie, van die vestiging van 'n patroon en die ontwikkeling daarvan.

Die eerste strofe bied 'n mooi voorbeeld hiervan:

A                    B  
Dianae                sumus in fide

C  
puellae et pueri integri

A                    C  
Dianam                pueri integri

D  
puellaeque          canamus

Hier merk die leser sekere elemente wat, hoewel in ietwat gewysigde vorm, herhaal word: Dianae ... Dianam, albei in aanvangsposisies van die versreël, asook puellae et pueri integri ... pueri integri / puellaeque. Indien laasgenoemde voorbeeld verder geanaliseer word, word iets soortgelyks aan 'n chiasiese konstruksie aangetref: (a) puellae, (b) pueri integri, (b) pueri integri, (a) puellae. Hierdie herhaling met effense variasie, word afgewissel deur die nie-herhalende elemente B en D.

Alhoewel Soles (1954:147-148) gelyk het wanneer hy opmerk: "'Pairs' or pat phrases which because of some intrinsic feature have become a regular part of everyday usage have become almost indispensable components of colloquial style", kan hierdie skrywer nie met hom saamstem wanneer hy carmen 34, 1-4, met die herhaling van puellae et pueri ... pueri ... puellaeque, as 'n voorbeeld van volkstaal tipeer nie. Juis die ordening en stilering van tekssegmente maak dit tot 'n bewustelike poëtiese tegniek, veral as die formele toon van die res van die himne in aanmerking geneem word.

Anders as die tipe kettingskakeling hierbo, is daar 'n patroon van enumerasie met stapelende effek in die derde strofe:

montium ut domina fores  
silvarumque virentium  
saltuumque reconditorum  
anniumque sonantum

Die sintaktiese patroon sien soos volg daaruit:

S.nw	-	-
S.nw	+ enklitikon	Adjektief
S.nw	+ enklitikon	Adjektief
S.nw	+ enklitikon	Adjektief

Alhoewel Quinn (1970:192) meen dat die genitiefvorm in hierdie strofe oorwerk word, en ook Kroll (1960:63) opmerk: "Die vier Machtbezirke mit ihren Epitheta sind fast mechanisch auf die vier Kola verteilt", moet nie uit die oog verloor word dat hierdie enumerasietegniek tipies himnies is nie, en dat die klankspel die lofprysing dien nie.

Afgesien van die baie opvallende herhaling van /-um/, /o/, /i/, /a/, moet ook gelet word op klankherhalings binne die versreëls: *montium domina* (9), *silvarumque, virentium* (10); *saltuumque reconditorum* (11), *amnumque sonantum* (12). Ook hier is daar variasie op die patroon (byvoorbeeld die ontbreking van die adjektief in versreël 9, en die eindelise van *reconditorum*). In hierdie strofe word daar myns insiens daarin geslaag om die magsfere van die godin (wat gemeenplase was) op 'n esteties bevredigende wyse met herhaling, variasie en klankorkestrasie op tipies himniese wyse te besing.

In die lofprysing in strofes vier en vyf kan herhaling en variasie weer aangetoon word. Afgesien van die reeds vermelde anaforiese herhaling van *tu* (13,15,17), moet opgelet word hoe die eerste twee *tu*'s telkens in die versreël daarna opgevolg word deur *dicta* (met variasie van posisie in die versreël). Wat verder opval is die gereëde voorkomste van *hyperbata* (*Lucina ... / luno* (13-14); *dolentibus ... / puerperis* (13-14) en *notho ... lumine* (15-16), maar weer eens nie sonder variasie nie, soos blyk uit die naamskeargeplaaste potens *Trivia* (15).

## 6.6 BENOEMING

Een van die sterkste bindende faktore in hierdie gedig is wat 'n mens die vreugde in benoeming sou kon noem. In die lofprysing word die godin op die een na die ander naam genoem en beskryf. Dit begin reg by die eerste woord van die himne: *Dianae*, waarmee die tema van die himne aangegeë word. Daarna volg *Dianam* (3), die emfatiere *o Latonia* (5), *magna progenies* (6), die genealogiese uitbreiding, die opnoem van haar magsfere (9-12), die vermelding van die name waarop sy genoem word: *luno Lucina, Trivia, Luna* (13-16), *dea* (17), en die bede aan die godin *quocumque ... nomine* (21-22).

## 6.7 TEMATIESE SKAKELING

'n Voorbeeld van tematiese skakeling of patroonvorming, waarop die aandag na my wete nog nie gevestig is nie, is die verband tussen versreëls 5-6 en 13-14. Alhoewel Quinn (1970:193) kritiek het op die digter se praktyk om in 'n himne vir 'n godin te vertel dat sy eintlik ander name het (iets wat hy by oudheidkundiges soos Varro (*De Lingua Latina*, 5.69) in orde vind, maar nie by 'n himnedigter nie), meen ek dat daar 'n tematiese verband tussen bogenoemde gedeeltes aangetoon kan word, wat Quinn se beswaar ondervang. In versreëls 5-6, 'n deel van die godin se geboortelgende, word vertel dat die moeder van die godin haar gebaar het digby die Deliese olyfboom. Hierdie gedeelte roep by die leser die verhaal op van hoe Leto in haar barensood vasgegryp het aan 'n boom, wat in verskillende geskrifte as 'n palmboom, 'n olyf en 'n lourier geïdentifiseer word (vir verwysing na die Griekse tekste, kyk Ellis, 1876:90). Besonder interessant is die locus in Aelianus (V.H., 5.4), waar vertel word dat 'n palm en olyfboom opgespring het om Leto in haar barensood te help. Hierdie motief, wat deur intertekstuele assosiasie opgeroep word, lyk ter sake vir die latere benoeming van Diana. In versreëls 13-14 word vertel dat Diana deur die

dolentibus ... puerperis op die naam Iuno Lucina genoem is. Hierdie benaming kontekstualiseer die lofprijsing van Diana vir die Romeinse leser. Sy word Iuno Lucina, die bekende Romeinse geboortegodin, genoem. Terselfdertyd word hierdie funksie in verband gebring met een van die funksies van die Griekse godin Artemis, met wie Diana hier geïdentifiseer word, naamlik in haar gestalte as Ilythia. Die belangrike punt vanuit die hoek van 'n soeke na tematiese skakeling is egter dat die uitbeelding van Diana as geboortegodin in verband gebring word met haar eie geboorte op Delos. So word haar oorsprong en funksie op mekaar betrek.

## 6.8 LITURGIESE TAALGEBRUIK

Williams (1968:154) merk tereg op dat hierdie himne gestruktureer is op rituele beginsels en in "solemn liturgical language."

Met inagneming van die vermenging van Griekse en Romeinse motiewe in hierdie gedig (kyk punt 6.9), is dit nie vreemd dat die taalgebruik in die gedig sowel Griekse as Romeinse liturgiese taal oproep nie.

Soos in die geval van die vormskema van die himne, is die taalgebruik in carmen 34 dit wat 'n mens by 'n himne sou verwag. Die woordseleksie getuig van 'n heel formele register. In ooreenstemming met die neiging tot konserwatisme en behoud van argaïese vorme in godsdienstige taalgebruik (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3.2) tref die leser die ou perfectum-vorm van die werkwoord *deponere*, naamlik *deposivit*, in plaas van *deposuit* in versreël 8 aan. In die slotgebed kom die argaïese werkwoord wat in die sfeer van plegtige, liturgiese taalgebruik tuishoort, naamlik *sospites* (20) voor. Ook *antique* (23) kan as 'n konvensionele argaïesme beskryf word (kyk Fordyce, 1965:175).

Alhoewel nie argaïes nie, maar tog tipies van *sermo orationis*, is die adjektiewe *integri* (2, 4) en (in 'n mindere mate) *sancta* (22). 'n Ander adjektief wat vermelding verdien, is die tipering van *Trivia* as *potens* (15). Hierdie byvoeglike naamwoord dui op die magiese krag van die godin van die onderwêreld, Hekate, met wie Diana hier in haar hoedanigheid as *Trivia* geassosieer is. Die tipering van Diana as die *progenies* van Iuppiter, verhoog ook die plegtigheid van die lofprijsing, aangesien hierdie woord 'n "feierlike klang" (Kroll, 1960:62) het. Tot dieselfde kategorie hoort die stelwyse *dicta ... es ... dicta* in versreëls 14-16, wat formeler as die gebruikelike *diceris* is (Fordyce, 1965:174).

Frases wat tipies is van Romeinse godsdienstige taalgebruik, is in *fide* (1), *quocumque ... nomine* (21-22), en *bona ... ope* (23-24). Uit eersgenoemde hiervan, waardeur die seuns en meisies te kenne gee dat hulle onder die beskerming van Diana is, blyk dit dat die afleggers van die himne voorgestel word in hul verhouding tot die godin as die *clientes* van 'n *patrona*. Die *quocumque ... nomine* is 'n literêre variasie van 'n konvensionele vrywaringsformule in geval van verkeerde aanspreking van 'n godheid (kyk hoofstuk 3, punt 4.2), wat in sy kultiese vorm aangetref word in die werk van Macrobius (*Saturnalia*, 3.9.10) en in Servius se kommentaar op Vergilius se *Aeneis* 2.351. Die bede dat die godin die volk van Romulus *bona ... ope* (23-24) begiftig, en waarskynlik ook die vermelding daarvan dat Diana as maangodin die skure van die boer

bonis ... frugibus (19-20) vul, is 'n oud-Romeinse kultiese formule, wat ook in Catullus se carmen 67.2 voorkom.

Die frase *antique ut solita es* (23) stem ooreen met die Griekse gebedsformule ei pote (kyk Kroll, 1960:64 en Fordyce, 1965:175 vir verwysings na die voorkoms daarvan in Griekse tekste). Dit is ook moontlik dat *integri* (2,3) gebruik is in die sin van *amphithaleis*, dit wil sê dat dit dui op persone van wie albei ouers lewe (kyk punt 7).

Uit hierdie oorsig blyk dit dat die gedig deurtrek is van godsdienslike taalgebruik en as sodanig in 'n formele register geskryf is. Die funksie van die gebruik van *sermo orationis* is voor-die-hand-liggend, naamlik om aan die gedig 'n plegtige toon te verleen.

## 6.9 RITMIES-METRIESE STRUKTUUR

Dat hierdie plegtigheid, wat bewerkstellig word deur die woordseleksie, nie oorgaan tot 'n algehele swaarwigtigheid nie, kan toegeskryf word aan die ritmies-metriese struktuur van die himne. Die heel formele taalgebruik word in 'n sekere sin gebalanseer deur die ligtheid en lewendigheid van die ritmies-metriese struktuur van die vers. Lafaye (1894:79) het gelyk wanneer hy daarop wys dat die kombinasie van die glikoniese en pherekratische versmaat aanleiding gee tot "*une poésie brillant et légère*". Dit is in hierdie verband ter sake om daarop te wys dat carmen 34, saam met carmina 11 en 51, een van die min verse van Catullus is wat in die streng tegniese sin van die term in 'n liriese versmaat geskryf is (kyk Quinn, 1972a:31). Die globale voorkeur vir trogees bo spondees in die eerste versvoet, verskil wel van die praktyk in carmen 61, en alhoewel dit in vergelyking met daardie vrolike huwelikslied 'n ietwat meer besadigde ritme het (kyk Fordyce, 1965:172), bly die oorwegende indruk een van ligtheid.

In hierdie gedig is die strofe die vernaamste eenheid, en daar is 'n duidelike neiging om hiatus tussen die versreëls te vermy. Daar kom wel twee gevalle van die eindsillabe van 'n versreël voor (in versreëls 11 en 22). Hierdie *synaphæa* dien volgens Quinn (1970:192) om die kontinuïteit van die strofe te versterk. Terwyl dit moontlik is om 'n saak daarvoor uit te maak dat hierdie elisies op grond van oorwegings van simmetrie in hul besondere posisies voorkom, meen ek Quinn (1970:194) het gelyk wanneer hy beweer dat die elisie aan die einde van versreël 22 wat resulteer in *Romuliqu' / antiqu' ut* (22-23) nie besonder goed op die oor val nie.

## 6.10 GRIEKSE EN ROMEINSE ELEMENTE

Wat besonder interessant is in carmen 34, is die wyse waarop Griekse en Romeinse elemente daarin verenig word.

Waar dit in hierdie studie onder andere gaan om 'n poging tot vasstelling van die voorwaardes vir 'n toereikende lesing van 'n gebedstek, kom

dit my voor dat die verstaan van hierdie gedig baie sterk aanleun op kennis van die kulturele konteks wat voorveronderstel word.

Kroll (1960:62) merk op dat die Diana van carmen 34 "freilich als die Griechische Artemis erscheint", en Williams (1968:154) gaan nog verder wanneer hy beweer: "... the deity is conceived in terms that are purely Greek; it is really the Greek goddess Artemis, not the Roman Diana, who is celebrated by a choir of unmarried boys and girls, which is pure Greek ritual, and, of course, the meter is that of Greek lyric. ... The only Roman touch is the final request that the goddess protect the Roman people.

'n Minderheidstandpunt word ingeneem deur Ellis (1876:90) wanneer hy beweer dat 'n kennisname van versreëls 5-8 aantoon dat die digter hom nie hou by 'n suiwer Romeinse opvatting van Diana nie, wat as 'hierdie strofe buite rekening gelaat sou word, heeltemal moontlik sou lyk.

Wilamowitz-Moellendorff (1962:287 e.v.) gee 'n meer gebalanseerde oorsig, waarin hy sowel Griekse as Romeinse elemente in die gedig aantoon.

Die Diana van carmen 34 is duidelik geskoei op die lees van die Griekse godin Artemis, met haar assosiasies met Ilythia, Hekate en Selene, en is in Catullus se himne gekontekstualiseer of verromeins tot Iuno Lucina, Trivia en Luna. Fordyce (1965:171) het gelyk wanneer hy daarop wys dat, alhoewel Diana in die vroeë Romeinse godsdien 'n numen van die woude en die wildernis was, sy in hierdie gedig, soos in die res van die Latynse literatuur, in 'n groot mate as Artemis, en die godinne met wie dié geassosieer is, uitgebeeld word. So word die Romeinse Diana in die Latynse literatuur die *diva triformis* (kyk Horatius, *Carmina*, 3.33.4), en word daar ook in Vergilius verwys na die *tria virginis ora Dianae* (*Aeneis*, 4.511).

Die Diana wat in hierdie himne uitgebeeld word, is nie Diana Nemorensis van die Romeinse godsdien nie. Daarom is Kroll (1960:63) van mening dat die uitbeelding van Diana, spesifiek in strofe vier, "rein literarisch" is. Hiermee is die navorsers reeds op die grens van die kontekstuele probleme, waarvoor weldra meer gesê sal word (kyk punt 7).

Wat op hierdie stadium van die argument belangrik is, is om daarop te wys dat die gedig wel duidelik Romeinse elemente bevat, soos gesien kan word uit formulerings soos in *fide* (1); die uitbeelding van Diana in die gestalte van Luna as die reguleerder van die maande wat deur hierdie handeling die skure van die boer vul (iets wat Wilamowitz-Moellendorff (1962:289) opmerk "ganz italisch gedacht" is), en veral in die eksplisiete bede dat Diana die volk van Romulus bona ... ope moet sien (24).

Van die verskillende perspektiewe op die Griekse en Romeinse elemente in carmen 34 is dié van Sellar (1905:456) waarskynlik die bevreëgendste: "The Goddess addressed is a living Power, blending in her countenance the human and picturesque aspects of the Greek Artemis with the more spiritual and beneficent attributes of the Roman Diana."

## 7. INTERPRETASIEPROBLEME

In vergelyking met gedigte soos carmina 1, 36 en 76 wat later behandel sal word, is die interpretasieverskille oor wat in hierdie gedig gesê word, en ook oor hoe die himne gestruktureer is, byna onbeduidend. Die enkele verskille wat wel op hierdie vlak voorkom, is of die integri van versreëls 2 en 3 slaan op reinheid (soos wat Ellis, 1876:90 en Williamson, 1969:128 meen), of op 'n ongetroude staat (Quinn 1970:192), en of dit daarop dui dat die seuns en meisies *patrimi* en *matrimi* is, dit wil sê, met albei hul ouers lewend, iets wat as vereiste vir die deelname aan sekere godsdienslike handelinge gestel is. Terwyl ek my in hierdie opsig skaar by diegene wat die standpunt huldig dat dit hier gaan om reinheid en onkreukbaarheid, is dit duidelik dat 'n verskil hieroor tot geen diepgaande verskille in die globale interpretasie aanleiding gee nie.

### 7.1 KONTEKSTUELE PROBLEME

Daar bestaan wel belangrike meningsverskille oor carmen 34, maar die vraagstukke waaroor dit gaan, lê op kontekstuele eerder as tekstuele vlak. Die sake wat in dispuut is, is of die Diana-himne as 'n persoonlike gedig beskou moet word, of dit geskryf is vir 'n godsdienslike geleentheid en of dit 'n blote literêre vingeroefening is, of dit geskryf is om gesing of gelees te word, en of daar 'n rolverdeling vir die "opvoering" van die himne is.

### 7.2 ENKELE STANDPUNTE

Sover dit die eerste van hierdie vraagstukke aangaan, wat die biografiese outeur se ingesteldheid by die skryf van die himne teenoor sy onderwerp raak, is daar voorstanders van sowel 'n persoonlike as onpersoonlike interpretasie van die gedig. Renard (1946:351) vind in die gedig "*une sincérité poétique qui en fait tout autre chose qu' un exercice littéraire.*" Ook Bardon (1970a:24) meen dat die rituele allure van carmen 34 blyke gee van die digter se persoonlikheid: "*... l'imitation du formulaire révèle les structures intellectuelles et morales de l'auteur.*" So beskou moet die gedig dan gelees word as 'n uitdrukking van die digter se persoonlike godsdiensligheid. 'n Ander persoonlike faset, wat op die digter se godsdienslig-politieke oortuigings betrekking het, word uitgewys deur Sellar en Williams. Sellar (1905:456) merk op dat Catullus in hierdie gedig, in teenstelling met die res van sy oeuvre, blyke daarvan gee dat hy hom kon identifiseer en simpatie gehad het met die nasionale gevoel en godsdiens van Rome. Williams (1968:42) stel tentatief die standpunt dat die digter aan die einde van sy lewe 'n positiewer houding teenoor die politiek ingeneem het. In hierdie verband verwys hy veral na carmen 11,<sup>1</sup> maar betrek 34 daarby, wanneer hy opmerk: "*... poem 34 too is puzzling in its serious, but general, political reference.*"

<sup>1</sup> Williams beroep hom in hierdie verband op die tiende versreël van

Teenoor diegene wat hierdie himne nou wil verknop aan die biografiese outeur se persoonlike gevoelens, vind ander outeurs carmen 34 'n onpersoonlike gedig. Soles (1954:8-9) reken dat hierdie himne, saam met carmina 63, 64 en 66, tot die min gedigte van Catullus behoort wat geen persoonlike betekenis vir Catullus gehad het nie. Mendell (1965:41) gaan nog verder, en gee te kenne dat die digter deur die skryf van hierdie himne 'n uitdaging tot die konvensionele himnedigters gerig het. Hy skryf: "It (c. 34) alone has no personal reference, no stark realism, no incidental appropriateness. It is the challenge of the new poet to the writers of the conventional hymn, letting in a shaft of light and banishing all penitential grimness." Sover dit die moontlike nasionale referensie van die gedig aangaan, is Wheeler (1934:63) van mening dat Catullus in sy oeuvre, en ook in hierdie himne (wat hy as 'n geromaniseerde Griekse himne tipeer), geen belangstelling toon in die geskiedenis van sy land nie. Dit is in teenstelling met sy tydgenoot Marcus Varro, die oudheidkundige, en met die praktyk van die later Augustynse digters, in wie se werke 'n duidelike sosiaal-politieke bewustheid aanwysbaar is.

Ter afsluiting van hierdie bespreking van die dispuut oor die persoonlike of onpersoonlike aard van carmen 34, kan daarop gewys word dat enkele kommentatore verskillende moontlikhede ooplaat. Sowel Williamson (1969:128) as Kroll (1960:62) stel dat die himne moontlik 'n opdragwerk kon wees, maar meen dat dit net so maklik "eine blasse Stilübung" (Kroll, 1960:62) kon wees.

Sover dit die vraag aangaan of die Diana-himne 'n opdragwerk was, heers daar ook meningsverskil. Fordyce (1965:171) wys daarop dat daar geen interne tekstuele getuieis vir so 'n opvatting is nie, en hy meen dat die himne waarskynlik nie vir werklike opvoering bedoel was nie. Die teenoorgestelde standpunt word gehuldig deur Ellis (1876:89). Ook Renard (1946:351) merk op dat die teks kenmerke vertoon van 'n geskrif wat bestem is vir Romeinse godsdienstige seremonie, alhoewel hy toegee dat daar nie met stelligheid gesê kan word of dit inderdaad werklik gesing en opgevoer is nie.

Skrywers wat aanvaar dat die gedig 'n opdragwerk was, verskil daaroor of dit vir 'n seremonie in die staatskultus bedoel is, al dan nie. Ellis (1876:89) toon oortuigend aan dat die ou opvatting dat carmen 34 vir die viering van ludi saeculares geskryf is, nie houdbaar is nie, en spreek die mening uit dat dit moontlik bedoel kan wees vir feestelikhede op die Idus van Augustus ('n dag wat heilig aan Diana was), of vir die fees ter ere van Luna, wat jaarliks op die laaste dag van Maart op die Aventynse heuwel gehou is. Daarteenoor stel Wilamowitz-Moellendorff (1962:289-290) dat dit uitgesluit is dat die himne in die staatskultus gebruik is, en

---

carmen 11: Caesaris visens monumenta magni. Hierdie versreël word deur sommige kommentatore beskou as 'n poging om te vergoed vir 'n vroeëre invektief teen Caesar (carmen 93). Dit wil my voorkom of dit hoogs te betwyfel is of hierdie gedig 'n politieke fokus het. Versreël 10 kom voor in 'n konteks waar die spreker die "grand manner" nadoen en in die proses parodieer. Die eerste vier strofes dien as aanloop tot die onverwagse en skokkende twee slotstrofes, waarin daar van die eens beminde afskeid geneem word. In die lig van die konteks is versreël 10 alles behalwe 'n politieke standpunt-inname.

spreek hy die mening uit dat dit bestem was vir 'n fees in Verona, waar Diana as maangodin vereer is.

In noue samehang met die vraagstuk hierbo, meen skrywers soos Mendell (1965:41) en Ellis (1879:89) dat die himne geskryf is om gesing te word, terwyl Wheeler (1934:206-207) en Fordyce (1965:191) weer die standpunt huldig dat die gedig geskryf is om gelees te word.

Ook oor die vraagstuk of daar sprake is van 'n rolverdeling tussen die kore van seuns en meisies (ingevoelge waarvan sommige strofes gesamentlik, ander deur die meisies en seuns afsonderlik gesing is) bestaan daar nie eenstemmigheid nie. Vir Kroll (1960:62) is so 'n indeling bloot "ein mussiges Spiel", waarvoor daar geen tekstuele getuienis bestaan nie, terwyl Lafaye (1894:79) en Ellis (1876:89) die teenoorgestelde standpunt huldig. Ellis (1876:89) bied 'n moontlike indeling. Daarvolgens is strofes 1 en 6 gesamentlik gesing, strofes 2 en 4 deur die meisies, en 3 en 5 deur die seuns.

### 7.3 BESPREKING

Soos dit uit hierdie oorsig blyk, word daar ingrypend verskil oor hierdie vraagstukke wat op kontekstuele vlak lê. Die vraag moet dus gestel word of dit moontlik is om uitsluitel daaroor te bied.

Sover dit die vraagstuk aangaan of carmen 34 'n persoonlike of onpersoonlike gedig is, wil dit my voorkom of dit nie 'n vraag is wat met sekerheid beantwoord kan word nie, en wat meer is, ook nie een wat beantwoord hoef te word nie. Die persoonlik-onpersoonlike vraagstuk is gewoonlik nie 'n gewoon feitlike vraagstuk nie, maar een waarin dikwels 'n bepaalde hiërargie ingebou is. Wat dikwels agter so 'n vraagstelling sit, is 'n romantiese opvatting oor die digterskap. Hiervolgens is egte digkuns of ware poësie slegs dit wat die digter spontaan in suiwer emosie ontboesem. So 'n opvatting ken dan 'n hoër waarde aan 'n persoonlike as 'n onpersoonlike poësie toe, en op grond daarvan word Catullus se carmina minora dan dikwels hoër aangeslaan as die sogenaamde meer bewustelik artistieke carmina maiora. Alhoewel Catullus se poësie baie dikwels 'n persoonlike en direkte indruk skep, het veral twintigste eeuse navorsing getoon hoeveel gekonstrueerdheid, hoeveel "artifice" aan selfs heel kort gedigte ten grondslag lê (kyk Heine, 1975:2-3). Die belangrike punt is egter dat die heersende opvatting oor die digterskap voor Vergilius die van "maker" was (kyk Newman, 1967:8), wat ver verwyderd is van 'n romantiese beskouing van die digterskap. Dit is wel so dat deur die werk van Catullus en die novi poetae 'n persoonliker element die Romeinse poësie binnegetree het, maar dit hang ten nouste saam met 'n strewe na 'n gesofistikeerde en stilisties fyn gekonstrueerde poësie (kyk Quinn, 1969a :26).

Dit wil my daarom voorkom of daar gewaak moet word teen die gebruik van die persoonlike-onpersoonlike onderskeiding as 'n waarde-kriterium. Teen die aanwending daarvan as 'n deskriptiewe kategorie is daar nie beswaar nie, alhoewel dit nie na 'n onderskeiding lyk wat produktiewe insigte in die werking van poësie bevorder nie.

Afgesien daarvan dat die vraag oor die psigiese ingesteldheid van die outeur onbeantwoordbaar is (omdat so 'n uitspraak onkontroleerbaar is), is daar 'n belangrike tekstuele faktor wat die navorser die vraag moet laat stel of 'n persoonlike of onpersoonlike ingesteldheid ten opsigte van carmen 34 'n tersaaklike vraagstelling is. Die ooglopende (maar dikwels uit-die-oog-verloorde!) saak waaroor dit hier gaan, is dat die persoon in hierdie gedig 'n groep seuns en meisies is, wat as 'n "ons" die loflied aan die godin toewy. Terwyl voorstanders van 'n biografiese en persoonlike interpretasie sou kon aanvoer dat daar agter die gedigsprekers 'n biografiese outeur staan wat hulle aan die woord stel, is dit 'n gevaarlike praktyk om die gedigsprekers sonder meer met die biografiese outeur te identifiseer. 'n Nog belangriker beswaar teen so 'n aanpak is dat dit weinig of niks bydra tot die verstaan van die werking van die gedig nie.

Oor die vraagstuk of die Diana-himne 'n opdragwerk was of as 'n literêre vingeroefening beskou moet word, kan daar eweneens nie met sekerheid 'n uitspraak gelewer word nie. Wheeler (1934:206-207), wat hierdie probleem aansny vanuit die hoek van die vraag of carmen 34 bedoel was om gesing te word by 'n spesifieke geleentheid, en of dit 'n literêre gedig was wat bedoel was om gelees te word, bied myns insiens 'n goeie perspektief hierop. Hy voer aan dat, tensy daar eksplisiete getuienis tot die teendeel is, die navorser moet uitgaan van die veronderstelling dat die digter volgens die heersende konvensies te werk gegaan het. Alhoewel digters dikwels gepoog het om met hul verse die indruk van 'n lied te wek, was die normale praktyk dat selfs sulke liriese gedigte wat voorgee om liedere te wees, hardop gelees is. In die afwesigheid van eksplisiete tekstuele of ekstratekstuele getuienis dat 'n gedig gesing is (iets wat byvoorbeeld wel in die geval van Horatius se *Carmen Saeculare* bestaan), moet van die veronderstelling uitgegaan word dat die gedig ooreenkomstig die normale konvensies geskryf is. Hy wys daarop dat die himne 'n literêre vorm geword het: "They were written as if for song, but as a rule the poet's use of lyric meters, his references to singing and music, the assignment of parts to various singers were then as now conventions. ... The poets wished to produce the semblance of song; their purpose was as a rule artistic, not practical. But the methods characteristic of the artistic purpose are often identical with those which would have been employed if the purpose had been practical, and so wherever the semblance of song is best maintained, as in hymns or wedding poems, it has often been wrongly assumed that these pieces were composed for actual song" (1934:207). Hierdie standpunt van Wheeler lyk vir my na 'n versigtiger, kontroleerbaarder en literêr relevantere stelling as dié van diegene wat op 'n speurtog gaan om die himne aan 'n spesifieke historiese gebeurtenis te probeer verknop. Wat veral belangrik is in Wheeler se uiteensetting is sy opmerking dat die literêre gebruik van die himnevorm in hierdie geval geskied in ooreenstemming met die konvensies vir godsdienstige tekste. Anders as in die geval van carmen 36, wat later bespreek sal word, is daar geen tekstuele aanduidings wat die leser bewus maak van 'n tweede perspektief op die mededeling nie en wat die verhewe sfeer van die gebedsvorm ondergrawe nie. Dit toon terselfdertyd aan dat die literêre aanwending van 'n gebedsvorm nie noodwendig in opposisie tot die veronderstelde standaardvorm (die godsdienstige himne) hoef te staan nie. Dit hou nie in dat kennis oor die abstrakte standaardvorm van die himne (wat in die sistematiese afdeling gebied is) nutteloos is vir die literêre bestudering van 'n literêre himne nie. Wat in 'n geval soos carmen 34 gebeur, is dat die patroon waarvan die leser, op grond van sy kennis van die vorm

en die konvensies wat daarmee verband hou, bewus is, in die leesproses bevestig word.

Die onderskrywing van Wheeler se standpunt hou nie in dat hierdie navorser die standpunt huldig dat die korrekte interpretasie van 'n gedig daarin bestaan dat die interpretasie in ooreenstemming moet wees met die outeur se bedoeling of die oorspronklike situasie waarbinne die gedig gefunksioneer het nie. Dit kan geïllustreer word met verwysing na die probleem of daar 'n rolverdeling in die verskillende strofes van die himne onderskei kan word. Alhoewel die standpunt van Wheeler onderskryf word dat die gedig hom voordoen as 'n lied waarin seuns en meisies die lof van die godin besing, maar dat dit nie noodwendig gesing is nie, sou hierdie skrywer nie 'n interpretasie wat rolle uitwys sonder meer afskryf nie. Hy sou dit beskou as een van die moontlike konkretiserings of realiserings van die artefak. Dit is, soos Wheeler (1934:206-207) self te kenne gee, glad nie onmoontlik dat 'n gedig soos *carmen 34* in sy latere geskiedenis gesing is nie, alhoewel hy nie meen dat die digter dit oorspronklik so bedoel het nie. Die ratio agter die indeling van strofes is nie noodwendig vergesog nie. Strofe een gee duidelik blyke van gesamentlike optrede (*pueri integri / puellaeque canamus (3-4)*). Dit is heeltemal moontlik om strofes 2 en 4 in te deel as strofes wat deur die meisies gesing is, op grond van die temas wat daarin behandel word (respektiewelik die geboortelegende van die godin, en haar verskillende funksies, spesifiek as godin wat deur vroue in barensnoed aangeroep is). Eweneens is dit ook nie vergesog dat strofes 3 en 5 vir seuns bestem kon wees nie (aangesien dit daarin gaan om die benoeming van Diana se magsfere, en spesifiek om die gawes wat sy aan die boer skenk). Strofe ses sou dan op sy beurt 'n gesamentlike gebed kon wees, iets wat 'n mooi simmetriese beurtsangstruktuur tot gevolg het.

Die punt wat hiermee gestel word, is eenvoudig dat 'n gedig as artefak nie noodwendig net op een wyse gekonkretiseer kan word tot estetiese objek nie, maar dat meerdere wyses van aktualisering moontlik is. Selfs wanneer so 'n vertolking van die (gehipotetiseerde) bedoeling van die outeur sou afwyk, maak dit so 'n vertolking nie per se 'n foutiewe vertolking nie. Die artefak leen hom tot albei aktualiserings, soos die resepsiegeskiedenis van die gedig aantoon. Om saam te vat: al meen ek dat Wheeler gelyk het dat die gedig bloot die indruk wek van 'n werklike opvoering, sou ek nie om dié rede 'n ander vertolking van die artefak afwys, bloot omdat dit (waarskynlik) nie is hoe dit oorspronklik bedoel is of oorspronklik gefunksioneer het nie. Die geskiedenis van interpretasie is per definisie 'n historiese proses. Die nuttigheid van 'n bepaalde interpretasie hang saam met die mate van insig wat dit in die funksionering van 'n gedig bied.

Die verskil van hierdie standpunt met die opvatting dat *carmen 34* inderdaad opgevoer is, is dat laasgenoemde standpunt se korrektheid afhang van die feitlike vraag of die himne inderdaad opgevoer is, terwyl hierdie toelating van 'n ander vertolking berus op 'n leserskeuse.

## 8. METODOLOGIESE EN WETENSAPSHISTORIESE OPMERKINGS

Ter afsluiting van hierdie bespreking van carmen 34 word die aandag kortliks gevestig op 'n metodologiese perspektief wat uit hierdie ondersoek voortvloei.

Die verkenning van die naasbestaan van Griekse en Romeinse elemente in 'n gebedstek van Catullus, hou konsekwensies in vir die metode wat in die sistematiese gedeelte van hierdie studie gevolg is. Daarin is gepoog om op 'n sistematiese wyse 'n oorsig te bied oor die Romeinse godsdienstige gebed om te dien as 'n verwysingspunt waarmee die literêre benutting van die gebedsvorm in verband gebring kan word. Hierdie poging tot sistematiek was in 'n sin 'n poging om 'n resepsiekonteks vir die verstaan van Catullus se gebedsgedigte te konstrueer.

Uit die simbiose van Romeinse en Griekse elemente in hierdie gedig is dit duidelik dat 'n verkenning van die Romeinse godsdienstige gebed wel 'n belangrike konteks bied teen die agtergrond waarvan die literêre gebedsgedig bestudeer kan word, maar dat dit op sigself ontoereikend is. Die rede hiervoor is dat die voorwaardes vir die verstaan van hierdie gedig nie slegs 'n kennis van die Romeinse godsdienstige gebed veronderstel nie, maar ook van die gebed in die literêre tradisie. 'n Toereikende verstaan van hierdie himne met sy integrasie van Griekse en Romeinse elemente en die daarop gebaseerde spel met name veronderstel kennis van die wyere kulturele konteks, naamlik die kennis van die leefwêreld van die belese Romein van daardie tyd. Die verstaan van carmen 34 vereis kennis van meer as slegs die Romeinse godsdienstige konteks, en moet ook die aanwesigheid van Griekse elemente en die literêre kompetensie wat veronderstel word in berekening bring. Hieruit blyk dit dat die ondersoek na die literêre konvensies wat geheers het ten tyde van Catullus en die ander *poetae novi* se loopbaan as skrywers 'n noodsaaklike konteks gebied het vir die verstaan van Catullus se gebedsgedigte. Die Diana-himne leen hom, sover dit die interne bouvorm daarvan aangaan, goed tot 'n struktuur-georiënteerde analise en bespreking. Die redes hiervoor moet na alle waarskynlikheid gesoek word in die gedig se noue aansluiting by die konvensies vir gebedstekste, en in die Aleksandrynse strewe na strukturele afronding. So 'n struktuurgeoriënteerde ondersoek is egter nie in staat om op die kontekstuele probleme lig te werp nie, iets wat verstaanbaar is, omdat dit buite die skopus van so 'n benadering lê.

'n Verdere punt wat vermelding verdien, is die feit dat, afgesien van bondige besprekings van hierdie himne in werke oor Catullus, die wetenskaplike werk wat daarvoor onderneem is, hoofsaaklik in kommentare in teksuitgawes gedoen is. Daar bestaan baie min vollengte artikels oor hierdie gedig, iets wat verskil van sekere van die ander gebedstekste (soos *carmina* 1 en 76) wat later bespreek sal word. Dit wil my voorkom of die rede hiervoor gesoek moet word in die feit dat die gedig op tekstuele vlak weinig probleme oplewer. Daar word waarskynlik gevoel dat die gedig so duidelik is dat uitvoerige interpretasies daarvan nie nodig is nie. Dit bevestig die opvatting van wetenskapsteoretici dat wetenskapsbeoefening ten nouste saamhang met die identifisering van probleme, en 'n poging om daardie probleme op te los.

## AFDELING C

### DEEL 2

#### DIE PERSOONLIKE GEBED

##### INLEIDING

Binne die raamwerk van Kleinknecht se gebedstipologie (kyk hoofstuk 3, punt 3.3.2) hoort carmina 109 en 76 wat vervolgens bespreek sal word, tuis onder die persoonlike of private gebede.

Daar is ook ander oorwegings wat hierdie gedigte saambind: albei maak deel uit van die Lesbia-siklus en kan as liefdesgedigte geklassifiseer word. Voorts kom albei voor in die laaste gedeelte van Catullus se oeuvre, wat gewoonlik as die epigramme bekendstaan.

'n Verdere opsig waarin hierdie gedigte ooreenstem, en waarin dit verskil van carmen 34 wat hierbo bespreek is, is die feit dat die gedigte nie in geheel gebedstekste is nie, maar dat die gebedstekste in elk daarvan slegs 'n onderdeel van die gedig uitmaak. Om vas te stel hoe die gebedsge- deeltes literêr funksioneer, kan daar uiteraard nie slegs meganies na die *precatio* op sigself gekyk word nie, maar moet die gebede bestudeer word in die verhouding daarvan tot die teksgeheel.

In die bestudering van carmina 109 en 76 sal daar nagegaan word hoe die gedigte gestruktureer is en hoe die gebedstekste daarbinne inpas en funksioneer. In die loop van die bespreking sal aandag geskenk word aan wat van die leser verwag word om die tekste toereikend te lees. Daar sal nagegaan word watter interpretasieverskille daar oor hierdie gedigte voorkom, op watter vlakke hierdie verskille lê, en aan watter faktore hierdie verskille toegeskryf kan word. In hierdie verkenning van interpretasieverskille sal die probleme rondom die aantal moontlike betekenisse van 'n gedig bespreek word.

Die volgorde waarin die twee gedigte behandel sal word, naamlik eers carmen 109 en daarna carmen 76, hou verband met die leser se opvatting oor hoe die gedigte binne die Lesbia-siklus saamhang. Die hoofmotivering vir hierdie volgorde is egter die graad van dispuut wat daar oor hierdie gedigte heers. Carmen 109 kan, in die lig van die resepsiegeskiedenis daarvan, beskou word as 'n minder problematiese gedig as carmen 76.

## HOOFSTUK 6

### CARMEN 109

#### TEKS

lucundum, mea vita, mihi proponis amorem  
hunc nostrum inter nos perpetuumque fore.  
di magni, facite ut vere promittere possit,  
atque id sincere dicat et ex animo,  
ut liceat nobis tota perducere vita  
aeternum hoc sanctae foedus amicitiae.

#### 1. BENADERINGS TOT DIE BESTUDERING VAN DIE GEDIG

Carmen 109 het tot dusver betreklik min aandag van literature gekry. Sover vasgestel kon word, is slegs twee artikels, dié van McGushin (1967) en Schönberger (1980-1981), spesifiek daaraan gewy. Afgesien daarvan word die gedig in 'n aantal omvattender werke behandel. Wat opval van hierdie besprekings is dat die studies daaroor hoofsaaklik ideïsties en soms ook biografies van aard is. Sover dit die ideïstiese benaderings aangaan, is die studies daarop gemik om bepaalde opvattinge van Catullus te ondersoek. Carmen 109 is hoofsaaklik bestudeer om bewysmateriaal te verkry om Catullus se opvatting oor die liefde toe te lig. Veral die konsepte van foedus en amicitia is onder die vergrootglas geplaas. Dit is na alle waarskynlikheid juis hierdie motieweherhaling in groot dele van die oeuvre wat 'n ideïstiese benadering tot Catullus se poësie so aanloklik maak. Die leser is voortdurend daarvan bewus dat 'n bepaalde gedig deel vorm van 'n netwerk of maas van ander gedigte waarmee dit intertekstueel verband hou. Terwyl so 'n benadering waarin daar gepoog word om die idee-inhoud van 'n gedig of van 'n digter se oeuvre aan die lig te bring, nie geringgeskat word nie, is dit tog opvallend dat daar in hierdie studies baie min aandag geskenk is aan Carmen 109 as 'n woordkunswerk en nie bloot as 'n voertuig van idees nie. Met die uitsondering van die artikel van Schönberger (1980-81) en 'n mate die bespreking van Stoessl (1977) is die teksinterne struktuur van hierdie gedig tot dusver baie kursories behandel. Dit is as bysaak beskou, as 'n blote verpakking van die idees wat in die gedig vergestalt word.

Ander besprekings word gekenmerk deur 'n biografiese belangstelling. Carmen 109 word, in samehang met die ander Lesbia-gedigte, gebruik om die verhouding tussen die historiese Catullus en Clodia (alias Lesbia) te rekonstrueer. Hierdie gedigte word dan beskou as die ekspressie van direkte lewenservaring en as 'n onvervalste verslag van historiese gebeure. Die liefdesverhouding word op so 'n wyse gerekonstrueer dat dit 'n netjiese enkellynige verloop vertoon. Daar word aanvaar dat die verhouding begin het met 'n toestand van algehele geluksaligheid (waarvan carmina 50, 5 en 7 gewoonlik as voorbeelde voorgehou word), dat daarna eers twyfel en daarna geleidelike ontnugtering by Catullus

ingetree het, totdat die mislukking van die verhouding weens die ontrouheid van Lesbia vir Catullus self duidelik geword het, en hy carmina 8, 76 en 11 aan die einde daarvan geskryf het. In hierdie nette volgorde word carmen 109 gewoonlik beskou as een van die gedigte wat tuishoort in die tydperk van liefdesgeluk, maar waar die eerste aanduidings van twyfel en skepsis reeds by Catullus ingetree het. Hierdie biografiese neiging word soms so ver gevoer dat outeurs selfs uitsprake maak oor die volgorde waarin die gedigte geskryf is. Stoessel (1977) se werk is 'n voorbeeld hiervan. Sodanige kennis word dan as nuttig en selfs as onontbeerlik vir literêre studie beskou.

In teenstelling met hierdie biografiese en ideïstiese benaderings word daar in die bespreking wat hierop volg strenger tekstueel te werk gegaan. Terwyl aanvaar word dat carmen 109 na alle waarskynlikheid sy aanleiding in 'n historiese liefdesverhouding gehad het, is die fokus in hierdie bespreking nie gerig op die historiese verhouding as sodanig nie, maar op die taal- en literatuurgeworde gestalte daarvan. Hierdie aanpak, met sy sterk klem op die talige struktuur van die gedig, gaan uit van die aanname dat die "wat" van die literatuur nie geïsoleer kan word van die "hoe" daarvan nie. Daar moet daarop gelet word dat so 'n linguaal-georiënteerde aanpak nie in beginsel die inhoud van 'n gedig tot iets onbelangriks relegeer nie, maar dat dit die inhoud bestudeer in noue samehang met die vorm van 'n gedig.

Terwyl voorstanders van 'n linguaal-georiënteerde benadering dikwels geneig is om die gedig as 'n "verbal icon" en as sodanig as 'n outonome entiteit te bestudeer, sal daar in hierdie bespreking gepoog word om aan te toon hoe die leser se kennis van sowel die interteks as die literêre konvensies belangrik is vir 'n toereikende lesing van carmen 109. Alhoewel hierdie gedig eerstens analities bestudeer sal word met klem op die enkelteks as sodanig, sal daar na hierdie analise aangetoon word hoe kennis van ander tekste (sowel van gedigte van Catullus as van 'n teks van 'n ander outeur) ter sake is vir die verstaan van carmen 109.

In die bestudering van die teks as 'n talige struktuur en met inagneming van die intertekstuele assosiasies wat daardeur opgeroep word, konstrueer die leser die wêreld van die gedig en skep hy 'n konteks waarbinne die taaluitings sin maak. Sover dit carmen 109, en ook 76 wat hierna bespreek sal word aangaan, is lesers ad idem daaroor dat hierdie gedigte tuishoort binne die Lesbia-siklus, waarin dit gaan om die verhouding tussen Catullus en Lesbia. Anders as in die biografiese benadering waar die teks beskou word as 'n dokument of verslag van 'n historiese gebeurtenis, staan die vraag of die teks 'n "ware weergawe" van 'n historiese gebeurtenis is nie sentraal in die benadering wat hier gevolg sal word nie. Die vraag of carmen 109 gebaseer is op 'n "ware gebeurtenis" mag histories interessant wees, maar word nie as literêre belangrik geag nie.

## 2. DIE TEKSINTERNE STRUKTUUR

### 2.1 TEMATIESE VERLOOP

Carmen 109 is, soos die meeste van die epigramme wat in die derde afdeling van die Catullusbundel voorkom, 'n heel kort gedig. Dit beslaan slegs ses versreëls, opgebou uit drie elegiese koeplette. Ten spyte van hierdie kort formaat is dit 'n gedig wat 'n wye terrein bestryk.

Die gedig kan op verskillende wyses ingedeel word, en literatoure is van mening dat dit in twee (Stoessl, 1977:93) of drie (Schönberger, 1980-1981:333-334) onderdele uiteenval.

Die kerngedagtes in die drie koeplette kan abstrak soos volg saamgevat word:

Versreël	Tema
1-2	Die beminde se <i>propositio amoris</i> .
3-4	Die spreker se bede aan die gode.
5-6	Die "bestemming" (doel of gevolg) van die bede.

Die spreker is deurgaans aan die woord. In die eerste koeplet word die sfeer geskep waarbinne die gedig afspeel. Die digter spreek sy beminde in direkte apostrofe as *mea vita* aan en vertel van haar onderneming teenoor hom dat die liefde tussen hulle aangenaam en durend sal wees. Die twee koeplette wat daarop volg, kan beskou word as reaksie op, en voltooiing van die eerste. In die tweede koeplet rig die spreker hom, weer eens in direkte apostrofe, tot die gode, en bid dat sy beminde in staat is om opreg te belowe, en dat sy haar onderneming opreg bedoel. Die derde koeplet, wat sintakties met die tweede verbind is, en wat as doel- (kyk Clausen, 1982:203) of gevolgsin (Schönberger, 1980-81:332) beskou kan word, skets die bestemming van die bede: dit waarop die spreker hoop as sy gebed verhoor word, naamlik 'n ewige verbond van heilige vriendskap.

### 2.2 DIE GEBEDSVORM

Oor die struktuurprinsipes wat in hierdie gedig werksaam is, sal weldra meer gesê word. Voordat dit gedoen word, word die formele struktuur van die gebed van naderby bekyk.

Sover dit die merkers waaraan 'n gebed uitgeken word aangaan, is dit opvallend dat slegs die sogenaamde verpligte komponente van die vormskema in hierdie teks voorkom. Die *invocatio* is kort en kragtig: *di magni*, sonder enige spesifikasie van die name van die gode aan wie die gebed gerig word. Dit wyk af van die normale konvensie, waarvolgens daar besondere aandag geskenk is aan die korrekte benoeming van die godheid of gode (kyk hoofstuk 3, punt 4.2). Afgesien van die *magni*

as epitheton is daar geen uitgebreide predikering van die gode nie. Die tipering magni dui bloot op hul grootheid en mag.

Soos dit uit die imperatiewe vorm van die werkwoord facite blyk, word die gode aangeroop in hul hoedanigheid as diegene wat die mag het om iets te bewerkstellig en om aan die bidder sy wens te skenk. Die inhoud van die gebed, naamlik ut vere promittere possit / atque id sincere dicat et ex animo (3b-4) skakel in by die res van die diskoers. Enersyds is dit die spreker se reaksie op die meisie se onderneming in die eerste koeplet, en andersyds dien dit as aanloop en voorbereiding tot die verdere uitbreiding van die bede in versreëls 5-6.

## 2.3 FORMULÊRE TAALGEBRUIK EN REGISTER

In lyn met die indruk dat slegs die kernkomponente van die vormskema gebruik word, tref die leser in hierdie gebed nie 'n oormaat van formulêre taalgebruik of woorde in 'n verhewe register aan nie. Afgesien van die konvensionele uitdrukkings di magni, facite, en (in 'n mate) ut liceat is daar, sover dit formulêre taalgebruik aangaan, in die gebedsteks self nie sterk aanduidings dat 'n verhewe register nagestreef word nie. In die aanloop tot die gebed kom die formele uitdrukking proponis voor. Alhoewel kommentatore verskil of die betekenis daarvan "jy onderneem" of "jy stel in die vooruitsig" is, word proponere dikwels gebruik in kontekste waar daar van 'n formele en plegtige onderneming sprake is (kyk byvoorbeeld Velleius Paterculus, *Historiae Romanae*, 2.6.5: pretium se daturum idque anno repensurum proposuit). Hierdie betekenis skakel goed in by die verdragsterm foedus wat in die slotreël voorkom. Die verhewe toon van hierdie gedig is nie soseer toe te skryf aan 'n besonder formele taalgebruik nie, as aan die feit dat woorde wat aforisties in Catullus se woordeskat is hierin voorkom, naamlik woorde soos amicitia en foedus. Hierdie woorde kom ook in ander outeurs se werk in formele kontekste voor (kyk Sallustius, *Bellum Iugurthinum*, 104: foedus et amicitia dabuntur).

## 2.4 STRUKTUURPRINSIPES

Alhoewel daar gewoonlik min aandag geskenk word aan die formele struktuur van hierdie gedig, het Schönberger (1980-1981:329) gelyk wanneer hy opmerk dat hierdie gedig nie alleen een van die mees ekspressiewe gedigte van Catullus is nie, maar dat dit ook "sehr kunstvoll" is. Daar word vervolgens aandag geskenk aan die vernaamste struktuurprinsipes van die gedig.

### 2.4.1 Persoonswisseling

Alhoewel die spreker deurgaans aan die woord is, is daar 'n opvallende struktuurpatroon aanwysbaar sover dit (grammatikale) persoon aangaan.

In die eerste koeplet, is daar sprake van 'n "ek", 'n "jy" en 'n "ons". Die spreker (implisiet 'n "ek") is aan die woord. Hy verhaal die onderneming wat sy beminde as 'n tweede persoon ("jy"), soos blyk uit die

werkwoordsvorm *proponis*) aan hom as 'n eerste persoon (*mihi*) maak oor *amorem nostrum inter nos*. Dit skep die indruk van direktheid en as 't ware van 'n gesprek tussen die spreker en sy beminde. Hierdie indruk word versterk deur die voorkoms van 'n direkte aanspreking of apostrofe van die beminde as *mea vita*. Ook die aanwysende voornaamwoord *hunc* wat as kwalifikasie by *amorem* gebruik word, dui op iets "aanwesigs".

In die tweede koeplet is die aangesprokene nie meer die beminde nie, maar die gode (tweede persoon). Wanneer van die beminde melding gemaak word, is dit nie meer as 'n "jy" nie, maar as 'n "sy", soos blyk uit die persoonsuitgange van die werkwoorde *possit* en *dicat*. So maak die "aanwesigheid" van die eerste koeplet plek vir afstand, asof die spreker van buite kyk. In lyn hiermee verander ook die aanwysende voornaamwoord. In plaas van *hoc* tref die leser die voornaamwoord aan wat dui op iets verwyderds, iets "daar", naamlik *id*.

In die derde koeplet word teruggekeer na die direktheid van die eerste twee versreëls. Daar is sprake van 'n "ons" (dit wil sê "ek" en "jy"), en die aanwysende voornaamwoord is weer een wat dui op iets "hier", naamlik *hoc ... (foedus)*.

So word 'n patroon van direktheid / afstandneming / direktheid gevestig. Dit is asof die spreker hom direk wend tot sy beminde, dan die gespreksituasie verbreek deur hom te wend tot die gode, en laastens terugkeer tot iets direks. Dit verleen 'n dramatiese inslag aan die gedig.

#### 2.4.2 Uitdrukkings wat betrekking het op tydsduur

In die gedig kom daar 'n hele aantal uitdrukkings voor wat betrekking het op duur, voortdurendheid en ewigheid. In die eerste koeplet onderneem die beminde dat hul liefde *perpetuum* sal wees. In die derde is daar 'n wens dat die beminde toegelaat word om vir hul hele lewe (*tota vita*) 'n ewige verdrag (*aeternum ... foedus*) van heilige vriendskap voort te sit (*perducere*).

In die tweede koeplet is daar weliswaar nie op die woord af aanduidings van tydsduur nie. Die leser moet egter oplet dat daar in hierdie koeplet drie bywoordelike uitdrukkings gebruik word wat dui op morele integriteit, en hierdie integriteit sou (indien die bede verhoor word) iets wees waarop 'n mens kan peil trek. Die implikasie hiervan is dat as die beminde opreg is in haar belofte, die verhouding standhoudend sal wees.

#### 2.4.3 Pleonastiese stelwyse

Een van die opvallendste verskynsels in *carmen 109* is die talle voorbeelde van pleonastiese formuleringe. Terwyl dit in die eerste koeplet heeltemal duidelik en voldoende sou wees om bloot die woorde *amorem nostrum of hunc amorem* te gebruik om die liefdesverhouding tussen die spreker en sy beminde aan te dui, tref die leser die uitdrukking *amorem / hunc nostrum inter nos* aan. Dit is asof die spreker begerig is om besonder duidelik te stel oor watter liefdesverhouding dit gaan.

Nog opvallender is die pleonastiese stelwyse in die tweede koeplet. Die gedagte van opregtheid word vooropgestel deur die gebruik van nie minder as drie bywoordelike uitdrukkings nie, naamlik *vere, sincere* en *ex animo*. Die twee bedes, naamlik (*facite ut*) *vere promittere possit* en (*facite ut*) *id sincere dicat et ex animo* het globaal genome dieselfde

strekking. Dit is albei bedes om opregtheid aan die kant van die beminde. In die eerste daarvan is *possit* 'n sleutelwoord, en gaan dit om die geliefde se vermoë om waaragtig te belowe, terwyl die klem in die tweede bede op die opregtheid as sodanig val. Anders as Schönberger (1980-1981:332), wat meen dat vere dui op "das objektive Eintreten der versprochenen Handlung", en sincere en ex animo op die "subjektive Aufrichtigkeit des Versprechens", wil dit my voorkom of hierdie bywoordelike uitdrukkings baie na aan mekaar lê.

In die derde koeplet is daar nie in die streng sin van die woord pleonasme aan te wys nie, alhoewel die gedagte van duur op verskillende wyses op die voorgrond gestel word (kyk punt 3.4.2).

Die redundante stelwyse in die gedig herinner sterk aan 'n tipiese kenmerk van juridiese taalgebruik, naamlik die begeerte om so duidelik as moontlik te omskryf en om geen onduidelikheid toe te laat nie (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3 en 5.3.5). Afgesien daarvan dat die sermo orationis nou verwant is aan regstaal, is die neiging tot juridiese taalgebruik besonder funksioneel in 'n gedig waar 'n liefdesverklaring voorgestel word as 'n formele onderneming en waarin die verhouding getipeer word as 'n foedus.

#### 2.4.4 Ordening van gegewens: patroonvorming

In die kort bestek van hierdie gedig is daar 'n aantal herhalingspatrone aanwysbaar, waardeur soortgelyke en (moontlik ook) onsoortgelyke dinge op mekaar betrek word.

'n Eerste opvallende patroon raak die gebruik van woorde wat morfologiese ooreenkomste vertoon. Dit gaan hier om die woorde:

proponis	A
perpetuumque	B
promittere	A
perducere	B.

Afgesien van die klanklike korrespondensies tussen hierdie woorde het *proponis* en *promittere* albei betrekking op 'n mondelinge of talige onderneming aan die kant van die geliefde. Alhoewel *perpetuumque* en *perducere* verskillende woordsoorte is, word die woorde tog daardeur saamgebind dat albei betrekking het op duur: *perpetuum* gewoon in die woordbetekenis, en *perducere* in samehang met die omramende tota ... vita. Dat die a b a b-ordening waarskynlik nie toevallig is nie, blyk daaruit dat hierdie woorde telkens die tweedelaaste woorde in die versreël is.

'n Tweede patroon wat uitgewys kan word, raak die voorkoms van woorde wat gerangskik is om die middelkoeplet, waardeur 'n simmetriese boupatroon bewerkstellig word. Die patroon sien soos volg daaruit:

lucundum .....	amorem	(1)
nostrum inter nos +	perpetuumque	(2)
vere		(3)
sincere et ex animo		(4)
nobis + tota perducere	vita	(5)
aeternum .....	amicitiae	(6)

Die verband tussen die aangeduide woorde in versreëls 3 en 4 is ooglopend. In die middelkoeplet word die gedagte van opregtheid vooropgestel, en die betekenis van die woorde is dieselfde. Die verband tussen die woorde in versreëls 2 en 5 is ook aanwysbaar. Die woorde *nostrum inter nos* en *nobis* raak elke keer iets waarby albei bemindes ("ons") betrokke is, terwyl die verband tussen *perpetuumque* en *tota perducere vita* daarin opgesluit is dat dit in albei om duur gaan.

Terwyl bogenoemde verbande waarskynlik min dispuut behoort uit te lok, mag lesers dit in twyfel trek of daar 'n soortgelyke verband tussen versreëls 1 en 6 bestaan. Die argumente wat ten gunste hiervan aangevoer kan word, raak eensyds woordvorme en tipografiese posisie, en andersyds semantiese verhoudinge. Sover dit eersgenoemde aangaan, is dit opmerklik dat die eerste en laaste woorde in die aanvangs- en slotversreëls in een van die sillabes ooreenstem:

lucundum.....	amorem	(1)
aeternum.....	amicitiae	(6).

Terwyl daar aangevoer kan word dat hierdie ooreenkomste bloot toevallig is, en verder ook daarop gewys kan word dat hierdie argument verswak word daardeur dat die *-um* van *aeternum* geëlideer word (aangesien dit voor hoc voorkom) wil dit my voorkom of die semantiese verhoudinge tussen die woorde ten gunste van so 'n verbandlegging getuig, en dat hierdie verbande ook onderskraag word deur die woordposisies in die versreëls. Die semantiese verband is geleë in die jukstaponeering van waarom dit vir die beminde en vir die spreker gaan. Vir die meisie gaan dit om liefde (*amor*), vir die spreker om vriendskap (*amicitia*).

Die vraag wat aandag verdien, is of die verhouding tussen hierdie begrippe ook ooreenstemmend is, soos dié wat ten opsigte van die woorde in versreëls 3 en 4, en versreëls 2 en 5 aangetoon is. Om die vraag te beantwoord moet die vier woorde (*lucundum ... amorem / aeternum ... amicitiae*) bestudeer word in samehang met die sinne waar dit voorkom.

Soos sal blyk uit die latere bespreking van interpretasievraagstukke (kyk punt 4.1) neem meeste literatore die standpunt in dat hier van 'n volstrekte kontras of opposisie van teenoorgesteldes sprake is. Hierdie standpunt is eensyds gebaseer op die konvensies van die epigram as literêre genre. In epigramme word dikwels op puntige wyse 'n kontras uitgewerk (Lyne, 1980:22). Andersyds spruit hierdie lesing voort uit die wyere raam waarbinne lesers *carmen* 109 plaas, naamlik dat dit deel uitmaak van die reeks gedigte waarin dit om die verhouding tussen

Catullus en Lesbia gaan. Binne hierdie raam word 'n kontras tussen Catullus en Lesbia se liefdesbeskouings bemerk.

Daar word vervolgens nagegaan of die gedig op sigself, dit wil sê as die intertekstuele raam en die konvensies van die epigram buite rekening gelaat word, getuënis lewer van 'n volslae opposisie tussen *iucundus amor* en *sancta amicitia*.

Indien daar slegs na die woordbetekenisse gekyk word, blyk dit dat *amor* en *amicitia* die kenmerk gemeen het dat dit woorde is wat betrekking het op 'n (aangename) verhouding tussen mense. Waarin hierdie begrippe verskil, is dat, wanneer dit om die liefde tussen 'n man en 'n vrou gaan, *amor* gewoonlik 'n erotiese konnotasie het wat by *amicitia* ontbreek.

Om vas te stel wat die terme in *carmen* 109 beteken, moet die woorde in hul tekstuele konteks bestudeer word. In die gedig onderneem die beminde dat die liefde tussen hulle *iucundum ... perpetuumque* sal wees. Die feit dat hierdie twee adjektiewe deur 'n ingrypende *hyperbaton* geskei is, nie alleen van die selfstandige naamwoord wat dit kwalifiseer nie, maar ook van mekaar (met *iucundum* as eerste woord van die eerste versreël en *perpetuumque* as die tweedelaaste woord van die tweede versreël) dui daarop dat die twee kwalifikasies vooropgestel is. Daar moet daarop gelet word dat die spreker, in sy direkte aanspreking van sy beminde, moontlik hier as 't ware haar woorde siteer (Schönberger, 1980-81:330 en 330 n.5), of op die minste omstel (kyk punt 4.2). Hierdie onderneming word vervolgens vergelyk met die spreker se wens, naamlik dat hulle toegelaat mag word *tota perducere vita / aeternum hoc sanctae foedus amicitiae*. Ook hier is daar twee kwalifikasies van die verhouding waarom gewens word, naamlik dat dit moet duur (*aeternum*, verder versterk deur *tota perducere vita*) en dat die vriendskapsband heilig (*sanctae*) moet wees. Die feit dat *aeternum* grammatikaal 'n kwalifisering van *foedus* is, en *sanctae* van *amicitiae*, bring nie hierdie patroon in gedrang nie, omdat *foedus amicitiae* 'n omskrywing van een en dieselfde verhouding is.

Die patroon sien dus soos volg daaruit. In die eerste koeplet word *amor* getipeer as 'n verhouding tussen die twee beminde wat aangenaam en dierend is, en in die slotkoeplet word die *amicitia* getipeer as 'n verhouding wat dierend en heilig is. Die vier kwalifikasies is *chastities georganiseer* (+ aangenaam (a), + duur (b), + duur (b), + heilig (a)). Die twee verhoudings wat in die vooruitsig gestel word, het die kenmerk dat dit dierend is gemeen, maar verskil van mekaar daarin dat dit vir die beminde om 'n aangename, en vir die spreker om 'n heilige verhouding gaan.

Suiwer tekstueel genome blyk dit dus dat daar benewens verskille ook ooreenkomste in die voorstelling van die twee stelde begrippe voorkom, en dat dit op bloot linguale gronde nie sonder meer duidelik is dat hier van 'n volslae kontras sprake is nie.

Om die vraag oor die presiese verhouding tussen *amor* en *amicitia* te beantwoord is daar bykomende inligting nodig wat nie in die teks op sigself opgesluit lê nie.

Voordat hierdie vraagstuk verder behandel word, word daar eers gekyk na die belang van kennis van die interteks vir die verstaan van die werking van *carmen* 109.

### 3. LESERSKENNIS: DIE INTERTEKS EN DIE ONGESEGDE

In die analise hierbo is daar met die teks op sigself gewerk, so asof die betekenis en effek van die gedig in die teks as 'n outonome eenheid opgesluit is. Daar is met die beskrywing van strukture en struktuurprinsipes gekonsentreer op wat daar in die teks staan.

Terwyl so 'n benadering die gestruktureerdheid van die gedig kan toelig, word die mening gehuldig dat so 'n benadering ontoereikend is vir insig in die pragmatiese effek van die gedig. Waar dit een van die oogmerke van hierdie studie is om te probeer vasstel wat voorveronderstel word by 'n toereikende lesing van Catullus se gebedsgedigte, wil dit my voorkom of 'n benadering wat slegs op die enkelteks konsentreer en nie met intertekstualiteit rekening hou nie, onvoldoende is. So 'n aanpak verreken nie die leser se kennis van die res van Catullus se oeuvre nie. In die uiteensetting wat hierop volg, word 'n saak daarvoor uitgemaak dat 'n interpretasie wat met die interteks rekening hou 'n ryker en insiggewender lesing van carmen 109 moontlik maak, en beter rekenskap gee van die pragmatiese effek van die gedig op die leser.

In die analise hierbo is daar byvoorbeeld nie 'n poging aangewend om die personae in die teks te identifiseer nie, maar is daar bloot na die spreker en sy beminde verwys. Suiwer tekstueel genome is daar in carmen 109 geen aanduiding van 'n spesifieke identifikasie van wie die spreker en wie die beminde is nie, en selfs nie eers van die geslag van die figure nie.

Die feit dat lesers die personae identifiseer as Catullus en Lesbia toon aan dat lesers in die bestudering van 'n gedig nie uitsluitlik slegs die teks bestudeer nie. Wanneer carmen 109 gelees word, speel die kennis dat dit een van Catullus se verse is 'n rol.<sup>4</sup> Die spreker word dan met die digter geïdentifiseer. 'n Verdere faktor wat lesers die identifikasie van die personae as Catullus en Lesbia laat maak, is die feit dat hulle in die lees van Catullus se oeuvre agterkom dat 'n hele aantal van hierdie gedigte nou met mekaar saamhang. Omdat opgemerk word dat carmen 109 deel uitmaak van die Lesbia-siklus word die identifikasie as onproblematies beskou.

In hierdie onderafdeling sal gepoog word om aan te toon hoe kennis van die interteks interpretatief van belang is vir die verstaan van carmen 109. Dit hou in dat die leser nie bloot passief die inligting in die gedig "ontvang" nie, maar dit aktief verbind aan ander tekste wat deur hierdie gedig opgeroep word, of wat, om dit tegnieser te stel, intertekstueel ingeskryf is in carmen 109. Met hierdie aantoning van die belang van intertekstualiteit word geensins beweer dat die bestudering van 'n gedig as sodanig nie 'n voorvereiste vir die verstaan daarvan is nie. Wat wel beweer word, is dat 'n ryker, vollediger en insiggewender lesing daarvan moontlik is wanneer dit bestudeer word in samehang met ander gedigte van Catullus.

By die lees van hierdie gedig roep die leser ander gedigte van Catullus op wat met hierdie gedig in verband staan. Nie slegs wat eksplisiet in hierdie gedig gesê word, is belangrik vir die verstaan daarvan nie, maar juis dit wat nie gesê word nie en slegs geïmpliseer word, is van deurslaggewende belang.

Die kardinale belang van intertekstuele gegewens kan geïllustreer word met verwysing na lesers se tipering van die stemming van hierdie gedig. So beskou Schönberger (1980-81:331) die toon van versreëls 3-6 as 'n magtige gevoelsekspressie, waarin die digter uitdrukking gee aan sy diepgevoelde wens dat Lesbia se onderneming opreg bedoel is. Eweneens sien Fordyce (1965:397) in die sinoniemepare in die gedig 'n aanduiding van "a desparate intensity of feeling". Daarteenoor staan Quinn (1972a:79) se beskouing dat Catullus, alhoewel hy nie uitsluit dat Lesbia opreg bedoel wat sy sê nie, hier met bittere ironie praat: "... he speaks with the bitter irony of a man who knows he is hoping against hope. And because this is a poem in a context of related poems, we catch the irony, know it justified and understand as well as Catullus that he is hoping against hope."

Waarop Quinn hier die aandag vestig, is dat die leser se kennis van die geheel van Catullus se werk meespeel in sy interpretasie van die enkelteks. Alhoewel so 'n intertekstuele benadering deur voorstanders van 'n outonomistiese of ergosentriese literatuurbenadering afgewys word, meen ek dat Quinn gelyk het. In sy bespreking van carmen 76 wys Leeman (1976:254-255) Quinn se intertekstuele benadering tot daardie gedig af. Hy is van mening dat dit as 'n agteruitgang beskou moet word in vergelyking met die skrywer se vroeëre werk in "The Catullan revolution" wat oorspronklik in 1959 gepubliseer is. Die standpunt word gehuldig dat Quinn se benadering nie alleen geregverdig is nie, maar die leser se resepsie van 'n gedig soos carmen 109 beter verantwoord as 'n suiwer outonomistiese benadering waarin die enkelteks as sodanig die een en al is waarom dit in die bespreking gaan, en waaruit die betekenis en effek daarvan op die leser afgelei moet word.

Die wyse waarop die leser intertekstuele assosiasies aktiveer, is baie kompleks en dit is waarskynlik onmoontlik om dit stapsgewys te beskryf. Tog meen ek dat die volgende assosiasies by die leser opkom wanneer hy carmen 109 lees. Sommige hiervan is globaal van aard, en hang saam met die leser se rekonstruksie van die verhouding tussen Catullus en Lesbia. Ander assosiasies is direkter aan fokus- of kristallasiepunte in die gedig self te verknoop.

'n Assosiasie van die eerste tipe kom by die reseptor op by die lees van die woorde *iucundum ... amorem*. Die leser bring dit intertekstueel in verband met 'n gedig soos carmen 5, die bekende *Vivamus, mea Lesbia, atque amemus*, waarin die vreugde van 'n *iucundus amor* vergestalt is.

Van die meer spesifieke assosiasies is dié wat opgeroep word deur die feit dat woorde waarin dit gaan om "sê", om die maak van 'n mondelinge onderneming, 'n belangrike rol in die gedig speel. Die beminde maak 'n formele onderneming (*proponis*); die spreker uiter die bede dat sy vere promittere possit, en dat sy dit sincere dicat et ex animo. By die lees hiervan roep die reseptor ander gedigte op waarin dit gaan om wat 'n beminde sê. Hier word byvoorbeeld gedink aan gedigte soos *carmina 70* en *72*.

In carmen 70, wat ligter in toon as 109 is, staan daar:

Nulli se dicit mulier mea nubere malle  
 quam mihi, non si Iuppiter ipse petat.  
 dicit: sed mulier cupido quod dicit amanti,  
 in vento et rapida scribere oportet aqua.

Op wat 'n meisie aan haar minnaar sê, kan daar nie peil getrek word nie: dit wat in die woord "vasgelê" word, is hoëgenaamd nie vas nie, maar behoort geskryf te word in die wind en die stromende water, beelde van dit wat veranderlik en onvasvangbaar is.

Ook carmen 72 is hier ter sake. Daarin roep Catullus sy beminde se woorde in die verlede op:

Dicebas quondam solum te nosse Catullum,  
Lesbia, nec prae me velle tenere lovem.  
(72.1-2)

Na 'n tipering van hoe hy haar toe liefgehad het, kom die woorde van insig van iemand wat deur ervaring wys geword het, en bedroë gelaat is: nunc te cognovi (72.5).

Die belang van sodanige intertekstuele assosiasies (daar is nie gepoog om 'n volledige uiteensetting daarvan te bied nie) vir die verstaan van carmen 109 is dat die leser uit sy kennis van die interteks weet dat die spreker se gebed nie bewaarheid is nie, en dat daar van sy wens om 'n aeternum ... sanctae foedus amicitiae niks tereg gekom het nie. Op grond van hierdie wyere kennis bemerk die leser in die teks verskynsels wat opgeneem kan word as aanduidings van twyfel by die spreker. Hier word nie alleen gedink aan die bede waarin dit gaan om die vermoë van die beminde om 'n waaragtige belofte af te lê nie (109.3), maar ook om die funksie van die pleonastiese stelwyse. Die leser vra homself af waarom daar in die stelwyse so 'n neiging tot eksaktheid is en waarom daar soveel klem daarop gelê word om enige onduidelikheid te besweer. Die antwoord hierop is waarskynlik dat die spreker deur sy byna juridiese taalgebruik 'n kontrak met die beminde wil sluit, en die gode se hulp daarin inroep. Agter dit wat gesê word en dit wat ooreksplisiet geformuleer word, voel die leser aan wat nie in soveel woorde gesê word nie, maar geïmpliseer word: dat hy twyfel aan die standhoudendheid en waaragtigheid van haar onderneming. Hy hoop dat die gode dit kan bevestig, dat die verhouding sal uitloop op 'n besondere verbintenisse. Maar die sweem van twyfel klink ook hierin mee, en word gesuggereer deur die leser se kennis van ander gedigte van Catullus.

Wanneer die gode in hul grootheid, en gevolglik as maghebbers aangeroep word om die meisie se woorde in vervulling te laat gaan, dan dink die leser 'n ander vermelding van die gode daarmee saam, wanneer die digter, in 'n poging om aan hierdie verhouding te ontkom, aan homself die vraag stel:

quin tu animo offirmas atque istinc te reducis,  
et dis invittis desinis esse miser?  
(76.11-12)

Hy moes homself aan die verhouding ontworstel, omdat die gode onwillig was om 'n gelukkige afloop te bewerkstellig. In carmen 76 word die gode weer eens aangespreek, maar dan in hul hoedanigheid as die wesens wat arme mense in extremis te hulp kom:

o di, si vestrum est misereri, aut si quibus umquam  
extremam iam ipsa in morte tulistis opem  
(76.17-18)

Van 'n iucundus amor het niks tereg gekom nie. Dit het trouens geword tot 'n verderf (kyk verder hoofstuk 7, punt 2.3).

Wanneer die leser in carmen 109 kennisneem van die wens om 'n aeternum ... sanctae foedus amicitiae, dan roep hy gedigte op wat as 'n ironiese kommentaar op hierdie wens gelees kan word. Die digter moes die pynlike ontdekking doen dat sy visie van 'n vriendskapsverbond slegs sy eie was, en dat slegs hy die verbondsterme nagekom het:

Nulla potest mulier tantum se dicere amatam  
vere, quantum a me Lesbia amata mea est.  
nulla fides ullo fuit umquam foedere tanto  
quanta in amore tuo ex parte reperta mea est.  
(87.1-4)

Van die officium en benevolentia wat in die Romeinse gemeenskap ten nouste met die konsep van amicitia geassosieer is, moes hy later, sover dit sy verhouding met Lesbia aangaan, skryf:

Huc est mens deducta tua mea, Lesbia, culpa  
atque ita se officio perdidit ipsa suo,  
ut iam nec bene velle tibi, si optima fias,  
nec desistere amare, omnia si facias.  
(75.1-4)

Die wyse waarop die interteks 'n rol speel in die interpretasie van die teks, en waarop die leser sy kennis van die geheel gebruik om die enkelteks as onderdeel daarvan te interpreteer, sou in veel meer besonderhede uitgewerk kon word. Met die uiteensetting wat hier gebied is, is slegs gepoog om te illustreer dat die krag en pragmatiese effek van hierdie gedig nie alleen bewerkstellig word deur wat in die enkelteks staan nie, maar ook uit die verbande wat die leser lê tussen die onderhawige teks en die ander tekste wat intertekstueel opgeroep word.

#### 4. INTERPRETASIEVRAAGSTUKKE

Teen die agtergrond van die belang van intertekstualiteit kan nou oorgaan word tot die bespreking van 'n aantal interpretasievraagstukke rondom carmen 109.

##### 4.1 DIE VERHOUDING TUSSEN "AMOR" EN "AMICITIA"

'n Hele aantal kommentatore huldig die opvatting dat daar in carmen 109 sprake is van 'n volstreekte kontrastering tussen iucundus amor en sancta amicitia. Volgens Wille (1964:93) is daar in die gedig 'n skerp kontras tussen Lesbia se opvatting van die liefde en Catullus se verhewe liefdesbeskouing. Sy is van mening dat die liefde waarom dit vir Lesbia gaan as "reine Sinnenfreude" getipeer kan word. Hierdie iucundus amor staan dan teenoor liefde as 'n aeternum foedus sanctae amicitiae, en as sodanig as "eine feste religiöse Bindung". Schönberger (1980-81:330) en Ross (1969:88-89) huldig in breë trekke dieselfde opvatting. Clausen (1982:204) is ook van mening dat daar 'n opposisie tussen amor en amicitia beoog word, en voer aan dat laasgenoemde term swaarder weeg, gesien in die lig van die strukturele posisie daarvan.

Die feit dat carmen 109 'n epigram is, en dat epigramme dikwels op puntige wyse 'n kontras uitwerk (Lyne, 1980:22), tel ten gunste van die opvatting dat daar 'n opposisie tussen die twee terme bestaan.

Wille se tipering van Catullus se liefdesbeskouing is gebaseer op 'n interpretasie van versreëls 5-6, en kan as sodanig met tekstuele argumente ondersteun word. Haar interpretasie van Lesbia se beskouing, naamlik dat dit vir Lesbia bloot gaan om sinsgenot, kan myns insiens nie sonder meer uit die gedig as sodanig afgelei word nie. Tog is dit nie moeilik om te verstaan waarom Wille dit so interpreteer nie. Dit is duidelik dat hierdie interpretasie gebaseer is op haar rekonstruksie van die verhouding tussen Catullus en Lesbia. Alhoewel dit nie as sodanig aangebied word nie, is die motivering vir haar lesing intertekstueel van aard.

Die gelykskaking van *iucundus amor* met "reine Sinnenfreude" is waarskynlik gebaseer op 'n aantal verse waarin die leser Lesbia leer ken as 'n erotiese vrou wat haar liefde nie net vir Catullus gereserveer het nie, maar kwistig aan menige minnaar uitgedeel het. Daar word byvoorbeeld hier gedink aan *carmina* 11.16 e.v. en 58. Op grond van sodanige verse word die afleiding gemaak dat Lesbia nie 'n baie verhewe beskouing van die liefde kon gehad het nie en dat liefde vir haar bloot sinsgenot was. Indien die leser die Lesbia van die gedigte identifiseer met Clodia, die vrou van Metellus Celer, dan kan die uitbeelding wat Cicero in sy *Pro Caelio* van hierdie berugte vrou bied, ook bydra tot hierdie interpretasie van *iucundus amor*.

Alhoewel ingesien kan word hoe by so 'n interpretasie uitgekom word, is die vraag of hierdie interpretasie deur 'n noukeurige lees van carmen 109 ondersteun word. In die analise van struktuurpatrone in die gedig is aangetoon dat daar benewens verskeie ook ooreenkomste tussen die beminde se onderneming en die spreker se wens aangetoon kan word (kyk punt 2.4.4).

Dit is belangrik om te probeer vasstel wat *amor* in hierdie gedig beteken. Alhoewel die standpunt onderskryf word dat woorde se betekenis kontekstueel gespesifiseer word en dat dit daarom gevaarlik is om sonder meer 'n digter se woordgebruik in ander gedigte as getuieis te gebruik vir die betekenis daarvan in hierdie spesifieke gedig, moet in gedagte gehou word dat wanneer die digter in carmen 76 van die verhouding tussen hom en Lesbia praat, hy hierdie verhouding eweneens met die woord *amor* tipeer: *difficile est longum subito deponere amorem* (76.13). Hier gaan dit kennelik nie net om liefde as suiwere sinsgenot nie. Wat hierdie standpunt oor die betekenis van *amor* in carmen 109 verder ondersteun, is die feit dat die adjektief wat gebruik word, naamlik *iucundum*, deurgaans in Catullus se oeuvre in 'n positiewe konnotasie gebruik word. Havelock (1938:109) stel dit goed wanneer hy, weliswaar nie ten opsigte van carmen 109 nie, opmerk: "'*iucundus*' ... is among his favourite epithets, and 'to have fun' one of the most precious of all activities." In die lig hiervan wil dit voorkom of die argumente ten gunste van 'n volstrekte opposisie nie heeltemal oortuigend is nie. Dit lyk waarskynliker dat die spreker 'n dieper inhoud gee aan die beminde se onderneming. Clausen (1982:204) het myns insiens gelyk wanneer hy opmerk dat op strukturele gronde aanvaar moet word dat *amicitia* in hierdie gedig swaarder weeg as *amor*. Dit hou egter nie in dat daar 'n kontras tussen iets diepsinnigs en iets heeltemal oppervlakkigs in carmen 109 uitgebeeld word nie. Daar is wel 'n jukstaponering van *amor* en

amicitia en ook 'n hiërargisering van die terme. In die epigram word hierdie begrippe saamgedig en in reliëf gestel. 'n Epigram vereis nie noodwendig 'n volslae opposisie van teenoorgesteldes nie.

#### 4.2 DIE TOONAARD VAN DIE GEDIG

Daar word vervolgens aandag geskenk aan meningsverskille oor die toon- of stemmingstruktuur van die gedig. Hieroor loop die opvattinge van literatore uiteen.

Volgens Clausen (1982:204) sien dit soos volg daaruit:

Versreëls	Toon
1-2	"bland elegance"
3-4	"prayerful earnestness"
5-6	"solemn conclusion".

Volgens Schönberger (1980-1981:333-334) tref die leser in die eerste koeplet *Lesbia* se sfeer aan. Hy meen dat haar woorde deur die digter gesitueer word, en dat 'n gebrek aan egtheid daarin op te merk is. Die enigste woorde wat opreg klink daarin, is *Catullus* se aanspreking van sy beminde *as mea vita* (1980-1981:330-331). In die tweede koeplet word *Catullus* se twyfel en sy wens na waarheid en opregtheid aan die orde gestel. In die derde koeplet bevind die leser hom in *Catullus* se sfeer. Die gedig val vir hom in stemmingsblokke uiteen. Die eerste koeplet vertoon 'n refererende karakter, in die tweede word 'n stemming van volheid van gevoel aangetref, wat dan in die derde nog verder gevoer en verdiep word (1980-81:330-331).

Schönberger (1980-81:330) se opvatting dat daar in versreëls 1-2 'n gebrek aan opregtheid aanwysbaar is, verdien bespreking. Hierdie opvatting is gebaseer op die kontras wat hy tussen versreëls 1-2 en 5-6 bemerk. In teenstelling tot *Catullus* se begeerte om 'n *aeternum ... sanctae foedus amicitiae* (6), vra Schönberger hom af hoe *Lesbia* vir haarself die *iucundus amor* voorgestel het, en lees 'n betreklike oppervlakkigheid daarin: "Das Wort ist kaum Ausdruck tiefer Leidenschaft und bezeichnet eher ein Sich-Einrichten in einer angenehmen Beziehung; die Ausdruckweise ist urban, nicht ergriffen." Eweneens dui *perpetuus* vir *Lesbia* nie op die "ewigheid" of duur van die verhouding nie, maar slaan dit op 'n genoeglike klein samesyn, wat nie deur egtheid gekenmerk word nie, en wat haar liefdesopvatting tot 'n erotiese belangstelling stempel. Sover dit die woorde *hunc nostrum inter nos* aangaan, meen Schönberger dat dit nie soseer 'n uitdrukking van "ein starker, leidenschaftlicher Pleonasmus" is wat die krag van die wedersydse liefde aandui nie, maar dat dit eerder "ein täubchenmässiges Reden *Lesbias* oder ein mühseliges Zitieren *Catullus*" verteenwoordig. Op hierdie wyse, wat nog verder uitgewerk word ten opsigte van *proponis* (1) en *fore* (2), lê Schönberger 'n konsekwent kontrasterende verband tussen versreëls 1-2 en 5-6. *Lesbia* se oppervlakkigheid word gekontrasteer met *Catullus* se diepsinnigheid en erns.

Om vas te stel wat die verband tussen versreëls 1-2 en 3-6 is en om die toon van versreëls 1-2 te beskryf, moet eerstens nagegaan word hoe die

gebeure wat in versreëls 1-2 getekstualiseer word, voorgestel moet word. Aangesien die spreker deurgaans in hierdie gedig aan die woord is, en hy die uitspraak van sy beminde (hetsy dit reëel of fiktief is) in versreëls 1-2 weergee, moet 'n poging aangewend word om die gebeure wat hier getekstualiseer word, te (re)konstrueer. Die getekstualiseerde gebeure: *lucundum, mea vita, mihi proponis amorem / hunc nostrum inter nos perpetuumque fore* (1-2) is die sujet van 'n fabel<sup>1</sup> wat waarskynlik soos volg daaruitsien. Die beminde se direkte woorde was: *Amor noster iucundum perpetuusque erit, of, indien sy dit formeler ingeklee het: Propono amorem nostrum iucundum perpetuumque fore.* Heel formeel sou sy die stelling gemaak het: *Propono hunc amorem nostrum inter nos iucundum perpetuumque fore.*

Die spreker uiter die wens dat die verhouding tussen hom en sy beminde 'n *aeternum ... sanctae foedus amicitiae* sal wees. As sodanig stel hy die verhouding voor as 'n hoogs formele ooreenkoms. In sy gebed gebruik hy 'n hoogs redundante stelwyse, wat sterk herinner aan juridiese taalgebruik, en metaforiseer hy in die uitbreiding van die bede die gewenste verhouding in terme van 'n regsoreenkoms. Aangesien die spreker ook aan die woord is in versreëls 1-2, waar die meisie se onderneming verwoord word, kan gevra word hoeveel van die spreker se voorstelling of visie aangetref word in sy weergawe van sy beminde se woorde. Dit wil my voorkom of die keuse van die werkwoord waardeur 'n formele onderneming gemaak word (*proponis*) asook die juridiese redundansie in die tipering van die liefdesverhouding, toegeskryf moet word aan die spreker, eerder as aan sy beminde. Hy klee haar woorde, wat gerekonstrueer moet word uit die teks, in in terme wat eweneens aan die taalgebruik van formele en juridiese tekste herinner. Sodoende verleen hy nie alleen 'n hoë graad van formaliteit aan die meisie se stelling nie, en projekteer hy ook nie alleen die juridiese ingesteldheid wat in sy eie beskouing van die verhouding merkbaar is op sy beminde se stelling nie, maar word haar uiting terselfdertyd by die res van die diskoers van die gedig geïntegreer. Dit is nie alleen te sien in die herhaling van woorde van duur en van juridiese taalgebruik nie, maar kan ook gesien word in die feit dat daar in sowel die meisie se onderneming as in die spreker se bede aan die gode direkte apostrofes voorkom. Wat hieruit blyk is dat die aanloop tot die gedig in versreëls 1-2 ingetrek en ingeskakel word by die gebedstek. Op hierdie praktyk om in tekste wat nie in geheel gebede is nie, die gebedstek in enger sin en die res van die gedig tot 'n eenheid te verbind, sal in die bespreking van ander gebedsgedigte teruggekom word.

Hierdie verklaring is myns insiens insiggewender as dié van Schönberger, en indien 'n leser dit onderskryf, het hy nie nodig om die ooglopende betekenis van woorde te "rek" (soos duidelik in die geval van Schönberger se uitleg van *perpetuus* gebeur) om in te pas binne die volslae kontrastiewe opvatting wat op die gedig afgedwing word nie. Die spreker gee, in sy aanbieding van die meisie se stelling, sy perspektief daarop, en verbind dit aan sy liefdesopvatting.

<sup>1</sup> Kyk Visser, 1982a:19-20 vir die Russiese-Formaliste se onderskeiding tussen fabel en sujet. Kyk verder Van Gorp, 1984:108, 297.

### 4.3 "FOEDUS AMICITIAE"

Oor die betekenis van slagwoorde soos foedus en amicitia in carmen 109 en in die res van die oeuvre van Catullus is daar reeds verskeie studies onderneem (veral deur Reitzenstein (1912), McGushin (1967), Ross (1969) en Lyne (1980)). Nogtans bestaan daar nie eenstemmigheid oor die betekenis van die terme nie. Sover dit carmen 109 aangaan, is die vraag of die liefdesverhouding wat in versreëls 5-6 uitgebeeld word, voorgestel word as 'n huweliksverhouding. Hierdie vraagstuk lê op ideële vlak en daar sal in die bespreking van carmen 76 daarop ingegaan word (kyk hoofstuk 7, punt 3.7).

### 4.4 'N ANDER INTERPRETASIE ?

Indien die interpretasie van die struktuur en strekking van carmen 109 hierbo juis is, dan is dit een van Catullus se besonder eenduidige gedigte. Dit kan dan beskou word as 'n gedig waarin die digter uitdrukking gee aan sy visie van die liefde. 'n Hele aantal literatore is van mening dat hierdie visie uniek was, en dat dit groot invloed uitgeoefen het op latere Romeinse digters (kyk Lyne, 1980:34). Die liefde word voorgedou as 'n heilige vriendskapsverbond. Vir Kroll (1960:281) is hierdie visie veranker in die ervaring van die digter, en transendeer dit die konvensionele opvatting: "... die Stärke seiner Empfindung hebt C. ganz über die gewöhnliche Auffassung der Liebe hinaus ...". Veral diegene wat 'n skerp kontras tussen amor en amicitia bemerk, huldig die opvatting dat Catullus 'n besonder vergeestelike beskouing van die liefde gehad het. Schönberger (1980-81:333) is van mening dat hierdie beskouing nie baie toeganklik vir die destydse leser kon wees nie, juis vanweë hierdie vergeesteliking: "Catull erreicht hier eine geistige Sphäre, in die ihm wohl nicht viele zu folgen vermochten. Solche Kultur der Seele, diese Verinnerlichung war neu in Rom und findet sich erst bei Vergil wieder." Ook Copley (1949:26) is van mening dat hierdie gedig vir die gewoon "aardse" leser van die Oudheid, en ook vir lesers van latere tye, raaiselagtig moes wees. Hierteen reageer Ross (1969:81 e.v.) deur aan te voer dat die liefdesverhouding in terme van politieke begrippe uitgebeeld word, waarmee die Romein van die laat Republiek deeglik vertrou was.

Terwyl dit die opinio communis is dat carmen 109 as 'n ernstige gedig beskou moet word, waarin Catullus met hewige emosie van sy diepsinnigste opvattinge tot vergestaltung bring, word vervolgens nagegaan of so 'n interpretasie van die gedig die enigste moontlike lesing daarvan is. Die oogmerk met hierdie ondersoek is nie om die standdaardlesing te diskrediteer nie, aangesien dit as 'n heeltal waarskynlike interpretasie beskou word en daar vele argumente ten gunste daarvan aangevoer kan word. Die oogmerk is eerder om te probeer vasstel of die gedig noodwendig so eenduidig en ernstig gelees moet word as wat gewoonlik te kenne gegee word. Daar sal vervolgens nagegaan word of daar nie in carmen 109 aanduidings te bespeur is van die meerduidigheid en ambivalensie wat so kenmerkend van Catullus se gedigte is nie.

Die belangrikste getuienis ten gunste daarvan dat daar in hierdie gedig 'n poeta ludens aan die woord is, en dat die gedig nie so eenduidig is

as wat algemeen gedink word nie, is intertekstueel van aard. Wanneer hierdie intertekstuele gegewens betrek word, word dit moontlik om ander tekssegmente as meerduidig te beskou, en iets van 'n spelelement in die gedig te bemerk.

Die sleutel tot 'n alternatiewe lesing van die gedig word aangetref in die intertekstuele assosiasie wat versreëls 3-4 oproep. Alhoewel hierdie leser baie minder geneig is daartoe om beïnvloeding van vroeëre skrywers op 'n spesifieke skrywer te probeer naspur as die klassici van die Negen-tiende en vroeë Twintigste eeu, en ook nie voortdurend vra of 'n digter besig is om 'n voorganger bewustelik te imiteer nie, roep Catullus se formulering in versreëls 3-4

di magni, facite ut vere promittere possit,  
atque id sincere dicat et ex animo

myns insiens onmiskenbaar 'n passasie uit *Eunuchus* van Terentius op. In die komedie spreek 'n jongman, Phaedria, 'n meretrix, Thais, soos volg aan:

utinam istuc verbum ex animo ac vere diceres  
'potius quam te inimicum habeam!' si istuc crederem  
sincere dici, quidvis possem perpeti.

(*Eunuchus*, 175-177)

Afgesien daarvan dat die drie bywoordelike uitings in hierdie gedeelte, naamlik *ex animo*, *vere* en *sincere*, woordeliks ook in Catullus se gedig voorkom (alhoewel die volgorde waarin dit mekaar opvolg, verskil), is daar in albei tekste die uiting van 'n wens of bede, in albei die vermelding van die handeling "om te sê", en in albei ook die implikasie dat, alhoewel die spreker graag sou wou glo wat die meisie sê, daar tog 'n vraagteken daaroor hang.

Aangesien bywoorde nie besonder baie gebruik is in die Klassieke poësie nie, is 'n passasie waarin drie bywoordelike uitings in kort opvolging na mekaar voorkom hoogs uitsonderlik. Clausen (1982:204) het aangetoon dat so 'n opeenstapeling slegs in hierdie twee passasies van Catullus en Terentius voorkom en nêrens elders in die Romeinse poësie nie. Daarom is dit hoogs waarskynlik dat *carmen* 109 die Terentius-passasie bewustelik oproep.

Dit dwing die leser om te vra wat die funksie van hierdie verskynsel is. Waarom evokeer die digter in so 'n ernstige liefdesgedig 'n passasie uit 'n komedie? Dit is natuurlik onmoontlik om konklusief vas te stel wat die digter se bedoeling hiermee was. Die literator is aangewese op die vergelyking van die twee tekste en moet die resultate van sodanige vergelyking interpretatief aanwend. Die moontlike verhoudings tussen die Catullus-tekste en Terentius-subtekste is egter een van twee: die teks kan of die subtekste in strekking en toon bevestig (in welke geval die verhouding een van analogie is), of dit kan die subtekste transformeer, in welke geval die subtekste dien as 'n reliëf ter wille van kontras sodat die gedeelte in die nuwe teks getransformeer word en 'n ander betekenis verkry.

In laasgenoemde geval dien die betrekking van die intertekstuele assosiasie as 'n afspringplek. Die digter roep 'n teks van 'n vroeëre skrywer op deur woorde te gebruik wat sterk aan die subtekste herinner,

maar hy gebruik dit in 'n nuwe konteks wat ingrypend verskil van die gebruik daarvan in die subteks. In hierdie geval is die betekenis van die woorde primêr afhanklik van die nuwe konteks waarin dit gebruik word. Kortom: die spreker (Catullus) se bede roep dié van Phaedria op, maar waar die bede van Phaedria in die konteks van 'n komedie gelees moet word, is die strekking van die woorde in die teks van Catullus 'n totale transformering daarvan.

In eersgenoemde geval, dit wil sê as die verhouding tussen teks en subteks een van analogie is, spreek die betekenis van die subteks mee in die betekenis van die teks. Daar word van die leser verwag om sekere assosiasies van die subteks oor te dra op die nuwe teks, en om 'n funksie aan die intertekstuele assosiasie toe te skryf. Literatoure wat carmen 109 op die konvensionele wyse lees, het hierdie moontlikheid na my wete nog nie bespreek nie.

Dit wil my voorkom of daar 'n saak daarvoor uitgemaak kan word dat sekere analogieë of metaforiese relasies tot stand kom wanneer die teks in verband gebring word met die subteks. Die spreker van carmen 109 is blykens die teks self, maar ook vanweë die teks se assosiasie met die Eunuchus, in die rol van 'n (jong) minnaar. Die intertekstuele assosiasie is ingrypende sover dit die meisie aangaan: sy word daardeur geplaas in die rol van 'n meretrix.

Terwyl die konvensionele interpretasie hierdie bede opneem as 'n deur-deur egte versugting van Catullus, word dit deur die intertekstuele assosiasie moontlik om 'n ander toon in die versreëls te bespeur. Die pleonastiese stelwyse en die aanduidings van 'n "te veel" sou ook gelees kon word as die gebruik van 'n verhewe uiting in 'n konteks waarbinne dit nie heeltemal pas nie. Dit is juis in die *precatio* as sodanig dat die komedie-subteks opgeroep word.

Dit is egter nie die enigste getuieis wat ten gunste van 'n ander interpretasie aangevoer kan word nie. Wanneer die spreker die gode aanroep, doen hy dit met die woorde di magni. Terwyl die uitdrukking gewoonlik, soos ook in die interpretasie vroeër, opgeneem word as 'n ernstige invocatio, is dit nie die enigste moontlike interpretasie waartoe die frase hom leen nie. Die leser wat vertrou is met die res van die oeuvre van Catullus, sal onmiddellik twee ander loci in die werk van die digter oproep, waar hierdie identiese formulering gebruik word. In die slotreël van carmen 53.5 word die volgende uitroep oor Calvus gemaak: di magni, salaputium disertum!, en in carmen 14.12, hierdie keer in verband met 'n geskrif van 'n prulskrywer: di magni, horribilem et sacrum libellum! In nie een van hierdie kontekste is die toon verhewe en vol erns nie. Die leser moet dus in gedagte hou dat di magni, soos elders in die gewone volkstaal, as 'n kragwoord of 'n frase van uitroep voorkom.

Terwyl voorstanders van die konvensionele ernstige interpretasie, soos byvoorbeeld Kroll (1960:281) en Baehrens (1893:598) die gebruik van di magni in carmen 109 (probeer) onderskei van dié in die ander gedigte, stel Quinn (1970:448), wat die vers ook as 'n ernstige gedig beskou, maar as een met 'n ironiese onderton, die gebruikte gelyk. In sy kommentaar op versreëls 3-4 skryf hy: "An outburst expressed as a prayer; di magni very much, therefore, as in 14.12 and 53.5". Williams (1968:411-412) is dieselfde mening toegedaan en neem dit op as 'n uitdrukking wat ekwivalent is aan "Good heavens". Sonder om die

verhewenheid van die gedig in gedrang te bring, veroorsaak die uitdrukking 'n mate van meerduidigheid of dubbelsinnigheid.

Terwyl di magni gewoonlik opgeneem word as 'n formele uitdrukking in dieselfde toonaard as die byna juridiese formulering in die res van die gedig, is dit volgens 'n alternatiewe interpretasie moontlik om die jukstapenering te beskou as 'n naasmekaarplasing van informele en formele taalgebruik. Die saak hiervoor word verder versterk wanneer die direkte aanspreking van die beminde, naamlik as *mea vita* (1), hierby in berekening gebring word. Want ook dit is 'n volkstaalaanspreking wat nie normaalweg in formele kontekste gebruik word nie. As sodanig kan aangevoer word dat *mea vita* eweneens onvanpas is in 'n konteks waar die formele *proponis* en die redundante *nostrum inter nos* gebruik word. Dit is in hierdie verband besonder interessant om na te gaan hoe kommentatore die gebruik van *mea vita* uitlê. Vir Schönberger (1980-81:330) is dit die enigste opregte woorde in die eerste koeplet: "Er sieht in Lesbia wirklich sein Leben ...". Lyne (1980:37) huldig dieselfde opvatting. Stoessl (1977:93) gee toe dat die aanspreekvorm uit die volkstaal oorgeneem is, maar bemerk nogtans daarin 'n innigheid wat tuishoort in die tydperk van liefdesgeluk. Ander weer sien dit as ekwivalent aan die Engelse "my precious". Wanneer in ag geneem word dat hierdie uitdrukking wel nog in verband met Lesbia gebruik word in *carmina* 45.13, 104.1 en 68.155, moet die leser in gedagte hou dat Catullus haar gewoonlik aanspreek as Lesbia, een maal as *mea Lesbia* (*carmen* 8), en slegs in *carmen* 109 in direkte apostrofe as *mea vita* (Quinn, 1972a:66).

Die getuienis wat tot dusver aangevoer is, is sterk genoeg om die leser ten minste daartoe aan te spoor om - in voortborduring op die juridiese trekke in hierdie gedig - die regsreël *audi et alteram partem* toe te pas. Verteenwoordig die intertekstuele assosiasies en die jukstaposisie van volks- en quasi-juridiese taalgebruik nie 'n *prima facie*-saak dat daar meer spel in hierdie gedig aanwesig is as wat gewoonlik toegegee word nie? Kan die pleonastiese stelwyse nie beskou word as getuienis van 'n "te veel" in die gedig nie, waardeur die oëskynlike erns en nadruklikheid ondermyn word? Is daar nie veel meer ironie as wat gewoonlik raakgesien word nie?

Die saak sou verder gevoer kon word deur aan te voer dat die aanvangs- (en daarom 'n vooropgestelde) woord van die gedig 'n sleutel bied tot die toonaard waarbinne die gedig gelees behoort te word. Soos vroeër aangetoon, het *iucundus* die konnotasie van spel, van "having fun". Terwyl beswaar teen hierdie spesifieke argument ingebring kan word deur aan te voer dat *iucundum* tog duidelik 'n kwalifisering van *amorem* is, moet nie uit die oog verloor word dat die twee woorde deur betreklik ingrypende hyperbaton geskei word nie. In die leesproses tref die leser heel eerste die woord *iucundum* aan, voordat hy aan die einde van die versreël bemerk waarvan dit 'n kwalifikasie is. Op hierdie stadium het hy reeds, vanweë die feit dat *iucundus* 'n lieftingswoord van Catullus is, die gedagte van spel geaktiveer. Daar word toegegee dat hierdie argument hoogstens as omstandighedsgetuienis beskou kan word.

In die geheel genome wil dit my voorkom dat hier 'n heel konsekwente struktuurpatroon aangetoon is wat nie sonder meer geneeër kan word nie. As al die argumente in berekening gebring word, dui dit daarop dat die leser, soos so dikwels by die ambivalente poësie van Catullus, moet toegee dat daar meer ironie en ook 'n element van spel in die gedig

aangetoon kan word as wat gewoonlik toegegee word. Tog is hierdie argumente, sover dit hierdie skrywer aangaan, nie genoegsaam om 'n interpretasie van die gedig te regverdig as sou dit blote spel wees en niks anders nie. Die vernaamste argument ten gunste daarvan dat die gedig 'n ernstige toonaard het, is die feit dat carmen 109 nie maar net as 'n alleenstaande, outonome gedig in die oeuvre van die digter beskou kan word nie. Tematiese en motiewe ondersoek van Catullus se oeuvre toon aan dat die opvatting van *amicitia*, en van die verhouding met die geliefde as 'n *foedus* telkemale as 'n terugkerende motief in die digter se werk figureer, en dan in kontekste waar daar min of geen getuienis aangevoer kan word ten gunste van 'n ambivalente interpretasie daarvan nie. Vergelykende studie toon aan dat die digter oor die verhouding met een stem praat. Die herhaling van motiewe maak dit moontlik om met 'n redelike mate van stilligheid die senderskode vas te stel, iets wat in beginsel die aantal moontlike interpretasies van die afsonderlike gedig beperk, aangesien die uitbeelding van die motiewe in die verskillende gedigte baie konsekwent is.

#### 4.5 GEBEDSVORM EN VERSVORM

Om hierdie bespreking van carmen 109 af te sluit, word die verhouding tussen die gebedsvorm en die versvorm bespreek. Soos vroeër aangetoon is (kyk hoofstuk 3, punt 2.2) kan die gebedsvorm as 'n bepaalde diskoerstipe beskou word, en kom die komponente daarvan gewoonlik in 'n bepaalde lineêre orde voor. Die vraag wat aandag verdien, is of die versvorm, dit wil sê die feit dat carmen 109 'n epigram (of elegie) is, 'n invloed op die funksionering van die gebedsvorm het.

Die derde gedeelte van Catullus se oeuvre (*carmina* 65-116) is geskryf in elegiese koeplette, en bestaan hoofsaaklik uit epigramme, met 'n paar langer gedigte, was as elegieë bekendstaan. Catullus was in die ontwikkeling van die Romeinse liefdeselegie een van die pioniersfigure. Hierdie genre is deur latere Romeinse digters verder ontwikkel. Oor die vraag of carmen 109 as 'n epigram of elegie getipeer moet word, bestaan daar meningsverskil. Die meeste outeurs klassifiseer dit as 'n epigram, maar Stoessl (1977:93) huldig 'n ander opvatting, wanneer hy beweer: "Trotz seiner Kürze steht das Gedicht der Weite der Elegie fast näher als der Konzinnität des Epigramms. Der Zweifel einer schmerzlich gewordenen Liebe führt ein Lebensgefühl herauf, das in schwermütiger Elegie seinen Ausdruck findet."

Terwyl daar soms beweer word dat dit 'n pseudo-probleem is om te vra of 'n gedig as epigram of as elegie geklassifiseer moet word (Leeman, 1976:254), wil dit my tog voorkom of die vraag nie sonder meer as ondersake afgemaak kan word nie. Tussen die puntigheid van die epigram, en die elegie met sy wyer bestek is daar wel verskille aan te merk.

Ten gunste van 'n klassifikasie van carmen 109 as epigram kan die jukstaponering van *amor* en *amicitia* aangevoer word, wat analoog is aan die uitwerking van 'n kontras wat dikwels in epigramme figureer. In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat die kontras of jukstaponering nie in die gebedsgedeelte as sodanig uitgewerk word nie, maar in die epigram as geheel. Aan die ander kant kan aangevoer word

dat carmen 109 inderdaad 'n wyer terrein bestryk as wat gewoonlik in die epigram aangetref word.

Die vraagstuk oor die klassifisering van 'n gedig as 'n epigram of elegie sal verder bespreek word in die behandeling van carmen 76.

## 5. SAMEVATTING

In die bespreking hierbo is aangetoon dat carmen 109 'n heg gestruktureerde gedig is en dat die gebedstekes geïntegreer is by die gedig as geheel. Daar is gepoog om aan te toon dat die literêre funksie van die *precatio* nie in abstracto bestudeer kan word nie, maar dat die funksie daarvan slegs vasgestel kan word wanneer die verhouding van die gebedsgedeelte tot ander segmente en tot die geheel van die teks bestudeer word.

Die gebed in carmen 109 kan as 'n persoonlike gebed getipeer word. Die literariteit van die gedig hou ten nouste verband met die gestruktureerdheid daarvan en met die wyse waarop intertekstuele assosiasies in die leesproses geaktiveer word.

Deur die gebruik van die gebedsvorm word 'n sekere verhevenheid en intensiteit aan die persoonlike wens verleen. Anders as in vorige resepies van die gedig is daar egter aangevoer dat daar aanduidings van meerduidigheid in die gedig aanwysbaar is, wat daarop dui dat die gedig ook 'n spelelement bevat en dat dit ook op 'n minder ernstige wyse gelees kan word as wat gewoonlik die geval is. Hierdie element van spel hef egter nie die oorwegende stemming van erns op nie.

Dit het geblyk dat kennis van die konvensies van die epigrammatiese vorm belangrik is vir die verstaan van die gedig. Daar is gepoog om aan te toon dat die epigram nie noodwendig 'n volslae opposisie van teenoorgesteldes vereis nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die jukstapenering van *amor* en *amicitia* nie in die *precatio* as sodanig geskied nie.

Sover dit die literêr-teoretiese en metodologiese aspekte van interpretasie aangaan, is aangetoon dat lesers carmen 109 met verskillende fokusse lees. Die ideïstiese, biografiese en linguaal-bgeoriënteerde aanpakke is voorbeelde hiervan. Daar is bevind dat 'n linguaal-georiënteerde benadering nuttig is vir die blootlegging van teksstrukture. Terselfdertyd het dit egter ook geblyk dat die strukture wat blootgelê word steeds geïnterpreteer moet word. Die verskillende opvattinge oor die verhouding tussen *amor* en *amicitia* is 'n voorbeeld hiervan. Uit die bespreking het dit geblyk dat linguale analise ook grense het en nie alle interpretasievraagstukke kan oplos nie. Daar is gepoog om aan te toon dat 'n suiwer ergosentriese of teksimmanente benadering nie die pragmatiese effek van hierdie gedig kan verreken nie, en daar is aangetoon hoe kennis van die interteks ter sake is vir die verstaan van carmen 109, veral sover dit die ongesegde of geïmpliseerde aangaan.

Die feit dat lesers die *personae* in die gedig sonder meer identifiseer as Catullus se *Lesbia* vestig die aandag daarop dat literêre studie nie begin en ophou by wat in 'n teks staan nie, maar dat kennis van die interteks

meespeel in die literêre interpretasie van hierdie gedig. Die erkenning van die belangrikheid van intertekstualiteit waarborg egter nie noodwendig enkelduidige en eksakte resultate nie, soos veral blyk uit die meningsverskille oor die stemming van carmen 109.

## HOOFSTUK 7

### CARMEN 76

#### TEKS

Siqua recordanti benefacta priora voluptas est homini, cum se cogitat esse pium, nec sanctam violasse fidem, nec foedere nullo divum ad fallendos numine abusum homines, multa parata manent in longa aetate, Catulle, ex hoc ingrato gaudia amore tibi.	5
nam quaecumque homines bene cuiquam aut dicere possunt aut facere, haec a te dictaque factaque sunt. omnia quae ingratae perierunt credita menti. quare iam te cur amplius excrucies?	10
quin tu animo offirmas atque istinc te reducis et dis invitis desinis esse miser? difficile est longum subito deponere amorem. difficile est, verum hoc qua lubet efficias: una salus haec est, hoc est tibi pervincendum. hoc facias, sive id non pote sive pote.	15
o di, si vestrum est misereri, aut si quibus umquam extremam iam ipsa in morte tulistis opem, me miserum aspiciat et, si vitam puriter egi, eripite hanc pestem perniciemque mihi, sei mihi subrepens imos ut torpor in artus expulit ex omni pectore laetitia.	20
non iam illud quaero, contra me ut diligat illa, aut, quod non potis est, esse pudica velit: ipse valere opto et taetrum hunc deponere morbum. o di, reddite mi hoc pro pietate mea.	25

#### 1. INLEIDING

##### 1.1 ALGEMENE TIPERING

'n Uitgebreider gebed as dié in 109 kom in carmen 76 voor. Soos in carmen 109 vorm die gebed slegs 'n onderdeel van die gedig, en soos in die geval van 109 word die gebedstekes hier in samehang met die res van die gedig bespreek.

Carmen 76 kan as 'n persoonlike gebed geklassifiseer word. In hierdie gedig gaan dit om die spreker se poging om hom te ontworstel aan 'n liefdesverhouding. Alhoewel die geliefde nie op die naam genoem word nie, word hierdie gedig deurgaans opgeneem as een van die verse van die Lesbia-siklus. In hierdie sin, naamlik in die poging om afstand te doen van 'n verhouding, kan carmen 76 as 'n liefdesgedig geklassifiseer word. Dit sou egter ewe moontlik wees om dit tematies te klassifiseer

as 'n gedig waarin dit gaan om selfbehoud, of, volgens sommige lesers, om 'n selfregverdiging.

Carmen 76 kan as 'n toetsaak beskou word vir die wyd gehuldigde standpunt dat die Romeinse gebed aan emosie ontbreek en nie veel te doen het met die etiek nie (kyk hoofstuk 4, punt 9.2.6).

## 1.2 OOGMERKE

In die eerste gedeelte van hierdie bespreking sal gepoog word om aan te toon hoe die gebedsvorm literêr benut word. Om dit te doen, sal aandag geskenk word aan hoe die gedig gestruktureer is en hoe die gebed daarin funksioneer. In die tweede gedeelte van hierdie bespreking sal daar ondersoek ingestel word na dispute oor die interpretasie van hierdie veelbesproke gedig. Daar sal sowel aan die vlakke waarop hierdie verskille lê as aan die redes vir die uiteenlopende interpretasies aandag geskenk word. Die vraag na die geldigheid van verskillende lesings van die gedig sal ook bespreek word.

## 1.3 'N ANALITIESE AANPAK

'n Analitiese bespreking van carmen 76 word enigsins bemoeilik deur die feit dat hierdie gedig gewoonlik besonder hoog aangeslaan word. Met enkele uitsonderinge (kyk punt 3.5.2.3) word dit beskou as een van die hoogtepunte in Catullus se oeuvre (Hellegouarc'h, 1965:71 en Dyson, 1973:127) en ook as een van die treffendste gedigte in die hele Klassieke literatuur (Leeman, 1976:250). Ook sover dit die literêre benutting van die gebedsvorm aangaan, word dit as 'n onbetwiste hoogtepunt beskou (Von Severus, 1972:1153).

Die hoë agting vir hierdie gedig en spesifiek die feit dat dit as 'n besonder direkte en 'n besonder meevoerende gedig beskou word, mag die vraag laat ontstaan of 'n betreklik linguaal-geïntereerde aanpak met 'n toespitsing op die gestruktureerdheid daarvan die aangewese manier is om hierdie gedig te behandel. Die motivering vir hierdie aanpak is daarin geleë dat dit 'n gedig is waaroor daar ingrypende interpretasieverskille bestaan. Om vas te stel waarom daar geen eensgesindheid oor so 'n direkte gedig bestaan nie, is 'n analitiese aanpak die aangewese een.

Om die probleme rondom 'n analitiese aanpak te illustreer, word daar verwys na enkele opmerkings van Moritz (1968) en Ross (1969).

Moritz (1968:58) stel aan die einde van sy bespreking van carmen 76 dat weinig van Catullus se gedigte met soveel krag en direktheid tot die leser spreek as juis hierdie vers, en vervolg: "To 'dissect' such a poem in the way attempted in this article is a hazardous enterprise, since for its impact it depends not on its parts but on its entirety." Hy wys daarop dat analise daartoe neig om die gedig te versplinter en om dit te laat uiteenva in disiecta membra. Daarom stel hy dat die leser na analise 'n poging moet aanwend om wat geanaliseer en geabstraheer is weer tot 'n sintese te bring. Hy beklemtoon die waarde van analise: "I venture to hope that the dissection has not killed the poem but given it additional life and strength. And perhaps the very process of dissection may help

to show that great poetry comes from the head as well as the heart; that form and structure are essential ingredients of it, not least in Roman hands; and that Catullus at his most direct is usually also at his most sophisticated."

Met hierdie opmerkings het Moritz iets onder woorde gebring waarvan menige literator (ook die skrywer hiervan) al te deeglik bewus is: dat wetenskaplike bestudering en analise van 'n gedig nie sonder meer identies is met die leser se estetiese ervaring by die lees daarvan nie. Terwyl dit tipies van wetenskaplike ondersoek is om uiteen te haal, te analiseer en te beskryf, is die leser in die leesproses self eerder geneig om te integreer en om uiteenlopende verskynsels tot 'n geheel saam te snoer. 'n Poging tot wetenskaplike beskrywing van 'n gedig het egter 'n ander doel as 'n suiwer estetiese oogmerk.

Die opvatting dat indringende ondersoek as 't ware die gedig, of die leser se ervaring daarvan, skade kan berokken word ook by Ross (1969:81) aangetref. In 'n gedeelte waarin hy onder meer ook carmen 76 bespreek, stel hy: "The concepts most frequently employed by Catullus to unify and give poetic expression to the chaos of his emotions are naturally those most discussed by critics, and suffer accordingly."

Terwyl analise die gevaar inhou om die estetiese ervaring te versplinter en om die leesindruk af te breek tot geïsoleerde verskynsels (iets wat Palmer (1969:247) "critical blindness" noem), word Moritz se mening gedeel dat analise nuttig kan wees vir insig in die werking van 'n gedig. Riccio (1980:8) deel hierdie opvatting oor die nut van analise. Dit bly egter 'n ope vraag of analitiese ondersoek noodwendig eenduidige resultate sal oplewer.

Verder word daar van die aanname uitgegaan dat die pragmatiese effek van die gedig (die meevoerendheid en direktheid daarvan) verband hou met die strukturering en literêre manipulasie van talige gegewens in die gedig. Om hierdie verband te probeer aantoon, is die literator op analise aangewese.

## 2. STRUKTUURBESKRYWING

### 2.1 MAKROSTRUKTUUR

#### 2.1.1 Vernaamste denkskole

Oor die makrostruktuur van carmen 76 is daar (globaal genome) twee denkskole. Alhoewel die versreëls mekaar stigies opvolg en daar geen strofe-indelings is nie, is lesers geneig om die gedig in verskillende dele te segmenteer. Eerstens is daar die opvatting van literatore soos Kroll (1960:247), Wille (1964:89-92) en Leeman (1976:249) dat die gedig op makrovlak in twee gedeeltes verloop. Volgens hierdie opvatting is die gedig ingedeel in 'n algemene uiteensetting, ook genoem 'n selfaanspreking (versreëls 1-16) en 'n gebed (versreëls 17-26). Hierdie ongelyke indeling wat verskil van die simmetriese struktuur van baie van Catullus se ander gedigte, noep sommige literatore om die strukturele

beginsel waarop die werking van hierdie gedig berus, te tipeer as 'n "Prinzip der Asymmetrie" en as 'n gedig waarin die eenheid of harmonie tussen die elemente bewerkstellig word deur 'n estetiese wanbalans. Commager (1965:95), wat dit vergelyk met die epigramme, voer aan dat carmen 76 in vergelyking met carmen 72 "almost incoherent by comparison" is. Ander literatore (Bodoh, 1972:337; Den Hengst, 1976:263-265) is van mening dat die gedig 'n drieledige struktuur vertoon, en dat dit uiteenval in versreëls 1-9, 10-16 en 17-26. Die motiverings vir so 'n drieledige indeling verskil van skrywer tot skrywer. Bodoh (1974:337-342) begrond hierdie indeling, myns' insiens onbevredigend (kyk punt 3.6), op 'n analise van die toon- of stemmingstruktuur van die gedig. Bevredigender is die motivering van Den Hengst (1976:263-265), wat daarop wys dat versreëls 1-9 globaal genome op die verlede slaan, versreëls 10-16 op die hede, en die bede in versreëls 17-26 op die toekoms.

### 2.1.2 Nut van struktuurbeskrywing en -indeling

Van sentrale belang by die bespreking van die makrostruktuur en by die oorweging van verskillende opvattinge oor hoe die struktuur daaruitsien, is die vraag of sodanige struktuurindelings nuttig is al dan nie. Dit wil my voorkom of sulke indelings slegs waarde het indien aangetoon kan word dat dit perspektiewe bied op hoe die gedig funksioneer. Vir hierdie doel is dit nie genoegsaam om aan te toon dat die gedig uit twee of drie dele opgebou is nie, maar is dit nodig om aan te toon hoe die indeling ter sake is vir die verstaan van die werking van die gedig. Om hierdie vraag oor die funksie van bepaalde tekssegmente in die opbou van die geheel te beantwoord, sal daar ener syds gekyk moet word na wat bepaalde tekssegmente van mekaar differensieer en andersyds sal nagegaan moet word of daar, benewens verskeie, gemene delers tussen die onderskeie segmente aanwysbaar is. Op hierdie wyse kan aandag geskenk word aan sowel wat die gedig as diskoers saambind as aan die ontwikkeling binne die diskoers.

In hierdie bespreking sal daar argumente aangevoer word ten gunste van 'n drieledige struktuur en sal gepoog word om aan te toon dat carmen 76 'n heg gestruktureerde gedig is. Daar sal eerstens aandag geskenk word aan enkele struktuurprinsipes wat op die gedig as geheel betrekking het en daarna aan die struktuurpatrone wat 'n basis bied vir die segmentering van die gedig.

### 2.1.3 Struktuurprinsipes

#### 2.1.3.1 Jukstaposisie van die algemene en die besondere en van die onbepaalde en bepaalde

'n Opvallende struktuurpatroon in carmen 76 is die voorkoms van taaluitings met 'n algemene strekking wat dan opgevolg word deur die toepassing van daardie algemene stelling op 'n spesifieke persoon of situasie. In die uiteensetting wat hierop volg, word die algemene uitings aangedui deur die simbool A, opgevolg deur die nommer van die voorbeeld, en die verbesonderende toepassing daarvan deur die simbool B en die voorbeeldnommer.

## Simbool Versreëls

- A1 1-2a *Siqua recordanti benefacta priora voluptas  
est homini*  
(verder uitgebrei in versreëls 2b-4)
- B1 5-6 *multa parata manent in longa aetate, Catulle,  
ex hoc ingrato gaudia amore tibi.*
- A2 7-8a *nam quaecumque homines bene cuiquam aut dicere possunt  
aut facere,*
- B2 8b *haec a te dictaque factaque sunt.*
- A3 13-14a *difficile est longum subito deponere amorem.  
difficile est,*
- B3 14b *verum hoc qua lubet efficias:*
- A4 17-18 *o di, si vestrum est misereri, aut si quibus umquam  
extremam iam ipsa in morte tulistis opem*
- B4 19-20 *me miserum aspicate et, si vitam puriter egi,  
eripite hanc pestem perniciosam mihi.*

Algemene uitsprake word telkens op 'n spesifieke persoon of situasie van toepassing gemaak. So word die *homini* (A1, versreël 2) verbesonder tot *tibi* en die apostrofe *Catulle* van B1. Net so word *homines* (A2, versreël 7) gebalanseer deur *a te* (B2, versreël 8). Analoog hieraan, alhoewel nie identies daarmee nie (omdat die woorde *homō* en *tu* nie daarin voorkom nie, maar slegs geïmpliseer word) is die verhouding van A3 tot B3. In A3 word die algemene stelling gemaak: "Dit is moeilik om skielik 'n lang liefdesverhouding af te lê." Dit sou kon geld vir enige mens. In die versreël wat direk daarop volg en wat met dieselfde woorde (*difficile est*) begin, word dit deur die gedigspreker op homself van toepassing gemaak: *hoc qua lubet efficias*.

In A4 word eers 'n algemene tipering van die gode gegee<sup>1</sup> en daarna word die gode gevra om ooreenkomstig hul (algemene) aard en gewoonte teenoor die spreker in sy spesifieke situasie op te tree.

<sup>1</sup> Die feit dat die werkwoorde in die protasis-gedeeltes van die voorwaardelike konstruksie in die indikatief staan, is belangrik. Hierdeur word aangedui dat die spreker die voorwaardes realitief bedoel. Dit hou in dat om medelye te hê 'n kenmerk van die gode is en dat hulle in die verlede aan mense ('n onbepaalde *quibus*) hulp verleen het.

Die funksie van hierdie struktuurpatroon is om die leser daarop attent te maak dat persoonlike ervaring teen 'n ruimer of universele agtergrond geplaas word.

Wat in sommige van die voorbeelde hierbo opval, is dat daarin 'n jukstaponeering van onbepaaldheid en bepaaldheid voorkom. In die A-sinne met 'n algemene strekking kom daar dikwels woorde voor wat op onbepaaldheid dui. In die verbesonderende B-gedeeltes word dit dan opgevolg deur aanduidings van bepaaldheid. So word die onbepaalde *Siqua (voluptas)* in A1 opgevolg deur die bepaalde *ex hoc ingrato ... amore* in B1; die *quaecumque* van A2 deur die *haec* van B2; en die onbepaalde *quibus umquam* van A4 deur die bepaalde *me miserum aspiciente* en *eripite hanc pestem perniciosamque mihi* van B4.

### 2.1.3.2 Kruis-en-muntformulerings

'n Verdere patroonmatigheid wat oor die hele gedig verspreid voorkom, is 'n teksstrategie wat as kruis-en-muntformulerings beskryf kan word.

In versreëls 2b en 3-4 word daar eers 'n positiewe formulering aangetref van regskepe optrede: *cum se cogitat esse pium*, en daarna word dieselfde gedagte op negatiewe wyse geformuleer (*cum se cogitat nec sanctam violasse fidem, nec foedere nullo / divum ad fallendos numine abusum homines*).

In versreëls 10 en 11-12 word daar iets analoogs hieraan aangetref, wanneer die spreker eers positief vra waarom hy op 'n bepaalde wyse optree (*quare ...*) en dan in 'n uitgebreider vorm vra waarom hy nie (*quin ...*) anders optree nie. Al hierdie uitings verteenwoordig 'n selfondersoek van die spreker maar word kruis en munt geformuleer.

In versreëls 23-24 en 25 verduidelik die spreker eers in twee versreëls wat hy nie vra nie en dan in 'n enkele versreël wat hy wel begeer. Dit kan eweneens beskou word as die negatiewe en positiewe formulering van dieselfde saak.

Dit is opvallend dat die negatiewe formulering in al drie gevalle uitgebreider as die positiewe formulering is. Daar is wat die volgorde betref variasie aan te wys. In die eerste twee voorbeelde is die patroon 'n positiewe formulering opgevolg deur die negatiewe, terwyl die orde in die derde geval omgekeerd word.

Hierdie kruis-en-muntformulerings lewer getuigenis van 'n analitiese uitkyk en 'n neiging om 'n saak van verskillende kante te bekijk. Die analitiese aanpak in hierdie gedig pas goed in by die konvensies van die epigram as literêre vorm (kyk hoofstuk 6, punt 2.4.4). Die kruis-en-muntformulerings herinner ook aan juridiese taalgebruik met sy geneigdheid om volledig te beskryf en te definieer (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.5).

### 2.1.3.3 Persoonstruktuur

Waar die vorige patrone dwarsdeur die teks voorkom, word daar vervolgens aandag geskenk aan patrone wat bydra tot 'n segmentering van die teks.

Dit is interessant om na te gaan hoe daar in hierdie gedig 'n beweging voltrek word vanaf 'n toestand waar die spreker 'n situasie as 't ware van buite beskou en via 'n tussenstap ontwikkel tot 'n toestand waarin die spreker uiteindelik self as 'n "ek" aan die woord is. Alhoewel die gedig deurgaans 'n enkele verteller het, kan daar 'n ontwikkeling onderskei word wat in drie fases voltrek word, naamlik versreëls 1-9, 10-16, en 17-26.

By die lees van die eerste vier versreëls kry die leser die indruk dat dit in die gedig gaan om 'n derde persoon, om 'n verwyderde iemand anders. Daar is sprake van "'n mens" (homini) en in die verdere uitbreiding van die voorwaarde in versreëls 1-2a in 2b-4 word daar van buite af, as 'n derde persoon, na die mens gekyk, soos blyk uit die werkwoord cogitat (2) en die refleksiewe voornaamwoord se (3). In versreëls 5-6 verskuif die fokus na die tweede persoon. Ook in A2 en B2 kan daar gesien word hoe daar volgens die patroon van verbesondering oorgegaan word vanaf 'n derde tot 'n tweede persoon.

In die middelstuk van die gedig (versreëls 10-16) staan die "jy" in die sentrum, eers in 'n reeks vrae waarin die spreker homself in die tweede persoon aanspreek:

quare iam te cur amplius excrucies?  
quin tu animo offirmas atque istinc te ipse reducis,  
et dis invitis desinis esse miser?

(10-12)

Na die algemene stelling in versreël 13 kom daar in die volgende drie versreëls 'n reeks opdragte voor wat die spreker as 'n tweede persoon aan homself gee:

difficile est, verum hoc qua lubet efficias:  
una salus haec est, hoc est tibi pervincendum,  
hoc facias, sive id non pote sive pote.

(14-16)

Wat vir die doel van die ondersoek van persoon belangrik is, is dat die "jy" in die middelstuk van die gedig die prominentste is en dat die spreker vanaf 'n vragende toestand oorbeweeg tot 'n situasie waarin hy homself opdrag gee hoe hy die situasie moet hanteer.

In die derde gedeelte van die gedig, die prex in versreëls 17-26, kom die eerste, tweede en derde persoon voor, maar die klem is onmiskenbaar op die "ek". Hier rig die spreker hom in sy nood en ongeluk tot die gode en bid dat hy bevry mag word van 'n liefde wat hom ten gronde rig. Dat dit hier om die bidder (as 'n "ek") in sy nood gaan, is duidelik uit die bedes: me miserum aspicate (19); eripite hanc pestem perniciosamque mihi, / sel mihi surrepens imos ut torpor in artus / expulit ex omni pectore laetities (20-22) en reddite mi hoc pro pietate mea (26). Ook in sy uiteensetting van een van die gronde van sy gebed (si vitam puriter egi in versreël 19) en in versreëls 23-25 met die werkwoorde opto en quaero is die spreker as eerste persoon aan die woord.

Daar word dus in die gedig beweeg vanaf 'n objektiewe voorstelling op 'n afstand tot 'n groter persoonlike betrokkenheid en uiteindelik tot 'n algeheel persoonlike voorstelling.<sup>2</sup>

Skrywers soos Commager (1965:84) het al opgemerk dat die liefdesgedigte van Catullus nie soseer beskou moet word as "vehicles of communication" nie, maar as 'n digter se poging om beheer te verkry oor sy emosies. Hy skryf die pragmatiese effek van carmen 76 onder andere daaraan toe dat die leser vermoed dat die digter nie in sy doel slaag nie (1965:98). Die tegniek van inkringing vanaf "'n mens" tot "jy" tot "ek" strook met hierdie opvatting van Commager. Carmen 76 is 'n gedig oor afstandneming. Die persoonstruktuur vertel egter die teenoorgestelde verhaal. Ondanks alle pogings tot afstandname, kan die spreker nie daarin slaag nie, soos blyk uit die patroon ten opsigte van die wisseling van persoon.

Teen die agtergrond van hierdie persoonswisseling asook die tydstruktuur waarop Den Hengst (kyk punt 2.1.1) gewys het, wil dit my voorkom dat daar oortuigende argumente aangevoer kan word ten gunste van die opvatting dat die gedig in drie bewegings verloop. Oor die nut van hierdie indeling sal later meer gesê word (kyk punt 2.6).

## 2.2 MIKROSTRUKTUUR

In hierdie onderafdeling sal gepoog word om aan te toon hoe elk van hierdie drie gedeeltes gestruktureer is, ook met die oog op hul funksionering binne die geheel.

### 2.2.1 Die eerste beweging

Die eerste beweging (versreëls 1-9) val sintakties in drie onderafdelings uiteen, te wete versreëls 1-6, 7-8, en versreël 9. In versreël 1-6 is daar 'n struktuur wat as 'n "as ... dan"-struktuur getipeer kan word. Die spreker stel dat indien dit so is dat 'n mens genot put uit regskepe optrede, dan wag daar vir hom in 'n lang lewe baie vreugde uit hierdie ondankebare liefde. Adler (1981:36) vestig tereg die aandag daarop dat hierdie argument slegs 'n voorwaardelike geldigheid het. Dit geld slegs indien dit waar is dat 'n mens se pietas beloon word. Die res van die gedig toon egter volgens Adler aan dat die premisse van hierdie argument vals is, want in plaas daarvan dat sodanige optrede beloon word, ervaar die regskepe nie multa ... gaudia nie, maar die teendeel daarvan, en dit ten spyte van sy korrekte optrede. Adler (1981:36) is gevolglik van mening dat die argument vals is: "The argument is misleading and it is meant to be misleading: ...." Die argument dien volgens haar bloot om Catullus tot aksie aan te spoor.

<sup>2</sup> Analooq hieaan, hoewel nie heeltemal identies hiermee nie, is die wyse waarop daar na die geliefde verwys word. Die eerste verwysing is die onspesifieke *Ingratae ... menti* (9) en eers in versreël 23 word die aanwysende voornaamwoord *illa* aangetref. Alhoewel laasgenoemde verwysing spesifieker as die eerste is, word sy as't ware op 'n afstand gehou, wanneer daar na haar verwys word as "daardie vrou".

Terwyl Adler se opvatting gedeel word dat dit globaal duidelik is dat menslike pietas nie in die besondere geval van die spreker tot vroege aanleiding gee nie, meen ek dat die skryfster nie genoeg erns daarmee maak dat hierdie voorwaarde as 'n feitlike voorwaarde voorgehou word nie. Die gebruik van indikatiewe werkwoorde in die gedeelte toon aan dat die spreker impliseer dat 'n bepaalde gevolg noodwendig uit die vervulling van die voorwaarde voortvloei. Die feit dat dit nié gebeur nie is wat onverwags is. Dit is dus nie soseer die argument wat ongeldig is nie, dit is trouens onverwags dat iets wat algemeen as waar beskou word, nie in die spreker se spesifieke situasie geld nie.

'n Verdere argument ten gunste van so 'n interpretasie van die eerste ses versreëls is die begrippe wat die spreker in sy argument aanvoer. Pietas, fides en die nakoming van die bepalings van 'n foedus is hoog aangeslaan in die Romeinse gemeenskap (kyk punt 2.3.2). Uit die res van Catullus se oevre kry die leser dieselfde indruk.

In die geheel genome kan versreëls 1-6 dan verklaar word as die skepping van 'n sfeer waarbinne die latere ontwikkeling van die gedig met sy toespitsing op die spreker se situasie beoordeel kan word. Alhoewel die gesketste situasie globaal genome 'n "as ... dan"-situasie is, is daar in versreël 6 die eerste aanduiding dat dit wat as 'n algemene reël (behoort te) geld, waarskynlik nie hier van toepassing is nie. Die rede hiervoor is dat die liefde as 'n ingratus amor voorgehou word. In die lineêre lees van die teks val die woord ingrato buite die verwagte patroon.

Die opvatting van 'n noodwendige gevolg blyk ook uit versreëls 7-8 wat ingelei word deur nam. Sowel versreëls 1-6 as 7-8 vertoon kontraktuele trekke. Versreëls 1-6 stel 'n situasie voor van wat behoort plaas te vind. Versreëls 7-8 voeg daaraan toe dat die spreker alles gedoen het wat van hom verwag kon word. Versreël 9 wat hierdie eerste beweging afsluit en soos die voorafgaande gedeelte op die verlede betrekking het, kom as 'n verrassing: omnia quae ingratae perierunt credita menti. Die suggestie wat in versreël 6 geaktiveer is, word hier eksplisiet tot uitdrukking gebring. In plaas van die vele vreugdes wat hom uit die ingrato ... amore moes te beurt val, kom die spreker tot die ontugterende besef dat alles wat aan 'n ingratae ... menti toevertrou is, tot niet gegaan het. Die feit dat versreël 9 versreëls 5-6 oproep, blyk uit die herhaling van die adjektief ingratus. Deur hierdie inverbandstelling word multa ... gaudia manent gekontrasteer met omnia ... perierunt. Versreël 9, een van die min versreëls in die gedig waarin versreël en sin saamval, bevat 'n strak stelling van 'n onontkombare en onverbiddelike feit. As sodanig stel hierdie versreël die vorige agt in reliëf: die verwagte situasie word kort en klaar gebalanseer en uitgekanselleer deur die werklike toedrag van sake. Die "Sollen" en die "Sein" klop nie.

Sover dit die volgorde van gegewens in hierdie eerste beweging aangaan, moet opgelet word dat die sinne telkens korter word: 1-6; 7-8; 9. Aan die kruis van die saak, versreël 9, word die minste teksruimte afgestaan. Die leser sou verwag dat hierdie argument opgevolg sou word deur 'n ergo, dit wil sê met 'n konklusie dat 'n bepaalde resultaat gevolglik daaruit voortgevloei het. Alhoewel versreël 9 nie 'n woord bevat wat die verhouding tussen 9 en 1-8 aandui nie, is die semantiese verhouding daartussen een van teenstelling en word 'n woord soos sed of tamen veronderstel.

### 2.2.2 Die tweede beweging

Die boupatroon van versreëls 10-16 verskil van dié in die eerste beweging. Die sewe versreëls val weer eens uiteen in drie dele, naamlik versreëls 10-12, versreël 13, en versreëls 14-16. In hierdie tweede beweging is daar formeel 'n sterk mate van simmetrie in die komposisie aanwysbaar. Dit gebeur in die omraming van die sentrale versreël deur twee gedeeltes van drie versreëls elk. Hierdie twee driereëlige gedeeltes is op hul beurt elke keer onderverdeel in een versreël, opgevolg deur twee versreëls.

In hierdie gedeelte is dit duidelik hoe aan uitings wat gelade is met emosie vorm gegee word. Na die finaliteit van versreël 9 volg drie versreëls waarin die spreker homself aanspreek in 'n poging om hom te oriënteer in hierdie onbenydenswaardige situasie. Die vrae is 'n besinning oor sy optrede. Den Hengst (1976:264) tipeer dit tereg as 'n "dialogue intérieur".

Die spil waarom die tweede beweging draai, is versreël 13. Ten spyte van sy vrae waarom hy hom aan die foltering onderwerp en waarom hy hom nie ontworstel aan die situasie nie, is daar 'n aartsrealisme in versreël 13 aanwysbaar, naamlik die besef: *difficile est longum subito deponere amorem*.

In versreëls 14-16 wat hierop volg, is elke versreël telkens uit twee sinne of frases opgebou. Die strukturering van hierdie gegewens verdien besondere aandag. Dit kan soos volg voorgestel word:

a	b
<i>difficile est,</i>	<i>verum hoc qua lubet efficias;</i>
a	b
<i>una salus haec est,</i>	<i>hoc est tibi pervincendum,</i>
b	a
<i>hoc facias,</i>	<i>sive id non pote sive pote.</i>

In hierdie versreëls is daar kontinuïteit en ontwikkeling aan te wys. Die b-sinne word op verskillende wyses saamgebind. Benewens die feit dat die tweede persoon telkens daarin figureer en dat elk van hierdie sinne 'n opdrag bevat, kom die aanwysende voornaamwoord *hoc* in elk van hierdie b-sinne voor. Die *hoc*, wat gelyk te stel is met *longum subito deponere amorem*, dui op iets waarby die spreker direk betrokke is. Dit is ook interessant om daarop te let dat die drie opdragte semanties groot ooreenkomste vertoon, in so 'n mate dat dit as variante van dieselfde opdrag beskou kan word: die "jy" moet iets spesifikaal bewerkstellig, iets oorwin, iets doen.

Die a-sinne toon 'n dinamiese progressie. Dit beweeg vanaf die besef dat dit 'n moeilike situasie is tot die insig dat daar een redding daarvoor bestaan en uiteindelik tot die besef dat daar opgetree moet word of dit nou moontlik of onmoontlik is.

Die sintaktiese ordening gee blyke van variatio. In versreëls 14 en 15 word 'n a-b-patroon gevestig, maar in versreël 16 word hierdie patroon omgekeer tot b-a.

Die formele simmetrie ten spyte is daar binne die kort bestek van hierdie sewe versreëls heelwat emosie en dinamiek. Dit is opmerklik dat die spreker se poging om homself te oriënteer vergestalt word in 'n sintaktiese bou wat hortend voorkom. Dit is veral te bemark in versreëls 14-16 waar die versreël telkens uit twee frases opgebou is. Hierdie afwesigheid van 'n periodiese struktuur verskil van die beredeneerdheid van die eerste beweging.

By die lees van hierdie tweede beweging verkeer die leser onder die indruk dat die spreker se heil van sy eie optrede afhanklik is. Die verdere ontwikkeling van die gedig bring egter weer 'n verrassing mee. In hierdie moeilike situasie rig die spreker hom in die finale beweging tot die gode.

### 2.2.3 Die derde beweging

#### 2.2.3.1 Skematiese voorstelling

Die formele struktuur van die precatio kan soos volg voorgestel word:

a1	Invocatio	17a
b1	Twee voorwaardes, wat betrekking het op die gode	17b-18
c1	Bede 1	19a
b2	Derde voorwaarde, wat betrekking het op die spreker se vorige optrede	19b
c2	Bede 2	20
b3	Vierde voorwaarde, wat betrekking het op die situasie waarin die spreker hom bevind	21-22
	(of)	
	Uitbreiding van die bede deur middel van 'n vergelyking	
d1	Eksplikasie van wat die spreker nie vra nie	23-4
d2	Eksplikasie van wat die spreker wel vra	25
a2	Invocatio	26a
c3	Bede 3	26b

Alhoewel so 'n uiteensetting van die formele bou van die gebed figuurlik gesproke nie die lewende liggaam van hierdie passasie weergee nie, maar bloot die skelet daarvan, is dit nie sonder nut nie, aangesien dit bepaalde prinsipes in die opbou van hierdie gebed toelig. Dit vestig die aandag op die artistieke gekonstrueerdheid van hierdie *præx* en kan so 'n

korrektief bied op die opvatting dat die gebed bloot 'n uitstorting van emosie is.

### 2.2.3.2 'n Tekskritiese probleem

Voordat daar meer gesê word oor die struktuur van die *precatio* moet daar eers aan 'n tekskritiese probleem aandag geskenk word.

Soos blyk uit die struktuurbeskrywing hierbo is daar 'n probleem sover dit versreëls 21-22 (b3) aangaan. Die beskrywing wat gebied word, hang af van die tekslesing van die eerste woord van versreël 21. Variante waarvoor daar manuskripgetuïenis bestaan, word in die kritiese apparaat van die Oxford-tekst van Ellis (s.j.: ad 76.21) aangegee. Die variante is *seu* (A), *se* (Bod. Lat. Class. e.15) en *quae* (Calp. 1481).

Die tekslesings wat die meeste aanhang geniet, is *quae* (Mynors, 1967:91; Fordyce, 1965:73; Thomson, 1978:178 en Williamson, 1969:42). Die emendasie *sei* word in Ellis se Oxford-uitgawe gepubliseer (s.j.: ad loc.). Ander voorgestelde emendasies is *ei* (Baehrens, 1893:107), *seic* of *sic* (Leeman, 1976:248) en *heu* (Kinchin Smith and Melliush, 1958:83).

Aangesien die manuskripgetuïenis uiteenlopend is, berus die vasstelling van die waarskynlikste lesing op 'n interpretasie van watter van die voorstelle die beste sin maak in die spesifieke konteks. Dit wil my voorkom of die keuse tussen *sei* en *quae* behoort te lê, terwyl die moontlikheid dat *seic* die juiste manuskriplesing verteenwoordig nie afgeskryf behoort te word nie.

Daar kan op strukturele gronde 'n sterk saak ten gunste van *sei* ('n wisselvorm van die meer gebruiklike *si*) uitgemaak word, aangesien dit goed inskakel by die voorwaardelike patroon in hierdie gedig (kyk versreëls 1, 17 en 19). Die lesing maak goeie sin, maar is nie onproblematies nie. Wat teen hierdie voorstel tel, is die feit dat daar geen bevredigende rede aangevoer kan word waarom die digter twee verskillende ortografiese weergawes van die voorwaardelike woord (naamlik *si* en *sei*) in dieselfde gedig sou gebruik nie, en dit terwyl daar sover dit die metriese struktuur van die versreël aangaan geen verskil tussen die metriese kwantiteit van *si* en *sei* is nie en daar ook geargumenteer kan word dat *si* hier beter sou pas op grond van foniese oorwegings.

Ten spyte hiervan word hierdie lesing as die waarskynlikste beskou, en wel op grond van die herhaling van *si* in die res van die gedig, en omdat dit goed inpas by die globale struktuur van die gebedstekst.

'n Verdere opmerking wat ter sake is by die voorstelling van die formele bou van die gebedstekst raak versreëls 23-25, waaraan die simbole d1 en d2 toegeken is. Die feit dat versreëls 23-24 en 25 nie in die struktuurbeskrywing as bedes geklassifiseer is nie, is daaraan toe te skryf dat daar in die beskrywing gewerk is met die sintaktiese oppervlakstruktuur van die teks. So beskou is d1 en d2 nie bedes nie, maar stellings. Op die vlak van die semantiese dieptestruktuur verteenwoordig dit wel bedes. Dit is asof die spreker met hierdie uitings vir homself duidelik maak wat hy vra. Hierdie diskrepansie illustreer die inkongruensie van sintaksis en semantiek goed.

### 2.2.3.3 Patroon en dinamiek

In hierdie gebed is daar sterk aanduidings van patroonvorming. 'n Eerste opvallende voorbeeld hiervan is die identiese invocations, naamlik o di in die aanvangs- en slotversreël van die gebed. Alhoewel die eerste aanroeping voorkom in 'n heksameter en die tweede in 'n pentameter, is die tipografiese posisie daarvan identies, naamlik as die twee aanvangswoorde van die betrokke versreëls. Die funksie van hierdie herhaling is om strukturele sluiting te bewerkstellig. Die aanroepings omraam die gebed en wek so die indruk van simmetrie. Waar die aanroeping van die gode in versreël 17 as 'n verrassing kom na die sterk klem wat daar in die voorafgaande versreëls van die tweede beweging gelê word op wat die "jy" self moet doen, is die aanroeping in versreël 26 meer te wagte, aangesien dit voorberei is deur die invokasie in versreël 17. Die herhaling van die invocatio in die slotversreël gee verder 'n aanduiding van die dringendheid van die bede. Hierdie indruk word verder versterk deur die voorkoms van die eksklamatoriese o in albei aanroepings, aangesien hierdie uitroepwoord in Latyn nie bloot 'n standaardtoevoeging tot 'n apostrofe is nie, maar die emosionele geladenheid van die uiting aandui.

Die strukturering van gegewens in die derde beweging vertoon groter ooreenkomste met die prosedure in die eerste as in die tweede beweging. Waar daar in die tweede beweging 'n sterk simmetriese rangskikking om 'n middelstuk is, is daar in die eerste beweging 'n soort "blokbou": as a, dan b (1-6); want wat verwag is (a), het ek gedoen (b) (7-8); tog c (9). Die strukturering van die derde beweging is egter kompleks as dié van die eerste afdeling. 'n Belangrike struktureringsbeginsel is die voorkoms van "as ... dan"-strukture. Die patroon hang ten nouste saam met 'n afwisseling van die gronde waarop die bidder die gode nader en die bedes wat gerig word. Die gronde waarop die bidder hom beroep kom telkens in die protasis van die voorwaardelike konstruksies voor, asook in 'n konstruksie wat op die vlak van die semantiese dieptestruktuur daaraan ekwivalent is.

Ten spyte van hierdie patroon van afwisseling is daar nie slegs sprake van herhaling van dieselfde inligting nie, maar kan 'n ontwikkeling ook aangetoon word. In die eerste si-bysin beroep die spreker hom op wesenseienskappe van die gode, naamlik dat hulle bekend is daarvoor dat hulle medelye betoon en dat hulle mense in doodsgevaar gehelp het. Alhoewel die stelwyse voorwaardelik is, is hierdie sinne semanties die ekwivalent van stellings. Dit kan afgelei word uit die feit dat die werkwoorde in hierdie voorwaardelike bepalinge in die indikatief staan (est (17), tulistis (18)), iets wat aantoon dat die voorwaardes realitief bedoel word.

Na die eerste bede wat hierop volg, tref die leser 'n verdere realitiewe voorwaardelike konstruksie aan: si vitam puriter egi (19). Die fokus verskuif dus van die aard van die gode na die lewenswandel van die spreker in die verlede. Hy maak daarop aanspraak dat die gode hom moet verhoor op grond daarvan dat hy puriter geleef het. Alhoewel die stelwyse weer eens voorwaardelik is, funksioneer dit as 'n grond waarop hy sy bede rig, en die si is semanties ekwivalent aan 'n quod of quia.

Hierop volg die tweede bede, en daarna (indien die tekslesing wat gekies is juis is) 'n verdere voorwaardelike konstruksie, waarin die spreker die gode se aandag vestig op die situasie waarin hy verkeer, naamlik dat alle vreugde uit sy hart verdryf is. Versreëls 21-22 kan beskou word as 'n uiting wat aansluit by versreëls 17b-18. Daarin het dit daarom gegaan

dat die gode aan die mense hulp verleen het wanneer die dood hulle in die gesig staar. Die vreugdelose toestand wat in versreëls 21-22 uitgebeeld word, word metafories voorgestel as die gevolg van 'n siektetoestand (kyk verder punt 2.3.3). Hiermee stel die spreker dat sy spesifieke situasie in ooreenstemming is met dié van mense wat reeds ipsa in morte verkeer het, toe die gode hulle te hulp gekom het.

Alhoewel die pro pietate mea (26) nie soos die vorige gronde in voorwaardelike konstruksies geformuleer is nie, is dit semanties ekwivalent daaraan en kan dit net so wel geformuleer gewees het as si vitam piam egi of as si pius fui, waar si soos elders in die gedig op semantiese vlak quod of quia impliseer.

Wanneer daar gekyk word na die patroon wat die si-konstruksies en die ekwivalent daarvan vorm, merk 'n mens 'n ontwikkeling vanaf 'n beroep op die aard van die gode tot 'n beroep op die "ek" se pietas. Die sintakties-tipografiese ordening van woorde in die laaste versreël plaas mea in 'n emfatiese posisie, naamlik as die slotwoord van die hele gedig. Daar is dus beweeg vanaf o di, si vestrum est misereri (17) tot o di, reddite mi hoc pro pietate mea. In die Klassieke literatuur word pietas na my wete slegs as 'n attribuut van mense gebruik en nie in verband met die gode nie.<sup>3</sup>

Ook sover dit die alternerende bedes aangaan, is dit nie bloot 'n herhaling van dieselfde inhoud nie, alhoewel die bedes op dieselfde situasie betrekking het. Die eerste bede, me miserum aspicate (19), is, alhoewel dit gelade is met patos, bloot 'n bede dat die gode hom in sy ongeluk moet aansien. Die tweede bede is spesifieker: eripite hanc pestem perniciosamque mihi (20). Dit is 'n intense bede om verlos te word van die verderf. Hierdie bede word verder uitgewerk in versreëls 23-25, waar die spreker as't ware vir homself duidelik maak wat hy wens. Die laaste bede, o di, reddite mi hoc (26), dien dan as samevatting en afloop van die gebed.

In die geheel genome is die gebedstruktuur kompleks. Daar is manifestasies van omraming, asook van afwisseling van gebedsgronde en bedes. Binne hierdie alterneringspatroon is daar nie net sprake van

<sup>3</sup> In die vroeg-Christelike literatuur word dit wel in verband met God gebruik, soos blyk uit die geskrifte van Gregorius Magnus (Homiliae in Evangelium, 34.18; teks in Migne, Patrologia Latina, 76, col.1258 D): Hunc quia humilitas straverat, divina pietas erigebat, illum quia superbia erexerat, divina severitas humiliabat. ... Largitatem supernae pietatis aspicate, et ad misericordem iudicem, dum adhuc exspectat, cum lacrymis venite. ... Considerantes namque quod iustus sit, peccata vestra nolite neglegere; considerantes vero quod pius sit, nolite deperare.

Dit is in die lig daarvan dat 'n foedus 'n ooreenkoms is wat twee kante het, aantoklik om versreël 17 aan die begin van die gebed te sien as 'n reël waarin dit gaan om vestra pietas. Dit lewer dan 'n netjiese chiasiese konstruksie op met pietate mea aan die einde van die gebed. By gebrek aan loci in die Klassieke literatuur waar pietas as 'n attribuut van die gode gebruik word, is hierdie suggestie egter slegs spekulatief.

dinge wat konstant bly nie, maar ook van ontwikkeling. Soos in versreëls 14-16 in die tweede beweging is daar aanduidings van die vestiging van 'n patroon, en die omkering daarvan. Die grond (17-18) - bede (19a); grond (19b) - bede (20) patroon wat gevestig word, word in die slotbede omgekeer tot bede (26a) - grond (26b).

Sover dit die gebed in carmen 76 aangaan, is dit opmerklik dat geen *epitheta* en kultustitels daarin voorkom nie. Die gode wat aangespreek word, word nie eens geïdentifiseer nie. In hierdie afgestrooptheid vertoon dit ooreenkomste met carmina 1 en 109, maar verskil dit aanmerklik van carmina 34 en 36 (kyk verder hoofstuk 11, punt 2.2.6). Die gronde waarop die bidder hom beroep, figureer prominenter in hierdie gedig as in die ander gebedstekste en word, soos dikwels in gebedstekste gebeur, tot uitdrukking gebring in si-konstruksies (kyk Moritz, 1968:55).

Sover dit woordseleksie aangaan, is daar nie besonder sterk aanduidings dat 'n verhewe register in hierdie gedig nagestreef word nie. Die enigste twee uitsonderings hierop is die eksklamatoriese *o* in versreëls 17 en 26 (kyk Soles, 1954:12) en die keuse van die argaïese puriter in plaas van die meer gebruiklike *pure* in versreël 19. Hierdie keuse kan natuurlik aan metriese oorwegings toegeskryf word, maar dit is ewe moontlik om te argumenteer dat die digter deur hierdie keuse 'n verhevenheid aan die uiting wou verleen (Fodyce, 1965:369).

Die estetiese effek en die indruk van gekonstrueerdheid van die *precatio* berus nie net op hierdie sintaktiese, of dan sintakties-semantiese ordening van frases of sinne nie. Ook motiewe-herhaling, metaforiese, foniese en metries-ritmiese verskynsels speel 'n rol hierin. Daar word vervolgens aandag geskenk aan hierdie verskynsels wat meer algemeen as literêre struktureringsmiddele beskou word.

## 2.3 METAFORIEK

### 2.3.1 Inleiding

*Amor* funksioneer as 'n sentrale begrip in hierdie gedig. Die leser word eers in versreël 6 hiervan bewus gemaak, wanneer daar sprake is van 'n ondankbare liefdesverhouding (*ex hoc ingrato ... amore*). Dat die leser hom nie vergis in die identifikasie van die tenor in hierdie gedig nie en dat dit inderwaarheid om die liefde gaan, blyk uit die tema-reël:

*difficile est longum subito deponere amorem.*  
(76.13)

In die bestudering van die uitbeelding van die liefde in hierdie gedig sal daar gevolglik nagegaan moet word waarmee *amor* figuurlik in verband gestel word. In hierdie verband moet onderskei word tussen, enersyds, begrippe waarmee *amor* op 'n basis van soortgelykheid geassosieer word en, andersyds, hoe *amor* metafories ontwikkel word tot *morbus*, iets wat (alhoewel dit ook elders in die Klassieke literatuur voorkom) vir die leser as 'n verrassende ontwikkeling kom, aangesien dit by die eerste oogopslag moeilik is om in te sien hoe 'n liefdesverhouding metafories met 'n siekte in verband gebring kan word.

Met eersgenoemde gaan 'n kontrak-beelding gepaard, met laasgenoemde die metaforiek van 'n liggaamstoestand.

### 2.3.2 "Amor" as ooreenkoms / kontrak

Met hierdie uiteensetting word 'n baie kontroversiële onderwerp in Catullus-navorsing aangesny. Alhoewel daar in die loop van die geskiedenis indringend aandag geskenk is aan die liefdesbeskouing in Catullus se poësie en alhoewel die verhouding van amor tot verwante konsepte soos *amicitia*, *foedus*, *fides*, *benevolentia*, *officium*, *benefactum*, *gratia* en *pietas* al by herhaling bespreek is, is daar min sake waaroor daar meer meningsverskil heers as juis hieroor.

In die bespreking wat hierop volg word teties te werk gegaan. Die problematiek rondom die vraagstuk oor hoe die idee-inhoud van 'n teks vasgestel word, sal eers in die latere bespreking aan die orde gestel word (kyk punt 3.7). In die uiteensetting sal daar egter aandag geskenk word aan die meer tegniese vraagstuk of die voorstelling van die liefde as ooreenkoms metafories geskied al dan nie.

As aanknopingspunt tot die bespreking word verwys na 'n opmerking van Ross (1969:89-90): "The most difficult question concerning c.76 is one that does not seem to have bothered any critic: what do the first five lines have to do with the sixth? ... What in fact does a man's piety, in his relation with others, have to do with Catullus' own love affair? Is it not, poetically, an ineffective and almost preposterous introduction to what is obviously an important, and sincere, personal poem?"

In teenstelling met Ross vind hierdie skrywer die oorgang nie problematies nie. Enersyds val hierdie jukstapenering binne die patroon van naasmekaarstelling van die algemene en besondere wat hierbo behandel is (kyk punt 2.1.3 (1)). Andersyds word gemeen dat 'n analise van versreëls 1-6 die verband tussen amor en *pietas*, *fides* en *foedus* kan aantoon.

By die bestudering van versreël 1-6

*Siqua recordanti benefacta priora voluptas  
est homini, cum se cogitat esse pium,  
nec sanctam violasse fidem, nec foedere nullo  
divum ad fallendos numine abusum homines,  
multa parata manent in longa aetate, Catulle,  
ex hoc ingrato gaudia amore tibi.*

is dit duidelik dat daar in die voorwaardelike konstruksie bepaalde verbande gelê word tussen tekssegmente in versreëls 1-4 en 5-6. Die *voluptas* van versreël 1 word gebalanseer deur die *gaudia* van versreël 6. Aangesien die verhouding tussen hierdie woorde een van soortgelykheid is en die begrippe semanties na aan mekaar lê, vermag die leser (in die lig van die "as .. dan"-struktuur van hierdie gedeelte) dat daar ook 'n ooreenstemmende verhouding bestaan tussen die amor van versreël 6 en die kluster van begrippe in versreëls 1-4, naamlik *pietas*, *fides* en *foedus*.

Die vraag wat ontstaan is of die verhouding tussen amor en die ander begrippe metafories is al dan nie. Word amor deur die inverbandstelling daarvan met hierdie ander begrippe metafories daardeur gespesifiseer?

Hieroor heers daar skerp meningsverskil tussen Ross (1969) en Lyne (1980).

Ross (1969:80-94) is van mening dat die leser hier onmiskenbaar met metaforiek te make het. Volgens hom kan die probleem wat hy aangestip het rakende die verhouding tussen versreëls 1-5 en 6 opgelos word wanneer ingesien word dat Catullus sy liefdesverhouding metaforiseer deurdat hy dit in verband stel met met begrippe uit die politieke wêreld (*benefacta, pium, fidem, foedere, ingrato*) en dat hy dit verbeeld deur middel van "the vocabulary of political alliance". Hierdeur word *amor* gemetaforiseer tot 'n politieke *amicitia* en *foedus*. In die proses verset hy hom teen die vergeestelike interpretasie van Catullus se liefdesbeskouing as sou *amor* voorgestel word as 'n huwelik (kyk punt 3.7).

Hierteenoor is Lyne (1980:25 e.v.) van mening dat Ross se opvatting dat Catullus in sy *Lesbia*-epigramme die "vocabulary of political alliance" gebruik hoogs misleidend is.<sup>4</sup> Lyne (1980:24) voer aan dat Catullus die konstellasië begrippe waarmee hy sy liefde tipeer, ontleen aan die etiese kode van die Romeinse aristokrasie. Hy wys daarop dat alle aristokrasieë sulke kodes ontwikkel. So 'n kode bevat die norme van moraliteit en verantwoordelikheid wat sosiale gedrag reël en word deur die besondere gemeenskap as geldend aanvaar. Hieruit ontwikkel dan "a terminology of 'proper behaviour': a vocabulary of highly and particularly charged words, capturing the obligations of aristocracy" (1980:24). Wanneer Catullus dan woorde soos *amicitia* en *foedus* gebruik om sy liefdesopvatting te tipeer, gebruik hy nie 'n politieke metafoor nie, maar ontleen hy hierdie woorde aan die aristokratiese kode vir etiese optrede. Terwyl Lyne (1980:26) toegee dat die taal wat Catullus in sy *Lesbia*-epigramme gebruik sterk ooreenkomste vertoon met dié van Romeinse "politici", is hy van mening dat die ooreenkomste eerder daaraan toegeskryf moet word dat Catullus en die politici hulle op dieselfde etiese kode beroep en daarom 'n terminologie gebruik wat tuis behoort binne "the language of aristocratic commitment and obligation" (1980:26).

Terwyl ek meen dat Lyne ten opsigte van die aristokratiese terminologie gelyk het, word met Ross saamgestem dat die gebruik van hierdie terme in verband met 'n liefdesverhouding die begrip *amor* verder spesifiseer. Die gebruik van *amor* in samehang met hierdie aristokratiese terminologie voeg bepaalde assosiasies en konnotasies aan die term *amor* toe wat nie gewoonlik in ander kontekste sentraal staan nie. Hierdeur word *amor* gestempel tot 'n verhouding van loyaliteit, trou en tot 'n vaste ooreenkoms. Terwyl die tipering van *amor* as 'n verhouding van trou en loyaliteit niks vreemd is nie, is die inverbandstelling daarvan met 'n *foedus* wel verrassend, aangesien *foedus* op 'n hoogs formele ooreenkoms of verdrag dui. Catullus was dan ook die eerste Romeinse digter wat *amor* as 'n *foedus* voorgestel het (Lyne, 1980:34). Anders as ten opsigte van sy voorstelling van liefde as 'n *amicitia* is hy hierin deur 'n hele aantal latere Romeinse digters nagevolg.

*Pietas*, *fides* en *foedus* het betrekking op die verhouding tussen mense. Alhoewel dit nie in hierdie versreëls eksplisiet gestel word nie, kan uit ander kontekste waarin hierdie woorde gebruik word, afgelei word dat

<sup>4</sup> Ook Schmidt (1985:124-125) lewer kritiek hierop.

hierdie etiese kode deur die gode gesanksioneer word (so ook Wiseman, 1987:167; Den Hengst, 1976:262).

As woorde wat dui op verhoudinge met wedersydse verpligtinge en regte is daar dus iets kontraktueels in hierdie begrippe. Wanneer die spreker sy liefdesverhouding hiermee in verband bring, definieer dit amor as 'n soortgelyke verhouding. Dit is 'n verhouding wat berus op lojaliteit en trou, dit is soos 'n vaste ooreenkoms (foedus), en in die uitlewing of beoefening van so 'n verhouding tree die een teenoor die ander op met benevolentia, wat konkrete gestalte verkry in weldade (benefacta). Die nakoming van die verpligtinge van 'n verhouding gee aan daardie persoon aanspraak op gratia.

In die lig hiervan is die inverbandstelling van amor met pietas, fides en foedus myns insiens nie problematies nie. Wat wel verrassend is, is dat die liefdesverhouding in versreël 6 as 'n ingratus amor voorgelou word. Dit bied, soos elders aangetoon is (kyk punt 2.2.1), die eerste aanduiding dat daar nie ooreenkomstig die geldende etiese kode opgetree is nie.

Die feit dat die spreker amor as kontraktuele ooreenkoms voorhou, kom duidelik na vore in versreëls 7-8 waar die spreker aanvoer dat hy alles gedoen het wat van 'n mens verwag kon word en dat hy sy deel van die ooreenkoms nagekom het.

Verdere bevestiging daarvan dat amor as iets kontraktueels voorgelou word, word aangetref in versreël 9:

*omnia quae ingratae perierunt credita menti.*

Die fokusekspressie in hierdie sin is credita. Die woord creditum kom voor in etiese (of eties-godsdienstige) en in finansiële kontekste. In hierdie versreël staan die etiese strekking op die voorgrond. Die spreker gee te kenne dat alles wat aan 'n ondankbare gees "toevertrou is", tot niet gegaan het. Die woord word egter dikwels gebruik in die finansiële sfeer waar dit dui op iets wat geleen is. Wanneer iets aan iemand geleen is, staan die lener onder 'n verpligting om sy lening terug te betaal. In samehang met die ander aanduidings van kontraktualiteit in hierdie gedig word deur hierdie fokus geïmpliseer dat die spreker as 't ware 'n swak belegging gemaak het, omdat sy tot nog toe bloot geïmpliseerde vennoot (ingratae ... menti) nie sy / haar kant van die ooreenkoms nagekom het nie. Die skending van amor is soos kontrakbreuk.

Die idee van kontraktualiteit word nie net op die liefdesverhouding van toepassing gemaak nie, maar ook op die voorstelling van die spreker se verhouding tot die gode. In die slotversreël bid die spreker:

*o di, reddite mi hoc pro pietate mea.*  
(76.26)

Tog lê die twee voorbeelde nie presies op dieselfde vlak nie, aangesien daar in die loop van die gedig 'n ontwikkeling plaasgevind het. In die eerste beweging word daar 'n beroep gedoen op 'n geldende etiese kode ingevolge waarvan regskepe optrede deur vreugde beloon word. Alhoewel die hoofokus in hierdie beweging op intermenslike verhoudinge is, is reeds vermeld dat die gode die etiese kode sanksioneer waarop hier 'n beroep gedoen word. Die gebrek aan gratia aan die kant van iemand

wat benefacta ontvang het, staan die gode nie aan nie. Die implikasie hiervan is dat die spreker verwag het dat die gode die gewenste beloning van regskepe optrede sou verseker. In die tweede beweging is dit duidelik dat die gode dit nie in vervulling laat gaan het nie. Hiervan getuig die woorde *dis invitis* (12), wat ek soos Baehrens (1893:551) en Kroll (1960:249) as 'n kousale frase opneem, en nie as 'n konsessiewe uitdrukking nie (byvoorbeeld Ellis, 1876:357).

Wanneer die spreker hom dan in die derde beweging tot die gode wend, is dit in hul hoedanigheid as die wesens wat medelye betoon en mense in doodsgevaar help. Wat van hulle verwag word, is nie meer om toe te sien dat die foedus of trou-verhouding van die eerste beweging nagekom word nie, maar juis om die spreker daarvan te verlos. Dit is interessant om daarop te let dat dit wat die spreker sou kon verwag na aanleiding van sy *pietas*, blyk uit dit wat hy nie vra nie, naamlik dat sy hom op haar beurt sou liefhê en dat sy kuis sou wou wees. Wanneer die spreker die bede *reddite* (26) uiter, maak hy op minder aanspraak as wat in die eerste beweging geïmpliseer is. Dit gaan nie meer om die normale gevolge van regskepe optrede nie, maar om los te kom van 'n kontrak wat nie nagekom is nie. Soos in *credita* hierbo roep ook *reddite* die sfeer van die kommersiële wêreld op, aangesien dit ook die betekenis het van "vergeld" of "betaal (terug)". Vir hierdie bede beroep hy hom op sy eie *pietas*. Waar die kontraktualiteit van die Romein se geesteshouding in godsdienstige aangeleenthede gewoonlik in die frase *do ut des* opgesom word, is hier eerder sprake van *date nam dedi*.

### 2.3.3 "Amor" as "morbus"

Terwyl hierdie kontrakbeelding slegs duidelik is wanneer die verskillende moontlike betekenis van *credita* en *reddite* nagegaan word en die leser maklik daarvoor heen kan lees deur die woorde gewoon in hul oordragtelike betekenis te verstaan, is die metaforisering van liefde as 'n siekte veel opvallender. Hierdie metafoer word eers duidelik in die *precatio* in die derde beweging, maar by 'n noukeurige lees word dit duidelik dat die aanvoorwerk daarvoor reeds in die tweede beweging gedoen is. Wanneer die leser in die tiende versreël die vraag *quare iam te cur amplius ex crucies?* teenkom, is hy geneig om te dink dat die werkwoord *ex cruciare* hier in 'n oordragtelike betekenis gebruik word en dat dit om 'n geestelike eerder as 'n fisieke foltering gaan. Ook wanneer daar in versreël 15 gestel word: *una salus haec est*, is die leser geneig om te dink dat dit om heil of redding in 'n oordragtelike sin gaan. Uit die bede self word dit later duidelik dat *ex crucies* en *salus*, benewens die aanwesige oordragtelike betekenis, ook letterliker funksioneer as wat die leser aanvanklik gemeen het. Hierdie semantiese inligting word duidelik wanneer die leser die metaforisering van *amor* tot 'n siekte in sy volle omvang begryp.

In die uiteensetting wat hierop volg, word nie streng volgens die vertelvolgorde te werk gegaan nie, maar word begin by versreël 25 waar die metaforiese inverbandstelling eksplisiet gemaak word. Daarna word teruggewerk na versreëls 20-21 waar die spreker reeds 'n metaforiese konstruksie vermoed.

Dat die leser in versreël 25

*ipse valere opto et taetrum hunc deponere morbum*

met 'n metafoor te doen het, is eers duidelik in teksverband. Dit kan, om aan te sluit by die terminologie van Gräbe (1984b:433), getipeer word as 'n globale metafoor. Terwyl daar in hierdie versreël op lokale vlak geen seleksiebeperking oortree word nie, is dit op 'n wyer vlak, naamlik dié van die teks, duidelik dat morbus as 'n metaforiese fokusekspressie funksioneer. Versreël 25 vertoon naamlik duidelik ooreenkomste met versreël 13:

*difficile est longum subito deponere amorem.*

In albei hierdie versreëls is daar sprake van aflegging (*deponere*): in versreël 13 van die liefde, en in versreël 25 van taetrum hunc ... morbum. Hierdeur word daar 'n verband gelê tussen amor en morbus.

Dit is insiggewend om die ontwikkeling of transformasie wat daar tussen hierdie twee versreëls plaasgevind het in besonderhede na te gaan. Benewens die feit dat versreël 13 as 'n algemene stelling geformuleer is en dat versreël 25 heel spesifiek op die spreker betrek word, en afgesien daarvan dat iets aangenaams (*longum ... amorem*) oorgegaan het tot iets verskrikliks (*hunc ... taetrum morbum*), is daar ook 'n duidelike ontwikkeling van *difficile est* tot *opto*. Dit wat in versreël 13 nog voorgestel is as iets wat moeilik is, word nou in versreël 25 voorgehou as iets wat die spreker intens begeer.

Hierdie metaforiese verband tussen amor en morbus geskied deur 'n tussenstap in versreëls 20-22 waar die spreker die gode smeek:

*eripite hanc pestem perniciemque mihi  
sei mihi surrepens imos ut torpor in artus  
expulit ex omni pectore laetitia.*

Hierdie bede wat, soos dié in versreël 25, heel spesifiek is, stel die liefde voor as 'n pestis en pernicies, dit wil sê as iets wat die spreker ten gronde gerig het. Die verdere uitbreiding van *pestem perniciemque*<sup>5</sup> deur die vergelyking in versreëls 21-22 is in lyn met die beeld van 'n siektetoestand. Die verderf word vergelyk met 'n insypelende of kruipende beswyming. Hier word die beeld van 'n fisieke siektetoestand gebruik om aan te toon hoe die liefde as 'n siekte al die vreugde (uiteraard 'n toestand van die gees) uit die hart van die spreker verdryf het. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat *valere* (25) nie net oordragtelik gelees moet word nie, maar soos *excrucies* (10) en *salus* (15) ook verletterlik word.

Die impak van hierdie gedig berus na alle waarskynlikheid gedeeltelik op hierdie deurgekomponeerde metaforiek. Binne die kort bestek van ses en twintig versreëls word daar rondom die tematiese versreël 13 twee uiteenlopende opvattinge van die liefde, naamlik as kontrak en as siekte, saamgedig.

<sup>5</sup> Hierdie frase herinner enigszins aan 'n magiese teks waar *hanc pestem, hanc pestilentiam, hunc dolorem* besweer word (kyk Appel, 1975:43).

## 2.4 METRIES-RITMIESE OORWEGINGS

Die metriese struktuur van hierdie gedig is in besonderhede bespreek in die artikel van Hellegouarc'h (1965). Daarin toon die skrywer met behulp van stilistiese analise aan hoe die metriese struktuur meewerk tot die pragmatiese effek van carmen 76, wat hy tipeer as "... incontestablement une des pièces le plus émouvantes de l'oeuvre." In hierdie kort uiteensetting word slegs aandag geskenk aan verskynsels wat uitsonderlik is en om die rede waarskynlik vooropgestel is.

Wat besonder opval, is die talle gevalle waar elisie voorkom. In ten minste drie<sup>6</sup> van die versreëls kom daar drie elisies per versreël voor. Die betrokke versreëls is reëls 4, 11 en 25. Hellegouarc'h (1965:172) merk tereg op dat die drievoudige elisies 'n ritmeversteuring veroorsaak en dat dit paslik is by die uitdrukking van kragtige emosies. Alhoewel die talle elisies in die epigramme soms opgeneem word as aanduidings van Catullus se gebrekkige metriese vermoë, het West (1957:102) myns insiens tereg aangetoon dat Catullus veral baie elisies toelaat in passasies wat sterk emosioneel gelade is (kyk byvoorbeeld carmen 73.6).

Hierdie metriese vooropstelling is besonder funksioneel. In versreël 25, waarin daar geen werklike sesuur voorkom nie, onderskraag die metriese struktuur die semantiese strekking van die versreël. Alhoewel Ross (1969:119) van mening is dat hier naderbeweeg word aan die alledaagse uitspraak van Latyn, wil dit my voorkom of die metriese bou eerder beskou moet word as 'n ikoniese teken van die emosionele geladenheid van die uiting (kyk ook Den Hengst, 1976:265). Dit wat hy vra, kan met moeite uitgespreek word.

'n Ander metries-ritmiese verskynsel wat vermelding verdien, is die feit dat daar in versreël 15 'n spondee in plaas van die gebruikelike daktil in die vyfde voet van die heksameter voorkom, iets wat veroorsaak dat hierdie versreël vier lang sillabes aan die einde het. Hierdie versus spondiacus kom betreklik selde in Latynse heksameters voor. In gevalle waar dit wel voorkom, verleen dit besondere nadruk aan die uiting (Wille, 1964:90 n.1).

## 2.5 FONIESE STRUKTUUR

Die klankstruktuur van 'n gedig dra baie by tot die estetiese effek daarvan. Dit is egter iets wat baie moeilik is om sinvol te beskryf. Daarom word daar volstaan met enkele opmerkings oor die klankstruktuur van die precatio.

Dit is veral die herhaling en voortplanting van die /i/-klank dwarsdeur die gebed wat baie opvallend is. Daar is nie 'n enkele versreël in die precatio waarin dit nie voorkom nie. Dit is egter nie net die /i/ wat deur die gebed heen voortgeplant word nie. In versreëls 17-18 is dit opvallend

<sup>6</sup> Oor versreël 17 heers daar as gevolg van verskillende tekslesings meningsverskil.

hoe hoog die frekwensie van veral /i/, /m/, /s/, /u/, /t/ en /r/ is. In versreël 21 is daar 'n herhaling van /i/, /s/ en /t/-klanke. Die funksie van hierdie herhaling is die mees basiese funksie van klankbenutting, naamlik om die gedig tot 'n klanklike eenheid saam te snoer.

Wat wel vermeldingswaardig is, is die voorkoms van alliterasie, soos in *me miserum* (19), en veral die /p/-alliterasie, soos in *pestem perniciemque* (20), *potis ... pudica* (24) en *pro pietate* (26). Soos vroeër vermeld (kyk hoofstuk 2, punt 5.3.3) is klankorkestrasie meer kenmerkend van Romeinse as Griekse gebedstekste.

## 2.6 DIE TOONSTRUKTUUR: RASIONALITEIT, WIL EN EMOSIE

Wanneer daar gekyk word na versreëls soos *nam quaecumque homines bene cuiquam aut dicere possunt / aut facere, haec a te dictaque factaque sunt* (7-8); *verum hoc qua lubet efficias* (14b) en *sive id non pote sive pote* (16b), dan is dit inderdaad so dat hierdie formulerings 'n heel prosaïese indruk skep en kan begryp word waarom Commager (1965:94), wanneer hy verwys na die aanprysing van die skoonheid van hierdie gedig, opmerk: "Yet its beauty lies, surely, in the shape of the whole, in its emotional honesty and energy; line by line its beauty is hardly conspicuous." Die vraag ontstaan dus hoe dit verklaar moet word dat 'n gedig, wat vry algemeen as een van die aangrypendste in die Latynse literatuur beskou word, so 'n sterk pragmatiese effek op lesers het wanneer dit in kleiner segmente so 'n prosaïese indruk skep.

Dit wil my voorkom of 'n deel van die antwoord op hierdie vraag geleë is in die dialektiek tussen rasionaliteit, wil en emosie in hierdie gedig. Lyne (1980:22) wys tereg daarop dat die epigram as vorm hom goed leen tot 'n analitiese hantering van emosie. Dat daar in die gedig 'n sterk mate van rasonele oorweging en selfs van bedagtheid aanwesig is, word reeds gesuggereer in die eerste twee versreëls wanneer daar sprake daarvan is dat iemand iets in herinnering roep (*recordanti*), en veral dat iemand dink (*cogitat*) dat hy lojaal is. Hierdie rasionaliteit is des te meer opvallend omdat dit in verband gestel word met woorde soos *voluptas* (1) en *gaudia* (6), wat nie soseer op denke nie, maar op ervaring betrekking het.

Die spreker se poging om sy gevoel en sy situasie te rasionaliseer lê ten grondslag aan die kruis-en-muntformulerings wat vroeër bespreek is (kyk punt 2.1.3.2). Die korrelatiewe uitdrukkings soos *nec ... nec* (3), *sive ... sive* (16), die redundante *-que ... -que* in versreël 8, asook die gebruik van die voegwoord *nam* versterk die indruk dat die spreker 'n poging aanwend om rasoneel beheer te verkry oor sy emosie.

Die teenhanger hiervan is die sterk aanduidings van emosie wat veral in die gebedstekste opgemerk word. Dit word onder meer bewerkstellig deur die gebruik van imperatiewe vorme in die bedes, in teenstelling met die konjunktiewe en gerundivum-konstruksie in versreëls 14-16. Die sterk neiging tot alliterasie speel ook hierin 'n rol. Dit is egter veral die leser se vermoede dat die spreker nie daarin slaag om hom van sy emosies te distansieer nie (Commager, 1965:98) wat hiertoe bydra. Grant (1958:11) het in sy bespreking van die aard van die Romeinse literatuur daarop gewys dat ten spyte van die Romeinse literatuur se sterk aanleuning op

dié van die Grieke, die Romeinse geskrifte tog aanmerklik daarvan verskil. Een van die verskille wat hy aanmerk, is dat die Romeinse literatuur paradoksaal genoeg meer selfopenbare en self-analities is. Die verkenning van persoonlike emosie het volgens hom verder gevorder weens hierdie neiging tot self-analise.

Dit wil my voorkom of hierdie algemene tipering besonder toepaslik is op carmen 76 en dat Commager (1965) gelyk het wanneer hy aanvoer dat die kruks van Catullus se subjektiwiteit geleë is in sy poëtiese objektiwiteit. Hierdie standpunt word nie deur Ross (1969:164) gedeel nie.

Hierdie dialektiese verhouding tussen rasionaliteit en emosie verleen aan die gedig 'n dramatiese inslag. Lyne (1980:32) merk tereg op dat carmen 76 beskou kan word as 'n dinamiese analise van "shifts of feeling". Die spanning tussen die rede, wil en emosie word aan die leser voorgehou as iets wat aan die gebeur is. Dit is asof hierdie "verskuiwings" as 't ware in die loop van die gedig vir die leser opgevoer word. Dit wil my voorkom of die drieledige struktuur wat vroeër aan die hand gedoen is, goed rekenskap bied van die dramatiese aard van die gedig en van die ontwikkeling in die toonstruktuur.

## 2.7 INTEGRASIE VAN DIE GEBEDSTES BY DIE GEDIG AS GEHEEL

Waar daar in die voorafgaande uiteensetting gepoog is om 'n uiteensetting van sowel die makro- as mikrostruktuur van carmen 76 te bied, word vervolgens gewys op hoe die gebedstes by die gedig as geheel geïntegreer is.

Hierdie integrasie geskied veral deur die tematiese ontwikkeling van die gedig. Die tematiese ontwikkeling steun op sy beurt grootliks op die metaforiek. Daar is egter ook ander aanduidings van inskakeling deur middel van woordherhaling. Hier word in die eerste plek gedink aan die pietas-motief aan die begin (2) en einde (26) van die gedig, waardeur die belangrikheid daarvan op die voorgrond gestel word. Hellegouarc'h (1965:174) noem dit tereg "le motif essentiel" van hierdie gedig.

Verder word gedink aan die herhaling van si-konstruksies,<sup>7</sup> veral dié aan die begin van die gedig as geheel, en van die gebedstes.

Die me miserum van versreël 19 laat die leser dink aan die spreker se vraag waarom hy nie ophou om miser te wees nie (versreël 11). Ten spyte van die woordherhaling het daar niks gekom van die spreker se voorneme om op te hou om miser te wees nie, soos blyk uit versreël 19 waar die gode aangeroep word om hom in sy ellende aan te sien. Eweneens roep die quod non potis est (24) die sive id non pote sive pote

<sup>7</sup> Bardon (1970a:22) verstrek die volgende indeks van voorwaardelike konstruksies aan die begin van Catullus se gedigte en in die eerste posisie in 'n vers: carmina 14b.1; 48.1; 58b.1-4; 65.1-4; 71.1 e.v.; 76.1.4; 82.1; 108.1. Kyk ook 23.2; 52.2; 55.1; 82.2 en 98.1.

van versreël 16 op. Waar die spreker die byna onmoontlike van homself verwag, vra hy nie dieselfde van sy beminde nie. Ondanks die woordherhaling is die struktuur dinamies.

## 2.8 DIE LITERÊRE BENUTTING VAN DIE GEBEDSVORM IN CARMEN 76

Teen die agtergrond van hierdie analise kan die volgende opmerkings gemaak word oor die literêre benutting en funksie van die gebruik van die gebedsvorm in carmen 76.

Die gebed in carmen 76.17-26 kan getipeer word as 'n persoonlike gebed. Met die uitsondering daarvan dat die gode aan wie die gebed gerig word nie spesifiek op die naam genoem word nie, konformeer hierdie gebed formeel aan die konvensies van die gebedsvorm.

Daar is aangetoon dat die gebedsgedeelte intern heg gestruktureer is (kyk punt 2.2.3). Die funksie van die gebedstekes kan egter slegs in die verhouding daarvan tot die res van die gedig verstaan word. Soos in 'n aantal van die verse van Catullus kom die gebed hier aan die einde van die gedig voor. Dit wil my voorkom of daar min twyfel daaroor kan bestaan dat die gebedsgedeelte die klimaks van hierdie gedig vorm. Die motivering vir hierdie standpunt berus op die funksie wat toegeken word aan die persoonstruktuur wat in die gedig aangetoon is. Ook die dramatiese verloop van die gedig met sy presentasie van die gevoelsverskuiwinge, die ontwikkelinge in die toon- en tydstruktuur, asook die feit dat die metaforiese uitbeelding van liefde as 'n siekte in die gebedsgedeelte ontken, kan as getuieis ten gunste van hierdie opvatting aangevoer word. Ten spyte van die aanduidings van verrassende ontwikkelinge in die gedig is aangetoon dat die gebedsgedeelte deeglik voorberei is deur die teksgedeelte wat daaraan voorafgaan. In hierdie verband is dit moontlik om sekere konstante sowel as sekere veranderende patrone in die gedig aan te dui. Dit werk daartoe mee om sowel eenheid as dramatiese ontwikkeling aan die diskoers te verleen.

'n Belangrike funksie van die aanwending van die gebedsvorm is dat 'n sfeer van verhevenheid daardeur geskep word en dat die persoonlike ervaring wat in hierdie gedig tot uitdrukking kom daardeur gesublimeer word. Anders as die veralgemenende tipering wat soms van die Romeinse gebed gegee word, word hierdie gebed gekenmerk deur emosionele intensiteit en is daar duidelike aanduidings dat die spreker hom hier op 'n geldende etiese kode beroep. Die tipering van die Romeinse gebed as 'n uiting wat aan emosie ontbreek en waarin daar geen etiese interesse aan te wys is nie (kyk hoofstuk 4, punt 9.2.6), is beslis nie op carmen 76 van toepassing nie. Die gebruik van die gebedsvorm in die derde beweging van die gedig - en dit na die aanduidings in die tweede beweging dat die spreker se heil van sy eie optrede afhanklik is - dra daartoe by om aan die gedeelte 'n sterk emosionele geladenheid te verleen.

'n Verdere funksie wat die pragmatiek raak, kom na vore wanneer die verhouding van die gebedstekes tot die res van carmen 76 en tot die res van Catullus se oeuvre in berekening gebring word. Dit blyk dat die gebed bydra tot die bewerkstelliging van patos. Op grond van bepaalde struktuurpatrone, veral dié ten opsigte van die persoonstruktuur, ver-

moed die leser dat die spreker, ten spyte van al sy pogings om hom te distansieer van die liefdesverhouding, nie in sy doel slaag nie.

### 3. INTERPRETASIEVRAAGSTUKKE

#### 3.1 INLEIDING

In die inleidingshoofstuk van hierdie studie is gestel dat die ondersoek twee fokusse het en dat hierdie fokusse in 'n dialektiese verhouding tot mekaar staan.

In ooreenstemming met die strewe na taksonomie en bepaaldheid is daar in die bespreking van carmen 76 hierbo gepoog om deur noukeurige analise van linguale strukture van die gedig en deur die verkenning van wat gewoonlik beskou word as belangrike komponente van literêre taalgebruik (metaforiek, sintaktiese patroonvorming, ritmiese en klanklike struktuur) aan te toon hoe die gedig gestruktureer is en hoe die gebiedsvorm binne die teksgeheel funksioneer. Daar is streng tekstueel te werk gegaan en in die ondersoek is van die aanname uitgegaan dat die ordening van linguale gegewens ten grondslag lê aan die wyse waarop die gedig funksioneer en aan die pragmatiese effek daarvan op die leser. Die vraag wat ontstaan, is of sodanige teksanalise, waarin die klem veral gelê is op die "hoe" van die gedig, kan afreken met interpretasieverskille.

'n Faktor wat aan hierdie neiging tot presisie ondersteuning behoort te bied en tot eksakte resultate aanleiding behoort te gee, is die feit dat 'n hele aantal kommentatore beweer dat carmen 76 een van die direkste gedigte is wat Catullus geskryf het. Juis in die lig van die beweerde direktheid van die gedig het die skrywer hiervan 'n apologia gelewer om hom te verskans teen 'n moontlike beskuldiging dat so 'n direkte gedig nie vra om so 'n abstraherende analitiese aanpak nie.

Alhoewel dit in die loop van die analise hierbo geblyk het dat daar meningsverskille oor die formele bou van die gedig bestaan en daar toegegee moet word dat dit geensins maklik is om eenduidig uitsluitel daaroor te bied nie, is hierdie tipe vraagstukke tog veel eenvoudiger om te beredeneer as om uitsluitel te probeer bied oor meningsverskille oor die strekking van die gedig. Wanneer daar verskillende beskrywings gebied word van die formele struktuur van die gedig, is dit gewoonlik maklik om in te sien waarom 'n literator 'n bepaalde opvatting huldig, en uit die vergelyking van die voorstelle - veral sover dit die mate van insig wat dit moontlik maak in die werking van die gedig - kan gewoonlik 'n beredeneerde standpunt daaroor ingeneem word.

Wat nie uit die analise hierbo geblyk het nie, is hoe uiteenlopend literatore hierdie gedig interpreteer. In die uiteensetting wat hierop volg, sal op hierdie interpretasievraagstukke ingegaan word. Hierdie bespreking staan in lyn met die tweede fokus van hierdie ondersoek, naamlik om aan te toon watter faktore 'n rol speel in literêre interpretasie met spesifieke aandag aan daardie sake wat eksakte interpretasie en eenduidige resultate in die weg staan.

Om aandag te skenk aan die interpretasiestryd rondom 'n gedig is - vir sowel die skrywer as die leser van so 'n uiteensetting - 'n moeisame on-

derneming. Dit loop die wesenlike gevaar om niks anders te wees as 'n katalogus van uiteenlopende uitsprake nie. Die rede waarom so 'n uiteensetting nogtans aangepak word, is omdat die bestaan van teenstrydige interpretasies belangrike konsekwensies inhou vir die status van wetenskaplike uitsprake. In die uiteensetting wat hierop volg, sal gepoog word om aan te toon

- hoe literatoure verskil oor die interpretasie van carmen 76
- op watter vlakke hierdie verskille lê

en om te probeer vasstel

- watter faktore aanleiding gee tot uiteenlopende interpretasies
- of alle interpretasies op geldigheid aanspraak kan maak.

Die probleme wat bespreek sal word dek 'n wye terrein. Wat as gemene deler van die meeste van hierdie vraagstukke dien, is die feit dat dit hier gaan om die groter samehange waarbinne 'n teks geplaas word, dit wil sê om die verhouding waarin die teks tot die outeur staan, die verhouding daarvan tot die interteks en tot die genre waarin dit geskryf is. Dit raak dus 'n ander kategorie probleme wat ingewikkelder is as suiwer strukturele vraagstukke en as die vraag hoe verskillende tekssegmente in verhouding tot mekaar en die teksgeheel georden is.

Die volgende vraagstukke sal bespreek word:

- Kan 'n bepaalde ideologie, werklikheidsvisie, godsdiensbeskouing en / of filosofiese opvatting uit carmen 76 afgelees word?
- Kan sodanige opvatting geïdentifiseer word met die opvatting van die biografiese outeur?
- Impliseer die gebruik van die gebedsvorm 'n persoonlike godsdienstigheid aan die kant van die outeur?
- Kan Catullus se opvatting oor die liefde uit hierdie gedig afgelees word?
- Waarom interpreteer lesers die stemming van hierdie gedig so verskillend?
- Die afbakening van die veld van ondersoek, met spesifieke verwysing na standpunte oor die tersaaklikheid van intertekstualiteit.
- Die vraagstuk of carmen 76 beskou moet word as epigram of elegie.
- Wat is die status van wetenskaplike uitsprake oor die literatuur?
- Is alle lesings van carmen 76 ewe aanvaarbaar?
- (Hoe) kan die probleem van uiteenlopende uitsprake bereedder word?
- Speel die leser se belangstellings en opvatting 'n rol in die resultate van literêre ondersoek?

## 3.2 DIE VERHOUDING TUSSEN TEKS EN OUTEUR

Sover dit die vraagstuk oor die verhouding tussen die teks en die skrywer aangaan, neem die meeste literatoure carmen 76 op as 'n ekspressie van die opvattinge, gevoelens en oortuigings van die biografiese outeur, Catullus. Die teks word dus as dokument bestudeer.

Ten spyte hiervan word daar verskillende standpunte gehuldig oor hoe die verhouding tussen die digter en sy geskryfte presies daar uitsien. Sommige navorsers beskou die gedigte as (feitelike) weergawes van die digter se ervarings en oortuigings. So 'n benadering word aangetref in die artikel van Wille (1964) met die titel: "Catullus Gedicht 76 als Spiegelbild seines Liebeserlebnisses und seiner Liebesdichtung". Dyson (1973:127) omskryf hierdie tipe benadering goed: "In this view the poet is regarded as handling his own actual experience directly, so that the poems represent reality, ...".

Vir 'n opvatting dat daar 'n noue verband tussen die mens en die werk bestaan, hoef daar nie noodwendig met 'n streng biografiese benadering gewerk te word nie. Eerder as om die gedigte te sien as verslae van die gebeure in 'n digter se lewe, kan hulle ook beskou word as manifestasies van die digterpsige. In sodanige benaderings word daar dikwels aandag geskenk aan die verhouding tussen ervaring ("Erlebnis") en die kunstgestalte wat dit aanneem, soos in die werk van Schäfer (1966). Hiervolgens word die gedig dan beskou as 'n "Psychogram des Erlebnisses" (Schäfer, 1966:109).

'n Variant hiervan, wat Dyson (1973:127 n.1) die "problem-solving theory" noem, beskou die gedigte as die digter se poging om sy emosie te beheers om sodoende 'n persoonlike probleem op te los. Commager (1965) se werk is 'n goeie voorbeeld hiervan.

'n Volgende variant van hierdie benadering kan getipeer word as psigo-analities. 'n Eksponent van hierdie rigting is Adler (1981:149). Sy onderskei byvoorbeeld in haar bespreking van carmen 76 tussen die spreker, die tekstuele "Catullus" en die mens Catullus. Die spreker en "Catullus" moet volgens haar beskou word as onversoerbare fragmente van mens Catullus, wat nie een sonder meer met die biografiese outeur geïdentifiseer moet word nie.

Alhoewel sodanige biografiese aanpakke, in suiwer of in afgewaterde vorm, baie invloedryk is en die steun van 'n hele aantal navorsers geniet, was daar ook reaksie teen 'n biografiese benadering deur byvoorbeeld Williams (1968:577), die vroeë Quinn (1969:1) en Dyson (1973).

## 3.3 VERSKILLE OOR DIE STREKKING VAN DIE GEDIG

Teen hierdie agtergrond kan nou oorgegaan word tot die illustrasie van die werklikwaar verbysterende aantal opvattinge oor die strekking van carmen 76.

### 3.3.1 Carmen 76 as godsdienstige gedig

### 3.3.1.1 Manifestasie van diepste geloofsoortuigings

'n Eerste standpunt is dat Catullus se diepste geloofsoortuigings in hierdie gedig vergestalt word. Renard (1946:356-357) verwys byvoorbeeld daarna as die "poème le plus profondément religieux" van Catullus en bemerk tekens van 'n verlange na die hiernamaals daarin. Ook Wille (1964:95) huldig die opvatting dat die gebed aan die einde van carmen 76 nie toegeskryf moet word aan 'n blote gevoelsopwelling nie, maar is van mening dat die beëindiging van sy liefdesverhouding met Lesbia 'n religieuse verdieping by Catullus tot gevolg gehad het.

### 3.3.1.2 'n Mistiese interpretasie

In dieselfde kader hoort die standpunt van Marmorale (1952), wat die gedig eweneens as 'n diep godsdienstige gedig beskou. Hierdie standpunt vorm deel van 'n omvattender teorie. Hiervolgens word aanvaar dat Catullus se psige nie as staties beskou moet word nie, maar dat daar 'n ontwikkeling plaasgevind het vanaf wat Marmorale "le primo Catullo" noem tot "l'ultimo Catullo". Hierdie teorie veronderstel dat die volgorde waarin Catullus sy gedigte geskryf het, gerekonstrueer kan word en dat dit belangrik is vir die verstaan van sy werk. Marmorale (1952:68) vergelyk byvoorbeeld carmina 34 en 76. Die Diana-himne is volgens hom bloot 'n gespeel met woorde en die siel van die digter kan glad nie daarin gesien word nie. Daarteenoor word carmen 76 gekenmerk deur 'n intense godsdienstigheid. Hierdie godsdienstigheid van die gedigte aan die einde van Catullus se lewe kan volgens Marmorale nie toegeskryf word aan die digter se persoonlike lyding nie, maar kan slegs verklaar word deur te aanvaar dat Catullus aan die einde van sy lewe geïnisieer is in die orfiese Dionysuskultus. Dit is dus die misteriegodsdiene, en nie die tradisionele Romeinse godsdiens met sy formalisme nie, wat verantwoordelik was vir hierdie ommekeer en persoonlikheidsontwikkeling.

Die tekstuele getuienis vir hierdie standpunt berus enersyds op 'n interpretasie van die in longa aetate van versreël 5 as 'n frase wat dui op "ewigheid". Hierdie interpretasie is reeds aan die hand gedoen deur Gigante (1951:139-140), maar is in meer besonderhede uitgewerk deur Marmorale. Andersyds is dit gebaseer op die klem wat gelê word op si vitam puriter egi (versreël 19), aangesien 'n vrome lewenswandel belangrik geag is in die misteriekultusse.

Kritiek op hierdie polemiese interpretasie kan nagelees word in Granarolo (1967:40 e.v.). Wat op hierdie stadium belangrik is, is om daarop te let dat literatuurbestudering vir Marmorale nie die bestudering van 'n talige objek is nie, maar die bestudering van die ontwikkeling van die psige van die skrywer.

### 3.3.1.3 'n Voor-Christelike interpretasie

'n Ander variant van 'n vergeestelike interpretasie van carmen 76 word aangetref in die werk van skrywers wat van mening is dat daar die eerste aanduidings van 'n nuwe godsbeskouing in hierdie gedig te bespeur is. Herescu (1959:134, in Granarolo, 1967:95) noem Catullus die "précurseur d'une nouvelle conception de la divinité". 'n Belangrike bewysplaas vir hierdie standpunt word aangetref in die inleidingsvers van die precatio in carmen 76:

o di, si vestrum est misereri ...

Granarolo (1967:96) merk op dat om *misericordia* as 'n besondere karaktertrek van die gode voor te hou binne die kader van Romeinse godsdienstige opvattinge "une nouveauté vraiment extraordinaire" verteenwoordig het. Op grond hiervan, en ook omdat *misericordia* so 'n belangrike plek in die godsbeskouing van die Christendom inneem, bemerk skrywers soos Herescu en - met sterk kwalifiserende opmerkings aangesien hy nie die tradisionele Romeinse opvattinge miskyk nie - ook Granarolo (1967:101-102) 'n sekere affiniteit tussen Catullus se godsbeskouing en dié van die Christendom. Catullus se bede eripite hanc pestem perniciemque mihi evoker selfs die bede in die Onse Vader: *libera nos a Malo* (Granarolo, 1967:107)!

### 3.3.1.4 Carmen 76 as Romeinse gedig

Daarteenoor beskou Ross (1969:172) die gebed in *carmen 76* as deur-en-deur Romeins en prakties. Alhoewel hy dit nie eksplisiet stel nie, kan aanvaar word dat die godsdienstige opvattinge wat hierin vergestalt is volgens Ross as tradisioneel Romeins beskou behoort te word.

#### 3.3.1.5 'n Animistiese ingesteldheid

Op sy beurt konkludeer Lieberg (1962:121) op grond van die feit dat Catullus op die plekke waar hy hom met erns tot die gode wend (byvoorbeeld *carmina 76.17, 109.3* en *68.153-154*) nie 'n deus aanroep nie, maar *divi* "dass Catull die für sein Leben entscheidende religiöse Instanz nicht in einer persönlichen Hauptgottheit, sondern in der schlechthin numinos und nicht individuell konzipierten Gesamtheit höherer Mächte erblickt."

### 3.3.2 Carmen 76 as nie-godsdienstige gedig

Dit is egter nie alle literatore wat meen dat *carmen 76* as so 'n ernstige godsdienstige of filosofiese gedig beskou moet word nie, of wat meen dat Catullus se persoonlike oortuigings daarin vergestalt word nie. Binne hierdie raamwerk word die godsdienstige elemente of toegeskryf aan konvensie of word dit psigologies verklaar. Die standpunte wissel van Croce (1941:67) se uitspraak dat Catullus nie behep was met enige godsdienstige of filosofiese opvatting of met morele stryd nie ("nessun pensiero religioso o filosofico lo innalzava a sé o lo travagliava; nessuna lotta morale lo impegnava; ...") tot die minder ekstreme standpunte van Commager, Williams en Bardon. Commager (1965:96) stel die volgende standpunt: "The poem shows no doctrinaire bias, whether Epicurean, Stoic or Mystic, but merely uses certain quasi-religious, quasi-philosophical commonplaces as a kind of mirror for an intensely private experience." Watter quasi-godsdienstige of -filosofiese uitsprake in die gedig voorkom, dien dus slegs as gemeenplase om die digter se ervaring in reliëf te stel en moet nie as Catullus se diepste oortuigings opgeneem word nie.

Bardon (1970a:111-113) stel weer, in sy afwysing van die standpunte van Granarolo en Herescu, dat in gedagte gehou moet word dat *carmen 76* een van die liefdesgedigte van Catullus is. Die bede tot die gode moet binne hierdie konteks beoordeel word. Hy bemerk 'n klaarblyklike pragmatisme en utilitarisme in hierdie gebed, iets wat niks afdoen aan die intensiteit daarvan nie, maar wat die leser skepties behoort in te stel

teenoor die standhoudendheid ("constance") van Catullus se godsdiensstige sentiment. Elders stel Bardon (1970a:137) in verband met carmen 76: "Une prière aux dieux n'est qu'un aspect d'un amour terrestre." Die gebruik van die gebedsvorm word dus psigologies verklaar.

'n Soortgelyke standpunt word aangetref in die bespreking van Williams (1968:411-412). Alhoewel hy stel dat die gedig nie godsdiensstig in strekking is nie, wys hy daarop dat die digter deur die keuse van die gebedsvorm en deur die konformerings aan die konvensies daarvan, daarin geslaag het om die indruk van 'n intens beleefde ervaring te bewerkstellig. Hy verbind hierdie geestesingesteldheid aan die neiging van gemeenskappe en individue om in tye van spanning en gevaar hulle uit te druk in vorme wat tradisioneel is en as verhewe beskou word. Om hierdie rede meen hy dat dit 'n oorvereenvoudiging is om te stel dat die leser moet kies tussen 'n beskouing wat klem lê op godsdiensstige gevoel of op blote konvensie, en konkludeer: "... there is no simple piety in the words of 76: there is a deep feeling and the expression of that instinct in men which makes them in dire trouble reach out for words to voice human despair by asserting total reliance on the superhuman" (1968:412).

### 3.4 DIE STATUS VAN LITERÊRWETENSKAPLIKE UITSPRAKE

#### 3.4.1 Dilemma

Hierdie kakofonie van botsende standpunte plaas die literatuurwetenskaplike voor 'n dilemma. Die probleem met hierdie uiteenlopende standpunte is dat al hierdie uitsprake nie gelyktydig korrek kan wees nie. Carmen 76 kan nie gelyktydig diep godsdiensstig en nie-godsdiensstig wees nie. Eweneens kan die gedig nie tegelykertyd tradisioneel Romeins, misties, en voor-Christelik wees nie. Die uiteenlopendheid van hierdie interpretatiewe uitsprake dwing die literator om te vra na die sin van interpretasie.

#### 3.4.2 Moontlike uitweë

Daar is 'n aantal moontlike maniere waarop die literator kan probeer aan hierdie dilemma te ontkom. By nadere oorweging blyk dit egter dat elkeen daarvan probleme veroorsaak.

- 'n Eerste uitweg sou wees om aan te voer dat die literatore besig is om die teks te "oorvra". Toegepas op carmen 76 sou dit inhou dat lesers wat die gedig wil indwing in die keurslyf van 'n bepaalde godsdiensstige of filosofiese skool, op soek is na antwoorde op vrae waartoe die teks nie genoeg aanleiding gee nie. Hiervolgens sou dit ondersake wees om in die werk van 'n liefdesdigter te gaan soek na uitgewerkte "teologiese" of filosofiese sisteme. Hierdie tipe vrae behoort volgens hierdie gedagterigting nie sentraal te staan in die bestudering van carmen 76 nie.

Die probleem met hierdie standpunt is dat dit nie moontlik is om klinkklaar en met stilligheid vas te stel tot watter vrae 'n teks aanleiding (behoort te) gee nie. Gewoon die historiese feit dat lesers

in hul bestudering van hierdie gedig aan sodanige vroeë aandag geskenk het, is 'n bewys hiervan.

- 'n Ander manier om die saak te beredder sou wees om aan te voer dat dit in die literatuur nie gaan om idees nie, maar om woorde. Die agtergrond van hierdie standpunt is die verset teen 'n benadering waarin literatuur primêr as deel van die ideegeskiedenis bestudeer word. Die lastigheid met hierdie standpunt is dat tekste ook betekenis het.
- 'n Volgende moontlikheid is om aan te voer dat die fout by die skrywer of by die leser lê. Quinn (1972b:x-xi) beredeneer die probleem van meerdere lesings. Alhoewel hy (op grond van 'n opvatting oor die leser se bydrae in betekenis-konstruksie) stel dat daar nie 'n enkele korrekte lesing kan wees nie, kwalifiseer hy hierdie stelling soos volg: "It seems to me sensible, none the less, to assume the existence (it is not something that can be pointed to, as the verbal structure can be pointed to) of a central area, within which the poet decides what we are to make of his poem: inside that area we are responding to the poem, outside that area we are pursuing our own private reactions." Daarom is hy van mening dat ernstige meningsverskil oor hierdie "sentrale area" dui op 'n mislukking aan die kant van óf die skrywer óf die leser. Toegepas op die probleem rondom die strekking van *carmen 76* hou dit in dat die meningsverskil gewyt moet word aan die feit dat die outeur nie duidelik gestalt het wat hy bedoel het nie, of aan die feit dat lesers die gedig verkeerd interpreteer. Die eerste strategie word betreklik selde aangetref, waarskynlik weens lesers se hoogagting vir die outeur of die teks. 'n Voorbeeld hiervan sal later in die bespreking van die standpunt van Lyne aangetref word (kyk punt 3.5.1.3).

Wanneer daar dispuut heers, wend literatore hulle gewoonlik tot die laasgenoemde moontlikheid. Hulle probeer aantoon waarom hul besondere interpretasievoorstel korrek is, en dié van outeurs wat ander opvattinge huldig, verkeerd. So kritiseer Granarolo (1967) byvoorbeeld Marmorale (1952) se mistiese uitleg, Bardon (1970a) weer Granarolo se interpretasie, ensovoorts. Alhoewel hierdie interpretasiestryd die gevaar loop om sirkulêr te word, hou dit die voordeel in dat verskillende interpretasies met mekaar vergelyk kan word. 'n Oordeel dat interpretasie A beter rekenskap van die gedig gee as interpretasie B, C, D, ensovoorts, veronderstel kriteria waaraan die juistheid van interpretasies gemeet kan word. Wat sodanige oordele problematies maak, is dat daar dikwels nie eenstemmigheid heers oor watter kriteria aangelê behoort te word in die beoordeling van interpretasies nie.

- 'n Verdere moontlikheid is om bloot deskriptief te werk te gaan. Hiervolgens word daar slegs beskryf hoe 'n teks in die loop van die geskiedenis geïnterpreteer is. Soms word daar gepoog om aan te toon op grond van watter oorwegings daar tot bepaalde interpretasies geraak is. In 'n suiwer deskriptiewe benadering word die verskillende interpretasies nie geëvalueer nie. Al die interpretasies behoort tot die betekenis van die teks. Daar word afstand gedoen van 'n ideële "korrekte" interpretasie en betekenis word opgeneem as die lesings wat reële lesers deur die loop van die geskiedenis aan tekste toegeken het. So word betekenis 'n leserskonstruksie eerder as 'n eienskap van 'n teks. Wat so 'n benadering problematies maak, is

dat lesers dikwels die gevoel het dat sekere interpretasies insiggewender as ander is, en dat sommige heeltemal ontoereikend is.

### 3.5 OPVATTINGS OOR DIE TOONAARD VAN DIE GEDIG

#### 3.5.1 Uiteenlopende opvattinge

In 'n poging om meer eksak te wees en om onkontroleerbare uitsprake oor die mens Catullus se opvattinge te vermy, kan gepoog word om die argumentasie strenger tekstueel te maak. In plaas daarvan om uitsprake te maak oor die psigiese ingesteldheid van die outeur kan 'n poging aangewend word om die toon of stemmingstruktuur van die gedig te beskryf.<sup>9</sup>

Dit wil voorkom asof dit in beginsel makliker en kontroleerbaarder behoort te wees om die toonstruktuur van 'n gedig te beskryf as om direk uitlatings te maak oor die opvattinge van die outeur. Wanneer lesers se beskrywings van die stemming van hierdie gedig met mekaar vergelyk word, blyk dit egter dat daar ook hieroor geen eenstemmigheid heers nie. Om hierdie stelling te illustreer word enkele van hierdie beskrywings kortliks aangestip. Dit sal uit die uiteensetting blyk dat daar benewens verskille ook ooreenstemmende uitsprake aangetref word.

Wille (1964:89-92) is van mening dat die eerste sestien versreëls nugter, saaklik en verstandmatig is, terwyl die gebed in die laaste tien versreëls gekenmerk word deur emosie en subjektiwiteit. Ook Khan (1968:54) bemerk 'n oorgang vanaf rasionaliteit en objektiwiteit aan die begin tot subjektiwiteit en hartstog aan die einde. Vir Den Hengst (1976:262-264) is die toon in die eerste agt versreëls koel, legalisties en formeel, terwyl dit daarna minder kontemplatief is.

Williams (1968:410) is weer van mening dat die toon in die eerste gedeelte selfbejammerend is; dat daar in die tweede gedeelte 'n poging tot vasberadenheid aanwysbaar is, terwyl die selfvertroue en selftevredenheid van die digter in die derde afdeling verdwyn en die leser die indruk kry van 'n intens-ervaarde emosie. Bodoh (1974:337-342), wie se analise weldra in besonderhede bespreek sal word, probeer aantoon dat die toon in versreëls 1-8 piëtisties is, dié in 10-16 vol bravado, en dié in 17-26 gekenmerk word deur nederigheid en opregtheid. Syndikus (1987:28) daarenteen meen dat die gebed vol vertwyfeling is, en 'n aanduiding bied dat die spreker geen hoop meer het nie.

Havelock (1938:62) se beskrywing toon veel groter variasie:

<sup>9</sup> Daar moet egter daarop gelet word dat die meeste literatore nie 'n onderskeid tref tussen die opvattinge en van die outeur en die toonaard van die gedig nie. Die bepaling van die toon van die gedig word gewoonlik gebruik om die psigiese profiel van die outeur te beskryf. Die twee sake word dus deur baie literatore as volledig onruilbaar en as identies aan mekaar beskou.

"lines 1-8 sorrowful reflection, passing, 9-12, into mental struggle:

13 relapse, followed, 14-16, by renewed struggle, and 17-20, a cry for help:

21-22 relapse into stupor ...:

23-24 resignation, rising 25-26, to a last outburst."

Die stemming word vergelyk met eb en vloed van 'n gety. "The emotional tension alters, but the mood remains a continuous stream."

### 3.5.2 Faktore wat die beskrywing van die toonstruktuur beïnvloed

#### 3.5.1 Die invloed van opvattinge oor die makrostruktuur

Uit hierdie oorsig blyk dit dat een van die faktore wat 'n invloed het op die beskrywing van die stemming van die gedig die lesers se opvatting is oor hoe die makrostruktuur van die gedig daar uitsien. So bemerk literatoure wat meen dat die gedig in drie bewegingsverloop gewoonlik ook 'n ontwikkeling van die toon in drie stemmings. Wanneer die gedig as tweedelig beskou word, word weer twee stemmings daarin aangetref. Literatoure wat die gedig nie segmenteer nie, is weer geneig om of globaal oor die toon van die gedig te skryf of om 'n hele aantal stemmingswisselinge aan te toon wat nie saamval met 'n twee- of driedeling nie.

##### 3.5.2.2 "Oprektheid"

In die bespreking van die toon van die gedig speel opvattinge en oordele oor hoe opreg die digter die gedig (of gedeeltes daarvan) bedoel het meermale 'n rol.

Bodoh (1974) is van mening dat die eerste twee bewegings van die gedig onopreg is en dat slegs die gebedsgedeelte (verseëls 17-26) deur oprektheid gekenmerk word.

Uit Ross (1969) se uiteensetting kan afgelei word dat hy die uitbeelding van liefde as 'n *amicitia* en 'n verhouding met wedsydse regte en verpligtinge beskou as die "central metaphor" (1969:94) wat Catullus gebruik wanneer hy oor sy liefdesverhouding skryf. Hieruit kan afgelei word dat Ross van mening is dat verseëls 1-9 'n (opregte) liefdesvisie uitbeeld wat eie aan Catullus is. Dit bevat die kern van Catullus se opvatting. Daar is gevolglik vir hom niks onopreg in hierdie verseëls nie.

Daarteenoor beskou Adler (1981:37) hierdie eerste gedeelte as 'n "pious platitude" en tipeer sy die hele argument as die "insincere *pietas* argument" (1981:39). Die redenasie dat *pietas* aanleiding gee tot vreugde is 'n misleidende argument, en die lesers is veronderstel om dit raak te sien. Ook die gebed waarin die meeste literatoure meen dat hulle Catullus op sy opregte vind, word deur Adler (1981:150) getipeer as "a fruitless, largely dishonest though well intended fragment of himself."

Wat die saak verder kompliseer, is die feit dat oordele oor die oprektheid al dan nie van 'n gedig of 'n gedeelte daarvan dikwels evaluerend aan-

gewend word in literêre interpretasie. Dit wil voorkom of daar gewoonlik aanvaar word dat die aanwesigheid van opregtheid die estetiese waarde van 'n teks verhoog, terwyl onopregtheid die teenoorgestelde uitwerking het. Dit is nie moeilik om in te sien dat die hoogskatting van opregtheid in die poësie baie nou saamhang met 'n romantiese poësiebeskouing nie. Hiervolgens word (goeie) gedigte beskou as die direkte uitstorting van die digter se emosies.

Vanweë die probleme verbonde aan die vasstelling van die graad van opregtheid in 'n literêre werk (iets wat geïllustreer is in die bespreking hierbo) word die opvatting van Williams (1968:525) onderskryf dat oordele oor die opregtheid of waarheid van 'n gedig oorvertaal moet word in literêre-estetiese terme om enigins van nut te wees in literêre ondersoek.

### 3.5.2.3 Hoogheiligheid

Om hierdie heel geskakeerde oorsig oor die toon van die gedig af te sluit, word die aandag daarop gevestig dat 'n hele aantal skrywers (interessant genoeg veral uit die Engelssprekende wêreld) 'n sterk mate van selfbejammering en hoogheiligheid ("self-righteousness") in die gedig bemerk. Die meeste probeer om hierdie indruk op een of ander manier te versag, aangesien dit as negatiewe houdings beskou word wat nie heeltemal pas by hul geliefde Catullus nie.

Vir Williams (1968:410) is die toon in die eerste gedeelte van die gedig "dramatically bitter and almost childishly self-pitying". Hy meen ook dat 'n uitdrukking soos *si vitam puriter egi* (76.19) baie maklik as "priggish or outrageous or both" opgeneem kan word, maar hy vind verksoning daarvoor in die feit dat die digter dit nie bedoel as 'n algemene stelling nie, maar dat dit slegs verwys na die omstandighede van die versoek.

Quinn (1972a:117) praat van 'n "bitter, almost morbid, dispirited self-righteousness", maar bemerk 'n ironiese ingesteldheid in die gedig wat dien as 'n teenkrag vir hierdie hoogheiligheid: "The tone is poised precariously between irony and self-righteousness." (1972a:121).

Die konsekwentste in sy kritiek op hierdie hoogheiligheid is Lyne (1980:31-33). Hy stel dat die leser se reaksie by die aanvang van die gedig een van ongelooft is, aangesien dit wil voorkom of Catullus homself assosieer met mense wat oor die algemeen liefdadig ("charitable"), plegsgetrou, toegewyd en nougeset is. Dit is asof hy wil sê: "if ... there is pleasure for such saintly folk in mulling over their goodness, there is pleasure in store for him" (1980:31). Lyne vind so 'n aanspraak pretensieus. Die negatiewe indruk wat die leser daaruit vorm, word getemper wanneer die leser in versreël 6 agterkom dat Catullus se aanspraak slegs betrekking het op sy *amicitia* met Lesbia. Die leser se eerste indruk het dus volgens hom op 'n misverstand berus. Deur algemene uitsprake soos die *nam quaecumque homines ...* van versreël 7 en die ongekwalifiseerde *si vitam puriter egi* van versreël 19 wek die digter weer die verkeerde indruk en slaag hy nie daarin om te sê presies wat hy bedoel nie. "The effect of such language is to imply an outrageous and implausible self-righteousness" (1980:32). Hierdie onpresiesheid in formulering, die onsamehangendheid en hiperboliese stelwyse asook die feit dat Catullus nie so gedistansieerd is van sy emosie as wat 'n kunstenaar behoort te wees nie, laat Lyne (1980:32-33) konkludeer dat *carmen* 76 'n poëtiese mislukking is.

Anders as in die analise van Bodoh wat weldra bespreek sal word, wend Lyne 'n poging aan om sy morele kritiek oor te vertaal in estetiese terme. In die proses is hy geneig om sy spesifieke kunsbeskouing (kuns is beheerste emosie) tot 'n onbetwisbare waarheid te verhef. Wat in vergelyking met Bodoh en andere interessant is, is dat die gedig deur Lyne gekritiseer word vanuit die hoek van 'n meer klassisistiese poësiebeskouing, in teenstelling met die romantiese opvatting waar emosie en spontaniëteit gewoonlik hoog aangeprys word.

Net soos in die geval van die onrymbare standpunte oor die ideologiese strekking van die gedig staan die literator verleë oor hoe geskoolde lesers skerp van mekaar verskil in die beskrywing van die stemming van hierdie gedig. Daar is te veel uitsprake wat nie tegelykertyd korrek kan wees nie. Terwyl daar toegegee moet word dat die tipering van die stemming van 'n gedig dikwels een van die moeilikste sake is om te beskryf en terwyl nie betwis word dat lesers die toon van 'n gedig verskillend ervaar nie, bly die vraag of sekere van hierdie uitsprake aanvaarbaarder en "korrekter" as ander is. Moet die literator gewoon verlies neem met hierdie warboel van teenstrydige uitsprake en bloot beskryf dat die toon van carmen 76 in die loop van die resepsiegeskiedenis van die gedig op hierdie en daardie wyses uitgelê is? Of is die taak van die literator om sodanige uitsprake te evalueer en standpunt daaroor in te neem? Sodra daar van evaluering sprake is, kom die vraag na die kriteria op grond waarvan sommige uitsprake as korrek en ander as dwalings geëvalueer word weer na vore. Terwyl literatore meestal maar te gereed is met argumente om die dwalings van ander uit te wys en te weerlê, is die kardinale vraag of sodanige kriteria op 'n sekere selfevidentheid aanspraak kan maak en of kritiek op literêre uitsprake op so 'n wyse gelewer kan word dat die argumente nie terugval op 'n korrespondensieteorie van waarheid nie.

### 3.6 DIE GELDIGHEDSVRAAGSTUK: 'N "MISREADING"

By wyse van voorbeeld word die interpretasie van Bodoh (1974) vervolgens bespreek. Sy indeling van die makrostruktuur van die gedig stem ooreen met dié wat vroeër in hierdie bespreking onderskryf is, naamlik dat die gedig in drie dele gesegmenteer is, naamlik versreëls 1-9, 10-16 en 17-26. Die ratio agter Bodoh se indeling verskil egter heeltemal van dié in my ontleding. Bodoh beroep hom vir sy indeling in hoofsaak op die toonstruktuur van die gedig. Hy is van mening dat Catullus sy gedig op hierdie wyse gestruktureer het om die lesersreaksie op 'n heel spesifieke manier te manipuleer. Dit is duidelik dat hierdie tipe hipotese saamhang met die opkoms van resepsiegeoriënteerde teorieë sedert die laat Sestigerjare van die Twintigste eeu.

Bodoh (1974:338) is besonder skerp in sy kritiek op die eerste twee gedeeltes van carmen 76. Hy tipeer versreëls 1-9 as piëtisties. Die digter gee volgens hom hierin voor dat hy 'n man van diep godsdienstige oortuigings is; hy noem homself pius en maak aanspraak op dit wat hy verdien het. Heel kategories maak Bodoh op grond hiervan 'n uitspraak oor die leser se reaksie hierop: "All this is repugnant to the reader. It might be possible, if the poet had a humble and objective attitude, for him to elicit a sympathetic response from his audience, but as it is the response is merely stereotyped. It is the stock response to moralizing

self-righteousness and religiosity. We may feel a little condescending pity for the man, but surely no sympathy." Wat verder met hierdie gedeelte skort, is dat dit 'n aantal clichés bevat, dat elkeen van die frases afgesaag ("trite") is, dat die beelding daarin algemeen is en nie visualiseer nie, dat die gedeelte geen varsheid of vitaliteit besit nie, en les bes dat die logika van die argument veel te wense oorlaat. Al hierdie faktore veroorsaak dat die digter se houding nie die simpatie van die gehoor kan opwek nie.

Die toon van versreëls 10-16 verskil volgens Bodoh (1974:339-341) van die voorafgaande gedeelte, maar is eweneens aan kritiek onderworpe omdat die digter nie voldoen aan Bodoh se eise vir gepaste optrede nie. "The manly courage of these verses, however, is only thinly veiled bravura", en in 'n woord soos qualibet verdraai die digter iets van sy gebrek aan selfvertroue. In die proses stel Catullus die leser teleur omdat hy nie voldoen aan die dapperheid wat die leser van hom verwag nie (1974:341).

Versreëls 17-26 stel hierdie bedroewende toestand reg, want hier is die digter uiteindelik nederig en opreg, en werp hy hom op die genade van die gode. In blomryke styl prys Bodoh die digter se houding in hierdie gedeelte aan: "The artificial barriers which he had earlier tried to construct to hold his emotions in check now give way and the poet pours out his soul in genuine anguish: *me miserum aspice, eripite hanc pestem*. We get the impression that he is on the verge of tears as he confesses his life is altogether without happiness: *expulit ex omni pectore laetitias*. ... In his nakedness he is humble". Hierdeur, en ook omdat die beelding in versreëls 21-22 visualiseerbaar is, wen die digter die leser se simpatie.

In 'n argument wat as niks minder as 'n tour de force bestempel kan word nie, verontskuldig Bodoh die digter vir sy gebrek aan fatsoenlikheid in die eerste twee gedeeltes. Hy doen dit deur te probeer aantoon dat die digter self reageer teen die statiese en oninteressante ("dull") aard van die vroeëre gedeeltes: "But it is this very quality against which the speaker himself reacts, and we react with him because his repugnance is matched by ours" (1974:341). Wat Bodoh hier doen is om Catullus in te span as bondgenoot vir sy standpunt: hy lees die gedig soos Catullus bedoel het die leser dit moet verstaan. Die kulminasiepunt van hierdie argument word bereik wanneer Bodoh op strukturele gronde afreken met die eerste twee gedeeltes. Hiervoor beroep hy hom op die omringing van die gebedsteks deur die herhaling van die invokasie o di in versreëls 17 en 26: "Framing is such an obvious structural device that when we have seen it here we almost feel that the poem really begins at verse 17, that the preceding lines were a sequence of unsuccessful fits and starts. Framing suggests control, control for the last part of this poem and control for the speaker of the last part. We are disposed then to believe that the speaker of the last lines is the real Catullus and we are disposed to reject the speaker of the other lines as not really representative of the man."

Op grond van hierdie argument konkludeer Bodoh dat die struktuur van die gedig die toon daarvan ondersteun en dat die simpatie van die leser slegs in die derde gedeelte opgewek word. Dit geskied ironies genoeg op grond van die beheersing ("control") wat daaruit spreek, iets wat werklik verrassend is na die beskrywing van die uitstorting van emosies wat vroeër vermeld is.

Terwyl daar elders in hierdie studie 'n saak daarvoor uitgemaak sal word dat meerdere interpretasies van 'n gedig moontlik is, word die opvatting gehuldig dat nie alle interpretasies op juistheid aanspraak kan maak nie, en word die mening uitgespreek dat Bodoh se interpretasie in hierdie kategorie tuishoort.

Wat volgens die oordeel van hierdie skrywer met Bodoh se interpretasie skort, is nie dat die argumente wat aangevoer word 'n gebrek aan koherensie vertoon nie, maar dat hy die senderskode nie voldoende in berekening gebring het nie.

Dit wil my voorkom of Bodoh bepaalde etiese opvattings wat hyself huldig afforseer op die gedig en dit dan gebruik om literêre uitsprake te begrond. Een van die rigtinggewende aannames in sy argument is dat die digter se hoofdoel is om die simpatie van die leser te wen. Indien die digter daarin kan slaag, verseker dit die literêre geslaagtheid van die gedig. Van die waarde-opvattinge wat as selfevidente waarhede in die argument funksioneer, is dat hoogheiligheid, moraliserende godsdienstigheid en 'n gebrek aan dapperheid geesteshoudings is wat alle regdenkende lesers sal afwys. Andersyds is nederigheid en opregtheid goeie morele kwaliteite wat terselfdertyd literêre gehalte verseker.

Terwyl hierdie skrywer nie Bodoh se goeie reg om bepaalde opvattinge oor paslike menslike gedrag te huldig betwis nie, is die vraag of dit toelaatbaar is dat hy hierdie opvattinge die toetssteen maak waaraan die gedig van Catullus moet beantwoord om as 'n goeie gedig deur te gaan.

Die vraag moet gestel word of Bodoh hierin gelyk het. Hy het dit teen piëtisme, moralisering en hoogheiligheid. Terwyl daar nie twyfel daaroor kan bestaan dat die spreker te kenne gee dat hy die reg aan sy kant het nie, is die vraag of dit daarom as afstootlike hoogheiligheid afgemaak moet word. In *carmen* 76 word die begrip *pius* gebruik in noue samehang met begrippe soos *fides* en *foedus*. Op grond van die uiteensetting van kruis-en-muntformulerings (kyk punt 2.1.3.2) kan aangevoer word dat die *pietas*-begrip gespesifiseer word in die uiteensetting in versreëls 3-4. Om *pius* te wees, is om nie heilige trou te verbreek nie en om nie die mag van die gode te misbruik om mense te bedrieg nie. Om te bepaal wat die inhoud en betekenis van sodanige terme is, moet daar myns insiens nagegaan word hoe hierdie woorde in die poësie van Catullus gebruik word. Dit wil my voorkom of daar min twyfel daaroor kan bestaan dat *pietas*, *fides*, en die nakoming van 'n *foedus* as positiewe waardes in die poësie van Catullus en in die Romeinse (adellike) maatskappy gefunksioneer het. Om aan te voer dat die digter, deur hom op hierdie waardes te beroep, poog om die leser se reaksie op so 'n wyse te manipuleer dat die leser daarteen reageer, is onjuis.

Bodoh (1974:342) bemerk wel dat daar beswaar teen sy argument ingebring kan word deur daarop te wys dat dieselfde begrippe in versreëls 2b-4 en versreël 19b figureer. Hy voer egter aan dat die twee gedeeltes verskillend funksioneer, aangesien eersgenoemde gedeelte nie voorwaardelik is nie en laasgenoemde wel. Hierdie argument is nie oortuigend nie (kyk punt 2.2.1) soos blyk uit die gebruik van indikatiewe werkwoorde in hierdie konstruksies. Om dan, ten spyte van hierdie "verweer" die eerste gedeelte te verdoem en laasgenoemde te verskoon omdat laasgenoemde kernagtiger gestel is, kom vir my voor as 'n poging om die gedig in te dwing binne die sisteem wat Bodoh daarvoor bedink het. Dit laat voorts ook die slotwoorde *pro pietate mea* buite rekening,

waar die "aanstootlike" pietas-motief in 'n klimaktiese posisie en met 'n ooreenstemmende funksie as in die res van die gedig voorkom.

Sodanige kritiek is natuurlik slegs geldig indien daar konsensus onder literatoure heers dat die senderskode beperkinge plaas op die aantal moontlike interpretasies van die gedig. Die kritiek berus uiteraard op 'n bepaalde interpretasie van hoe begrippe soos pietas, fides en foedus in Catullus se poësie funksioneer. Indien dit juis is dat hierdie begrippe 'n positiewe waarde in Catullus se poësie het, is Bodoh se uitleg nie alleen geforseerd nie, maar in terme van die senderskode foutief.

### 3.7 "AMOR" AS HUWELIK?

'n Verdere probleem is hoe die idee-inhoud van spesifieke begrippe in hierdie gedig vasgestel moet word. By wyse van voorbeeld sal aandag geskenk word aan die vraag of Catullus se beskouing van die liefde gelyk gestel moet word met 'n opvatting van amor as 'n huwelik. Hierdie gewilde standpunt, wat onder andere deur McGushin (1967:85-93) en Lyne (1980:34-35) gehuldig word, is gebaseer op intertekstuele argumentasie. Uit verskillende gedigte in die Lesbia-siklus, asook uit carmen 64, kan afgelei word dat liefde voorgestel word as 'n amicitia en 'n foedus. Catullus se liefdesbeskouing kulmineer hiervolgens in die ideaal wat hy in carmen 109.6 geformuleer het, waar 'n aeternum ... sanctae foedus amicitiae in die vooruitsig gestel word. Hierdie tipering word deur sommige navorsers opgeneem as sou dit dui op 'n huwelik. Een van die voorstanders van so 'n interpretasie is McGushin wat van mening is dat 'n analise van die uitbeelding van die Lesbia-verhouding aantoon dat "this relationship is best explained by the view that for him (Catullus) it was essentially a marriage, certainly a marriage in spirit; and, further, that the love that he strove to express and found so hard to reject is that full blend of physical and spiritual feeling which finds its truest expression in conjugal love" (1967:85). Hierteenoor stel Lieberg (1962:251) dat Catullus sy verhouding met Lesbia as 'n foedus getipeer het omdat hy dit nie met die begrip matrimonium kon beskryf nie, want "dazu war die Ehe in seiner Zeit schon zu sehr aller höheren seelischen Inhalte bar ...". Ross (1969:81-82 n.189) reageer skerp teen die opvatting van McGushin en toon aan dat daar in die tekste wat dateer uit hierdie tydperk geen getuienis daarvoor is dat amicitia gebruik is in die sin van 'n matrimonium nie.

Vir die gebruik van die term foedus om 'n huwelik aan te dui is daar wel getuienis in carmen 64.335-336 en 373-374. In sy poging om aan te toon dat Catullus se epigramme verband hou met 'n ander literêre tradisie as sy polymetra en carmina maiora, het Ross nie die gewig hieraan toegeken wat dit toekom nie, aangesien dit die netjiese skeiding tussen die epigramme en die lang gedigte sou bedreig. Om 'n huwelik as 'n foedus te tipeer, soos wat in carmen 64 gebeur, is 'n vernuwung van Catullus waarin hy deur 'n hele aantal latere Romeinse digters nagevolg is (Lyne, 1980:34).

Die vraag wat nou ontstaan is of dit geregverdig is om op grond van 'n uitbeelding van die huwelik van Peleus en Thetis in carmen 64, waar die huwelik as 'n foedus getipeer word, hierdie beskouing in geheel oor te

dra op die verhouding tussen Catullus en Lesbia, soos wat dit in die Lesbia-siklus uitgebeeld word.

By die oorweging van hierdie vraag moet twee verdere faktore in berekening gebring word. Die eerste hiervan is dat daar in gedagte gehou moet word dat Catullus en die *novi poetae* se poësie verskil van die vroeëre Romeinse poësie in die opsig dat dit 'n poësie is waarin die enkeling en sy emosies en ervarings vir die eerste keer op die voorgrond staan (Quinn, 1969a:25-26). Om hierdie rede was die Romeinse erotiese woordeskat tot voor Catullus nie besonder ver ontwikkel nie (Lyne, 1980:24). Catullus moes dus, waar hy gekies het om in een siklus oor sy liefdesverhouding met Lesbia te skryf, so 'n woordeskat ontwikkel. Een van die maniere waarop hy dit kon doen, was om die aristokratiese verhoudingsterminologie (kyk punt 2.3.2) op 'n liefdesverhouding van toepassing te maak.

Die tweede oorweging wat ter sake is, is biografies van aard. Indien aanvaar word dat Lesbia 'n skuilnaam is vir Clodia, die vrou van Metellus Celer, dan was hierdie liefdesverhouding histories 'n buite-egtelike verhouding. Op grond hiervan word dikwels geargumenteer dat Catullus, omdat hy verhinder is om met haar te trou, sy verhouding met haar nogtans as 'n geïdealiseerde, vergeestelike huwelik beskou het. So geformuleer word die vraag of Catullus sy verhouding met Lesbia as 'n huwelik beskou het 'n historiese vraagstuk. In die poging om 'n antwoord hierop te verskaf, word Catullus se poësie beskou as 'n onvervalste representasie van sy persoonlike situasie waarin alles wat in sy gedigte staan as "Wahrheit" opgeneem word.

Aangesien dit klaarblyklik onmoontlik is om by die historiese Catullus te gaan aanklop om navraag te doen of hy sy verhouding met Lesbia as 'n vergeestelike huwelik beskou het, is die leser aangewese op 'n interpretasie van die tekste van Catullus. So beskou handel die vraag nie meer oor die historiese verhouding nie, maar om die getekstualiseerde verhouding waarmee die leser in die gedigte van Catullus kennis maak.

Indien die analise wat vroeër gebied is juis is, is dit duidelik dat liefde voorgestel word as 'n verhouding wat gebaseer is op pietas (lojaliteit), fides (trou), en opregtheid. Na aanleiding van die feit dat hierdie terme verhoudingswoorde is, kan afgelei word dat amor as 'n wederkerige verhouding opgeneem word waarin die een aan die ander benefacta bewys, wat aanleiding behoort te gee tot gratia.

Of hierdie verhouding na aanleiding van hierdie kenmerke beskou moet word as 'n huwelik is 'n ope en ook 'n onbeantwoorbare vraag, aangesien die teks nie daarvoor eksplisiet is nie.

### 3.8 OPVATTINGS OOR DIE TERSAAKLIKHEID VAN DIE INTERTEKS

'n Verdere punt van dispuut wat 'n invloed kan hê op die wyse waarop 'n leser carmen 76 interpreteer, is hoe verskillende literatore die ondersoekveld afbaken. Dit kan geïllustreer word deur te wys op dispute oor die vraag of die gedig op sigself bestudeer behoort te word en of dit in samehang met ander tekste van Catullus gelees behoort te word.

In laasgenoemde geval ontstaan die verdere vraag watter van Catullus se gedigte vir die interpretasie van carmen 76 relevant is.

Die interpretasies van Leeman (1976) en Quinn (1972a) kan as voorbeelde van twee heeltemal verskillende benaderings voorgelê word. Leeman is van mening dat dit die taak van die literator is om die enkelgedig te interpreteer. Wetenskaplike ondersoek moet volgens hom aanpas by en diensbaar wees aan die objek wat bestudeer word. As sodanig beskou hy interpretasie as 'n sentripetale werksaamheid (1976:244). In lyn met sy aanname dat 'n ergosentriese of teksimmanente aanpak die aangewese weg is om gedigte te interpreteer, ag hy ekstrinsieke ondersoek (byvoorbeeld vrae oor die biografie van die skrywer en oor Catullus se verhouding tot die historiese Clodia) as heeltemal ontensake by literêre interpretasie en is hy van mening dat intertekstuele ondersoek nie iets aanvullends bydra tot die verstaan van die afsonderlike gedig nie. Daarteenoor staan die aanpak van Quinn (1972a:115-128). In sy bespreking van carmen 76 betrek hy die hele reeks gedigte van Catullus by die interpretasie daarvan.

Tussen hierdie twee uiterste posisies is daar ook literatore wat probeer aantoon dat spesifieke gedigte ter sake is by die interpretasie van die gedig, aangesien hierdie gedigte bewustelik in carmen 76 opgeroep word. So is Den Hengst (1976:265-266) byvoorbeeld in sy intertekstuele benadering konserwatiewer as Quinn, deurdat hy slegs gedigte 73, 8, 77 en 51 as ter sake beskou. Commager (1965:97) probeer op sy beurt aantoon dat carmen 51.5-10 bewustelik in 76 opgeroep word, terwyl Moritz (1968:53) van mening is dat daar 'n noue verband tussen carmina 76 en 8 bestaan, aangesien die gedigte dieselfde tema en stemming vertoon. Vir Khan (1968:54, 70) is veral die intertekstuele verbande met carmina 77 en 100 van belang vir die interpretasie van 76, terwyl Skinner (1987:232) weer pertinent die aandag op die verband met carmen 77 vestig.

Die feit dat literatore nie saamstem oor watter gedigte direk intertekstueel met carmen 76 verband hou nie, dui daarop dat sodanige verbande nie as iets vanselfsprekends aanvaar moet word nie. Om redes wat by die bespreking van carmen 109 genoem is, word die standpunt gehuldig dat intertekstuele argumentasie wel ter sake is. Dit is egter myns insiens 'n versigtiger weg om op te gaan om sodanige verbande eerder toe te skryf aan 'n werksaamheid van die leser as spesifiek aan die biografiese outeur se bedoeling. Die waarde van sodanige intertekstuele ondersoek moet gemeet word aan watter insigte sodanige vergelyking moontlik maak. Alhoewel toegegee word dat oordele oor die nuttigheid en insiggewendheid kan verskil, wil dit my voorkom of so 'n vergelyking in bepaalde gevalle waar literatore verskil die waarskynlikheid van sekere interpretatiewe uitsprake kan versterk en dié van ander kan ondermyn. 'n Voorbeeld hiervan is die evaluering van Bodoh se interpretasie van carmen 76 waarin aangevoer is dat sy uitleg van pietas, fides en foedus nie in ooreenstemming is met hoe hierdie begrippe elders in Catullus se oeuvre gebruik word nie. Waar 'n teks op meerdere wyses geïnterpreteer word, is 'n interpretasie wat kan aanspraak maak op intertekstuele getuïens hiervolgens waarskynliker as een waar sodanige argumente ontbreek.

### 3.9 GENREKLASSIFIKASIE: EPIGRAM OF ELEGIE?

Om hierdie bespreking van meningsverskille oor carmen 76 af te sluit, word daar ten slotte verwys na die dispuut oor die vraag of hierdie gedig as 'n epigram of as 'n elegie beskou moet word. Leeman (1976:254) merk tereg op dat die epigram en die elegie die twee moeilikste genera in die antieke literatuur is om te klassifiseer. Oor die belangrikheid van hierdie onderskeid is daar verskillende denkskole.

Eerstens is daar diegene wat van mening is dat die hele onderskeidingsprobleem 'n pseudo-probleem is. Kroll (1960:247-248) en Leeman (1976:254) beskou die pennestryd oor hierdie vraagstuk as 'n nuttelose haarklowery en Lafaye (1894:225) stel dat die enigste verskil tussen die epigram en die elegie 'n kwessie van omvang is.

Aan die ander kant is daar diegene wat meen dat hierdie onderskeid van kardinale belang is. 'n Sterk voorstander van hierdie standpunt is Ross (1969). Hy het probeer aantoon dat Catullus se epigramme tot 'n ander (en spesifiek 'n Romeinse) literêre tradisie as sy Aleksandrynse polimetra en carmina maiora behoort (1969:172-173) en dat daar grondliggende stilistiese verskille tussen die twee tradisies bestaan. Ross (1969:164) beskou ook die plasing van carmen 76 tussen die ander epigramme as 'n argument ten gunste daarvan dat dit 'n epigram is.

Daarteenoor is daar 'n hele aantal skrywers wat carmen 76 as 'n elegie beskou, soms met nog fyner onderskeidings soos Wheeler (1934:170-171) wat dit as 'n subjektiewe-erotiese elegie klassifiseer. Ross se gronde vir die klassifikasie van die gedig as epigram is skerp aangeval deur Bishop (1972:293-294) wat van mening is dat stilistiese getuienis daarop dui dat carmen 76 'n elegie is.

Ander skrywers huldig 'n meer evolusionêre beskouing en voer aan dat die elegie uit die epigram ontwikkel het. In hierdie ontwikkelingsgeskiedenis het Catullus met gedigte soos carmen 76 'n pioniersrol gespeel (Havelock, 1938:40).

Uitsluitel oor hierdie polemie hang in 'n groot mate af van hoe "epigram" en "elegie" gedefinieer word. Dit wil dus voorkom of hierdie probleem hoofsaaklik 'n klassifikasieprobleem is en dat dit nie die interpretasie van die strekking van carmen 76 so direk raak as verskille oor die ideologie of toon van die gedig nie. Dit kan egter 'n invloed op die styltipering hê.

Terwyl daar eenstemmigheid daaroor is dat die elegie in Rome 'n latere ontwikkeling as die epigram is en aangesien die elegie sy hoogbloeie eers na Catullus bereik het, wil dit voorkom of die gedig uit literêr-historiese hoek as epigram geklassifiseer behoort te word, maar dan as 'n epigram wat die grense van die moontlikhede van die epigrammatiese vorm bereik het en begin deurbreek na die omvattender vorm van die elegie (kyk Commager, 1965:95).

Daar sal later nagegaan word of Catullus se benutting van die gebedsvorm in die derde gedeelte van sy oeuvre (carmina 69 - 116) verskil van sy gebruik daarvan in die res van sy werk (kyk hoofstuk 11, punt 2.2.6).

### 3.10 SAMEVATTING OOR DIE INTERPRETASIEPROBLEMATIEK

Uit die bespreking hierbo blyk die volgende:

- Literatoure huldig verskillende opvattinge oor die verhouding waarin die teks en die outeur tot mekaar staan. Hierdie opvattinge dek 'n wye spektrum en wissel vanaf 'n ongebreidelde mimetiese beskouing tot 'n opvatting oor die gedig as outonome entiteit.
- Uitsprake oor die ideologiese strekking van die gedig varieer baie skerp. In die uiteenlopende lesings word daar gewoonlik 'n beroep gedoen op bepaalde teksgedeeltes. So word daar vir 'n voor-Christelike interpretasie baie klem gelê op die frase *o di, si vestrum est misereri* en vir 'n mistiese interpretasie op die uitleg van *in longa aetate en si vitam puriter egi*. Die beroep op die teks maak dikwels deel uit van 'n omvattender teorie soos byvoorbeeld Marmorale se persoonlikheidsontwikkelingsteorie. Dit kom neer op verskil in objektbegrensing, aangesien Marmorale primêr in die digter se psigiese ontwikkeling geïnteresseerd is.
- Literatoure is dit nie eens oor hoe die ondersoekveld presies afgebaken moet word nie. Hiervan getuig die verskille rondom die tersaaklikheid van intertekstuele verbande in die bestudering van *carmen 76*.
- In die beskrywing van die stemming van die gedig speel die leser se opvatting oor die makrostruktuur en oor die opregtheid van die gedig (of gedigsegment) 'n belangrike rol.
- In die literêre argumentasie oor *carmen 76* speel verskeie aannames dikwels 'n belangrike rol. Dit het geblyk uit hoe die konsep "opregtheid" in die argumente van sommige van die lesers ingespan is. Dit blyk ook uit opmerkings waaruit 'n spesifieke kuns- of literatuurbeskouing afgelees kan word. Voorbeelde hiervan is Lyne se opvatting oor poësie as beheerste emosie en Bodoh se romantiese opvattinge oor poësie as direkte ekspressie van die digter se emosie. Dit het ook geblyk dat sodanige aannames dikwels evaluerend aangewend word.
- Verskille oor die genre waartoe *carmen 76* behoort, is nie direk ter sake vir die vasstelling van die idee-inhoud van die gedig nie, alhoewel dit belangrik mag wees vir die tipering van die literêre tradisie waarbinne die gedig tuishoort en vir die styltipering daarvan.
- Verskille oor die idee-inhoud of betekenis van bepaalde konsepte (soos byvoorbeeld *pietas*, *dis invitis* en die vraag of die liefdesverhouding voorgestel word as 'n huwelik) lewer interpretasieprobleme op. Dit wil egter voorkom of standpunte hieroor toetsbaarder is as uitsprake oor die bedoeling van die outeur en dat dit nie onmoontlik is om 'n beredeneerde en kontroleerbare standpunt daarvoor in te neem nie.

Ten spyte van die bestaan van verskillende interpretasies word nie aanvaar dat alle lesings van 'n gedig ewe insiggewend is nie.

#### 4. KONKLUSIE: INTERPRETASIEVERSKILLE EN GEBEDSFUNKSIE

Teen die agtergrond van hierdie verkenning van carmen 76, eerstens van die struktuur van die gedig en die funksie van die gebed daarin en tweedens van die groot aantal interpretasieverskille oor die gedig, kan die volgende konkluderende opmerkings gemaak word.

Alhoewel carmen 76.17-26 in 'n groot mate konformeer aan die konvensies vir gebedstekste, is dit duidelik dat hierdie konformering nie alle interpretasieverskille uit die weg ruim nie. In die interpretasie van die funksie van die gebedsvorm in carmen 76 speel meer faktore 'n rol as bloot die konvensiegebondenheid en gestruktureerdheid van die gebedsgedeelte. Alhoewel dit betreklik eenvoudig is om 'n struktuurbeskrywing van die gedig as geheel en van die *precatio* daarin te bied, is dit nie so eenvoudig om van struktuurbeskrywing oor te gaan tot 'n interpretasie van hoe hierdie strukture funksioneer in die pragmatiese werking van hierdie gedig nie.

In die lig van die uiteensetting van faktore wat tot interpretasieverskille aanleiding gee, is die kakofonie van interpretasies nie so verrassend as wat dit met die eerste oogopslag mag voorkom nie. Wanneer literator A van mening is dat dit die taak van literêre ondersoek is om die linguale en literêre gestruktureerdheid van die teks te beskryf, en literator B die teks bestudeer om die psigiese ontwikkeling van die biografiese outeur te beskryf, terwyl literator C die gedig opneem as 'n feitlike weergawe van 'n historiese gebeurtenis en literator D dit beskou as 'n terapeutiese middel waardeur die skrywer beheer verkry oor die chaos van sy emosies, wil dit my voorkom of daar met reg beweer kan word dat hierdie literatore hulle nie besig hou met dieselfde "objek" nie en ook nie die "objek" bestudeer met dieselfde oogmerke nie. Verskille in objektbegrensing hou verband met die literator se eksplisiete of implisiete teoretiese en metodologiese aannames. Die interpretasieverskille sou toegeskryf kon word aan die onvergelykbaarheid of "incommensurability" van verskillende teoretiese raamwerke waarbinne die gedig bestudeer word (kyk egter hoofstuk 11, punt 3.3.8).

Indien hierdie hipotese juis is, is dit hoogs onwaarskynlik dat interpretasieverskille opgelos kan word met 'n blote beroep op hierdie of daardie teksetuënis. Die rede waarom daar nie te veel verwag moet word van beroepe op "wat die teks sê" of "wat in die teks staan" nie, is omdat literatore tekstuele getuënis aanwend binne die raamwerke van die teorie wat hulle hanteer en met die oog op die standpunt wat hulle wil ondersteun.

Daarom wil dit my voorkom of 'n *sine qua non* vir sinvolle gesprek oor botsende interpretasies is dat die literator sy teoretiese aannames so ver moontlik moet ekspliseer. Daar moet dus nie net gekyk word na die interpretatiewe uitspraak as sodanig nie, maar daar moet nagegaan word in terme van watter teoretiese en metodologiese aannames 'n literator tot 'n bepaalde uitspraak geraak. Hierdie vorm van transendentale kritiek bied groter moontlikhede om lig te werp op die vraag waarom interpretasies van mekaar verskil as blote transendente kritiek.

So 'n benadering verg uiteraard dat veel meer aandag geskenk sal moet word aan die literator se teoretiese en metodologiese aannames as wat tot dusver in die bestudering van die Klassieke literatuur die geval was.

Dit hou in dat afgesien moet word van 'n suiwer objektivistiese benadering ingevolge waarvan die antwoorde suiwer in die teks as objek gesoek word en dat daar gewerk moet word in die rigting van 'n relasionele benadering waarin objek en subjek tot hul reg kom. In die filologiese aanpak wat vele aanhangers in die bestudering van die Klassieke literatuur het, is ondersoek na die aannames en voorveronderstellings van die kensubjek tot dusver afgeskeep en is daar nie genoegsaam aandag geskenk aan hoe die leser se teoretiese aannames die resultate van sy ondersoek rig en (mede-)bepaal nie.

Eksplisering van hierdie aannames stel die leser van so 'n interpretasie in staat om te verstaan waarom 'n literator tot 'n bepaalde interpretasie geraak. Alhoewel ek glad nie die ergosentriese benadering van Leeman (1976) onderskryf nie, moet die feit dat hy sy eie aannames ekspliseer en ter diskussie stel hoog aangeprys word. Alhoewel hierdie skrywer nie die (ydere) hoop koester dat so 'n meer refleksiewe benadering alle interpretasieverskille uit die weg sal ruim en tot die enkele korrekte interpretasie aanleiding sal gee nie, open so 'n aanpak die moontlikheid van 'n komparatiewe benadering waarin botsende uitsprake nie bloot met mekaar vergelyk word op die basis dat een daarvan korrek en die ander dwalings is nie, maar waarin op 'n sistematiese wyse verklaar kan word waarom interpretasies van mekaar verskil.

Hierdie standpunt releger nie die noukeurige bestudering van die teks tot iets onbelangriks nie en dit maak ook nie die vraag oor die funksie waarmee die gebedsvorm in die poësie gebruik word onttersake of in beginsel onbeantwoordbaar nie. Dit impliseer egter wel dat die antwoorde op interpretasievraagstukke nie slegs in die objek of in die teks se konformering aan bepaalde konvensies geleë is nie, maar in die interaksie van kensubjek, teorie en objek.

In die bespreking van carmina 1 en 36 sal daar meer klem gelê word op die teoretiese en metodologiese faktore wat tot bepaalde interpretasies aanleiding gee.

## AFDELING C

### DEEL 3

#### DIE GEBEDSPARODIEË

##### INLEIDING

In hierdie gedeelte sal daar in hoofstuk 8 'n bespreking gebied word van die verskuilde gebedsparodieë (carmina 31, 2, 44 en 17), en in hoofstuk 9 van 'n openlike gebedsparodie (carmen 36).

Die fokusse van die besprekings in hoofstuk 8 en 9 verskil. In die bespreking van die verskuilde gebedsparodieë staan die vraagstuk van die leserskompetensie wat veronderstel word, voorop, en word daar slegs kursories aandag geskenk aan metodologiese aangeleenthede. In die bespreking van die openlike gebedsparodie word die vraagstuk van uiteenlopende interpretasies van die gedig in besonderhede bespreek. Die volgordening van die bespreking van die gebedsparodieë, naamlik eers 'n behandeling van die verskuilde parodieë en daarna van die openlike parodie, het ten doel om die gedigte waaroor daar baie interpretasieverskille voorkom, (naamlik carmina 36 en 1) en waaroor daar gevolglik heelwat metodologiese bespreking gevoer sal word, direk na mekaar te laat volg.

## HOOFSTUK 8

### DIE VERSKUILDE GEBEDSPARODIEË

#### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar 'n bespreking gebied word van vier gedigte wat myns insiens as verskuilde gebedsparodieë getipeer kan word, te wete carmina 31, 2, 44 en 17.

Aangesien die meeste lesers wat hulle met hierdie gedigte besig gehou het, die gedigte nie as verskuilde gebedsparodieë gelees het nie, sal daar in hierdie hoofstuk 'n saak daarvoor uitgemaak word dat 'n interpretasie van hierdie gedigte op spoor van die gebedskenmerke wat daarin voorkom, interessante lesings daarvan oplewer. In die loop van die besprekings van die verskillende gedigte, sal daar aandag geskenk word aan die resepsiegeskiedenis, die struktuur, die formele verwantskappe daarvan met gebedstekste, asook aan die Aleksandrynse kenmerke daarvan, en in besonder op die funksie(s) wat aan die benutting van die gebedsvorm toegeskryf kan word. Waar dit ter sake is, sal kortliks enkele metodologiese opmerkings gemaak word.

In Catullus se oeuvre is daar 'n hele aantal gedigte waarin die styl van gebede en himnes nagedoen word, en waarin daar op sekere godsdienstige en magiese gebruike aangespeel word,<sup>1</sup> sonder dat die gebedsvorm as sodanig daarin herken kan word. In hierdie bespreking word die aandag egter bepaal by gedigte wat, hoewel met enkele transformasies waarop daar later gewys sal word, gemodelleer is op die vormskema van gebedstekste.

<sup>1</sup> Korzeniewski (1978-1979:250-254) bemark byvoorbeeld trekke van die parodiëring van himniese styl in carmina 5, 9, 33, 42 en 49.

## 2. CARMEN 31

### 2.1 TEKS

Paene insularum, Sirmio, insularumque  
ocelle, quascumque in liquentibus stagnis  
marique uasto fert uterque Neptunus,  
quam te libenter quamque laetus inuiso,  
uix mi ipse credens Thuniam atque Bithunos 5  
liquisse campos et uidere te in tuto..  
o quid solutis est beatius curis?  
cum mens onus reponit, ac peregrino  
labore fessi uenimus larem ad nostrum,  
desideratoque acquiescimus lecto? 10  
hoc est quod unum est pro laboribus tantis.  
salue, o uenusta Sirmio, atque ero gaude  
gaudente, uosque, o Lydiae lacus undae,  
ridete quidquid est domi cachinnorum.

### 2.2 RESEPSIEGESKIEDENIS

Catullus se carmen 31, wat deur die loop van die eeue een van Catulluslesers se gunstelinggedigte was, het 'n interessante resepsiegeskiedenis. Vir 'n baie lang tyd is dit beskou as een van Catullus se direkste, spontaanste en eenvoudigste gedigte.

Voorbeelde van die tradisionele, ongekompliseerde lesing van die gedig kan gevind word in die uitsprake van Kroll en Merrill. Kroll (1960:58) kan as verteenwoordigende voorbeeld van diegene wat meen dat carmen 31 'n gedig vol eenvoud en natuurlikheid is: "Nur die einfachsten und natürlichsten Gedanken, die die Heimkehr aus weiter Ferne in einem unverdorbenen Menschen auslöst, werden schlicht ausgesprochen: darin liegt der Reiz der liebenswürdigen Gedichtes". Ook Merrill (1951:57) is hierdie mening toegedaan: "The poem is a most unartificial and joyous pouring out of the poet's warmth of feeling at reaching Sirmio ..."

In die laaste twee dekades het daar egter 'n kentering plaasgevind en het literatore soos Quinn (1969a:35; 1970:183), Baker (1970), Witke (1972), Cairns (1974) en Moore-Blunt (1974) aangevoer dat hierdie gedig glad nie so eenvoudig en direk is as wat vroeër gemeen is nie. In teenstelling met die opvatting dat carmen 31 beskou moet word as die suiwere en onvervalste emosionele reaksie van 'n onverdorwe mens wat 'n natuurlike en universele gevoel ervaar by sy terugkeer na sy tuiste, is daar besondere klem gelê op die artistieke gekonstrueerdheid en kompleksiteit van hierdie gedig, iets wat veral duidelik blyk uit die besprekings van Cairns (1974), Witke (1972) en Cilliers (1987). So stel Cairns (1974:1) byvoorbeeld dat carmen 31 'n goeie illustrasie bied van Catullus as die skepper van die illusie van spontaneïteit.

Ook die karakterisering van die gedig as 'n vers vol vreugde (kyk byvoorbeeld Syndikus, 1984:187) word nie meer deur alle literatore

onderskryf nie, soos blyk uit Witke se analise waarin hy aanvoer dat daar 'n deurlopende dualiteit in die gedig aanwysbaar is: "For Catullus, no emotional relationship was without its duality, its potentially dark side." (1972:241). En dit geld volgens hom ook vir hierdie tuiskomsgedig. Baker (1970:37 e.v.) vestig eweneens die aandag op 'n donkerder kant van carmen 31, wanneer hy die gedig ten nouste verbind aan Catullus se emosionele reaksie na die afsterwe van sy broer.

Bogenoemde interpretasieverskille hou dus verband met opvattinge oor spontaneïteit teenoor die illusie van spontaneïteit, eenvoud teenoor gekonstrueerdheid, en vregde teenoor donkerder emosies. Twee ander faktore wat 'n belangrike rol speel in die uiteenlopende interpretasie van carmen 31, raak die funksie wat toegeskryf word aan die personifikasie van Sirmio en verskillende opvattinge oor die interteks waarop hierdie gedig appelleer.

Sover dit die funksie van die personifikasie aangaan, en dan spesifiek oor wat die aard van die verhouding tussen die spreker (Catullus) en Sirmio is, heers daar skerp uiteenlopende opvattinge. So meen Quinn (1969a:35) byvoorbeeld dat Sirmio gepersonifieer word om Catullus in staat te stel om sy emosies by sy terugkeer te beheers. Andersyds voer Quinn aan dat die spreker hier in die rol van baas of erus van Sirmio uitgebeeld word, wat op sy beurt as slaaf van die erus voorgestel word. Cairns (1974:11) meen dat Quinn (1972a:158-159) in sy uitleg van die verhouding tussen Catullus en Sirmio as 'n erus-servus-verhouding te ver gaan, maar lê eweneens klem daarop dat die spreker se eienaarskap, en sy vregde in hierdie verband, op die voorgrond gestel word. Volgens Baker (1970:38), wat carmen 31 as een van Catullus se vriendskapsgedigte beskou, is die funksie van die personifikasie om Sirmio voor te stel as vriend en as vertroueling van die digter, as die menslik voorgestelde "figuur" by wie die digter bevryding van sy smart kan vind na die afsterwe van sy broer en die verloop van die verhouding met Lesbia.

Witke (1972:243) voer Baker se opvattinge veel verder. Op grond van 'n interpretasie van die tipering van Sirmio as ocella (2) en die apostrofe: o venusta Sirmio (12), bemerk hy sterk seksuele trekke in die uitbeelding van die tuiste. Hy konkludeer dat Sirmio hier voorgestel word as die minnares van die digter en betrek ook die voorkoms van die desideratus lectus van versreël 10 en die curae en labores (in die sin van liefdessorge) in versreëls 7-11 in sy argument.

'n Verdere wyse waarop die verhouding uitgelê is, en waarop daar in die latere bespreking teruggekom sal word, is dat Sirmio óf as kultuuroord óf as godheid voorgestel word, en die spreker óf as vereerder óf as 'n god wat verskyn (kyk punt 2.7).

Die interpretasieverskille word ook beïnvloed deur die raam of konteks waarbinne carmen 31 geplaas word. Enersyds is daar diegene wat dit in noue samehang met Catullus se ander Bithinië-gedigte plaas (carmina 10, 31, 4 en 101).

'n Ander standpunt is dat hierdie gedig ten nouste verband hou met verse waarin (a) die dood van Catullus se broer, en (b) domus en gaudium as temas figureer (Baker, 1970:37 en 41, Witke, 1972:244, 249). So beskou is carmen 31 nie soseer 'n reisgedig (Schäfer, 1963:37) nie, maar hoort dit tuis onder sy vriendskapsgedigte (Baker, 1970:33).

Daar word nie slegs na intertekstuele verbande en assosiasies binne die oeuvre van Catullus gesoek nie. Sommige skrywers beskou die intertekstuele verbande van carmen 31 met die geskrifte van ander skrywers as van deurslaggewende belang by die interpretasie van hierdie gedig. Dit is veral die geval wanneer carmen 31 as epibaterion geklassifiseer word (Cairns, 1974; Moore-Blunt, 1974) en wanneer dit beskou word as 'n gebedsparodie (Korzeniewski, 1978-9).

### 2.3 OOGMERKE

Teen die agtergrond van hierdie taamlik ingrypende interpretasieverskille sal in die hieropvolgende uiteensetting aangevoer word dat:

- carmen 31 as 'n gebedsparodie geklassifiseer kan word;
- 'n toereikende lesing van die gedig kennis van die konvensies van gebedstekste by die leser voorveronderstel;
- kennis van die poësiekonvensies van die Aleksandrynse digters en novi poetae belangrik is vir die verstaan van hierdie gedig.

### 2.4 MAKROSTRUKTUUR

Oor die makrostruktuur van carmen 31 bestaan daar 'n groot mate van eenstemmigheid onder literatore. Alhoewel die veertien versreëls van hierdie gedig nie tipografies in kleiner strofe-eenhede verdeel is nie, is die meeste skrywers dit eens dat die gedig in drie bewegings verloop en dat hierdie verdelings in hoofsaak saamval met die sintaktiese eenhede (Witke, 1972:245; Quinn, 1970:184; Korzeniewski, 1978-1979:244).

Die onderverdeling sien soos volg daaruit:

- 1- 6: (a) 1-3: Uitgebreide aanspreking van Sirmio  
(b) 4-6: opgevolg deur 'n ekspressie van die vreugde van die spreker dat hy die vreemde agtergelaat het en Sirmio in veiligheid aanskou.
- 7-11: Die spreker gee uitdrukking aan die vreugde om tuis te kom na soveel inspanninge.
- 12-14: Hernude aanspreking van Sirmio, asook 'n aanspreking van die waters van die meer, met oproepe dat die plekke hul saam met die spreker moet verbly oor sy terugkeer.

Dit is duidelik dat daar 'n sterk mate van ooreenkoms tussen die eerste en derde beweging bestaan, aangesien daar in elk daarvan 'n aanspreking van Sirmio asook 'n ekspressie van vreugde voorkom. Waar dit in die eerste beweging gaan om 'n uitgebreide lofprijsing van Sirmio en 'n uiting van vreugde en verwondering dat die spreker weer sy tuiste kan aanskou, word Sirmio en die omgewing in die derde beweging opgeroep

om uitdrukking aan hul vreugde by die terugkeer van hul erus te gee. Die oorheersende toon in albei hierdie gedeeltes is een van vreugde en blydschap.

In die tweede beweging is sake ietwat anders gesteld. Hierin het die vreugde sy pendant en word dit gebalanseer deur 'n vermelding van sorg, laste en moegheid. Die vreugde van die tuiskoms en die ervaring om weer tussen vertroude dinge te wees, word in reliëf gestel deur dit te jukstaponeer met daardie dinge waarvan die tuiskoms die mens bevry. Dit is opmerklik dat versreëls 8-10 algemeen in strekking is. Dit verskil van die sterk persoonlike stelwyses in die eerste en derde bewegings. In versreël 11 word die algemeenheid tog in 'n mate verbesonder en op die spreker betrek, alhoewel dit nie eksplisiet geskied nie.

Alhoewel vreugde die dominante stemming in hierdie gedig is, behoort die tweede beweging die leser daarop attent te maak dat carmen 31 nie net 'n gedig van blydschap en lig is nie, maar dat die vreugde in reliëf gestel word deur dit waarteen dit afgeweeë word.

Dit is interessant om daarop te let dat die drie bewegings progressief korter word (6, 5 en 3 versreëls respektiewelik) en dat die minste teksruimte aan die klimaktiese gedeelte afgestaan word.

Terwyl die indeling hierbo in 'n groot mate saamval met die sintaktiese organisasie van die gedig in sinseenhede, en terwyl hierdie indeling 'n ooploop na 'n klimaks veronderstel, het Cairns (1974:7-8) aangetoon dat, indien die herhaling en rangskikking van topoi as seleksiekriterium vir struktuurbeskrywing aangelê word, die tematiese struktuur van carmen 31 'n groot mate van simmetrie vertoon. Hierdie struktuurpatroon, wat hy, alhoewel gekwalifiseerd, ietwat ongelukkig 'n ringkomposisie noem, sien soos volg daaruit:

"A1	1- 3	Praise of Sirmio
B1	4	C.'s pleasure in seeing Sirmio (his home)
C1	5- 6	C.'s journey and return
B2	7	The pleasure of freedom from care
C2	8-10	Homecoming after work abroad
B3	11	The pleasure of homecoming and freedom from care
A2	12-14	Praise of Sirmio and requests to it and the lake to share C.'s pleasure."

Terwyl Cairns met hierdie voorstelling 'n aantoonbare struktuur uitgewys het, moet daarop gelet word dat versreël 7 volgens hierdie indeling die "centre-piece of the poem" (1974:8) word en by implikasie vooropgestel word. Dat die genot van sorgvryheid inderdaad die sentrale tema van hierdie gedig uitmaak, is myns insiens onwaarskynlik.

Wat in die vergelyking met die wyd gehuldige opvatting oor die drieledige struktuur en Cairns se simmetriese struktuur interessant is, is om op te let dat 'n hoofsaaklik lineêre en 'n volledig simmetriese struktuur deur kommentare uit dieselfde teks afgelees kan word.

Alhoewel die beskrywings van die makrostruktuur hierbo die leser in staat stel om 'n greep op die gedig te kry, sal vervolgens aangevoer word dat sodanige indelings (hetsy sintakties of tematies georiënteerd) 'n gegewe wat baie belangrik is vir die interpretasie van carmen 31 buite rekening laat, naamlik dat hierdie gedig op die lees van 'n gebedstekes geskoei is.

Indien hierdie hipotese juis is, is die makrostruktuur van carmen 31 inderdaad drieledig, maar met 'n diepere verklaringsgrond as wat daar hierbo aan die hand gedoen is.

## 2.5 FORMELE VERWANTSKAPPE MET GEBEDSTEKSTE

In die uiteensetting wat hierop volg, sal gepoog word om aan te toon dat carmen 31 ten opsigte van vormskema, stilistiese konvensies en inhoudelike topoi sterk ooreenkomste vertoon met gebedstekste.

### 2.5.1 Vormskema

Wanneer carmen 31 met die onderliggende vormskema van gebedstekste (kyk hoofstuk 3, punt 4) vergelyk word, is dit duidelik dat die Sirmio-gedig in belangrike opsigte konformeer aan die vormskema van gebedstekste. Met die uitsondering daarvan dat die apostrofe nie aan 'n godheid gerig word nie, maar aan 'n plek, kom al die gebruikelike komponente van die gebedskema in hierdie gedig voor. Daar is 'n invocatio (1), predikerings wat die aanroeping omsluit (1-3), en verdere predikerings waarin die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene verbeeld word (4-6). Hierdie eerste ses versreëls funksioneer soos die epiklesis van 'n gebedstekste. Versreëls 7-11 beeld die mens se vreugde by sy terugkeer na sy tuiste uit. Korzeniewski (1978-1979:242, 244) het aangetoon dat hierdie gedeelte as die *pars media* of *pars epica* van die teks beskou kan word, en wel in dié sin dat dit daarin gaan om die spreker se dank vir die gawes wat die "godheid" aan hom geskenk het.

In versreëls 12-14 kom daar hernude aansprekings voor (o *venusta Sirmio* in versreël 12 en *vosque, o Lydiae lacus undae* in 13) tesame met die bedes *salve, gaude* (12) en *ridete* (14).

### 2.5.2 Verdere ooreenkomste

Aangesien gebedstekste nie die enigste taaluitings is waarin daar van aanspreking, uitbreiding en versoek sprake is nie, moet daar nagegaan word of daar bykomende aanduidings is wat die vermoede bevestig dat carmen 31 'n teks is wat op 'n gebed gemodelleer is.

Die eerste opvallende verskynsel is die uitgebreidheid en die gestileerdheid van die aanspreking van Sirmio, wat na alle waarskynlikheid vir die meeste Romeine 'n onbekende plek was (Cairns, 1974:8). Die predikering *paene insularum ... insularumque ocella* herinner aan die wyse waarop die godin Venus in Lucretius se *De Rerum Natura* (1.1 e.v.) aangespreek word: *Aeneadam genetrix, hominum divumque voluptas, alma Venus / ... quae mare navigerum, quae terras frugiferentis concelebras*. Hierdie genitief-uitbreiding kom in 'n hele aantal gebedstekste voor.

Die tipering van Sirmio as *ocelle* maak dit duidelik dat die spreker 'n gevoel van toegeneenheid en liefde teenoor die plek koester. Terwyl daar dikwels daarop gewys word dat die woord *ocellus* as "a personal term of endearment" gebruik word (Baker, 1970:34) en dit juis is dat dit telkens in *sermo amatorius* figureer, moet nie uit die oog verloor word nie dat hierdie tipering meermale ook in formeler kontekste (soos in gebede

en himnes) gebruik word (Korzeniewski, 1978-1979:237 n. 40). Die sintaktiese ordening skep die indruk van formele sofistikasie. In hierdie verband word gedink aan die neiging tot tweeledigheid in die beskrywing (paene insularum ... insularumque; In liquentibus stagnis ... marique vasto) en die tipering van die watergod as uterque Neptunus. Wat die presiese betekenis van uterque Neptunus ook al is, of dit nou dui op Neptunus as god van die see en die varswater (byvoorbeeld Fordyce, 1965:168) en of dit slaan op die twee see van Italië, naamlik die Tirreense en Adriatiese see (Quinn, 1970:185 noem dit as een van die moontlikhede), die formulering skep 'n sfeer van verhewenheid, wat verrassend opval by die vermelding van so 'n obskure plekkie. Die gestileerdheid van die versreëls word verder verhoog deur die opvallende klankorkestrasie met die prominensie van /i/, /a/, /u/, /e/, /s/, /l/ en /t/-klanke.

'n Nog sterker aanduiding word aangetref in versreël 4 (quam te libenter quamque laetus inviso), aangesien in die woorde libenter ... laetus 'n transformasie van 'n algemeen gebruikte godsdienstige formule te bemerk is (Korzeniewski, 1978-1979:239 en 239 n. 45 vir loci). Dit is 'n formule wat meer bepaald dikwels in dankgebede voorkom.

'n Verdere voorbeeld van formulêre taalgebruik word aangetref in versreël 12. Salve is 'n bekende groetformule in gebede (Appel, 1975:109). Cairns (1974:11-12) wys verder daarop dat die kombinasie salve ... gaude beskou kan word as 'n redundante vertaling van die Grieks chaire.

Wat salve betref moet ook daarop gewys word dat die woord 'dikwels in gewone omgangstaal as 'n groet gebruik word. Die woord op sigself roep twee moontlike gebruike op: òf as 'n verhewe godsdienstige formule òf as 'n informele groet.

Iets soortgelyks hieraan kom voor in die apostrofe o venusta Sirmio (31.12). Korzeniewski (1978-1979:242, met verwysing na Plautus, Poen. 1177) wys daarop dat venusta 'n epitheton is wat dikwels in verband met gode gebruik word, terwyl die aandag daarop gevestig moet word dat die woord ('n adjektief afgelei van Venus, die godin van liefde) ook 'n hoë gebruiksfrekwensie in sermo amatorius vertoon.

Formulerings wat tipies is aan gebedstekste is die emfatiese o in o venusta Sirmio (12) en o Lydiae lacus undae (13), asook die gebruik van onbepaaldheidswoorde, naamlik quascumque (12) en quidquid (14).

Die vooropstelling van die tweedepersoonsvoornaamwoord is ook tipies aan gebedstekste, veral aan himnes. In versreëls 4-6 word te op hierdie wyse gebruik:

quam te libenter quamque laetus inviso,  
vix mi ipse credens Thuniam atque Bithunos  
lississe campos et videre te in tuto.

Die beskrywing van die tuiskoms as 'n terugkeer larem ad nostrum (9) verleen verdere godsdienstige bowetone daaraan. Voorts het Moore-Blunt (1974:117) en Korzeniewski (1978-1979:241) aangetoon dat die werkwoord invisere meermale gebruik word in verband met 'n god se aanskoue van sy kultusoord.

Uit bogaande uiteensetting behoort dit duidelik te wees dat die klassifisering van carmen 31 as 'n gedig wat sterk ooreenkomste met gebedstekste vertoon, nie net berus op soortgelykheid in die aanwending van die vormskema nie, maar ook op aansluiting by die tipiese stylkenmerke van hierdie tekste.

Die vraag wat na aanleiding hiervan gestel moet word, is op watter wyse hierdie gegewens ter sake is vir die interpretasie van carmen 31. Die hoeveelheid aanduidings, en die feit dat dit op verskillende niveaus voorkom, maak dit hoogs onwaarskynlik dat die voorkoms van kenmerke van gebedstekste in hierdie gedig bloot toevallig is.

Voordat daar egter hieraan aandag geskenk word, is dit nodig om aandag te skenk aan ander kodes wat ook ter sake is vir die interpretasie van carmen 31, te wete (a) die tipiese Aleksandryne elemente van hierdie gedig, en (b) die intertekstuele verbande en assosiasies.

## 2.6 ALEKSANDRYNSE KENMERKE

Afgesien van carmen 31 se konformering aan die konvensies van die gebedsvorm en -styl, is dit insiggewend om na te gaan hoe hierdie gedig terselfdertyd aansluiting vind by tipiese kenmerke van die poëtika van die Aleksandryne digters en die *novi poetae*. Die stylkenmerke van die Aleksandryne bied 'n bykomende kode waarvolgens die gedig gelees kan word.

In die eerste plek moet daarop gelet word dat die digter se lofprijsing van Sirmio in ooreenstemming is met die neiging van die Aleksandryne om aandag te skenk aan onbekende kultusse, kultusoorde en lokale legendes. Catullus se carmen 31 kan in hierdie verband vergelyk word met Kallimachos se himne aan Delos.

Dit is ook opvallend hoeveel *doctrina* daar in hierdie gedig te bespeur is, alhoewel dadelik bygevoeg moet word dat hierdie *doctrina* nie sonder 'n element van spel is nie.

Die *doctus poeta* se hand kan gesien word in die verwysing na die god van die waters as *uterque Neptunus* (3), en na alle waarskynlikheid ook in die formulering o *Lydiae lacus undae* (13), waar daar 'n toespeling daarop is dat die streek waar Sirmio geleë is vroeër onder Etruskiese beheer gestaan het (Quinn, 1970:187). Hierdie *doctrina* hou ook verband met taalspel. Fordyce (1965:170) merk tereg op dat Catullus "the romantic, associative value of the proper name" van die Aleksandryne geleer het, wat graag uitings verbesonder het deur adjektiewe wat op plekname dui.

Die taalspel wat so kenmerkend is van die Aleksandryne is verder te bemerk in die tipering van Sirmio as *Paene insularum ... insularumque / ocelle* (1), in die formulering *Thuniam ... Bithunos* (5) en *ero gaude / gaudente* (12-13).

Die *doctrina* het dus die taalspel as pendant. Ook die *facetiae* ontbreek nie, soos in die uitgebreide predikering van Sirmio in versreëls 1-3, waar 'n onbekende plek op speelse wyse in 'n komplekse sintaktiese ordening

met die wêreld van die mitologie in verband gebring word. Dit dien enersyds tot sublimering van Sirmio, maar nie sonder dat die leser die indruk kry van 'n speelsheid in die omvattendheid van die uitbreidende predikerings nie.

Hierdie spel is myns insiens ook te sien in die ontginning van dubbele / meerdere betekenismoontlikhede en die jukstaposisie van taaluitinge in verskillende registers. Die vernaamheid en hoë register van die eerste drie versreëls word gebalanseer deur ocellē, 'n woord wat veral in gewone omgangstaal dikwels gebruik is. Die verhevene en die urbane staan naas mekaar. Dieselfde geld vir die dubbelsinnigheid van die formulering o venusta Sirmio (12), waar venusta óf as 'n godsepijtheton óf as 'n adjektief wat op die liefde slaan, gelees kan word.

Sover dit die Aleksandryne se beklemtoning van formele afronding aangaan, kan by wyse van voorbeeld gewys word op die chiasme in liquentibus stagnis / marique vasto waar die ordening van byvoeglike naamwoord + selfstandige naamwoord - selfstandige naamwoord + byvoeglike naamwoord verder ondersteun word deur die klanklike verbande.

## 2.7 SIRMIO EN DIE SPREKER

'n Kernprobleem by die interpretasie van carmen 31 raak die uitleg van die verhouding tussen die spreker en Sirmio. Nou verwant hieraan is die vraag wat die funksie is wat aan die konsekwente personifikasie van Sirmio dwarsdeur die gedig toegeskryf moet word.

Verskeie wyd uiteenlopende antwoorde is in die loop van die geskiedenis op hierdie vroeë gebied (kyk punt 2.2). Op die spoor van die herkenning van die formele ooreenkomste van die gedig met die gebedsvorm word vervolgens 'n lesing gebied wat van hierdie ooreenkomste rekenskap probeer gee.

By die lees van versreëls 1-6 is dit moontlik om Sirmio te beskou (a) bloot as 'n plek, (b) as 'n gepersonifieerde plek wat as 'n god voorgestel word en (c) as die kultusoor van 'n godheid.

Die eerste moontlikheid bied 'n bloot letterlike lesing van die gedig en gee myns insiens nie voldoende rekenskap van die opvallende personifikasie van Sirmio nie. Al funksie wat hiervolgens aan die personifikasie toegeskryf kan word, is dat die spreker in sy blydskap oor sy terugkeer sy tuiste aanspreek soos 'n mens om sodoende groter direktheid en trefkrag aan die uiting te verleen.

By 'n noukeuriger lees van die gedig blyk dit dat die personifikasie reeds vroeg in die gedig begin, wanneer Sirmio as ocellē aangespreek word, alhoewel die personifikasie nie die geografiese referensie ophef nie (Baker, 1970:35). Teen versreëls 12-13 bestaan daar nie meer twyfel oor die prosopopoeia nie.

In die lineêre lees van die gedig wil dit voorkom of die voorstel dat Sirmio hier as 'n godheid voorgestel word waarskynliker is. Die formele ooreenkomste van hierdie gedeelte met gebedstekste maak so 'n lesing 'n

sterk moontlikheid, aangesien die enigste verskil tussen die epiklesis in carmen 31 en die invocatio in 'n normale gebedstekes die vervanging van 'n godenaam met die naam van Sirmio is. Indien hierdie afleiding korrek is, stempel dit hierdie gedig tot 'n gebedsparodie. In sy blydskap oor sy tuiskoms vergoddelik die spreker sy gepersonifieerde tuiste. Dit hou dan in dat die spreker in die rol geplaas word van 'n godevereerder.

Terwyl die tipering van Sirmio as 'n godheid nie in die lig van ander teksinligting problematies is nie, kom die interpretasie van die spreker as lofpryser (en dus as 'n persoon in 'n posisie van ondergeskiktheid aan die godheid) wel in gedrang in versreëls 12-13a by die hernude invocatio en die bedes:

salve, o venusta Sirmio, atque ero gaude  
gaudente

Hier word die spreker voorgehou as *erus gaudens*. Hy word voorgestel as die baas of die heer, wat impliseer dat Sirmio in die ondergeskikte posisie van *famulus* of *servus* staan. Daar is reeds vroeër daarop gewys hoe veral Quinn, maar in 'n gekwalifiseerder vorm ook Cairns heelwat klem lê op die spreker se eienaarskap (kyk punt 2.2).

Die voorstelling van die spreker as *erus* skep met die eerste oogopslag probleme vir die lesing van carmen 31 as 'n gebedsparodie, aangesien dit wil lyk of dit moeilik is om die verhouding tussen Sirmio en die spreker terselfdertyd uit te lê as 'n god-vereerder en as 'n kneg-heer verhouding.

Dit is na aanleiding van hierdie probleem dat die derde voorstel, naamlik dat Sirmio as 'n gepersonifieerde kultusoord uitgebeeld word, oorweging verdien.

Korzeniewski (1978-1979:241) het 'n insiggewende perspektief op hierdie probleem gebied. Hy stel voor dat Sirmio as kultusoord van 'n god voorgestel word en voer aan dat die spreker as 'n *theos epifanes*, dit wil sê as 'n verskynende godheid, uitgebeeld word. Terwyl hierdie interpretasie klop met die uitbeelding van die spreker as *erus* in versreël 12, bly die verhouding in die eerste ses versreëls steeds problematies. Korzeniewski (1978-1979:241) ondervang egter hierdie probleem deur daarop te wys dat die werkwoord *invisere* wat in versreël 4 voorkom, meermale, ook in die oeuvre van Catullus, gebruik word in verband met 'n godheid se aanskoue van sy kultusoord. Die loci waarop daar vir hierdie interpretasie 'n beroep gedoen word, is Catullus se carmen 64.384 (*domos invisere castas heroum ... caelicolae ... solebant*) en Vergilius se *Aeneis*, 4.143-144 (*hibernam Lyciam Xanthique fluenta deserit / ac Delum maternam invisit Apollo*) waar dieselfde werkwoord in verband met Apollo gebruik word. Ook fragment 307c van Alkaios se himne aan Apollo is hier ter sake.

'n Verdere argument is dat 'n godheid nog twee keer in Catullus *erus* genoem word (carmen 68.76 en 78), alhoewel Korzeniewski (1978-1979:243) toegee dat die gebruik van die woord in hierdie betekenis seldsaam is.

Die argumente in verband met *inviso* en *erus* figureer interessant genoeg ook in Moore-Blunt (1974:115-117) se interpretasie van carmen 31 as 'n bepaalde tipe poëtiese *encomium*, naamlik as 'n *epibaterion*. Ten spyte van belangrike verskille tussen haar *topos*-georiënteerde ondersoek en

die vorm-georiënteerde ondersoek hier, kom sy eweneens tot die konklusie dat die spreker (Catullus) hier voorgestel word as die "divine lord" (1974:117) van Sirmio. Die belangrike verskil tussen die twee interpretasies is dat Moore-Blunt van mening is dat die digter hier besig is met 'n stukkie humor, aangesien hy nie in werklikheid die besitter of god van Sirmio is nie. Sy probeer hierdie interpretasie verder staaf deur die keuse van die choliambus of hinkvers in haar argument te betrek. Ek is dit egter met Korzeniewski (1978-1979:243) eens dat die debat oor Catullus se eienaarskap al dan nie van Sirmio (of 'n gedeelte daarvan) wesenlik ondersake is. Hiermee word nie beweer dat daar nie inderdaad iets speels in die uitbeelding van die spreker as 'n terugkerende godheid is nie, maar word die opvatting gehuldig dat spel en erns in 'n dialektiese verhouding tot mekaar staan.

Daar is dus wel sprake van ontwikkeling van die rolle van die spreker en Sirmio, en dit is in hierdie verband belangrik om die leser se lineêre ontsluiting van inligting in 'n teks in gedagte te hou. Soos uit resepsies van hierdie gedig in die loop van die geskiedenis blyk, is dit moontlik om die gedig bloot te lees as 'n uitdrukking van die spreker se vreugde by sy terugkeer na sy tuiste. Aandag aan die funksie van die personifikasie en die metaforiese relasies wat daaruit voortvloei, lei die leser daartoe om die verhouding tussen die spreker en Sirmio uit te lê as vereerder-god en as besitter-besitting / baas-slaaf. Na aanleiding daarvan dat hierdie relasies nie met mekaar klop nie, gaan seek die leser na verdere tekswenke wat hierdie anomalie kan verklaar. Die werkwoord *inviso* bied dan die sleutel tot oplossing van hierdie probleem, want, soos Korzeniewski (1978-1979:242) aantoon, is *carmen* 31 nie net 'n gebedsparodie omdat Sirmio die naam van 'n godheid vervang nie, maar word die werklk verrassende van die parodie eers duidelik in versreëls 12-14, wanneer die ongewone situasie uitgebeeld word dat 'n godheid 'n gebed aan sy kultusoorid rig. Alhoewel ongewoon is hierdie situasie glad nie uniek nie (kyk Korzeniewski (1978-1979:244) se verwysing na *loci* waar gode bid). In die geval van *carmen* 31 word sake 'n stap verder gevoer deurdat die god 'n gebedsparodie uitspreek. Die verrassende wending in die slot met die omkering van die hiërgargie tussen spreker en godheid is reeds voorberei deur voorafgaande teksinligting, wat die leser egter eers by wyse van retrospektiewe herinterpretasie kan begryp.

Waar die skrywer hiervan wel van Korzeniewski verskil, is in ten opsigte van sy tipering van hierdie transformasie as 'n "leicht komische Zug". Daar kan myns insiens eerder van spel en gevatheid gepraat word, maar dan nie van 'n spel wat die onderliggende emosie en toon heeltemal ondergrawe nie.

## 2.8 DIE FUNKSIE VAN DIE GEBEDSVORM: VERHEWENHEID EN SPEL

Die aanwending van die gebedsvorm in hierdie gedig verleen tegelykertyd 'n sekere verhewenheid en 'n sterk spelement daaraan. Die emosie by die terugkeer word gesublimeer deur die gebruik van die gebedsvorm en die assosiasie van die tuiste met 'n godheid. Die terugkeer word hierdeur met 'n religieuse ervaring in verband gebring.

Die spelement is op vele vlakke aantoonbaar. Hier word gedink aan die digterlike vonds om 'n tuiskomsgedig te giet in 'n vorm wat sterk

ooreenkomste vertoon met gebedstekste. Verder kan gewys word op die vindingryke omruiling van rolle tussen Sirmio en die spreker, iets wat 'n spitsvondige parodie in die hand werk.

Die parodie ondergrawe egter nie die "erns" van die gedig nie. Daar is eerder sprake van 'n dialektiese verhouding tussen erns en spel. Dit is 'n gedig waarin skynbare uiteenlopende stemminge met mekaar in wisselwerking verkeer. Die erns is nie sonder spel nie, en in die spel ontbreek die erns eweneens nie. 'n Goeie manifestasie van hierdie dialektiek kan bemerk word in die jukstaposisie van formele en informele taalgebruik in hierdie gedig.

## 2.9 METODOLOGIESE OPMERKINGS

### 2.9.1 Leserskompetensie

Sover dit die kompetensie aangaan wat by die leser veronderstel word om hierdie gedig te interpreteer, wil dit my voorkom of die leser se herkenning van die feit dat die gedig op die gebedsvorm gemodelleer is vir die interpretasie daarvan belangrik is. Aangesien dit duidelik is dat hierdie interpretasie van die gedig as gebedsparodie nie berus op enkele losstaande gegewens nie, maar op 'n wye databasis 'n beroep doen (vormskema, stilistiese konvensies, *topoi*), wil dit voorkom of lesers wat sodanige tekswenke nie opvolg nie, 'n belangrike sleutel tot die verstaan van die gedig buite rekening laat. Dit neem egter nie weg nie dat lesers van hierdie gedig sin kan maak sonder om die ooreenkomste daarvan met gebedstekste in berekening te bring.

In die uiteensetting hierbo is daar ook aangetoon dat kennis van die senderskode, en spesifiek van die Aleksandryne en novi poetae se kodes en konvensies belangrike perspektiewe op die verstaan van die gedig open wat eweneens 'n ryker lesing van die gedig moontlik maak.

### 2.9.2 Interpretasieverskille en raamkonstruksie

Alhoewel vraagstukke oor interpretasieverskille nie in hierdie hoofstuk in die sentrum staan nie, kan enkele opmerkings hieroor gemaak word.

Dit wil voorkom of 'n groot hoeveelheid van die interpretasieprobleme waarna daar in punt 2.2 verwys is, teruggevoer kan word tot die raam of konteks waarbinne die leser die gedig plaas. Die leser se hipotese hieroor is van deurslaggewende belang vir hoe hy die totaalstrekking van die gedig uitlê en hoe hy die data selekteer om sy hipotese te staaf. Daarom is dit glad nie verrassend dat 'n lesing wat die gedig as gebedsparodie klassifiseer en een wat die gedig as 'n epibaterion opneem van mekaar sal verskil nie. Ook nie dat sodanige lesings tot ander resultate aanleiding sal gee as 'n interpretasie wat dit as een van die vriendskapsgedigte klassifiseer, of as een wat dit deterministies uit sy ontstaanskonteks wil verklaar nie. Op die problematiek rondom aannames, hipoteses, dataseleksie, literêre bewysvoering en die toelaatbaarheid al dan nie van uiteenlopende interpretasies van 'n gedig, sal daar in die bespreking van carmina 36 en 1 ingegaan word.

Hier kan slegs opgemerk word dat Cairns (1974:13-14, 16-17) en Moore-Blunt (1974:106-117) se interpretasies van die gedig as 'n epibaterion heeltemal moontlike lesings daarvan oplewer. Anders as in die besprekings van Korzeniewski en die interpretasie wat in hierdie afdeling gebied is, lees Cairns en Moore-Blunt die gedig volgens 'n kode uit die retoriekteorie, ingevolge waarvan literatuurgenres op grond van inhoudelike topoi onderskei word, en nie op grond van vormlike oorwegings soos in die interpretasievoorstel hierbo nie. Ten spyte van voorbehoude oor Cairns se teorie insake generiese komposisie (kyk Williams, 1980: ix e.v. met wie ek dit in hoofsaak eens is), verteenwoordig die interpretasies van Cairns en Moore-Blunt eweneens lesings wat op 'n wye databasis aanspraak kan maak.

### 3. CARMEN 44

#### 3.1 TEKS

O funde noster seu Sabine seu Tiburs, (nam te esse Tiburtem autumnant, quibus non est cordi Catullum laedere: at quibus cordi est, quovis Sabinum pignore esse contendunt)	
sed seu Sabine sive verius Tiburs,	5
fui libenter in tua suburbana villa, malamque pectore expuli tussim, non inmerenti quam mihi meus venter, dum sumptuosas appeto, dedit, cenas.	
nam Sestianus dum volo esse conviva, orationem in Antium petitozem plenam veneni et pestilentiae legi.	10
hic me gravedo frigida et frequens tussis quassavit usque, dum in tuum sinum fugi, et me recuravi otioque et urtica.	15
quare refectus maximas tibi grates ago, meum quod non es ulta peccatum. nec deprecor iam, si nefaria scripta Sesti recapso, quin gravedinem et tussim non mihi, sed ipsi Sestio ferat frigus, qui tunc vocat me, cum malum librum legi.	20

#### 3.2 RESEPSIEGESKIEDENIS

Alhoewel carmen 44 gewoonlik nie gereken word tot een van Catullus se groot gedigte nie, word dit tog beskou as 'n bekoorlike en gevatte gedig. In hierdie bespreking sal aangetoon word dat juis die wyse waarop die gebedsvorm aangewend word baie bydra tot die werking en effek van hierdie gedig.

Daar is van vroeg reeds ingesien dat *carmen 44* se effek berus op 'n ontginning van die betekenismoontlikhede van *frigidus* en *frigus* as woorde wat betrekking het op koue maar wat ook as negatiewe stylkritiese terme aangewend word. Ook die *para prosdokian* in versreël 20, waar die digter, indien daar weer 'n oortreding begaan word, die straf nie op homself afroep nie, maar op Sestius, die skrywer van die prulgeskrif, figureer telkens in die bespreking van hierdie gedig.

Vir 'n lang tyd is een van die vernaamste sleutels tot die verstaan van hierdie gedig, naamlik dat dit as 'n gebedsparodie gelees kan word, nie raakgesien nie, en is daar eerder aandag geskenk aan die vraagstuk of *Catullus Sestius* se ete bygewoon het (Murley, 1938:206-208), al dan nie (Haarhoff, 1934:255-256). Die feit dat hierdie interpretasiesleutel nie benut is nie, is eintlik verrassend, aangesien daar talle aanduidings is dat *carmen 44* die vorm en styl van gebedstekste nadoen. Nadat Heusch (1954:46) egter kripties aangetoon het dat die villa in hierdie gedig as 'n god aangespreek word, het daar in die laaste twee dekades 'n kentering gekom en het skrywers soos Jones (1968), Williams (1968) en Korzeniewski (1978-1979) insiggewender interpretasies gelewer.

### 3.3 OOGMERKE

In die bespreking wat hierop volg, sal gepoog word om aan te toon dat 'n toereikende lesing van *carmen 44* by die leser kennis veronderstel van sowel Aleksandrynse kodes en konvensies as van die gebedsvorm. Daar sal ook aangetoon word dat 'n interpretasie van die gedig as 'n gebedsparodie insiggewende perspektiewe bied op meningsverskille oor die styltipering van *carmen 44*.

### 3.4 TEMATIESE VERLOOP

In *carmen 44* rig die digter hom in direkte apostrofe tot sy plaas. Na die heel uitgebreide aanspreking van die plaas (1-5), gaan hy daartoe oor om te vertel hoe hy in die villa op die plaas herstel het van 'n aaklige hoes, wat hy deur sy eie toedoen opgedoen het. In sy poging om homself uitgenooi te kry na 'n heerlike ete van Sestius het die begeerte van sy maag hom daartoe gebring om 'n giftige toespraak van Sestius teen Antius te lees. Hierop het 'n kwaai verkoue en 'n aaklige hoes hom oorval en het hy sy toevlug geneem tot die villa op die plaas, waar hy herstel het van sy siekte (6-15). Hy betuig sy dank aan die plek omdat dit sy oortreding ongestraf gelaat het (16-17). Ten slotte stel hy dat, indien hy die bose geskrifte van Sestius weer ter hand neem, hy geen versoek rig dat straf nie op so 'n vergryp moet volg nie. In plaas daarvan dat hy, soos die leser verwag, die straf op homself afroep, gee hy 'n kinkel aan die uiting deur te vra dat die verkoue in so 'n geval vir Sestius moet tref, wat hom slegs uitnoui wanneer hy 'n slegte boek gelees het (18-21).

### 3.5 ALEKSANDRYNSE KENMERKE

Hierdie gedig, wat in die volste sin van die woord "a literary joke" is, staan in die teken van die *novi poetae* se tipies Aleksandrynse strewe na *gevatheid*. Dit is niks anders as 'n manifestasie van *urbanitas* en *facetiae* nie.

Alhoewel Fordyce (1965:197) die werkingsprinsipes van die gedig baie verskraal wanneer hy dit reduceer tot: "The piece is merely a vehicle for a pun on *frigus*", is hy ongetwyfeld korrek dat insig in meerduidigheid van die woord vir die verstaan van die gedig onontbeerlik is. Wanneer die leser kennis neem van die *gravedo frigida* (13) wat die digter oorval het, verbind hy *frigida* in die eerste plek aan die siektetoestand. Die leser is egter in die voorafgaande gedeelte op sy hoede gestel om die woord nie bloot op sigwaarde te aanvaar nie. Die digter se *gravedo frigida et frequens tussis* (13) was die direkte gevolg daarvan dat hy *Sestius se orationem ... planam veneni et pestilentiae* (11-12) gelees het. Die verkoue wat hy opgedoen het, is, soos DeAngeli (1969:354) dit gevat stel "a literary chill". Hierdie insig aktiveer 'n verdere betekensmootlikheid van *frigida*, naamlik dat dit net soos die Griekse woorde *psuchros* en *psuchrotes* (kyk hieroor Aristoteles, *Rhetorica*, 3.1-3) as negatiewe stylkritiese terme gebruik word. Dat hierdie betekenis welbekend was in die eerste eeu voor Christus blyk uit Cicero se opmerkings oor die styl van Titus Luventius (*Brutus*, 178) en oor dié van Marcus Piso (*Brutus*, 236). Fordyce (1965:197) omskryf hierdie woorde as *tegniese* terme wat dui op "bad taste which shows itself in bombast, affectation, or preciousity". In die uitwerking wat *Sestius* se toespraak op die spreker het, word geïmpliseer dat die styl daarvan *frigida* is. Dat *frigus* 'n sentrale begrip in hierdie gedig is, word weer eens duidelik in versreël 20.

Die woordspel is nie net tot hierdie woorde beperk nie, maar is ook te bemerk in ander meerduidige woorde. Volgens Quinn (1970:222 en 223) slaan *pestilentia* nie net op "verderflikheid" nie, maar dui dit ook op iemand wat 'n oorlas van homself maak, en beteken *malum benewens* "van lae gehalte" ook "boos" en "kwaadwillig".

Die spelelement lê nie net op hierdie linguale vlak nie, maar kan ook gesien word in die hareklowery oor die vraag of die plaas *Tiburtyns* of *Sabyns* genoem behoort te word. Terwyl die *novi poetae* gewoonlik nie te veel erg gehad het aan die waardes van die "establishment" nie, heg die spreker hier heelwat waarde aan 'n "goeie adres", soos blyk uit sy vriende se benoeming daarvan en uit *verius* (5).

*Gevatheid* is ook te bemerk in die *para prosdoklan* waar die straf wat blykens die voorafgaande inligting die spreker toekom, afgewentel word op *Sestius*. Hierdie tegniek herinner sterk aan 'n prosedure wat dikwels in komedies benut is.

### 3.6 CARMEN 44 AS GEBEDSPARODIE

#### 3.6.1 Herkenning van *carmen 44* as gebedsparodie

Die sake wat hierbo bespreek is, is beslis ter sake vir die verstaan van carmen 44. 'n Bespreking waarin die klem uitsluitlik daarop gelê word, laat egter 'n belangrike oorweging buite rekening, naamlik die gedig se noue aansluiting by die gebedsvorm en gebedstyl.

Die herkenning van carmen 44 as gebedsparodie berus op:

- die ooreenstemming van die struktuur van die gedig met die gebedsvorm
- die voorkoms van bepaalde konvensionele gebedstopoi in die gedig
- die stilistiese aansluiting van die gedig by die sermo orationis, in besonder die archaïese taalgebruik en ingewikkeldhede in die sintaktiese struktuur.

### 3.6.2 Vormskema

In teenstelling met Quinn (1970:220-221) wat, alhoewel hy die moontlikheid noem dat carmen 44 op die patroon van die gebedsvorm gestruktureer is, hierdie gedig as "a letter of thanks" beskryf en 'n heel ingewikkelde struktuur daaraan toeskryf,<sup>2</sup> wil dit my voorkom of die gedig die gebruiklike drieledige struktuur van 'n gebedstekes vertoon:

Versreëls

1-5	Invocatio
6-15	Argumentum of te wel pars epica
16-21	Dankbetuiging
18-21	Precatio

In hierdie struktuurbeskrywing is versreëls 16-17 by die derde beweging ingedeel. Dit is gedoen op grond van Catullus se gebruik om dikwels die laaste beweging van 'n gedig in te lei met *quare* (kyk byvoorbeeld carmen 1.8). Dit sou egter ook moontlik wees om hierdie versreëls in te deel by die *argumentum*. In daardie geval vorm hierdie versreëls die sluitstuk van die tweede beweging en dien dit as motivering vir die onderneming wat die spreker in die *precatio* maak.

Die feit dat daar 'n oorgang is van 'n aanspreking van die plaas (1) tot 'n dankbetuiging aan die villa, soos blyk uit *es ulta* (17), het al aanleiding gegee tot teksemendasie wat nie werklik nodig is nie, omdat die woorde eintlik omruilbaar is.<sup>3</sup>

<sup>2</sup> Quinn (1970:220-221) is van mening dat versreëls 1, 6-7, en 16-17 die formele skelet van hierdie gedig uitmaak. Elk van hierdie gedeeltes word volgens hom gevolg deur 'n verduidelikende parentese, te wete 2-5 en 8-9, terwyl laasgenoemde verder verduidelik word in versreëls 10-15 en 18-21.

<sup>3</sup> Muretus (in Fordyce, 1965:201) het reeds in 1552 voorgestel dat *es ulta* deur *es ultu'* vervang behoort te word om sodoende aan die gedig 'n sterker formele formele simmetrie te verleen, aangesien die aan-

Daar moet opgemerk word dat die *precatio in carmen 44* streng gesproke nie 'n versoek of bede bevat nie, maar eerder as 'n "negatiewe bede" of as 'n onderneming aan die kant van die spreker getipeer kan word. Die gebruik van die gebedsverbum *deprecor* in die konstruksie *nec deprecor ... quin (18-19)* maak die klassifikasie daarvan as *precatio* egter heel geregverdig. Dit sluit verder aan by die konvensies van dankgebede waar die bidder, uit dank vir die feit dat die gode nie sy oortreding gestraf het nie, onderneem dat hy in geval van verdere oortreding nie versoek dat die straf uitbly nie.

### 3.6.3 Styl en gebedstopoi

Die eerste vyf versreëls behoort die leser reeds op die spoor te plaas dat hy met 'n gebedsparodie te doen het, want, alhoewel die uiting volgens die tegniek van substitusie nie aan 'n godheid gerig is nie, maar aan 'n plaas, herinner dit sowel stilisties as inhoudelik sterk aan die *invocatio* van 'n gebed.

Terwyl deurgaans in die uiteensetting wat hierop volg in gedagte gehou moet word dat 'n parodie as sjabloon op formele vlak die styl van die bekend veronderstelde grondvorm nadoen sonder om in intensie daarby aansluiting te vind (kyk hoofstuk 9, punt 4.2), kan gestel word dat versreëls 1-5 in 'n heel formele register geskryf is.

Die formele apostrofe, *O funde noster* word opgevolg deur uitbreidende predikerings waarin die kwessie van korrekte benoeming van die aangesprokene op die voorgrond staan. In die bespreking van die Romeinse gebed is daarop gewys dat dit van groot belang geag is om 'n god korrek aan te spreek en dat die effektiwiteit van die bede daarvan afgehang het (kyk hoofstuk 3, punt 4.2). In *carmen 44* is dit juis hierdie angstigheid om korrek te benoem wat die plaas te beurt val. Twee frases wat as voorsorgklousules beskryf kan word, omraam hierdie aanroeping, te wete *seu Sabine seu Tiburs (1)* en die variasie daarop *seu Sabine sive verius Tiburs (5)*. Die formaliteit van die taalgebruik blyk uit 'n hele aantal verskynsels. Dit is te sien in die emfatiese *o*, die feit dat die apposisionele uitbreiding in die vokatief staan (Fordyce, 1965:198), en die *seu ... seu* wat deur Ross (1969:66) as "ritual anaphora" beskryf word. Verder het die korrelatiewe *seu ... seu* en die woord *verius* 'n hoë gebruiksfrekwensie in gebeds- en regstekste.

Anders as DeAngeli (1969:355) wat van mening is dat die verhewe styl van die aanvangsversreël opgevolg word deur "verses as unpoetic as Catullus could make them" en wat versreëls 2-5 tipeer as iets wat klink

---

spreking en die dankbetuiging dan aan dieselfde "persona" gerig sou wees. Die *ecthipsis* van die eind-"s" (*ultu* in plaas van *ultus*) het 'n parallel in Catullus se *carmen 116.8* waar die slot-"s" van *dabis* na 'n kort klinker verkort word voor 'n woord wat met 'n konsonant begin. Die feit dat die weglating van die slot-"s" in die uitspraak van woorde in die tyd van Cicero en Catullus as *subrusticus* beskou is, nadat dit vroeër as gekultiveerd deurgegaan het (Cicero, Orator, 116) wil dit laat voorkom of *ecthipsis* in hierdie formele dankbetuiging (kyk punt 3.6.3) onwaarskynlik is. Daar moet ook nie uit die oog verloor word dat *villa* nie net "plaashuis" beteken nie, maar ook vir "plaas" gebruik word.

op "a lawyer's quibble", wil dit my voorkom of hierdie gedeelte in sowel toon (verheve register) as tema (korrekte benoeming) aansluit by die versreëls wat dit omraam. Dit kan gesien word in die sintaktiese struktuur en in die woordkeuse.

Die parentetiese gedeelte is as antithesis geformuleer en die stylfiguur is tekener van 'n verheve register. Die voorkoms van nam (2) en die enigins argaïese autumnant (2) dra verder by tot die amptelike indruk van die gedeelte. Hierdie woord, 'n verlengde vorm van die werkwoord *alo*, sluit aan by die formalisme van die voorsorgklousule in die eerste versreël. Dit is een van die woorde wat Quintilianus (*Institutio Oratoria*, 8.3.24) noem waarvan die *antiquitas* aan 'n uiting *dignitas* verleen. Ook die feit dat daar na die spreker verwys word in die derde persoon in plaas van die eerste persoon (*Catullum* en nie *me* nie) skep distansie en dui op formaliteit.

Hierdie verhevenheid moet natuurlik nie op sigwaarde aanvaar word nie. Die verhevenheid in styl impliseer nie verhevenheid in intensie nie. Die elemente van spel moet nie misgekyk word nie. Dit is onder meer te sien in die keuse van autumnant, omdat hierdie woord meermale gebruik word in kontekste waar 'n uiting met 'n knippie sout geneem moet word (Ellis, 1876:122). By die lees van so 'n uitgebreide, om nie te sê *elaborate*, aanspreking gerig aan die adres van 'n plaas, vra die leser hom af wat die funksie daarvan is, veral wanneer verder opgemerk word dat die lewelse fundus hier gepersonifieer word. Die persoonifikasie word bewerkstellig deur die apostrofe (1), deur die gebruik van die persoonlike voornaamwoord te (2), en word later verder gevoer in verseëls 14 en 15-16.

Die *argumentum* werp lig op hierdie vraagstuk, aangesien dit 'n motivering bied vir die spreker se optrede. Die vertelling dat hy in die villa op die plaas herstel het van sy siekte funksioneer soos die *hupomnesis* in gebedstekste, waar die bidder in 'n poging om die godheid gunstig in te stel, wys op wat die godheid tevore vir hom beteken het. In die gedig word dit nie eksplisiet gestel dat die plaas vir die digter se herstel verantwoordelik was nie, alhoewel dit geïmpliceer word deur *otio* (15).

Terwyl die styl van die *pars epica* nie dieselfde graad van formaliteit vertoon as die *invocatio* nie, kan dit myns insiens nie sonder meer afgemaak word as informeel soos DeAngeli (1969:355) meen nie. Dit blyk eerstens uit die ingrypende verskuiwing van *dedit* (10) uit die sin waarin dit hoort tot in die *dum-bysin*. Die enigste ander voorbeeld van so 'n ingrypende transposisie in die oeuwe van Catullus kom in *carmen* 66.18 voor, wat deur Fordyce (1965:199) as "a highly artificial poem" beskryf word. Eweneens ongewoon is die gebruik van die adjektief in die frase *Sestianus ... conviva* (10), waar *Sestii conviva* die meer gebruikelike stelwyse sou wees. Die gebruik van die *redundante -que* et in versreël 15 (*et me recuravi otloque et urtica*), wat soos Jones (1968:380) aangetoon het, reeds in die tweede eeu voor Christus in die gewone gebruikstaal in onbruik geraak het, maak na alle waarskynlikheid deel uit van die *archaïserende* tendens in hierdie gedig. Ook die vorm *non immerenti* (8) behoort tot *sermo orationis*. Terwyl die drie *dum-bysinne* binne die bestek van ses verseëls al as 'n manifestasie van *tooilose styl* beskryf is (Fordyce, 1965:198), moet nie uit die oog verloor word dat *repetisie tipies* is van gebeds- en regstaal nie. Dat hierdie tipe taalgebruik voorkom in 'n gedeelte waarin dit gaan om 'n *venter* se begeerte na 'n heerlike

etmaal en om die herstel van 'n verkoue, is kenmerkend van die parodie wat in die gedig bedryf word.

In die dankbetuiging in versreëls 16-17 is die styl besonder formeel, soos blyk uit die formulêre *maximas tibi grates / ago*. Hier is die argaïese *grates*, 'n woord wat tuishoort in godsdienstige en rituele taalgebruik (Heusch, 1954:45-46), gekies in plek van die gebruikelike *gratias*, soos byvoorbeeld in *carmen* 49.4-5. Isidorus (Diff., 1.264, ook aangehaal in Heusch, 1954:45) maak die onderskeid duidelik, wanneer hy opmerk: *grates deo aguntur, gratias vero hominibus*. Kroll (1960:82) het gelyk wanneer hy *grates* as "archaisch feierlich" tipeer, maar ken myns insiens te groot gewig aan die aandeel van die versmaat in die woordkeuse toe. Die woordseleksie is in lyn met die neiging tot die gebruik van *sermo orationis* in die gedig.

Weer eens moet die formele styl van die dankbetuiging nie op sigwaarde aanvaar word nie, maar is die funksie daarvan om "a humorous solemnity" (Fordyce, 1965:201) daaraan te verleen.

In die *precatio* is die gebedsverbium *deprecor*, die seldsame archaïese *futurem recepto* (Quinn, 1970:223), die voorkoms van 'n voorwaardelike *bysin*, die tipering van *Sestius* se geskryfte as *nefaria* en die alliterasie in *ferat frigus* tipies van gebedstyl. Jones (1968:383) het verder aange-toon dat die digter hom in die slotbede wend tot die ou formule van *apompê*. In hierdie tipe gebed wend die bidder 'n poging aan om die bose effek van 'n godheid se mag af te wend deur die god se aandag te vestig op iets wat hy aanlokliker mag vind. Hierdie soort gebed vertoon 'n aantal variasies. Een daarvan is dat die bidder, wanneer hy kwaad aangedoen is deur 'n vyand, die wens uitspreek dat die vloek die persoon tref wat dit geuiter het. Hier verkeer 'n mens natuurlik op die grens tussen die godsdiens en die magie. Die verrassende wending aan die einde van die gedig moet in hierdie lig beskou word en daar moet opgelet word dat hierdie wending voorberei is in die voorafgaande gedeelte. Soos wat die kil styl van *Sestius*, volgens die magiese beginsel van *similia similibus* (kyk Frazer, 1947:11 e.v.) die digter 'n verkoue laat opdoen het, so bid hy nou dat, indien hyself weer sou oortree deur die geskryfte van *Sestius* ter hand te neem, die kwade effekte daarvan die eintlike veroorsaker van sy ellende sal tref.

### 3.7 DIE FUNKSIE VAN DIE GEBEDSVORM

Daar is in die inleiding tot hierdie bespreking as hipotese gestel dat insig in die benutting van die gebedsvorm 'n belangrike sleutel tot die verstaan van *carmen* 44 bied. Daar sal vervolgens aandag geskenk word aan die vraag of 'n interpretasie van die gedig op die spoor van die ooreenstemming daarvan met die gebedsvorm meer oplewer as 'n lesing wat nie hiermee rekening hou nie.

Aangesien *carmen* 44 as "a literary joke" getipeer kan word en presies op die prinsipes van 'n grap werk (die leser kan gerus op die informasievolgorde let en hoe die leser slegs geleidelik die kloutjie by die oor kan bring), moet toegegee word dat die grap as sodanig verstaan kan word sonder enige kennis van die gebedsvorm.

Insig daarin dat carmen 44 op die gebedsvorm gemodelleer is, bied egter ryker nuanses en toon aan dat die spel in die gedig verder strek as "a pun on frigus". Die ligte invektief teen die literêre arbeid van 'n kennis kry 'n dimensie by wanneer ingesien word dat die aardse humor van die gedig in 'n godsdienstige gedaante aangebied word. Om die apopompé en die byhaal van magiese assosiasies in sy volle duiding te begryp, word kennis van gebedspraktyke voorveronderstel.

Dat die gedig geen godsdienstige intensie het nie, lê voor die hand. Dit hou in dat die funksie van die benutting van die gebedsvorm verband hou met die onvanpasheid van so 'n statige vorm in die konteks waarin dit aangewend word. Om met Buchheit (1975:44) te praat, die gebedsvorm is bloot "Mittel zum Zweck".

Juis hierdie onvanpasheid het tot gevolg dat die vergoddeliking van die plaas deur persoonifikasie hier nie so 'n ryk nuanse het as byvoorbeeld in carmen 31 nie. Alhoewel dit duidelik is dat die villa voorgestel word as 'n wese wat hulp en koestering verleen en die kwaad nie na verdienste straf nie, maar wie se toekomstige toorn nie uitgesluit word nie, weet die leser deurgaans dat hierdie voorstelling bloot in diens van die spel en humor in die gedig staan.

Die interpretasie van carmen 44 as 'n gebedsparodie het nie in alle oorde byval gevind nie. DeAngeli (1969:354-355) is van mening dat Williams (1968) se verduideliking dat die gedig soos 'n gebed gestruktureer is nie die stilistiese eienaardighede daarvan verklaar nie. As teenvoeter vir hierdie interpretasie voer sy aan dat carmen 44 ten beste verstaan kan word as "a witty parody on the cold legalistic prose of Publius Sestius in his oration against a certain Antius" (1969:355). In hierdie interpretasie word aanvaar dat die Sestius van carmen 44 verwys na Publius Sestius, die quaestor in 63 v.C.. Alhoewel hy 'n vriend van Cicero was, het Cicero by meer as een geleentheid die styl van Sestius gekritiseer (kyk Ad Familiares, 7.32.1 en Ad Atticum, 7.17.2). DeAngeli is van mening dat Catullus die styl van Sestius in hierdie gedig nadoen en dat die stilistiese eienaardighede daaraan toegeskryf moet word.

Terwyl dit moontlik is dat Catullus hier die styl van Sestius parodieer (iets wat moeilik is om vas te stel omdat die geskryfte van Sestius nie vir ons behoue gebly het nie) en terwyl 'n soortgelyke verskynsel meer eksplisiet in carmen 36 voorkom, word die standpunt gehuldig dat in die uiteensetting hierbo asook in dié van Jones (1968:379-380) afdoende aangetoon is dat carmen 44 deurspek is van sermo orationis en dat die voorkoms daarvan nie beperk kan word tot enkele versreëls soos DeAngeli te kenne gee nie. Die feit dat godsdienstige taalgebruik baie konsekwent in die gedig voorkom, dui na alle waarskynlikheid daarop dat die leser hier met 'n gegewe te doen het wat interpretatief benut moet word, iets wat wel gebeur in die interpretasie van die gedig as 'n gebedsparodie. Daar moet verder in gedagte gehou word dat Catullus nie die eerste digter was wat ingesien het dat gebedstaal 'n ryk voedingsbodem vir parodie bied nie.

Dit wil my daarom voorkom dat indien carmen 44 'n parodie op die styl van Sestius is (iets wat moontlik is en wat die leser kan vermoed, alhoewel hy dit nie vir seker kan weet nie), sodanige parodiëring nie geskied ondanks die aanwending van die gebedsvorm nie, maar juis deur die benutting daarvan.

Sover dit die veronderstelde leserskompetensie aangaan, blyk dit dat kennis van die vorm en konvensies van gebedstekste, van godsdiensige en magiese opvattings asook van Aleksandrynse kodes en konvensies nuttig is vir 'n insiggewende lesing van die gedig.

#### 4. CARMEN 2

##### 4.1 TEKS

passer, deliciae meae puellae,	1
quicum ludere, quem in sinu tenere,	
cui primum digitum dare appetenti	
et acris solet incitare morsus,	
cum desiderio meo nitenti	5
carum nescio quid lubet iocari	
ut solaciolum sui doloris,	
credo, tum gravis aquiescet ardor:	
tecum ludere sicut ipsa possem	
et tristis animi levare curas!	10
***	
tam gratum est mihi quam ferunt puellae	
pernici aureolum fuisse malum,	
quod zonam soluit diu ligatam.	

##### 4.2 TEKSKRITIESE PROBLEME

Daar bestaan skerp meningsverskil oor hoe die teks van carmen 2 daar behoort uit te sien. Die tekskritiese verskille kan in twee hoofgroepe verdeel word. Die eerste hiervan raak die vraagstuk of die gedeelte na die asteriske, wat in baie manuskripte as carmen 2b aangemerkt word, deel uitmaak van carmen 2 (soos wat Ellis, s.j., ad loc., Kent, 1923:353-354, Brotherton, 1926:361, Lieberg, 1962:99-110; Gugel, 1968:passim, e.a. meen) en of dit as fragment van 'n ander gedig beskou moet word wat nie organies daarmee saamhang nie (soos Kroll, 1960:4; Zicari, 1963:228-229; Eisenhut, 1965:304; Bishop, 1966:165-167, Williams, 1968:140, Németh, 1973:41-48 en Offermann, 1975:60 dink). Daar bestaan gevolglik op makrostrukturele vlak twee tekslesings, te wete 'n lectio brevior wat slegs die eerste tien versreëls as behorende tot hierdie gedig reken, en 'n lectio longior wat dertien versreëls beslaan en wat die sogenaamde carmen 2b as integrale deel van die gedig beskou.

Terwyl op hierdie stadium gestel kan word dat hierdie leser 'n voorkeur vir die korter tekslesing het (kyk daarvoor punt 4.7.8 hieronder), is sowel die lectio brevior as longior verstrekkend.

Die tweede tipe tekskritiese verskille raak fynere detailpunte, en betrek veral die vraag oor hoe versreëls 7 en 8 daar behoort uit te sien.

Omdat die oogmerk met hierdie bespreking van carmen 2 is om aan te toon hoe en met watter funksie die gebedsvorm in die gedig benut word, en aangesien die tekskritiese vraagstukke al by herhaling indringend bespreek en beredeneer is (vir 'n breedvoerige uiteensetting van die vernameste probleme en standpunte, kyk Zicari, 1963:205-232) en dit sonder dat daar tot enige eenstemmigheid geraak kon word, word daar nie weer in besonderhede hierop ingegaan nie.<sup>4</sup>

Die teks wat hierbo verstrekk is, en wat as basis dien vir die hieropvolgende bespreking, verskil in bepaalde opsigte van die gerekonstrueerde Veronensis. In die eerste plek word daar saam met die oorgrote meerderheid kommentatore aanvaar dat die eerste woord in versreël 3 cui en nie die manuskriplezing qui is nie. Eweneens is et, die aanvangswoord van versreël 7 in die Veronensis, om 'n aanvaarbare sintaksis te bewerkstellig, hier gewysig tot ut in die betekenis van "as ... ('n klein vertroosting)". Dieselfde standpunt word ingeneem deur Williams (1968:140), terwyl die et-lesing deur Kroll (1960:4), Mynors (1967:2) en Offermann (1975:55) voorgestaan word.

Sover dit versreël 8 aangaan, wat tot vele hoofbreekens aanleiding gegee het en wat tereg in sowel Ellis (s.j., ad loc.) as Mynors (1967:2) as 'n locus nondum expeditus aangestip word, word die lesing van Williams (1968:140) en Offermann (1975:56) as die waarskynlikste geag.

Wanneer die verskillende voorstelle oor wat die juiste tekslesing van carmen 2 is met mekaar vergelyk word, is dit opvallend dat makrostrukturele oorwegings 'n belangrike rol speel in die keuse wat kommentatore maak. Daar word gepoog om aan te toon dat 'n bepaalde lesing juis óf waarskynlik is omdat dit inpas by die struktuur van die geheel van die gedig, óf omdat dit in ooreenstemming met sekere formele en stilistiese konvensies is.

Die feit dat daar tot dusver nog geen eenstemmigheid oor die juistheid van die tekslesing bereik is nie, hou konsekwensies in vir die bespreking wat hierop volg. Die onsekerheid behoort die navorser tot versigtigheid te stem om met al te groot stelligheid uitsprake te maak oor veral die struktuur maar ook oor die strekking van hierdie gedig. Die uitsprake wat in hierdie verband gemaak word, dra gevolglik 'n tentatiewe karakter, en die waarskynlikheid daarvan hang in 'n groot mate af van die insigte wat met behulp daarvan moontlik gemaak word.

## 4.3 RESEPSIEGESKIEDENIS

### 4.3.1 Die herkenning van die gedig as gebedstek

Carmen 2, een van Catullus se beroemdste gedigte in die Oudheid (Kroll, 1960:3) en een wat ook nie sy bekoring vir latere lesers verloor het nie, is een van die duidelikste voorbeelde van 'n literêre gebedsparodie in

<sup>4</sup> Németh (1973:43) spreek, na 'n oorsig oor die standpunte van redakteurs en kommentatore, die mening uit dat hierdie probleem nie op tekskritiese vlak opgelos kan word nie.

die digter se oeuvre. Dit is 'n liefdesgedig wat tematies by Catullus se *Lesbia*-gedigte tuishoort. Wat dit anders maak as die meeste van die ander liefdesgedigte is die feit dat dit op die lees van 'n gebedstekes geskoei is. Anders as in die geval van *carmen* 31, waar slegs Korzeniewski (1978-1979:237-245) hierdie formele en stilistiese ooreenkomste met die gebedsvorm interpretatief benut het, is *carmen* 2 se verwantskappe met gebedstekste al deur 'n aantal literatore herken. Alhoewel hierdie insig baie vroeëre lesers ontgaan het, en hulle die gedig gelees het sonder om die teks se verwantskappe met die gebedsvorm te verreken, bied hierdie invalshoek 'n belangrike toegangspoort tot die verstaan van die gedig. Bishop (1966:158) het hierdie benadering goed verwoord: "Poem 2 is in form and content a hymn, a prayer by Catullus to a sparrow for a special act of grace. The form naturally dictates the general direction of the poem, the cast of its meaning. Even the ideas and phrasings, like the form, are conventional, though Catullus creates his own poetry through them, apparently in a quite original way." Ander skrywers wat die himniese of gebedsvorm in hierdie gedig herken het, is Williams (1968:140-143), Quinn (1970:91), Korzeniewski (1978-1979:230-237) en Henderson (ad loc.).<sup>5</sup> Alhoewel hierdie skrywers van dieselfde vertrekpunt uitgaan, en alhoewel daar ooreenkomste tussen hul interpretasies van die gedig aangetoon kan word, is die resultate van hul ondersoek en spesifiek die funksie wat hulle aan die benutting van die gebedsvorm toeskryf, nie identies nie.

Die feit dat hierdie skrywers die opvatting deel dat *carmen* 2 se aansluiting by die gebedsvorm interpretatief belangrik is, behoort in prinsipe die interpretasie van die gedig te vergemaklik.

#### 4.3.2 Faktore wat eenduidige interpretasie bemoeilik

Daar is egter 'n aantal faktore wat so 'n enkelduidige interpretasie bemoeilik. Die vernaamste rede hiervoor is die tekskritiese probleme wat hierbo bespreek is. Die korrupte manuskriptidekking het al tot (te) ingrypende emendasies aanleiding gegee om die sogenaamde "blurred design" van die gedig reg te stel (kyk Phillimore, 1910:217-219 as voorbeeld hiervan). Die feit dat kommentatore verskil oor hoe die teks daar behoort uit te sien, gee op sy beurt aanleiding tot redelik ingrypende verskille oor sowel die struktuur as die strekking daarvan.

#### 4.3.3 Ander dispuutpunte

Benewens bogenoemde tekskritiese probleme en die daaruit voortvloeiende uiteenlopendheid van interpretasies, is die vernaamste dispuutpunte oor *carmen* 2 die volgende:

- moet die *passer* waarvan daar in *carmen* 2 sprake is, beskou word as 'n werklike voël (soos Korzeniewski, 1978-1979:231 meen) of figureer dit in die gedig as 'n falliese simbool (Genovese, 1974:122; kyk verder Németh, 1973:44)?

<sup>5</sup> Die verwysing is na Henderson, W.J.; Mans, M.J.; Swanepoel, J. en Basson, A.F. se *Viva Camena*, 'n geskrif wat binnekort sal verskyn.

- moet carmen 2 na stemming en strekking beskou word as 'n speelse en skertsende gedig, of is dit 'n gedig waarin donkerheid en pessimisme uiteindelik die oorhand kry (Offermann, 1975:57; Williams, 1968:142)?
- sluit carmen 2 by die hellenistiese tradisie van dieregedigte aan (soos Wheeler, 1934:223 e.v., Bishop, 1966:passim en Stoessl, 1977:69 meen), of is die verband van hierdie gedig met die dieregedigte bloot oppervlakkig en van geen wesenlike belang vir die interpretasie daarvan nie (Kroll, 1960:3)? Indien die standpunt gehuldig word dat die passer-gedig wel aansluit by hellenistiese exempla, ontstaan die verdere vraag of carmen 2 in alle opsigte konformeer aan die voorbeelde, en of hierdie gedig die konvensies van die dieregedig transformeer.

#### 4.4 OOGMERKE

In die uiteensetting wat hierop volg, sal gepoog word om

- carmen 2 se aansluiting by die vormskema van die gebed en by die stilistiese konvensies en topoi daarvan te illustreer;
- 'n interpretasie te bied wat rekenskap gee van die funksie van die aanwending van die gebedsvorm in die gedig, in besonder van (a) die vervanging van 'n godheid met 'n passer in die invocatio, en (b) van die verhouding waarin die passer, die meisie en die spreker tot mekaar uitgebeeld word;
- 'n saak daarvoor uit te maak dat carmen 2 oorwegend as 'n ligte en speelse gebedsparodie beskou kan word;
- baie kortliks aan te toon dat hierdie gedig die tradisie van Aleksandrynse en hellenistiese dieregedigte voortsit, en in die proses sekere genrekonvensies transformeer.

#### 4.5 TEMATIESE VERLOOP

Op die oog af is carmen 2 'n redelik direkte liefdesgedig. Dit is 'n gedig waarin die spreker 'n passer (die Afrikaanse ekwivalent "mossie" klink nie heeltemal reg nie, en "kanarie" is waarskynlik nader aan die kol) aanspreek, wat in noue kontak met sy beminde is. Hy gee te kenne dat die passer, in sy beminde se spel met die voël, haar liefdesmart verlig. Die spreker uiter dan die wens dat hy ook so met die passer mag speel en dat hy op die manier van sy sorge afstand kan doen.

Dit lyk dus op 'n gedig oor 'n geliefde troeteldier, in lyn met soortgelyke gedigte in die Griekse literatuur, veral dié van Meleager (A.P., 7.195, 197 en 207).

'n Verkenning van die vormstruktuur van carmen 2 toon egter aan dat die gedig geborduur is op die stramien van 'n gebedstek, en dat die

ooreenkomste tussen die gedig en die gebedsvorm nie net bolangs nie, maar in fyn besonderhede aangetoon kan word.

#### 4.6 AANSLUITING BY DIE GEBEDSVORM

Carmen 2 vertoon die gebruikelike trekke van die vormskema van 'n gebedstekste, maar met die belangrike verskil dat die gedig nie gerig word aan 'n godheid nie, maar aan 'n voël. In ander opsigte sluit dit baie nou aan by die formele en stilistiese konvensies van gebedstekste.

Die invokasie passer (1), word opgevolg deur 'n lofprijsende apposisie, soos wat dikwels in gebedstekste gebeur (Williams, 1968:141; Korzeniewski, 1978-1979:233), te wete *deliciae meae puellae* (1). Daarna volg hoogs gestileerde relatiewe bysinspredikerings:

*quicum ludere, quem in sinu tenere,  
cui primum digitum dare appetenti  
et acris solet incitare morsus,*  
(2.2-4)

Die gestileerdheid van hierdie versreëls blyk duidelik uit die drievoudige herhaling van die relatiewe voornaamwoord, en wel deurdat die woorde (*quicum, quem* en *cui*) anafories in die aanvangsposisies van die frases staan. Williams (1968:141) beskryf die sintaktiese struktuur van die versreëls as 'n "tricolon crescendo", terwyl Korzeniewski (1978-1979:233) dit tipeer as tetrakola, met ander woorde, as 'n vierledige struktuur met weglating van die veronderstelde relatiewe voornaamwoord *culus* aan die begin van versreël 4. In hierdie vier versreëls, wat as opklesis funksioneer, word die aretai wat die passer vir die beminde besit, opgenoem (Korzeniewski, 1978-1979:230). Wat verder opvallend is, is dat hierdie predikerings, soos wat tipies in gebedstekste gebeur, die "Gesetz der wachsenden Glieder" volg (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3.4). Elk van die predikerings is langer as die vorige. Op hierdie wyse word 'n stygende effek bewerkstellig. Ook die *homoioteleuta* verdien vermelding.

Versreëls 5-8, wat as die *argumentum* of *pars media* van hierdie teks beskou kan word, kan getipeer word as 'n *hupomnesis* (Bishop, 1966:159). Hierin word die passer, in noue aansluiting by die konvensies van gebedstekste, herinner aan die hulp wat dit aan sy beminde lewer. Dit dien terselfdertyd as 'n grond waarop die spreker hom vir sy eie gebed beroep. Waar die hoofklem in die eerste vier versreëls op die passer (in sy verhouding tot die beminde) gelê word, vind ons in versreëls 5-8 'n verskuiwing van die fokus na die *puella*. Sy word voorgestel in haar spel met die voël om haar smart te vertroos, en die digter spreek die vertroue uit dat haar *gravis ... ardor* (8) sal bedaar.

Na die uitgebreide aanroeping en *hupomnesis*, wat sintakties nou met mekaar saamhang, bereik die gedig (volgens die *lectio brevior*) sy klimaks in die *precatio*, uitgedruk as 'n wens (9-10). Alhoewel al drie "personae" in die gedig in hierdie versreëls figureer, staan die spreker en sy begeerte hier in die middelpunt.

Teen die agtergrond van die tekskritiese probleme in hierdie gedig en die daarop gebaseerde waarskuwing om nie met al te veel stelligheid uitsprake te maak oor die struktuur van hierdie gedig nie, word daar slegs enkele opmerkings oor die strukturering van die gegewens (in terme van die gekose tekslesing) gemaak. Eerstens wil dit my voorkom of carmen 2 se aansluiting by die gebedsvorm met 'n groot mate van waarskynlikheid geïllustreer is in die uiteensetting hierbo. Tweedens word die opvatting gehuldig dat daar 'n saak uitgemaak kan word dat carmen 2, volgens die lectio breviar, gestruktureer is op die tipies Aleksandrynse wyse van ringkomposisie. Dit is onder meer te sien in die frases *quicum ludere* (2) en *tecum ludere* (9), wat in identiese tipografiese posisies aan die begin van die tweede en die tweedelaaste versreëls van die gedig geplaas is. Verder word gemeen dat Williams (1969:142) oortuigend aangetoon het dat versreëls 9-10 as sluitstuk van die gedig beskou kan word. Hy voer naamlik aan dat die spreker se bede, *tecum ludere* (9), diestrukturele pendant is van versreëls 2-6, waar dit om die meisie se spel met die passer gaan, en dat *levare curas* (10) die pendant is van versreëls 7-8, waar dit om die vertroosting van die meisie se smart en die bedaring van haar passie gaan. Korzeniewski (1978-1979:234) wys op sy beurt op die samehang van die dinamiese predikering en die gebed.

Waar daar nie met Williams (1968:141) saamgestem kan word nie, is dat versreëls 9 en 10 'n verrassende wending in die ontwikkeling van die gedig bring. Dit wil eerder voorkom of hierdie versreëls 'n terugkoppeling met vroeër passasies meebring en dat dit die motiewe daarin verder ontwikkel.

#### 4.7 VERSKUIWENDE FOKUS

'n Verdere struktuurprinsipe waarop Offermann (1975:56) die aandag vestig, en wat myns insiens van groot belang is, is dat die ontwikkeling van die gedig berus op die beginsel van "associativ reihende Entwicklung des Gedankens." In hierdie verband kan daar myns insiens gewys word op die verskuiwende fokus sover dit die figure in die gedig aangaan. Die gedig begin met die passer in die middelpunt. Daarna verskuif die fokus geleidelik na die meisie. Aan die einde van die *argumentum*, waarin die meisie in die sentrum staan, word die spreker betrek: dit is hy wat glo dat haar passie sal bedaar. Dit funksioneer as 'n oorgang tot die gebedsgedeelte waarin die spreker op die voorgrond gestel word.

Daar is vroeër (kyk punt 4.2.1) daarop gewys dat nie alle skrywers wat carmen 2 beskou as 'n gedig wat verwant is aan 'n gebedstekste, die gedig presies dieselfde interpreteer nie. 'n Kernpunt waarop die opvatting uitteenloop, is hoe die verhoudinge tussen die drie figure in die gedig uitgelê moet word. Dit is in hierdie verband dat die verskuiwende fokus, waarna hierbo verwys is, ter sake is. Carmen 2 is inderdaad 'n gedig van verhoudinge, en die wyse waarop die verhoudinge uitgelê word, is van kardinale belang vir die interpretasie daarvan. Dit wil my voorkom of carmen 2 se verwantskappe aan gebedstekste 'n sleutel kan bied tot die interpretasie daarvan.

Dit hou egter in dat daar verder gegaan moet word as bloot 'n aanstipping van die verwantskappe van die gedig met gebedstekste, en dat hierdie

gegewens interpretatief benut moet word. Daar sal vervolgens hieraan aandag geskenk word.

## 4.8 FUNKSIE VAN DIE GEBEDSVORM

### 4.8.1 Meningsverskille

Die leser moet homself afvra waarom carmen 2 op die gebedsvorm gemo-delleer is, en met watter funksie die naam van 'n godheid hier deur die aanroeping van 'n passer vervang is.

Die opvatting hieroor loop uiteen. Korzeniewski (1978-1979:236) is van mening dat die passer hier as 'n "kleine Vogelgott" voorgestel word. Daarteenoor meen Williams (1968:142), wat die gedig eweneens as 'n gebedsparodie beskou, dat die passer nie hier as 'n god uitgebeeld word nie, en dit in teenstelling met carmen 44 waar die villa wel as 'n godheid voorgestel word. Hy stel dat dit essensieel is dat die leser moet begryp dat die gedig soos 'n gebed gestruktureer is. "Here he uses the form of prayer because it gives him the opportunity of a mock-solemn address and petition to the bird: it supplies, as it were, the appropriate form of discourse with the bird for this mock-solemn occasion."

### 4.8.2 Spel

Carmen 2 se noue aansluiting by die konvensies van die gebedsvorm dui na alle waarskynlikheid daarop dat die passer hier as 'n godheid voorgestel word. Wat in elk geval vasstaan, is dat die substitusie van 'n godheid met 'n voël speels is. Om 'n gebed aan 'n voël te rig, is kennelik lusus. Verdere argumente ten gunste van die standpunt dat die passer as godheid voorgestel word, kan gevind word in die hupomnesis en in die spreker se bede om die gawes van die godheid.

Hiermee is natuurlik nie gesê dat die spreker in alle erns 'n gebed aan 'n voëlgod rig nie. Die gebedsvorm word parodiërend aangewend, wat die funksie daarvan eweneens tot spel stempel. Die spelelement is nie net te bemerk in die gebruik van 'n vorm wat konvensioneel 'n statige vorm is in 'n konteks waarin dit nie heeltemal pas nie, ook nie net in die verhewe wyse waarop die voël aangespreek word nie, maar ook in die vooropstelling van die motief van spel. In versreël 2 word vermeld dat die meisie gewoon is om met die passer te speel (ludere), en in versreëls 6-7 lees ons hoe sy haar met die passer vermaak, wanneer dit haar lubet iocari. Die spreker self wens om spel: *tecum ludere sicut ipsa possem* (9).

Die speelsheid blyk ook daaruit dat die konvensionele simboliek wat met die voël geassosieer word in hierdie gedig omgekeer word. In plaas daarvan dat die voël die mens aanwakker tot die liefde, word die spel met die voël hier voorgestel as 'n *remedium amoris* (Korzeniewski, 1978-1979: 232). Die spel sal die meisie se *gravis ardor* laat bedaar en die spreker hoop om daardeur sy *curae* te verlig.

'n Verdere manifestasie van die spelelement is te bespeur in die gebruik van volkstalige uitdrukkings in die gebed waar gewoonlik 'n verhewe register verwag word. Hier word spesifiek gedink aan woorde en frases

soos *deliciae* (1), *desiderio meo* (5), *carum nescio quid* (6), die *dimunitief solaciolum* (8) en die *parentetiese credo* (8). Ook die keuse van die versmaat kan in hierdie verband genoem word. Korzeniewski (1978-1979:236) merk op: "Der Phalaeceus ist das Versmass der leichten heiteren Muse" en een wat besonder geliefd was wanneer daar skertsend, parodiërend en satiries geskryf is. Om 'n gebed soos hierdie in die besondere versmaat te giet, is om aan die leser 'n aanduiding te gee dat hierdie bede nie die ene erns is nie.

#### 4.8.3 Somber elemente

Daar is soveel aanduidings van spel dat die leser maklik die pendant daarvan kan mislyk. Williams (1968) en Offermann (1975) het in hul interpretasies heelwat aandag geskenk aan die donker en sombere elemente in *carmen* 2. Williams (1968:142) voer aan: "This does not seem the happy delightful poem which critics have found it" en Offermann (1975:57) meen dat daar in die gedig 'n konsekwente beweging "von Hellen zum Dunklen" aanwysbaar is, totdat die somber elemente uiteindelik triomfeer. Vir Offermann is die *passer se acris ... morsus* die eerste aanduiding dat die spel van die gedig gerelativeer word. Die versombering word verder gevoer in *solaciolum sui doloris* (7), *gravis ... ardor* (8) en *tristes ... curas* (10). By die oorweging van hierdie voorstel hang baie daarvan af hoe die leser die verhouding tussen die spreker en die meisie uitlê en hoe die werkwoord *possem* (9) verklaar word.

Voordat daar hierop ingegaan kan word, is 'n metodologiese opmerking ter sake. Dit blyk dat daar (skynbaar?) uiteenlopende dinge in *carmen* 2 saamgedig word. Eensyds is daar vele aanduidings van spel, maar andersyds ontbreek uitdrukkings wat dui op smart en lyding nie. Wanneer daar in 'n gedig so 'n dialektiek voorkom (spel teenoor erns, lig teenoor donker), is lesers geneig om die twee terme in hierdie verhouding te hiërargiseer, en hierdie bespreking is geen uitsondering op hierdie tendens nie. Dit is moontlik om die speelse, skertsende en ligte elemente as die dominante lyn te beskou en dan die ander elemente ondergeskik daaraan te stel en in terme van die dominante term te verklaar. Die lesings van Williams en Offermann gaan egter presies die ander weg op en maak van die somber elemente die hoofsaak en stel die speelse elemente ondergeskik daaraan. Soos wat die Dekonstruktiewiste aangetoon het, is hiërargieë omkeerbaar (kyk Eagleton, 1983:132-134). Daar kan dus verwag word dat daar vir beide uiteenlopende interpretasies tekstuele getuienis aangevoer sal kan word.

#### 4.8.4 Die verhouding tussen die meisie en die spreker

Wanneer die leser die verhouding tussen die meisie en die spreker probeer bepaal, is dit duidelik dat daar ooreenkomste en verskille in die uitbeelding van die figure en hul situasies is. Die meisie speel met die *passer*, die spreker sou graag dieselfde wou doen. Sy speel wanneer sy wil skerts en as 'n klein vertroosting vir haar smart (5-7) en die spreker wil eweneens sy *curae* verlig (10). In versreël 8 is daar sprake daarvan dat die *gravis ... ardor* sal bedaar. Gesien in die lig van die tematiese verloop van die gedig is die leser geneig om hierdie stelling op die meisie van toepassing te maak. Alhoewel niks soortgelyks van die spreker gesê word nie, word geïmpliseer dat indien hy met die *passer* speel sy passie ook sal bedaar. Daar is vroeër (kyk punt 4.6) gewys op die prinsipe van assosiatiewe ontwikkeling in hierdie gedig, en hoe daar 'n verskuiwing van die *passer* na die meisie, en van die meisie na die

spreker is. Offermann (1975:59-60) se voorstel dat versreël 8 as 'n aksis funksioneer waardeur die oorgang van die meisie na die spreker be-werkstellig word, verdien ernstige oorweging. In hierdie versreël word die ek-spreker se perspektief die eerste keer eksplisiet gemaak deur die gebruik van die werkwoord *credo*. Verder moet daarop gelet word dat daar geen adjektief of voornaamwoord staan wat dit ondubbelsinnig stel dat dit slegs die meisie se passie is wat sal bedaar nie. Volgens so 'n interpretasie verkry versreël 8 'n Janus-karakter. Dit kyk enersyds terug en voltooi die uitbeelding van die meisie se situasie, maar andersyds kyk dit, ooreenkomstig die prinsipe van die verskuivende fokus, vooruit na versreëls 9-10 waar die spreker in die sentrum staan. So 'n interpretasie bied 'n bevredigende verklaring van *credo*, wat vir baie kommentatore problematies was omdat dit lyk soos 'n los aanhangsel aan die begin van die versreël (kyk Fordyce, 1965:90).

Die vernaamste verskil in die uitbeelding van die situasie van die twee figure is dat die meisie in die nabyheid van die *passer* verkeer en daarmee speel, terwyl die spreker slegs op 'n soortgelyke situasie hoop.

#### 4.8.5 Die argumente ten gunste van die somber interpretasie

Daar word vervolgens nagegaan hoe die argument ten gunste van die somberder interpretasie van *carmen* 2 opgebou is. Williams (1968:142) gee toe dat daar sterk ooreenkomste tussen *Lesbia* en *Catullus* se situasie is: "*Catullus*' wish for himself is in miniature an exact parallel of the situation he has described in detail between *Lesbia* and the bird:..." Omdat Williams dink dat 'n man wat so 'n uitspraak maak nie veel vertrou kan hê in die opregtheid van sy meisie se liefde vir hom nie, meen hy dat die leser dieper moet delf, en lê hy die verhouding soos volg uit: "It is more likely to take *Catullus* to be saying 'the pain I feel in absence is unalleivable: *Lesbia*'s is not. It is the sparrow, of course which comforts her. I wish I could find similar comfort'" (1968:142). Quinn (1970:93) huldig dieselfde standpunt en Offermann (1975:57-58) lê die verhouding tussen *Catullus* en *Lesbia* ook as een van kontrastering uit.

Die argument word verder linguisties gestaaf deur die *imperfectum* konjunktief *possem* te verklaar as 'n volstrek onvervulbare wens (Offermann, 1975:57 en Williams, 1968:142). Alhoewel nie een van die voorstanders van hierdie sombere interpretasie dit eksplisiet stel nie, wil dit my voorkom of die leser se kennis van die latere ontwikkeling en mislukking van die verhouding tussen *Catullus* en *Lesbia* in so 'n interpretasie 'n rol speel. Dit lyk of *carmen* 2 volgens hierdie interpretasie as 't ware beskou word as die voorloper van 'n proses wat hom uiteindelik in *carmen* 76 voltrek, waar die digter in alle erns bid om verlos te word van die siekte van die liefde.

Daar moet opgemerk word dat die gebruik van die *imperfectum* konjunktief in die wens kommentatore van vroeg reeds gepla het. Verskillende voorstelle oor die verklaring daarvan is al aan die hand gedoen. So stel Bishop (1966:163-164) byvoorbeeld voor dat die *imperfectum* of gebruik is as 'n onderbetoning waar "the contrary-to-fact flavor is foil for the anticipated certainty of the action" (1966:163) of, waarskynliker, as 'n *eggo* van die Griekse onafhanklike aoristus optatief, waardeur die klem gelê word op die feitlikheid van die handeling. Fay (1913:307) is op sy beurt van mening dat die *imperfectum* "the hopelessness of the wish in the present or the immediate future" aandui.

#### 4.8.6 'n Parodiërende interpretasie

Gesien in die lig daarvan dat sogenaamde onwerklike wense feitlik deur-gaans in Latyn ingelei word deur *utinam* (Palmer, 1977:313) is ek eerder geneig om te dink dat die *imperfectum* dui op 'n wens wat slaan op die hede, waarvan die vervulling, hoewel nie volstrekt onmoontlik nie, wel onwaarskynlik is. Dieselfde standpunt word deur Kent (1923:353) gehuldig.

In die lig van die situasie van geskeidenheid wat die leser vir homself moet voorstel (Williams, 1968:142) hou dit dan in dat die spreker 'n wens uiter wat in die situasie wat geskets word onwaarskynlik is. Dit impliseer egter nie dat die wens heeltemal hopeloos is nie. Dit hou ook in dat daar nie so 'n sterk kontras tussen die spreker en die meisie is as wat Williams en Offermann te kenne wil gee nie.

In die interpretasie wat hier voorgestaan word, word dus aanvaar dat die gebedsvorm in *carmen 2* gebruik word met 'n parodiërende funksie. Deur 'n gebed aan 'n voël te rig, skep die digter 'n sfeer waarin spel domineer, en waarin skynerns (Williams, 1968:142) bewerkstellig word. Die digter benut 'n vorm wat konvensioneel 'n statige vorm is, maar sinjaleer telkens dat dit speels gedoen word. Daar is vele aanduidings van 'n hiperboliese stelwyse en van 'n "te veel", soos byvoorbeeld in die himniese aanspreking van die *passer*. In die proses word die voorgestelde situasie gedramatiseer. Die spelelement laat my vermoed dat die meisie se *dolor* en die spreker se *tristes animi curas* eweneens, in lyn met die parodie se geneigdheid tot hiperbool, nie as die ene erns opgeneem moet word nie, maar deel uitmaak van die "send up" wat tipies aan die parodie is. Stoessl (1977:70) tipeer die stemming goed, wanneer hy dit beskryf as 'n "zartesten, gleichseitig spielischeren und tiefernten Gedicht".

#### 4.8.7 Die meisie in die rol van "puella divina" en moeder?

Daar is enkele punte oor die verhouding waarin die *passer* tot die meisie staan, wat verdere bespreking verg. In die loop van hierdie bespreking sal bepaalde opvattings van Korzeniewski, vir wie se werk hierdie skrywer oor die algemeen groot waardering het, krities oorweeg word.

Korzeniewski (1978-1979:233-234) huldig die standpunt dat *Lesbia* (die meisie) in *carmen 2* as 'n *godin* en as die moeder van die *passer* uitgebeeld word. In sy beredenering van hierdie standpunt verknoop hy sy siening oor die voorstelling van *Lesbia* as *godin* aan die konvensies van die *himne*. In *himnes* figureer daar dikwels 'n geboortelegende van die *godheid* (kyk byvoorbeeld *carmen 34.5-8*). Op die spoor van 'n standpunt van Lieberg (1962: *passim*, in besonder 152 e.v.), wat tot baie dispuut aanleiding gegee het, aanvaar hy dat *Lesbia* as 'n *puella divina* voorgestel word. Hy wys ook daarop dat gode dikwels troeteldiere gehad het. So het *Priapus* byvoorbeeld 'n gans en *Apollo* 'n raaf gehad.

Op grond van die woorde in *sinu tenere (2)* lei hy verder af dat *Lesbia* as die moeder van die *passer* uitgebeeld word. Ter staving van hierdie standpunt verwys hy verder na *Catullus* se ander *passer*-gedig:

*passer, deliciae meae puellae,  
quem plus illa oculis suis amabat:  
nam mellitus erat suamque norat*

ipsam tam bene quam puella matrem.  
(carmen 3.4-8)

Alhoewel aanloklik is albei hierdie standpunte van Korzeniewski myns insiens problematies. Indien die meisie as *puella divina* voorgestel word, hou dit in dat die *passer* bloot haar troeteldier is en gevolglik in 'n ondergeskikte posisie tot haar staan. Korzeniewski meen dat sowel die meisie as die *passer* as gode voorgestel word, soos blyk uit die feit dat hy later na die *passer* as 'n klein voëlgod (1978-1979:236) verwys. Uit die analise van *carmen 2* se verhouding tot die gebedsvorm het dit egter geblyk dat die meisie die "godheid" se begunstigde is, en dat die spreker hierdie feit as hupomnesis benut om sy eie bede te rig.

Om die meisie op grond van die frase in *sinu tenere* as die moeder van die *passer* voor te hou, kom oorsubtel voor. Verder word gemeen dat die vergelyking in *carmen 3*, naamlik dat die voëltjie sy meesteres so goed geken het soos 'n dogter haar moeder, gewoon op die intimiteit en noue verbintenis tussen die twee dui.

Om hierdie bespreking oor die verhouding tussen die meisie en die *passer* af te sluit, moet opgemerk word dat die verhouding die moontlikheid van dubbelsinnigheid in hom omdra. Terwyl op grond van die benutting van die gebedsvorm aangevoer kan word dat die *passer* as godheid en die meisie as sy begunstigde uitgebeeld word, sou daar op grond van die eerste versreël (*passer, deliciae meae puellae*) beweer kon word dat die voël slegs die troeteldier van die meisie is. Dit wil my voorkom of dit nuttig is om die dubbelsinnigheid van die verhouding tussen die spreker en *Sirmio* in *carmen 31* hier in gedagte te hou (kyk punt 2.7). Op grond van *carmen 2* se parodiëring van die gebedsvorm is die *passer* hier duidelik die godefiguur, die begiftiger van sowel die meisie as die spreker. Dit is deel van die spel van die gedig om die *passer* se normale rol as troeteldier skertsend te sublimeer tot dié van 'n god.

#### 4.8.8 Die gebed en die keuse tussen die korter en langer lesing

Vir 'n lesing van *carmen 2* as gebedsparodie is die *lectio brevior* verkieslik. Op hierdie wyse is daar, met die uitsondering van die substitusie van 'n godheid met 'n *passer*, die grootste moontlike mate van konformering van die gedig aan die vormskema van die gebed. Tog moet nie gedink word dat indien *carmen 2b* as integrale deel van hierdie gedig beskou word, die waarkynlikheid daarvan dat hierdie gedig op die lees van 'n gebedstekes geskoei is daardeur opgehef word nie. In hierdie verband moet daarop gewys word dat *Catullus* meermale 'n vergelyking aan die einde van 'n gedig invoer, wat met die eerste oogopslag nie so direk verband hou met die voorafgaande gedeelte nie. Gugel (1968:815-816) beroep hom op hierdie feit in sy argument ten gunste van die eenheid van 2 en 2b. So 'n vergelyking aan die einde kom ook voor in *carmen 11*, wat eweneens in sommige studies (byvoorbeeld Korzeniewski, 1978-1979:254-256) as 'n verwante vorm of gebedsparodie geklassifiseer word.

Vanuit die oogpunt van die noue verwantskap tussen *carmen 2* en die gebedskema word daar egter 'n voorkeur vir die *lectio brevior* uitgespreek. Soos Bishop (1966:165) tereg in verband met die konvensies van die himne opmerk: "The genre form permits but does not require a statement of a vow". Hy merk egter op dat dit moeilik is om in te sien

hoe daar 'n organiese verband tussen 2 en 2b gelê kan word, en spekulêr dat carmen 2b deel van die *passer*-siklus mag wees, maar dan as (fragment van 'n) afsonderlike gedig wat 'n brug vorm tussen carmina 2 en 3 (1966:66).

Lesers se vindingrykheid om tematiese en strukturele verbande tussen 2 en 2b te lê - al is dit dan op taamlik uiteenlopende wyses, soos blyk uit die voorstelle van veral Wagenvoort (1940:294 e.v.), Lieberg (1962:99-110) en Gugel (1968:810-822) - stem my egter versigtig om hierdie moontlikheid summier af te skryf.

Of Catullus gedig 2 en 2b as 'n eenheid geskryf het, is 'n historiese vraagstuk en een wat in wese onbeantwoordbaar is. Strukturele argumente kan vir sowel die kort as die lang lesing aangevoer word, maar sodanige strukturele argumente kan myns insiens nie uitsluitend bied oor iets wat ten diepste 'n genetiese vraagstuk is nie. In die lig van die beweging weg van 'n outeursestetika na 'n lesersestetika (kyk hoofstuk 2, punt 9.4) sou ek eerder geneig wees om aan albei tekste en die daarop gebaseerde lesings bestaansreg te verleen. Hiermee word nie 'n uitspraak gemaak oor hoe Catullus die gedig of gedigte bedoel het nie, maar word die standpunt ingeneem dat sowel die korter as langer lesing interessante en verantwoordbare interpretasies oplewer. Om die vraagstuk tot 'n of-of keuse te reduseer, is om die aantal moontlike betekenis wat in die lesersontsluiting van die gedig(te) ontstaan, sonder die nodige getuies en ook sonder enige wins te beperk.

#### 4.9 KONKLUSIE

Alhoewel 'n hele aantal lesers carmen 2 gelees het sonder om die benutting van die gebedsvorm raak te sien, word die mening uitgespreek dat die herkenning van die gedig se aansluiting by die gebed 'n belangrike sleutel tot die interpretasie daarvan bied. Dit maak 'n ryker en insiggewender lesing van die gedig moontlik. Dit kan beskou word as 'n antwoord op Gugel (1968:822) se opmerking, wanneer hy ter verdediging van die *lectio longior* vra: "was haben die Vertreter der Trennung als Gewinn zu buchen, der sich als mindestens gleichwertig entgegenstellen liesse?" Die wins van die korter lesing lê juis in die uitwysing van die digter se spitsvondige parodiëring van die gebedsvorm.

Dit wil my voorkom of 'n toereikende lesing van hierdie gedig ten minste die volgende sake voorveronderstel:

- kennis van die konvensies van die gebedsvorm
- insig in hoe carmen 2 aansluiting vind by die gebedskema en die parodie wat daaruit voortvloei
- kennis van die konvensies van die dieregedig en hoe carmen 2 terselfdertyd daarby aansluit en in die proses die moontlikhede van hierdie soort gedig verbruik.

## 5. CARMEN 17

### 5.1 TEKS

O Colonia, quae cupis ponte ludere longo, et salire paratum habes, sed vereris inepta crura ponticuli axulis stantis in rēdivivis, ne supinus eat cavaque in palude recumbat; sic tibi bonus ex tua pons libidine fiat,	5
in quo vel Salisubsali sacra suscipiantur: munus hoc mihi maximi da, Colonia, risus. quendam municipem meum de tuo volo ponte ire praecipitem in lutum per caputque pedesque, verum totius ut lacus putidaeque paludis lividissima maximeque est profunda vorago. insulsissimus est homo, nec sapit pueri instar bimuli tremula patris dormientis in ulna. cui cum sit viridissimo nupta flore puella et puella tenellulo delicatior haedo,	10
adservanda nigerrimis diligentius uvis, ludere hanc sinit ut lubet, nec pili facit uni, nec se sublevat ex sua parte, sed velut alnus in fossa Liguri iacet supernata securi, tantundem omnia sentiens quam si nulla sit usquam. talis iste meus stupor nil videt, nihil audit, ipse qui sit, utrum sit an non sit, id quoque nescit. nunc eum volo de tuo ponte mittere pronum, si pote stolidum repente excitare veternum;	15
et supinum animum in gravi derelinquere caeno, ferream ut solem tenaci in voragine mula.	20 25

### 5.2 INLEIDING

Soos wat daar in die inleiding tot hierdie hoofstuk gestel is, kom daar in die oeuvre van Catullus 'n hele aantal gedigte voor waarin die styl van gebede en himnes nagedoen word en waarin op sekere godsdienstige en magiese gebruike aangespeel word, sonder dat die gebedsvorm as sodanig daarin herken kan word. Carmen 17 kan in sekere opsigte as 'n grensgeval beskou word, maar na oorweging is besluit om dit tog in hierdie studie as 'n gebedsparodie te klassifiseer en te bespreek. Dit is 'n gedig wat nie net appelleer op die leser se kennis van die konvensies van die gebedsvorm en -styl nie, maar wat ook kennis van sekere godsdienstige of godsdienstig-magiese gebruike verg om dit te verstaan.

Terwyl daar in hierdie uiteensetting aangevoer sal word dat die eerste sewe versreëls van die gedig as 'n gebedsparodie geklassifiseer kan word en dat die res van die gedig 'n verdere ontplooiing is van wat in die gebedsgedeelte aan die bod gestel word, sal dit uit die bespreking blyk dat carmen 17 in bepaalde opsigte afwyk van die reeds bespreekte gebedsparodieë. Die verskil is daarin geleë dat hierdie gedig se aansluiting by die konvensies van die gebedsvorm en -styl subtieler en

komplekser is as in carmina 31, 2 en 44, aangesien sommige van die konvensies ondergrawe en op die kop gekeer word.

Anders as in carmina 2 en 44, maar net soos in die geval van carmen 31, is die gedig se aansluiting by die gebedsvorm tot dusver selde raakgesien. Na my wete het slegs Korzeniewski (1978-1979:247-250) in 'n heel bondige bespreking aangetoon dat daar sekere trekke van 'n gebedsparodie in carmen 17 voorkom. In hierdie bespreking sal aangevoer word dat die gedig se aansluiting by die gebedsvorm en -styl asook die wyse waarop dit assosiatief bepaalde godsdienstige opvattings oproep, 'n belangrike sleutel tot die verstaan daarvan bied.

Carmen 17 het heelwat gemeen met die gebedsparodie wat in carmen 36 bedryf word en wat in die volgende hoofstuk bespreek sal word. Dit vertoon ook ooreenkomste met carmen 44, aangesien hierdie gedig soos O funde noster eweneens op die prinsipes van 'n grap werk met sy geleidelike inligtingsontploffing en met die angel in die stert daarvan. Carmen 17 is egter veel komplekser as 44. Waar die sleutel tot die verstaan van laasgenoemde gedig gevind is wanneer die leser insig verkry het in die metalinguale spel en bemerk het hoe die benutting van die gebedsvorm 'n verdere dimensie daaraan toevoeg, verg carmen 17 'n veel noukeuriger lees om al die verbande in hierdie diggeweefde teks te ontrafel. Daar sal in hierdie bespreking aangevoer word dat die gedig se aansluiting by die gebedsvorm en die appèl op kennis van godsdienstige gebruike 'n beginpunt vorm vir 'n speurtog deur die gedig wat die leser veel verder voer as hierdie aanvangspunt. Die godsdienstige elemente word slegs as 'n middel tot 'n doel gebruik en hierdie doel is verwyderd van enige godsdienstige intensie.

Carmen 17 is ook vir die metodologiese fokus van hierdie studie interessant. Dit is 'n gedig wat in die loop van die resepsiegeskiedenis daarvan al meermaale 'n besonder problematiese gedig genoem is. Daar word dikwels aangevoer dat die twintigste-eeuse leser nie heeltemal opgewasse is om dit te interpreteer nie, omdat hy nie genoeg kennis dra van die sosiale konteks waarop die gedig appelleer nie. So stel Fordyce (1965:140) byvoorbeeld dat carmen 17, omdat dit een van Catullus se sogenaamde provinsiale gedigte is, vir die Romeinse leser moontlik net so obskuur as vir die moderne leser mag gewees het. Quinn (1969b:19) beredeneer op sy beurt die vraag of 'n interpretasie wat slegs op teksinterne ondersoek konsentreer en wat die gedig as 'n outonome entiteit benader, 'n toereikende lesing daarvan kan bied.

As sodanig is carmen 17 vir hierdie studie ter sake omdat dit lig kan werp op die kennis wat by die leser voorveronderstel word. Andersyds, en nog belangriker, kan na aanleiding van die resepsiegeskiedenis van hierdie gedig aangetoon word hoe die teorie waarmee die literator die gedig benader belangrike gevolge het vir die soort resultate waartoe hy geraak.

## 5.3 MAKROSTRUKTUUR

### 5.3.1 Rudd se voorstel

Rudd (1959:238) merk tereg op dat hierdie oënskynlik eenvoudige gedig "a work of careful design and craftsmanship" is. In sy struktuurbeskrywing wys hy heelwat simmetrië in die komposisie uit. Hy is van mening dat die gedig makrostruktureel in drie eenhede verdeel kan word: 1-11, 12-22 en 23-26.

Die eerste beweging skets volgens hom die situasie: Catullus wil een van sy kennisse van die brug van Colonia afgooi tot in die moeras daaronder. Hierdie eerste beweging kan weer in drie dele verdeel word: 1-4 wat die dorp en sy brug beskryf, 5-7 wat 'n oorgang markeer, en 8-11 wat aandui wat die digter se wens is. Hy onderskei dus 'n patroon waarin die getalmatige ordening 'n belangrike rol speel: 4-3-4.


Die tweede beweging verstrekk dan die motivering vir hierdie begeerte. Dit funksioneer as antwoord op die vraag wat die leser homself na aanleiding van die eerste gedeelte stel. Die tweede beweging is vierledig en is chiasies georganiseer: die onnosel eggenoot, vergelyking, die afgeskepte jong vrou, die onnosel eggenoot. Weer eens figureer die getalmatige, wanneer Rudd daarop wys dat die leser drie dinge oor die meisie en drie dinge oor haar slap eggenoot te wete kom.

Die derde beweging funksioneer as sluitstuk en kombineer die twee temas van die eerste twee bewegings deur woorde, frases en idees uit die voorafgaande gedeeltes daarin op te neem.

Rudd (1959:238) meen dat hierdie struktuurbeskrywing wel lig werp op die fyn gestruktureerdheid van hierdie vers, maar relatiewe die belangrikheid daarvan wanneer hy opmerk dat die leser met hierdie elementêre matisis nie veel uitgerig het nie. Die eintlike belangrike struktureringsprinsipes lê volgens hom op die vlak van die sogenaamde "inner structure" van die gedig.

### 5.3.2 'n Ander voorstel

Alhoewel Rudd se struktuurbeskrywing interessante patrone opgelewer het, is ek geneig om die makrostruktuur van die gedig anders te beskryf:



Ter motivering hiervoor kan gewys word op die figurering van apostrofes aan die begin en byna aan die einde van die eerste beweging (O Colonia in versreël 1 en Colonia in 7) wat hierdie gedeelte tot 'n eenheid afrond (so ook Rutter, 1967:269). Die tweede gedeelte vertoon 'n fyn afgeronde struktuur, wat soos volg voorgestel kan word:

- |    |       |  |
|----|-------|--|
| A1 | 8-11  | Die spreker wil die man halsoorkop van die brug in die moeras afgooi.  |
| B1 | 12-13 | Die onnoselheid van die man.   |
| C1 | 14-16 | Fokus op die meisie met wie hy getroud is<br>- sy is jeugdig<br>- lustiger as 'n bok<br>- en moet beter opgepas word as swart duiwe. |
| C2 | 17-20 | Fokus op die man<br>- hy laat haar begaan<br>- hy doen niks van sy kant nie  |

- hy is soos 'n afgekapte boom  
wat in 'n sloot lê

- B2 21-22 Die onnosele onkundigheid van die man  
A2 23-26 Die spreker wil die man van die brug afgooi  
in die moeras om hom wakker te skud  
en van sy lamlendigheid te reinig.

Hier is 'n sterk mate van tektoniese simmetrie te bespeur, iets wat tot in die aantal versreëls wat aan die temas afgestaan word, bemerk kan word. Die verhouding tussen C1 en C2 is een van kontrastering, tussen B1 en B2 een van ooreenstemming, en tussen A1 en A2 een waarin daar ooreenstemmende elemente te bemerk is, maar waar A2 die tema in A1 verder ontwikkel deur nuwe inligting by te voeg, naamlik dat die afwerping ter behoud en heil van die municeps onderneem word.

### 5.3.3 Hoe skakel versreëls 1-7 met 8-26?

Een van die vernaamste interpretasieprobleme wat die leser moet oplos om hierdie gedig te ontsluit, is om te probeer vasstel wat versreëls 1-7 met 8-26 uit te maak het. Een van die sleutels tot die ontrafeling van hierdie vraagstuk is om die verbande tussen die eerste beweging (en in besonder versreëls 5-7) en versreëls 23-26 bloot te lê. Alhoewel Rudd se driedeling van die gedig nie onderskryf word nie, meen ek hy het gelyk dat versreëls 23-26 as 'n sluitstuk funksioneer aangesien die nunc (23) aandui dat die tema wat in 5-7 aan die orde gestel is, hier verder ontwikkel word. So beskou het versreëls 23-26 'n dubbele strukturele funksie: eerstens om die simmetrie van die tweede beweging af te rond, maar andersyds om die gedig te sluit deur die tweede beweging aan die eerste te verknop en deur te funksioneer as 'n verklaring van voorname om die onderneming wat in 5-7 gegee is, in werking te stel.

## 5.4 VERWANTSKAPPE MET GEBEDSTEKSTE

### 5.4.1 Struktuur van die eerste beweging en aansluiting by die konvensies van gebedstekste

Voordat daar meer aandag geskenk kan word aan die verbandlegging tussen 1-7 en 8-26, is dit nodig om die struktuur van die eerste beweging van nader te bekyk. Die hipotese waarvan hier uitgegaan word, is dat die eerste sewe versreëls van carmen 17 soos 'n gebedstek gestruktureer is. Anders as in die vroeër bespreekte gedigte is die aansluiting by die konvensies van die gebedsvorm nie so nou nie, en het die digter (in ooreenstemming met die tendens tot parodiëring) sekere van die konvensies op die kop gekeer.

Die gedeelte val struktureel in twee dele uiteen, te wete versreëls 1-4 en 5-7. Die gedeelte begin met 'n invocatio, in tipiese gebedstyl geformuleer, soos blyk uit die toevoeging van die emfatiese O. Aangesien Colonia 'n plek en nie 'n godenaam is nie, vermoed die leser nog nie op hierdie stadium dat Colonia die plek van 'n godheid inneem nie. Die apostrofe word opgevolg deur uitbreidende predikerings, waarin die leser daarvan kennis neem dat Colonia begeer om op 'n lang brug fees te vier

en dat sy begerig is om (daarop) te dans en te bokspring. Sy is egter bang dat die bruggie nie opgewasse is vir sulke behandeling nie en vrees dat dit in die moeras daaronder kan instort. In hierdie gedeelte is daar reeds enkele aanduidings dat aangespeel word op 'n godsdienstige handeling, maar dit kan die leser by sy eerste kennismaking met hierdie versreëls ontgaan. By die lees van versreëls 5-7 verander hierdie toedrag van sake, aangesien die gedeelte baie duidelik in sakrale taal geformuleer is. Die spreker uiter hier, volgens 'n geykte konvensie, 'n seënswens. Hy wens Colonia 'n goeie brug toe waarop sy ooreenkomstig haar begeerte kultiese handeling kan uitvoer. Korzeniewski (1978-1979:248) merk tereg op dat hier geïmpliseer word dat die brug as 'n "Kultort für kultische Spiele" voorgestel word.

Die seënswens is egter onderworpe aan 'n voorwaarde, en dit tree slegs in werking in geval van 'n teenprestasie aan die kant van Colonia, naamlik indien sy die spreker die gawe en skouspel van iets lagwekkends bied. Die formulêre uitdrukkings *sic tibi ... ex tua ... libidine fiat* (5) en *munus hoc mihi da* (7), die eksplisiete vermelding van *sacra suscipiantur* (6) en die herhaling van die apostrofe Colonia (7) toon aan dat die toepaslike raam waarbinne die inligting van die eerste sewe versreëls tuis behoort dié van 'n kultiese handeling is. Op grond hiervan herinterpreteer die leser sekere gedeeltes van die eerste vier versreëls. Hy bemerk nou dat *ludere* (1) dui op die viering van 'n vrolike godsdienstige fees en herinner hom daaraan dat godsdienstige feeste dikwels vergesel is van danse, iets wat 'n verdere nuanse aan *salire* (2) verleen.

Hierdie herinterpretasie strek egter verder as die aktivering van betekenisnuanses van bepaalde woorde, en maak dit ook moontlik om die versreëls se verwantskappe met die gebedsvorm raak te sien. Wat die leser eers verhoed het om O Colonia as 'n stylegte *invocatio* te klassifiseer, naamlik dat Colonia 'n plek- en nie 'n godenaam is nie, word minder problematies, wanneer opgemerk word dat Colonia hier gepersonifieer word, soos duidelik blyk uit die werkwoorde *cupis* en *vereris* waarvan Colonia die grammatikale onderwerp is.

Op hierdie stadium word dit dus moontlik om Colonia as substituuat vir 'n godenaam te beskou. Die uitbreidende predikerings volg sintakties die konvensionele patroon deurdat *quae* 'n relatiewe predikering inlei. Ten spyte van hierdie formele ooreenstemming is die predikering nie met die eerste oogopslag rymbaar met wat die leser in so 'n uitbreidende gedeelte verwag nie, want in plaas daarvan dat die godheid se aretai daarin figureer, leer ons Colonia ken as 'n "godheid" wat iets begeer, maar dit uit vrees nie kan doen nie. Soos Korzeniewski (1978-1979:247) heel skerpsinnig aangetoon het, het die leser hier met 'n omgekeerde aretalogie te doen. In plaas van 'n konvensionele frase waarin die mag van die godheid op die voorgrond gestel word (iets soos *quae potes*), kom die leser *quae cupis... sed vereris tee*.

Hierdie inversie kan myns insiens verder gevoer word, en dit stempel *carmen* 17 se aansluiting by die gebedsvorm as 'n parodiërende ondermyning van die tipiese gebedstyl. Alhoewel die voorwaardelike seënswens en teenprestasie, wat net soos 'n gelofte funksioneer, tipies aan gebedstekste is, val dit tog op dat die rolle van die spreker en die "god", in vergelyking met wat die leser verwag, omgekeer word. Dit wat die spreker van die godheid verwag, is eintlik iets heel eenvoudige: om aan hom 'n lagwekkende skouspel of gawe te bied. Dit wat die spreker onderneem, naamlik die uitspreking van die seënswens, sal die begeerte

van die godheid waarvan daar in versreëls 1b en 2a sprake is, in vervulling laat gaan.

Wanneer verder opgemerk word dat die spreker deur sy verdere optrede, wat voorgestel word as kultiese handeling (versreëls 8-11 en in besonder 23-26), self die teenprestasie wat hy van die godheid gevra het bewerkstellig, dan is dit duidelik dat die digter die tipiese en konvensionele verhouding tussen god en mens radikaal omgekeer het.

Maar met die laaste opmerking is die betoog as 't ware vooruitgegaan. In 'n poging om aan te toon wat die skakel tussen versreëls 1-7 en 8-26 is, is daar in die voorafgaande uiteensetting aangetoon dat die eerste sewe versreëls in godsdienstige gewaad geklee is. In die soektog na 'n gemene deler is die vraag of dieselfde van 8-26 gesê kan word. En die antwoord daarop is bevestigend.

#### 5.4.2 Godsdienstige elemente in versreëls 8-26

Die sleutel daartoe word aangetref in die gedeeltes wat die tweede beweging omraam, te wete versreëls 8-11 en 23-26. Direk na die voorwaardelike seënswens in 5-7 gee die spreker te kenne dat hy die *municipes* van Colonia se brug in die moeras daaronder wil afgooi. Hierdie selfde tema kom weer in die slotreëls voor, maar in 'n verder ontwikkelde vorm aangesien die spreker te kenne gee dat sy optrede tot heil van die "slagoffer" geskied.

Dit is belangrik om daarop te let dat die slotbeweging ingelei word deur *nunc* (23), aangesien hierdie woord dikwels in gebedstekste voorkom om aan te dui dat die kultiese handeling nou 'n aanvang gaan neem (kyk *carmina* 36.11 en 101.7). Dit is op hierdie stadium dat die gedig 'n beroep doen op die leser se kennis van godsdienstige gebruike. Die toneel wat in *carmen* 17 geskets word, is analoog aan bepaalde kultiese handeling, wat die digter as aan sy lesers bekend veronderstel.

In die Latynse literatuur is daar getuieis van 'n spreekwoord wat gebaseer is op 'n ou kultiese handeling. Dit is die uitdrukking *sexagenarios de ponte* (*deici oportet*). Quinn (1969b:25) wys daarop dat Cicero in sy *Pro Roscio Amerino* (100) op hierdie spreekwoord aanspeel, wanneer hy die spot dryf met die boef Chrysogonus, omdat hy, teen die gebruik van die *mos maiorum*, een van sy slagoffers van die brug oor die Tiber laat afstamp het voordat die ongelukkige man die kwalifiserende ouderdom van sestig jaar bereik het. Alhoewel hierdie gebruik om ou manne van 'n brug af te stamp nie meer godsdienstige gebruik was in die tyd van Cicero en Catullus nie, toon die spreekwoord aan dat die gebruik nog aan die Romeine bekend was (Rankin, 1968:419 n.4).

In *carmen* 17 is daar geen aanduiding van die ouderdom van die *municipes* nie. Wat wel uit die uitbeelding van sy optrede teenoor sy jeugdige vrou blyk, is dat hy hom gedra soos 'n ou en afgeleefde man. Hierdie indruk word verder versterk deur die analogie wat in die gedig tussen die afgeleefde brug en die *municipes* gelê word (kyk punt 5.5.1).

'n Ander tersaaklike analogie uit die Romeinse kultus wat vir die interpretasie van hierdie gedig belangrik is, is die afwerping van strooipoppe vanaf die Pons Sublicius in die Tiber op die dag na die einde van die viering van die Lemuria (Frazer, 1959:428). Oor die interpretasie van hierdie kultiese handeling bestaan daar ingrypende meningsverskille.

Wissowa (1904:211 e.v.) is van mening dat die strooipoppe, waarna verwyrs word as Argei, plaasvervangers vir Grieke was wat vroeër lewendig van die brug afgewerp is en so hul einde tegemoetgegaan het. Warde-Fowler (1971:54-56, 321-323) vind op sy beurt hierdie interpretasie heeltemal onaantvaarbaar en is van mening dat daar na alle waarskynlikheid nooit lewendige mense van die brug afgewerp is nie.

Frazer (1959:425-430) bespreek verskillende teorieë hieroor krities en ag veral twee verklarings daarvan moontlik, naamlik dat hierdie rite 'n reinigingsritueel was, of (volgens hom die waarskynlikste) dat dit 'n offer aan die riviergod was om hom gunstig te stem, en "to induce him to put up with the indignity of having a bridge across his stream" (1959:428). Hy wys ook daarop dat die Salii by hierdie ritueel in Rome betrokke was en een van die oudste kultiese liedere, die Carmen Saliare, by hierdie geleentheid gesing het (1959:428-429).

Hierdie gegewens het natuurlik betrekking op 'n Romeinse kultiese handeling en kan gevolglik nie heelheids van toepassing gemaak word op 'n Italiaanse kultus soos dit in carmen 17 uitgebeeld word nie. Wanneer die gegewens in carmen 17 nagegaan word en daar opgemerk word dat die spreker in versreëls 23-26 eintlik sy vroeëre gelofte in vervulling laat gaan, word hierdeur geïmpliseer dat die spreker se onkundige kennis as 'n soort sondebok van die brug afgewerp word, al is dit met die oog op sy eie heil. In plaas daarvan dat Colonia se vrees bewaarheid word en die brug in die moeras afstort (*supinus eat et cavaque in palude recumbat*) word geïmpliseer dat die municeps die brug se plek inneem (*nunc eum volo de tuo ponte mittere pronum / ... / et supinum animum in gravi derelinquere caeno*).

Alhoewel die presiese betekenis van die ritueel waarop carmen 17 aanspeel aan ons onbekend is en nie met sekerheid vasgestel kan word nie, blyk dit uit 'n analise van die gedig dat die ritueel wat daarin uitgebeeld word terselfdertyd die versterking van die brug<sup>6</sup> en die herlewing van die municeps ten doel het.

Dit maak 'n interpretasie van die ritueel waarop gesinspeel word as 'n purifikasierite die waarskynlikste. Daar moet opgelet word dat, alhoewel offers aan riviergode 'n bekende praktyk was, daar geen aanduidings in carmen 17 is dat die *lacus* en *palus* as 'n godheid voorgestel word nie. Dit is egter moontlik dat die digter hier bloot 'n godsdienstige gebruik assosiatief oproep, sonder om 'n gedetailleerde ooreenstemming daarvan met die handeling in die gedig op die oog te hê.

#### 5.4.3 Onsekerhede

Terwyl dit vir die leser moontlik is om in breë trekke 'n indruk te vorm van die kultiese gebruike waarby carmen 17 aansluit, bly daar steeds onsekerhede in die interpretasie, aangesien die leser se kontekstuele kennis nie volledig is nie.

<sup>6</sup> 'n Aantal kommentatore (byvoorbeeld Fordyce, 1965:140 en Kroll, 1960: 36) is van mening dat die seënswens in versreël 5 betrekking het op 'n nuwe brug om die oue te vervang. Dit wil my eerder voorkom dat dit, net soos in die geval van die afgeleefde municeps, gaan om 'n "herlewing" van die ou brug.

Indien dit byvoorbeeld die gebruik was om strooipoppe in plaas van mense van die brug af te werp, kan die spreker se voorneme om die municeps self in te stamp, beskou word as 'n verswaring van die normale gebruik. Indien daar, andersyds, gesinspeel word op 'n ou rite waarin die slagoffers werklik hul lewe gelaat het, dui die feit dat die offerhandeling tot die herlewing van die municeps uitgevoer word, op 'n verligting van die normale gebruik.

Ook die interpretasie van versreël 6 staan nie bo enige twyfel vas nie. Aangesien die vorm Salisubsali slegs hier voorkom, kan nie met sekerheid gesê word of die leser die vorm as 'n genitief enkelvoud of as 'n nominatief meervoud moet interpreteer nie. Alhoewel die meeste kommentatore (Kroll, 1960:37, Fordyce, 1965: 142 en Quinn, 1970: 148) dit as 'n genitief beskou, wil dit my voorkom of 'n interpretasie daarvan as 'n nominatief 'n sterk moontlikheid is. Dit sou inhou dat daar in hierdie versreël nie sprake daarvan is dat die kultiese handeling van die (onbekende) godheid Salisubsalus op die brug in die vooruitsig gestel word nie, maar dat die priestersgroep, die Salisubsali, die danse op die brug uitvoer. Die motivering vir hierdie standpunt is tweelei. Enersyds word geargumenteer dat Colonia in versreëls 1-7 in die rol van 'n godheid voorgestel word, iets wat die figurering van 'n ander godheid hier onwaarskynlik maak. Andersyds is daar verwys na Frazer (1959:428-429) se opmerking dat die ou priesterorde van die Salii tydens die ritueel van die Argei opgetree het, iets wat dit waarskynlik maak dat 'n soortgelyke dansende priesterskap, die Salisubsali, hier figureer. Daar sou egter ook geredeneer kon word dat, aangesien die kultiese handeling wat in die gedig opgeroep word, bloot as tipe mitiese raamwerk funksioneer, dit nie nodig is om te verwag dat die voorstelling van Colonia en Salisubsalus in alle opsigte met mekaar hoef te klop nie.

## 5.5 FUNKSIE VAN DIE GEBEDSVORM EN GODSDIENSTIGE ELEMENTE

### 5.5.1 Middels tot 'n doel

In die uiteensetting hierbo is gepoog om aan te toon dat een van die belangrike skakels tussen versreëls 1-7 en 8-26 is dat albei hierdie gedeeltes aan die leser voorgehou word as godsdienstige handeling. Die leser se kennis van die gebedsvorm en van godsdienstige praktyke verbind Colonia se begeerte na 'n brug waarop godsdienstige feeste gehou kan word aan die spreker se oënskynlike godsdienstige ritueel.

Die bespreking tot dusver kon moontlik die indruk wek dat die benutting van godsdienstige vorme en gebruike in hierdie gedig die ene erns is. Die teenoorgestelde is die geval, aangesien die gebruik van die gebed en die aanspeling op kultiese praktyke bloot as 'n middel tot 'n doel funksioneer. Die hele godsdienstige fasade wat in fyn besonderhede uitgebeeld is, bied bloot die raamwerk vir die humoristiese aanval op die municeps omdat hy sy jeugdige vrou so gruwelik afskeep.

Die spreker, in die rol van 'n "scandalized observer" (Quinn, 1969b:28), verhaal in versreëls 12-22 die redes waarom hy die municeps aan hierdie kultiese rite wil onderwerp. Dit is om hom van sy onnosele onkundigheid te genees. Die kruks van die saak kom in die kontras tussen versreëls

14-16 en 17-20 aan die bod, waarin die jeugdige meisie gekontrasteer word met haar lamlendige eggenoot.

Dat die verband tussen versreëls 1-7 en 8-26 nie bloot geleë is in die feit dat albei hierdie gedeeltes as godsdienstige handeling voorgestel word nie, blyk duidelik uit die prikkelende bespreking van Rudd (1959), asook uit die uiteensettings van Heine (1967) en Quinn (1969b). Dit is nie die oogmerk om hier in besonderhede in te gaan op die fyn uitgewerkte analogie wat hierdie skrywers aangetoon het sover dit die verhouding tussen die pons en die *municeps* aangaan, en die gedeeltelike analogie tussen *Colonia* en die meisie nie.

### 5.5.2 Seksuele toespelings in die gebedstek

Waarop wel die aandag gevestig moet word, is dat sowel die voorstelling van die *municeps* se ontoereikendheid as die uitbeelding van die *puella* in onmiskenbaar seksuele terme (*delicator haedo* (15) en *ludere hanc sinit ut lubet* in versreël 17) geskied (kyk Khan, 1969:94). Dit maak 'n retrospektiewe herinterpretasie van die gebedstek in versreëls 1-7 moontlik. Die leser merk dan, in die lig van die vooropstelling van seksualiteit in versreëls 14-20, dat bepaalde woorde in die gebed nie so enkelduidig is as wat hy by sy vroeëre lees daarvan vermoed het nie.

So dui *ludere* (1) nie slegs op die viering van 'n godsdienstige fees nie, en *cupis* (1) nie slegs op 'n onskuldige begeerte nie, maar word die latente seksuele konnotasie van hierdie woorde geaktiveer. Dieselfde geld vir *ex tua ...libidine* (5) wat nie net beteken "na jou sin" nie maar ook "ooreenkomstig jou begeerte / wellus". Heine (1967:316-317) het verder daarop gewys dat *salire* (2) nie net dui op 'n godsdienstige dans nie, maar dat dit ook as 'n tegniese term vir "die Begattung der Tiere" gebruik word. Die seksuele toespelings in hierdie gedig is in besonderhede deur Khan (1969:88-97) bespreek, en sy uiteensetting is verder aangevul deur Glenn (1970:18-19).

In *carmen* 17 het die leser te doen met 'n parodie van fyn en veelvuldige nuanses. Die gebruik van die gebedsvorm en die byhaal van godsdienstige praktyke skep 'n raam waarbinne die draak gestee word met die slap eggenoot se optrede teenoor sy jong vrou. Daar is 'n duidelike strydigheid tussen vorm en intensie. Meer nog, daar is 'n interaksie tussen die twee temas, en in hierdie dialektiese proses verkry elk van die temas 'n fyner nuanse. Die godsdienstige raam, alhoewel nie die hoofsaak in hierdie gedig nie, is belangrik vir die interpretasie daarvan: die bespotlikmaking van die *municeps* word voorgestel in 'n godsdienstige gewaad. Die godsdienstige elemente is op hul beurt deurspek van die seksuele, wat die sentrale tema van hierdie gedig vorm.

### 5.5.3 Styltipering

Die dialektiek tussen die benutting van 'n godsdienstige vorm met 'n oogmerk wat alles behalwe godsdienstig is, is ook in die styl van die gedig te bemerk. Benewens die reeds bespreekte aansluiting van *carmen* 17 by die gebedsvorm en kultiese taal, werk 'n aantal ander verskynsels ook daartoe mee om aan die gedig 'n formele aanskyning te gee. Hier word eerstens gedink aan die neiging tot alliterasie wat in versreëls 1 en 6-7 te bespeur is, iets wat, soos vroeër aangetoon is, tipies van spesifiek Romeinse gebedstekste is (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3.6). Dit is interessant om daarop te let dat die benutting van alliterasie ook buite die

precatio as sodanig voorkom, en dan wel in daardie gedeeltes wat 'n godsdienstige sfeer oproep, te wete versreëls 8-11 en 23-26. Daar kan verder verwys word na die neiging tot etimologisering in *redivivis* (3), volgens 'n populêre opvatting uit *redeo en vivo* (kyk Fordyce, 1965: 141) wat dikwels in formele tekste voorkom (kyk hoofstuk 3, punt 3.5.2). Ook die redundante *-que ... -que* in *per caputque pedesque* (9) lewer getuienis hiervan, aangesien dit eweneens die benutting van 'n verhewe styl sinjaleer (Quinn, 1970:149). Hierdie neiging is ook op sintaktiese vlak te bemark, byvoorbeeld in versreëls 10-11 waar die stylfiguur van *expolitio* aangewend word wanneer dieselfde begrip deur 'n ander woord herhaal en verder uitgebrei word. Soos Kroll (1960:37) aangetoon het, werk dit mee tot die "grössere Fülle des Ausdrucks", en dra dit by tot 'n formele register. Dieselfde geld vir die chiasiese konstruksie in versreëls 14-15, waar die sintaktiese ordening 'n indruk van gestileerdheid wek.

Hierdie aanduidings van 'n formele register verteenwoordig egter slegs die een kant van die munt. Die leser moet eweneens oplet dat *carmen 17* wemel van uitdrukings en aanduidings van 'n laer, meer volkstalige register. Dit kan gesien word in die keuse van *paratum habes* (2) in plaas van *parata es* (Kroll, 1960:37); in die duidelik volkstalige *nec pili facit uni*, waar, afgesien van die volkstaalidoom, selfs die morfologie (*uni* in plaas van *unius*) 'n aanduiding gee van 'n gemeedelike register (Kroll, 1960: 38). Dieselfde geld vir die gebruik van *nulla* as negativering in versreël 20 (Fordyce, 1965: 144) en die persoonlike gebruik van *pote* in versreël 24 (Kroll, 1960: 38). Wat besonder opval, is die hoë voorkomsfrekwensie van *deminutiva* (*ponticuli* (2), *axulis* (2), *bimuli* (13) en dubbele verkleining in *tenellulo* in versreël 15). Terwyl die benutting van verkleiningsvorme tipies is van die werke van die neoterol, moet opgemerk word dat dit eweneens volkstalig is.

Soos blyk uit die oorsig hierbo is daar 'n dialektiese spanning tussen formele en informele taalgebruik in *carmen 17* aanwysbaar. Die uiteenlopendheid van stylkenmerke staan in lyn met die aansluiting by en parodiëring van gebedstaal en kultiese handelinge. Selfs die versmaat kan as 'n teken van die parodiëring beskou word, aangesien die priapeïese maat tereg as 'n "rollicking metre" (Quinn, 1969b:24) bestempel word, iets wat in 'n mate onverwags is in 'n teks waarin statige godsdienstige vorme en gebruike figureer. Dit stempel eweneens die gebruik van gebedsvorme en die betrekking van godsdienstige gebruike tot poëtiese spel.

Die leser se genot by die lees van *carmen 17* berus waarskynlik in 'n groot mate op die opvolging van wenke wat implisiet in die gedig gebied word. In hierdie opsig verskil die leeservaring van die wetenskaplike verwoording daarvan. Wat in die gedig geïmpliseer word, word in die wetenskaplike verslag geëkspliseer. Die estetiese genot hang saam met die kompleksiteit van die speurtog na wenke en na subtiële verbandlegging in hierdie gedig. Van die geïmpliseerde dinge in hierdie gedig, wat die leser moet insien om die assosiatiewe rykdom daarvan te verstaan, is onder meer die verbandlegging tussen die brug en die *municeps*; *Colonia* en die *puella*; die voorstelling van die *municeps* as sondebok en as offergawe; die funksie van die godsdienstige verwysingsfeer.

Die spitsvondige dictum van die Nederlandse digter, Marthinus Nijhoff (1964), wat hy as titel vir sy versamelde gedigte gebruik, is hier ter

sake: "Lees maar, er staat niet wat er staat." Carmen 17 kan beskou word as 'n uitstekende illustrasie van hierdie stelling.

## 5.6 METODOLOGIESE OPMERKINGS

Om hierdie bespreking af te rond word kortliks aandag geskenk aan enkele metodologiese aangeleenthede.

Die eerste saak raak die invloed van die teorie wat die leser gebruik om 'n gedig te ontleed. Indien die resepsiegeskiedenis van Carmen 17 nagegaan word, kan met Khan (1969:88) saamgestem word dat insig in die werking van hierdie gedig in die laaste drie dekades baie vooruitgegaan het.

In die bestudering van die gedig as dokument en verslag van 'n werklike gebeurtenis, het vrae soos: Wat is die identiteit van die Colonia waarvan daar in Carmen 17 sprake is? (is dit Verona of die hedendaagse Cologna Veneta, 'n dorpie twintig myl oos van Verona, of dalk selfs Cremona?) op die voorgrond gestaan. Rudd (1959:239) stel dit goed wanneer hy in sy bespreking van strukturele probleme in Carmen 17 opmerk: "I believe there is such a problem, but scholars have usually been so busy determining the site of Colonia that they have never bothered to formulate it." Hy toon in sy bespreking aan dat 'n ander tipe vraagstelling, een wat probeer rekenskap gee van die verbande tussen tekssegmente en van die simboliese assosiasiepatrone, ingrypend verskillende resultate tot gevolg het, en dat hierdie resultate meer reg laat geskied aan die kompleksiteit van hierdie gedig. In so 'n benadering word die fokus verskuif vanaf feite na funksies, vanaf geografiese en historiese probleme na strukturele probleme. "If we want a solution which will preserve the poem as a coherent work of art, we must look elsewhere. And we must employ a method which, though not available to scholars like Friedrich, Baehrens and Ellis, is now a familiar feature of literary criticism" (Rudd, 1959:239). Hierdie opmerking vestig die aandag pertinent daarop dat die tipe teorie waarmee die literator die gedig benader, en spesifiek die tipe vrae wat hy oor die gedig vra, belangrike konsekwensies inhou vir sowel die rigting van die ondersoek as vir die resultate wat verkry word. Dit vestig verder die aandag daarop dat teorieë self historiese konstruksies is. Die resultate wat met behulp van 'n teks-as-dokument benadering verkry is, kan geweeg word teen dié wat met behulp van Rudd en Quinn se hoofsaaklik New Criticism-benadering behaal is. Die mate van insig wat met behulp van laasgenoemde benadering verkry is, oortref dié van die ouere aanpak by verre.

Die ondersoek wat in hierdie bespreking onderneem is, onderstreep die belangrike rol van die tipe vraagstelling in literêre ondersoek verder. Deur te vra na die funksie van godsdienstige vorme, taalgebruik en die byhaal van godsdienstige assosiasies, kon 'n bykomende perspektief op die werking van hierdie gedig gebied word, en kon aangetoon word dat die assosiasiepatrone nog ryker is as wat deur Quinn en Rudd aan die hand gedoen is. Die aantoning daarvan dat die eerste sewe versreëls van die gedig as 'n gebedsparodie beskou kan word en van die skakeling daarvan met die verwysing na kultiese gebruike in die tweede beweging, ondersteun en brei die interpretasies van Rudd (1959) en Quinn (1969) verder uit. Dit is wetenskapshistories interessant om daarop te let dat

Rudd en Quinn hierdie verbande kon raaksien sonder dat hulle die spoor van die gemene deler van godsdienstige vorme gevolg het, terwyl dit wil voorkom of hierdie verband die mees voor-die-hand-liggende pad is om by daardie simboliese ooreenkomste uit te kom.

'n Tweede metodologiese opmerking raak die probleem of 'n gedig soos *carmen 17* deur suiwer teksinterne ondersoek ontsluit kan word. In 'n gedig wat so sterk op implikasie steun soos *carmen 17*, word daar duidelik by die leser kennis veronderstel van godsdienstige gebruike wat bekend was aan die destydse lesers, maar wat die moderne leser maklik kan ontgaan. Alhoewel ek meen dat die meeste van die verbande wat assosiatief en simbolies in die gedig gelê word deur teksondersoek blootgelê kan word, berus sodanige ontsluiting onder meer op die leser se kennis van die konteks, wat deel uitmaak van sy literêre kompetensie. Dit hou in dat 'n gedig nie so 'n outonome eenheid is as wat in sommige kringe te kenne gegee word nie, maar dat dit ingebed is in die kulturele kodes wat in die ontstaanskonteks gefunksioneer het.

Dit mag met die eerste oogopslag lyk of hierdie twee metodologiese opmerkings teen mekaar indruis, aangesien die eerste die belangrikheid van die leserskode benadruk, terwyl laasgenoemde die belang van die destydse kulturele kodes onderstreep. Dit is egter bloot 'n oënskynlike teenstelling en moet beskou word as 'n aanduiding van die kompleksiteit van die leeshandeling. Vir 'n toereikende lesing van 'n teks is insig in sowel die skrywers- as die leserskode belangrik.

## HOOFSTUK 9

### CARMEN 36

#### TEKS

Annales Volusi, cacata carta,  
uotum soluite pro mea puella.  
nam sanctae Veneri Cupidinique  
uouit, si sibi restitutus essem  
desissemque truces uibrare iambos, 5  
electissima pessimi poetae  
scripta tardipedi deo daturam  
infelicibus ustulanda lignis.  
et hoc pessima se puella uidit  
iocose lepide uouere diuis. 10  
nunc o caeruleo creata ponto,  
quae sanctum Idalium Vriosque apertos  
quaeque Ancona Cnidumque harundinosam  
colis quaeque Amathunta quaeque Golgos  
quaeque Durrachium Hadriae tabernam, 15  
acceptum face redditumque uotum,  
si non illepidum neque inuenustum est.  
at uos interea uenite in ignem,  
pleni ruris et inficetiarum  
annales Volusi, cacata carta. 20

#### 1. INLEIDING \*

##### 1.1 CARMEN 36 AS HEG-GESTRUKTUREERDE MAAR UITEENLOPEND GEÏNTERPRETEERDE GEDIG

Volgens die definisie wat in hoofstuk 1 van 'n gebed gegee is, is carmen 36 op twee maniere 'n gebedstek. Die gedig kan as geheel as 'n votum beskou word, en binne die votum word 'n gebed aangetref in die enger sin van die term, dit wil sê 'n precatio wat 'n offer begelei.

Daarom is carmen 36 eensyds 'n interessante voorbeeld om te probeer vasstel hoe die gebedsvorm literêr benut word in die carmina minora van Catullus. Andersyds kan 'n bestudering van die gedig lig werp op die interpretasieproblematiek en die wetenskapsteoretiese en metodologiese probleme wat daarmee verband hou. Hierdie gedig kan beskou word as 'n besonder goeie voorbeeld om die kompleksiteit van die lees- en interpretasieproses te illustreer. Die rede hiervoor is dat, alhoewel 'n hele aantal skrywers ad idem daaroor is dat hierdie gedig besonder heg gestruktureer is, hulle in hul interpretasie daarvan ingrypend verskil. Sover dit die hegtheid van struktuur aangaan, stel Lackenbacher

(1935:156) byvoorbeeld: "Dieses Gedicht gehört, schon äusserlich betrachtet, zu den mit aller Kunst ausgefeilten Produkten des Veronesers:..." en Buchheit (1975:37) huldig 'n soortgelyke standpunt. Ten spyte van die eensgesindheid oor die hegte struktuur van die gedig, is dit - met uitsondering van die veelbesproke carmina 1 en 68 - een van die gedigte van Catullus waaroor daar die mees uiteenlopende interpretasies bestaan. Buchheit (1975:36) tipeer hierdie gedig dan ook as een wat, in teenstelling met die maklike verstaanbaarheid van baie van Catullus se kort gedigte, sowel "in ihrem Einzelaussagen wie in ihrem Gesamtverständnis Rätsel aufgeben." Omdat hierdie lesings van die teks mekaar nie sonder meer komplementeer en aanvul nie, maar mekaar in belangrike opsigte weerspreek, sal ondersoek ingestel word na die leesstrategie wat gevolg word in die totstandbrenging of ontsluiting van die betekenis van die gedig. So 'n ondersoek behoort lig te werp op die status van uitsprake waartoe daar in die wetenskaplike bestudering van die poësie geraak word.

## 1.2 OOGMERKE

Die oogmerke met die uiteensetting wat in hierdie hoofstuk gebied word, is die volgende:

- Om ondersoek in te stel na die redes waarom interpretasies van hierdie gedig so ingrypend van mekaar verskil.
- Om na te gaan of 'n lesing van carmen 36 as 'n gebedstekes daartoe kan bydra om die aantal moontlike interpretasies van die gedig te beperk.
- Om aan te toon hoe die gedig gestruktureer is.
- Om na te gaan met watter funksie gebedsvorme in hierdie gedig benut word.
- Om aandag te skenk aan wetenskapsteoretiese en metodologiese vraagstukke rakende

die toelaatbaarheid al dan nie van meerdere interpretasies van die gedig

moontlike kriteria waaraan die "korrektheid" of nuttigheid van interpretasies gemeet kan word

die rol van die leser se literêre en teoretiese aannames in interpretasie.

## 1.3 HIPOTEESES

Daar sal gepoog word om in hierdie hoofstuk argumente aan te voer ten gunste van die volgende hipoteses:

- Die vernaamste interpretasieprobleme in hierdie gedig lê nie op die vlak van verskille oor die grammatikale en taalkundige struktuur daarvan nie, maar op die vlak van die konstruksie van 'n toepaslike raam waarbinne die leser die teksinligting inorden.
- Die rame waarbinne lesers die teksinligting inorden, speel 'n belangrike rol in interpretasie, en raamkonstruksie hou verband met die leser se literatuuropvatting. Die literator se eksplisiete of implisiete wetenskaplike en literêre aannames speel 'n rol in die afbakening van die ondersoekveld, in die metodes wat hy in sy ondersoek gebruik, en dit beïnvloed ook die resultate wat hy met behulp van sy ondersoek verkry.
- 'n Ondersoek na die verhouding tussen carmen 36 as gebedstekes en die tipiese, konvensionele vorm van die votum bied 'n nuttige model om hierdie gedig te interpreteer, en kan lig werp op probleme wat in die navorsingsliteratuur geïdentifiseer is.
- Meerdere interpretasies van hierdie gedig is moontlik, maar sommige daarvan is insiggewender as ander.

#### 1.4 WERKWYSE

Om bogenoemde oogmerke te bereik, sal daar eerstens, op die spoor van Butler (1986:34-35) se onderskeid tussen meganiese en produktiewe struktuurbeskrywings, 'n uiteensetting van die tematiese verloop van die gedig gebied word. Dit word opgevolg deur 'n resepsiehistoriese ondersoek waarin daar in besonderhede ingegaan sal word op die interpretasievoorstelle van 'n paar navorsers. Die voorbeelde van interpretasies wat behandel sal word, is so gekies dat tipiese benaderings tot die bestudering van literêre werke daaruit geïllustreer kan word. In hierdie uiteensetting sal gepoog word om die literatuurbeskouing en -aannames van die literator eksplisiet te maak; om aan te toon van watter metodes hy gebruik maak, en hoe dit die resultate van die ondersoek raak. Elk van hierdie interpretasies sal krities in oënskou geneem word. Daarna volg 'n interpretasie wat gebaseer is op 'n vergelyking van die gebedsvorme in carmen 36 met die stereotipiese gebedsvorme. Daarin sal geargumenteer word dat hierdie benaderingswyse waarvolgens die teksstruktuur bestudeer word in die verhouding daarvan tot die tekseksterne verbande, insiggewende resultate bied oor probleme wat in die interpretasie van die gedig ondervind word. Daar sal aangetoon word in watter opsigte carmen 36 aansluit by die konvensies vir gebedstekste en in watter opsigte dit daarvan afwyk. Daar sal ondersoek ingestel word of hierdie verskille heuristies belangrik is en die leser op die spoor kan plaas van 'n insiggewende interpretasie van die gedig. In hierdie lesing, waar die gedig gelees word as parodie, sal gepoog word om 'n produktiewe beskrywing te bied van strukture waardeur die effek van die gedig bewerkstellig word. Ten slotte sal aandag geskenk word aan die implikasies van hierdie ondersoek vir die wetenskaplike bestudering van die poësie, veral in soverre dit die problematiek rondom een of meer toelaatbare interpretasies van die gedig aangaan. In hierdie afdeling sal besondere aandag geskenk word aan die redes vir interpretasieverskille.

## 2. TEMATIESE VERLOOP

### 2.1 TWEË TIPES STRUKTUURBESKRYWINGS

In sy kritiek op 'n strukturalistiese poëtika tref Butler (1986:34-35) 'n onderskeid tussen twee soorte struktuurbeskrywings, te wete 'n min of meer tegniese ( in die sin van "meganiese" ) beskrywing en beskrywings wat nuttig is vir die interpretasie van literatuur. Hy skryf: "This difference, which it is impossible to make completely rigid, can be made at least intuitively clear by considering the following two answers, both of which are true; but the second is certainly more useful to someone wanting to drive a car rather than having a banal and inevitably selective structural description of it:

It has two seats in front and two at the back and windows all round and four wheels.

It will do 42 m.p.g., has a roomy driver's seat, quick acceleration, and room at the back for four suitcases.

Correspondingly, I argue that the interpretative statement should tell us, not what the linguistic structure of a text is, but what it can mean within a reading, which can form the basic for all sorts of uses. (One might say that linguistic features have to serve the purposes of a rhetoric.)"

Alhoewel hiermee saamgestem word, sal daar - in die lig van die uiteenlopende interpretasies van hierdie gedig - eers 'n beskrywing van die eerste tipe gebied word. Die oogmerk hiermee is om 'n beskrywing te bied wat so onkontroversieel as moontlik is en een waarmee die meeste literatore waarskynlik sal saamstem. Daar sal opgemerk word dat hierdie beskrywing abstrak is in die sin dat die personae in die gedig nie geïdentifiseer word nie. Hierdie abstrakte formulering het juis ten doel om die weergawe so neutraal moontlik te maak. Later sal daar oorgegaan word tot 'n beskrywing van die tweede soort wat meer verklarende krag het (kyk punt 4.5).

### 2.2 MEGANIESE STRUKTUURBESKRYWING

Carmen 36 bestaan uit twintig hendekasillabiese versreëls. Die versreëls is nie in groter eenhede soos strofes ingedeel nie, maar volg mekaar stigies op. Alhoewel die versreël in die poësie die basiese eenheid is, is 'n indeling volgens sinneenhede genoegsaam vir die doeleindes van 'n parafrasing van die gedig.

Einheid	Versreëls	Inhoud
1	1-2	Aanspreking van die gelofte-objek. Uitbreidende beskrywing en tipering daarvan. Wydingsbevel. Vermelding van persoon ten behoewe

- van wie die gelofte afgelê word.
- |   |       |   |
|---|-------|---|
| 2 | 3-8   | Die spreker se weergawe van die gelofte wat oorspronklik afgelê is, met aanduiding van <ul style="list-style-type: none"> <li>- wie dit afgelê het</li> <li>- die gode aan wie dit gerig is</li> <li>- die voorwaardes waaraan die gode moet voldoen</li> <li>- die teenprestasie wat die meisie belowe indien haar versoek toegestaan word.</li> </ul> |
| 3 | 9-10  | Die spreker vertel met watter gesindheid die meisie die gelofte afgelê het.   |
| 4 | 11-17 | Die spreker se uitgebreide aanspreking van die godheid, en die bede dat die gelofte as betaald beskou moet word, met die toevoeging van 'n "voorwaarde".  |
| 5 | 18-20 | Toewydingsbevel.<br>Tipering van die wydingsobjek.<br>Aanspreking van die objek, en verdere tipering daarvan.   |

### 3. RESEPSIEHISTORIESE ONDERSOEK

#### 3.1 INLEIDING

Met die oog daarop om die probleem van uiteenlopende interpretasies van die gedig aan te spreek, word daar in hierdie afdeling resepsiehistories te werk gegaan. Die interpretasies van Ellis (1876), Comfort (1929), Buchheit (1975) en Williams (1968) word bespreek. Hierdie uiteensetting het nie net ten doel om die interpretasieverskille aan te stip nie. 'n Belangriker oogmerk is om te probeer aantoon op grond van watter aannames en argumente elk van hierdie lesers tot hul interpretasies geraak het. Daar sal gevolglik besondere aandag geskenk word aan die vraag hoe die interpretasies saamhang met die literator se literatuurbeskouing en die eksplisiete of implisiete teorie waarmee hy die gedig benader. In hierdie bespreking sal aangesluit word by die uiteensetting wat vroeër gebied is oor die belangrikste literatuurbeskouings, naamlik van die literêre teks (a) as dokument van 'n skrywer of tydvak, (b) as monument, en (c) as tekensisteem vir die leser (kyk hoofstuk 2, punt 9).

Om die leser behulpsaam te wees in die uitkenning van die interpretasieverskille word vervolgens 'n lys van die vernaamste probleme gebied. Die verskille sentreer in

- die vraag of carmen 36 as die verslag van 'n werklike gebeurtenis of as 'n fiktiewe konstruksie beskou moet word;

- die vraag of *pessimus poeta* in versreël 6 na die spreker (Catullus) of na Volusius verwys;
- die vraag of *carmen 36* as 'n liefdesgedig, 'n literêre invektief of as 'n gedig vir Catullus se veilige terugkeer beskou moet word, en in noue aansluiting hierby
- die vraagstuk oor die verhouding tussen die liefdestema en die literêre invektief in die gedig.

## 3.2 VARIANT 1: ELLIS SE LESING

### 3.2.1 Inleiding

Anders as in die interpretasies wat later bespreek sal word, moet Ellis (1876:95-100) se interpretasie van die gedig afgelees word uit sy kommentaar op die gedig. Hierdie feit is waarskynlik ter sake vir sekere van die sake waarop klem gelê word in sy bespreking. Om hierdie rede sal daar slegs kortliks stilgestaan word by sy bespreking om na te gaan binne watter raam hy die gedig lees, en om bepaalde fokusse in sy benadering duidelik te maak.

### 3.2.2 Raam: die liefdesverhouding tussen Catullus en Lesbia

Ellis lees die gedig binne die raam van die liefdesverhouding tussen Catullus en Lesbia. Hy is van mening dat Lesbia ontrou was aan Catullus; dat Catullus haar aangeval het in *truces iambi*, en dat sy 'n versoening tussen hulle wou bewerkstellig deur die aflegging van 'n *votum*. In die gelofte het Lesbia beloof dat, indien Catullus met haar versoen sou word, en hy, as 'n bewys van sy opregte gesindheid sy invektiewe teen haar sou staak, sy die beste voorbeelde van die werk van die slegste digter sou verbrand.

Uit die 1876 uitgawe van Ellis se kommentaar is dit nie heeltemal duidelik of hy meen dat Lesbia bedoel het dat sy Volusius of Catullus se poësie sal verbrand nie, maar in die 1889 uitgawe dui hy aan dat hy nou saamstem met die standpunt dat sy Catullus se verse bedoel het, maar dat hy haar moedswillig verkeerd verstaan het en haar woorde as 'n verwysing na Volusius geïnterpreteer het. Deur die verbranding van Volusius se geskryfte keer Catullus dan die *votum* om en gee hy 'n kinkel daaraan.

### 3.2.3 Historiese invulling

Ellis se interpretasie kan getipeer word as 'n benadering waarin die teks as 'n dokument van 'n episode uit die geskiedenis van die liefdesverhouding tussen Catullus en Lesbia opgeneem word. Daarom wend hy 'n poging aan om die historiese situasie waarop hierdie gedig gebaseer is te reconstrueer. Hy probeer byvoorbeeld om die *truces iambi* (wat hy meen teen Lesbia, eerder as teen Caesar en Pompeius gerig was) te identifiseer. Dieselfde historiese belangstelling blyk uit sy poging om die identiteit van Volusius vas te stel. Op grond van passasies in Seneca (*Epistulae*, 93.9), Suetonius (*Divus Iulius*, 9) en Plutarchos (*Caesar*, 52) bespiegel Ellis (1876:96) dat die naam Volusius 'n verholde verwysing

na Tanusius Geminus is. Die rede waarom Catullus verkies het om hom op 'n skuilnaam te noem, word daaraan toegeskryf dat die digter nie 'n persoon afkomstig uit dieselfde landstreek as hy openlik wou kwets nie, of daaraan dat hy die persoon so geminag het dat hy hom nie die kans op onsterflikheid wou gee deur sy regte naam te vermeld nie.

Daar is duidelike tekens van 'n biografiese aanpak. Ellis (1876:97) merk op dat die toewyding van die votum des te pasliker is as aanvaar word dat Lesbia die historiese Clodia is, aangesien Clodia 'n beeld van Venus besit het, wat sy met die "buit" van haar minnaars versier het (Cicero, Pro Caelio, 21.51). Hy is van mening dat Clodia waarskynlik gereken het dat Venus haar beskermgodin was.

Ellis (1876:98-100) se uitgebreide ondersoek na die identifikasie van die plekname wat in die bede aan Venus vermeld word, lewer eweneens getuienis van 'n klem op historiese ondersoek, en by implikasie van die belangrikheid van sodanige historiese gegewens vir die verstaan van die gedig.

### 3.2.4 Samevatting

Samevattend kan gestel word dat Ellis die gedig binne die raamwerk van die liefdesverhouding tussen Catullus en Lesbia / Clodia lees en dat sy interpretasie 'n biografiese en historiese gerigtheid vertoon.

## 3.3 VARIANT 2: COMFORT SE LESING

### 3.3.1 Inleiding

Comfort (1929) se "An interpretation of Catullus XXXVI" kan beskou word as die locus classicus van 'n genetiese interpretasie en is terselfdertyd 'n baie goeie voorbeeld van hoe lees verband hou met die konstruksie van 'n konteks. Vir Comfort behels hierdie konstruksieproses wesenlik 'n historiese rekonstruksie.

Comfort (1929:176) wys daarop dat, alhoewel daar verskeie en gevarieerde interpretasies van die gedig bestaan, nie een van hierdie interpretasies daarin geslaag het om "a really satisfactory explanation of the circumstances that gave rise to it" te bied nie. Na 'n oorsig en kritiek op bestaande interpretasies vervolg hy: "The commentators either omit any explanation of the origin of the quarrel, or if they give one, it is unsatisfactory." (1929:178). So 'n verduideliking is volgens hom nodig om die gedig te verstaan. Sy strategie om 'n bevredigende verduideliking van die gedig te bied, is om die twis tussen Catullus en Lesbia te rekonstrueer. Hy gee toe dat 'n paar feite moet instaan vir baie spekulasie (1929:180).

### 3.3.2 Besware

Sy gedetailleerde besware teen die basiese Ellis-interpretasie is dat daar sonder die nodige gronde aanvaar word dat

- die iambos teen Lesbia gerig was

- Lesbia met die gebruik van die woorde *pessimi poetae* Catullus bedoel het
- Catullus die *votum* skertsend omkeer ("slant") sodat dit op Volusius betrekking het
- Lesbia en Catullus gesamentlik opgetree het in die aflegging van die *votum*
- die *truces iambos* deur Lesbia se ontrouheid veroorsaak is (iets wat hy meen moontlik is, maar ook op ander wyses verklaar kan word).

As teenvoeter vir die ontoereikende interpretasies bied hy dan 'n alternatiewe lesing, en sluit in sommige opsigte by Westphal (1867) en Blümner (1896) aan.

### 3.3.3 Rekonstruksie van die situasie

In sy soeke na "a...reasonable explanation" (1929:179) rekonstrueer Comfort die gebeure wat "agter die gedig" lê soos volg: Catullus het aan Lesbia 'n uiteensetting gebied waarin hy die verskille tussen die ou en nuwe skool digters uiteengesit het. Daarin het hy die ou digters afgekan en die nuwe poësie aangeprys. Lesbia (wat 'n baie gevatte (!) vrou was, en gewet het dat Catullus geen erg aan Volusius se gedigte het nie) het skertsend Volusius se poësie aangeprys en het waarskynlik ook negatiewe, hoewel heel onopregte, kritiek teen Catullus se literêre vernuwings uitgespreek. Hierop het Catullus woedend die huis uitgestorm. Later het hy ingesien dat sy been getrek is en dat hy sonder 'n greintjie humor opgetree het. Om haar terug te kry, skryf hy toe *carmen 8* (sic!) en stuur dit aan Lesbia. Vol berou het sy toe angstig 'n briefie aan hom gestuur waarin sy onderneem het om die *Annales* van Volusius te verbrand. Omdat sy al die tyd net gekgeskeer het, kon sy insien dat sy niks daardeur sou verloor nie. Catullus het toe sy kopie van die *Annales*, tesame met *carmen 36* (wat die leser moet aflei Catullus na ontvangs van die brief geskryf het) aan haar gestuur. Sy het waarskynlik op die daad die *Annales* verbrand, of gewag tot Catullus gekom het en hulle het toe saam die oorsaak van hul twis aan die vlamme oorgelewer.

### 3.3.4 Psigologiese argumente

Psigologiese bewysgronde speel 'n belangrike rol in Comfort se argument. In die loop van sy kritiek op ander interpretasies en ter staving van sy eie gevolgtrekkings, vra hy die vraag wat die normale optrede in die bepaalde situasie sou wees (1929:178). Die gedagte hieragter kan opgesom word in die bekende tese: "human nature doesn't change." Vir Comfort is die figure in die gedig nie "mensen van papier" nie, maar mense van vlees en bloed. Hy prys die kommentare van Westphal en Blümner aan - hoewel hy meen dat die gedig ligter en komieser is as wat die twee here meen - want: "They are the only editors who have made Catullus and Lesbia act in this poem as though they were human beings..." (1929:179).

Hy lewer ook kritiek op die interpretasie van ander kommentatore. "They seem to take it for granted that they (C. and L.) quarrelled with the avowed intention of making up again, and that she made a vow to cover the exact circumstances that are read into this poem." (1929:178).

Hieruit blyk dit duidelik dat die swartepunt vir Comfort lê by die gebeure, nie by die taalgebeure nie. Die gedig is 'n verslag en ware weergawe van 'n werklike historiese gebeurtenis. Die (gerekonstrueerde) situasie bied die grense waarbinne die gedig verstaan moet word. Dit verteenwoordig nie bloot die skepping van 'n ko- en konteks waarbinne die uiting sin kan maak nie. Die gedig word beskou as die produk van 'n historiese gebeurtenis en is as 't ware "opgelos", wanneer die situasie wat daartoe aanleiding gegee het, verklaar is.

'n Paar voorbeelde van die gebruik van realistiese psigologiese kriteria en argumente word by wyse van voorbeeld genoem:

- die truces ... iambs kon nie teen Lesbia gerig gewees het nie, want as dit gedigte soos 8, 37 en 58 sou insluit, dan sou Lesbia so woedend gewees het dat 'n versoening nie moontlik sou wees nie (1929:179).
- Diegene wat 'n ander interpretasie voorstaan, hou glad nie daarmee rekening hoe dit daaraan toegaan wanneer minnaars twis nie. Wanneer hulle uitmaak, is dit asof vir ewig (1929:178).
- Verder ken die leser mos die karakter en psigologiese profiel van Catullus en Lesbia, en hierdie getuienis word dan deur Comfort gebruik in sy argument.

Daar word met Comfort se peiling van Lesbia se persoonlikheid begin. Die leser kan, aldus Comfort (1929:179), op a priori gronde daarvan seker wees dat Lesbia 'n spitsvondige vrou was, want "the poet would never have become so devoted to her had she not possessed an exceptionally keen and active mind." Hiervoor kan daar ook in die res van Catullus se oeuvre getuienis gevind word (Comfort, 1929:179-180, met verwysing na Catullus 86.3,5; 8.6-7; 2.5-6; 51.4-6). Sy was 'n platjie ("something of a tease" 1929:180), en was 'n bietjie (te) trots (1929:180) om onmiddellik haar fout te erken.

Wat Catullus betref, staan sake soos volg. Alhoewel Comfort (1929:179) die saak voorwaardelik stel, beskou hy dit klaarblyklik niks minder as "common sense" en as iets vanselfsprekends nie: "... if Catullus was as subjective in his personal relations as he is in his poems, we may be sure that Lesbia knew what he thought about Volusius." Alhoewel die voorwaardelike stelwyse die indruk mag wek dat Comfort die mimesis- of representasieproblematiek verstaan, naamlik dat die verhouding tussen taal en werklikheid nie so eenvoudig is nie, is die teendeel eintlik waar. Die gedig moet volgens hom verstaan word as 'n direkte uitdrukking van die digter se gevoelens en as 'n korrekte weergawe van wat gebeur het.

Uit die rekonstruksie van die situasie word twee verdere karaktertrekke van Catullus onthul, naamlik enersyds ('n ietwat onkarakteristieke) gebrek aan humor, en andersyds die speelse sy van sy persoonlikheid. Sover dit eersgenoemde aangaan, meen Comfort dat Catullus gou agtergekom het dat sy liggeraaktheid en onvermoë om deur die draakstekery van Lesbia te sien hom onwaardig is, maar dat hy haar nogtans wou terugkry. Hierin tree hy soos 'n normale minnaar in 'n liefdestwis op. Comfort (1929:180) leef hom in Catullus se genot by die skrywe van carmen 8 in: "One can fairly see the delight of the poet as each new idea for Lesbia's discomfiture came to his mind and was quickly committed to the page, and the anxiety in which she read this fearsome document."

In so 'n rekonstruksie is daar uiteraard baie dinge wat onseker is. Dit is interessant om na te gaan hoe dit wat as seker beskou word en dit wat op konjektuur berus in die artikel versoen word. Dit lewer getuienis van 'n onderliggende spanning. Vergelyk byvoorbeeld die woorde wat deur my gekursiveer is in die volgende aanhaling, waar dit oor die effek van Lesbia se skertserij op Catullus gaan: "the joke unquestionably worked, and perhaps included some uncomplimentary, but quite insincere, comments on Catullus' own lyrical inventions" (1929:180).

### 3.3.5 Ander argumente

Dit is egter net billik om daarop te wys dat Comfort nie ál sy argumente kry uit die historiese situasie wat hy rekonstrueer nie. Hy beroep hom ook op wat in die teks staan. Hy wys byvoorbeeld tereg daarop dat daar in die teks geen aanduiding is van gesamentlike optrede by die aflegging van die votum nie (onder andere op grond daarvan dat die vorm *daturam* nie op 'n "ek" of 'n "ons" kan dui nie) (1929:177). Terwyl dit korrek is, is dit des te vreemder dat Comfort (1929:181) die moontlikheid van 'n gesamentlike betaling van die gelofte ooplaat.

'n Ander wyse van argumentasie is om nie net tekstueel in die ergosentriese sin te werk nie, maar om getuienis uit ander werke van Catullus by te haal (soos byvoorbeeld oor die psigiese profiel van Lesbia). In hierdie sin word die interteks wel betrek, maar weer ter wille van rekonstruksie van die agterliggende situasie.

Globaal genome is dit egter nie onbillik om te beweer dat die oorwegende klem geplaas word op die oorsprongsituasie wat tot die gedig aanleiding gee het nie. Die vernaamste bewysgronde is inderdaad - in Comfort (1929:181) se eie woorde - konjektuur, analogie en die psigologie van die mens.

## 3.4 VARIANT 3: BUCHHEIT SE LESING: CARMEN 36 AS LITERÈRE INVEKTIEF

### 3.4.1 Afwysing van 'n genetiese benadering

Buchheit (1975:36-61) se literatuuropvatting, oogmerk, metodes en resultate verskil ingrypend van dié van Comfort (1929). Waar Comfort se hoofdoel is om die oorsaak van die liefdestwis tussen Catullus en Lesbia te probeer vasstel, en om sodoende binne die kader van 'n realistiese en mimetiese literatuurbeskouing die oorsprongskonteks van die gedig te verklaar deur die situasie wat aanleiding daartoe gee het te rekonstrueer, reken Buchheit (1975:59) in 'n enkele sin met so 'n benadering af: "Man kann sogar bezweifeln, ob Lesbia überhaupt ein solches Votum abgelegt hat, jedenfalls ist es für das Gedicht belanglos; das Votum ist nur Mittel zum Zweck." Hierdie stelling maak dit duidelik dat Buchheit se benadering nie as 'n genetiese literatuurbeskouing geklassifiseer kan word nie.

### 3.4.2 Afwysing van 'n liefdesraam

Buchheit (1975:36) wys daarop dat die meeste kommentare *carmen 36* as "den Niederschlag einer Episode im Liebesverhältnis zwischen Lesbia

und Catull" beskou. Hierdie konteks of raam waarbinne hulle die gedig plaas, veroorsaak volgens Buchheit (1975:36) dat die meeste aandag geskenk word aan die gelofte van Lesbia waarvan daar in versreëls 3-10 vertel word. Hierdie gelofte, wat as 'n werklike gebeurtenis opgeneem word, verlei die navorsers dan daartoe om te probeer vasstel wat die verhouding van carmen 36 tot die ander Lesbia-gedigte in Catullus se oeuvre staan. Hierdie interpretasie is vir Buchheit (1975: 36,59) onaanvaarbaar, iets wat duidelik blyk uit die gelaaide stelwyse waarin daar van verleiding sprake is. Ook die struktuurbeskrywing wat uit die bogenoemde raam voortvloei, naamlik dat die gedig in twee dele verdeel is, word deur hom afgewys. Hiervolgens sou die gedig in 'n aflegging (versreëls 1-10) en 'n betaling van die gelofte (versreëls 11-20) verloop.

### 3.4.3 Die gelofte as middel tot 'n doel

Buchheit (1975:44) se standpunt is dat die gelofte net 'n middel tot 'n doel is en dat dit deur die digter gebruik word as 'n voorwendsel vir die gedig, maar nie werklik die inhoud daarvan is nie (1975:59). Die votum funksioneer as sodanig in 'n "ganz andere Zusammenhang" (1975:59). Die gedig is volgens hom wesenlik 'n stuk literêre polemieek, en dit het twee kante. Enersyds is dit 'n kritiek op Volusius, 'n skrywer van die ou skool, en by implikasie ook op diegene soos Volusius wat in opposisie tot die literêre opvattinge en praktyke van die neoterië staan. In die gedig is die wesenlike kontras tussen twee opvattinge oor die digter en die poësie: "Catull rechnet ab mit der nach Meinung der Aleksandriner und Neoteriker überlebten Richtung der kyklischen Dichter und stellt im gleichen Atemzuge seine eigene Konzeption vom Dichter und seinen Aufgaben daneben" (1975:59). Hierdie positiewe aanduiding van hoe daar eintlik geskryf behoort te word, verteenwoordig die ander kant van die tema.<sup>1</sup>

### 3.4.4 Buchheit se interpretasie-strategie

Om sy interpretasie te begrond (en terselfdertyd die opvatting oor carmen 36 as 'n liefdesgedig as ontoereikend en verkeerd te bewys) maak Buchheit van 'n vierledige interpretasie-strategie gebruik, naamlik van

- intertekstuele argumente,
- argumente gebaseer op die struktuur van carmen 36,
- taalkundige argumente of "sprachliche Einzelinterpretation" (1975:45), en
- die verklarende krag van sy interpretasie.

#### 3.4.4.1 Intertekstuele argumente

In sy aanloop tot die analise van carmen 36 bespreek Buchheit enkele van Catullus se gedigte wat verwantskappe daarmee vertoon, naamlik carmina 14 en 44. Hy wys daarop dat Catullus in albei hierdie gedigte

<sup>1</sup> Dit is interessant dat Clausen (1982:185,200-201) carmen 95 op analoge wyse lees, en - skynbaar onafhanklik van Buchheit - kortliks daarop wys dat carmen 36 op soortgelyke wyse gelees behoort te word.

'n bepaalde situasie benut om literêre kritiek te bedryf (1975:40-44). Die situasie (of dit nou fiktief of reël is) dien bloot as 'n voorwendsel en as 'n middel tot sy eintlike doel. Verder wys hy daarop dat kritiek op sy teenstanders 'n algemene trek van Catullus se poësie is (1975:41). Hierdie intertekstuele argumente is volgens Buchheit nie van deurslaggewende belang nie. Dit lewer bloot 'n "weitere Zugang" (1975:40) tot die verstaan van carmen 36. Alhoewel dit nie op sigself genoegsaam is om duidelik uitsluitel te bied oor die juiste interpretasie van hierdie gedig nie, dui dit tog op 'n rigting waarin die literator kan soek (1975:40) en moet dit as sodanig nie genegeer word nie.

#### 3.4.4.2 Struktuurargumente

Van meer belang is die teksstruktuur, die "Komposition" van die gedig. Buchheit (1975:37) wys eerstens op die raam- of ringkomposisie van die gedig, dit wil sê die feit dat carmen 36 dieselfde aanvangs- en slotreël het. Alhoewel dieselfde verskynsel in ander van Catullus se gedigte aangetref word, is dit in carmen 36 sterker aangesien die leser hier 'n "vollendete Rahmenkomposition" aantref (1975:37). Na ondersoek oor watter funksie ringkomposisie in ander van Catullus se gedigte vervul (1975:37-38) en waaruit dit blyk dat hierdie omramende versreëls die "Tenor des ganzen Gedichtes" bied (1975:37), konkludeer hy dat die leser tereg 'n soortgelyke funksie en "gedankliche Einheit" (1975:38) in carmen 36 kan vermoed. Die herhaling, en die posisies waarin dit geskied, verleen besondere nadruk aan hierdie versreëls (1975:38). Daarin staan literêre polemieë op die voorgrond. Dit gaan egter nie net om die identiese omramende versreëls nie, maar ook om die ooreenstemmende elemente in die sinne of tekssegmente waarbinne dit voorkom, dit wil sê in die ooreenkomste tussen versreëls 1-2 en 18-20 (1975:38). Hieruit lei hy af dat die gedig in vergelyking met ander gedigte van Catullus "ungewöhnlich fest umklammert" (1975:38) is.

Hy wys ook op verdere struktuurbinders, veral die herhaling van vorme van *votum* en *vovere*, wat dwarsdeur die gedig voorkom (1975:39), en so die res van die gedig verknop aan die aanvangs- en sloteenhede. Op grond hiervan verwerp hy (myns insiens tereg) 'n indeling van die gedig in twee eenhede van tien versreëls elk (so byvoorbeeld Ellis, 1876:96), (1975:38-39). Hy wys voorts op die temporele skakeling tussen versreëls 1-2 en 11, iets wat eweneens 'n tweedeling onwaarskynlik maak (1975:39).

#### 3.4.4.3 Taalkundige argumente

Die derde argumentasiestrategie laat die klem val op die "sprachliche Einzelinterpretation" (1975:45). Hierdie detailinterpretasie geskied binne die kader van die struktuur-gerigte benadering wat hierbo gevolg is. Hy toon aan dat baie daarvan afhang hoe versreëls 10, 17 en 19 geïnterpreteer word. Aangesien die terme *rus*<sup>2</sup> en *inficitiae* in die

<sup>2</sup> Putnam (1969:235-236) toon aan dat die manuskripleesing van carmen 36.19 in die *Veronensis*, naamlik *pleni turis et inficitiarum*, in plaas van die algemeen aanvaarde *pleni ruris*, nie onmoontlik is nie, en wel op grond van die gebruik van wierook in offers. Die punt sou dan wees dat die wierook die *cacata carta* welriekend vir Venus, die godin van liefde, maak.

konteks van versreël 19 (soos ook elders in Catullus en in die Romeinse literatuur (1975:48,50)) stylkritiese terme is, argumenteer hy dat dit noodwendig tot gevolg het dat versreël 17 in die lig van 19 geïnterpreteer moet word, en versreël 10 weer in die lig van 17 en 19 (1975:45-46). Hy voer aan dat die interpretasie van die gedig met die ondersoek van versreëls 18-19 moet begin.

Hierdie punt is belangrik en illustreer 'n ander faset van Buchheit se literatuuropvatting, naamlik dat lees as 'n proses beskou moet word. Alhoewel daar nie met sy formulering saamgestem kan word dat die interpretasie moet begin met die ondersoek van versreëls 18 en 19 nie, vestig hy met hierdie stelling die aandag op die dinamiek van die leesproses, dit wil sê dat reeds geïnterpreteerde mededeling (dié in versreëls 10 en 17) in die leesproses onderhewig is aan herinterpretasie in die lig van latere inligting (dié in versreël 19). Dit is dus 'n geval van retrospektiewe herinterpretasie: gevestigde inligting word geherïnterpreteer op grond van nuwe inligting, en die leser wysig sy vorige opvatting in die proses.<sup>3</sup>

Na aanleiding van hierdie retrospektiewe herinterpretasie jukstaponeer Buchheit dan die negatiewe stylkritiese terme in die gedig met hul teenoorgesteldes, sowel in hierdie gedig as in die res van Catullus se oeuvre, asook in die res van die Latynse literatuur. So word *cacata carta*, *pessimi poetae scripta*, *illepidus*, *rus* en *infictiae* dan gestel teenoor *lepos*, *facetiae* en om *venustus* te wees (1975:48-53).

In sy taalkundige argumente maak Buchheit (1975:46-48) 'n goeie argument daarvoor uit dat interea (18) nie temporeel verstaan moet word nie, maar adversatief (1975:46-48). Die sterk gemarkeerde teenstelling wat afgelees kan word uit *at*, *vos* en *interea* moet volgens die skrywer dan gekontrasteer word met versreëls 10 en 17, en nié met *Lesbia* se *votum* nie. Terwyl dit 'n verantwoordbare lesing is, sal later nagegaan word of dit die enigste moontlikheid is (kyk punt 4.4.5).

Eweneens opstrukturele vlak - alhoewel dit in 'n afsonderlike afdeling behandel word - is Buchheit se uitwysing van metriese,<sup>4</sup> foniese, sintaktiese en stilistiese (in enger sin van die term) middele en strukture in die gedig (1975:53-55).

#### 3.4.4.4 Verklarende krag

Die vierde argumentasiestrategie is om aan te toon dat die interpretasie wat aangebied word verklarende krag het; dat dit nie alleen 'n verantwoordbare interpretasie bied nie, maar ook probleme wat in die navorsingsliteratuur geïdentifiseer is, kan help oplos. So voer Buchheit (1975:56) byvoorbeeld aan dat die probleme in verband met versreël 10 'n pseudoprobleem is, indien volgens sy interpretasie (spesifiek ten

<sup>3</sup> In die leesproses, wat oorwegend 'n lineêre proses is, begin die leser by die begin. Hy konstrueer 'n "plausible context" (Smith, 1978:33) waarbinne die uiting sin kan maak.

<sup>4</sup> Buchheit se tipering van die metriese struktuur van versreëls 11-20 as iets wat in teenstelling met versreëls 1-10 meer op die enkelvers steun (1975:54), word nie deur my gedeel nie.

opsigte van *locose lepide* in versreël 10) aanvaar word dat *Lesbia* van die dubbelsinnigheid van haar votum bewus was. Dit werp weer lig op die voegwoord *et* wat in versreël 9 gebruik word, waar die leser ooreenkomstig ander interpretasies sed sou verwag (1975:56-7). Sy interpretasie kom dan daarop neer dat die gedig deur-en-deur skertsend in toon is (1975:57-58).

### 3.4.5 Die onderliggende beginsel, of te wel die "wit mitologie"

Alhoewel *Buchheit* se lesing as 'n goed gemotiveerde en boeiende lesing beskou word, moet daar egter 'n oop oog wees vir die onderliggende beginsel waarop hierdie hele interpretasie gebou is. Dit gaan hier om die sogenaamde "wit mitologie": om dit wat in die bespreking as vanselfsprekend en selfevident aanvaar word, en om die aannames wat nié aan kritiese deurvraging onderwerp word nie.

Dit is nie moeilik om die vinger daarop te lê nie. Waar *Comfort* (1929) sonder verdere beredenering bloot aanvaar het dat die gedig 'n weergawe van 'n werklike gebeurtenis is en dat die gedig gevolglik uit die reële oorsprongsituasie verklaar moet word, aanvaar *Buchheit* weer sonder meer dat 'n gedig 'n eenheid is (in die sin dat dit oor een onderwerp moet handel) en moet wees. So word die interpretasie dat die gedig nie uit twee dele bestaan en oor twee sake kan handel nie, begrond op die vanselfsprekende waarheid dat 'n gedig altyd 'n eenheid is.<sup>5</sup>

Dit is die moeite werd om *Buchheit* in hierdie verband te siteer: "In C.36 sind auf den ersten Blick zwei Gesichtspunkte erkennbar, die den Ablauf bestimmen: auf der einer Seite der Angriff auf die *Annalen des Volusius*, auf der anderen das *Gelübde der Lesbia*. Dies scheint von vorherin das Gedicht in zwei Teile zu spalten und eine gedankliche wie kompositorische Einheit auszuschliessen." (1975:37). Die implikasie van formulerings soos "auf den ersten Blick" en "scheint" is dat dit noodwendig slegs oënskyklik kan wees. Dit is onmoontlik, omdat dit nie klop met hoe alle mense weet 'n gedig eintlik is nie, naamlik dat dit "eenheid" is.

Die teenvraag is gewoon: volgens watter wet van *Mede* en *Perse* kan 'n gedig nie oor twee dinge handel nie? Die struktuur-geörienteerde voorveronderstelling oor die tematische eenheid van die gedig rig die ondersoek en bepaal die resultate wat verkry word.

Die aanname dat die gedig 'n eenheid is, is rigtinggewend in die ondersoek en word telkens verraai in die argument. Die leser word by herhaling gekonfronteer met argumente en stellings waarin "eenheid" die deurslaggewende faktor is. Daar is reeds verwys na die geïmpliseerde opvatting dat dit ondenkbaar is dat 'n gedig nie 'n gedagte- en komposisie-eenheid vertoon nie (1975:37). Voorts probeer *Buchheit* aantoon hoe die twee temas tot 'n eenheid verwerk is (1975:44). Daar bestaan volgens hom ook 'n eenheid tussen die skertsende aard van *Lesbia* se gelofte en wat *Catullus* daarvan maak (1975:47). Hy voer ook aan dat versreëls 10, 17 en 19 in hul samehang (en gevolglik as 'n eenheid)

<sup>5</sup> Dieselfde opvatting word gehuldig deur *Quinn* (1968:119-121), wanneer hy as vertrekpunt aanvaar dat enige gedig van *Catullus* altyd oor een saak handel.

bestudeer moet word. Hy kritiseer ander interpreteerders se lesing van versreëls 9-10, en stel dat daar "nur unter Missachtung der einheitlichen Komposition" (1975:56) tot sulke bevindings geraak kan word. Ten slotte probeer hy ook aantoon hoe die gedig, sover dit vorm, toon en inhoud aangaan, "eine feste, einheitliche Geschlossenheit" bereik (1975:58-59). Kortom: hierdie gedig, met die hegte struktuur wat blootgelê is, is wat 'n gedig is.

Dat Buchheit 'n hegte struktuur aantoon, word nie betwis nie. Die feit dat hierdie struktuur in lyn is met die Aleksandrynse strewe na strukturele sofistikasie versterk sy saak verder. Waarop wel gewys moet word, is dat die rigtinggewende aanname 'n (voorspelbare) resultaat tot gevolg het. Dit is 'n petitio principii. Carmen 36 vorm oënskynlik nie 'n eenheid nie, maar gedigte is eenhede, daarom moet carmen 36 'n eenheid vorm. Die navorser gaan soek na die eenheid en wys dit uit. So handel die gedig oor een ding. Kortom: dit is 'n eenheid. In sy interpretasie skep hy 'n hiërargie, ag hy sekere getuienis belangriker as ander, en so verklaar hy in die proses sekere probleme weg.

#### 3.4.6 Excursus: Soles oor die struktuur van carmen 36

Dit wil voorkom of opvatting oor die tekstruktuur minder objektief is as wat dikwels te kenne gegee word. By wyse van vergelyking word enkele opmerkings van Soles (1954:35-36) oor die (gebrek aan) gestruktureerdheid van carmen 36 met Buchheit se opvatting gekontrasteer.

Hy vergelyk die raamkomposisie in carmen 36 met ander omraamde gedigte van Catullus en konkludeer: "In the thirty-sixth poem... the repetition of the first verse in the last is effective only for bringing the poem, almost by force, back into the initial phase. The unity seems too contrived; the range of the poet's thoughts in the twenty lines of the poem is too wide. Within the poem the reference to the annals of Volusius have added nothing to the description of the annals as *cacata carta*, and indeed the suggestions are weaker than that found in the original adjective modifier" (1954:35). Hy wys verder daarop dat die gedagte-eenheid van die gedig bewerkstellig word deur die vertelling van gebeure, en dat die stemming ("mood") nie kragtig genoeg tot uitdrukking gebring is om deur die hele gedig heen te werk nie, en om die gedig sodoende te laat ontkom aan die beskuldiging dat die laaste versreël bloot 'n banale en oppervlakkige gebruik van 'n herhalings tegniek verteenwoordig (1954:35). Die gedig skiet vir Soles tekort sover dit David Daiches se opvatting oor 'n gedig as "an emotional unity" aangaan. "The weakness of Catullus' thirty-sixth poem is that it is not an emotional unity or attitude expressed directly by an uninterrupted mood of inspiration" (1954:36).

Terwyl Soles se opvatting nie deur my gedeel word nie, is dit belangrik om daarop te let dat hy, net soos Buchheit, 'n groot premie stel op die eenheid van 'n gedig. Hy soek die eenheid egter op 'n ander vlak as Buchheit: die herhaling en ordening van linguale gegewens asook 'n gedagte-eenheid is vir hom nie genoeg om eenheid aan die gedig te verleen nie. Hy sien eenheid ten diepste as 'n emosionele eenheid en verbind hierdie konsep aan 'n poësiebeskouing waarin van die digter verwag word om sy gevoelens direk uit te druk in 'n gees van inspirasie.

Dit is dus duidelik dat die poësiebeskouing van die navorser belangrik is vir die analise, selfs wanneer verwante teoretiese begrippe (soos "struktuur" en "eenheid") in die ondersoek funksioneer. Die blote "daar wees" of aantoonbaarheid van 'n struktuur beteken nie noodwendig die suksesvolle funksionering daarvan nie.

### 3.4.7 Literatuuropvatting

Buchheit se literaturopvatting kan getipeer word as 'n belangstelling in die teks as monument. Hy is veral geïnteresseerd in die struktuur en komposisie van die gedig en poog om met behulp van indringende teks- en struktuuranalise die betekenis van die gedig bloot te lê. Alhoewel die swaartepunt vir hom by die teks self lê, beskou hy egter nie die enkelteks as iets outonooms, waarop die hele argument begrond moet word nie, soos blyk uit sy aanwending van intertekstuele argumente.

### 3.4.8 Evaluering

Dit is interessant om daarop te let dat Buchheit se lesing nie in alle oorde 'n ewe goeie ontvangs gehad het nie. Terwyl sy interpretasie myns insiens 'n veel interessanter lesing as die van Comfort is (kyk punt 5.4.3), het kritiek daarop nie uitgebly nie. Quinn (1970:199) stel sy beswaar as volg: "BUCHHEIT's assumption that vow and counter-proposal are a smoke-screen for literary criticism - a deliberate, considered attack on Volusius and what he stood for - is no less dangerous than taking the lines as biographical fact."

Daar sal in die vorm-georiënteerde lesing (kyk punt 4) teruggekeer word na Buchheit se interpretasie in 'n poging om die hiërargie wat hy opstel (dit wil sê die literêr-polemiese tema is primêr, en die liefdestema daaraan ondergeskik) te probeer omkeer.

## 3.5 VARIANT 4: WILLIAMS SE LESING

### 3.5.1 'n Ander raam

Williams (1968) konstrueer weer 'n heel ander raam waarbinne die teks verstaan kan / moet word. Die gedig word nie gelees as 'n liefdesgedig of 'n literêr-polemiese vers nie, maar as 'n gedig waarin dit gaan om die veilige terugkeer van Catullus van sy reis vanaf Bithinië. Vir Williams (1968:222-224) is dit nie die enigste en uitsluitlike betekenis van die gedig nie, maar bied dit 'n ryker lesing: een waarin die leser op grond van die skrywer se wenke in die teks aktief meewerk aan die konstruksie van die volle betekenis van die gedig.

### 3.5.2 Argumente

Die tema van die gedig is dié van 'n gelofte ter wille van die veilige terugkeer van Catullus na Italië na 'n reis vanaf Klein-Asië. Williams motiveer sy standpunt soos volg: In die aanroeping van Venus (36.12-15) word 'n vreemde reeks plekname aangetref: Idalium, Urii, Ancona, Cnidus, Amathus, Golgi en Durrachium. Drie van hierdie name (Urii, Ancona en Durrachium) word deur die volgordening vooropgestel (1968:223). Hy redeneer dat aangesien drie van die plekke wat genoem

word kultussentra van Venus op haar eiland Cyprus is, en aangesien Cnidus 'n beroemde kultusentrum op die vasteland van Klein-Asië is, dit vreemd is dat uitlandse Italiaanse name (waarvan slegs Ancona verlangs met die Venuskultus geassosieer is) tussen die tradisionele Griekse kultussentra vermeld word. Die konteks waarbinne hierdie reeks name sin maak, is dié van 'n reis vanaf Klein-Asië, en die leser moet dit, op grond van inligting wat uit die res van Catullus se oeuvre herwin kan word, in verband bring met die digter se terugreis vanaf Bithinië. Wanneer die leser hierdie patroon raakgesien het, merk hy dat restitutus essem nie beteken "om versoen te wees" nie, maar slaan op die veilige terugkeer van Catullus na Italië.

Indien hierdie argument steekhou, het Lesbia haar votum nie afgelé ter wille van 'n versoening met Catullus nie, maar as 'n gelofte om sy veilige terugkeer te verseker. Hieraan het sy 'n pleidooi toegevoeg dat hy moet ophou met sy invektiewe (Williams, 1968:223).

Williams (1968:223) maak ook aanspraak daarop dat sy interpretasie verklarende krag het en meer lig kan werp op sekere van die interpretasieprobleme. Teen die agtergrond van die raam waarbinne die gedig gelees moet word, is dit volgens hom duidelik waarom Catullus self, en nie Lesbia nie, die gelofte vervul: "Catullus has returned safely and that is why it is appropriate for him to pay the vow for her - in a poem that, with neat irony, has something of invective about it in the word *caecata* as far as poor Volusius is concerned" (1968:223). So beskou betaal hy nie alleen Lesbia se gelofte nie, maar betuig hy ook namens homself sy dank aan Venus.

Anders as Buchheit (1975) vir wie 'n gedig as eenheid een eintlike tema moet hê, neem Williams (1968:223) verlies daarmee dat hierdie gedig multitematies is. Hy stip die volgende temas aan: 'n literêre draakstekery met die oudmodiese digters, Catullus se verhouding met Lesbia, 'n parodiëring van godsdiensrituele en taal, die netjiese omkering van Lesbia se toorn teen Catullus as sou dit van toepassing wees op Volusius, asook Catullus se terugreis vanaf Bithinië. As sodanig beskou hy die gedig as 'n meesterstuk met 'n komplekse struktuur. Hy wys daarop dat die leser oor heelwat kennis van die digter moet beskik om die gedig te verstaan en dat hy hierdie kennis kan verkry uit ander van Catullus se gedigte.

### 3.5.3 Literatuurbeskouing en -benadering

Williams is nie (soos Comfort) primêr besig met 'n soektog na die situasie "agter die teks" nie. Sy interpretasie berus op deeglike teks- en intertekstuele ondersoek. Die tekstuele ondersoek lei hom na kontekstuele gegewens wat hy dan weer aanwend in tekstuele argumentasie. Williams verbind sy lesing aan 'n konsep waarmee hy baie graag werk, te wete die sogenaamde "demand on the reader" (1968:171-249). Terwyl so 'n opvatting die leser aktief betrek by die totstandbrenging van betekenis, moet daarop gelet word dat die lesersrol vir Williams baie nou saamhang met outeursbedoeling. Die leser word beskou as 'n bevoorregte leser, as iemand wat as 't ware goedgegunstigheid deur die skrywer toegelaat word om kennis te dra van gegewens wat net vir ingewydes beskikbaar is. 'n Waarde wat in sy interpretasie 'n rol speel, is dié van kompleksiteit. Hierdie gedig is goed omdat dit op so 'n subtiele wyse so 'n komplekse aantal dinge saamdig.

#### 4. VARIANT 5: CARMEN 36 AS 'N GEBEDSPARODIE: 'N VORM-GEORIËNTEERDE LESING

##### 4.1 INLEIDING

Met hierdie lesing word gepoog om die vraag te beantwoord wat in die inleiding tot hierdie hoofstuk gestel is, naamlik of die feit dat die leser die gebedsvorme in hierdie gedig herken, nuttig vir die interpretasie daarvan kan wees en in watter mate hierdie kennis as 'n beperking op die veelheid van interpretasies kan dien. Alhoewel daar in die navorsing tot dusver nie veel aandag geskenk is aan die gebruik van gebedsvorme in die gedig nie, sal aangevoer word dat carmen 36 met vrug as 'n gebedsparodie gelees kan word en dat die gebedsvorme in hierdie gedig literêr benutte vorme is. Hierdie lesing kan terselfdertyd beskou word as 'n poging om Buchheit se hiërgisering van die liefdestema en die literêre invektief om te keer.

In die uiteensetting sal daar, na 'n oorsig oor wat onder parodie en ironie verstaan word, besondere aandag geskenk word aan die verhouding tussen die votum wat in die teks aangebied word en die bekend veronderstelde grondvorm wat dit parodieer. Dit kom neer op 'n vergelyking van teksinterne en tekseksterne strukture, en 'n poging om vas te stel of so 'n vergelyking heuristies belangrik is. Na hierdie vergelyking sal die aandag toegespits word op die teksinterne struktuur, met besondere aandag aan manifestasies van meerduidigheid, ironie, en "oormatigheid". Die aanname wat aan hierdie uiteensetting ten grondslag lê, is dat ondersoek na die ordening van gegewens insig kan bied in die werking van die gedig. Om hierdie rede word die gedig bestudeer met klem daarop dat dit 'n taalmaaksel is. Vandaar die aandag aan patroonmatighede in die gedig, die poging om nuttige strukture uit te wys, en om aan te dui hoe sodanige strukture funksioneer. Die ondersoek word onderneem teen die agtergrond van 'n beskouing van lees as 'n proses, of, om dit anders te stel, as 'n taalavontuur.

##### 4.2 PARODIE EN IRONIE

Van Gorp (1984:227) definieer 'n parodie as "... een werk dat een bekend, ernstige literair voorbeeld, een bepaalde stroming of een bepaalde manier van schrijven belachelijk maakt door kenmerkende aspecten ervan, inhoudelijk of formeel, spottenderwijze (byvoorbeeld door hyperbolisering) na te bootsen."

As sodanig kan parodie beskou word as 'n vorm van metatekstualiteit: die parodiërende teks kan nie op sigself as 'n parodie herken word nie, maar die uitkenning van 'n parodie berus op 'n bewustheid by die leser dat die onderhawige teks in relasie tot strukture buite die teks (byvoorbeeld ander tekste of samelewingskonvensies) gelees behoort te word.

Die strategie waardeur parodie bewerkstellig word, is deur 'n vorm van nabootsing. Dit boots die "grondvorm" of sjabloon in relasie waartoe dit gelees behoort te word na, maar ondergrawe dit terselfdertyd in die nabootsingsproses. As sodanig verg die parodie 'n delikate en subtiële

balans tussen 'n noue verwantskap ("close resemblance") met die "oorspronklike" en die distorsie of verwringing van die hoofkenmerke daarvan (Cuddon, 1979:483). Daar word dikwels opgemerk dat suksesvolle parodie moeilik is om te bewerkstellig, juis vanweë die probleem om 'n balans tussen ooreenstemming en verwringing te bereik.

Die ooreenstemmingsverhouding tussen teks en sjabloon is 'n gesimuleerde ooreenstemming en is bloot pro forma. Die ooreenstemming word bewerkstellig deur 'n heel bewustelike en analitiese nadoen van die styl van die sjabloon en die verwringing word teweeggebring deur jukstaposisie van dinge wat nie bymekaar pas nie (Fowler, 1973:138). 'n Distorsietegniek wat baie dikwels in parodiërende tekste aangewend word, is die gebruik van hiperbool. Die stilistiese kenmerke van die sjabloon word nageset, maar oordrywend, nageboots.

Indien hierdie beskrywing van die beginsel waarop parodie werk juis is, het dit verreikende implikasies vir die metodes waarvolgens parodiërende tekste bestudeer moet word. Dit impliseer dat 'n ergosentriese benadering ingevolge waarvan die teks "op sigself" bestudeer word, nie alleen ontoereikend nie, maar in prinsipe onmoontlik is, omdat sowel die herkenning as funksionering van parodie berus op insig in die relasie van teksstrukture tot strukture buite die teks. Lotman (1977:116 e.v.) het insiggewende werk in hierdie verband gedoen. Hy wys daarop dat bestudering van die literatuur sonder kennis van kodes (dit wil sê die sisteem van konvensies) onmoontlik is. Die feit dat 'n parodiërende teks afwyk van die sjabloon wat dit naboots en verwing, hou in dat die parodiërende teks afwyk van die gebruiklike sisteem, maar impliseer geensins 'n "spel sonder reëls" nie, aangesien die afwykendheid van 'n parodiërende teks herken word op grond van die konvensionele norm waarvan dit afwyk. Die lees en interpretasie van 'n parodie stel daarom besondere eise aan die leser. Fowler (1973:138) vestig die aandag hierop, wanneer hy opmerk: "The parodist addresses a highly 'knowing' and literate audience, for whom criticism is merely a part of literature, not a separate industry."

Die funksies van parodie is veelvuldig, maar die gebruiklikste daarvan is om te dien as 'n vorm van kritiek, as belaglikmaking en "send up" van konvensionele skryf- of spreekwyse en as 'n vorm van polemie. As sodanig verraai die parodiërende teks dikwels 'n bepaalde ideologiese posisie, en staan dit in diens van die ondergraving van heersende konvensies in die literatuur en samelewing.

Die meeste navorsers is van mening dat parodie, synde 'n parasitiese vorm, 'n randverskynsel buite die hoofstroom van die literatuur verteenwoordig (byvoorbeeld Lotman, 1977:116) en dat dit gevolglik as "a minor form of literary art" (Cuddon, 1979:483) beskou moet word. Terwyl daar geen twyfel daaroor kan bestaan dat parodie 'n parasitiese vorm is nie, is ek van mening dat dit nie om hierdie rede noodwendig 'n "minor form" hoef te wees nie en word die standpunt van Fowler (1973:137) onderskryf dat parodie dikwels terselfdertyd parasities én kreatief kan wees. As voorbeeld ter staving van hierdie opvatting kan verwys word na Cervantes se "Don Quixote", waarin die konvensionele ridderroman geparodieer word en waar die parodiërende teks die sjablone waarop dit gereageer het, oortref het.

As vorm waarin formeel aansluiting gevind word by die "grondvorm", maar die sjabloon in werklikheid ondermyn word, vertoon parodie sekere

verwantskappe met ironie. Terwyl die klassieke opvatting oor ironie stel dat dit 'n stylfiguur is waardeur een ding gesê, maar 'n ander (gewoonlik die teenoorgestelde daarvan) bedoel word, het Liberman en Foster (1968:63) myns insiens tereg aangetoon dat so 'n definisie ontoereikend is en dat die werking van ironie eerder beskou moet word as die aanwesigheid van 'n tweede perspektief op 'n uiting of handeling, waarvan die leser bewus gemaak word. So 'n definisie hou in dat ironie nie slegs bestaan waar die teenoorgestelde van wat gesê word, bedoel word nie, maar dit sluit ook hiperbool, meiosis / litotes en antifrase as prosedures waardeur ironie bewerkstellig word in (Van Gorp, 1984:154).

Ironie is dikwels subtiel en lesers vind dit dikwels moeilik om vas te stel of 'n uitdrukking ironies is en of werklik bedoel word wat gesê word. Hierdie ambivalensie hou verband met die mate van onbestemdheid en sogenaamde "oop plekke" in 'n teks, waar die leser die teks moet "invul", sonder dat die teks self eksplisiet is. Die betekenis moet gewoonlik afgelei word uit die konteks, die sprekersituasie, en in geval van mondelinge uitings die toon en mimiek wat met die uiting gepaardgaan.

Die funksie van ironie is verwant aan dié van parodie, alhoewel ironie gewoonlik nie so openlik polemies as parodie is nie. Van Gorp (1984:154) stel dat die spreker of skrywer deur ironie die spot wil dryf met die onderwerp wat hy behandel, met sy gehoor of met homself.

Hiperboliese stelwyse en meiosis of onderbetoning is tipiese tegniese in ironiese tekste.

## 4.3 OOREENSTEMMING MET DIE GRONDVORM

### 4.3.1 Carmen 36 as "votum"

Carmen 36 word heel eksplisiet aan die leser aangebied as 'n votum. Die leser word by herhaling daarop attent gemaak. In versreël 2 word die formulêre uitdrukking vir die betaling van 'n gelofte, te wete votum solvite aangetref en op die rekening van die gedigspreker geskryf. In versreël 4 tref 'n mens weer die werkwoord *vovit* aan, maar hierdie keer as 'n weergawe van wat die meisie, die spreker se beminde, gedoen het. Haar handeling word vervolgens geïnterpreteer (*iocose lepide vovere* (10)). Hierna rig die spreker 'n versoek tot 'n godheid en in die kerngedeelte daarvan word die leser se aandag weer gevestig op die gelofte: *acceptum face redditumque votum* (16).

Tot dusver was daar in elke sin op een of ander wyse eksplisiet melding gemaak van die toewydingshandeling. Die eerste oënskynlike afwyking van hierdie patroon is in die slotsin (18-20). Maar dit is inderdaad slegs oënskynlik, want na aanleiding van die herhaling van *annales Volusi, cacata carta* (20), weet die leser dat *venite in ignem* (18) 'n nadere spesifisering van *votum solvite* (2) is.

Die leser kan dus nie daarvoor twyfel dat die gedig as gelofte aangebied word nie en dat die *votum*-raam 'n toepaslike raamwerk is waarbinne die gedig gelees kan word. Na aanleiding hiervan kan 'n konstruksie gemaak word van sekere dinge wat die bevoegde leser veronderstel word om te weet. In die leesproses konstrueer die leser 'n "plausible context" of

raam (Smith, 1978:33) waarbinne die taaluitings sin kan maak (in hierdie geval: lees die gedig as 'n votum). Van laasgenoemde het hy 'n sekere standaardopvatting. Dit beteken dat die leser met 'n bepaalde verwagtingshorison lees. Sy verwagtings kan in die leeshandeling bevestig of deurbreek word. In die eerste geval sal dit wat in die teks aangebied word, "pas" op die verwagte struktuur; in die laasgenoemde geval sal dit in bepaalde opsigte daarvan verskil. In gevalle waar die bepaalde manifestasie (in hierdie geval, carmen 36) nie in alle opsigte pas op die stereotipiese opvatting van die leser nie, probeer die leser betekenis op 'n dialektiese wyse vasstel deur die afwykings as funksioneel te beskou. Hy vergelyk dit wat in die gedig aangebied word met dit wat in terme van die gestandaardiseerde skema /stereotype /sosiale konvensies verwag word.

Daar word vervolgens aandag geskenk aan die onderliggende, stereotipiese konsep wat in die leser of die leesgemeenskap se gedagtes aanwesig moet wees en waarop die spesifieke teks "gepas" moet word. Die standaardkonsep oor 'n votum kan soos volg saamgevat word. 'n Votum is 'n godsdienstige handeling en kan beskou word as een van die vier belangrike kultiese handelinge in die Romeinse godsdiens. 'n Votum ontstaan wanneer 'n spreker 'n sekere objek / ding / optrede aan 'n god / gode beloof, indien die godheid / gode dit waarom die persoon vra in vervulling laat gaan. Die votum word as gelofte gekenmerk deur 'n sterk mate van kontraktualiteit. Indien die gode die versoek of bede in vervulling laat gaan, word die aflegger daarvan *voti reus* of *voti damnatus* (dit wil sê verplig om die terme van die "kontrak" ten uitvoer te bring). 'n Votum, as 'n uiting van 'n spreker wat geadresseer is aan die gode waardeur as 't ware 'n kontrak met die gode gesluit word, is stereotipies as 'n handeling beskou wat nie ligtelik afgelê is nie. Die wydingsobjek was, aangesien dit 'n teenprestasie was vir iets wat die aflegger van die gode afgesmeek het, gewoonlik iets wat vir hom kosbaar was.

Daar sal weldra nagegaan word hoe carmen 36 met hierdie onderliggende patroon verband hou. Voordat dit gedoen word, word eers aandag geskenk aan verdere aspekte wat in ooreenstemming is met wat 'n leser in 'n votum verwag. Dit is nie net die blote vermelding van die naamwoord votum of die werkwoord *vovere* wat 'n godsdienstige raam of konteks oproep nie. Daar is ook ander aanduidings, naamlik die gebruik van formulêre taal en woorde met godsdienstige assosiasies; die voorkoms van woorde met 'n verhewe register, wat veral in poësie voorkom; en konformerings aan die konvensionele vormskema.

#### 4.3.2 Formulêre taalgebruik en woorde met godsdienstige assosiasies

In die gedig is daar ten minste twee uitdrukkings wat as vaste formules in godsdienstige tekste gebruik word, te wete: *votum solvite* (2), *acceptum face redditumque votum* (16), en moontlik ook *venite in ignem* (18).

Of *venite in ignem* (18) 'n vaste formule is, kon ek nie vasstel nie. Dit is in elk geval ekwivalent aan *votum solvite* en wel as 'n verdere spesifisering van hoe die votum voltrek word. Of dit nou 'n vaste formule is of nie, dit vertoon godsdienstige assosiasies. So dui *venite in ignem* op 'n reinigingshandeling of *purificatio* deur middel van vuur. In noue aansluiting hierby moet die *infellicibus lignis* (8) gelees word. Infelix is naamlik 'n rituele term wat "vervloekte" beteken en is as kultiese term gebruik in samehang met *ligna*. Die hout is dan gebruik vir die ver-

branding van bese dinge (kyk Williamson, 1969:102). Kroll (1960:66) wys daarop dat 'n brandoffer vir 'n versoeningshandeling ongewoon was in die Romeinse kultus. Die agtergrond hiervan kan uit die werke van Plinius, Macrobius en Cicero gerekonstrueer word. Plinius (N.H., 16.108) wys daarop dat bome wat nie gesaai is nie en ook nie vrugte voortbring nie, as *infelices* beskou is. Macrobius (*Saturnalia*, 3.20.3) stel dat sulke hout *inferorum deorum ... in tutela* was en dat die ritueel voorgeskryf het dat dit gebruik word vir die verbranding van *prodigia* en *monstra* (kyk verder Fordyce, 1965:180).

'n Woord wat eweneens tuishoort binne die raamwerk van reinigings- en offerpraktyke, is *ustulanda* (8). Hierdie woord, wat 'n baie lae gebruiksfrekwensie het (Lewis and Short, 1969:1938), dui op rituele verbranding. Die gerundivumvorm, *ustulanda*, dui op iets wat gedoen moet word en onderstreep die gedagte van kontraktualiteit.

In die frases *sanctae Veneri* (3) en *sanctum Idalium* (12) dui die adjektief *sanctus* op iets wat heilig is, alhoewel dit nie die normale kultiese term is nie (Kroll, 1960:67). Ook *electissima* (6) is 'n woord wat dikwels in kultiese tekste figureer, aangesien die opvatting gehuldig is dat die mens altyd die heel beste waaroor hy beskik, die keur van sy besittings, aan die gode moet toewy (kyk Fordyce, 1965:180).

### 4.3.3 Verhewe register

In die sistematiese verkenning van die *sermo orationis* en die styl van verwante diskoerse (kyk hoofstuk 3, punt 5.3) is daarop gewys dat gebiedstekste konvensioneel in verhewe register geskryf is. Alhoewel gebiedstekste kennelik nie die enigste tekste is wat 'n verhewe register vertoon nie, dra die aanwesigheid van woorde wat veral in poësie voorkom en redelik skaars in alledaagse taalgebruik is, verder daartoe by om 'n verhewe sfeer te skep.

Aanduidings van 'n verhewe register is op verskillende vlakke aanwysbaar. Op leksikale vlak kan gewys word op die keuse van vorme wat veral in poësie voorkom, soos *tardipedi* (7), *ustulanda* (8), *caeruleo* (11) en *harundinosam* (13).

Op morfologiese vlak val die gebruik van die argaïese imperatief *fac* (16), in plaas van die gebruiklike *fac*, op. Terwyl baie skrywers (byvoorbeeld Fordyce, 1965:182) daarop wys dat die vorm *metri causa* gekies is (die vyfde sillabe van *hendecasyllabi* vereis 'n kort kwantiteit (kyk Williamson, 1969:175)), is dit nie die enigste rede wat daarvoor aangevoer kan word nie. Dit is 'n bekende feit dat sakrale en juridiese taalgebruik 'n neiging vertoon om aan argaïese vorme te bly vasklou (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3), lank nadat dit uit die gewone taalgebruik verdwyn het. Die gebruik van so 'n argaïese vorm dra by tot die skepping van 'n verhewe sfeer. Die rede hiervoor is dat gereken word dat 'n ouer woord meer prestige het.

Verder moet gewys word op die gebruik van *o* in versreël elf. In Latyn is dit nie bloot 'n standaardbyvoegsel by 'n vokatief nie, maar dit het in sowel volkstaal as literêre taal 'n emosionele lading wat as merker dien van gevoel, *pato*s en "impassioned address". (Fordyce, 1965:210).

Sover dit stylfigure aangaan is die *periphrasis tardipedi deo* (7), die *hyperbaton* in versreëls 6-8 (*electissima ... scripta ... ustulanda*) en

antonomasia in versreël 7 (*tardipedi deo daturam*) opvallend. Dit kan opgevat word as aanduidings van 'n hoë graad van gestileerdheid van die teks.

#### 4.3.4 Vormskema van die "precatio"

Ook sover dit die vormskema van die *precatio* in versreëls 11 tot 17 aangaan is alles wat 'n leser in 'n gebed verwag (die invokasie, die predikerings, die geboortelegende, die bede) in die teks aanwesig. Op sintaktiese vlak kan gewys word op die uitgebreide relatiewe bysinsuitbreidings van die aangesproke godheid in versreëls elf tot vyftien (kyk punt 4.5.3.3). Ook voorwaardelike bysinne, wat met 'n hoë frekwensie in gebedstekste voorkom (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.5.2), word in hierdie gedig aangetref (36.5b-6 en 17). Dit onderstreep die kontraktualiteit van die votum.

#### 4.3.5 Samevatting

Uit hierdie oorsig blyk dit dat daar genoeg aanduidings vir die leser bestaan om die gedig as votum te klassifiseer. *Carmen 36* sluit in formele opsigte aan by wat lesers van 'n gebedstekste verwag.

### 4.4 AFWYKINGS

#### 4.4.1 Vreemde verskynsels

In vergelyking met wat 'n leser van 'n normale votum verwag, val die volgende verskynsels vreemd op:

- waarom vervul die spreker die meisië se gelofte?
- waarom word iets afstootliks aan die gode toegewy?
- waarom word die votum-objek, eerder as die godheid self, aangespreek by die vervulling van die gelofte?
- waarom word die wydingsoffer gebring voordat die godheid haar deel van die ooreenkoms nagekom het?

Ten opsigte van die gedig-votum self (dit wil sê nie in die verhouding daarvan tot die grondvorm nie) verg die volgende vrae beantwoording:

- in watter verhouding staan die twee votum-voorwaardes in die meisië se gelofte tot mekaar?
- waarom word die werkwoord *vidit* in versreël 9 gebruik?
- hoe kan 'n bevredigende interpretasie van at (18) gebied word?

Daar sal nagegaan word of die beantwoording van hierdie vrae lig werp op die interpretasie van hierdie gedig-votum.

#### 4.4.2 'n Voorgestelde raam

Die raam waarbinne die teksgegewens tuisgebring kan word, sien volgens hierdie interpretasievoorstel soos volg daaruit: in die gepresenteerde wêreld van die gedig (wat glad nie verband hoef te hou met 'n reële gebeurtenis in die ekstratekstuele werklikheid nie) is daar sprake van 'n verwydering tussen geliefdes. Hierdie gepresenteerde verwydering word aangebied as die aanleiding tot die aflegging van die votum. As gevolg van hierdie verwydering lê die meisie 'n gelofte af dat sy die keurgeskrifte van die vrotste digter aan die vlamme sal oorlewer, indien haar minnaar aan haar teruggegee word en indien hy sy spotgedigte staak. Daar word aanvaar dat die meisie die spreker se gedigte in gedagte gehad het en dat hy haar doelbewus verkeerd verstaan. Hy gee 'n kinkel aan haar gelofte. Waar die voorwaardes vir die vervulling van die votum vereis dat die meisie sy gedigte verbrand, vernietig hy Volusius se gedigte.

Hierdie interpretasie berus op 'n heel spesifieke invulling van gegewens wat in die teks oopgelaat word, naamlik die identiteit van die referent van pessimi poetae (6) waaroor daar in die navorsingsliteratuur meningsverskil bestaan en waaroor die teks self nie eksplisiet is nie.

#### 4.4.3 Die geloftevoorwaardes

Die probleem wat in hierdie bespreking aangesny word, is hoe die liefdestema en die literêre tema by mekaar inskakel. Indien die meisie die spreker se gedigte op die oog gehad het, kan die gediggegewens binne die raamwerk van 'n minnaarstwis ingeorden word. Indien sy deurgaans Volusius se gedigte in gedagte gehad het, is 'n lesing waarin literêre polemieë in die sentrum staan die waarskynlikste, hoewel nie die enigste moontlike interpretasie nie (vir laasgenoemde, vergelyk byvoorbeeld Comfort se interpretasie).

Die voorwaardes wat in die verhalings van die meisie se votum vermeld word, verdien besondere aandag. Dit wil vir my voorkom of hier 'n innerlike teenspraak tussen die twee voorwaardes is, wat nie die aandag van vroeëre kommentatore getrek het nie, maar wat belangrik is vir die interpretasie van die gedig.

Daar word vertel dat die meisie beloof het om die geskrifte van die slegste digter te verbrand, indien (1) die spreker aan haar teruggegee sou word, en (2) hy sy felle invektiewe sou staak. Die eerste voorwaarde impliseer dat die meisie graag met die spreker versoen wil wees, iets wat op sy beurt suggereer dat sy die skuld vir die verwydering tussen hulle moet dra. Deur die aflegging van die votum wil sy sake regstel. Hierdie punt is deur Comfort (1929:178-179) geopper in een van die min geldige argumente teen bestaande interpretasies. Dit kan nie maklik gerym word met die tweede voorwaarde nie, wat impliseer dat die spreker / Catullus se grimmige spotgedigte die oorsaak vir die verwydering was. Comfort betoog dat die oorsaak van die verwydering, 'n verskil oor sy poësie, die knooppunt tussen die liefdes- en literêr-polemiese tema van die gedig bied. Daar sal gepoog word om in die hieropvolgende uiteensetting 'n alternatiewe verklaring vir hierdie diskrepansie te bied. Waar Buchheit die meisie se votum slegs as middel tot 'n doel beskou (iets wat hy heeltemal geregverdig kan doen na aanleiding van die vele oop plekke in die teks), word hier 'n teenoorgestelde standpunt ingeneem.

Op die vraag (a) waarom die spreker die meisie se gelofte betaal, en (b) waarom sy dit nie self doen nie, is die teks nie eksplisiet nie en is die

leser gevolglik aangewese op die maak van inferensies. Op die eerste vraag is die antwoord hiervolgens dat hy haar votum vervul omdat hy met haar versoen wil wees. Sover dit die tweede vraag aangaan, is dit moontlik om op grond van die vertellersrol en op grond van 'n interpretasie van die funksie van at (18) aan die hand te doen dat dit glad nie 'n uitgemaakte saak is dat sy wel met hom versoen wil wees nie, maar dat dit slegs die situasie is in soverre die ek-spreker haar gelofte voorstel.

#### 4.4.4 Die betroubaarheid van die verteller

Alhoewel analise van die vertellersrol en -perspektief gewoonlik gereserveer word vir narratiewe tekste, kan dit met ewe veel vrug in die bestudering van poësie aangewend word, aangesien in gedigte ook iets vertel word.

In hierdie gedig is die ek-spreker deurgaans die verteller. In die vyf gedagte-eenhede wat hierbo onderskei is (kyk punt 2.2), praat die spreker in eenhede 1, 4 en 5 namens homself, terwyl hy in eenheid 2 weergee wat die meisie belofte het, en in eenheid 3 sy interpretasie bied van die gesindheid waarin sy die gelofte afgelê het.

Die vraag moet gestel word of die spreker se weergawe op sigwaarde aanvaar moet word en of hy as 'n betroubare verteller beskou kan word. Dit geld veral vir eenhede 2 en 3 waar hy nie namens homself praat nie. Min kommentatore het hiermee erns gemaak. Quinn maak enkele kort opmerkings in hierdie verband wanneer hy daarop wys dat die leser Catullus se "mock-heroic reformulation of a lover's quarrel" (1970:198) nie te ernstig moet opneem nie. Hy stel dat die humor in versreëls 7-8 heel waarskynlik aan Catullus, in sy herformulering van Lesbia se votum, gewyt moet word (1970:201). Ook Buchheit (1975:52) sien iets daarvan raak wanneer hy opmerk dat Lesbia sekere woorde in die mond gelê word.

Dat Quinn hiermee op die spoor is, blyk uit die feit dat die spreker se betrokkenheid by dit wat in eenheid 2 verhaal word, duidelik in die taalgebruik gemerk is, spesifiek in die gebruik van die eerste persoon enkelvoud van die werkwoorde in die voorwaardesinne wat 'n oortelling van die meisie se gelofte is. Dit toon aan dat die spreker nie afsydig staan teenoor wat hy vertel nie, maar persoonlik daarby betrokke is. Die meisie se oorspronklike woorde sou wees: "as hy aan my herstel sou word en as hy sou ophou om sy grimmige spotgedigte te laat weerklank, dan sal ek ...". In die gedig word die hy nou 'n ek (restitutus essem, desissem). Hierdie vooropstelling van die "ek" verklap dat die "ek" se visie in hierdie gedeelte aan die orde is.. Dit bied 'n subjektief gekleurde ander perspektief op die meisie se woorde.

Sover dit eenheid 3 (versreëls 9-10) aangaan is daar geen grammatikale aanduidings van die betrokkenheid van die spreker nie. Tog is die spreker steeds die verteller. Wat die leser van die meisie se gesindheid weet, is afkomstig uit die mond van die spreker. Dit is hy wat te kenne gee dat sy dit skertsend afgelê het. In die uiteensetting oor problematiese fasette is dit duidelik dat van die kommentatore probleme ondervind met vidit (9) en selfs emendasies voorgestel het (kyk punt 5.2.1) om die teks beter sin te laat maak. Tog kan 'n goeie saak daarvoor uitgemaak word dat vidit 'n heel spesifieke funksie het. Hy stel dat sy dit gesien het, waarmee hy haar as 't ware 'n ooggetuie maak of te kenne

gee dat sy ingesien of besef het dat sy dit skertsend gedoen het. Daar is reeds daarop gewys dat Buchheit (1975:57) aanvoer dat, indien die interpretasies wat hy teenstaan juis is, die leser in versreël 9 sed eerder as et sou verwag. Insig in die sprekersrol bied egter 'n alternatiewe verklaring waarom juis et gebruik word. Na sy persoonlik getinte weergawe van haar votum maak hy haar die bondgenoot van sy interpretasie: gevatte meisie wat sy is, was sy natuurlik bewus daarvan dat sy nie ernstig was nie. Hiervoor het die leser net die spreker se woord. En die spreker tree pro domo op. Die leser sal gevolglik wys wees om die spreker se woorde nie sommer op sigwaarde te aanvaar nie. Dit is glad nie te sê dat sy, soos hy te kenne gee, met hom versoen wil wees nie.

#### 4.4.5 Motiverings vir "at"

Gesien in die lig van die ooreenstemmende elemente in versreëls 1-2 en 18-20, asook die feit dat dit wat in versreëls 18-20 vertel word, beskou kan word as die voltrekking van wat in die res van die gedig in die vooruitsig gestel is, is dit besonder vreemd dat daar sterk aanduidings van adversatiewiteit in versreël 18 aangetref word. Die leser moet homself afvra waarom versreëls 18-20 ingelei word deur at, wanneer hy logieserwys eerder ergo sou verwag, aangesien die tervuurbestelling van die verse van die vrotste digter reeds deur die frase votum solvite (2), die meisie se belofte, en die spreker se bede voorspel is. Om watter rede en met watter funksie word dit gedoen? Daar kan verskillende motiverings hiervoor aangevoer word. Die eerste moontlike verklaring is dat die meisie die votum ernstig bedoel het, en dat die spreker, alhoewel hy die letter daarvan vervul, dit skertsend en speels doen. Die adversatiewiteit word dan verreken deur te wys op 'n verskil in die bedoeling van die votum en die gees waarin dit volvoer word.

'n Tweede moontlikheid is dat versreëls 18-20 beskou kan word as teenhanger van versreëls 11-17. Waar 11-16 die gees van 'n ernstige aanspreking van 'n godheid adem en in geen opsig afwyk van wat 'n leser in 'n votum-gebed sou verwag nie, is 18-20 in kontras met wat verwag word. Die rede waarom dit nie as normaal ervaar word nie, is daarin geleë dat iets wat van geen waarde is nie, aan die gode toegewy word. Versreël 17 vorm in hierdie opsig 'n oorgang tussen die gebed (11-16) wat klop met verwagte praktyk, en 18-20 wat as afwykend ervaar word.

Hierdie oorgang is besonder geslaagd. Versreël 17 skakel formeel in by die juridiese aspekte van gebedstyl, waarin voorwaardelike bepaling telkens voorkom (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.5). Die feit dat si hier opgevolg word deur 'n indikatiewe werkwoord (anders as in versreëls 4-6, waar dit opgevolg word deur die konjunktiwiese restitutus essem en desissem) maak versreël 17 bloot pro forma 'n voorwaardesin. Wat versreël 17 op die dieptestruktuur beteken, is nie "indien dit baie gevat en spitsvondig is nie", maar impliseer "aangesien dit baie gevat en spitsvondig is" (so ook Williams, 1968:222).

#### 4.4.6 Vervulling van slegs een van die voorwaardes

Hierdie spitsvondigheid word ook in versreëls 18-20 aangetref. Een van die voorwaardes wat die meisie in haar gelofte stel, is si ... desissem ... truces vibrare iambos (4-5). Sy wou hê dat hy sy spotgedigte staak. Alhoewel hierdie versreëls aangebied word as die vervulling van die meisie se gelofte, behoort dit die leser nie te ontgaan nie dat die spreker

hierdeur slegs een (en nie albei nie) van die geloftevoorwaardes nakom. Deur self die geskrifte van die vrotste digter te verbrand, gee hy te kenne dat die wens van die meisie vervul is: hy is aan haar teruggegee. Die tweede voorwaarde is egter hoegenaamd nie vervul nie. Die spreker het nie opgehou om truces iambos te laat weerklink nie. Intendeel, die tipering van Volusius se gedigte as *pleni ruris et inficetiarum* en as *cacata carta* is die ene invektief, iets wat ooreenkomstig die uitbeelding die aanleiding tot die verwydering tussen die minnaars was, en op hierdie wyse ook by die liefdestema aansluiting vind.

#### 4.4.7 Verklarende krag

Hierdie variante lesing waarin Buchheit se hiërargie omgekeer word, kan op heelwat verklarende krag aanspraak maak. Dit bied 'n geïntegreerde argument wat rekenskap gee van al die vernaamste probleme in die interpretasie van hierdie gedig, naamlik

- waarom die voorwaardes in versreëls 4-5 teen mekaar indruis
- waarom iets onbenulligs as wydingsoffer aangebied word
- waarom die spreker die *votum* aflê
- waarom die vervulling van die *votum* die *godin* se toestaan daarvan voorafgaan
- waarom *vidit* in versreël 9 gebruik word
- waarom *at* (in plaas van byvoorbeeld *ergo*) in versreël 18 gebruik word
- op watter wyse die liefdestema en die literêr-polemiese tema saamhang.

### 4.5 INTERNE STRUKTUUR

#### 4.5.1 Inleiding

Die bespreking hierbo was in hoofsaak daarop gemik om, in die lig van die ingrypende meningsverskille daaroor, 'n voorstel oor die gedighipotese te maak, en tot dusver is daar nie die nodige aandag aan *carmen* 36 as 'n taalmaaksel geskenk nie. Daar word vervolgens oorgegaan tot 'n bespreking van die interne struktuur van die gedig. Ooreenkomstig Butler (1985:34-35) se onderskeiding tussen tegniese / meganiese en nuttige / produktiewe beskrywings van teksstrukture, sal daar gepoog word om nie slegs sekere strukture te beskryf nie, maar om hul funksie in literêre prosesse uit te wys.

#### 4.5.2 Makrostruktuur

In die bespreking van die makrostruktuur van die gedig word aangesluit by die sogenaamde meganiese struktuurbeskrywing wat vroeër gebied is (kyk punt 2.2), waar 'n indeling volgens sinseenhede gemaak is. Die uiteensetting wat daar gebied is, kan beskou word as 'n voorstelling van

die **sujet**, dit wil sê van die volgorde waarin die gegewens en gebeure in die teks verhaal word. Wanneer die **sujet** vergelyk word met die **fabel**,<sup>6</sup> dit wil sê die leser se rekonstruksie van die gebeure in hul logiese en chronologiese volgorde, dan val dit die leser op dat die enigste opsig waarin die **sujet** van die **fabel** verskil, daarin geleë is dat eenheid 1 van die **sujet** logies en chronologies die derde eenheid van die **fabel** is. Die rede vir die teksvertelling se afwyking van die **fabel** is nie moeilik om te bepaal nie. Dit is kennelik gedoen ter wille van oorwegings van simmetrie van bou. **Sujet**-eenhede 1 en 5 vertoon opvallende ooreenkomste, en is, soos onder andere Buchheit aangetoon het, 'n voorbeeld van raam- of sirkelkomposisie. Dit omarm tekseenhede 2, 3 en 4. Buchheit (1975:37-38) wys tereg op die byna chiastiese relasie tussen eenhede 1 en 5. Alhoewel dieselfde konstituente in hierdie twee eenhede voorkom, is die volgorde byna volledig omgeruil:

Annales Volusi, cacata carta (1)	Aangesprokene, tipering
votum solvite pro mea puella (2)	Bevel

at vos interea venite in ignem (18)	Bevel
pleni ruris et inficetiarum (19)	Tipering
annaes Volusi, cacata carta (20)	Aangesprokene, tipering

Gesien in die lig van hierdie neiging tot simmetrie is dit des te beduidender dat 'n adwersatiewe voegwoord (**at**) gebruik word om eenheid 5 in te lei. As die **votum** ernstig bedoel was, moes daar ongetwyfeld eerder **ergo** gestaan het. Die semantiese relasie tussen eenhede 1 en 5 is gevolglik juis nie logies nie, maar teenstellend, iets wat die inkongruensie van sintaktiese struktuur en semantiese ontwikkeling uitstekend illustreer. Dit is juis in hierdie relasie van teenstelling dat een van die vernaamste argumente ten gunste van die interpretasie van **carmen 36** as 'n parodiërende en ironiserende teks opgesluit lê.

Tussen die sintaktiese eenhede 2 en 3 enersyds en 4 andersyds, is daar eweneens 'n neiging tot herhaling en variasie van soortgelyke elemente aanwysbaar.

<sup>6</sup> Vir 'n verdere verduideliking van hierdie terme, kyk Van Gorp (1984:108, 297).

Eenheid 2 Die meisie se oorspronklike gelofte  
aan Venus en Cupido.

Die voorwaardes waaraan die gelofte  
onderworpe is.

8 versreëls

Eenheid 3 Sprekersvertelling van meisie se  
skertsende ingesteldheid.

---

Eenheid 4 Spreker se bede aan Venus om die gelofte  
as betaald te beskou,

7 versreëls

met toevoeging van 'n "voorwaarde".

Hierdie voorwaarde is tekenend van  
die spreker se eweneens skertsende  
ingesteldheid.

Eenhede 2 en 3 hoort saam na aanleiding van die tyd waarin dit afspeel (die verlede) en na aanleiding van die konnektiewe voegwoord in versreël 9. Eenhede 2 en 3 balanseer as 'n geheel met eenheid 4, en die hoeveelheid teksruimte wat daaraan afgestaan word, is vergelykbaar (respektiewelik 8 en 7 versreëls). Alhoewel dieselfde elemente in hierdie twee groter eenhede voorkom, verskil die teksruimte wat daaraan afgestaan word. So beslaan die vermelding van die gode aan wie die oorspronklike votum gerig is byvoorbeeld een en 'n halwe versreël, terwyl die aanspreking van Venus 'n volle vyf versreëls opneem. Daar moet verder daarop gelet word dat, alhoewel si-bysinne in albei hierdie afdelings voorkom, die funksie daarvan heeltemal verskil. Die eerste (ingebedde) voorwaardelike bepalings is inderdaad voorwaardes. Wanneer die leser weer in versreël 17 'n si-bysin aantref, en dit in 'n gebedstekes en spesifiek in 'n votum waarin voorwaardelike bysinne dikwels voorkom, vermag hy dat hy met 'n voorwaarde te doen het. Die verskil in modi van die werkwoorde in die voorwaardes maak die leser daarop attent dat die een in versreël 17 op die vlak van die dieptestruktuur 'n redegewende en nie 'n voorwaardelike bepaling is nie.

Ten opsigte van die aangeduide ingesteldhede wat aan die meisie toegeskryf word en wat uit die spreker se eie "voorwaarde" afgelees kan word, kan opgemerk word waarom 'n uitsluitlik sintaktiese struktuurbeskrywing ontoereikend is om die semantiese progressie in hierdie gedig uit te wys. Die "voorwaardelike" bepaling in versreël 17 is op sintaktiese vlak die pendant van die voorwaardes in versreëls 4-5, maar op semantiese vlak is dit die pendant van tekseenheid 3.

In die lig hiervan is ek, soos Williams (1968:222) in wie se analise die dinamiese ontwikkeling van die gedig goed tot sy reg kom, geneig om die makrostruktuur van die gedig soos volg voor te stel:

Versreëls	Eenheid
1 - 2	A1
3 - 8	B1
9 - 10	C1
11 - 16	B2
17	C2
18 - 20	A2

Om hierdie bespreking van die makrostruktuur af te sluit, kan daarop gewys word dat die gedig se neiging tot 'n afgeronde struktuur aansluit by die Aleksandrynse strewende na formele sofistiekasie.

#### 4.5.3 Mikrostruktuur

Terwyl die uiteensetting hierbo die groot boupatroon van die gedig toegelig het, is dit veral 'n beskrywing van kleiner struktuurpatrone wat nuttige beskrywings oplewer en waardeur 'n interpretasie van carmen 36 as 'n gebedsparodie en 'n gedig vol ironie ondersteun word.

##### 4.5.3.1 Ambivalensie en meerduidigheid

Ironiese tekste word dikwels gekenmerk deur ambivalensie, en in carmen 36 word 'n deurlopende neiging tot ambivalensie aangetref.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die tipering van die offergawe as *electissima* ... *scripta* (6-7), waar die woord *electissima* op sigself 'n besonder positiewe strekking het, maar in die tekstuele konteks negatiewer word. So word een ding gesê maar 'n ander bedoel. Soos uit die resepsiehistoriese ondersoek geblyk het, is die duidelikste voorbeeld egter *pessimi poetae* (6), wat deur sommige lesers op sigwaarde aanvaar word, maar deur ander (en spesifiek deur voorstanders van 'n parodiërende interpretasie) as 'n ironiese formulering opgeneem word. Die ironie is dan daarin geleë dat die oorspronklike aflegger een ding bedoel het, maar die spreker iets anders daaronder verstaan.

Alhoewel versreëls 9-10 sintakties ambivalent is (kyk punt 5.2.1), is die ironie nie die gevolg van hierdie meerduidigheid nie, maar eerder van die spreker se tipering van die meisie as *pessima* (9). Hoewel die spreker die meisie se gelofte gerieflikheidshalwe verkeerd verstaan en op Volusius van toepassing maak, kan die tipering *pessima* 'n aanduiding daarvan wees dat hy haar in eie munt terugbetaal. Soos wat sy na die spreker se geskifte as die *scripta* ... *pessimi poetae* verwys het, verwys hy na haar as *pessima*. Hierdie negatiewe tipering word egter gerelativeer deurdat dit in samehang met *iocose lepide* (10) gebruik word. Om *iocose* en *lepide* op te tree, impliseer in hierdie gedig, soos in die res van Catullus se oeuvre, 'n positiewe waarde. So beskou is *pessima* ambivalent: eensyds kry die spreker haar terug deur haar tipering van hom op haarself van toepassing te maak; andersyds verkry dit, in samehang met *iocose lepide* (10), 'n positiewe konnotasie. Sy is 'n bese meisie, 'n "klein duiwel" om so ligtelik 'n votum aan die gode af te lê.

Ook die formulering *Hadriae tabernam* (15) en *neque invenustum* hoort in hierdie kategorie tuis. Aangesien *Hadriae tabernam*, as apposisionele uitbreiding van *Durrachium*, voorkom in die lang lys van kultussentra van Venus, is die leser eers geneig om dit op te neem as 'n frase wat dieselfde graad van plegtigheid as dié in die enumerasie van die ander

kultussentra vertoon. Waar die reeks plekke wat in hierdie uitbreidende tipering en enumerasie in die invokasie bygeroep word, sover dit aan ons bekend is, na aan die see geleë was, neem die leser dit aanvanklik op as 'n uitdrukking wat inskakel by die verhewe himniese styl van die res van die invokasie (versreëls 11-16). Dit sou dus gewoon net "herberg" van die Adriatiese see kon beteken. Wanneer daar egter in die volgende versreël daarvan sprake is dat die godin (Venus) die votum moet toestaan, indien dit neque invenustum est (17), merk die leser 'n meerduidigheid op. Neque invenustum slaan nie net op 'n positiewe tipering van die votum as iets besonder spitsvondigs nie, maar roep ook 'n metalinguale lesing op. Die gelofte aan Venus is - via die dubbele negatief (neque en invenustum) - 'n positiewe aanduiding dat die votum besonder venustum is. Terwyl die geloftegebed aan die godin van die liefde gerig word, is die votum self besonder venustum. Dit roep onder meer 'n liefdesassosiasie op. Retrospektief toegepas op Hadriae tabernam hou dit in dat taberna gekies is na aanleiding van die "dienste" wat in die hawestad Durrachium beskikbaar was (kyk Williams, 1968:222). In so 'n lesing hou dit in dat die plegtige styl van die res van die invokasie ontluister word deur die naamskarakterstelling van die sublieme en die banale. Aan Venus, as godin van die liefde (ook die promiskueuse liefde), word 'n votum venustum toegewy. Sy is ook die godin van die hoerhuis van die Adriatiese See.

#### 4.5.3.2 Konformering en ondermyning

Indien die hipotese juis is dat carmen 36 as 'n parodiëring en ironisering van die gebedsvorm beskou moet word, kan verwag word dat die gedig in vele opsigte formeel sal ooreenstem met die bekend veronderstelde grondvorm. Dit is reeds ten opsigte van hierdie gedig aangetoon sover dit die komponente van die diskoersstruktuur van die gebedsvorm aangaan. In 'n parodie word die grondvorm egter ook ondergrawe en ondermyn. Een van die wyses waarop dit kan geskied, is deur aanduidings van 'n "te veel", en, binne hierdie spesifieke konteks, 'n konformering aan konvensie in 'n graad hoër as wat verwag word. Dit kan ook bewerkstellig word deurdat die gebruik van 'n statige vorm onvanpas is in die konteks waarin dit voorkom of deurdat die "inhoud" nie klop met die vorm nie.

Hierdie "te veel" kan bewerkstellig word deur herhaling. Die effek van herhaling is tweërlei. Enersyds dien die herhaling (en variasie) van tekseenhede tot die skepping van patroonmatigheide en kan dit as sodanig as struktuurbouers getipeer word. Andersyds kan dit funksioneer om die grondvorm te ondermyn, juis deur 'n te rigiede en oormatige konformering daaraan.

Die eerste verskynsel wat die leser in hierdie verband opval, is die uitgebreidheid van die aanspreking van Venus in versreëls 11-15 in die *precatio* wat van versreël 11-17 strek. Die aanspreking beslaan vyf van die sewe versreëls van die gebed, terwyl die bede self, asook die "voorwaarde" daaraan verbonde, elk slegs een versreël lank is. Alhoewel dit in ooreenstemming is met bepaalde konvensies vir die skryf van gebedstekste (spesifiek sover dit die gemoedigheid met korrekte aanspreking van die godheid, die bewerkstelling van 'n gunstige ingesteldheid van die godheid teenoor die gebed en die vermelding van die geboortelegende en kultussentra van die godheid aangaan), val dit die leser op as 'n besonder uitgebreide aanspreking, wat onvanpas is by 'n offer van *cacata carta*. Die funksie hiervan is na alle waarskynlikheid om die

formalisme en eksaktheid wat tipies is aan gebedstekste na te doen, en om dit, op grond van die onvanpasheid daarvan in die tekstuele konteks, terselfdertyd onder skoot te kry. Dit skep gevolglik die indruk van 'n godsdienstige handeling, maar mis 'n godsdienstige intensie.

#### 4.5.3.3 Patroonmatigheede

Binne hierdie aanspreking van Venus, wat nie op die naam genoem word nie, maar wat die leser identifiseer na aanleiding van die vermelding van haar geboortelegende en kultussentra, word 'n herhalings- en enumerasietegniek aangewend. Besonder opvallend is die herhaling van quaeque, en die daaraan verwante quae:

nunc o caeruleo creata ponto,  
quae sanctum Idalium Uriosque apertos  
quaeque Ancona Cnidumque harundinosam  
colis quaeque Amathunta quaeque Golgos  
quaeque Durrachium Hadriae tabernam  
(11-15)

Na die aanvanklike quae (12), word die volgende twee quaeque's geëlideer (13, 14a) en die laaste twee (14b, 15) ongeëlideerd aangetref. Die ordening binne die tipografiese struktuur verdien ook vermelding. In versreëls 12, 13 en 15 staan quae en quaeque in die aanvangsposisies van die versreëls, terwyl die twee quaeque's in versreël 14 die tweede en die tweede laaste posisie daarin beklee. Hierdie anaforiese herhaling, wat 'n tipiese voorbeeld van relatiewe bysinspredikering in gebedstekste is (kyk hoofstuk 3, punt 4.3), dien daartoe om die gestileerdheid van die aanspreking te verhoog, en om 'n hegte struktuur daaraan te verleen. Dit werk ook daartoe mee om 'n hoë graad van formaliteit te bewerkstellig. Dit staan in direkte samehang met die enumerasietegniek wat waarneembaar is sover dit die opnoem van kultussentra aangaan. Die gebruik van adjektiewe en apposisie om die kultussentra verder te tipeer (sanctum Idalium Uriosque apertos<sup>7</sup>, ... Cnidumque harundinosam ... Durrachium Hadriae tabernam) is in ooreenstemming met 'n tipies Aleksandrynse neiging tot verbesondering. Die chiasiese konstruksie in versreël 12, waar die patroon: adjektief, selfstandige naamwoord, selfstandige naamwoord, adjektief (abba), verder versterk word deur klanklike ooreenstemmings in die adjektief en selfstandige naamwoord, doen besonder gestileerd aan.

Terwyl die formele bou van die aanspreking dus sterk konvensioneel is en 'n indruk van stilistiese gepoleerdheid skep, is die globale tekstuele funksie daarvan die ondergraving van die verheuenheid wat tipies aan gebedstekste is. Fordyce (1965:181) het gelyk wanneer hy opmerk:

<sup>7</sup> Ross (1973:60-62) is van mening dat Uriosque apertos as 'n "gloss" getipeer kan word. Hy wys daarop dat hierdie plek onbekend is, dat pogings om dit te identifiseer inkonklusief is en dat voorgestelde teksemendاسies onbevredigend is. Hy merk op dat sowel Griekse as Romeinse digters 'n voorliefde vir etimologisering gehad het en dat apertos "oop" of "aan die winde blootgestel" beteken. Indien Urios na Grieks getransliterer word, lewer dit ourios, wat "winderig" beteken. Hier is volgens hom 'n voorbeeld van 'n praktyk van 'n doctus poeta wat 'n woordspel speel.

"The solemn recital of Venus' cult-titles in a series of relative clauses parodies the formal hymnal style." Hy wys ook tereg op die kontras tussen die parodiërende en ernstige aanwending van dieselfde styl in carmina 36 en 34 respektiewelik.

Die funksie van hierdie gestileerdheid is waarskynlik eerder om struktuurbinding en simmetrie te bewerkstellig as om die gebedsvorm te parodieer.

#### 4.5.3.4 Sintaktiese vooropstelling deur middel van "hyperbaton"

In tekste wat konvensioneel as literêre tekste geklassifiseer word, bied die sintaktiese ordening van inligting dikwels belangrike interpretatiewe leidrade aan die leser (kyk Gräbe, 1984:178-260). Sintaktiese vooropstelling geskied nie net deur patroonvorming soos hierbo nie, maar kan ook bewerkstellig word deur afwyking van die patroon wat die norm in die teks is.

Wanneer die orde waarin selfstandige naamwoorde en die uitbreidings daarop (naamlik adjektiewe, genitiewe en apposisies) in hierdie gedig nagegaan word, dan is die oorwegende indruk dat die normale reëls van die Latynse sintaksis in hierdie gedig toegepas word. Daar kom egter een besonder ingrypende geval van hyperbaton voor. Dit word aangetref in die ver-uitmekaar-geplaasde *electissima ... scripta ... ustulanda* (6-8). Arbusow (1948:79-80) beskryf die funksie van hyperbaton as "Hervorhebung eines bedeutsamen Begriffes ...". Dit wil my voorkom of daar min twyfel daaroor kan bestaan dat die sintakties-tipografiese ordening inderdaad hier vooropstellend funksioneer. In *electissima ... scripta ... ustulanda* sit die angel van die mededeling, soos dikwels in Latynse sinne, in die stert (kyk Mountford, 1967:18). Die vermelding van *electissima* wek by die leser die indruk van iets besonder positief; dit word opgevolg deur die neutrale *scripta*, maar die samestelling *electissima ... scripta* word negatiewer deur die vermelding van *pessimi poetæ* wat daartussen geplaas is. Ten slotte tref die leser die gewichtigste mededeling in *ustulanda* aan. Hierdeur word die tema van 'n godsdienstige handeling van vernietiging op die voorgrond gestel. Na die lees van die godsdienstige term *ustulanda* merk die leser dat *electissima* nie bloot dui op die uitsoekgeskifte nie, maar dat die tipering ook 'n godsdienstige konnotasie het, en wel in die sin dat die keur van iets gewoonlik aan die gode geoffer is. So bevestig die sintakties-tipografiese struktuur die semantiese bod van die gedig.

#### 4.5.3.5 Foniese organisasie en die semantiese funksie daarvan

Gräbe (1984:291), wat binne die raamwerk van 'n formalisties geörienteerde strukturalisties-semiotiese benadering tot die poësie werk, merk op dat klanklike vooropstelling in die poësie nie berus op 'n afwyking van standaardtaalgebruik nie, maar op 'n eksploitasie van herhalingselemente. Terwyl dit uit vorige bespreking geblyk het dat die onderskeid tussen poëtiese en standaardtaalgebruik problematies is (kyk hoofstuk 4, punt 8.2), word die opvatting dat die klankwerking in 'n gedig op 'n eksploitasie van herhalingselemente berus as juis aanvaar.

Daar is vroeër daarop gewys dat Romeinse gebedstekste 'n baie sterk neiging tot die aanwending van alliterasie en assonansie vertoon en dat dit in hierdie opsig van die konvensies vir Griekse gebedstekste verskil (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.3.6). Daar word vervolgens 'n uiteensetting

van die vernaamste klanklike patrone in carmen 36 gebied. Die oogmerk hiermee is om te probeer vasstel of 'n semantiese funksie aan die klankorganisasie toegeskryf kan word. Daar word, anders as die klanksymboliste, van die standpunt uitgegaan dat klank slegs in samespel met woordbetekenis 'n semantiese funksie in 'n gedig kan hê. As sodanig is die funksie daarvan nie in die voorkoms van klanke as sodanig geleë nie, maar word dit kontekstueel (gedigspesifiek) bepaal.

Daar word vervolgens eers 'n inventaris van die vernaamste voorkomste van alliterasie in die gedig gebied:

cacata carta (1)  
pro ... puella (2)  
si sibi (4)  
pessimi poetae (6)  
deo daturam (7)  
pessima ... puella (9)  
caeruleo ... creata (11)  
quaeque ... quaeque (14-15)  
at vos interea venite (18)  
cacata carta (20)

Terwyl die normale en oorwegende funksie van klankherhaling in die poësie is om 'n klankuniversum te skep deur die diffuse herhaling van klanke, kan klank ook spesifieke semantiese implikasies hê. Voorbeelde hiervan is myns insiens in die volgende gevalle aanwysbaar.

Die herhaling van /k/ in *cacata carta* (1,20) is 'n voorbeeld van klanklike vooropstelling met 'n negatiewe lading. /k/ is uiteraard 'n eksplisief, wat as 't ware in 'n spreker se mond "ontplof" deur afsluiting van die lugstroom in die spreekkanaal. In die aanvangs- en slotversreël:

*Annales Volusi, cacata carta*

(1,20)

tref die leser herhaling van /a/, /a:/, en /k/-klanke aan. Alhoewel /k/ op sigself geen negatiewe waarde het nie, verkry dit in hierdie versreël in samehang met die woordbetekenis van *cacata* 'n negatiewe lading. Afgesien daarvan dat *cacata* grammatikaal, as adjektief by 'n selfstandige naamwoord, 'n kwalifikasie by *carta* is, is die woorde ook klanklik verwant, en deur middel van die aanwesigheid van /a/ en /a:/ in sowel *cacata* as *annales*, word die negatiewe konnotasie van *cacata* ook klankmatig op *annales* oorgedra. Hierdie negatiewe konnotasie word bevestig in versreël 20 wat volgens die tegniek van raamkomposisie identies met die eerste versreël is.

Die /k/-alliterasie kom egter nie net in versreëls 1 en 20 voor nie. Reg aan die begin van die ek-spreker se aanroeping van *Venus* in versreël 11, dit wil sê presies in die middel tussen versreëls 1 en 20, word dit ook aangetref:

nunc o caeruleo creata ponto

Hierdie versreëls is kennelik in die "grand manner" geskryf. Die klanklike ekwivalensie op die paradigmatische as word nou op die sintagmatiese as geprojekteer. Dit hou in dat die leser die negatiewe konnotasie van *cacata carta* in verband bring met die verheve *caeruleo*

creata. Op die minste kan opgemerk word dat uitings in teenoorstaande registers hier in dieselfde klankveld ingetrek word. Op grond van die patroon (cacata carta (1) (vulgariteit), caeruleo creata (11) (verhewenheid), cacata carta (20) (vulgariteit)) wat gevestig word, wil dit my voorkom of met 'n groot mate van stelligheid beweer kan word dat caeruleo creata negatiewer word deur die klanklike verwantskap van hierdie alliteratiewe paar met die omramende cacata carta's, en dat die proses nie andersom (dit wil sê vulgariteit opgehef deur verhewenheid) geskied nie. Dit is 'n goeie voorbeeld van hoe klank in samehang met woordbetekenis 'n dinamiese semantiese funksie in 'n gedig kan hê en so meesprek in die betekenis van die vers. So speel klank 'n rol in die profanering van die gebed in hierdie gedig.

Op analoë wyse, maar hierdie keer met betrekking tot assonansie, benut die digter die /o/ en /e:/-klanke om woorde wat semanties ver van mekaar lê klanklik te verbind:

iocose lepide vovere (10)

So gaan, weer eens in samehang met woordbetekenis, die skertsende en plegtige 'n klankmatige verband met mekaar aan wat die semantiese bod en ontwikkeling van die gedig ondersteun, wanneer iocose en vovere in dieselfde klankveld ingetrek word.

'n Verskynsel wat die moderne leser maklik kan ontgaan, omdat hy bekend is met eindrym in die poësie (in meer konvensionele en tradisionele versvorme soos die kwatryn en die sonnet), is die feit dat daar in hierdie gedig, in vergelyking met die norm vir Klassieke poësie, meer "eindrym" voorkom as wat gebruiklik is. Hierdie rymklanke vertoon egter nie 'n vaste patroon nie:

carta (1)  
puella (2)

lignis (9)  
divis (11)

apertos (12)  
harundinosam (13)  
Golgos (14)  
tabernam (15)

en moontlik ook:

votum (16)  
-----  
-----  
inficetiarum (19)

Geen spesifieke semantiese funksie kan myns insiens hieruit afgelees word nie, behalwe moontlik in die twyfelagtige geval van votum (16) en inficetiarum (19), waar 'n saak daarvoor uitgemaak sou kon word dat die verhewene en die negatiewe klanklik in verband gebring word. Die funksie van hierdie ryme is waarskynlik eerder om die gedig 'n klanklike eenheidskarakter te gee. Die feit dat hierdie ryme in 'n oorvloediger mate as die norm vir die Klassieke poësie voorkom, dui waarskynlik op

'n poging tot fyn afgewerkte stilering van 'n gedig waarin die verhevenheid van die gebedsvorm geparodieer word. Dit is ook moontlik dat 'n effek van gekunsteldheid hierdeur nagestreef word, aangesien oordrywing in die Oudheid "als Kenzeichen gekünsteltes Stiles" (Arbusow, 1948:80) gefunksioneer het.

Dit sou te veel ruimte in beslag neem om die klankorganisasie en -struktuur in hierdie gedig in detail te bespreek. Daarom word die aandag slegs gevestig op 'n paar klanke wat as't ware deur die hele gedig voortgeplant word en deur hul diffuse verspreiding daartoe bydra om die gedig saam te bind. Die /a/, /a:/, /o/, /o:/, /i/, /ae/, /e:/, /u/, /s/, /p/, /v/, /t/, /m/, /l/ en /r/ speel geen geringe rol hierin nie.

#### 4.5.3.6 Metaforiek

Benewens die reeds vermelde spesifisering van die verbranding van die *Annales Volusi* tot 'n offer van monstra of prodigia (kyk punt 4.3.2), moet opgemerk word dat, indien hierdie gedig dekonstruktief gelees word, die godsdienstige handeling (soos dikwels in die Romeinse godsdiens) in terme van metafore uit die handels- en regswêreld uitgebeeld word. *Votum solvere* beteken "om 'n gelofte te betaal". Soos wat 'n koper sy skuld betaal of "losmaak", so "betaal" (of "ontknoop") die aflegger van 'n votum sy belofte. Die frase *acceptum face redditumque votum* (16) bevat weer 'n metafoor afkomstig uit die sfeer van boekhouding. Williamson (1969:102) doen as vertaling "enter as received and paid" aan die hand. Hierdeur word die idee van kontraktualiteit op die voorgrond geplaas. Die godsdienstige handeling is analoog aan 'n besigheids- en 'n regshandeling. Kroll (1960:69) wys daarop dat *votum reddere* in sakrale taalgebruik tuishoort, terwyl *votum facere* in juridiese Latyn gebruiklik is. Die godsdiens is soos (en word tot) 'n blote transaksie.

## 4.6 DIE FUNKSIE VAN DIE GEBEDSVORME

Uit die diskrepansie tussen die teks-votum en die stereotipiese opvatting oor 'n votum, uit die navolging van die vorm en styl van gebedstekste sonder enige godsdienstige intensie, en uit die onvanpastheid van die gebruik van 'n vorm met verhewe konnotasies in 'n konteks wat duidelik nie verhewe is nie, blyk dit dat die gebedsvorm in hierdie gedig geparodieer word. Die parodiëring bewerkstellig humor, alhoewel dit as 'n venynige humor getipeer kan word sover dit Volusius aangaan. Die aanwending van die gebedsvorm is 'n illustrasie van spel en spot in ooreenstemming met die neoteriese opvatting van poësie as *lusus*. Die gedig is 'n toonbeeld van die gevatheid wat hoog aangeslaan is deur die *novi poetae*. Dit geld sowel die netjiese omkering van die beminde se gelofte as die ontluistering van 'n vorm wat gewoonlik in formele kontekste en in uitings in 'n verhewe register voorkom. Dit sluit aan by die "revolusionêre" anti-establishment ingesteldheid van Catullus en die nuwe digters.

Die benutting van gebedsvorme geskied op tipies Aleksandryense wyse.

## 5. METODOLOGIESE BESPREKING

### 5.1 INLEIDING

Teen die agtergrond van hierdie uiteensetting van verskillende resepsies van carmen 36 kan nou oorgegaan word tot 'n uiteensetting en bespreking van die bevindinge wat uit hierdie ondersoek voortvloei.

In hierdie onderafdeling sal gepoog word om antwoorde te verstrek op die volgende vrae:

- Waarom verskil interpretasies?
- Het 'n gedig een korrekte interpretasie, of is meerdere lesings daarvan moontlik?
- Kan kriteria geformuleer word waaraan die juistheid van interpretasies gemeet word?
- Beperk die gebruik van die gebedsvorm die aantal moontlike lesings van die gedig?

### 5.2 DIE REDES VIR INTERPRETASIEVERSKILLE

#### 5.2.1 Taalkundige detailverskille

Aangesien die interpretasies van carmen 36 wyd uiteenlopend is, moet die vraag gestel word aan watter faktore hierdie verskille toegeskryf kan word. Daar word eerstens ondersoek ingestel of 'n deeglike bestudering van die teks op mikrovlak (dit wil sê sover dit die grammatikale en linguale struktuur daarvan aangaan) nie uitsluitel hieroor kan bied nie.

Uit 'n gedetailleerde ondersoek blyk dit dat daar verskil heers oor die volgende sake:

- Die sintaktiese struktuur van versreëls 9-10

Wat in geding is sover dit die sintaktiese struktuur van versreëls 9-10

*et hoc pessima se puella vidit  
iocose lepide vovere divis.*

aangaan, is wat die grammatikale funksie van *hoc* en van *pessima* is. Sommige kommentatore (byvoorbeeld Ellis, 1876:98) beskou *pessima* as 'n nominatiewe adjektief wat kongruer met *puella*. *Pessima puella* is dan die onderwerp van die werkwoord *vidit*. Dit hou terselfdertyd in dat *hoc* gelees word as direkte voorwerp (akkusatief) van *vovere*. Hiervolgens kan die sin vertaal word as: "En die bose meisie het gesien dat sy dit (hierdie gelofte) skertsend en gevat aan die gode toewy." Ander kommentatore (byvoorbeeld Simpson, 1964:96) beskou *pessima* as 'n akkusatief en lees dit as die direkte voorwerp van *vovere*. Dit hou in dat *hoc* as 'n ablatief gelees word.

Simpson (1964:96) se vertaling lui dan: "And by this my lady saw that she, with merry wit, offered the worst things to the gods."

Daar moet opgelet word dat die metriese bou van die versreël van geen hulp is om uitsluitel hieroor te bied nie.

'n Ander manier om te probeer vasstel wat die juiste interpretasie is, is om die problematiese gedeelte met Catullus se taagebruik elders te vergelyk en dan 'n bepaalde lesing as waarskynliker te beskou (kyk byvoorbeeld Lackenbacher, 1935:156).

Ander kommentatore vind nie een van die uitlegte aanvaarbaar nie en emendeer die teks sodat dit "beter sin" maak (of te wel beter inskakel by hul interpretasie). So wys Comfort (1929:181) daarop dat die sin baie minder problematies sou wees indien dicit as emendasie vir vidit (9) aanvaar sou word.

- Die presiese betekenis van 'n aantal woorde in hul tekstuele konteks

Dit gaan hier eerstens oor die vraag of iambos op spotgedigte dui en of dit op die metrum van die gedigte slaan. Terwyl meeste skrywers (byvoorbeeld Fordyce, 1965:180; Williamson, 1969:102, 91 en Kroll, 1960:67 met verwysing na carmina 40.2 en 56.5) van mening is dat hierdie term nie op die versmaat nie, maar op die inhoud van die verse (dit wil sê as spotgedigte) dui, meen Ellis (1857:96) dat dit twyfelagtig is of iambos hier in 'n geëkstendeerde betekenis gebruik word en meen hy dat dit inderdaad op die versmaat dui.

Dit raak verder die betekenis van *interea*. Die woord word verstaan in die gewone temporele betekenis van "intussen" (Comfort, 1919:181; Lackenbacher, 1935:159), "voorlopig" (Kroll, 1960:69), en deur Buchheit (1975:46-48) as 'n woord waarvan temporele betekenis verwaag het en in die sin van die Duitse "indessen" adversatief verstaan moet word.

Dit handel voorts oor die vraag of *electissima* ernstig of ironies bedoel word, asook kleiner verskille oor die presiese betekenis van *sanctae*, "restitutus essem" (4) (kyk punt 3.5.2), en *tabernam* (15) (kyk punt 4.5.3.1).

- Die verbande tussen tekssegmente

Verdere verskille raak die vraag na die samehang tussen tekssegmente, en hier gaan dit spesifiek oor die interpretasie van

et (9)

Die vraag oor die interpretasie van et lê op die grenslyn tussen sintaksis en semantiek en het betrekking op hoe versreëls 9-10

- Ellis (1857:97) wys daarop dat dit moontlik is dat die woord "heilig" beteken, maar vind dit waarskynliker dat die epitheton Venus beskryf "as the goddess of the faithful, as opposed to shifting or promiscuous love." Kroll (1960:67) wys weer daarop dat *sanctus* gewoonlik 'n poëtiese en geen kultiese term is nie.

met die res van die diskoers (veral die gedeelte wat hierdie versreëls voorafgaan) inskakel. Bind dit met versreëls 1-2, en voer dit die gedagtegang daarin verder, of skakel dit met die gedeelte wat direk daaraan voorafgaan, dit wil sê met die meisie se votum? Kroll (1960:68) meen die onderliggende semantiese inhoud van 9-10 is: Lesbia het dit skertsend bedoel, maar ek maak erns daarmee. Buchheit (1975:56) vind die verklaring onaanvaarbaar en wys daarop dat; indien hierdie interpretasie korrek sou wees, die leser in versreël 9 sêd, en nie et nie, as voegwoord sou verwag (1975:57). In noue samehang hiermee verwerp hy ook Eisenhut se vertaling van *iocose lepide* (10) as sou dit bedoel dat die meisie daarvan bewus was dat sy "nur zum Spass" ("bloot skertsend") die gelofte aan die gode afgelê het (1975:56). Die feit dat "nur" ("bloot" / "slegs") nie in die teks voorkom nie, het volgens Buchheit (1975:56) 'n goeie rede: as haar gelofte bloot as 'n geskerts bedoel was, was die vervulling daarvan onnodig en selfs sinloos. Daarom interpreteer hy die sin as volg: "Lesbia hat sich einen geistreichen (*lepide*) Scherz (*iocose*) mit ihrem Votum erlaubt" (1975:57).

Hieruit blyk dit dat die interpretasie van et en *iocose lepide* bepaal word deur hoe die leser die diskoerseenhede met mekaar verbind, en in die geval van *iocose lepide* met die raam wat die leser vir die gedig konstrueer.

at (18)

Sover dit at aangaan moet daarop gelet word dat die kommentatore, met uitsondering van Buchheit (1975:46), min erns maak met die normale adversatiewe betekenis van at. Ellis (1857:100) wys wel daarop dat dit op die oog af vreemd is dat die vervulling van die gelofte skynbaar die gode se toestaan van die wens voorafgaan, maar "verklaar" dit deur aan te voer dat interea 'n merker van die antitese tussen die godin se kennisname ("acknowledgement") van die gelofte en Catullus en Lesbia se betaling daarvan is.

Buchheit (1975:46-48) lê sterk klem op die drievoudige aanduiding van adversatiewiteit in versreël 18, maar interpreteer dit as 'n teenstelling met versreëls 17 en 10, en nie met die gelofte as sodanig, soos in die vorm-georiënteerde lesing nie.

Uit die ondersoek wil dit voorkom of suiwer taalkundige detailverskille nie van so 'n ingrypende aard is dat dit 'n verklaring kan bied vir die wyd uiteenlopende interpretasies van hierdie gedig nie.

### 5.2.2 Raamkonstruksie

Die belangriker faktore lê op die vlakke van raamkonstruksie, literatuurbeskouing en - in 'n mindere mate - verskille oor die struktuur van die teks.

Uit die verskillende interpretasies van *carmen* 36 wat in hierdie hoofstuk behandel is, blyk dit dat literatore dit nie eens is oor die toepaslike raam waarbinne die teksinligting tuishoort nie. In die interpretasies wat gebied is, beskou Ellis dit as 'n liefdesgedig, Buchheit primêr as 'n literêre invektief, aangebied agter die fasade van 'n votum, Williams weer as 'n

gedig vir die veilige terugkeer van Catullus na 'n reis, Comfort as 'n liefdesgedig, maar as 'n liefdesgedig wat sy aanleiding het in 'n situasie waar 'n "twis" oor literêre sake uitgeloop het op 'n minnaarstwis, terwyl dit in die vorm-georiënteerde interpretasie as 'n speelse liefdesgedig gelees is.

Die vraag wat as gevolg hiervan aandag verdien, is of daar 'n klinkklare manier is om vas te stel wat die juiste raam is waarbinne die gedig gelees moet word. Is een van hierdie rame die korrekte, tot uitsluiting van ander, wat dan as mistastings beskou moet word, of kan die gedig binne meer as een van hierdie rame gelees word?

Die argumente wat ten gunste van die keuse van 'n bepaalde makrorraam aangevoer word, is gewoonlik tekstueel of intertekstueel van aard. In die uiteensetting wat hierop volg, sal aangevoer word dat sodanige argumente nie konklusief is nie.

### 5.2.2.1 Tekstuele argumente / 'n Beroep op die teks

Daar word eerstens nagegaan hoe daar vir die konstruksie van verskillende rame 'n beroep op die teks gedoen word. Om aan te toon dat carmen 36 'n liefdesgedig is, kan daar gewys word op die voorkoms van *mea puella* (2), en veral op die voorwaarde *si sibi restitutus essem* (4). Verder kan daarop gewys word dat die meisie se *votum* aan die liefdesgode (*Veneri Cupidinique* (3)) toegewy is, en dat, wanneer die spreker bid om die vervulling daarvan, hy sy bede aan die liefdesgodin *Venus* rig. Hieruit blyk dit daar daar sterk tekstuele ondersteuning aangevoer kan word vir die opvatting dat die gedig as 'n liefdesgedig beskou moet word.

Maar, eweneens met beroep op die teks, kan daar ook 'n saak daarvoor uitgemaak word dat carmen 36 "eintlik" of "ten diepste" as 'n literêre invektief bedoel is. In hierdie geval is die teksgetuienis die identiese aanvangs- en slotreël (*Annales Volusi, cacata carta*), asook die voorkoms van stylkritiese terme in die gedig (*iocose lepide* (10), *si non illepidum neque invenustum est* (17), en *pleni ruris et inficetiarum* in versreël 19). Die feit dat van hierdie aanduidings voorkom in die aanvangs- en slotposisies van die gedig, wat gewoonlik belangrike posisies is, kan as 'n bykomende strukturele argument ten gunste van 'n interpretasie van die gedig as 'n literêre invektief aangevoer word.

Navorsers kan egter ook die weg opgaan om die twee rame, waarvoor daar albei teksgetuienis aangevoer kan word, te hiërargiseer. So beskou Buchheit die *votum* (en die daarmee samehangende liefdestema) as 'n middel tot 'n doel en stel hierdie tema sodoende ondergeskik aan die literêre tema. By Comfort werk hierdie hiërargisering andersom. Hy verreken die literêre invektief in terme van 'n liefdesraam: 'n twis en misverstand oor literêre sake gee aanleiding tot 'n verwydering tussen minnaars, en in carmen 36 word die liefdesverhouding geheel deur die vernietiging van die oorsaak van die verwydering, naamlik die aanstootlike geskrifte van *Volusius*.

Williams se interpretasie krap sake verder deurmekaar. Op grond van sekere teksaanduidings (die vermelding van plekname, en die herinterpretasie van *restitutus essem*) konstrueer hy 'n raam wat verwant is aan 'n liefdesraam, aangesien dit die verhouding tussen *Catullus* en *Lesbia* raak. Sy voorstel verskil egter van die gewone liefdesraamhipotese in die sin dat dit nie gaan om die heling van 'n twis

tussen minnaars nie, maar om die vervulling van 'n gelofte vir die veilige terugkeer van Catullus.

In die lig hiervan blyk dit dat 'n beroep op die teks nie tot die konstruksie van een raam aanleiding gee nie. Die teenargument wat deur voorstanders van een korrekte lesing aangevoer sou kon word, is dat, al word toegegee dat lesers met beroep op die teks verskillende rame opstel, dit nie uitsluit dat sommige van hierdie konstruksies verkeerd is nie. Die teenvraag op hierdie teenargument is: Watter kriteria kan aangelaê word vir die onderskeiding van "korrekte" en "verkeerde" rame? Dit is in hierdie verband nodig om die aandag daarop te vestig dat teorieë soos soekligte funksioneer en in die proses sekere sake aan die lig bring en ander in die duister laat. Om dit heel prakties te illustreer: as die literator homself afvra: "Wat maak carmen 36 tot liefdesgedig?", dan gaan hy nie na gegewens soek oor "Watter stylkritiese terme kom in carmen 36 voor?" nie. Wat hiermee beweer word, is dat interpretasies nie voortvloei uit "neutrale" analise nie, maar dat die analiseproses reeds gestruktureer is deur die vraagstelling en die hipotese wat die literator probeer illustreer. Analise is gevolglik teleologies: dit is afgestem op 'n doel. Dit is om hierdie rede dat interpretasies van 'n gedig, wanneer dit op sigself in isolasie van ander resepsies gelees word, dikwels heel oortuigend voorkom. Die navorser wil 'n bepaalde insig of hipotese ondersteun. Die punt wat hy wil illustreer, bepaal wat hy raaksien. Hy selekteer die gegewens wat ter sake is vir sy argument, en gewoonlik ook slegs dié wat sy argument ondersteun. In terme van die Gestalt wat hy bou, pas die onderdele binne die geheel. Dit is in hierdie opsig dat 'n komparatiewe benadering waarin verskillende resepsies met mekaar vergelyk word, hoewel dit langdradig en dikwels ook ontnugterend is, baie nuttig kan wees. Wanneer 'n literator sy lesing probeer motiveer, is hy (meestal) nie opsetlik besig om botsende getuienis mis te kyk nie, maar sien hy sodanige getuienis gewoon nie raak nie, omdat hy nie daarvoor op die uitkyk is nie. 'n Ander moontlikheid is dat hy die gegewens binne 'n ander samehang sien. Die komparatiewe ondersoek dwing die literator tot nadenke en tot motivering van sy eie interpretasie. Dat die opvatting oor die geheel bepalend is vir die verstaan van die onderdeel (en nie op die positivistiese model andersom, naamlik dat noukeurige analise aan interpretasie voorafgaan nie) kan geïllustreer word met verwysing na die interpretasie van die twee voorwaardelike bepalinge in die meise se votum (4-5). In die geval van die vorm-georiënteerde lesing, waar die literator op die uitkyk is vir verskille tussen die aangebode teks-votum en die standaardopvatting oor 'n votum, asook vir aanduidings van parodie en ironie (omdat gemeen word dat daar 'n botsing bestaan tussen wat gesê en wat bedoel word), is 'n teenspraak tussen hierdie twee voorwaardes aangetref, en is hierdie teenspraak, wat saamhang met 'n aanwysbare patroon dwarsdeur die gedig, gebruik as argument ten gunste van 'n parodiërende lesing.

Comfort, omdat hy meen dat die wyd gehuldigde Ellis-interpretasie onjuis is, lê op sy beurt klem op die eerste van hierdie voorwaardes, wat impliseer dat Lesbia te blameer was vir die verwydering tussen die minnaars. Die tweede voorwaarde, naamlik dat Catullus sy inektiewe moet staak, interpreteer hy binne die raamwerk van die situasie wat hy reconstrueer. (Catullus het haar na hul twis teruggekry met 'n gedig soos carmen 8, en sy wil hê dat hy sulke aanvalle moet staak).

In terme van Williams se raam, is daar nie 'n teenspraak tussen die voorwaardes nie. Lesbia het 'n gelofte afgelaê ter wille van die veilige

terugkeer van Catullus en aan hierdie voorwaarde het sy 'n pleidooi toegevoeg dat hy sy invektiewe moet staak. Die eintlike sleutel tot die verstaan van die gedig as 'n gelofte vir veilige terugkeer lê in die eerste voorwaarde. Die skakeling van die tweede voorwaarde met die res van die diskoers geniet nie aandag nie. Die rede hiervoor is gewoon dat die eerste voorwaarde vir Williams in sy heel (oor-)subtile konstruksie van 'n raam ter sake en belangrik is, terwyl die tweede slegs bysaak is.

Alhoewel aldrie literatore dit eens is oor die grammatikale struktuur van die gedeelte (dit is twee voorwaardelike bepalings in 'n votum) verskil hulle ingrypend in hul interpretasie daarvan. Hierdie verskil moet toegeskryf word aan hul opvatting oor die gedighipotese, dit wil sê, binne watter geheel hierdie voorwaardes sin maak.

#### 5.2.2.2 Intertekstuele argumente

Net soos argumente met beroep op teksgegewens, is argumente wat 'n beroep doen op die interteks nie konklusief nie, omdat intertekstuele argumente ter staving van uiteenlopende interpretasies aangewend kan word. So doen Buchheit, ter staving van sy opvatting dat carmen 36 wesenlik literêre invektief is, 'n beroep op ander gedigte van Catullus waar literêre invektief bedryf word onder die dekmantel van 'n ander tema. Daar moet daarmee rekening gehou word dat Buchheit dit duidelik stel dat intertekstuele argumente nie van deurslaggewende belang is nie. Die teksstruktuur is belangriker, maar indien die interpretasie wat op die teksstruktuur gebaseer is, klop met die digter se praktyk in van sy ander gedigte, dan versterk die intertekstuele argumente die tekstuele argumente.

Alhoewel daar in die resepsies wat behandel is, nie op indringende wyse 'n poging aangewend is om die interpretasie dat die gedig binne 'n liefdesraam tuishoort met intertekstuele argumente te staaf nie (behalwe Comfort in sy bepaling van die psigiese profiel van Lesbia en Catullus), behoort dit maklik gedoen te kan word. In Catullus se oeuvre is daar 'n hele aantal van die sogenaamde Lesbia-gedigte waarin dit om die verwydering en versoening tussen die minnaars gaan. Dit sou as intertekstuele argumente ter staving van 'n interpretasie van die gedig binne 'n liefdesraam aangewend kon word deur daarop te wys dat die digter se praktyk in carmen 36 ooreenstem met sy skryfwyse in ander gedigte.

Dieselfde geld vir detailinterpretasies van kleiner tekssegmente. 'n Literator wat 'n saak daarvoor wil uitmaak dat *pessimi poetae* (6) 'n verwysing na Catullus (en nie na Volusius nie) is, sou hom intertekstueel kan beroep op carmen 49.5, waar Catullus na homself verwys as 'n *pessimus poeta*, terwyl diegene wat meen dat Lesbia na Volusius verwys het, die tersaaklikheid van die intertekstuele argument in twyfel sal trek.

Indien 'n beroep op die teks en die interteks dan nie finale uitsluitsel kan bied oor die juiste raam nie, moet gevra word of redes nie op 'n ander niveau gesoek moet word nie. Dit wil my voorkom of 'n ondersoek na die preteoretiese en teoretiese aannames van die literator lig kan werp op sekere fasette van die interpretasieproblematiek.

#### 5.2.3 Teorieë, leesfokusse en rame

Alhoewel daar nie 'n een-tot-een verhouding bestaan tussen die literatiese literatuurbeskouing en die raam wat hy vir die gedig bedink nie, staan hierdie twee dinge nie heeltemal los van mekaar nie, aangesien die leser se literêre en teoretiese aannames die fokus waarmee hy 'n teks lees bepaal.

### 5.2.3.1 Die vraag oor realiteit of fiktiviteit

Die interpretasie van die teks hou ten nouste verband daarmee of die gedig beskou word as 'n weergawe van 'n gebeurtenis wat "werklik" in die buitetekstuele "werklikheid" plaasgevind het. Vir Comfort (1929:passim) wat die teks as 'n dokument beskou, is dit 'n vanselfsprekende feit dat die gedig die uitvloeisel van 'n reële situasie is, terwyl dit vir Buchheit (1975:59) wat die teks as monument beskou, van geen belang vir die verstaan van die gedig is nie. Hierdie verskil is nie net 'n verskil in aanname nie, maar rig die fokus van die ondersoek, die soort argumente wat ingespan word en die data wat in die argumentasie toegelaat word.

### 5.2.3.2 Struktuurbeskrywing en struktuurargumente

Die belangrikheid van die teoretiese aannames kan ook geïllustreer word aan die hand van hoe die begrippe "struktuur" en "eenheid" in die verskillende bespreekte resepsies figureer of ontbreek. Hierdie teoretiese begrippe kom veral voor in die interpretasies van Buchheit en in die vorm-geïntereerde lesing, in 'n mindere mate in dié van Ellis en Williams, en glad nie in dié van Comfort nie.

Die rede hiervoor moet gesoek word in die literaturopvatting wat die literator hanteer. Die feit dat die konsep "struktuur" nie figureer in die bespreking van Comfort nie, moet daaraan toegeskryf word dat hy - as gevolg van die literaturopvatting wat hy huldig - nie struktuur-geïntereerd werk nie. Vir hom hang die verstaan van die gedig nie af van hoe dit linguaal aanmeekagesit of gestruktureer is nie, maar lê die eintlike swaartepunt van literêre ondersoek daarin om die historiese situasie te rekonstrueer wat die gedig veroorsaak het.

Met Buchheit se interpretasie is dit heel anders gesteld. Van al die verskillende argumente wat hy aanvoer, dra struktuurargumente die swaarste gewig. Struktuur hang vir hom ten nouste saam met die opvatting dat 'n gedig 'n eenheid is. Die onderliggende aanname wat aan sy analise ten grondslag lê, is dat 'n deeglike bestudering van die teksstruktuur onontbeerlik is vir 'n korrekte verstaan en juiste interpretasie van die gedig. Omdat die teks hiervolgens opgeneem word as monument en omdat dit as 'n eenheid beskou word, is hy ingestel op die uitwysing van patroonmatighede in die gedig. Sy soeke na die eenheid van die gedig lei hom daartoe om veral op die uitkyk te wees vir relasies van ooreenstemming (byvoorbeeld sover dit versreëls 1-2 en 18-20 aangaan). Om die eenheid van die gedig aan te toon, hiërgargiseer hy die literêre en liefdestemas.

In die vorm-geïntereerde lesing word ook met die begrip "struktuur" gewerk, maar nie op dieselfde wyse as in die interpretasie van Buchheit nie, aangesien dit daarin nie net gaan om die teksstruktuur nie, maar om die relasie van teksstrukture tot strukture buite die teks. Hierdie teoretiese opvatting struktureer die ondersoek en bepaal die analisemethode. In hierdie benadering word 'n groot premie op

leserskompetensie geplaas en word daar aanvaar dat die leser in sy lees van carmen 36 die gebedsvorme in die teks in verband bring met 'n standaardopvatting oor hoe gebedstekste daaruitsien. Die opsigte waarin die gebedsvorme in die gedig van die standaardvorm afwyk, word beskou as vooropsettings, en as sodanig as sleutels tot die interpretasie van die gedig. Die formele struktuurondersoek van die teks volg in die uiteensetting van die interpretasievoorstel op die bepaling van 'n toepaslike raam vir die gedig. Die teksanalise is teleologies afgestem op die ondersteuning van die voorgestelde gedighipotese en daar is deurgaans gepoog om die funksie van die strukture te illustreer. As sodanig word analise nie as 'n neutrale aangeleentheid wat interpretasie voorafgaan, beskou nie.

### 5.2.3.3 Problematiese fasette van struktuur-georiënteerde interpretasie

Die problematiese fasette van struktuur-georiënteerde interpretasie sal uitvoerig behandel word in die bespreking van carmen 1 (kyk hoofstuk 10, punt 4.6). Daarom sal daar hier slegs kortliks enkele opmerkings daaroor gemaak word.

In sy kritiek op 'n interpretasie van carmen 36 binne die raam van die verhouding tussen Catullus en Lesbia, wys Buchheit daarmee saam ook 'n opvatting af wat volgens hom voortvloei uit die bestudering van die gedig binne hierdie raam, naamlik dat carmen 36 in twee dele verdeel is, met versreëls 1-10 wat handel oor die aflegging van die votum, en versreëls 11-20 oor die vervulling daarvan. Hierdie indeling word aangefref in die kommentaar van Ellis (1876:96). Daar moet daarop gelet word dat, alhoewel Ellis so 'n indeling maak, hierdie struktuurbeskrywing eintlik bloot funksioneer as 'n soort inhoudsparafrase. Alhoewel Buchheit, sover dit Ellis se interpretasie aangaan, gelyk het dat die bestudering van die gedig binne hierdie raam aanleiding gee tot die opvatting dat die gedig in twee fases verloop, moet vervolgens gevra word of so 'n verband tussen struktuurindeling en raam noodwendig is, gesien in die lig daarvan dat Buchheit dit as 'n algemene uitspraak stel, en nie spesifiek met betrekking tot Ellis beweer nie.

Die feit dat die gedig in die vorm-georiënteerde lesing as liefdesgedig opgeneem is, maar sonder Ellis se tweedelige struktuurindeling, toon dat die beskouing van die gedig binne die raam van 'n liefdesverhouding nie noodwendig inhou dat die leser die gedig as 'n tweedelige gedig hoef op te neem nie.

Dit is in hierdie verband insiggewend om daarop te let dat, alhoewel die interpretasie van Ellis en dié in die vorm-georiënteerde lesing ooreenstem oor die gedighipotese, die twee interpretasies verskil oor die indeling, of te wel oor die makrostruktuur van die gedig. Aan die ander kant stem die beskrywings van die makrostruktuur van die gedig in Williams se interpretasie en in die vorm-georiënteerde lesing in alle opsigte ooreen, maar verskil die interpretasies van die gedighipotese. Hieruit blyk dit eensyds dat eensgesindheid oor waaroor dit in die gedig gaan, nie impliseer dat literatore ooreenstem oor die formele struktuur van die gedig nie, en andersyds dat ooreenstemming tussen literatore oor die formele bou van die gedig nie inhou dat hulle saamstem oor die gedighipotese nie.

Ten spyte daarvan dat Buchheit se hiërargisering van temas in die vorm-georiënteerde lesing omgekeer is, is daar nie baie verskille tussen hierdie twee interpretasies sover dit die formele struktuur van die gedig

aangaan nie. In albei hierdie lesings word afwysend gestaan teenoor 'n tweeledige indeling van die gedig. Die enigste verskil oor die bou van die gedig raak die funksie van die adversatiewe merkers in versreël 17. Waar Buchheit meen dat die teenstelling 'n kontras merk tussen die aard van Volusius se geskrifte aan die een kant, en Lesbia en Catullus se gevatte spel met die votum aan die ander kant, is die aanduidings van adversatiewiteit in die vorm-georiënteerde lesing opgeneem as 'n aanduiding dat versreëls 18-20 'n kontras markeer met die geheel van die voorafgaande uiteensetting in versreëls 1-17. Vir albei hierdie verklarings van die aanduidings van teenstelling is struktuurargumente aangevoer. Buchheit beroep hom in hierdie verband op die herhaling van stylkritiese terme in versreëls 19, 17 en 10, asook op die "tweedeling" in hierdie drie versreëls. Struktuurargumente kan egter ook vir die alternatiewe standpunt aangevoer word, naamlik dat die votum-motief dwarsdeur die gedig loop. Aangesien venite in ignem (18) die strukturele pendant van votum solvite (2) is, en gesien in die lig van die ooreenstemmings-elemente tussen versreëls 1-2 en 18-20, is die aanduidings van adversatiewiteit onverwags. Die funksie van die adversatiewe merkers is hiervolgens om 'n kontras te illustreer tussen die ernstig bedoelde votum en die speelse vervulling daarvan. Hieruit blyk dat selfs as skrywers dit eens is daaroor dat 'n bepaalde verskynsel in die gedig voorkom (in hierdie geval: aanduidings van teenstelling) daar verskillende redes vir "dieselfde verskynsel" aangevoer kan word. In hierdie geval spruit die interpretasieverskil voort uit verskillende opvattinge van lesers oor die verhouding van tekssegmente tot mekaar.

#### 5.2.3.4 Terme teoriegelade

'n Volgende verskynsel waarop die aandag gevestig moet word, is dat terme teoriegelade is, soos die wetenskapshistorikus Kuhn (1973b:201) aangetoon het. Dit is aangetoon in die uiteensettings oor "eenheid" in die lesings van Buchheit en Soles. Die gebruik van dieselfde term (byvoorbeeld "eenheid") hou nie in dat navorsers dieselfde daarmee bedoel nie. Dit hou direk daarmee verband dat die Literatuurwetenskap nie (soos byvoorbeeld die Wiskunde) 'n eenduidige metataal het nie. In die literatuurwetenskap moet daar in taal oor 'n talige "objek" geskryf word. En identiese terme beteken nie identiteit in konsep nie.

Uit hierdie oorsig blyk dit dat beskrywing van strukture nie 'n neutrale, waarde-vrye en objektiewe beskrywing van 'n objek met behulp van eenduidige terme is nie, maar saamhang met raamkonstruksies en literêre aannames.

#### 5.2.3.5 Personae

Dit is interessant om daarop te let dat literatore die personae van die gedig sonder enige beredenering sonder meer as Catullus en Lesbia identifiseer, terwyl daar in die teks slegs van 'n spreker en 'n meisie sprake is. In geen van die bespreekte resepsies is 'n streng outonomistiese benadering aangetref nie. Daar moet egter daarop gelet word dat die literator wat binne daardie teoretiese kader werk, nie so 'n identifikasie sou toelaat nie en sou aanvoer dat die wêreld van die gedig daarsonder verstaan sou kon word. Die feit dat literatore wel, skynbaar sonder om tweekeer te dink, so 'n identifikasie maak, illustreer dat lesers nie maar die teks "op sigself" bestudeer nie, maar dit ondersoek binne wyere kontekste wat as rame funksioneer waarbinne die teksinligting tuisgebring word.

### 5.3 EEN OF MEERDERE INTERPRETASIES?

In die voorafgaande uiteensetting is aangevoer dat die navorser kan verstaan waarom literate tot bepaalde interpretasies geraak, wanneer ag geslaan word op hul preteoretiese of teoretiese aannames oor die literatuur, waarmee bepaalde metodologiese aannames en analisemetodes dikwels saamhang. So 'n verduideliking van die redes vir interpretasieverskille gee egter nog nie rekenskap van die juistheidsvraagstuk nie en verreken ook nie waarom lesers dikwels, by die nalees van verskillende interpretasies, geneig is om sommige as goeie en ander as swak lesings te beskou nie. Die juistheidsvraagstuk is veral belangrik wanneer in gedagte gehou word dat sommige van hierdie lesings (veral dié van Comfort en Buchheit) eksplisiet in opposisie tot ander lesings as die korrekte interpretasie(s) van carmen 36 aan die leser voorgehou word.

Indien die vraag oor die juistheid of geldigheid van interpretasies beantwoord moet word, verg dit dat daar kriteria aangevoer moet word waaraan die korrektheid (of dwaling) van 'n interpretasie gemeet kan word. In hoofstuk 2 (punt 6) is daar gewys op sekere kriteria wat aangevoer word vir die bepaling van die korrektheid van 'n interpretasie. Hierdie kriteria, te wete ooreenstemming met (a) die outeursbedoeling, (b) die destydse tydgenootlike resepsie, en (c) die strekking of bedoeling van die teks, vertoon almal problematiese kante (kyk hoofstuk 11, punt 3.3.4). In die lig hiervan sal daar weldra 'n aantal moontlike kriteria voorgestel en krities bespreek word.

Die vraagstuk rakende kriteria is besonder ingewikkeld en nie een wat in enkele bladsye volledig beredeneer kan word nie. Die uiteensetting wat hier gebied word, moet daarom beskou word as 'n poging om 'n verantwoording te bied van waarom hierdie leser sekere interpretasies hoër aanslaan as andere. Om dit nie bloot impressionisties en intuïtief te doen nie, word, sonder aanspraak op volledigheid, 'n aantal moontlike kriteria voorgehou en kortliks krities bespreek.

Voordat dit gedoen kan word, moet die probleem van meerdere (en botsende) interpretasies egter eers in wetenskapsfilosofiese konteks geplaas word. Sover dit die toelaatbaarheid al dan nie van meerdere interpretasies aangaan, kan daar verskillende standpunte ingeneem word. Die eerste hiervan is dat 'n gedig slegs op een wyse korrek geïnterpreteer kan word. 'n Milder weergawe van hierdie standpunt sou wees dat 'n gedig 'n kernbetekenis of "core meaning" het, en dat 'n mate van variasie in interpretasie aanvaarbaar is, mits die verskille nie te ingrypend is nie (kyk byvoorbeeld Quinn, 1969b:21-22 vir hierdie standpunt).

Hierteenoor sou die standpunt ingeneem kan word dat 'n gedig op meerdere en selfs botsende wyses geïnterpreteer kan word, alhoewel hiermee nie geïmpliseer word dat al die verskillende lesings as ewe insiggewend beskou word nie. Die probleem van meerdere interpretasies sou ook bloot deskriptief aangepak kon word. In hierdie geval word daar nie gevra of sekere interpretasies korrek en ander verkeerd is nie, maar word die verskillende interpretasies almal beskou as betekenis wat in die loop van die geskiedenis aan die teks toegeskryf is, sonder dat voorrang aan 'n spesifieke interpretasie verleen word. Die normatiewe vraagstuk word nie in hierdie geval aangespreek nie.

Vir die verdere bespreking is veral die standpunt dat 'n teks slegs op een manier korrek geïnterpreteer kan word, en die opvatting dat 'n gedig op meerdere en selfs botsende wyses geïnterpreteer kan word, maar sonder die afstanddoening van 'n voorkeur vir bepaalde interpretasies, ter sake.

Dit wil voorkom of die eerste van hierdie standpunte nou saamhang met die huldiging van 'n korrespondensieteorie van waarheid. Hiervolgens is 'n interpretasie korrek of waar wanneer die interpretatiewe uitsprake korrespondeer met die werklike stand van sake of die res ipsa waarvan die uitsprake 'n interpretasie wil wees. Aangesien korrektheid op so 'n ooreenstemmingsverhouding berus, kan uiteenlopende interpretasies / resultate nie geduld word nie. Indien een interpretasie ooreenstem met die werklike stand van sake is ander wat daarvan verskil noodwendig vergissings. Om uiteenlopende interpretasies toe te laat, sal volgens hierdie standpunt die status van wetenskaplike uitsprake in gedrang bring. Hiervolgens bestudeer die literator die gedig vanuit 'n objektiewe posisie en is wetenskaplike resultate vaste en sekere kennis.

Die tweede standpunt hang op sy beurt saam met 'n koherensieteorie van waarheid. Die "korrektheid" van 'n interpretatiewe uitspraak word nie sonder meer beskou as iets wat berus op 'n ooreenstemming tussen die metateks (die interpretasie) en die teks nie, maar word verknop aan die samehang of koherensie wat interpretatiewe uitsprake met 'n reeks ander stellings vertoon. Hiervolgens word aanvaar dat daar geen onbemiddelde kennis oor objekte bestaan nie, maar dat die objekte as objekte gekonkretiseer word binne die bewussyn van die kensubjek. As sodanig word die teks dan beskou as 'n mentale objek en nie as 'n materiële teks nie. Die teks word beskou as partituur, wat in die leeshandeling omvorm word van artefak tot estetiese objek.

Alhoewel laasgenoemde benadering waarskynlik in positivistiese kringe afgemaak sal word as 'n oorgawe aan relativisme, kan dit eerder as 'n relasionele model beskryf word. Hiervolgens word die standpunt gehuldig dat interpretatiewe uitsprake beoordeel moet word in noue samehang met die literator se vraagstelling, sy literêre aannames (veral sy objektbegrensing), sy wetenskapsopvatting en die metodes wat in die ondersoek aangewend word, en dat dit nie gewoon aan die ooreenstemming daarvan met die bedoeling van die outeur of die teks gemeet kan word nie. Anders as in die geval van die korrespondensieteorie word daar nie gemeen dat daar slegs een enkele korrekte interpretasie van 'n gedig bestaan nie. Daar word aanvaar dat daar meerdere stelle koherente uitsprake oor 'n gedig gemaak kan word en dat daar gevolglik meerdere betekenis in die leesproses tot stand gebring kan word.

Waar die eerste standpunt 'n objektivistiese wetenskapsopvatting verteenwoordig, word in die tweede benadering erns gemaak met hoe wetenskaplike kennis saamhang met die literator se aannames en metodes. Omdat daar nie daarop aanspraak gemaak word dat 'n enkele interpretasie, tot uitsluiting van alle ander lesings, die enigste juiste een is nie, word daar deeglik aandag geskenk aan 'n vergelyking van verskillende lesings.

## 5.4 KRITERIA

Teen hierdie agtergrond kan daar oorgegaan word tot die bespreking van 'n aantal moontlike kriteria aan die hand waarvan verskillende interpretasies geëvalueer kan word.

### 5.4.1 Moontlike kriteria

- **Linguale kode**

Is die interpretasie wat gebied word moontlik ooreenkomstig die taalkode wat in die gedig gebruik word? Hierdie kriterium is die heel elementêre vereiste wat aan 'n interpretasie gestel kan word.

- **Senderskode en destyds heersende literêre konvensies**

Is die interpretasie rymbaar met die gerekonstrueerde senderskode en met die literêre konvensies wat uit die skrywer en sy tyd- en geesgenote se werk afgelees kan word? Hiervolgens sal 'n interpretasie wat ondersteun word deur aanduidings van die skrywer se praktyk in die res van sy oeuvre hoër aangeslaan word as 'n interpretasie wat nie daarop aanspraak kan maak nie.

- **Kontroleerbaarheid**

'n Volgende maatstaf wat aangelê kan word, is om te vra hoe kontroleerbaar die uitsprake is wat in 'n bepaalde interpretasie gemaak word.

- **Databasis**

Hierdie kriterium raak die hoeveelheid inligting wat in die opbou van 'n interpretasievoorstel gebruik word en daar word voorgestel dat 'n interpretasie wat 'n breë basis het, verkiesliker is as een wat op 'n klein hoeveelheid inligting gebaseer is.

- **Verklarende krag**

Hier word gevra of 'n bepaalde interpretasievoorstel oplossings kan bied vir verskynsels wat in die geskiedenis van die resepsie van die gedig as problematies uitgewys is. Hiervolgens is 'n interpretasie wat meer verklarende krag het (dit wil sê wat meer probleme kan oplos) verkiesliker as een wat nie daartoe in staat is nie.

- **Insiggewendheid en interessantheid**

In noue samehang met die vorige kriterium kan die navorser homself afvra hoe insiggewend of interessant 'n bepaalde interpretasievoorstel is.

- **Werking van literêre prosesse**

Bied 'n bepaalde interpretasievoorstel insig in die werking van literêre prosesse? Hiervolgens word 'n interpretasie gemeet aan die lig wat dit werp op die proses van betekening en die aandag wat aan die gedig as 'n woordkunswerk geskenk word. Hiervolgens word die

klem gelê op interpretasie as 'n dinamiese proses en nie net op interpretasie as resultaat nie.

- **Refleksiwiteit**

Hiervolgens word gevra of die navorser bewus is van die aannames wat aan sy interpretasie ten grondslag lê en hoe dit sy metodes en resultate beïnvloed. Die vraag is of sodanige vertrekpunte en metodologiese en metode-keuses as vanselfsprekende, vasstaande waarhede beskou word of as hipotetiese vertrekpunte. 'n Interpretasie waarin die literator sy aannames en metodes ekspliseer en aan kritiese deurvraging onderwerp, is verkiesliker as een waarin hierdie sake ontbreek.

- **Koherensie, en ontbreking van innerlike teenspraak**

Volgens hierdie kriterium word van 'n toereikende interpretasie verwag dat daar koherensie of samehang moet bestaan tussen nie alleen die interpretatiewe uitsprake wat gemaak word nie, maar tussen die aannames wat aan 'n interpretasie ten grondslag lê, die metodes wat in die ondersoek gebruik word, en die resultate wat op grond van die aannames en met behulp van die metodes bereik word. Hiervolgens is 'n interpretasie wat koherensie vertoon verkiesliker as een waarin daar innerlike teenspraak tussen aannames, metodes en resultate aangetoon kan word.

- **Aanvaarding deur literatore**

Hiervolgens word gevra hoe 'n interpretasievoorstel geëvalueer word deur wetenskaplikes wat as kundiges binne dieselfde vakgebied werk. Dit hou in dat 'n interpretasievoorstel wat deur 'n groot groep wetenskaplikes as aanvaarbaar beskou word, hoër aangeslaan word as 'n interpretasie wat deur die meeste literatore afgewys word.

#### 5.4.2 Die waarde en beperkinge van hierdie kriteria

Oor sekere van die bogenoemde kriteria, byvoorbeeld die maatstaf oor die linguale kode, sal daar waarskynlik geen meningsverskil tussen literatore bestaan nie. Ander daarvan sal na alle waarskynlikheid (tereg) kritiek uitlok. In hierdie verband word byvoorbeeld gedink aan die kriterium van die aanvaarbaarheid van 'n interpretasie deur kundige vakgenote, waarvolgens "waarheid" 'n saak van konsensus gemaak word (kyk Van der Broeck en Lefevere, 1979:21-22). Die inherente gevaar verbonde aan so 'n kriterium is dat juistheid of korrektheid verskraal word tot 'n oordeel van die meerderheid.

Ten opsigte van die kriterium van insiggewendheid en interessantheid kan moontlik geargumenteer word dat so 'n maatstaf te subjektief en ongedefinieerd is om van enige nut te wees. Daar sou beweer kon word dat dit in dieselfde kategorie as dié van outeursbedoeling val. Ten spyte van hierdie beswaar wil dit my voorkom of so 'n maatstaf nie heeltemal nutteloos is nie. In die verkenning van die resepsie van 'n bepaalde gedig vind die navorser gewoonlik sekere interpretasies wat insiggewender, interessanter of "ryker" as ander is. 'n Probleem met hierdie kriterium is dat opvattinge oor wat insiggewend en interessant is, saamhang met die literaturopvatting en wetenskapsbeskouing van die literator. So sal 'n interpretasie soos die een van Comfort waarskynlik

insiggewend wees vir diegene wat 'n gedig beskou as 'n dokument van die skrywer se psige en omstandighede, en wat 'n teks beskou as iets wat gedetermineer is deur sy ontstaanskonteks, maar as hoogs oninsiggewend en oninteressant deur 'n literator wat geïnteresseerd is in 'n werkingsbeskrywing van carmen 36 as woordkunswerk.

Die aandag moet pertinent daarop gevestig word dat van die kriteria wat aan die hand gedoen word, nie neutrale, "objektiewe" kriteria is nie, maar duidelik voortvloei uit 'n bepaalde wetenskaps- en literaturopvatting. In hierdie verband word gedink aan die maatstaf van insig wat gebied word in die werking van literêre prosesse.

Sover dit die criterium van kontroleerbaarheid aangaan, moet daarop gewys word dat hierdie maatstaf nie so klinkklaar is as wat dit by die eerste oogopslag mag voorkom nie. Oordele oor die kontroleerbaarheid hang naamlik saam met die literator se opvatting oor wat as toelaatbare data in literêre argumentasie beskou word. Vir die outonomistiese literator wat van mening is dat die gedig 'n in-sigself-afgeronde entiteit is, sal kontroleerbaarheid opgeneem word as kontroleerbaarheid van die interpretatiewe uitsprake aan die teks, terwyl 'n literator wat die teks as 'n dokument van die skrywer opneem, nie alleen gegewens oor die skrywer en sy lewe in sy bewysvoering sal toelaat nie, maar dit hoog sal aanslaan. Eweneens kan verwag word dat literatore, ooreenkomstig die literaturopvatting wat hulle huldig, nie dieselfde gewig aan intertekstuele argumente sal toeken nie.

'n Saak kan ook daarvoor uitgemaak word dat van hierdie kriteria in spesifieke toepassings daarvan teen mekaar kan indruis. Hier word spesifiek gedink aan die kriteria rakende die senderskode en destydse literêre konvensies aan die een kant en die criterium van refleksiwiteit aan die ander kant. Die belangrike vraag waaroor dit hier gaan, is of die meeste gewig aan die senders- of aan die leserskode toegeken behoort te word. Vir 'n literator wie se wetenskapsoogmerk dit is om 'n literêre werk te beskryf binne die raamwerk van die konvensies wat gegeld het tydens die totstandbrenging van die werk, sal die senderskode belangriker as die leserskode wees. Daar word hiervolgens verwag dat die leserskode aan die senderskode moet konformeer, en daar word gereken dat so 'n konformering of onproblematies is of dat dit moontlik is deur die versmelting van horisonne in die hermeneutiese sirkel. Daarteenoor sou aangevoer kon word dat literêre interpretasie noodwendig 'n handeling van die kensubjek is, en dat die literator se resepsie gestruktureer is deur sy probleemstelling, aannames, metodes ensovoorts. Omdat die literator nie a- of transhistories vanuit 'n objektiewe posisie die literatuur bestudeer nie, sou aangevoer kan word dat die kensubjek die kenobjek nie sonder die bemiddeling van preteoretiese en teoretiese aannames bestudeer nie. Die objek word met ander woorde afgebaken op grond van die leser se preteoretiese of teoretiese opvattinge en daarom is kennis van die leserskode van kardinale belang.

Daar moet egter daarop gewys word dat hierdie kriteria nie noodwendig in opposisie tot mekaar hoef te staan nie. Vir 'n literator wat die taak van die literatuurwetenskap beskou as 'n bestudering van die literêre werk en die resepsie daarvan deur die loop van die geskiedenis, sal 'n poging tot 'n destyds-sinchroniese lesing één van die meerdere moontlike resepsies van die gedig wees, maar sonder dat daarmee saam aanvaar word dat die poging tot die rekonstruksie van so 'n destydse sinchroniese lesing die enigste werklik korrekte of sogenaamde primêre lesing van 'n

gedig verteenwoordig. Deur aan te toon hoe interpretasies saamhang met die literator se literatuur- en wetenskapsopvatting en met sy metodologiese aannames en metodes, sou die literator, met beroep op die resepsiegeskiedenis van die gedig, kon argumenteer dat meerdere lesings nie alleen moontlik is nie, maar inderdaad in die loop van die geskiedenis gegee is.

#### 5.4.3 Toepassing op die bespreekte resepsies van carmen 36

Terwyl daar dus deeglik in gedagte gehou moet word dat die geponeerde kriteria verband hou met 'n spesifieke literatuuropvatting en wetenskapsbeskouing, word vervolgens 'n evaluering gebied van die resepsies van carmen 36 wat in hierdie hoofstuk bespreek is.<sup>9</sup>

Comfort se lesing word nie deur hierdie leser as 'n goeie lesing beoordeel nie. Hierdie oordeel word vervolgens gemotiveer.

Comfort se aanname dat 'n gedig uit sy ontstaankonteks verklaar moet word, ly aan al die swakhede van die beskouing van die teks as dokument. Die standpunt word gehuldig dat daar besliste beperkinge is aan die historiese rekonstruksie wat hy voorstel. Die rekonstruksie berus, soos Comfort self toegee, op konjektuur. Die vernaamste kritiek teen hierdie interpretasie is die heel naïewe verband wat Comfort tussen die gebeure wat die gedig veroorsaak en die teks self lê. Die probleem hiermee is dat sy voorstel glad nie kontroleerbaar is nie. Indien aanvaar sou word dat hierdie gedig gewoon die produk en weergawe van 'n werklike gebeurtenis is (iets wat nie seker is nie), dan ontstaan die vraag of daar nie ander "oorsake" vir die gedig bedink kan word nie. Alhoewel Comfort 'n poging aanwend om die oorsaak so te rekonstrueer dat dit van die meeste teksinligting rekenskap gee, het dit myns insiens weinig meer verklarende krag as wanneer iemand sou beweer dat Catullus in 'n slegte (of miskien in 'n ligte) luim opgestaan het, en toe besluit het om vir Volusius of Lesbia "by te kom". Die punt is dat die leser nie met sekerheid kan sê wat aanleiding tot die gedig gegee het nie. Wat meer is, selfs al sou die leser presies geweet het waarom die digter hierdie gedig geskryf het, hou dit nie sonder meer in dat hierdie kennis lig werp op die werking van die gedig nie. Die verskil tussen die konstruksie van 'n raam of konteks waarbinne 'n teks sin kan maak, en die rekonstruksie van 'n historiese gebeurtenis wat die gedig veroorsaak het, is dat laasgenoemde benadering 'n waarheidsaanspraak maak. Dit het tot gevolg dat 'n interpretasie wat daarop gebaseer is, staan of val by die juistheid van die rekonstruksie. Sou die historiese rekonstruksie op losse skroewe gestel word, dan is die juistheid van die interpretasie saam daarmee heen. In die geval van die leser se konstruksie van 'n raam of konteks kom hierdie oorweging nie in die spel nie. Daar word 'n konteks vir die teks bedink, waarbinne die uiting sinvol is, maar daar word aanvaar dat daar meer as een raam kan wees waarbinne 'n gedig gelees kan word.

Die interpretasie word ook nie deur hierdie leser as 'n insiggewende lesing beskou nie. Die rede hiervoor is dat daar nie saamgestem word

<sup>9</sup> Aangesien Comfort se interpretasie 'n beter voorbeeld is van 'n benadering waarin die teks as dokument gelees word, word die lesing van Ellis nie hier bespreek nie.

met die rigting van Comfort se ondersoek nie. Comfort se hoofklem is op 'n rekonstruksie van die konteks en faktore binne daardie konteks wat aanleiding gegee het tot die gedig. Daar word weinig aandag geskenk aan die gedig as taalmaaksel en aan hoe gegewens binne die gedig georden en gestruktureer is. As sodanig word gereken dat hierdie lesing weinig lig werp op die werking van die literêre teks. Daar word geen aandag geskenk aan die leesproses nie, maar die hoofklem word gelê op 'n poging om die gedig uit sy agtergronde te verklaar. As sodanig is dit 'n ex post facto-interpretasie.

Sover dit die kriterium van inagneming van die linguale kode aangaan, is daar geen aanduiding van 'n verkeerde grammatikale verstaan van die gedig nie. Dit neem egter nie weg dat die linguale kode bloot terloops betrek word nie. Ook sover dit die maatstaf van refleksiwiteit aangaan is daar hoegenaamd geen aanduidings dat Comfort sy eie aannames as hipotetiese vertrekpunte beskou en aan kritiese ondersoek blootstel nie. Die gedig is gewoon die produk van 'n historiese situasie. Indien 'n mens hierdie situasie (deur historiese rekonstruksie) ken, is dit duidelik waarom dit in die gedig gaan en is die interpretasie onproblematies. Alhoewel die argument koherensie vertoon, is daar geen blyke van 'n bewustheid van die hipotetiese aard van sy eie vertrekpunte nie.

Comfort poog wel om die senderskode te rekonstrueer. Hy doen dit egter op 'n biografiese, eerder as tekstuele wyse en hy beroep hom op die psigiese profiel van Catullus en Lesbia, wat hy meen heel onduubelsinnig uit Catullus se gedigte afgelees kan word. Die teks word beskou as die ekspressie van die digter se psige en situasie. Dit is in hierdie verband interessant om daarop te let dat Comfort se rekonstruksie van die ontstaanskonteks moeilik te rym is met die urbanitas en speelsheid wat gewoonlik aan Catullus se werk toegeskryf word. Die gedig as literêre taalhandeling word nie onderskei van die historiese verhouding tussen Catullus en sy geliefde nie. Die gedig word gevolglik beskou as 'n geskiedenis en nie as 'n (transformerende) skrywe van 'n fiktiewe of reële gebeurtenis nie.

In vergelyking met hierdie interpretasie word Buchheit se lesing baie hoër aangeslaan. Alhoewel Buchheit se voorstel eweneens nie goed vaar sover dit refleksiwiteit en kritiese deurvraging van sy eie aannames aangaan nie, is dit myns insiens 'n veel insiggewender en produktiewer lesing as dié van Comfort. Dit bring sekere dinge aan die lig waarvoor 'n leser maklik heen kan lees, byvoorbeeld die aanwesigheid en funksie van stylkritiese terme in die gedig. Verder is sy interpretasie, weens sy klem op struktuur- en teksanalise, kontroleerbaarder as dié van Comfort. Daar word heelwat aandag geskenk aan die linguale kode en aan die strukturering van gegewens. Verder is daar blyke van 'n literêre benadering waarin lees as 'n proses beskou word. Die interpretasie is koherent en vaar goed sover dit die verklarende krag daarvan aangaan. Die skrywer probeer ook deeglik om op 'n nie-biografiese wyse die senderskode en die destydse literêre konvensies in sy argument te betrek. Hy ken ook 'n spesifieke status aan intertekstuele argumente toe. Sover dit die kriterium van 'n breë databasis aangaan, verreken Buchheit 'n groot hoeveelheid teksinligting en in die proses hiërargiseer hy die verskillende temas. Hy oorweeg egter nie die omkeerbaarheid van hierdie hiërargie nie en daarom skenk hy nie aandag aan die moontlikheid dat die votum-raam as basisraam gebruik kan word nie.

Williams se interpretasie word beskou as 'n moontlike, hoewel ietwat (oor)subtiele en gesogte lesing van die gedig. Alhoewel daar detailkritiek daarteen ingebring kan word<sup>10</sup>, verteenwoordig dit 'n interessante lesing wat 'n nuwe raam bied waarbinne die gedig gelees kan word. Williams beskou die gedig as multitematies en daarom is die totale strekking van die gedig nie opgesluit in die interpretasie van carmen 36 as 'n gedig ter wille van Catullus se veilige terugkeer nie. Indien Williams dit as die enigste tema sou aanstip, sou daar myns insiens veel meer kritiek daarteen ingebring kon word, omdat so 'n lesing die betekenis van die gedig baie sou verskraal. Dan sou die gedig uitgesê wees as 'n stukkie outobiografiese geografie. So 'n interpretasie is gebaseer op 'n klein hoeveelheid teksinligting. Die bespreking gee wel blyke van 'n mate van refleksiwiteit, soos blyk uit Williams se hantering van die konsep van "the demand on the reader". Die literatuurbeskouing is 'n interessante hibried tussen 'n beskouing van die gedig as 'n dokument en 'n tekensisteem. Alhoewel daar beweer word dat die leser die tersaaklike gegewens vir die konstruksie van die toepaslike raam uit die res van die digter se oeuvre kan herwin, wil dit my voorkom of die leser slegs op hierdie spoor sou kom binne die kader van 'n literatuurbeskouing waarin die skrywer en die misteries van sy lewe taamlik sentraal staan.

Die vorm-georiënteerde lesing is in 'n sekere sin 'n eksperimentele lesing aangesien daarin gepoog is om die hiërargisering van temas in Buchheit se knap lesing om te keer. As sodanig word dit nie as "die interpretasie" voorgehou nie, maar as 'n moontlike interpretasie daarvan wat beoordeel moet word in relasie tot die aannames en metodes wat in die ondersoek funksioneer. In die interpretasie is die teoretiese en metodologiese aannames duidelik geëkspliseer en funksioneer die leser se literêre kompetensie nie net as 'n verswêë aanname nie. Die interpretasie steun op 'n breë databasis en bied verklarings vir 'n hele aantal probleme wat in die loop van die resepsiegeskiedenis van die gedig geïdentifiseer is.

## 6. KONKLUSIES

### 6.1 AFWYSING VAN 'N ENKELE KORREKTE INTERPRETASIE

Uit hierdie bespreking blyk dit dat meerdere interpretasies van carmen 36 moontlik is. Bepaalde interpretasies wat as toereikende lesings van die gedig geëvalueer is, weerspreek mekaar sover dit die resultate daarvan aangaan. Die feit dat sodanige lesings ten spyte hiervan as goeie interpretasies beoordeel word, gee blyke daarvan dat daar in hierdie studie afwysend gestaan word teenoor die korrespondensieteorie met sy uitvloeisel van 'n enkele korrekte interpretasie, en dat daar gekies word ten gunste van 'n koherensiemodel. Terwyl laasgenoemde benadering die voordeel inhou dat dit kan verklaar waarom daar tot verskillende

<sup>10</sup> Daar kan byvoorbeeld aangevoer word dat dit moeilik is om in te sien hoe die tema van die gelofte ter wille van die digter se veilige terugkeer gerym word met die voorwaarde dat hy sy invektiewe moet staak. Dit is des te meer so wanneer in aanmerking geneem word dat die twee geloftevoorwaardes in versreëls 4-5 deur 'n neweskikkende -que aan mekaar verbind word.

interpretasies geraak word, verklaar dit nie waarom lesers geneig is om sekere interpretasies hoër as ander aan te slaan nie. 'n Ander problematiese kant daarvan is dat, indien hierdie benadering tot sy konsekwensie gevoer word, dit inhou dat die resultate waartoe daar binne die raamwerke van verskillende teoretiese paradigmas geraak word, ten diepste onvergelykbaar is (kyk Kuhn, 1973:111-135, 144-159 vir hierdie opvatting; kyk verder hoofstuk 11, punt 3.4.8).

## 6.2 INVOERING VAN 'N PRAGMATIESE NORM

Alhoewel die standpunt wat ingeneem word in breë trekke binne die koherensiemodel val, word benewens die eis om koherensie tussen aannames, metodes en resultate ook 'n pragmatiese norm in die beoordeling van interpretasies aangelê. Hiervolgens word die interpretasievoorstel gemeet aan die mate van insig wat met behulp daarvan moontlik gemaak word. Dit impliseer dat, alhoewel verskillende lesings as moontlik beskou word, nie almal noodwendig ewe hoog aangeslaan word nie. Dit werk 'n komparatiewe benadering in die hand. Dit is belangrik om daarop te let dat daar nie in hierdie benadering weggedoen word met die "objek" nie. Daar word aanvaar dat lees 'n sekere kompetensie verg en dat die leesproses aan sekere voorwaardes (byvoorbeeld kennis van die taalkode en van literêre en kulturele konvensies) onderworpe is. In hierdie opvatting is uiteraard 'n sekere dialektiek ingebou, aangesien daar met sowel die kensubjek as die kenobjek rekening gehou word en betekenis nie uitsluitlik as 'n "eienskap" van of die teks of die leser beskou word nie, maar as iets wat in die interaksie daartussen tot stand kom.<sup>11</sup>

## 6.3 WETENSKAPSFILOSOFIESE POSISIONERING

Hierdie benadering staan in opposisie tot 'n positivistiese en logies-positivistiese wetenskapsopvatting en staan ook teenoor 'n wetenskapsbeskouing wat redelik algemeen onder filoloë gehuldig word. Daar word nie aanvaar dat daar tot 'n enkelvoudige korrekte interpretasie gekom kan word deur die toepassing van linguale en historiese metodes nie; ook nie dat betekenis vir eens en vir altyd begrens word deur die bedoeling van die outeur of die teks nie. In plaas van 'n suiwer objekgerigte wetenskapsbeskouing, waarvolgens die wetenskaplike sogenaamd vanuit 'n objektiewe posisie 'n objek buite hom bestudeer, staan hierdie benadering in lyn met 'n beskouing waarin groter aandag geskenk word aan die kensubjek, en hoe sy aannames en metodes 'n direkte invloed uitoefen op die resultate waartoe hy geraak. Die implikasie hiervan is dat daar wegbeweeg word vanaf 'n uitsluitlike outeursestetika na 'n sistematiese estetika, waarin aan leser, teks, outeur en konteks aandag geskenk word. Die standpunt word gehuldig dat die wetenskapsproses uitgaan van die kensubjek, en dat hy sy "objek" bestudeer in terme van die teoretiese kader waarbinne hy sy objek sien. As sodanig word daar nie eensydig klem gelê op die historisiteit van slegs

<sup>11</sup> Nie alle literatore is tevrede met so 'n dialektiese posisie nie en probeer om radikaal met die objektivistiese tradisie te breek. Dit lei tot radikaler opvattinge oor die aard en setel van betekenis, byvoorbeeld dat betekenis 'n leserskonstruksie is of dat dit in lees gaan om 'n vrye spel van betekenaars (signifiants) waarin die betekende (signifie's) voortdurend uitgestel word.

die teks nie, maar ook op die historisiteit van die leeshandeling. Vandaar die klem op die leser se preteoretiese en teoretiese aannames.

#### 6.4 BEPERK DIE GEBRUIK VAN GEBEDSVORME DIE AANTAL MOONTLIKE INTERPRETASIES?

In die verskillende interpretasies van die gedig figureer die feit dat gebedsvorme in hierdie gedig voorkom nie ewe sterk nie. Vir Comfort is die aanwending van die gebedsvorm byvoorbeeld bloot die uitvloeisel van 'n bepaalde historiese gebeurtenis, terwyl Buchheit die votum weer as middel tot 'n doel beskou. Slegs in die vorm-georiënteerde lesing is gepoog om hieraan 'n belangrike funksie in die interpretasieproses toe te ken.

Alhoewel bevind is dat 'n benadering wat erns maak met die gebruik van gebedsvorme 'n moontlike interpretasie tot gevolg het, word die standpunt nie gehuldig dat so 'n benadering die enigste moontlike manier is om sin van die gedig te maak nie. Die feit dat daar interessante lesings gebied kan word waarin die bestudering van die gebedsvorm nie as invalshoek gebruik word nie, toon aan dat die gebruik van die gebedsvorm nie in prinsipe die aantal moontlike lesings van die gedig beperk nie.

#### 6.5 NOGEENS OOR DIE FUNKSIE VAN DIE GEBEDSVORME

Verder moet opgemerk word dat die presiese tipering van die funksie van die gebedsvorme sal saamhang met die raam wat die leser vir die gedig konstrueer. Indien die gedig soos in die vorm-georiënteerde lesing binne 'n liefdesraam gelees word, is die funksie daarvan om op gevatte wyse die ernstige bedoeling van die beminde speels om te keer. Indien die gedig as literêre invektief gelees word, dan dien die gebedsvorme daartoe om die aanval op 'n poetaster se banale verse in 'n verhewe konteks te plaas, maar daardie verhewenheid te ondermyn deur die onvanpasheid van 'n godsdienstige handeling in die bepaalde konteks.

Hieruit blyk dit dat funksie en tema nie noodwendig saamval nie. Dit is kennelik nie ten opsigte van carmen 36 genoeg om bloot te stel dat die gebedsvorm in 'n liefdes- of literêr-polemiese gedig aangewend word nie. Die funksie is in albei gevalle parodiërend, alhoewel op onderskeibare wyses. In geval van Buchheit se interpretasie word die gebedsvorm nagedoen met 'n alles-behalwe-godsdienstige oogmerk, en in die geval van die vorm-georiënteerde lesing word die beminde se votum na die letter, maar nie na die gees daarvan nie, vervul. Ook hier klop die aanwending van 'n godsdienstige vorm (ten spyte van formele nabootsing) nie met die mundane doel daarvan nie.

**AFDELING C**

**DEEL 4**

**DIE GEBED AAN DIE MUSE**



## 1.2 OOGMERKE

Die oogmerke met die uiteensetting wat in hierdie hoofstuk gebied word, is:

- om 'n oorsig te bied oor die vernaamste dispuutpunte sover dit die interpretasie van carmen 1 aangaan;
- om 'n tetiese lesing van carmen 1 as gebedstek te bied, en om na te gaan watter perspektiewe so 'n lesing op die interpretasievraagstukke bied;
- om metodologies te besin oor die aard, waarde en die beperkinge van argumente wat gebruik word ter staving van standpunte met betrekking tot die interpretasie van die gedig.

## 1.3 WERKWYSE

Die ondersoek sal in drie stadia verloop, aan die hand van 'n bespreking van die punte wat in die oogmerke hierbo genoem is. Dit stempel die oorhoofse plan van hierdie hoofstuk tot (a) 'n oorsig oor die interpretasieverstelle, (b) 'n poging om antwoorde te bied op die vernaamste vrae, en (c) 'n ondersoek na die faktore wat klinkklare interpretasiesekerhede relativer.

Anders as in die bespreking van die interpretasieprobleme rondom carmen 36, sal in hierdie bespreking nie gepoog word om 'n oorsig oor en evaluering van die afsonderlike lesings van verskillende navorsers te bied nie. Daar sal eerder gepoog word om die vernaamste interpretasieskole op 'n sistematiese wyse uiteen te sit aan die hand van die vernaamste probleme en die standpunte wat daarvoor ingeneem word. Hierdie sistematiese aanpak veroorsaak dat daar in die uiteensetting oor die interpretasieprobleme 'n mate van vereenvoudiging plaasvind. Dit het tot gevolg dat wanneer 'n outeur se naam by die uiteensetting van 'n bepaalde benadering voorkom, dit by wyse van illustrasie van die bepaalde punt is en nie altyd die skrywer se standpunt in al sy nuanses weergee nie.

## 2. 'N OORSIG OOR DIE BELANGRIKSTE INTERPRETASIEPROBLEME

### 2.1 INLEIDING

In hierdie afdeling word 'n oorsig gebied oor die vernaamste dispuutpunte rondom die interpretasie van carmen 1. Veral die eerste twee hiervan, te wete die vraagstuk of daar 'n gebedstek in die gedig voorkom en die vraag oor die verhouding waarin versreëls 9b-10 tot die res van die gedig staan, is vir die bestudering van carmen 1 as gebedstek van kardinale belang. Die literatur se standpunt oor die res van die probleme in hierdie komplekse interpretasiemaas kan egter nie van die bespreking uitgesluit

word nie, maar word sterk beïnvloed deur die opvatting wat gehuldig word sover dit die eerste twee vraagstukke aangaan.

## 2.2 KOM DAAR 'N GEBED IN CARMEN 1 VOOR?

### 2.2.1 Die tekskritiese probleem en die standaardlesing

Hierdie probleem, wat uiteraard bepalend is vir die vraag of carmen 1 hoegenaamd in hierdie studie tuis behoort, het 'n tekskritiese oorsprong. Kommentatore verskil naamlik skerp oor hoe die tekslesing van versreël 9 daar behoort uit te sien.

Die wyd aanvaarde lesing (waarna daar hierna as die "standaardlesing" verwys sal word) van versreëls 9b-10:

*quod, o patrona virgo  
plus uno maneat perenne saeclo.*

is 'n Renaissance emendasie van 'n onbekende kommentator wat uit die jaar 1468 dateer (Henderson, ad loc.; kyk ook Goold, 1974:255). Dat hierdie emendasie nie, soos so baie ander voorstelle ter "verbetering" van tekste, op redaksionele oorywerigheid berus nie, is duidelik. Dit blyk uit die feit dat die manuskriplezing van versreël 9 (*qualecumque quod patrona virgo*) slegs tien sillabes bevat in plaas van die vereiste elf van die hendekasillabiese versmaat waarin sowel hierdie gedig as 'n groot aantal van Catullus se polimetra geskryf is.

Die invoeging van o om die versmaat reg te stel, word deur die meeste kommentatore aanvaar (byvoorbeeld deur Mynors, 1967:1 in sy Oxfordteks, deur Kroll, 1960:1; Williamson, 1969:15 en Thomson, 1978:73; dit word ook in Fordyce, 1965:1 gepubliseer, alhoewel dit uit sy kommentaar (1965:86-87) blyk dat hy belangrike voorbehoude daaroor het).

Indien hierdie emendasie korrek is, moet carmen 1 as 'n gebedstek geklassifiseer word weens die voorkoms van die aanroeping van 'n godheid en die daaraan toegevoegde wens in versreëls 9b-10.

### 2.2.2 Alternatiewe tekslesings

Alle kommentatore gaan egter nie met hierdie emendasie akkoord nie en heelwat alternatiewe lesings is al voorgestel. Afgesien van minder invloedryke voorstelle soos dié van Hartman (1918:156-160) en Phillimore (1919:228-229), het veral die voorstel van Bergk (1857:581, aangehaal in Goold, 1974:257) groot byval gevind. Hy het voorgestel dat versreël 9 soos volg behoort te lees:

*qualecumque quidem est patroni ut ergo*

Hierdie lesing het oor verloop van tyd vele aanhangers gekry en Richmond (1919:136-137) beskou die korrektheid daarvan as "absolutely certain", terwyl Singleton (1972:194-196) van mening is dat Bergk se lesing, of iets soortgelyk daaraan, baie verkiesliker is as die gebruikelike lesing. Alhoewel Bergk se voorstel afgewys is deur onder andere

Baehrens (1893:73), Fraenkel (1962:259) en onlangs ook deur Arkins (1983:18-20), het Goold (1974:253-264) sterk argumente aangevoer ten gunste van 'n lesing soortgelyk aan die van Bergk, hoewel nie heeltemal identies daarmee nie.

### 2.2.3 Besware teen die standaardlesing

Die besware teen die standaardlesing kan nagelees word in Goold (1974) en kriptieser ook in Fordyce (1965). Die vernaamste daarvan is die volgende:

- Die ingrypende caesura na die vierde sillabe van hierdie hendekasillabiese versreël is ongewoon. Fordyce (1965:87) wys daarop dat die pouse na *qualecumque* 'n enjambement tot gevolg het wat besonder steurend voorkom in 'n gedig waarin die sintaktiese kolon en die metriese eenheid andersins saamval.
- Die frase *patrona virgo* is om verskillende redes vir teenstanders van die standaardlesing problematies. Eerstens word aangevoer dat hierdie vokatief in 'n groot mate los staan van die sin waarin dit voorkom, omdat dit geen referent in die onmiddellike sinskonteks het nie.<sup>1</sup> Die aanspreking van *virgo* volg dus baie abrupt op die *tibi* van die vorige versreël, waar die persoonlike voornaamwoord duidelik op Cornelius betrekking het.

Tweedens word aangevoer dat die formulering *patrona virgo* problematies is omdat dit moeilik is om analoë gevalle te vind waar die woord *patronus* of *patrona* in kombinasie met 'n ander selfstandige naamwoord gebruik word (Goold, 1974:255-256).<sup>2</sup>

Derdens word beswaar ingebring teen *patrona virgo* omdat dit moeilik is om vas te stel na wie hierdie frase verwys. Sowel Scaliger as Baehrens se opvatting dat dit 'n verwysing na Minerva, die godheid van biblioteke, is as die meer algemene standpunt dat *patrona virgo* na 'n muse verwys, word deur Goold (1974:256) verwerp; laasgenoemde omdat 'n muse volgens hom nêrens elders *patrona* genoem word nie. Ook Fordyce (1965:87) vind hierdie frase "curiously unexplicit", en voer aan dat waar digters 'n enkele muse aanspreek, hulle 'n spesifieke muse in gedagte het en dat dit glad nie uit die konteks duidelik is wie die muse van 'n *libellus* van *nugae* sou wees nie.

<sup>1</sup> Goold (1974:255) gee toe dat daar wel voorbeelde voorkom waar vokatiëwe nie formele skakeling vertoon met die sin waarin dit voorkom nie, maar volgens hom gebeur dit nooit in 'n gedig waarin 'n spesifieke geadresseerde aangespreek word nie.

<sup>2</sup> Goold (1974:256) beskou Martialis (Epigr., 7.72.14) se *vocem patronam* nie as 'n teenvoorbeeld nie, aangesien (1) Martialis later as Catullus geskryf het en (2) omdat hierdie frase in Martialis se gedig "die stem van die beskermheer" beteken, wat sou inhou dat *patrona virgo* op basis van hierdie analogie "meisie van die *patronus*" behoort te beteken.

- 'n Volgende argument teen die standaardlesing raak die sinvolheid van die vers in die konteks van die gedig as geheel. Die standpunt word ingeneem dat dit, in die lig van die spreker se konsekwente verkleining van sy eie geskrifte in hierdie gedig, geen sin het dat die digter 'n muse versoek om onsterflikheid daaraan toe te staan nie.

Benewens hierdie besware word paleografiese argumente aangevoer om te verklaar hoe die foute in die standaardlesing ingesluip het. Hieraan sal aandag geskenk word in die hieropvolgende bespreking van Goold se voorstel oor hoe die tekslesing van versreël 9 daar behoort uit te sien.

#### 2.2.4 Goold se voorstel

Goold (1974:257 e.v.) modifiseer Bergk se lesing tot:

*qualecumque quidem patroni ut ergo*

Hiermee bring hy, afgesien van die reeds bespreekte *o patrona virgo*, ook die *quod* van die standaardlesing in gedrang. Hy het egter gelyk wanneer hy daarop wys dat die lesing *quidem* in plaas van *quod* streng gesproke geen emendasie is nie. Dit is naamlik, soos die invoeging van *o*, 'n Renaissance-supplement. Sy voorstel berus daarop dat die woorde *quod* en *quidem* maklik met mekaar verwar kon word, aangesien *qd*, met 'n suspensieteken bo-oor geplaas, in die Middeleeue die afkorting van *quidem* was. Indien die suspensieteken slegs bo die *d* aangebring is, was dit die afkorting van *quod*. Dit is gevolglik heeltemal moontlik dat die lesing *quod* die gevolg van 'n kopiëringsfout was. Hierdie suggestie behoort ernstige oorweging te geniet, aangesien dit meteens die bovermelde metriese probleem oplos en versreël 9 dan die vereiste 11 sillabes bevat.

Goold se motivering vir 'n lesing van *patroni* in plaas van *patrona* behoort ook ernstig oorweeg te word, aangesien daar paleografiese argumente daarvoor aangevoer kan word. Die ouer skryfwyse van die genitief van selfstandige naamwoorde van die tweede verbuiging was *patronei* (in plaas van *patroni*). Dit kon baie maklik gebeur dat 'n kopieerder ei met a verwar het (Goold, 1974:257; daarteen: Fraenkel, 1962:259).

Dit sou inhou dat die standaardlesing *qualecumque quod o patrona virgo* moet verander tot *qualecumque quidem patroni* ... Die *virgo* van die standaardlesing wyf Goold (1974:257) aan 'n kopieerder se poging om die mededeling (na aanleiding van die foute wat gemaak is) sinvol te maak. So het 'n kopieerder die woorde *ut ergo* verander na *virgo*. Anders as met die redelik stewige argumente in verband met *quidem* en *patroni* berus die laaste argument op konjektuur.

Sover dit die uitgestelde posisie van *ut* in 'n doelsin aangaan, wys hy daarop dat dit meermale in Catullus se poësie in daardie posisie voorkom, en dat so 'n posisie ook algemeen in veral oud-Latyn en regstekste is. Die feit dat daar elders in die teks 'n regsformule voorkom, maak dit tot 'n *eggo* van die regstyl wat Catullus hier nadoen (Goold, 1974:260).

Anders as die meeste kommentatore neem Goold *qualecumque quidem* nie saam met versreël 8 nie, maar as 'n frase wat by die res van versreël 9 gelees moet word. Hy vertaal dan: "Accept this little book, so that, whatever indeed its quality, it may on account of its patron live for

centuries" (1974:260). Daar sal opgemerk word dat quidem hiervolgens konsessief gelees word en dat daar gespeel word met ergo se betekenis as "ter wille van" en "as gevolg van". Catullus ironiseer volgens Goold die kousale ergo (1974:261).

### 2.2.5 Arkins se kritiek

Goold se besware teen die standaardlesing is onlangs krities in oënskou geneem deur Arkins (1983:18-20) wat van mening is dat, alhoewel die wyd aanvaarde teks in bepaalde opsigte problematies is, ook Goold se voorstel probleme oplewer wat dit globaal genome minder aanvaarbaar as die standaardlesing maak. Arkins (1983:18) betoog dat metriese eienaardighede (soos die pouse na *qualecumque* in 1.8) nie die betroubaarheid van die lesing in gedrang behoort te bring nie, aangesien metriese eienaardighede ook in *carmen* 116 voorkom, waar dit nie die betroubaarheid van die teks aantast nie.

Hy wys verder tereg daarop dat die argument oor die gebruik van *o* saam met 'n adjektief en selfstandige naamwoord nie steek hou nie, aangesien Catullus wel hierdie kombinasie gebruik in *carmina* 31.12, 46.9, 64.23-23b en 67.1-3 (1983:18). Volgens Arkins (1983:18) word *patrona virgo* minder problematies na aanleiding van Catullus se gebruik van *unigena* in *carmina* 64.300 en 66.53 in die sin van "the only begotten". Ook die beswaar teen die aanwesigheid van twee geadresseerdes is volgens hom nie geldig nie, aangesien twee aangesprokenes ook voorkom in Horatius se *Carmina*, 2.1 waar sowel Pollio as die muse aangespreek word. Hy wys ook Goold se standpunt af dat die muse glad nie in Catullus se *polymetra* figureer nie (1983:20).

Sy besware teen Goold se lesing raak die drastiese uitstel van *ut* tot die negende sillabe; die feit dat *ergo* nie langs die woord staan waarop dit betrekking het nie; die verdraaide woordorde en gevolglike stokkerige ritme van die versreël, asook die feit dat dit te betwyfel is of Nepos Catullus se *patronus* was (Arkins, 1983:19-20).

### 2.2.6 Samevatting

Hieruit blyk dit dat die invloedrykste voorstelle oor die juiste tekslesing van versreël 9 albei problematiese fasette vertoon. Omdat die argumente om hierdie *corruptissimam ... lectionem* (Hartman, 1918:156) van die manuskripgetuienis te verbeter, nie konklusief is nie, is die aangewese weg om hierdie probleem te beredder om aan te toon hoe versreëls 9b-10 by die res van die gedig inskakel. Dit kom dan daarop neer dat lesers of die standaard- of die variante lesing as die korrekte lesing beskou, omdat dit na hul mening die beste inpas by waaroor dit in die gedig gaan. In hierdie proses word daar veral 'n beroep op struktuurargumente gedoen.

## 2.3 IN WATTER VERHOUDING STAAN VERSREËLS 9B-10 TOT VERSREËLS 1-9A?

Die vernaamste standpunte in verband met hoe versreëls 9b-10 met 1-9 saamhang, is die volgende:

- Dat dit heeltemal onvanpas is dat 'n gebed hierdie gedig afsluit, en dat dit daaraan toegeskryf moet word dat versreëls 9-10 korrup is en nie die korrekte lesing van die teks weergee nie (Goold, 1974:253-264). Volgens hierdie standpunt is daar dus 'n radikale breuk tussen die sogenaamde gebedsteks en die res van die gedig en kan hierdie segmente nie sinvol tot 'n geheel geïntegreer word nie.
- Dat die gebedsteks 'n verrassende wending in die gedig verteenwoordig en dat die slotgedeelte eers die juiste perspektief op die voorafgaande bied (Schnelle, 1933:3).
- Dat daar 'n losse verband tussen die dedikasie van die boek aan Nepos en die wens om die onsterflikheid van Catullus se poësie bestaan (Lechantin de Gubernatis, 1953:3 in Elder, 1966:148 n.3; Fraenkel, 1957:232 en 1962:259 e.v.).
- Dat daar 'n baie hegte verband tussen die gebedsteks en die voorafgaande gedeelte bestaan, en dat hierdie enge verbondenheid op grond van strukturele en intertekstuele argumente duidelik geïllustreer kan word (Levine, 1969:213; Elder, 1966:148).

## 2.4 DIE STREKKING VAN DIE GEDIG

### 2.4.1 Kernprobleme

Oor wat die oorkoepelende strekking van carmen 1 is, heers daar 'n groot verskeidenheid van opvattinge. Ter wille van die skematisering van hierdie verskille, sal die verskillende dispute onder enkele hoofpunte saamgevat word, naamlik:

- Moet carmen 1 as 'n opdraggedig gelees word of moet dit primêr as 'n ars poetica beskou word?
- Wat is die motivering vir die opdrag van die libellus aan Cornelius?
- Hoe sien die verhouding tussen die spreker (Catullus) en die aangesprokene (Cornelius Nepos) daaruit,<sup>3</sup> en in watter verhouding tot mekaar word hul geskifte uitgebeeld?

In die loop van die bespreking van hierdie vraagstukke sal daar aan hiermee verbandhoudende probleme en aan die argumente wat aan die uiteenlopende beskouings ten grondslag lê, aandag geskenk word.

### 2.4.2 Opdraggedig of "ars poetica"?

Tradisioneel is carmen 1 beskou as niks anders as 'n duidelike voorbeeld van 'n opdraggedig of dedikasie van 'n nuwe versversameling aan 'n invloedryke figuur nie. Die gedig word gewoon letterlik gelees. Hier-

<sup>3</sup> Vir die identifisering van die personae, kyk punt 4.8 en voetnoot daarby.

volgens is die adjektiewe *novum* en *lepidum* in versreël 1 byvoorbeeld niks meer as letterlike beskrywings van die boekie wat Catullus aan Cornelius opdra nie (so byvoorbeeld Merrill, 1951:1 en Kroll, 1960:1). Wanneer *carmen* 1 konsekwent letterlik gelees word, is die gedig primêr gemoeid met die dedikasie van die libellus, en word daar nie gereken dat dit inligting verskaf oor die aard van die bundel of die soort poësie wat die digter wil skryf nie.

Teen hierdie letterlike lesing is beswaar ingebring deur onder andere Elder (1966), Cairns (1969), Singleton (1972) en Latta (1972). Hiervolgens word betoog dat, alhoewel die gedig 'n letterlike lesing toelaat, die opmerksame leser sal oplet dat die letterlike beskrywings in die gedig ook figuurlik of metafories geïnterpreteer kan en moet word (so byvoorbeeld Elder, 1966:143-144 en Singleton, 1972:192-193). Dit hou in dat, terwyl die gedig 'n dedikasie bevat, dit eintlik deur die digter bedoel is as 'n programgedig om die leser voor te berei vir die soort poësie wat in die bundel aangetref word en dat dit as sodanig as 'n *ars poetica* beskou moet word. Daar word veral klem gelê daarop dat daar vele aanduidings van 'n neoteriese, Aleksandrynse poësie en poësiebeskouing in die gedig aanwysbaar is. Hiervolgens is *carmen* 1 tegelykertyd 'n proklamasie en illustrasie van die nuwe soort Aleksandrynse poësie wat die digter in Rome bekend wil stel.

Ter staving van hierdie opvatting word daar 'n beroep gedoen op 'n deurlopende struktuurpatroon van woorde wat letterlik en figuurlik gelees kan word, sonder dat die verskillende vlakke van betekening mekaar ophef of uitkanselleer. Die volgende woorde val in hierdie kategorie:

<b>dono (1):</b>	letterlik: gee figuurlik: opdra
<b>libellum (1):</b>	letterlik: die fisiese boek figuurlik: die digbundel
<b>lepidum (1):</b>	letterlik: "oulik", "mooi", as beskrywing van uiterlike voorkoms figuurlik: "oulik", as tipering van die Aleksandrynse kunsideaal
<b>novum (1):</b>	letterlik: nuut figuurlik: oorspronklik, weer eens Aleksandryns vertolk
<b>expoliturum (2):</b>	letterlik: glad gevryf / geskuur figuurlik: afgerond (Aleksandryns)
<b>explicare (6):</b>	letterlik: om uiteen te sit figuurlik: om te ontvou, om af te rol

Die skeiding tussen hierdie twee interpretasieskole is nie altyd rigied nie. Singleton (1972:192-196) is byvoorbeeld van mening dat *carmen* 1 sowel 'n dedikasie as 'n programgedig is, en wel op so 'n wyse dat die twee funksies mekaar ondersteun, terwyl Wheeler (1934:221-222) weer die standpunt huldig dat die funksie van *carmen* 1 primêr dié van dedikasie is, terwyl dit ook 'n ondergeskikte inleidingsfunksie vervul, anders as in die bekende inleidingsgedig van Meleager (A.P., 4.1).

### 2.4.3 Verbandhoudende vraagstukke

Twee verdere vraagstukke wat verband hou met die dispuut of *carmen 1* primêr dedikasie of in die eerste instansie *ars poetica* is, raak *carmen 1* se verhouding tot die konvensies van inleidingsgedigte en die plek van *carmen 1* in die oewre van Catullus beklee.

#### 2.4.3.1 Die belang van konvensies

Oor die vraag of kennis van die konvensies van opdraggedigte ter sake is vir die verstaan van *carmen 1*, huldig sommige literatoure (byvoorbeeld Wheeler, 1934:222-223) die standpunt dat Catullus in hierdie gedig geen nuwe vorm geskep het nie, maar dat hy 'n bekende tradisie voortgesit het en geskryf het in ooreenstemming met die konvensies van 'n welbekende vorm. Daarteenoor meen Elder (1966:144) dat kennis van die konvensies van die opdraggedig van min of geen nut is vir die bestudering van *carmen 1*. Ook Clausen (1982:194) huldig die standpunt dat hierdie gedig 'n *unicum* in die Klassieke poësie is, en spreek die oortuiging uit dat die dikwels vermelde parallele wat kommentatore met Meleager se opdraggedig in A.P., 4.1 aanstip, hoewel ooglopend, tog baie oppervlakkig is. In die tetiese lesing van *carmen 1* as gebedsgedig, sal verder aan hierdie vraagstuk aandag geskenk word (kyk punt 3.2).

#### 2.4.3.2 Plek in oewre

'n Verdere probleem, wat veral ter sake is vir die vraag of *carmen 1* as 'n *ars poetica* beskou moet word, al dan nie, het betrekking op die plek wat hierdie gedig in die oewre van Catullus beklee. Wat hier in dispuut is, is of *carmen 1* beskou moet word as die inleiding tot Catullus se hele oewre (MacLeod, 1973:304-309; Dettmer, 1983:19), of tot slegs die *polymetra* (so byvoorbeeld Wiseman, 1969:7; Latta, 1972:209 en Quinn, 1972a:12) of tot 'n nog kleiner Catullusbundel (Hubbard, 1983:218-237). Die standpunt wat hieroor ingeneem word, hou verder verband met dispute oor die vraag of Catullus self die redaksie van sy bundel waargeneem het (soos onder andere Wiseman, 1969:9-29 en Quinn, 1972a:16-20 meen) en of dit die werk van 'n latere samesteller was (soos onder andere Wheeler, 1934:5-32; Havelock, 1938:4 en met sekere kwalifikasies ook Clausen, 1982:194-197 dink).

### 2.4.4 Verskille oor die motivering vir die spreker se opdrag van die "libellus" aan Cornelius

Hierdie vraagstuk, naamlik waarom die spreker sy boekie aan Cornelius opdra, hang ten nouste saam met die leser se opvatting oor die globale strekking van *carmen 1*. Die vernaamste opvattinge in hierdie verband is die volgende:

#### 2.4.4.1 Kompliment aan Nepos

Die tradisionele opvatting, wat steeds die steun van die meerderheid van moderne kommentatore geniet, is dat Catullus sy libellus aan Nepos opdra, omdat hy hom daarmee wil komplimenteer. Daar word binne hierdie interpretasieskool dikwels aanvaar dat Nepos die literêre patronus van Catullus was.

#### 2.4.4.2 Literêre politiek en dienstigheid

'n Verdere opvatting oor die motivering vir die opdrag van die werk aan Nepos is dat Catullus hierdeur 'n invloedryke persoon, wat soos Cicero nie veel ooghare vir die nuwe digters se poësie gehad het nie, wou oorhaal om die literêre establishment, wat aanhangers van die ou Enniaanse skool was, daartoe te bring om die nuwe poësie 'n kans te gun (Elder, 1966:142, 147).

Hiervolgens gaan dit in die gedig nie slegs om Nepos as 'n individu nie, maar om Nepos as 'n generiese figuur (Elder, 1966:143). Die opvatting gee blyke daarvan dat 'n cliens-mentaliteit aan Catullus toegeskryf word. Volgens Clausen (1982:194) was Catullus nie onopreg in sy aanprysing van Nepos nie, maar was sy rede daarvoor nie literêr van aard nie.

#### 2.4.4.3 Dekmantel of voorwendsel ("device")

Cairns (1969:154) dink dat die opdrag aan Nepos 'n werktuig of truuk is wat die digter gebruik om sy eie werk bekend te stel. Catullus is heel oorspronklik, omdat hy, onder die dekmantel van 'n kompliment aan Nepos, sy eie poësie bekend stel. Ook Singleton (1972:194) wys daarop dat die digter in die proses wat hy iets goëds oor Nepos se werk sê, terselfdertyd iets goëds oor sy eie werk sê.

#### 2.4.4.4 Ligte ironisering van Nepos

Die opdrag van die bundel aan Nepos word deur sommige beskou as 'n onopregte ("faint") kompliment (byvoorbeeld Copley, 1951:204). Catullus bewonder nie werklik Nepos se werk nie en die kompliment is so ver as wat kon gaan sonder om sy vriend seer te maak en sonder om sy eie integriteit prys te gee. In hierdie soort interpretasie word heelwat gewig toegeken aan die uitroep Iuppiter (7) wat deur doctis ... et laboriosis omraam word. Hierdie volkstaaluitroep ironiseer die heel formele aanprysing van Nepos in versreëls 5-7.

#### 2.4.4.5 Invektief en parodie

Volgens Németh (1972) se interpretasie is carmen 1 alles behalwe 'n kompliment aan Nepos. Dit is, intendeel, 'n invektief teen hom en sy soort, asook 'n parodie op die styl van Nepos en die skrywers van die ou skool. Hy meen dat Catullus, as 'n revolusionêre skrywer, reg van die eerste gedig in sy bundel, sowel Nepos as die leser se been trek.

Uit die uiteensetting hierbo blyk dit dat die weë uiteenloop oor die globale strekking van die teks.

### 2.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE GESKRIFTE VAN CATULLUS EN NEPOS

Sover dit hierdie vraagstuk aangaan, is daar twee opvattings, te wete dat die skrywers se geskrifte gekontrasteer word en dat dit as ooreenstemmend uitgebeeld word.

### 2.5.1 Kontrastering

Diegene wat meen dat Catullus en Nepos se geskrifte in carmen 1 met mekaar gekontrasteer word, beroep hulle op:

- die omvang van die werke (Catullus se klein boekie waarna daar as 'n libellum (2) en 'n libelli (8) verwys word, teenoor Nepos se wêreldgeskiedenis in drie volumes);
- die tipering van die onderwerp daarvan (Catullus se *nugae* teenoor Nepos se *geskiedenis oor omne aevum*);
- die karakterisering daarvan (Catullus se werk is *lepidum*, en word geringskattend as *nugas* (4) en *quidquid hoc libelli / quaecumque* (8-9) getipeer, terwyl Nepos s'n *doctis en laborioris* is (byvoorbeeld Copley, 1951:204)).

### 2.5.2 Ooreenstemming

Diametraal hierteenoor huldig ander literatore die opvatting dat die outeurs se werke in carmen 1 as in ooreenstemming met mekaar uitgebeeld word en dat albei skrywers voorgehou word as aanhangers van dieselfde neoteriese kunsideaal (byvoorbeeld Cairns, 1969:153-155; Latta, 1972:206-207). Die argumente wat ten gunste van hierdie opvatting aangevoer word, is:

- dat albei skrywers as vernuwers voorgehou word (Catullus se *novum ... libellum* en Nepos as die eerste persoon wat gewaag het om 'n wêreldgeskiedenis te skryf);
- die aanwesigheid van Aleksandryse kenmerke in die tipering van albei skrywers se geskrifte (Catullus se bundel word getipeer as *novum, lepidum, expolitum* en Nepos s'n as *cartis / doctis ... et laboriosis*). Dit stempel die twee figure tot aanhangers van dieselfde kunsideaal.

Terwyl hierdie standpunt oor die ooreenstemming tussen die skrywers se werke gunstig is vir 'n lesing van carmen 1 as 'n kompliment aan Nepos en as 'n *ars poetica*, moet opgelet word dat voorstanders van die kontrasteringsopvatting nie noodwendig ontken dat carmen 1 'n kompliment aan Nepos is nie.

## 2.6 DIE FUNKSIE VAN DIE VERMENGING VAN REGISTERS

### 2.6.1 Die toonstruktuur

Kommentatore wys byna sonder uitsondering op die verrassende jukstaposisie van informele<sup>4</sup> en formele<sup>5</sup> styl in carmen 1. Afgesien van enkele meningsverskille waarop die aandag weldra gevestig sal word, kan die volgende tipering van die toonstruktuur van die gedig gebied word:

Versreëls	Register
1-2	Informeel
3a	Formeel
3b-4	Informeel
5-7	Hoogs formeel, met die uitsondering van die kragwoord Iuppiter
8a	Formeel
8b-9a	Informeel
9b-10	Formeel

Tog heers daar in enkele gevalle meningsverskil oor wat as formeel en wat as informeel beskou moet word.

### 2.6.2 Ambivalensies

Die volgende woorde en frases is vatbaar vir uiteenlopende vertolkings, naamlik (a) *esse aliquid* (4), (b) *nugas* (4), (c) *Iuppiter* (7), (d) *habe tibi* (8), (e) *quidquid hoc libelli / quaecumque* (8-9a), en (f) *plus uno*

<sup>4</sup> Sover dit die informele taalgebruik aangaan, kan gewys word op 'n hele aantal voorbeelde van die gebruik van gewone volkstaal. Hier word gedink aan woorde en frases soos *lepidum* (1), die verkleinwoord *libellum* (1), *namque* (3), *aliquid esse* (4), *nugas* (5) (wat baie naby aan "slang" kom), die kragwoord *Iuppiter* (7), en *quidquid hoc libelli / quaecumque* (8-9). Sintaktiese verskynsels wat hierby aansluit, is die gebruik van 'n indikatief in plaas van 'n konjunktief in 'n deliberatiewe vraag (*do* in versreël 1) en die voorbeelde van *asundeton* in *lepidum novum* (1) en *quidquid hoc libelli / quaecumque* (8-9). Aangesien die weglating van 'n voegwoord tussen woorde of frases in Klassieke poësie vermy is (kyk Kroll, 1960:1; Copley, 1951:201; Latta, 1972:204) en kenmerkend van die gewone volkstaal was, word gemeen dat die funksie van die informele taalgebruik is om aan te dui dat die soort poësie wat Catullus aanbied, bewustelik afwyk van die heersende poësietradisie en dat dit 'n informele, losse karakter vertoon (kyk Schnelle, 1933:2).

<sup>5</sup> Formele taalgebruik word aangetref in die apostrofe *Corneli tibi* (3), die formele styl waarin 5-7 geskryf is (die *tum cum*-konstruksie, die formele woord *ævum*, die plasing van adjektiewe, en die statige ritme weens die gebruik van vyfsillabige woorde in eindposisies in versreëls 5 en 7), die regsformule in versreël 8a, en die formele gebed in 9b-10.

maneate perenne saeclo (10). Terwyl die dispute wat hieroor heers op die vlak van die toonstruktuur lê, het dit belangrike konsekwensies vir die leser se opvatting oor die tematiese struktuur van die gedig.

Sover dit esse aliquid (4) aangaan is dit moontlik om die frase (a) letterlik op te neem (Cornelius het gedink dat Catullus se versies iets werd is); (b) as 'n voorbeeld van litotes te beskou (Cornelius het baie van Catullus se werk gedink), en (c) as 'n frase wat ironies en sarkasties bedoel is te interpreteer (Cornelius het gedink dat Catullus se werk niks werd is nie).

Ten opsigte van die tipering van Catullus se werk as *nugae*, kan hierdie woord opgeneem word (a) in die "oorspronklike" betekenis daarvan as "gemors" (so byvoorbeeld Copley, 1951:202-203; Singleton, 1972:193 n.5); (b) as 'n tegniese term vir *versiculi* (so byvoorbeeld Baehrens, 1893:68; Fordyce, 1965:85), en (c) as 'n woord wat Catullus 'n melioratiewe betekenisverandering laat ondergaan het, waardeur die woord wat oorspronklik 'n skeldwoord was, 'n eretitel geword het (byvoorbeeld Elder, 1966:146-147).

Die vraagstuk oor die betekenis van *nugae* hang saam met 'n ander probleem, wat wyer as bloot die toonstruktuur gaan. Dit handel hier oor die vrae (a) aan wie hierdie tipering van die digter se poësie toegeskryf moet word, en (b) op verse uit watter tydperk hierdie tipering slaan. Sover dit die eerste vraag aangaan is daar voorstanders van die standpunt dat dit Catullus se eie tipering van sy werk is, maar ook van die opvatting dat die leser hier te doen het met die negatiewe tipering wat Catullus se literêre vyande om die spreekwoordelike nek van sy gedigte gehang het (Copley, 1951:205). Hiermee is die lys nog nie volledig nie, want diegene wat meen dat hierdie gedig 'n literêre inekstief teen Nepos en sy trawante is, meen dat Nepos Catullus se gedigte so getipeer het (byvoorbeeld Németh, 1972:27). Vir Latta (1972:208) is dit weer 'n weerspieëling van wat die deursnee-Romein van Catullus se werk sou dink.

Dit is duidelik dat die leser se opvatting oor die vraag of die gedig 'n opregte kompliment aan Nepos is en of dit as 'n ironisering of parodiëring van hom beskou moet word, 'n rol speel in die betekenis wat aan die woorde toegeskryf word.

Sover dit die tweede vraagstuk aangaan, naamlik waarop *nugae* betrekking het, bestaan daar eweneens nie eensgesindheid nie. Die meeste kommentatore aanvaar dat dit slaan op die gedigversameling wat Catullus aan Nepos opdra (so byvoorbeeld Wheeler, 1934:221, asook Havelock, 1938:4 vir wie *nugae* ekwivalent is aan die digter se verbondenheid aan die nuwe kontemporêre liriek).

Daarteenoor wys Levine (1969:211) en Latta (1972:208) daarop dat *nugae* voorkom in 'n konteks wat baie duidelik op die verlede slaan (vergelyk *solebas* (3) en *iam tum, cum* in versreël 4). Volgens hierdie argument is dit dus waarskynliker dat *nugae* 'n verwysing na Catullus se *iuvenalia* is, dit wil sê na die eerste pogings van die digter wat Nepos onder oë gehad het.

Die keuse wat die leser in hierdie verband maak, hou konsekwensies in vir die vraag of die gebed aan die muse aan die einde gemotiveerd is. Vir 'n hele aantal skrywers is dit vreemd dat daar 'n versoek om durende

voortbestaan van die verse gemaak word, terwyl die digter dit self as *nugae* afmaak. Indien Levine (1969) en Latta (1972) gelyk het, stel dit die saak in 'n nuwe perspektief. In die feit dat die digter sy boek aan Nepos opdra asook in die gebed om durende voortbestaan van sy poësie, bemerk Levine (1969:211) 'n nuwe selfversekerdheid aan die kant van die digter oor sy eie werk, iets wat die gebed nie onvanpas laat voorkom nie.

Die uitroep *Iuppiter* (7) wat normaalweg in *sermo cottidianus* (Bardon, 1970a:47; Schnelle, 1933:2) as 'n kragwoord (Singleton, 1972:194) voorkom, kan geïnterpreteer word (a) as 'n uitroep wat 'n aanduiding gee van die nuwe soort poësie wat Catullus skryf, waarin formele en informele taalgebruik naas mekaar gebruik word, en (b) as 'n uitdrukking wat die formaliteit van die aanprysing van Nepos en sy geskifte relativer of heeltemal ondergrawe.

Latta (1972:207), wat daarop klem lê dat die gedig op twee vlakke beweeg, probeer albei (oënskynlik) uiteenlopende interpretasies akkomodeer. Hy skryf in verband met die uitroep: "Auf der ersten Bedeutungsebene stellt er lediglich eine Durchbrechung der Feierlichkeit des Lobes dar, für die zweite mehr."

Ook *habe tibi* (8) word verskillend verstaan. Daar is diegene wat dit opneem (a) as 'n regsformule wat dui op die formele oordrag van eiendomsreg (Levine, 1969:213), en ander wat dit beskou (b) as 'n volkstaalvariant van die regsformule wat meermale met 'n neerhalende betekenis in Romeinse komedies gebruik word en as sodanig die statigheid van die opdrag ondergrawe (byvoorbeeld Németh, 1972:29 met verwysing na Plautus, *Men.*, 690).

Analoog aan *aliquid esse* (4) en *nugas* (4) word die frase *quidquid hoc libelli / qualecumque* (8-9a) opgeneem as (a) 'n aanduiding van Catullus se beskeidenheid oor sy eie werk (so byvoorbeeld Wheeler, 1934:222), (b) 'n formulering wat oop is en nie noodwendig op beskeidenheid dui nie (byvoorbeeld Latta, 1972:208) en (c) 'n uitdrukking wat ironies bedoel is.

Die wens *plus uno maneat perenne saeclo* (10) is eweneens vatbaar vir 'n vertolking as 'n aanduiding van groot beskeidenheid, en as 'n totale deurbreking van die vroeëre aanduidings van beskeidenheid (kyk verder punt 2.6.3).

### 2.6.3 Struktuurpatrone

Na aanleiding van die keuse wat literatore met betrekking tot hierdie ambivalensies maak, is dit moontlik om die volgende struktuurpatrone in *carmen* 1 te herken:

#### 2.6.3.1 Patroon van geringskatting van die spreker se geskifte

Ter ondersteuning van die opvatting dat daar 'n deurlopende patroon van geringskatting van die spreker se eie geskifte in die gedig aantoonbaar is, kan eerstens gewys word op die tipering van sy geskrif as 'n *libellum* (1) en as *nugae* (4). Die verdere omskrywing daarvan as *quidquid hoc libelli / qualecumque* (8-9a) word dikwels opgeneem as 'n aanduiding van beskeidenheid, soos blyk uit Wheeler (1934:222) se vertaling van versreëls as: "this bit of a book, however poor it may be".

Ook die bede of wens aan die einde van die gedig kan as deel van hierdie patroon van beskeidenheid opgeneem word, wanneer in gedagte gehou word dat die wens dat die bundel plus ... uno saeclo mag voortbestaan 'n betreklik beskeie wens is, veral as in ag geneem word hoe skrywers in die Oudheid dikwels die onsterflikheid van hul geskryfte geproklameer het (Henderson, ad loc.).<sup>6</sup> So werk Havelock (1938:182-184) byvoorbeeld 'n skerp kontras tussen Catullus en Horatius (vir wie hy hoegenaamd nie 'n hoë agting het nie) uit, en stel in verband met Catullus: "The prayer was as far as he dared go. A poet of his temper is ill occupied with self-conscious ambitions for immortality".

### 2.6.3.2 Patroon van 'n deurbreking van die geringskatting van die spreker se geskryfte

Met beroep op dieselfde gegewens, maar met 'n effense anderse aksentlegging, is dit moontlik om te argumenteer dat hierdie patroon van geringskatting ironies geïnterpreteer behoort te word. Ter staving van so 'n interpretasie kan aangevoer word (a) dat *nugae* hier as 'n eretitel gebruik word; (b) dat die dedikasie van die bundel met 'n plegtige regsformule, en die wens om die onsterflikheid van die bundel aanduidings is van 'n nuwe selfversekerdheid aan die kant van die digter oor sy eie werk.

Hiervolgens is daar 'n dinamiese tematiese ontwikkeling in die gedig aanwysbaar. In sodanige interpretasies word die klem in die wens nie soos in geval van die deurlopende geringskattingspatroon hierbo om die plus ... uno saeclo gelê nie, maar op *perenne*, en word laasgenoemde woord die lens waardeur plus ... uno saeclo as 'n onderbetoning gelees word. So tipeer Schnelle (1933:3) die laaste twee versreëls as 'n gebed waarin die digter "in hohem, feierlichen Selbstbewusstsein die Gewissheit ... das dies Werk Jahrhunderte überdauern wird" uitspreek, en ook Latta (1972:209) is van mening dat die beskeidenheid wat vroeër in die gedig aanwesig was, in versreëls 9b-10 heeltemal verdwyn.

### 2.6.3.3 Patroon van hoogagting van Cornelius en sy werk

Ten gunste van hierdie opvatting kan gewys word op (a) die feit dat die spreker sy bundel (*amper vanselsprekend*) aan Cornelius opdra (3); (b) die erkentlike vermelding van *Nepos* as weldoener en *mentor* (3b-4); (c) die vermelding van *Nepos* se prestasies (5-7), en (d) die hoogs formele dedikasie van die boekie in regstaal (8).

### 2.6.3.4 Patroon van 'n aanval op Cornelius en sy werk

Hierdie patroon doen 'n beroep daarop dat (a) *aliquid esse*, wat ironies gelees behoort te word, daarop dui dat *Nepos* gemeen het dat *Catullus* se werk niks werd was nie; (b) die tipering van *Nepos* se geskryfte as *doctis ... et laboriosis* 'n negatiewe oordeel oor *Nepos* se werke uitspreek; (c) die gebruik van die kragwoord *Iuppiter* sowel die strekking

<sup>6</sup> Kyk hoofstuk 8, punt 4.3.1 n. 5.

as die formaliteit van die oënskynlike aanprysing van Nepos ondergrawe, relatiewe of selfs ophef; (d) *habe tibi* as 'n neerbuigende of afjakkende uiting gebruik word, soos wat meermale in Romeinse komedies gebeur; (e) daar in gedig 'n oorgang is van 'n aanspreking van Nepos tot 'n invokasie van die muse, waardeur die oorspronklike aangesprokene verang word.

## 2.7 VERSKILLE OOR DIE VERHOUDING WAARIN TEKSSEGMENTE TOT MEKAAR STAAN

### 2.7.1 Statiese en dinamiese strukture

Die vraagstukke rakende die verhouding tussen Catullus en Cornelius asook tussen hulle geskifte hou ook verband met hoe *carmen 1* se struktuur daaruitsien. Alhoewel kommentatore verskil oor die makrostruktuur van *carmen 1*,<sup>7</sup> het die verskille in standpunte hier veral te doen met die vraag of hierdie gedig (by gebrek aan beter terme) 'n statiese of dinamiese struktuur vertoon. Sommige kommentatore vestig die aandag op simmetrieë in die tematiese struktuur, waarvolgens Catullus en Nepos op dieselfde lyn gestel word, terwyl ander (bv. Copley en veral Németh) die verhouding tussen bepaalde tekssegmente as kontrasterend uitlê en wil aantoon hoe die gedig dialekties ontwikkel.

Volgens die eerste benadering word bepaalde motiewe of tekssegmente geïdentifiseer en word die ooreenkomste daartussen uitgewys. Sodoende word 'n bepaalde tematiese struktuur uitgewys, en word gemeen dat die ooreenstemmende motiewe / segmente meewerk tot 'n harmoniese en sluitende struktuur. In die tweede benadering word eweneens bepaalde tekssegmente geïdentifiseer en met mekaar in verband gebring, maar die verhouding daartussen word as kontrasterend uitgelê. Hiervolgens ontwikkel die betekenis dialekties.

### 2.7.2 Ooreenstemmende eenhede

Die volgende herhalings-elemente, en die daaruit voortvloeiende patroon met Catullus en Nepos as oriënteringspunte, word herken:

Versreëls	Tema
1-2	Vermelding van Catullus se geskrif.
5-7	Vermelding van Cornelius se geskrif.

<sup>7</sup> Henderson (ad loc., kyk hoofstuk 8, punt 4.3.1 n. 5) meen dat die gedig in vyf dele uiteenval: 1-2 (retoriese vraag); 3a (antwoord); 3b-7 (motivering); 8-9a (formele dedikasie van die boek) en 9b-10 (gebed aan die muse). Elder (1966:144-145) meen op sy beurt dat op stilistiese gronde aangetoon kan word dat die gedig in drie bewegings verloop, te wete versreëls 1-4; 5-7 en 8-10 (kyk verder punt 4.6.4.3).

- 3                   Aanspreking van Nepos.
- 9                   Aanspreking van die muse.
- 1-2                Aleksandrynse kenmerke van Catullus se geskrif.
- 7                   Aleksandrynse kenmerke van Cornelius se geskrif.
- 1                   Catullus as vernuwer (o.g.v. novum)
- 5                   Nepos as primus inventor (o.g.v. ausus es en unus)
- 1-2                Afgeronde aard van Catullus se boekie (volgens die Aleksandrynse interpretasie: libellum ... expolitum)
- 6-7                Afgeronde aard van Nepos se geskrifte (volgens die figuurlike Aleksandrynse interpretasie: cartis ... laboriosis).

Sommige kommentatore (byvoorbeeld Latta, 1972:209) wys ook strukture uit op basis van die afwesigheid van sekere "temas" of elemente in bepaalde tekssegmente:

- 1-2                   Uiting nie direk aan Nepos gerig nie.
- 9b-10              Uiting nie direk aan Nepos gerig nie.

Hierdie tipe tematiese simmetrie word gewoonlik (maar nie altyd nie) gebruik ter onderskraging van 'n harmoniese interpretasie van carmen 1. Daar word geargumenteer dat die herhaling van motiewe die struktuur verstewig en sluit.

### 2.7.3 Kontrasterende tekseenhede

Ander kommentatore meen egter dat die struktuur en betekenis van carmen 1 ten beste verstaan word, wanneer die aandag gevestig word op tekssegmente wat of oënskynlik of werklik in opposisie tot mekaar staan.

#### 2.7.3.1 Elder se uiteensetting

Elder (1966:144) wys op 'n stel kontraste of oënskynlike opposisies in carmen 1. Die verstaan van die gedig hang volgens hom onder andere daarvan af om 'n verklaring hiervan te bied. Sy lys van kontraste sien soos volg daaruit:

- |            |        |               |
|------------|--------|---------------|
| omne aevum | versus | nugae         |
| omne aevum | versus | uno saeclo    |
| libellum   | versus | tribus cartis |

lepidum novum    versus    doctis laboriosis  
 novum                versus    perenne.


Daar sal opgemerk word dat Elder se lys van kontraste aan sistematiek sou wen, indien hy die items polêr georden het, dit wil sê, as hy dit so georden het met in die een kolom die items wat op Nepos betrekking het, en in die ander dié wat op Catullus betrekking het. In so 'n geval sou die laaste kontras (novum vs. perenne) natuurlik nie hier geakkomodeer kon word nie. Verder moet opgelet word dat daar maklik geargumenteer kan word dat hierdie lys in werklikheid slegs "apparent contrasts" of "seeming oppositions" bevat. Om omne aevum te stel teenoor uno saeclo is problematies, omdat laasgenoemde frase nie op sigself staan nie, maar in verbinding met plus ... uno saeclo voorkom. Daar is ook reeds daarop gewys dat kommentatore wat 'n Aleksandrynse interpretasie van die gedig voorstaan die pare libellum ... tribus cartis en lepidum novum ... doctis laboriosis hoegenaamd nie as kontraste beskou nie.

### 2.7.3.2 Németh se uiteensetting

'n Meer konsekwent kontrastiewe benadering is dié van Németh (1972), wat hierdie gedig as literêre invektief en parodie op Nepos en die aanhangers van die ou skool beskou. Die stelle kontraste is nie slegs oënskynlike kontraste nie, maar werklike kontraste. In sy uiteensetting van kontraste wil Németh veral die dinamiese kant van die struktuur van carmen 1 belig. Hy stel die ontwikkeling van die gedig as parabolies voor. Die parameters vir die kontras is die evaluering van sy eie werk deur Catullus (aangedui op die y-as), en die evaluering van Nepos (aangedui op die x-as).

Vir die wiskundig-georiënteerde literator word die aanwysings van hoe die diagram gelees moet word, en die voorstelling self volledig aangehaal:

" The direction of the values on the x-axis is reverted the positive values being to the left and the negatives to the right from the origin in order to keep the left-to-right way of reading. The distances between the points are arbitrary. The diagram in the first quarter is descending x : + ; y : +, both values are decreasing. It reaches the y-axis (x = 0) at a y > 0 value, in the fourth quarter it is rising x : - ; y : +, the x-values are decreasing and the y-values are increasing."



(Németh, 1972:30).

Hierdie voorstelling illustreer volgens Németh (1972:29) sowel die reëlmatighede as onreëlmatighede in die gedig en toon aan dat die struktuur daarvan oop is.

Die beginsel waarop die struktuurbeskrywing berus, is om die herhalende motiewe in die gedig in kontrasterende parallele te rangskik:

- Die eerste voorkoms van die patronus-motief word gekontrasteer met die invokasie van die patrona virgo tot wie Catullus hom uiteindelik rig.
- Die slanke volume (libellus) is ewige roem waardig (perenne).
- Die hoffliksuitspraak aan die patronus (Corneli tibi) word gekontrasteer met sy pejoratiewe teenhanger (habe tibi).
- Cornelius se opinie oor Catullus se werk word gekontrasteer met Catullus se opinie oor Cornelius Nepos se boeke (meas nugas aliquid putare - doctis, Iuppiter, et laboriosis).
- Op die draaipunt in die gedig word Cornelius se oormoedigheid ("boldness") gekontrasteer met die grootsheid en omvang van die onderwerp wat hy behandel (unus - Italorum - omne aevum).

Hierdie kontrasterende parallele kom volgens Németh (1972:29) in 'n min of meer reëlmatige orde voor in relasie tot versreëls 5-6, wat die draai-

punt of skarnier van die gedig uitmaak, en hy meen dat unus en omne die cardo is waarom carmen 1 draai.<sup>8</sup>

Die uitwysing van hierdie struktuur word aangewend om die hipotese te ondersteun dat Catullus in hierdie gedig aantoon dat sy poësie in opposisie staan tot die heersende rigting. In die proses lewer hy 'n invektief teen Nepos en sy geesgenote se literatuurvoorkeur en styl, en maak hy aanspraak op die hoër gehalte van sy eie werk.

### 3. TETIESE LESING VAN CARMEN 1 AS GEBEDSTEKS

#### 3.1 INLEIDING

Na hierdie (al te) uitgebreide, maar nodige uiteensetting van die vernameste probleme, word vervolgens ondersoek ingestel na die perspektiewe wat 'n bestudering van carmen 1 aan die hand van die gebedskenmerke wat daarin voorkom, op die globale interpretasieproblematiek bied. Daar sal nagegaan word of so 'n benadering uitsluitel sal kan bied oor die vernameste vraagstukke.

In hierdie bespreking sal argumente aangevoer word ten gunste van die standaardlesing van die teks. In samehang hiermee sal betoog word dat carmen 1 as 'n ars poetica en as 'n kompliment aan Nepos beskou kan word.

Argumente ten gunste van die paslikheid van 'n gebed aan die einde van carmen 1 hou verband met

- die aansluiting van die gedig by die konvensies vir inleidingsgedigte, en veral
- struktuurargumente wat daarop dui dat die gebedstekse aan die einde 'n sinvolle afsluiting aan hierdie gedig bied, dat die gebedstekse deeglik voorberei is in versreëls 1-9a, en dat die voorkoms van 'n gebed aan die slot aanleiding gee tot 'n retrospektiewe herinterpretasie van versreëls 1-9a.

#### 3.2 AANSLUITING BY DIE KONVENSIËS VAN OPDRAGGEDIGTE

Carmen 1 behoort tot 'n bekende literêre genus, naamlik die opdraggedig. Wheeler (1934:220) wys daarop dat die dedikasie, die inleiding, die voorwoord, die epiloog en die programgedig lede van dieselfde genus is. Hierdie soorte geskrifte kan uitgeken word aan die aanwesigheid van 'n aantal topoi, wat, hoewel dit nie sonder meer verpligte elemente is nie, tog met 'n hoë frekwensie in sodanige tekste aangetref word.

<sup>8</sup> Németh se uiteensetting van die cardo-struktuur sluit aan by Bishop (1971:633-642) se aantoning van so 'n "cardofigure" in carmen 85.

Daar word vervolgens spesifiek aan opdraggedigte aandag geskenk. Alhoewel navorsers dit nie eens oor die geskiedenis van hierdie tekstipe nie<sup>9</sup>, staan dit vas dat die opdraggedig teen 200 v.C. reeds stewig ingeburger was en dat dit in die tyd van Catullus net so 'n bekende en geykte vorm moes gewees het as wat die sonnet byvoorbeeld vir die moderne leser is (Wheeler, 1934:223).

Die konvensionele topoi van die opdraggedig was die aanspreking van 'n leser of lesers, die vermelding van die geskrif wat aan die leser opgedra word, 'n kompliment aan die persoon aan wie dit gededikeer word, en dikwels ook 'n vermelding en aanroeping van 'n muse (Wheeler, 1934:221). Soos hierbo gestel, was dit nie noodsaaklik vir al hierdie elemente om in 'n teks voor te kom om daardie teks 'n opdragteks te maak nie. Cairns (1969:156) wys daarop dat nóg die vermelding van die persoon aan wie 'n digbundel opgedra word, nóg die muse noodwendig in so 'n prolooggedig moes voorkom en wys op voorbeelde waar óf die een óf die ander topoi weggelaat word. Tog was dit gebruikelik dat, wanneer 'n digter 'n versoek rig dat sy gedigte onsterflik moet wees, so 'n versoek tradisioneel aan 'n godheid (soos byvoorbeeld 'n muse) gerig is. Die funksie van so 'n vergesellende gedig kon óf suiwer dedikerend wees, óf dit kon ook iets van die aard van die geskrif probeer duidelik maak. Dikwels het hierdie funksies in kombinasie voorgekom.

In Catullus se carmen 1 kom die tipiese topoi voor. Daar is 'n vermelding van die werk wat opgedra word (*Cui dono lepidum novum libellum / arida modo pumice expolitum?* (1-2), en weer in versreëls 8-9: *quare habe tibi quidquid hoc libelli / quaecumque*). Ook die persoon aan wie die bundel opgedra word, word duidelik vermeld: *Corneli tibi* (3). Daar is 'n vermelding van die verhouding wat tussen die opdraer en die persoon aan wie dit opgedra word bestaan (3b-4); 'n kompliment aan laasgenoemde (5-7), en les bes kom daar (in elk geval volgens die teks wat deur meeste kommentatore aanvaar word) 'n aanroeping van die muse en 'n wens om die voortbestaan van die werk in die toekoms voor (*quod, o patrona virgo, / plus uno maneat perenne saeclo..*) (9b-10).

In die lig van carmen 1 se noue aansluiting by die konvensies van inleidingsgedigte wil dit voorkom dat die voorkoms van 'n gebed aan die einde van die gedig waarskynlik is.

### 3.3 AANSLUITING BY DIE KONVENSIES VAN GEBEDSGEDIGTE

#### 3.3.1 Carmen 1 as musiese gebed

<sup>9</sup> Van Sickle (1981:65) meen dat die openingsgedig so oud soos Homeros is. Wheeler (1934:222) stel dat die opdraggedig wat geskryf is om 'n bundel, of soms 'n enkele gedig, te vergesel, reeds van die vyfde eeu v.C. bekend was, en dat die eerste aanduidings daarvan in 'n fragment van Dionysius Chalcus gesien kan word. Elder (1966:148 n.2) huldig die opvatting dat die gebruik om 'n opdraggedig of *dedicatio* by 'n digbundel te voeg nie verder teruggaan as die Hellenistiese tydperk nie.

Die gebed in carmen 1 kan as 'n musiese gebed geklassifiseer word. Alhoewel dit uit die resepsiegeskiedenis blyk dat sommige literatoure patrona virgo as 'n problematiese frase beskou en Goold kategories stel dat 'n muse nêrens in die Latynse literatuur as patrona voorgehou word nie (kyk punt 2.2.3), wil dit my voorkom dat hierdie argument nie steek hou nie. Ter motivering van hierdie standpunt kan gewys word op die uitspraak van Suetonius (Gram., 6, ook aangehaal in Elder, 1966:149 n.2): quia scriptores ac poetas sub clientela Musarum iudicaret. Hieruit blyk dit dat skrywers en digters as die klientes van die muses beskou is, wat die muses in die rol van patronae plaas.

Sover dit die bede of wens aangaan, is dit duidelik dat die digter in sy begeerte vir die onsterflikheid van sy poësie 'n kind van sy tyd was. Bedes vir, wense om, en selfs proklamasies van die onsterflikheid van hul poëtiese arbeid kom met 'n baie hoë frekwensie in die geskryfte van die digters van die Oudheid voor. Latta (1972:209-210) stel dat hierdie wens van Catullus in ooreenstemming met die antieke mens se selfbewussyn was.

### 3.3.2 Vormskema

Wanneer die gebed

quod o patrona virgo  
plus uno maneat perenne saeclo.

met die konvensionele vormskema van die gebed (kyk hoofstuk 3, punt 4) in verband gebring word, dan val dit die leser op dat hy, anders as in carmina 34, 36 en 76, hier met 'n besonder kriptiese gebed te doen het. Slegs die verpligte elemente waaraan 'n gebedstek uitgeken word, kom daarin voor, te wete die invocatio, versterk deur 'n eksklamatoriese o, en die bede of wens: plus uno maneat perenne saeclo.

Wat wel opvallend is, is die feit dat die gebedstek hier in 'n bysinskonstruksie voorkom. Indien aanvaar word dat carmen 1 in hierdie gebed kulmineer, en wanneer in ag geneem word dat hierdie gedig 'n belangrike posisie in die oeuvre van Catullus inneem, is die legering van die gebed tot 'n bysin enigsins vreemd. Wat die leser hier aantref, is in 'n sekere sin analoog aan 'n cum inversum-konstruksie, waar die belangrikste inligting in 'n sintakties ondergeskikte posisie aan die bod gestel word (kyk punt 3.7). Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat quod, soos dit in versreël 9 gebruik is, telkens in godsdienstige formules voorkom nie (kyk Cairns, 1969:157).

### 3.4 DIEPERLIGGENDE VERBANDE TUSSEN VERSREËLS 9B-10 EN 1-9A?

'n Analise van versreël 9b-10 volgens die standaardlesing van die teks kan uiteraard nie sonder meer gebruik word as 'n argument ten gunste van die juistheid daarvan nie. 'n Faktor wat in die guns van die aanvaarding van die standaardlesing sou tel, is indien aangetoon kan word dat die gebed (volgens die standaardlesing) deeglik voorberei is deur wat daaraan voorafgaan, of, om dit meer konkreet te stel, indien aangetoon kan word dat gebedskenmerke nie net in die gebedstek nie, maar

ook in die res van die gedig voorkom en dat hierdie insig die dedikasie in 'n nuwe lig stel.

Levine het reeds belangrike werk in hierdie verband gedoen. Hy merk tereg op: "the dedicatory format of c.1 is seen to be overlaid with certain features of hymns or prayers of offering and petition to a deity" (1969:213).

Die gebedstekes (9b-10) en die dedikasie het die kenmerk gemeen dat daar in elk 'n apostrofe voorkom, te wete o patrona virgo (9) en Cornell (3). Die posisies van hierdie apostrofes, na aan die einde en die begin van die gedig, is in ooreenstemming met die Aleksandrynse neiging tot formele simmetrie. Hierdie ooreenkoms laat die vraag ontstaan of daar nie diepgaander ooreenkomste tussen die gebedstekes en die res van die gedig bestaan nie.

### 3.5 DEDIKASIE ANALOOG AAN 'N OFFERHANDELING?

Soos in die uiteensetting oor die gebed in hoofstuk 4 (punt 9.2.5) aangetoon is, is gebede dikwels gebruik om offers te vergesel. Die vraag wat na aanleiding hiervan ontstaan, is of die dedikasie wat die gebed voorafgaan, met 'n offerhandeling in verband gebring kan word en of die dedikasie self ooreenkomste met gebedstekste vertoon.

Carmen 1 begin met die vraag aan wie die digter sy oulike nuwe boekie sal opdra. Die antwoord hierop en die motivering vir die optrede word in versreëls 3-8 aangetref en loop uit op die opdrag in versreël 9a. Die digter se dedikasie van sy bundel aan Nepos lyk met die eerste oogopslag na 'n gawe aan 'n menslike weldoener. Levine (1969:213) sien egter 'n nog dieper sin hierin. Hy voer aan dat die gawe van die libellum aan 'n menslike weldoener, deur die aanwesigheid van gebedskenmerke in die gedig, geassosieer word met 'n godsdienstige offerhandeling, en dan spesifiek met 'n offer wat die eerstelinge van die oes vergesel het. Die waarskynlikheid van hierdie interpretasie hang primêr af van die aantoning van die aanwesigheid van godsdienstige en gebedskenmerke in die dedikasie, maar die moontlikheid van so 'n interpretasie word versterk deur die feit dat digters dikwels die primitiæ van hul kuns aan die gode opgedra het, soos Versnel (1981:55) in 'n ander konteks aangetoon het.

### 3.6 GEBEDSKENMERKE IN VERSREËLS 3-9A

Wanneer versreëls 1-8a retrospektief geherinterpreteer word in die lig van 9b-10, dan val dit op dat kenmerke van gebedstekste ook in die aanloop tot die gebed voorkom. So toon die uitbreiding van die apostrofe in versreël 3 sterk ooreenkomste met die hupomnesis in gebedstekste. In versreëls 3b-4 word die aangesproke herinner aan die vorige gawes wat die spreker geskenk het (die nugæ) en aan die vroeëre weldade wat die aangesprokene aan die spreker betoon het. Met verwysing na Appel (1909:149) voer Levine (1969:213-214) aan dat daar deur hierdie gawe aan Nepos 'n verpligtingsverhouding geaktiveer word, net soos wat die

gode, indien hulle die gawe van die offeraar aanvaar het, verplig was om op hul beurt dit wat van hulle gevra word, te voorsien.

Nog duideliker is versreëls 5-7, waarin die verdienstes van Nepos aangeprys word, se ooreenkoms met die aretalogie wat dikwels in gebedstekste voorkom.

Die ooreenkomste lê egter nie net op die vlak van topoi nie, maar kan ook op stilistiese vlak aangetoon word. Die vooropstelling van die tweedepersoonsvoornaamwoord in versreëls 3 (*Corneli tibi, namque tu solebas*) en 9 (*quare habe tibi*) is tipies aan gebedstekste, veral aan himnes (kyk hoofstuk 3, punt 4.3 en Latta, 1972:205). Die aanwending van 'n himniese styl in carmen 1 maak dit moontlik om hierdie eerste gedeelte van die gedig as 'n loflied aan 'n menslike weldoener te lees, net soos die loflied aan Epicurus wat in Lucretius se *De Rerum Natura* (3.1-30) voorkom.

Wanneer in gedagte gehou word dat *habe tibi* (8) 'n regsformule is, en daar in berekening gebring word hoe nou die ooreenkoms tussen gebeds- en regstaal is (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.5.1 en Cairns, 1969:157), dan stel dit die onbepaaldheidswoorde *quidquid* en *qualecumque* in 'n nuwe lig. Alhoewel die gebruik van hierdie woorde in carmen 1 dikwels getipies word as 'n voorbeeld van volkstaal (byvoorbeeld Copley, 1951:204 n.15), moet nie uit die oog verloor word dat onbepaaldheidswoorde met 'n hoë frekwensie in gebedstekste voorkom nie (kyk Cairns, 1969:157).

### 3.7 PERSPEKTIEWE OP DIE INTERPRETASIEPROBLEMATIEK

Daar word vervolgens aandag geskenk aan die lig wat 'n lesing van carmen 1 as gebedstekste op die globale interpretasieproblematiek werp.

Eerstens wil dit voorkom of daar, teen die agtergrond van (a) carmen 1 se aansluiting by die konvensies van opdraggedigte, (b) die illustrasie van die verbande van versreëls 1-9a met 'n offerhandelinge, en (c) die aantoning van gebedskenmerke in versreëls 3-9a, aangevoer kan word dat die voorkoms van 'n gebedstekste aan die einde van carmen 1 geensins so onverwags of onvanpas is as wat dikwels te kenne gegee word nie, aangesien dit uit die bespreking hierbo geblyk het dat die gebedstekste deeglik voorberei is deur die gedeelte wat daaraan voorafgaan. Alhoewel die argumente wat hier aangevoer is nie tekstkrities van aard is nie, maar eerder 'n beroep doen op die aansluiting van carmen 1 by die konvensies van opdrag- en gebedstekste, kan 'n saak op grond van hierdie uiteensetting daarvoor uitgemaak word dat die standaardlesing van die teks die waarskynlike manuskripleesing verteenwoordig.

Sover dit die vraagstuk aangaan of carmen 1 primêr as dedikasie of as *ars poetica* beskou moet word, wil dit my voorkom of die gedig albei hierdie funksies vervul. Die standpunt dat die dedikasie van die bundel aan Nepos 'n voorwendsel is vir die bekendstelling van die digter se eie poëtiese arbeid (kyk punt 2.4.3), is baie aantreklik. Die reïgeryng van die gebed tot 'n bysin aan die einde van die gedig kan beskou word as 'n inversieprocedure waardeur dit wat die hoofsaak is (die bekendstelling van sy poësie en die wens om die voortbestaan daarvan) verbloem word

agter dit wat aangebied word as hoofsaak (die dedikasie van die bundel aan Nepos).

Dit blyk ook dat die keuse ten gunste van die lesing van 9b-10 volgens die standaardlesing die voorkoms van Aleksandryse elemente op die metaforiese vlak goed verreken en by die interpretasie integreer. Aangesien die gebed funksioneer as 'n versoek om die voortdoring van die digter se poësie, is dit nie vreemd dat daar in die gedig wenke gebied word oor die aard van die poësie wat in die bundel aangebied word nie. Nie alleen word die tipiese Aleksandryse deugde (lepos, oorspronklikheid, strukturele afgerondheid, doctrina en labor) in verband met Catullus en Cornelius se werk opgenoem nie, maar dit word ook in die gedig geïllustreer in die fyn afgewerkte struktuur, die bedagte naasbestaan van letterlike en figuurlike betekenis, asook in die jukstaposisie van formele en informele taalgebruik.

Hierdie lesing bied verder 'n ryker perspektief op die vraagstuk rondom die letterlike of figuurlike interpretasie van die gedig, met sterk motivering ten gunste van die noodsaak vir 'n metaforiese interpretasie naas die letterlike lesing van die teks. Dit verruim selfs hierdie beginsel in soverre die oordrag en dedikasie van die libellum metafories in verband gebring word met 'n godsdienstige offerritueel.

Ten spyte van al die dispute oor hoe die oorspronklike bundel van Catullus daaruitgesien het (kyk punt 2.4.3), is dit nogtans duidelik dat hierdie gedig die vaandel was waaronder ten minste 'n gedeelte van sy oeuvre gevaar het. In die lig hiervan is aanduidings van die soort poësie wat die digter aan die leser aanbied, te wagte in so 'n inleidingsgedig.

Ook op die netelige probleem oor hoe die verhouding tussen Catullus en Nepos in hierdie gedig uitgebeeld word, bied 'n lesing van carmen 1 as gebedstek 'n insiggewende perspektief. Terwyl daar in die analise hierbo heelwat aandag geskenk is aan wat versreëls 1-9a en 9b-10 gemeen het, moet die dinamiese elemente nie uit die oog verloor word nie.

Die vernaamste hiervan is die oorgang van die aanspreking van Nepos (Corneli tibi (3) en habe tibi in versreël 8) tot die aanroeping van die patrona virgo in die gebedstek. Terwyl hierdie oorgang al uitgelê is as negatiewe kritiek op Nepos, as sou dit daarop dui dat hy deur die muse vervang word (kyk punt 2.6.4.3), wil dit my voorkom of die voorstelling van die dedikasie as iets analoogs aan 'n offerhandeling, verder versterk deur die aanwesigheid van gebedskenmerke in die res van die gedig, in 'n ander rigting dui.

Die dedikasie van die libellum is 'n gawe aan 'n menslike weldoener. Die wens wat in 9b-10 aan die muse gerig word, is 'n versoek aan 'n goddelike weldoener. Dit wil my voorkom of Levine (1969:213) gelyk het wanneer hy beweer dat die muse in versreël 9 as die "divine counterpart" van die menslike weldoener figureer. Die oorgang van die aanspreking van Nepos tot die invokasie van die muse word myns insiens reeds genoegsaam verklaar deur daarop te wys dat versoeke om die onsterflikheid of voortbestaan van 'n digter se verse konvensioneel aan 'n godheid gerig is (kyk punt 3.2). Die verklaring van die oorgang wat al aan die hand gedoen is, naamlik dat die boekie aan Nepos as belangrike figuur opgedra word om die voortbestaan daarvan in sy eie leeftyd te verseker, maar dat die muse gevra word om die voortdoring daarvan plus uno ... saeclo te verseker, aangesien slegs 'n godheid die mag het om dit te bewerk-

stellig, is 'n heeltemal moontlike, hoewel ietwat rasonale verklaring van hierdie oorgang. Deur die gebruik van 'n regsformule in die dedikasie gaan die eiendomsreg van die libellum oor na Nepos; die voortbestaan daarvan in die toekoms word in die hande van die muse gelaat.

Die inverbandstelling van Nepos en die muse werk in twee rigtings. Enersyds dien die uitbeelding van die oorhandiging van die libellum as 'n offer en die gebedskenmerke in die dedikasie daartoe om die leser voor te berei vir die gebed aan die muse. Andersyds sublimer die assosiasie met die muse die uitbeelding van Nepos.

Voordat daar aandag geskenk word daaraan om die interpretasie van die verhouding tussen Catullus en Nepos te kwalifiseer, moet daarop gewys word dat hierdie interpretasie ook lig werp op die gewraakte frase *o patrona virgo* in versreël 9. Dit wil, teen die agtergrond van die juridiese taalgebruik in hierdie gedig, voorkom of die muse in 'n heel spesifieke sin *patrona virgo* genoem word. 'n Patronus was in die Romeinse gemeenskap 'n beskermheer voor die gereg. Anders as die opvatting dat die vermelding van die *patrona virgo* op inspirasie dui, kan daar 'n saak voor uitgemaak word dat die muse *patrona* is in die sin dat sy gevra word om die digter se poësie te laat voortduur voor die regbank van die tyd. Hier is dus sprake van 'n oordeel, en dit sluit mooi aan by die beoordeling wat Cornelius vroeër van Catullus se *nugae* gemaak het (3-4).

Die assosiasie van Nepos met die muse, wat ietwat pretensieus mag aandoen, is na alle waarskynlikheid nie so enkellynig as wat hierbo te kenne gegee is nie. Alhoewel ek meen dat dit die hooflyn verteenwoordig, is daar aanduidings van 'n tweede perspektief op hierdie voorstelling, wat as 'n korrektief hierop dien en wat 'n indruk van pretensie teenwerk.

By al die ooreenkomste tussen die dedikasie en die gebed, moet daar nie uit die oog verloor word nie dat daar elemente in die dedikasie voorkom wat nie konformeer aan wat 'n mens in 'n konvensionele opdraggedig verwag nie. Terwyl die styl waarin dedikasies en godsdienstige tekste geskryf word, gewoonlik formeel van aard is, is een van die opvallendste stylkenmerke van *carmen* 1 die konsekwente jukstaposisie van formele en informele taalgebruik.

Daar is reeds vroeër daarop gewys dat daar 'n mate van ambivalensie in die gebed aanwysbaar is, en dat dit óf as 'n selfversekerde wens om die onsterflikheid van die digter se poësie óf as 'n betreklik beskeie wens beskou kan word (kyk punt 2.6.3). Dit wil my voorkom of dieselfde geld vir die inverbandstelling van die dedikasie met 'n offerande en die assosiasie van Nepos met 'n godheid. Hierdie voorstelling word gebalanseer en enigszins gerelativeer deur die onverwagte volkstaaluitroep *Iuppiter* (7) en die naasbestaan van formele en informele taalgebruik (kyk punt 2.6).

## 4. METODOLOGIESE BESPREKING

### 4.1 OOGMERKE

Waar die tetiese lesing hierbo in lyn was met een van die strewes in hierdie studie, naamlik die strewes na presisie en eksaktheid in literêre interpretasie, sal daar in die hieropvolgende bespreking aandag geskenk word aan daardie faktore wat onbepaaldheid in die hand werk en die presisie en eksaktheid relatieweër.

Anders as in die metodologiese bespreking oor die verskillende interpretasies van carmen 36, waar daar gepoog is om verskillende lesings krities te beoordeel en met mekaar te vergelyk, sal die aandag in hierdie bespreking toegespits word op die verskillende tipes argumente wat literatoure in hul standpuntname oor die interpretasiedispute rondom carmen 1 aanwend.

Die vernaamste oogmerke met hierdie bespreking is om ondersoek in te stel na die aard van die literêr-wetenskaplike argumente wat in die interpretasie van carmen 1 aangewend word. Afgesien daarvan dat die vernaamste tipes argumente in hoofgroepe ingedeel sal word, sal die ondersoek veral konsentreer op die beperkinge waaraan die verskillende tipes argumente onderhewig is.

Hierdie kritiese ondersoek van argumentasiewyses geskied teen die agtergrond van die vraagstuk of tekste slegs op een manier korrek geïnterpreteer kan word en of tekste meerdere en selfs botsende lesings toelaat. As sodanig vorm die dispuut oor verskillende waarheidsmodelle (veral dié van die korrespondensie- en koherensietoëieë, kyk hoofstuk 2, punt 3) ook 'n kader waarbinne hierdie bespreking gelees behoort te word. Alhoewel hierdie lesing as 'n koherente interpretasie van die gedig kwalifiseer, sal nagegaan word of die voorgestelde tetiese lesing daarop aanspraak kan maak om as die enigste korrekte interpretasie van hierdie problematiese gedig deur te gaan en of interpretasies wat daarvan verskil noodwendig verkeerd is. Aangesien hierdie bespreking sal konsentreer op verskillende argumentasie-strategieë en nie op die standpunte oor verskillende dispute as sodanig nie, sal daar nie slegs aandag geskenk word aan die dispuut wat sentraal gestaan het in die bespreking van carmen 1 nie, maar sal die net wyer gespan word om ook nuwe gegewens en argumente te betrek, in soverre dit lig kan werp op die wyses van literêre argumentasie en op die beperkings waaraan sodanige argumente onderhewig is.

In die loop van hierdie bespreking sal daar ook gepoog word om aan te toon dat interpretasieverskille meermale saamhang met uiteenlopende literatuuroppattings wat deur navorsers gehuldig word en met bepaalde metodes wat met sodanige literatuuroppattings saamhang.

### 4.2 INDELING VAN VERSKILLENDE TIPES ARGUMENTE

Teen die agtergrond van die uiteensetting oor die vernaamste dispuutpunte in die interpretasie van carmen 1, wil dit my voorkom of

die vernaamste tipes argumente wat aangewend word in 'n poging om hierdie verskille by te lê, soos volg ingedeel kan word:

- tekskritiese argumente
- argumente oor die "sinvolheid", "paslikheid" of "funksionaliteit" van bepaalde tekssegmente in die geheel van die diskoers
- argumente wat 'n beroep doen op teksinterne linguale en literêre strukture
- komparatiewe argumente, waarvolgens die teks in verband gebring word met ander gedigte van dieselfde skrywer en met die konvensies van bepaalde tekstipes
- kontekstuele argumente.

### 4.3 TEKSKRITIESE ARGUMENTE

Aangesien die tekskritiese argumente redelik uitvoerig bespreek is in die uiteensetting van die vernaamste interpretasieprobleme rondom carmen 1, word hier volstaan met die opmerking dat dit uit daardie bespreking geblyk het dat die tekskritiese argumente op sigself genome inkonklusief is en dat literatoure hulle gewoonlik wend tot ander tipes argumente om hul voorkeur vir 'n bepaalde tekslesing te staaf.

Daar moet verder opgelet word dat indien die tekslesing van versreël 9 bo enige twyfel sou vasstaan, dit wel uitsluitel sou bied oor die vraag of daar 'n musiese gebed in carmen 1 voorkom al dan nie, maar dat dit nie alle probleme sou oplos nie. Selfs as die tekslesing vasgestaan het, sou dit byvoorbeeld steeds moontlik wees om die kompliment aan Nepos as ernstig of as ironiserend op te neem.

### 4.4 ALGEMENE TIPERING VAN FUNKSIONALITEITS- EN STRUKTUURARGUMENTE

In literêre argumentasie word daar dikwels gewerk met argumente wat 'n beroep doen op die "sinvolheid", "paslikheid" of "funksionaliteit" van 'n tekssegment binne die geheel van die gedig. Die literatuuropvatting wat aan hierdie tipe argumentasie ten grondslag lê, is 'n beskouing van die gedig as monument. Hiervolgens word 'n literêre werk beskou as 'n sogenaamde organiese geheel. Die verskillende onderdele waaruit die gedig opgebou is, word nie as losstaande entiteite beskou nie, maar word beskou as eenhede wat in relasie tot mekaar en tot die geheel bestudeer moet word. In hierdie tipe argumentasie speel die beginsel van funksionaliteit 'n belangrike rol. Daar word telkens gevra na die funksie van die onderdeel in die geheel.

Hierdie funksionele literaturopvatting vorm ook die basis vir struktuurargumente. Waar daar in hierdie benadering klem gelê word op die onderdeel in sy verhouding tot ander onderdele en tot die geheel, word

daar besondere aandag geskenk aan die beskrywing van die relasie tussen onderdele of gedigsegmente. In so 'n benadering is veral twee relasies van belang, te wete dié van ooreenkoms en dié van opposisie of kontrastering. Kenmerkend van hierdie benadering is 'n soeke na patroonmatigheede of strukture. Hierdie patroonmatigheede word nie as toevallighede beskou nie, maar as struktuurprinsipes met 'n bepaalde funksie in die opbou van die geheel. Die aanname wat, soms eksplisiet en soms implisiet, in struktuur-georiënteerde literatuurbestudering werksaam is, is die opvatting dat die betekenis van 'n gedig vasgestel kan word deur die struktuur of strukture van die teks bloot te lê en die funksie(s) daarvan te beskryf.

Wanneer daar in struktuur-georiënteerde argumentasie klem gelê word op patrone van ooreenstemming (byvoorbeeld deur die herhaling van temas, woorde, klanke, sintaktiese strukture, ensovoorts), dan is die oogmerk daarmee gewoonlik om aan te toon dat die gedig 'n harmoniese geheel vorm. 'n Tipiese neiging van sodanige argumentasie is om simmetrië in die opbou van die gedig uit te wys. Wanneer die klem dan so op die uitwysing van patrone van ooreenstemming gelê word, word daar gewoonlik gewerk met 'n betreklik statiese opvatting van struktuur, en word die strukturering van gegewens as geheelbouers en as 'n soort sluitings- en afrondingsmeganisme beskou.

Wanneer die ondersoek egter konsentreer op relasies van kontras of opposisie en daar gepoog word om aan te toon dat sekere elemente in 'n kontrasterende of dialektiese verhouding tot ander elemente staan, gee sodanige struktuurondersoek gewoonlik aanleiding tot 'n dinamieser opvatting oor struktuur. Strukture dien nie bloot 'n harmoniese, simmetriese patroon nie, maar die gedig se betekenis kom tot stand deur 'n dialektiese proses waarin stelle sake met mekaar gekontrasteer word of in wisselwerking met mekaar verkeer.

Argumente oor "sinvolheid", "paslikheid" en "funksionaliteit" en argumente wat gebaseer is op die uitwysing van strukture, werk gevolglik albei met 'n opvatting dat die onderdeel in sy verhouding tot die geheel bestudeer moet word. Waar die tweede tipe argumentasiewyse onderskei kan word van eersgenoemde, is dat daar in struktuur-georiënteerde argumente groot klem gelê word op die beskrywing en funksionering van linguale en literêre strukture.

Die waarde van funksionele en struktuur-georiënteerde literêre ondersoek moet nie geringgeskat word nie. In teenstelling tot 'n ouere benadering waarin daar insulêr en atomisties na afsonderlike feite gekyk is, het funksionele en struktuur-georiënteerde benaderings 'n holistiese of totaliteitsaanpak in die hand gewerk, waarin die onderdeel in sy relasie tot ander onderdele en tot die geheel bestudeer is. In die verklaring van samehange word daar verder gekyk as bloot die aanwesigheid van teksverskynsels, maar word voortdurend gepoog om die funksie van bepaalde verskynsels in die geheel te verklaar.

Die funksionele en struktuur-georiënteerde aanpakke wat ook in die bestudering van die Klassieke poësie in die laaste paar dekades veld gewen het, kan beskou word as 'n teenreaksie op 'n benadering waar die literêre werk as dokument bestudeer is. In plaas daarvan om tekste deterministies as die gevolg van bepaalde aanleidende oorsake (wat gewoonlik kontekstueel van aard is) te verstaan, is daar deur baie literatoure vanaf 'n kousale tot 'n funksionele benadering oorgegaan.

By die teks-as-monument-benadering tref ons 'n geneigdheid tot intensiewe teksbestudering aan. Hierdie geneigdheid tot "close reading" van tekste hang direk saam met 'n strewing na eksaktheid, presisie en bepaaldheid in literêre interpretasie.

#### 4.5 SINVOLHEIDS-, PASLIKHEIDS- EN FUNKSIONALITEITSARGUMENTE

Die probleem met betrekking tot literêre argumente waarin daar 'n beroep gedoen word op die "sinvolheid", "paslikheid" of "funksionaliteit" van 'n tekssegment binne die geheel van die diskoers, kan goed geïllustreer word met verwysing na die vraag of daar 'n gebed in carmen 1 voorkom al dan nie.

In die tetiese lesing van carmen 1 is daar op grond van 'n reeks argumente gekies ten gunste van die standaardlesing van die teks. Een van die vernaamste argumente in hierdie verband was juis 'n paslikheidsargument, aangesien aangevoer is dat 'n gebed aan die einde van hierdie gedig 'n sinvolle en gepaste afsluiting daaraan verleen.

Die vraag wat na aanleiding hiervan ontstaan, is of die sinvolheid en funksionaliteit van die voorkoms van 'n musiese gebed aan die einde van carmen 1 konklusief daarop dui dat die standaardlesing korrek is en dat tekslesings wat daarvan verskil logieserwys verkeerd is.

Sonder om enige afbreuk te doen aan of die argumente of die interpretasiekeuses wat in die tetiese lesing gemaak is, moet daarop gewys word dat argumente wat 'n beroep doen op "sinvolheid", "paslikheid" of "funksionaliteit" van 'n tekssegment binne die geheel van die gedig nie konklusief is nie. Die rede hiervoor is dat lesers verskillende opvattinge huldig oor hoe die geheel van die gedig daaruitsien; of ander gestel: dat hulle verskillende gehele of rame bedink waarbinne die onderdele sinvol tuisgebring word.

Daar moet daarop gewys word dat voorstanders van die Bergk- of Goold-lesings eweneens 'n beroep sou kan doen op die sinvolheid en funksionaliteit van hul voorgestelde slotte binne die geheel van die diskoers. Daar sou met ewe veel reg geargumenteer kan word dat hul voorgestelde slotte die gedig mooi tot 'n eenheid afrond. Hiervolgens begin die gedig met die vraag aan wie die digter sy bundeltjie opdra; daarna word hierdie persoon geïdentifiseer, die opdrag gemotiveer en ten slotte word die wens uitgespreek dat hierdie bundel ter wille van en op grond van die digter se patronus mag voortbestaan. In die loop van so 'n argumente sou voorstanders van die alternatiewe lesing(s) hulle verder kon beroep op die poetae novi se navolging van die Aleksandrynse praktyk om die begin en einde van 'n gedig te korreleer.

Wat hieruit blyk, is dat die aantoning van 'n gedigsegment se verband en "eenheid" met die res van die diskoers nie sonder meer inhou dat dit as konklusiewe getuienis ten gunste van 'n keuse oor die manuskripleasing gebruik kan word nie.

Waar die twee interpretasievoorstelle wel verskil, is dat 'n keuse ten gunste van die standaardlesing 'n dinamieser lesing is aangesien dit die leser daartoe bring om vorige teksinligting te herinterpreteer en om 'n

dieper sin in die dedikasie en die samehang daarvan met die gebed op te merk. Terwyl hierdie leser 'n voorkeur vir so 'n dinamiese struktuur koester, moet opgelet word dat dinamiek nie sonder meer gelyk te stel is aan juistheid nie.

#### 4.6 STRUKTUURARGUMENTE

##### 4.6.1 'n Kritiese ondersoek

In 'n poging om bepaalde interpretasies van carmen 1 te staaf, word daar dikwels gebruik gemaak van argumente wat 'n beroep doen op die juistheid van 'n interpretasie omdat die interpretasievoorstel in ooreenstemming met "die struktuur van die gedig" is, of, versigtiger geformuleer, met bepaalde struktuurpatrone, wat in die gedig aantoonbaar is.

Die feit dat lesers verskillende struktuurpatrone in carmen 1 identifiseer, en dan hierdie strukture gebruik om bepaalde interpretasies te staaf (en gewoonlik ook om ander interpretasievoorstelle te diskwalifiseer), verg dat die waarde en beperkinge van struktuurargumente krities in oënskou geneem moet word. Waar struktuurargumente ook in hierdie studie 'n belangrike plek inneem, kan en moet hierdie kritiese oorsig ook as selfkritiek beskou word.

##### 4.6.2 Plasing binne raamwerk van hermeneutiese benaderings

Hierdie bespreking kan ingelei word met verwysing na Hirsch (1976:20 e.v.) se skematisering van hermeneutiese benaderings. In antwoord op die vraag hoe 'n mens 'n teks verstaan, het daar in die loop van die geskiedenis drie hoofstandpunte hieroor gekristalliseer. Die eerste hiervan is dat die verstaan van tekste berus op 'n intuïsie aan die kant van die leser. As tweede rigting tref ons die opvatting aan dat die betekenis van tekste vasgestel kan word deur eksak na te gaan wat tekste "sê", dit wil sê deur die linguale en literêre strukture daarvan presies te beskryf. Hierdie standpunt hou in dat betekenis as 'n sekondêre kwaliteit van die linguale vorme self beskou word. 'n Derde en resenter opvatting is dat die betekenis van tekste op die perspektief van die leser berus.

Binne hierdie skematisering hoort argumente wat 'n beroep doen op teksinterne strukture duidelik binne die tweede kategorie tuis. Die probleme verbonde aan hierdie heel nuttige benaderingswyse word vervolgens onder die loop geneem. Die kernvraag wat beantwoord moet word, is of daar inderdaad 'n een-tot-een korrelasie tussen linguale strukture en betekenis bestaan.

##### 4.6.3 Uiteenlopende struktuurpatrone

Daar kan begin word deur na te gaan hoe die netelige probleem oor die verhouding tussen Catullus en Cornelius asook die relasie tussen hul geskrifte in besprekings van carmen 1 beredeneer word. In die uiteensetting van struktuurpatrone in die gedig is daar gewys opstrukturele argumente ten gunste van die opvatting dat (a) die relasie tussen Catullus en Nepos se geskrifte een van ooreenkoms is (kyk punt 2.5.2) en (b) dat die werke van hierdie skrywers met mekaar gekontrasteer word

(kyk punt 2.5.1). Vir albei hierdie botsende standpunte is struktuurargumente aangevoer. Die eerste standpunt word gestaaf deur die uitwysing van ooreenstemmingsrelasies, naamlik deur aan te toon dat albei skrywers se geskifte konsekwent dwarsdeur die teks in terme van Aleksandrynse kenmerke getipeer word. Die tweede standpunt doen op sy beurt 'n beroep op 'n aantoonbare patroon ingevolge waarvan 'n reeks semantiese kontraste (byvoorbeeld klein teenoor groot; ernstig teenoor speels, ensovoorts) uitgewys word.

Uit hierdie voorbeeld is dit reeds duidelik dat die korrelasie tussen linguale strukture en betekenis nie so enkellynig is as wat in die kring van struktuur-georiënteerde literatoure gemeen word nie.

Om die verskillende probleme verbonde aan strukturele argumente toe te lig, is dit nodig om die saak op 'n abstrakter vlak aan te pak. Daar sal vervolgens gekyk word na (a) die veelheid van strukture; (b) die prinsipe van selektiwiteit in struktuurbeskrywing; (c) die teleologiese aard van struktuurbeskrywings; (d) die probleme verbonde aan die hermeneutiese sirkel; (e) die probleem van poli-interpretabele strukture en die rol wat literêre aannames in hierdie verband speel; en (f) die vraag oor die ontiese status van strukture.

#### 4.6.4 Die veelheid van strukture

##### 4.6.4.1 Die kompleksiteit van taal

In 'n kritiese evaluering van struktuurargumente moet eerstens daarop gewys word dat taal 'n komplekse sisteem is en as sodanig vele fasette vertoon. In die struktuurbeskrywing van carmen 1 word daar dan ook in hierdie hoofstuk gewys op semantiese, tematiese, sintaktiese, foniese en toonstrukture.

##### 4.6.4.2 Tersaaklikheid van alle strukture?

Indien die eis gestel word dat 'n interpretasie juis is wanneer dit in ooreenstemming met die struktuur van die teks is, ontstaan die vraag of al die verskillende strukture wat op verskillende taalvlakke aangetoon kan word, ter sake is. Anders geformuleer: moet die interpretasie klop met (of vloei dit voort uit) al die verskillende strukture, of is slegs sekere struktuurpatrone relevant?

##### 4.6.4.3 Strukture en parameters, toegelig aan die hand van Elder se beskrywing van die makrostruktuur van die gedig

Uit die vroeëre oorsig oor strukture kan duidelik aangetoon word dat die strukture wat lesers identifiseer, berus op die parameters wat vir struktuurbeskrywing gekies word. By wyse van voorbeeld kan hier verwys word na die dispuut oor hoe die makrostruktuur van carmen 1 daaruitsien (kyk punt 2.7.1, voetnoot). Elder (1966:144-145) voer argumente aan ten gunste van 'n driedelige struktuur van die gedig. Volgens hom kan die makrostruktuur van die gedig soos volg voorgestel word:

Eenheid Versreëls

1	1-4
2	5-7
3	8-10

Hiervoor beroep hy hom op die stilistiese struktuur van die gedig. Die stilistiese beginsels waarop die indeling gebaseer is, berus op ooreenkomste en verskille tussen tekseenhede, en kan soos volg voorgestel word:

Eenheid	Parameters
	Skryfstyl
1	Heg en ekonomies
2	Ietwat hoogdrawend
3	Heg en ekonomies
	Eindryme
1	-um / -um -as / -as
2	-is / -is
3	-o / -o
	Figure
1	Catullus en Cornelius
2	Cornelius
3	Catullus en Cornelius
	Woordherhaling
1	libelli (1) tibi (3)
2	----- unus (5)
3	tibi (8) uno (10) libelli (8)

Wanneer Elder se stilistiese analise krities in oënskou geneem word, blyk dit dat sy struktuurbeskrywing onder andere gebaseer is op tematiese en foniese patrone. Die tematiese patroon ('n semantiese aangeleentheid) dui op 'n drieledige struktuur, omdat daar, in die drie afdelings wat Elder onderskei, in die eerste (vv. 1-4) van Catullus en Cornelius sprake is, in die tweede (vv. 5-7) slegs van Cornelius, en in die derde (vv. 8-10) weer van Catullus en Cornelius. Sover dit die foniese struktuur aangaan, meen Elder dat dit ook op 'n drieledige indeling dui, onder andere op grond van die eindklanke of ryme in die drie afdelings: in die eerste is daar die eindryme -um / -um en -as / -as; in die tweede -is / -is, en in die derde -o / -o. So pas die strukture volgens hom op mekaar. Die leser mag egter met reg vra waarom Elder, indien die eindklanke 'n parameter vir die struktuurbeskrywing is, nie op klanklike gronde 'n vierledige struktuur herken nie. Dit wil my voorkom of die rede vir hierdie stilistiese indeling gewoon is om die klankstruktuur in ooreenstemming te bring met die ander strukture wat hy herken. Feit

van die saak is dat hierdie strukture nie op mekaar pas of mekaar bevestig nie.

Sover dit sy tematiese struktuur aangaan (dit wil sê die patroon: (1) Cornelius + Catullus, (2) Cornelius, (3) Cornelius + Catullus) moet verder opgelet word dat alhoewel so 'n patroon aangedui kan word, hierdie beskrywing ooglopende gegewens buite rekening laat. As dit oor 'n indeling volgens figure gaan, hoort die *patrona virgo* sekerlik daaronder tuis, terwyl dit nie in Elder se struktuurbeskrywing figureer nie, waarskynlik omdat dit die herkende struktuur minder simmetries sou maak.

#### 4.6.4.4 Samevatting

Hierdie bevinding kan met 'n hele aantal ander voorbeelde geïllustreer word, maar daar word by hierdie enkele voorbeeld volstaan, omdat die beswaar hieruit duidelik behoort te wees. Taal is gewoon so 'n komplekse verskynsel met soveel fasette dat al die strukture nie sonder meer in een en dieselfde patroon ingeforseer kan word nie.

Indien dit juis is dat strukture uitgewys word aan die hand van die parameters wat gekies word, en indien die verskillende strukture mekaar nie sonder meer bevestig nie, vloei hieruit voort dat daar in struktuurbeskrywing sekere seleksiebeginsels werksaam is. Hierdie seleksiebeginsels (wat blykens die uiteenlopende interpretasies van die gedig deur die leser gekies word, en nie vanself deur die teks gesugereer word nie) bepaal watter strukture die leser identifiseer en watter teksinligting (en die daarop gebaseerde strukture) in- en uitgesluit word.

#### 4.6.5 Struktuurbeskrywings teleologies gerig

Hieruit vloei myns insiens verder voort dat strukture nie neutrale beskrywings van 'n "objek" is nie, maar dat struktuurbeskrywing teleologies gerig is. In sy lees van die teks vorm die leser 'n opvatting of hipotese oor waaroor dit in die gedig gaan. In sy verduideliking of eksplikasie van die werking van die gedig selekteer hy gegewens en toon hy teksstrukture aan wat die besondere hipotese ondersteun of bevestig, maar in die proses bring hy ander, eweneens aantoonbare strukture nie in berekening nie. Die rede(s) waarom hy dit nie in berekening bring nie, kan wees (a) dat hy dit gewoon nie raaksien nie, omdat dit nie relevant is vir sy argument nie, of (b) omdat dit in botsing sou wees met die netjiese simmetriese struktuur wat hy aantoon. Terwyl hierdie "oorsigte" meestal nie opsetlik is nie, en bloot "blindekolle" verteenwoordig, word verskynsels wat strydig kan wees met die hipotese dikwels geïgnoreer.

Indien dit juis is dat lesers se beskrywing van strukture teleologies bepaal is, hou dit verdoemende konsekwensies in vir 'n opvatting dat 'n interpretasie juis is omdat dit in ooreenstemming met "die struktuur" van die teks is, of anders geformuleer: dat betekenis sonder meer voortvloei uit 'n bepaalde linguale struktuur, aangesien struktuurargumente ten diepste berus op 'n leser se opvatting oor die betekenis van die teks. Dit wil dus voorkom of struktuurbeskrywing nie soseer 'n heuristiese middel is met behulp waarvan 'n leser by die betekenis uitkom nie, maar dat dit veel eerder beskou kan word as 'n bevestigingsprosedure in die sin dat die strukture wat aangetoon word, gebruik word om die leser se (intuïtiewe) opvatting oor die betekenis van die gedig te bevestig. Die

tekstrukture gee dus nie direk aanleiding tot die betekenis nie, maar berus op 'n lesersopvatting, wat reeds 'n keuse gemaak het of 'n opvatting gevorm het oor die betekenis van die teks.

#### 4.6.6 Die probleem van die hermeneutiese sirkel

Hier stuit 'n mens op die ou probleem van die hermeneutiese sirkel. Hirsch (1976:81-82) formuleer die beginsel waarop die hermeneutiese sirkel berus soos volg: "This principle holds that the process of understanding is necessarily circular, since we cannot know a whole without knowing some of its constituent parts, yet we cannot know the parts as such without knowing the whole which determines their functions." Hierdie verskynsel bied 'n belangrike perspektief op die aard van wetenskaplike bestudering van die literatuur. Terwyl daar dikwels (positivisties) gemeen word dat analise interpretasie voorafgaan, en dat die literator eers die besonderhede bestudeer en dan later kom tot 'n opvatting oor die betekenis van die geheel, kan teen hierdie agtergrond aangevoer word dat die proses andersom werk. By die lees van 'n gedig vorm die leser 'n opvatting oor waarom dit in die gedig gaan. Wanneer hy 'n indruk het oor die geheel, pas hy die besonderhede binne die geheel in. Dit hou in dat 'n gedig nie die optelsom van sy elemente is nie, maar dat die geheel die funksie van die onderdele bepaal. Daarom is die opvatting oor die gedighipotese 'n baie belangrike stuurfaktor in literêre argumentasie. Dit wil uit die resepsieondersoek voorkom of dit moeilik is om heuristiese reëls neer te lê vir sover dit die vraag aangaan hoe 'n leser tot sy opvatting oor die gedighipotese kom. Hiermee word hoege-naamd nie betoog dat weggedoen moet word met analise en met 'n benadering wat ingestel is op die funksies van bepaalde verskynsels nie. Wat wel beweer word, is dat verskillende funksies aan bepaalde verskynsels toegeskryf kan word, soms met 'n beroep op dieselfde gegewens en strukture. In plaas daarvan dat indringende teksanalise een korrekte interpretasie tot gevolg het, gee dit dikwels aanleiding tot meerdere moontlike lesings.

#### 4.6.7 Die probleem van poli-interpretabele strukture

Nie alleen berus die aantoning van strukture op die leser se keuse van parameters nie (iets wat verskillende strukture tot gevolg kan hê), maar dit gebeur meermale dat lesers een en dieselfde struktuur herken en beskryf, maar dit op teenoorstaande wyses uitlê.

##### 4.6.7.1 Corneli tibi ... habe tibi

Hier kan byvoorbeeld verwys word na hoe die verhouding tussen Corneli tibi (3) en habe tibi (8) uitgelê word. Terwyl literatore wat struktuur-georiënteerd te werk gaan, dit roerend eens is dat hierdie twee frases struktureel saamhang, gaan hulle in hul uitleg daarvan diametraal teenoorgestelde weë op. Vir diegene wat wil aantoon dat die gedig 'n opregte kompliment is, is habe tibi as regsformule in dieselfde formele toonaard as Corneli tibi geskryf, en is die tekssegment in versreël 8 in harmonie met dié in versreël 3. 'n Verdere argument ten gunste daarvan sou die aanwesigheid van himniese elemente in albei frases wees. Vir Németh (1972:29) wat 'n interpretasie van die gedig as 'n invektief en parodie voorstaan, is die relasie tussen die tekssegmente een van kontras en opposisie. Vir so 'n uitleg word 'n beroep gedoen daarop dat die

regsformule *habe tibi* dikwels in volkstaalkontekste voorkom, en dat dit, in samehang met die struktuurpatroon van jukstaposisie van formele en informele taalgebruik dwarsdeur die gedig, hier 'n relativering van *Corneli tibi* is, en glad nie 'n bevestiging daarvan nie.

Alhoewel die resultate van hierdie twee analyses die teenoorgestelde van mekaar is, is die analyses, sover dit argumentasie strategie aangaan, nie slegs bloedbroers van mekaar nie, maar by wyse van spreke 'n identiese tweeling: albei herken dieselfde struktuur en albei integreer die strukture by ander gedigstrukture. Hierdeur verhoog die waarskynlikheid van die korrektheid van die interpretasie, omdat dit die basis waarop dit gegrond is verbreed, en tog is die resultate nie met mekaar rympaar nie.

#### 4.6.7.2 Foniese struktuur

'n Besondere goeie voorbeeld hiervan kan gesien word in kommentatore se beskrywing en interpretasie van die foniese struktuur van *carmen 1*. Bardon (1970a:30) wys daarop dat *carmen 1*, gemeet aan die norm in die Klassieke poësie, 'n uitsonderlike hoë voorkoms van ryme of konsonansies in die eindposisies in versreëls vertoon:

*libellum* (1)  
*expolitum* (2)

*solebas* (3)  
*nugas* (4)

*cartis* (6)  
*laboriosis* (7)

*virgo* (9)  
*saeclo* (10)

Hieraan ken hy dan 'n bepaalde semantiese funksie toe.

Németh (1972:28), in sy bespreking van Bardon se opvatting oor die klankstruktuur, toon self verdere voorbeelde van klankstrukturering deur binnerym aan:

*lepidum novum libellum* (1)

*meas aliquid esse putare nugas* (4)

*doctis, Iuppiter, et laboriosis* (5)

*plus uno maneat perenne saeclo* (10)

Ten spyte hiervan val hy Bardon se standpunt dat die klankstruktuur 'n semantiese funksie in die gedig vervul besonder heftig aan.

Dit is interessant om daarop te let dat, alhoewel Bardon en Németh dieselfde struktuur herken, hulle verskil oor die funksie wat aan hierdie patroon toegeken moet word. Vir Németh (1972:28) is klank nie 'n bewustelik gebruikte poëtiese middel in Catullus se gedigte nie, maar vir Bardon (1970a:30), wat myns insiens meer insig toon in die semantiese funksie van klank, is dit wel.

Hieruit blyk dat die blote beskrywing van aantoonbare linguale strukture geensins waarborg dat lesers dieselfde funksie aan hierdie strukture toeken nie. Die leser se teoretiese aannames oor die funksie van klank in 'n gedig speel 'n deurslaggewende rol in hoe hierdie strukture geïnterpreteer word.

#### 4.6.7.3 Toonstruktuur

Verder kan hier gewys word op die toonstruktuur van die gedig. Terwyl kommentatore dit eens is dat die jukstapenering van formele en informele taalgebruik as 'n belangrike struktuurbeginsel in die gedig beskou moet word, word besonder uiteenlopende opvattings oor die struktuurpatrone wat hieruit voortvloei, gehuldig, en kan die uitwysings van hierdie verskynsels gebruik word om deurlopende patrone van (a) geringskatting van die spreker se geskifte, (b) die deurbreking van hierdie geringskatting, (c) die hoogagting van Cornelius se werk en van (d) die aanval op Cornelius en sy geskifte hieruit af te lees (kyk punt 2.6, veral 2.6.3). Dit vestig weer die aandag daarop dat daar tussen struktuurbeskrywing en die toekenning van betekenis aan die geïdentifiseerde strukture geen een-tot-een korrelasie bestaan nie.

#### 4.6.8 Is strukture ontiese objekskemerke?

Terwyl die probleme verbonde aan argumente wat 'n beroep doen op die struktuur van die teks hierbo prakties geïllustreer is, moet kortlik daarop gewys word dat hierdie vraagstuk 'n belangrike filosofiese probleem aansny. Dit raak die status van strukture. Die vraag is of strukture kenmerke van die objek is en as sodanig 'n ontiese status het en of dit eerder as leserskonstruksies beskou moet word.

Uit die bespreking van struktuurargumente wat in die interpretasie van carmen 1 gebruik word, het dit geblyk dat struktuur nie iets enkelvoudigs is nie, maar dat daar, afhankende van die parameters wat vir struktuurherkenning van -beskrywing gekies word, 'n veelheid strukture aangetoon kan word. Dit het ook geblyk dat strukture mekaar nie noodwendig altyd bevestig nie. Van nog groter belang is die feit dat aangetoon kon word dat die strukture wat herken word, saamhang met die hipotese wat die literator wil ondersteun. As sodanig is strukture teologies bepaald, en is die beginsel van selektiwiteit in die herkenning daarvan werkzaam. Dit het verder geblyk dat selfs waar literator se struktuurbeskrywing ooreenstem, dit nie noodwendig inhou dat hulle die geïdentifiseerde struktuur op dieselfde wyse sal interpreteer nie.

In die lig hiervan is dit onwaarskynlik dat strukture as entiteite onafhanklik van die kensubjek bestaan. Wat in elk geval duidelik is, is dat die uitkenning van strukture nie outomaties 'n enkele korrekte interpretasie van 'n gedig waarborg nie.

### 4.7 KOMPARATIEWE ARGUMENTE

In literêre argumentasie word daar meermale 'n beroep gedoen op komparatiewe argumente. Hierdie argumente kan in 'n sekere sin ook as struktuurargumente getipeer word, aangesien daar gepoog word om met behulp daarvan aan te toon dat die struktuur van die teks onder

bespreking ooreenkomste vertoon met die struktuur van ander gedigte deur dieselfde skrywer of met die konvensies vir bepaalde tekstipes. Anders as die struktuurargumente wat hierbo bespreek is, gaan dit in komparatiewe argumentasie egter nie oor slegs die sogenaamde teksinterne strukture nie, maar word 'n poging aangewend om die juistheid of verkiesselijkheid van 'n bepaalde interpretasie van 'n gedig te staaf deur dit in verband te bring met ander gedigte of tekstipes.

In die bespreking van komparatiewe argumente sal aangetoon word dat hierdie tipe argumente eweneens nie altyd eenduidige resultate oplewer nie en dat die argumente beoordeel moet word in noue samehang met die hipotese wat die literator wil ondersteun. Daar sal gepoog word om aan te toon dat die hipotese wat die literator wil staaf, 'n belangrike invloed uitoefen op sy dataseleksie.

Die feit dat komparatiewe argumente nie altyd aanleiding gee tot eenduidige resultate nie, kan uitstekend geïllustreer word deur aan te toon op watter wyses en met watter oogmerke carmen 49 deur navorsers bygehaal word in debatte rondom die betekenis van carmen 1.

Carmen 49 word deur literatore in hul bespreking van carmen 1 betrek om lig te werp op die vraag of carmen 1 as 'n ironiese of nie-ironiese gedig gelees behoort te word en om uitsluitel te bied oor die dispuut of daar 'n gebed in carmen 1 voorkom al dan nie. So probeer Németh (1972:24-25), 'n aanhanger van die standaardlesing, die strukturele ooreenkomst tussen die twee gedigte aantoon om daarmee te bewys dat, aangesien 49 volgens sy lesing 'n ironiese gedig is (so ook Swanepoel, 1984), die strukturele ooreenkomste daarvan met carmen 1 getuienis daarvoor lewer dat laasgenoemde gedig ook ironies gelees moet word. Waar 49 'n ironiese kompliment aan Cicero is, is 1 'n ironiese kompliment aan Nepos. Wanneer Gould (1974:262-264) hom egter eweneens op die intertekstuele verband tussen hierdie eerste twee gedigte beroep, is dit om die onhoudbaarheid van die standaardlesing aan te toon. Soos wat 49 'n kompliment aan Cicero is, en Cicero nie teen die einde van die gedig deur 'n muse vervang word nie, so is 1 'n kompliment aan Nepos en kan 'n teks waarin Nepos aan die einde deur die muse vervang word nie juis wees nie, en moet dit, analoog aan die digter se manier van doen in sy ander gedigte, omgestel word tot iets wat mooi struktureel sluit met die res van die vers. 'n Aanroeping van die muse is onvanpas, en slegs wanneer die patrona virgo vervang word met iets meer logies soos patroni ut ergo word die gedig 'n "eenheid".

Hieruit blyk dit dat komparatiewe argumente, selfs met beroep op dieselfde interteks, nie in hierdie geval konklusiewe getuienis oplewer om te kies tussen botsende interpretasies nie.

Daar moet verder opgelet word dat die probleemstelling van die literator 'n belangrike invloed uitoefen op sy dataseleksie. Dit kan geïllustreer word met verwysing na die probleem of carmen 1 as 'n gewone opdraggedig of as 'n ars poetica beskou moet word. Wanneer literatore wil aantoon dat carmen 1 'n ars poetica is en leidrade bied tot die verstaan van die hele bundel van Catullus soos ons dit vandag besit, dan word carmen 1 meermale met carmen 116 in verband gebring. Daar word dan op 'n planmatigheid in die makrostrukturele ordening van die bundel geheel gewys. So beweer Macleod (1973:304-309) byvoorbeeld dat carmen 1 as aanvangsgedig 'n dedikasie is en dat carmen 116 as slotgedig op sy beurt as 'n omgekeerde dedikasie beskou moet word. Dettmer (1983:19)

gaan nog verder, wanneer hy die aanvangsreëls van carmen 1 met die slotreël van carmen 116 in verband bring, en uit die feit dat hierdie versreëls dieselfde struktuur vertoon, 'n saak daarvoor uitmaak dat Catullus se oeuvre een groot geheel vorm.

Afgesien van die meriete (al dan nie) van hul standpunte, toon die feit dat skrywers soos Macleod en Dettmer carmen 116 betrek in hul standpuntinname oor 'n interpretasieprobleem in carmen 1, terwyl ander literatore dit buite bespreking laat, aan dat die literator se probleemstelling 'n belangrike rol in sy dataseleksie speel.

In die tetiese lesing is daar 'n beroep gedoen op carmen 1 se aansluiting by die konvensies van gebedstekste. Die feit dat die aandag slegs in die interpretasie van Levine en in die lesing wat hier gebied is, daarop gevestig word, toon eweneens die belangrikheid van die literator se hipotese in dataseleksie aan. Terwyl daar in die tetiese lesing betoog is dat 'n lesing van carmen 1 aan die hand van die konvensies van gebedsgedigte insiggewende resultate oplewer, is die sentrale vraag of die gedig se aansluiting by die konvensies van gebedstekste in prinsipe beskou moet word as die enigste of die verkieslikste toegangspoort tot die gedig en tot die oplossing van interpretasiedispute daar romdom. Dit wil my voorkom of die vernaamste argument wat ten gunste van hierdie lesing aangevoer kan word, geleë is in die mate van insig wat so 'n benadering moontlik maak. Hierdie benadering kwalifiseer op suiwer pragmatiese vlak as 'n produktiewe lesing, maar het nie in beginsel voorrang bo ander aanpakke nie.

Dit stempel die tetiese lesing tot een van die meerdere moontlike interpretasies van die gedig.

Die bespreking hierbo belig verder 'n belangrike faset van die interpretasiesproses. Dit is die voor-die-hand-liggende, maar dikwels uit-die-oog-verloorde feit dat interpretasie 'n handeling van die kensubjek is. Die resultate wat die literator in sy ondersoek verkry, berus op sy vraagstelling oor die objek. Om dit heel konkreet te illustreer: indien die literator nie die vrae sou stel "watter gebedskenmerke kom in carmen 1 voor?" en "wat is die funksie van hierdie gebedskenmerke in die gedig?" nie, gaan hy geen inligting hieroor uit die teks kan aflees of sodanige gegewens in die opbou van sy interpretasievoorstel kan gebruik nie. Kortom: die gegewens wat die literator oor die gedig inwin, hang ten nouste saam met die kensubjek se vraagstelling en metodes.

Uit die voorafgaande bespreking het dit geblyk dat ook komparatiewe argumente, alhoewel dit nuttig kan wees in die interpretasie van 'n gedig, nie eenduidige resultate waarborg nie.

#### 4.8 KONTEKSTUELE ARGUMENTE

Sover dit kontekstuele argumente aangaan is die posisie nog ingewikkelder aangesien nie alle literatore dit eens is dat kontekstuele argumente toelaatbaar is in literêre argumentasie nie. In hierdie verband speel die leser se literatuurbeskouing en sy data-aannames 'n belangrike rol.

Die kontekstuele argumente wat in bewysvoering met betrekking tot interpretasieprobleme rondom carmen 1 gebruik word, kan in twee kategorieë verdeel word. Daar kan onderskei word tussen argumente wat as histories-deterministies getipeer kan word en argumente wat aangewend word ter korroborering van tekstuele ondersoek.

Die probleem met die aanwending van kontekstuele argumente kan geïllustreer word met verwysing na hoe lesers die identifikasie van die personaë in carmen 1 aanwend in hul argumente.

Alhoewel daar in carmen 1, soos in carmen 36, geen eksplisiete aanduiding is dat die ek-spreker na Catullus verwys nie, of dat die Cornelius van die teks 'n verwysing na Cornelius Nepos is nie,<sup>19</sup> heers daar volkome eenstemmigheid tussen kommentatore oor die identiteit van die personaë.

Uit die resepsiegeskiedenis van die gedig is dit egter duidelik dat kommentatore hierdie gegewens op verskillende wyses aanwend en dat hulle nie dieselfde gewig daaraan toeken nie.

Op grond van sy aanvaarding dat die figure in carmen 1 as Catullus en Nepos geïdentifiseer moet word, gaan Goold (1974:257) verder en identifiseer die geskrif waarvan daar in versreëls 5-7 sprake is as Nepos se *Chronica*. Alhoewel hierdie geskrif nie vir ons behoue gebly het nie, meen Goold dat die aard daarvan gerekonstrueer kan word. Hy maak die afleiding dat Nepos in hierdie werk gunstig na Catullus se poësie moes verwys het. Hierdie afleiding word dan gebruik om die standaardlesing van die teks af te wys en as argument om die juistheid van die lesing op die spoor van die voorstel van Bergk, soos verder aangepas deur Goold self, te ondersteun.

Op hierdie wyse word carmen 1 dan "verklaar" deur te wys op die historiese situasie wat daartoe aanleiding gegee het. Die teks word dus hier as dokument beskou. Op die gevare verbonde aan so 'n

<sup>19</sup> Hierdie identifikasie van Cornelius met Cornelius Nepos is van vroeg af reeds aanvaar, soos blyk uit die Ausonius-testimonium:

'Cui dono lepidum novum libellum?  
Veronensis ait poeta quondam,  
Inventoque dedit statim Nepoti.  
(opuscula XIII, pref. 1, aangehaal in Wiseman, 1987:255 en gedeeltelik in Németh, 1972:23).

As gronde vir hierdie identifikasie kan aangevoer word dat dit uit versreëls 5-7 duidelik blyk dat Cornelius 'n geskiedskrywer was en dat hy pionierswerk gelewer het. Verder kan, op grond van kontekstuele argumentasie, aangevoer word dat Catullus aan Nepos bekend was, soos blyk uit sy aanprysing van Catullus as digter in die *Vit. Att.* (12.1), en word daar soms daarop gewys dat sowel Catullus as Cornelius Nepos uit Gallia Cisalpina afkomstig was (Colby, 1926:123). Dit word gevolglik as heel moontlik beskou dat Catullus sy libellus aan Nepos sou opdra, wat ten tyde van Catullus se opkoms as digter reeds 'n gevestigde skrywer in Rome was, en wat op vriendskaplike voet met invloedryke persone op die literêre toneel verkeer het.

benaderingswyse is in die bespreking van Comfort se lesing van carmen 36 gewys. Die verhouding tussen konteks en teks word as 'n oorsaak-gevolg-relasie opgeneem.

Daar moet opgelet word dat hierdie argument bepaalde leemtes vertoon. In 'n poging om 'n dispuut oor die juiste tekslesing op te klaar, beroep Goold hom op die "wêreld agter die teks". Hy maak 'n voorstelling oor die oorsaak van die gedig op grond van 'n bepaalde identifikasie van 'n geskrif waarna in die teks verwys word, en (ten spyte daarvan dat die geskrif nie behoue gebly het nie) maak hy 'n konjektuur oor die aard daarvan. Hierdie konjektuur, wat so bedink is dat dit sy hipotese ondersteun, word dan gebruik as staving vir die tekslesing en die interpretasie waarvoor hy 'n voorkeur het.

Copley (1951:202) is dit eens met Goold oor die identifikasie van die personae en stel dat daar geen twyfel daaroor kan bestaan dat die Cornelli van versreël 3 op Nepos betrekking het nie. Hy relatiewe egter die belangrikheid van hierdie identifikasie wanneer hy aanvoer: "In point of fact, the identification is of no more than casual interest, for the poem itself adequately explains the reason for the dedication, and it does not matter in the least who 'Cornelius' was."

Die agtergrond vir hierdie standpunt is dat Copley 'n baie sterker teks-georiënteerde metodologie as Goold voorstaan. Dit blyk nie net uit hierdie opmerking en sy bespreking van carmen 1 nie, maar kan ook nagelees word in sy interpretasie van carmen 4 (1972:129-135), waar hy hom sterk uitlaat teen 'n literêre benadering waarin die klem gelê word op die insameling van allerlei soorte agtergrondsinligting om 'n gedig daaruit te interpreteer.

'n Belangrike feit wat uit die bespreking hierbo blyk, is dat, alhoewel daar eenstemmigheid oor die referent van Cornelli (3) bestaan, Goold en Copley verskillende waardes daaraan toeken. Dit kom neer op 'n verskil in metodologiese aannames. Volgens Goold kan kontekstuele gegewens gebruik word om die gedig te verklaar, terwyl Copley meen dat die antwoorde in die teks self gesoek moet word. Die agtergrond van Copley se standpunt moet waarskynlik gesoek word in die New Critics se hoogagting van die outonome teks en in hul verset teen 'n literatuurbestudering wat 'n gedig positivisties vanuit sy agtergronde wil verklaar.

Dieselfde gegewe word dus verskillend aangewend in 'n teks-as-dokument en 'n teks-as-monument-benadering. Dit berus op 'n verskil in data-aannames. Volgens die eerste is kontekstuele getuienis toelaatbaar, volgens die ander is dit onbelangrik.

Terwyl hierdie skrywer nie beïndruk is met Goold se konjektuur nie, en terselfdertyd ook van mening is dat Copley se standpunt te radikaal is (aangesien sodanige identifikasie 'n konteks bied waarbinne die teksinligting tuisgebring kan word), kan daar vervolgens na 'n ander kontekstuele argument gekyk word wat myns insiens meer gewig dra. In hierdie geval word historiese gegewens gebruik om 'n bepaalde lesing van die teks te korroboreer, maar, anders as in die geval van Goold se argumentasie, word die teks nie deterministies vanuit sy agtergronde verklaar nie.

Hierdie voorbeeld, wat ter sake is vir die vraag of Nepos waardering gehad het vir Catullus se geskrifte al dan nie, betrek eweneens 'n

historiese argument. Daar word naamlik op grond van kontekstuele getuienis 'n sterk saak daarvoor uitgemaak dat Nepos 'n hoë agting vir Catullus se gedigte gehad het, en daar kan geargumenteer word dat carmen 1 in lyn met hierdie kontekstuele getuienis geïnterpreteer behoort te word.

In die Atticus (12.4) van Nepos lees ons die volgende opmerking: *Idem L. Iulium Calidum, quem post Lucreti Catullique mortem multo elegantissimum poetam nostram tulisse aetatem vere videor posse contendere, neque minus virum bonum optimisque artibus eruditum ...*

Alhoewel die hooffokus hier op Calidus ingestel is, lyk dit na 'n heel regverdigbare afleiding dat dit uit hierdie sitaat blyk dat Nepos vir sowel Lucretius as Catullus hooggeag het.

Die vraag wat in hierdie verband ontstaan, is of daar voorkeur verleen moet word aan die kontekstuele of die tekstuele getuienis. Volgens diegene wat carmen 1 as 'n kompliment aan Nepos lees, korroboreer die kontekstuele getuienis dié van die teks. Daarteenoor sou outonome beweer dat tekstuele (of intrinsieke) getuienis van primêre belang is en dat kontekstuele of ekstrasiekie getuienis óf irrelevant óf hoogstens van sekondêre belang is.

## 5. KONKLUSIE

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoe 'n groot, selfs verbluffende aantal interpretasieprobleme daar oor 'n tienreëlige gedig voorkom. Die resepsiegeskiedenis van die gedig, en spesifiek die interpretasiestryd daar rondom, stem 'n mens skepties oor die moontlikheid om 'n enkele korrekte interpretasie daarvan te bied.

Dit is belangrik om op te let dat die verskil in interpretasies voorkom ten spyte daarvan dat die gedig by herhaling indringend geanaliseer is, dat daar by herhaling gepoog om die struktuur of strukture daarvan te beskryf, dat argumente oor die konvensies van die tekstipe bygehaal is, dat intertekstuele en kontekstuele argumente aangevoer is, en dat daar gepoog is om die interpretasieprobleme te besleg deur 'n beroep te doen op samehangs- en funksionaliteitsargumente. Ten spyte van al hierdie pogings om die betekenis vas te vat, blyk dit dat die gedig op verskillende wyses samehangend geïnterpreteer kan word, en is dit ook opvallend dat daar geen tekort aan argumente is ter staving van die uiteenlopende interpretasies nie.

Die bestudering van carmen 1 vanuit die hoek van die gebedskenmerke wat daarin voorkom, en met inagneming van die konvensies van opdraggedigte, lewer 'n samehangende en heeltemal moontlike interpretasie op. Hierdie interpretasievoorstel kan ook aanspraak daarop maak dat dit nuttige perspektiewe bied op 'n hele aantal van die interpretasiekrake. In die lig hiervan kan aanspraak daarop gemaak word dat dit oor verklarende krag beskik.

In die metodologiese bespreking is daar egter aangetoon dat die feit dat daar 'n samehangende lesing van die gedig gebied kan word, en dat die voorstel lig werp op 'n hele aantal van die interpretasiedispute, nie moet

aanleiding gee tot enige ooptimisme dat 'n enkelvoudige, "definitive interpretation" (tot uitsluiting van interpretasievoorstelle wat hiervan verskil) bereik is nie. Daar is aangetoon dat dieselfde tipes argumente waarop die voorstel in die tetiese lesing opgebou is, ook aangewend word in die literêre argumentasie wat ten grondslag lê aan interpretasies wat van die tetiese lesing verskil.

In die metodologiese bespreking het die betreklikheid van verskillende tipes argumente duidelik geword. Dit geld die hele reeks argumente, naamlik tekskritiese, struktuur-, intertekstuele en kontekstuele argumente. Veral die beperkinge waaraan struktuurargumente onderworpe is, is belangrik vir klassici wat afstand gedoen het van die ouer, genetiese benadering tot literatuurbestudering, in die hoop dat 'n deeglike bestudering van die struktuur of strukture van die teks 'n betroubare metode bied om die betekenis daarvan vas te stel (kyk hoofstuk 2, punt 8.4 en 8.5). Dit het in die loop van die bespreking geblyk dat daar geen een-tot-een korrelasie tussen die herkenning van strukture en die toesegging van betekenis is nie. Hierdie bevinding impliseer nie dat struktuurondersoek nutteloos is en geen bydrae kan lewer tot die verstaan van 'n gedig nie, maar vestig wel die aandag daarop dat die strukture wat op grond van die toepassing van bepaalde seleksiekriteria geïdentifiseer word, steeds geïnterpreteer moet word, en dat dit iets is wat op meerdere wyses gedoen kan word.

Die feit dat samehangs- en funksionaliteitsargumente ter staving van uiteenlopende interpretasies aangewend kan word, vestig die aandag daarop dat ook hierdie besonder nuttige tipe argument aan beperkinge onderhewig is, en dat ook dit nie enkelvoudigheid in interpretasie kan waarborg nie. Die formulering van 'n bevredigende interpretasie hou dus nie in dat dit die enigste moontlike en korrekte interpretasie daarvan is nie.

In die loop van hierdie studie is meermale daarop gewys dat die resultate waartoe 'n literator geraak, ten nouste saamhang met die soort vrae wat hy oor of aan die gedig stel. Alhoewel sommige interpretasieverskille oor carmen 1 teruggevoer kan word tot die feit dat literatore hul ondersoek vanuit verskillende paradigmatiese raamwerke onderneem (kyk byvoorbeeld punt 4.8), is dit opvallend dat daar, ten spyte van die verskillende standpunte wat daaroor ingeneem word, 'n groot mate van eenstemmigheid bestaan oor wat die interpretasiekruis is wat aangespreek moet word. Anders geformuleer: lesers vra dikwels dieselfde soort vrae oor die gedig, en wend selfs baie sterk ooreenstemmende metodes aan om die antwoorde te probeer vind, maar kom ten spyte hiervan steeds by uiteenlopende interpretasies uit. Die situasie met betrekking tot die bestudering van carmen 1 lê dus anders as wat die geval by carmen 36 was. Ten opsigte van laasgenoemde gedig kon daar 'n duidelike verband tussen verskillende tipes vraagstellings en die daaraan onderliggende literatuurbeskouings aangetoon word.

Uit die bespreking van carmen 1 blyk dit dat die feit dat lesers hierdie gedig vanuit min of meer dieselfde hoek, en met gebruikmaking van grootliks ooreenstemmende metodes bestudeer, nie ooreenstemming resultate verseker nie.

Waarop al die sake wat hierbo bespreek is, dui, is dat die interpretasie van literêre tekste oper is as wat dikwels aanvaar word. Ten spyte van

pogings om die betekenis van 'n gedig vas te pen, wil dit voorkom of 'n vaste betekenis iets ontwykends is.

**AFDELING D**

**KONKLUSIE**

## HOOFSTUK 11

### KONKLUSIE

#### 1. INLEIDING

In hierdie slothoofstuk word 'n samevattende oorsig gebied oor die ver- naamste bevindinge wat in hierdie studie gemaak is. In ooreenstemming met die twee hoofogmerke en die twee fokusse van hierdie studie (kyk hoofstuk 1, punt 2 en 4), word hierdie hoofstuk in twee afdelings ver- deel, te wete:

- 'n sistematiese beskrywing van die voorkoms en literêre funksionering van die gebed in die *carmina minora* van Catullus, en
- 'n oorsig oor metodologiese aangeleenthede met besondere toespitsing op enkele probleme in verband met literêre interpretasie.

In die eerste van hierdie afdelings sal aandag geskenk word aan:

- 'n globale sistematiese beskrywing van die voorkoms, tipes, spreiding en posisies van gebedstekste in die *carmina minora*
- 'n beskrywing van die kenmerke van Catullus se gebedstekste en 'n bespreking van enkele verbandhoudende vraagstukke
- 'n beskrywing van die beginsels waarop die reepsie van die gebedsgedigte in die *carmina minora* berus en 'n tetiese interpretasie van die funksies waarvoor die gebedsvorm aangewend word.

In die tweede afdeling sal aandag geskenk word aan:

- die kompetensievraagstuk
- die faktore wat aanleiding gee tot interpretasieverskille
- die vraagstuk van bepaaldheid in literêre interpretasie, met beson- dere aandag aan die geldigheidsvraagstuk
- standpuntinname oor die bepaaldheids- en onbepaaldheidshipoteses
- enkele implikasies van die bevindinge waartoe daar in hierdie studie geraak is, vir die bestudering van die Klassieke poësie.

Die dialektiek tussen bepaaldheid en onbepaaldheid wat ingebou is in die benadering tot hierdie studie (kyk hoofstuk 1, punt 4), is ook werksaam in hierdie slothoofstuk. Die formalistiese fokus met sy strewe na eksaktheid en bepaaldheid in literêre interpretasie werk in die rigting van hoogs spesifieke konklusies, wat geformuleer word in punt 2 van hierdie hoofstuk. Daarenteen werk die verkenning van faktore wat eksakte interpretasie in die weg staan in die rigting van onbepaaldheid

en 'n relativering van al te spesifieke bevindinge. Dit sal in punt 3 van hierdie hoofstuk aan die orde gestel word.

## 2. SISTEMATIESE BESKRYWING VAN DIE VOORKOMS EN LITERÊRE FUNKSIONERING VAN DIE GEBED IN DIE CARMINA MINORA

### 2.1 VOORKOMS, GEBEDSTIPES, SPREIDING EN POSISIE

#### 2.1.1 Voorkoms

Dit blyk dat die gebedsvorm in 'n beduidende aantal van Catullus se carmina minora voorkom. Teen die agtergrond van die omskrywing van die gebed (kyk hoofstuk 1, punt 2.1), is nege gedigte in die carmina minora as gebedstekste geïdentifiseer. Dit verteenwoordig 'n verrassende hoë persentasie van die een honderd en agt gedigte in hierdie gedeeltes van Catullus se oeuvre, veral as in ag geneem word dat hy nie bekend staan as 'n digter wat hom besonderlik met die godsdiens bemoei het nie. Grensgevalle (kyk hoofstuk 8, punt 1) is nie hierby in berekening gebring nie.

#### 2.1.2 Gebedstipes

Dit is opmerklik dat die vernaamste gebedstipes wat deur Kleinknecht onderskei is (kyk hoofstuk 3, punt 3.3.2), in Catullus se oeuvre voorkom, te wete:

- die rituele of kultiese gebed (carmen 34)
- persoonlike gebede (carmen 76 en 109)
- gebedsparodieë (carmina 2, 17, 31, 36 en 44)
- die musiese gebed (carmen 1).

Enkele opmerkings moet oor hierdie indeling gemaak word. Sover dit carmen 34 aangaan, moet daarop gelet word dat hierdie gedig geskryf is ooreenkomstig die konvensies van kultiese himnes, maar dat dit na alle waarskynlikheid nie 'n kultiese teks is nie, maar eerder 'n literêre himne.

Daar moet opgemerk word dat die indeling van bepaalde gedigte as behorende tot 'n bepaalde gebedstipe nie waterdig is nie. So sou carmen 1 byvoorbeeld deur sommige lesers as 'n persoonlike gebed getipeer kon word, omdat dit hier gaan om die digter se wens om die voortbestaan van sy poësie. Eweneens sou lesers wat carmen 36 lees vanuit 'n beskouing van die teks as dokument en wat dit tuisbring onder die gedigte oor die verhouding tussen Catullus en Lesbia, hierdie gedig as 'n persoonlike gebed, eerder as 'n gebedsparodie sou kon tipeer.

Voorts moet opgemerk word dat daar na alle waarskynlikheid meningsverskil sal voorkom oor die vraag of (al) die gedigte wat in hierdie studie as verskuilde gebedsparodieë getipeer is, inderdaad in hierdie kategorie

tuishoort. Juis die feit dat die gebedsvorm hier met bepaalde transformasies voorkom en dat die aansluiting by die gebedskema oorwegend op subtiële wyse geskied, veroorsaak dat meningsverskille hieroor heeltemal begryplik is.

Ten spyte van die kwalifiserende opmerkings kan gestel word dat Catullus in sy benutting van die gebedsvorm as 'n veelsydige digter getipeer kan word.

### 2.1.3 Spreiding

Alhoewel daar in die laaste aantal jare verskeie pogings aangewend is om aan te toon hoe die gedigte in 'n spesifieke onderdeel of in die geheel van Catullus se oewre op 'n bedagte wyse gerangskik is (kyk byvoorbeeld Wiseman, 1969; Skinner, 1981 en Ferguson, 1986), is daar myns insiens nie 'n ooglopende of subtiële ordeningsbeginsel aanwesig in die rangskikking van die gebedsgedigte in die *carmina minora* nie. Die voorkoms van 'n musiese gebed in *carmen 1*, wat as 'n dekbrief vir óf 'n gedeelte óf die geheel van Catullus se oewre funksioneer, is wel nie sonder betekenis nie, maar word voldoende verreken deur die gedig se aansluiting by die konvensies van opdraggedigte.

Terwyl so 'n globale oorsig oor die voorkoms, tipes en spreiding van gebedstekste nie verrassende resultate oplewer nie, is dit tog nie sonder waarde nie. So is dit byvoorbeeld uit die klassifikasie hierbo opmerklik dat Catullus 'n duidelike voorliefde vir die gebedsparodie toon, en blyk dit ook dat die gebedstekste wat as parodieë geklassifiseer is, almal in die *polymetra* voorkom. Wanneer in aanmerking geneem word dat Catullus as een van die *poetae novi* 'n aanhanger van 'n Aleksandryse estetika was, met hierdie skool se kenmerkende voorliefde vir spel, *urbanitas* en *gevatheid*, is so 'n voorkeur vir die gebedsparodie heeltemal begryplik.

### 2.1.4 Die posisie van die gebed in die teks

Terwyl al nege gedigte wat hierbo genoem is as gebedstekste geklassifiseer word, kan onderskei word tussen gedigte wat in geheel as gebedstekste getipeer kan word en gedigte waarvan die gebed slegs 'n onderdeel vorm.

Die duidelikste voorbeeld van gedigte wat tot die eerste kategorie behoort, is *carmen 34* wat in die geheel 'n himne is en in alle opsigte aan die konvensies van die tekstipe konformeer. Ook sommige van die verskuilde parodieë is in die geheel op die lees van die gebedskema geskoei, alhoewel daar in hierdie gevalle in gedagte gehou moet word dat bepaalde transformasies van die gebedskema hierin voorkom, en dat die vormlike aansluiting in hierdie gedigte nie so direk is en nie in soveel besonderhede geskied as in die geval van *carmen 34* nie. Die parodieë wat onder hierdie groep tuishoort, is *carmina 2* en *31*.

Wanneer daar gekyk word na die gebedsgedigte waarin die gebed slegs 'n onderdeel van die teks uitmaak, ontstaan die vraag of daar 'n bepaalde posisie in die teks onderskei kan word waarin Catullus die gebed by voorkeur geplaas het. Suiwer op die *carmina minora* geoordeel, wil dit nie so voorkom nie. Die gebedstekste kom soms voor in die aanvangs-gedeelte van die teks (byvoorbeeld *carmen 17*), soms reg in die sentrum daarvan (byvoorbeeld *carmen 109*) of globaal genome in die middelstuk

van die teks (byvoorbeeld carmen 36), en by twee geleenthede in die slotgedeelte van die gedig (carmina 1 en 76).

Eerder as om 'n veralgemening te probeer maak oor die posisie waarin die *præcatio* voorkom, moet die vraag gestel word of die gebedsgedeelte in 'n struktureel belangrike posisie van die teks geplaas is. So 'n vraagstelling hou die voordeel in dat daar wegbeweeg word van blote beskrywing, en dat dit die deur open vir 'n meer funksionele en spesifiek literêre bespreking, waarin bepaalde estetiese beginsels aangetoon kan word.

Daar is in die bespreking van die kenmerke van die gebedsvorm daarop gewys dat die gebed 'n oorwegend lineêre struktuur vertoon (kyk hoofstuk 3, punt 2.2). Aan die anderkant is dit bekend dat die *poetae novi*, in ooreenstemming met die poëtika van die Aleksandrynse digters, gestreef het na gesofistikeerde komposisie en afgerondheid van die strukturele bou van die gedig. Een van die wyses waarop daar na hegte vormkomposisie gestreef is, was om die begin en einde van die gedig te laat korreleer deur sirkel- en raamkomposisie. Die vraag ontstaan dus hoe Catullus die basies lineêre struktuur van die gebedsvorm versoen het met die strewe na 'n formeel gebalanseerde gedigstruktuur. Dit is in hierdie opsig waar die vraag na die posisie van die gebed in die gedig belangrik word.

Om dan te begin by die gebedstekste waarin die gebedstekste (volgens die definisie in hoofstuk 1, punt 2.1) die hele gedig beslaan, kan die aandag by wyse van voorbeeld gevestig word op die digter se werkwyse in carmen 34. In hierdie gedig met sy ses strofes vind ons dat die inleidingsstrofe, wat as *prooemium* funksioneer, sy strukturele pendant het in die slotstrofe, waarin die *præcatio* voorkom. Die hoofsaak waarom dit in die gedig gaan, te wete die lofprysing van Diana, kom in die middelstuk van hierdie gedig tussen die omramende inleiding en slot voor, en - soos daar in die bespreking van hierdie strofes aangetoon is - is daar duidelike aanduidings van strukturering van teksinligting aantoonbaar (kyk hoofstuk 5, punt 6.5 en 6.7).

Wanneer daar oorgegaan word tot 'n bespreking van gedigte waarin die gebedstekste slegs 'n onderdeel van die gedig uitmaak, kan begin word met die gevalle waarin die gebed in die slotposisie van die teks voorkom. In die *carmina minora* gebeur dit slegs twee keer dat die gebedsgedeelte in die eindposisie geplaas is, te wete in carmina 1 en 76. Hier kan terloops daarop gewys word dat die gebedsgedeeltes ook in sommige van die *carmina maiora*, te wete in carmina 63 en 68 die sluitstuk van die gedigte vorm. Die rede waarom die voorkoms van 'n gebed in die eindposisie belangrik geag word, is omdat die slot dikwels (hoewel nie altyd nie) 'n vooropgestelde posisie is, aangesien die gedig dikwels óf sy kulminasiepunt aan die einde bereik óf die slotgedeelte eers die res van die gedig in perspektief stel.

Soos in die bespreking van carmen 76 aangetoon is, kan 'n driedelige struktuur of boupatroon in carmen 76 onderskei word, iets wat onder meer blyk uit die persoonstruktuur van die gedig (kyk hoofstuk 7, punt 2.1.3.3). Die *præcatio* in die derde beweging van carmen 76 kan beskou word as die gedeelte waarin die gedig sy kulminasiepunt bereik. Hierdie gedig bied 'n uitstekende voorbeeld van hoe Catullus daarin geslaag het om die gebedstekste as sodanig heg te komponeer en dit terselfdertyd te integreer by die teks as geheel. Die duidelikste aanduidings van

strukturele sluiting op mikrostrukturele vlak, is die herhaling van die identiese apostrofe o di in die aanvangsposisies van die eerste en laaste versreël van die *precatio* (*carmen* 76.17 en 26), alhoewel daar in die bespreking van hierdie gedeelte ook ander struktuurprinsipes uitgewys is. Dit is egter nie net in die gebedstek as sodanig waarin komposisionele strukturering van gegewens bemerk kan word nie. Ook die begin van die *gedig* as geheel en die einde daarvan in die slot van die gebedstek word saamgebring en aan mekaar verbind deur die herhaling van die *pietas*-motief.

In *carmen* 1 kom die gebed aan die einde van die *gedig* by die eerste lees daarvan as 't ware as 'n verrassing, alhoewel indringender analise aan die lig bring dat die aanvoorwerk vir die gebedstek reeds op subtiel wyse vroeër in die *gedig* gedoen is. Die gebed aan die einde van *carmen* 1 ruk as 't ware die res van die *gedig* in fokus. Wanneer die leser die gebed lees, bied dit aan hom interpretatiewe leidrade wat hy kan opvolg en met behulp waarvan hy die vorige inligting in nuwe perspektief kan sien.<sup>1</sup> Op komposisionele vlak is die gebed in die slotreëls weer die pendant van die twee inleidingsreëls van die *gedig*.

In *carmen* 109 kom die gebed reg in die sentrum van hierdie kort *gedig* voor, en kan dit op sintaktiese en deiktiese gronde van die eerste en derde koeplet afgegrens word (kyk hoofstuk 6, punt 2.4). Die positionering van die gebed veroorsaak dat dit as 'n *cardo* of spilpunt funksioneer waar rondom die res van die *gedig* draai.

Uit die oorsig hierbo blyk dit dat, alhoewel die gebed in die *carmina minora* nie in 'n bepaalde teksposisie voorkom nie, daar wel gestel kan word dat die gebedsgedeelte, wanneer dit slegs 'n onderdeel van die *gedig* uitmaak, gewoonlik makrostruktureel gesproke op 'n belangrike plek in die *gedig* voorkom.

## 2.2 OORSIG OOR DIE FORM, STYL EN TOPOI VAN DIE GEBED IN DIE CARMINA MINORA

### 2.2.1 Inleiding

Die tekste wat in hierdie studie bespreek is, word gekenmerk deur die voorkoms van een of meer van die volgende eienskappe:

<sup>1</sup> Hier kan terloops opgemerk word dat die funksie van die gebed in *carmen* 63 taamlike ooreenstemming vertoon met dié van die gebed in *carmen* 1, aangesien die gebed aan die einde van *carmen* 63 eweneens onverwags is, en dit, na die uitgebreide vertelling van die verhaal van Cybebe en Attis, aan die einde van die verhaal hierdie "geskiedenis" op die spreker betrek, waardeur die moontlikheid 'n persoonliker lesing van die teks geopen word. Die bondige driereëlige gebed ruk die lang voorafgaande gedeelte in perspektief, en die estetiese beginsel wat hier werksaam is, is dié van 'n "wanbalans" tussen die vertelruimte wat aan die mitiese verhaal en aan die persoonlike toepassing afgestaan word.

- die voorkoms van, of aansluiting by die gebedsvorm
- die voorkoms van gebedstyl en / of van verwante styltipes
- die voorkoms van konvensionele gebedstopoi, en
- die oproeping van godsdienstige of magiese praktyke en assosiasies.

Aangesien daar reeds in hoofstuk 3 'n uiteensetting hiervan gebied is en hierdie sake ook aandag geniet het in die analise en interpretasie van elk van die afsonderlike gebedstekste, is dit nie nodig om hier weer in te veel besonderhede daarop in te gaan nie. Die gefragmenteerde gedigspesifieke bespreking kan egter veroorsaak dat dit moeilik is om 'n geheelindruk te vorm van die kenmerke van die gebedsgedigte in die *carmina minora*. Daarom word hier 'n bondige geheeloorsig gebied.

### 2.2.2 Die gebedsvorm of -skema

Sover dit die *invocaciones* aangaan, is dit, veral wanneer in gedagte gehou word dat daar gewoonlik in Romeinse gebedstekste klem gelê is op die korrekte benoeming van die god(hede) aan wie die gebed gerig is, opmerklik dat die godheid of gode in die *invocaciones* as sodanig gewoonlik nie by die naam aangeroep word nie. Soms is hierdie aanroepings heel onspesifiek, en word die gode kollektief aangespreek, soos in *carmen* 76 met die aanroepings o di in versreëls 17 en 26. Dieselfde geld vir *carmen* 109 met sy onspesifieke *invocatio*: di magni (109.3).

Ook in die *invocatio* in *carmen* 1 ontbreek die vermelding van 'n spesifieke godheid, want alhoewel daar uit die aanroeping o *patrona virgo* (1.9) afgelei kan word dat die wens aan 'n muse gerig word, is dit nie duidelik aan watter spesifieke muse bedoel word nie.

In ander gevalle bestaan daar geen twyfel oor die godheid aan wie die gebed gerig word nie, maar word die noem van die naam in die *invocatio* as sodanig vermy. So kom die naam van Diana byvoorbeeld in *carmen* 34 voor, maar in die *invocatio* as sodanig word daar na haar verwys as die dogter van Leto ( o *Latonia*, 34.5). Eweneens is dit duidelik dat die *precatio* in *carmen* 36 aan Venus gerig word, maar dit geskied nie deur die aanroeping van die naam van Venus nie, maar omskrywend: o *caerulea creata ponto* (36.11), waar die leser met sy kennis oor die geboortelegende van Venus, verder aangehelp deur die opnoeming van haar kultussentra, die godin kan identifiseer.

In die gedigte wat as verskuilde parodieë geïdentifiseer is, is sake anders gesteld, en kry ons spesifieke "aanroepings" soos *passer* (2.1); o *Colonia* (17.1), *Colonia* (17.7), *Sirmio* (31.1) en o *Sirmio* (31.12), asook o *funde noster* (44.1). Dat die *invocaciones* hier spesifiek is, is nie verrassend nie, omdat in gedagte gehou moet word dat die leser hier reeds met 'n transformasie van die gebedsvorm te make het, in soverre die naam van die godheid deur 'n dier of plek vervang word. Versluiting van die naam sou die herkenbaarheid van die gedig se aansluiting by die gebedsvorm waarskynlik byna onmoontlik gemaak het.

'n Laaste opmerking wat op grond van 'n vergelyking van die *invocaciones* gemaak kan word, is dat Catullus klaarblyklik 'n voorliefde daarvoor

gehad het om die invocatio deur die emfatiese o te versterk.<sup>2</sup> Wanneer in gedagte gehou word dat o in Latyn nie somer maar 'n standaardtoevoeging tot 'n vokatief is nie, maar gebruik word om 'n aanduiding te bied van sterk emosie, is dit duidelik dat 'n indruk van intensiteit hierdeur bewerkstellig word, alhoewel in gedagte gehou moet word dat dit (soos in van die gebedsparodieë) meermale speels geskied.

Sover dit die uitbreidende predikerings aangaan, konformeer Catullus se praktyk aan die normale konvensies, en maak hy gebruik van epitheta, appositionele frases, participia en relatiewe bysinspredikerings. Al wat in hierdie verband opgemerk kan word, is dat die relatiewe bysinspredikerings meermale met anaforiek gepaard gaan (kyk byvoorbeeld carmina 2.2-3 en 36.12-15). Ook die tipies himniese vooropstelling van die tweede persoon word deur anaforiek versterk (kyk byvoorbeeld carmen 34.13-17).

Die argumentum of pars epica konformeer, wanneer dit as opsionele komponent voorkom, aan die normale konvensies.

Sover dit die precatio-gedeelte aangaan, gebruik die digter die normale vorme van imperatiewe (17.7; 31.12-14; 36.1, 16 en 20; 76.20 en 26; 109.3), jussiewe konjunktiwewyse (17.5; 34.21 en 24) en konjunktiwewyse in wense (1.10; 2.9) Terwyl daar nie 'n besondere voorkeur vir een van hierdie stelwyses is nie, wil dit tog voorkom of die imperatief vir die intenser gebede gereserveer word.

### 2.2.3 Styl

Sover dit gebedstyl aangaan, tref 'n mens die kenmerke aan wat jy sou verwag. Daar is heelwat voorbeelde van sermo orationis. Hier word gedink aan formulêre frases soos sic tibi bonus ex tua pons libidine fiat (17.5); munus da (17.7) en nunc ... volo (17.23). In carmen 31.4 word 'n omstelling van 'n bekende godsdienstige formule aangetref (quam te libenter quamque laetus inviso) en ook die tipiese gebedsgroet salve (31.12) kom daarin voor. In carmen 34 word gebedstaal aangetref in 'n uitdrukking soos Dianae sumus in fide (34.1); in die verwysing na pueri integri (34.2-3) en in die vrywaringsfrase sis quocumque tibi placet / sancta nomine (34.21-22). Carmen 44 lewer 'n hele aantal voorbeelde op, vanaf die skynernstige bemoeiing met korrekte benoeming in versreëls 1 (seu Sabine seu Tiburs) en 5 (sed seu Sabine sive verius Tiburs), tot uitdrukkinge soos fui libenter (44.6), non immerenti (44.8), maximas ... grates (44.16) en nefaria scripta (44.18). In carmen 76.18 kom die frase dis invitis voor.

Nou verwant aan gebedstaal is regstaal. Hier kan verwys word na die gebruik van regsformules soos habe tibi (1.8) en, effens omvormd, acceptum face redditumque votum (36.16). Die redundansie in die tweede versreël van carmen 109 (hunc nostrum inter nos) asook die opeensta-

<sup>2</sup> Ter illustrasie van hierdie stelling kan verwys word na o patrona virgo (1.9); o Colonia (17.1); o venusta Sirmio (31.2); o Latonia (34.5); o caeruleo creata ponto (36.11); o funde noster (44.1), o di (76.17 en 26). Die emfatiese o ontbreek slegs in carmina 2.1 (passer), 17.7 (die tweede apostrofe van Colonia); 31.1 (die eerste invokasie van Sirmio) en 109.3 (di magni).

peling van bywoorde en bywoordelike frases (vere, sincere, ex animo) in versreël 4 kan ook as tipies van regstyl beskou word.

In sermo orationis en regstaal (wat albei maar beskou kan word as vorme van verhewe taalgebruik) kom argaïsmes dikwels voor en in Catullus se gebedstekste tref ons 'n aantal daarvan aan. Hier kan verwys word na depositiv, es ... dicta, antique en sospites in carmen 34.8, 15-16, 23 en 24 respektiewelik; die ou imperatiewe vorm face (36.16); die hoogs formele werkwoord autumnant (44.2) en die ou vorm van die bywoord puriter in carmen 76.19.

Terwyl die gebedsgedigte wat in hierdie studie bespreek is, dus duidelik gekenmerk word deur die voorkoms van gebed- en regstyl en veral twee gedigte, carmen 34 en 44, 'n hele aantal voorbeelde daarvan oplewer, skep hierdie gebedsgedigte nie die indruk van 'n ritualistiese formalisme nie. Catullus se praktyk in hierdie verband stem grootliks ooreen met dié van Vergilius (kyk Highet, 1972:121-122).

Die formele taalgebruik werk normaalweg mee tot die skepping van 'n verhewe sfeer, maar sonder om die gedigte in 'n oordrewe formalisme te laat verval. Dat hierdie indruk van verhevenheid meermale pro forma en speels van aard is, sal later meer aandag geniet.

Terwyl daar in die uiteensetting hierbo gekonsentreer is op formele taalgebruik, moet die teenhanger daarvan nie uit die oog verloor word nie. Dit is interessant om daarop te let dat daar in die meeste van die bespreekte gebedsgedigte 'n onverwagse vermenging van formele en informele taalgebruik voorkom. Slegs carmen 34 is heeltemal ontdaan van informele taal. Hierdie opvallende vermenging van registers kan beskou word as 'n aanduiding daarvan dat die voorkoms van formele styl nie altyd sonder meer 'n teken van "hoge erns" is nie.

#### 2.2.4 Gebedstopoi

Die konvensionele gebedstopoi kom in die bespreekte gedigte voor. Daar is voorbeelde van aretalogieë, met die daarmee gepaardgaande byhaal van 'n geboortelegende (kyk carmina 34.5-8 en 36.11) en vermelding van kultussentra (carmen 36.12-15). 'n Ander tipiese topos is die opnoem van die gronde waarop die bidder sy bede tot die gode rig (kyk carmen 76.17-19) en die daaraan verwante voorbeelde van hupomnesis (kyk carmina 2.5-8 en 1.3b-4). Alhoewel laasgenoemde voorbeeld buite die gebedstekste as sodanig val, is aangetoon dat versreël 1 tot 9a van hierdie gedig verskeie gebedskenmerke vertoon en kan dit as sodanig as 'n hupomnesis getipeer word.

#### 2.2.5 Catullus se gebedsgedigte en die stereotiperings in verband met die Romeinse gebed

In hoofstuk 4 (punt 9.2.6) is daar gewys op sekere negatiewe stereotiperings van die Romeinse gebed. Die vernaamste hiervan is dat Romeinse gebede

- weinig meer as 'n aaneenstrengeling van formules is

- aan emosie en intensiteit ontbreek
- weinig of geen morele interesse vertoon.

Terwyl in gedagte gehou moet word dat die gebede wat in hierdie studie bespreek is, nie in die Romeinse kultus gebruik is nie,<sup>3</sup> en dat ons hier te doen het met wat konvensioneel as literêre gebedstekste getipeer word, kan gestel word dat hierdie stereotiperings nie op die gebedstekste van Catullus van toepassing gemaak kan word nie.

Catullus se praktyk met betrekking tot gebedstyl en formulêre taalgebruik is reeds hierbo behandel (kyk punt 2.2.3). Dit skep allermins die indruk van 'n starre formalisme.

Sover dit die uitspraak aangaan dat Romeinse gebede 'n gebrek aan emosie vertoon, kan bloot gewys word op *carmen* 76. Weinig gedigte in die Romeinse en trouens die wêreldliteratuur vertoon 'n groter emosionele intensiteit as juis hierdie gedig, en die voorkoms van die gebed aan die einde van *carmen* 76 het veel daarmee te doen. Afhangend van die interpretasie van *carmen* 109 waaraan daar voorkeur verleen word, die tradisionele of variante lesing, sou hierdie gedig in die eersgenoemde geval ook genoem kan word as 'n teenvoorbeeld van die stereotipering van Romeinse gebede as tekste waarin geen emosie te bespeur is nie.

Hiermee word natuurlik nie beweer dat al Catullus se gebedstekste kenmerk word deur emosionele intensiteit nie, soos *carmina* 17, 36 en 44 maar al te duidelik illustreer. Wat egter hieruit blyk, is dat gebrek aan emosie nie 'n noodwendige merkteken van Romeinse gebede is nie. Die gebruik van die gebedsvorm dra dikwels juis by tot die ekspressiwiteit van Catullus se gedigte.

Sover dit die stereotipering van 'n gebrek aan morele interesse aangaan, moet toegegee word dat daar in die Romeinse denkwêreld nie so 'n noue band tussen godsdiens en etiek bestaan het as byvoorbeeld in die Christendom nie. Desnieteenstaande kan met verwysing na *carmen* 76 aangetoon word dat die spreker in die gebed duidelik 'n appèl maak op 'n bepaalde etos, en dat 'n vrome lewenswandel aangevoer word as 'n grond vir gebedsverhoring (76.19 en 26). Ander gebedsgedigte wat hier vermeld kan word, is *carmen* 34 met sy verwysing na *puellae et pueri integri*, en *carmen* 109 (weer eens volgens die tradisionele interpretasie) met sy drievoudige gebed om opregte optrede aan die kant van die beaminde. Globaal genome is dit egter so dat die meeste van Catullus se gebedsgedigte nie gekenmerk word deur 'n morele interesse nie.

Terwyl bevindinge oor literêre gebedsgedigte nie sonder meer heelhuids oorgedra kan word op die Romeinse gebed oor die algemeen nie, behoort die uiteensetting hierbo die leser versigtig te stem om hierdie stereotiperings sonder meer te aanvaar.

<sup>3</sup> Vir meningsverskille oor *carmen* 34, kyk hoofstuk 5, punt 7.2 en 7.3).

## 2.2.6 Verskil die gebedstekste in die "polymetra" en epigramme?

Ross (1969) het in 'n belangrike, maar kontroversiële studie aangevoer dat Catullus se oeuvre vanuit twee skerp van mekaar verskillende tradisies gevoed word. Hiervolgens sluit Catullus in die *polymetra* en *carmina maiora* aan by die poëtika van die Griekse digters van Alexandrië, in besonder by Kallimachos. Hierdie dele van sy oeuvre word gekenmerk deur *doctrina*, strukturele en metriese sofistikasie, spel en *urbanitas*. Aan die ander kant sluit die digter in die epigramme aan by 'n ouer Romeinse tradisie, naamlik dié van die kort, epigrammatiese gedig. Hierdie gedigte vertoon 'n direkter en essensiële geaardheid as die *polymetra* en daar is min spel en toosel daarin te bemerk. Veral metries is dit minder afgewerk as die gedigte in die *polymetra* en *carmina maiora*. Ross het gepoog om hierdie standpunt te staaf deur, met gebruikmaking van Axelson (1945) se metode van die bestudering van woordseleksie, aan te toon dat die frekwensie van sogenaamde "unpoetische Wörter" in die epigramme hoër as in die *polymetra* en *carmina maiora* is.

Soos vroeër aangetoon is, het sowel Axelson se metode as Ross se toepassing daarvan, gemengde reaksie uitgelok, met sommige navorsers wat dit aangeprys het en ander wat dit skerp afgewys het (kyk hoofstuk 4, punt 8.2). Een van die vernaamste besware van die teenstanders van Ross se opvatting is dat die onderskeiding van twee tradisies of voedingsbodems vir bepaalde gedeeltes van Catullus se poësie maar weer neerkom op die ou dualistiese splitsing van Catullus se poësie.

Die belang van hierdie dispuut vir 'n sistematiese beskrywing van Catullus se gebedstekste is of daar duidelike verskille aanwysbaar is tussen die gebedstekste in die *polymetra* aan die eenkant en die epigramme aan die anderkant. Om verskillende redes kan daar in hierdie oorsig nie volledig op hierdie vraagstuk ingegaan word nie. Die eerste voor-die-hand-liggende faktor is dat die *carmina maiora* nie binne die bestek van die studie wat hier onderneem is, geval het nie. Tog word 'n vergelyking tussen die gebedstekste in die *polymetra* en epigramme nie hierdeur uitgesluit nie. 'n Belangriker bemoëlikende faktor is dat van die nege gedigte wat as gebedstekste geïdentifiseer is, sewe in die *polymetra* voorkom en slegs twee in die epigramme. Hierdie skrapheid van gebedstekste in die epigramme veroorsaak dat dit moeilik is om 'n betroubare karakterisering daarvan te bied omdat die databasis uiters beperk is.

Teen die agtergrond van hierdie voorbehoude word daar vervolgens aandag geskenk aan die vraag of die gebedstekste in die *polymetra* aansienlik verskil van die gebedstekste in die epigramme.

As *carmen* 1 vir 'n oomblik buite rekening gelaat word, kan gestel word dat die gebedsgedigte in die *polymetra* 'n groot mate van subtiliteit en spel vertoon en dat die gebede heel gestileerd voorkom. In hierdie verband kan verwys word na *carmen* 34 met sy noue aansluiting by die konvensionele himne en sy bedagte vormlike komposisie. Ons tref hier veel meer as bloot die verpligte komponente van die vormskema aan. Die gedig word gekenmerk deur uitgebreide en gestileerde himniese predikerings.

Ook die *precatio* in *carmen* 36 is 'n voorbeeld van 'n uitgebreide en gestileerde gebed, met sy omskrywende *invocatio* en uitvoerige opnoem van

kultussentra, wat in samehang met die anaforiek 'n gestileerde indruk wek. Anders as in carmen 34 is hier, ten spyte van die uiterlike konformerings aan die konvensies van gebedsgedigte, heelwat spel aanwysbaar. Die gedig as geheel vertoon ook die Aleksandrynse neiging tot afgeronde vormkomposisie, soos blyk uit die raamkomposisie.

Verder kom al die tekste wat as gebedsparodieë geklassifiseer is, in die *polymetra* voor. Veral die verskuilde parodieë is hier belangrik, omdat dit, weens die subtiliteit daarvan, betreklik hoë eise aan die leser stel. Hierdie tipe gedig, wat as 't ware geskryf is vir 'n kundige leser wat dinge nie maar op sigwaarde aanvaar nie, is tipies van 'n poëtika waarin daar 'n hoë premie geplaas word op urbanitas, spel en formele sofistikasie.

Wanneer die gebedstekste in die epigramme met die gebedsverse in die *polymetra* vergelyk word, dan vind hierdie leser carmina 76 en 109 (laasgenoemde volgens die tradisionele lesing) afgestroopte en direkter in impak as carmina 2, 17, 31, 36 en 44. Dit skep ook 'n intenser en persoonliker indruk as die gedigte in die *polymetra*. Hierdie afgestroopte kan onder meer gesien word in die kollektiewe aanroeping van die gode, en in die ernstiger toonaard van die gedigte.

Dit wil my voorkom of daar nie soseer 'n verskil in die graad van gestruktureerdheid van die gebedstekste in die twee gedeeltes van Catullus se oeuvre aanwysbaar is nie, aangesien daar in die besprekings van carmina 76 en 109 aangetoon is dat hierdie gedigte ook as deeglik gekomponeerde en heg gestruktureerde tekste beskou kan word, alhoewel toegegee moet word dat daar wel aanduidings van mindere metriese sofistikasie in carmen 76 aantoonbaar is. Die verskil is eerder geleë in daardie moeilik definieerbare kwaliteit van 'n verskil in geesteshouding. Die gebedstekste in die epigramme skep inderdaad 'n intenser en persoonliker indruk as die speelsheid wat in die *polymetra* aanwysbaar is.

Carmen 1, wat tot dusver buite rekening gelaat is, maak op sy beurt, indien slegs op die gebedsgedeelte as sodanig geoordeel word, 'n afgestroopte indruk as die gebede in die res van die *polymetra*. Dit blyk byvoorbeeld uit die feit dat slegs die verpligte komponente van die vormskema in hierdie gebed voorkom. Wanneer die gebedsgedeelte egter in samehang met die res van die gedig gelees word, blyk die verwantskap van carmen 1 met die gebedstekste in die *polymetra* duideliker. Die leser word daarvan bewus hoe die gebed subtiel voorberei is in die gedeelte wat daaraan voorafgaan en bemerk 'n spelelement in die vele meerduidighede in hierdie gedig.

Weens die beperkende faktore wat hierbo aangestip is, is dit egter nie moontlik om uit so 'n beperkte korpus uitsluitel te bied oor Ross se standpunt nie. Globaal genome wil dit egter voorkom of daar 'n verskil in toonaard tussen die gebedstekste in die *polymetra* en epigramme aan te merk is. Die feit dat daar in hierdie studie aangetoon is dat carmen 109 ook op 'n alternatiewe speelse wyse gelees kan word (kyk hoofstuk 6, punt 4.4) relatiewe egter die waarde van hierdie veralgemening.

## 2.3 LITERÊRE BENUTTING EN FUNKSIONERING

### 2.3.1 Inleiding

Na hierdie bespreking wat hoofsaaklik beskrywend en taksonomies van aard was, kan daar nou oorgegaan word tot 'n diskussie van sake wat vir 'n literêr-gerigte bestudering van die gebedsgedigte van groter belang is.

Eerstens sal daar aandag geskenk word aan bepaalde beginsels waarop die resepsie van die gebedsgedigte berus. Na 'n onderskeiding van drie verhoudings waarin die literêre gebedstekse staan tot die leser se kennis van die gebed en die sake wat daarmee geassosieer word, sal daar vervolgens aangetoon word hoe die bespreekte gedigte binne hierdie skematisering inpas, en sal daar gepoog word om bepaalde funksies te identifiseer wat met die gebruik van die gebedvorm in die spesifieke tekstuele konteks saamhang.

Al hierdie sake hou verband met die benadering wat gevolg is in die bespreking van die gebedsgedigte. As sodanig kan hierdie bespreking beskou word as brugpassasie tussen die sistematiese bespreking van die gebedstekste en die metodologiese diskussie.

### 2.3.2 Drie verhoudings

In die inleidingshoofstuk is daarop gewys dat die gebed in oorsprong 'n godsdienstige handeling was. Selfs al is die funksie waarvoor die gebed in die Romeinse poësie aangewend is in die meeste gevalle nie godsdienstig nie, maar eerder literêr van aard, is die godsdienstige assosiasies van die vorm belangrik vir die literêre resepsie van die gebedsgedigte.

Om 'n literêre funksie of funksies aan die benutting van die gebedsvorm toe te skryf, veronderstel uiteraard dat die gebedsvorm 'n herkenbare vorm met bepaalde merkers is waaraan dit uitgeken kan word. Die belangrikheid al dan nie van kennis van die gebedsvorm in die literêre interpretasie van gebedsgedigte sal verdere aandag geniet in die bespreking van die kompetensievraagstuk (kyk punt 3.2).

Dit wil my voorkom of die gebedsgedigte in Catullus se *carmina minora* in drie hoofgroepe ingedeel kan word sover dit die resepsie daarvan betref. Verskillende prosedures kan onderskei word:

- Die gebedsgedig sluit sowel formeel as intensioneel aan by wat die leser van die gebed weet en verwag, asook by die houdings wat hy met die gebruik van die gebedsvorm assosieer. In hierdie gevalle kan daar duidelik aangetoon word dat die gebedsvorm in 'n bepaalde gedig voorkom en is daar geen aanduidings dat dit wat in die gebedstekse aangebied word, op een of ander wyse ondergrawe of geïroniseer word nie. Hierdie gebedstekste is in vorm en strekking gebede, of is ten minste geskryf in ooreenstemming met die konvensies van gebedstekste.
- Die gebedsgedig sluit *pro forma* by die normale konvensies van gebedstekste aan, soms selfs op 'n oordrewe manier, maar daar is aanduidings dat dieselfde nie gesê kan word sover dit die intensionele

vlak aangaan nie. Daar is met ander woorde 'n opmerklige strydigheid tussen vorm en strekking.

- Die gebedsgedig vertoon op 'n subtiele wyse aansluiting by die gebed. Hierdie aansluiting kan by die gebedsvorm as sodanig, by die gebedstyl of die gebedstopoi wees. Die aansluiting is in hierdie gevalle nie so voor-die-hand-liggend nie, en die leser moet bedag wees op die herkenning van sekere transformasies van die vorm, in besonder op die substitusie van die naam van die godheid wat aangespreek word, deur die naam van 'n persoon, plek of dier. Afgesien van hierdie "afwyking" is die teks egter geskoei op die lees van 'n gebedstek, hetsy in vorm, styl, topoi of deur die oproeping van bepaalde godsdienstige assosiasies.

### 2.3.3 Voorbeelde en funksies

Die duidelikste illustrasie van die eerste prosedure is te sien in die hoogs gestileerde carmen 34, waar die gedig in ooreenstemming met die vormkonvensies van die himne geskryf is. Hier is geen aanduidings daarvan dat die strekking van dit wat in die gedig gesê word, geïroniseer of gerelativeer word nie. Die funksie van die gebruik van die himniese gebedsvorm is gewoon die lofprysing van die godheid. Terwyl lesers verskil oor die vraag of hierdie gedig 'n godsdienstige funksie het en of dit bloot as literêre vingeroefening beskou behoort te word, staan dit vas dat hierdie vers geskryf is in ooreenstemming met die konvensies van kultiese tekste.

Ook die gebed aan die einde van carmen 76 kan geklassifiseer word as 'n gebed in vorm en intensie. Anders as carmen 34 is dit egter 'n persoonlike gebed, iets wat onder meer uit die persoonstruktuur van die teks afgelees kan word. Oor die vraagstuk of hierdie gedig beskou kan word as 'n dokument van die skrywer se psigiese ingesteldheid en / of sy persoonlike godsdienstige opvatting, heers daar meningsverskil (kyk hoofstuk 7, punt 3.3.1 en 3.3.2). Terwyl hierdie leser 'n voorkeur het vir die psigologiese verklaring van die voorkoms van die gebed, dit wil sê dat dit 'n bekende verskynsel is dat mense hulle in 'n toestand van persoonlike nood tot die uitspreking van 'n gebed wend, wil dit voorkom of daar weinig twyfel daaroor kan bestaan dat die benutting van die gebedsvorm in die klimaktiese posisie van hierdie gedig bydra tot die skepping van die indruk van 'n intens beleefde emosie.

Ook carmen 109 kan volgens die tradisionele interpretasie van die gedig in die eerste kategorie geklassifiseer word en die funksie van die gebedsvorm is eweneens om 'n aanduiding te bied van gevoelsintensivering.

Carmen 36 is op sy beurt 'n goeie voorbeeld van die tweede prosedure. Terwyl daar in hierdie gedig met sy gestileerde gebed aan Venus uiterlik aan die konvensies van gebedsvorme gekonformeer word, klop die plegtigheid van die vorm nie met die speelsheid en geniepsigheid van die strekking van die gedig nie. Wanneer daar so 'n strydigheid tussen vorm en strekking is, is dit 'n goeie aanduiding dat daar 'n ondermyning van die gebed se normale assosiasies voorkom.

In carmen 36 bemerk ons twee van die belangrike funksies waarvoor die gebedsvorm in Catullus se carmina minora aangewend word. Die opvallendste in hierdie gedig is die bewerkstelliging van humor of te wel gevatheid, dit wat in die kringe waarin Catullus geleef het, as urbanitas

bestempel sou word. Die digter is hier poeta ludens: hy is besig om te speel met die verhewe konnotasies en assosiasies van die gebedsvorm en om dit effekberekend te ondermyn en te "debunk". Alhoewel dit bekend is dat die Romeinse staatsgodsdienst in die tyd van Catullus weinig meer as leë dop was en dat baie Romeine, veral onder die intellektuele, nie veel erg daaraan gehad het nie, werk 'n gedig soos carmen 36 nogtans op die beginsel dat die leser verras, geamuseer of selfs "geskok" word deur die strydigheid tussen vorm en strekking. Daar is besliste aanduidings van 'n anti-establishment houding in 'n hele aantal van Catullus se gedigte te bemerk. Die godsdienstige vorm met sy verhewe assosiasies word in hierdie gedig skromeloos en blatant ter wille van spel aangewend.

'n Tweede funksie wat met die benutting van gebedsvorme in carmen 76 gepaard gaan, is (natuurlik in samehang met teksbetekenis) dié van die bewerkstelling van invektief. Onder die plegstatige kleed van 'n votum loop 'n digter waarvoor Catullus geen agting gehad het nie, onder sy skerp tong deur, en dit ten spyte daarvan dat een van die votum-voorwaardes juis was dat die spreker sy invektiewe moet staak!

Voorbeelde van die derde prosedure, te wete van gedigte wat, hoewel met sekere transformasies, aansluiting vertoon by die gebedsvorm, -styl en -topoi, word aangetref in die verskuilde parodieë wat in hierdie studie bespreek is.

Juis die feit dat hierdie gedigte nie aan gode geadresseer is nie, maar dat 'n plek (byvoorbeeld carmina 31, 17 en 44) of 'n dier (byvoorbeeld carmen 2) aangespreek word, is waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat baie lesers nie die ooreenkomste daarvan met die gebedskema raakgesien of in hul interpretasies van die gedigte benut het nie. In hierdie gevalle is aanduidings van gebedstyl, aanwending van gebedstopoi en oproeping van godsdienstige of magiese gebruikte dikwels van kardinale belang om die teks as 'n gebedsparodie te herken. Alhoewel die aansluiting by die normale konvensies van gebedstekste hier subtieler is as in gedigte waarin die eerste en tweede prosedure gevolg word, kan daar tog by die gedigte wat tot hierdie derde groep behoort, onderskei word tussen gedigte waar die aansluiting nie baie versluierd is nie (kyk byvoorbeeld carmen 2 met sy opvallende nabootsing van himniese styl en carmen 44 met sy openlike gebruik van gebedstaal), en gedigte waar die aansluiting heel subtiel geskied (byvoorbeeld carmen 31).

'n Sprekende voorbeeld van 'n gedig waar literatore nie die aansluiting van die teks by die konvensies van gebedsgedigte raakgesien het nie, is carmen 31. Ten spyte van die feit dat 'n hele aantal literatore hierdie besondere gewilde gedig van Catullus bespreek het, is dit na my wete slegs Korzeniewski (1978-1979) wat hierdie aansluiting raakgesien en op 'n kreatiewe wyse in sy interpretasie van die gedig aangewend het.<sup>6</sup>

<sup>6</sup> Daar kan vermeld word dat dit vir die skrywer van hierdie studie as 'n verligting gekom het toe hy uiteindelik, nadat hy carmen 31 as 'n verskuilde parodie geïdentifiseer het, maar geen soortgelyke klassifikasie deur 'n ander outeur kon vind nie, afgekom het op die bespreking van Korzeniewski wat dieselfde opvatting toegedaan was.

Dit wil voorkom of die funksies wat aan die benutting van die gebedsvorm in die verskuilde parodieë toegeskryf kan word, nie so enkelduidig is as in gedigte waarin die eerste twee prosedures gevolg is nie. Weens hierdie verskeidenheid van funksies, is dit wenslik om gedigspesifiek te werk te gaan en om nie veralgemenende uitsprake te maak nie.

Die benutting van die gebedsvorm in carmina 17 en 44 stem grootliks ooreen met die funksies wat ten opsigte van carmen 36 onderskei is. Hierdie verskuilde parodieë funksioneer eweneens as voorbeelde van die spreker se urbanitas en facetiae. Ook hier dra die aanwending van die gebedsvorm by tot die bewerkstelling van spel en invektief, alhoewel die invektief in albei gevalle milder as in carmen 36 is.

Dit wil my voorkom of die aansluiting by die vorm, styl en topoi van die gebed in carmen 31 die funksie het om 'n meer verhewe sfeer en ook groter intensiteit aan die spreker se ervaring van vreugde by sy tuiskoms te verleen. Anders as in carmen 36 tref ons hier 'n subtile spel met die gebedsvorm aan, waar die spel nie die onderliggende erns van die gedig ophef nie.

In die funksie van verlening van 'n indruk van intensiteit aan 'n ervaring, is carmen 31 verwant aan carmen 76, maar dan met die verskil dat die spelelement wat in carmen 31 aanwysbaar is, geheel en al in carmen 76 afwesig is.

Ten spyte van skerp verskille oor die toonaard van carmen 2 (kyk hoofstuk 8, punt 4.7.2 en 4.7.5) staan die verskuilde gebedsparodie myns insiens hier in die teken van spel, aangesien die gebedsvorm aangewend word in 'n konteks waarin dit nie heeltemal pas nie en in 'n gedig waarin *lusus* op die voorgrond gestel word.

#### 2.3.4 Oor die drie verhoudings en die funksies wat aan die benutting van die gebedsvorm toegeskryf word

Alhoewel daar in die bespreking hierbo verskillende funksies toegeskryf is aan die benutting van die gebedsvorm, blyk dit dat daar nie 'n direkte verband bestaan tussen die spesifieke funksie(s) wat geïdentifiseer word en die spesifieke verhouding waarin die gebedstekst tot die onderliggende grondvorm van die gebed staan nie. So kom die funksie van gevoelsintensivering byvoorbeeld voor in gedigte wat in vorm en strekking gebede is (carmen 76) en in gedigte waar die gebedstekst subtiel op die lees van 'n gebed geskoei is (carmen 31). Ook die funksie van die bewerkstelling van invektief kom voor by gedigte wat tot verskillende groepe behoort.

Interpretasie verg egter van die leser om keuses uit te oefen, en die funksies wat hierbo onderskei is, gee 'n aanduiding van hoe hierdie leser die betrokke funksies identifiseer.

### 3. METODOLOGIESE AANGELEENTHEDE

#### 3.1 INLEIDING

In die uiteensetting wat hierop volg, sal aandag geskenk word aan die probleme in verband met literêre interpretasie wat aan die begin van hierdie studie aan die orde gestel is (kyk hoofstuk 1, punt 3).

#### 3.2 DIE VEREISTE LESERSKOMPETENSIE

In die loop van hierdie ondersoek is meermale gevra na wat die voorwaardes is vir 'n toereikende lesing van Catullus se gebedsgedigte. Wat hier in die sentrum staan, is die vraag hoe belangrik kennis van die gebedsvorm, -styl en -topoi vir die verstaan van Catullus se literêre gebedsgedigte is.

Die bespreking van hierdie vraagstuk het betrekking op die twee stelle hipoteses wat in hierdie verband in die inleidingshoofstuk geformuleer is. In die eerste van die bepaaldheidshipoteses (kyk hoofstuk 1, punt 6.1) is daar aan die hand gedoen dat kennis van die gebedsvorm en tipiese topoi aan die leser 'n belangrike sleutel bied tot die vasstelling van Catullus se gebedsgedigte. Daarenteen is daar in die stel mededingende hipoteses aangevoer dat die benutting van 'n streng en konvensioneel gekte vorm soos die gebed in 'n gedig nie waarborg dat die gedig enkelduidig geïnterpreteer sal word nie (kyk hoofstuk 1, punt 6.2).

In die analise en bespreking van die gebedsgedigte is daar in hierdie studie hoofsaaklik op twee wyses te werk gegaan. Eensyds is daar, in ooreenstemming met 'n metode wat deur die kontekstuele model van onderskeiding tussen literêre en nie-literêre gebedstekste gesuggereer is, alhoewel dit nie in die streng sin van die woord kontekstueel is nie (kyk hoofstuk 4, punt 9.4), gepoog om elk van die gebedstekste onder bespreking in verband te bring met en as 't ware te "pas" op wat die leser van gebedstekste weet of verwag. In hierdie aanpak is van die veronderstelling uitgegaan dat òf die gebedstekste se aansluiting by òf sy afwyking van die normale konvensies van die tekstipe literêr beduidend mag wees vir die interpretasie van hierdie gedigte. Andersyds is daar, in lyn met die klusterbenadering, gepoog om die gebedsgedigte te bestudeer met inagneming van daardie kenmerke of tendense wat as tipies van literêre diskoerse beskou word, met besondere klem op die gestruktureerdheid daarvan.

Wanneer daar gevra word na die kennis wat by die leser veronderstel word om die literêre gebedsgedigte op 'n toereikende wyse te interpreteer, dan is die eerste gedagte wat by 'n mens opkom, om te stel dat kennis van die gebedsvorm, -styl en -topoi onontbeerlik vir die verstaan van hierdie gedigte is. Veral in 'n studie waarin daar gepoog is om die funksies waarvoor die gebed in die poësie van Catullus aangewend word, te identifiseer, lyk so 'n formulering voor-die-hand-liggend, omdat die toeskrywing van 'n bepaalde funksie aan die gebruik van die gebedsvorm tog seker berus op die herkenbaarheid van daardie vorm vir die leser.

Indien daar in hierdie ondersoek slegs gewerk is met gedigte wat sonder enige twyfel as gebedstekste geklassifiseer kan word, sou so 'n stelling oor die vereiste leserskompetensie min probleme opgelewer het (kyk egter punt 4 oor verskillende invalshoeke). Die feit dat die sogenaamde verskuilde parodieë ook in hierdie studie betrek is, stel die saak egter in 'n ander lig. Terwyl daar in die bespreking van hierdie tekste 'n saak daarvoor uitgemaak is dat hierdie gedigte met vrug vanuit die hoek van hul raakpunte met gebedstekste bestudeer kan word, is dit tog so dat menige lesers tekste soos *carmina* 2, 17, 31 en 44 gelees en geïnterpreteer het sonder om na die verwantskappe van hierdie gedigte met die kenmerke van gebedstekste te verwys of dit enigsins in hul bespreking in berekening te bring.

In die lig hiervan kan gestel word dat kennis van die gebedsvorm, -styl en -topoi nie 'n absolute *sine qua non* is vir die verstaan en interpretasie van hierdie gedigte nie. Hiermee word natuurlik nie beweer dat sodanige kennis nie nuttig gebruik kan word in die bestudering van hierdie tekste nie, maar slegs dat dit nie as 'n onontbeerlike voorwaarde vir insig in die tekste beskou moet word nie.

Die bestudering van die literêre gebedstekste deur 'n passing van hierdie tekste op die onderliggende sisteem, met aandag aan die tekste se aansluiting by of afwyking van die normale konvensies, is dus slegs een van die moontlike maniere om die teks te probeer ontsluit.<sup>5</sup> Die voordeel van so 'n aanpak is egter dat dit 'n bepaalde ondersoekmetode suggereer. In die besprekings van *carmina* 36 en 1 is gepoog om aan te toon hoe so 'n ondersoekmetode ook heuristies belangrik kan wees, en watter lig daardeur op interpretasieprobleme gewerp kan word.

Sover dit die literêre kompetensie aangaan wat by die leser veronderstel word, moet in gedagte gehou word dat kennis van die gebedsvorm, -styl en -topoi slegs 'n klein deeltjie uitmaak van die kennis wat die leser aanwend in die interpretasie van literêre gebedsgedigte. As daar gekyk word na sake wat in die literêre bespreking van die gebedsgedigte aandag geniet het, dan blyk dit dat die kennis wat by die lesers veronderstel word, veel wyer strek as bloot kennis van die gebedsvorm, -styl en -topoi. Die interpretasiehandeling veronderstel by die leser kennis van die taal self; van literêre prosedures en hul werking (byvoorbeeld van metaforiek en die rol wat sintaktiese ordening, klank en ritme speel); van die periode waarin die teks geskryf is en waarin dit gelees word; van die poëtika wat in die werk gemanifesteer is; van intertekste wat ter sake mag wees by die lees van die teks. Hierdie lys kan maklik uitgebrei word, maar die punt waarom dit hier gaan, behoort reeds duidelik te wees. Dit blyk dat lees en interpretasie bepaalde kennis, vaardighede en ook leeservaring voorveronderstel. Daar kan in hierdie verband gepraat word van die leser se "literary competence". Alhoewel hierdie begrip reeds vroeër gebruik is, is dit in die laaste aantal jare deur Culler (1975:113-130) verder ontwikkel. Alhoewel hierdie konsep nie in alle oorde byval gevind het nie, wil dit my voorkom of dit 'n heel nuttige begrip is en een waarsonder verstaan en interpretasie nie kan klaarkom nie. Culler (1975:130) beskou die konsep van literêre

<sup>5</sup> Vir maatstawwe vir die beoordeling van verskillende resepsies, kyk punt 3.4.7

kompetensie as die grondslag vir refleksiwiteit in interpretasie (kyk punt 5).

### 3.3 DIE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN INTERPRETASIEVERSKILLE

#### 3.3.1 Inleiding

##### 3.3.1.1 Die konteks waarbinne hierdie bespreking tuishoort

In die inleidingshoofstuk is die vermoede uitgespreek dat, omdat (1) die gebedsvorm 'n geïkte vorm en die konvensies daarvan bekend is, en (2) Catullus gewoonlik as 'n baie direkte digter beskou word, die gebedsgedigte van Catullus nie baie interpretasieprobleme behoort op te lewer nie. Uit hierdie studie, in besonder uit die besprekings van *carmina* 76, 36 en 1, het dit gou duidelik geword dat dit hoegenaamd nie die geval is nie.

Indien die verwerwing van vaste en sekere kennis oor die literatuur die oogmerk met die bestudering daarvan is, lewer hierdie uiteenloopenheid van betekenis wat aan tekste toegeskryf word, ernstige probleme op. 'n Eerste vraag wat in hierdie verband ontstaan, is die vraag aan watter faktore hierdie interpretasiever-skille toegeskryf kan word. 'n Tweede vraag is of tekste slegs op een wyse korrek geïnterpreteer kan word en of meerdere lesings daarvan moontlik is. Hierdie probleem raak die geldigheid van verskillende lesings. Dit stel die literator terselfdertyd voor die vraag of die antwoorde op interpretasieprobleme in die finale instansie gevind sal word deur 'n deeglike bestudering van die teks, waardeur aangetoon kan word dat sommige lesers 'n teks "korrek" interpreteer, en dat andere die spoor byster geraak het. Teenoor hierdie "reg-en-verkeerd" benadering, kan gepoog word om aan te toon dat die antwoorde op interpretasiever-skille nie soseer te vinde is in die objek nie, maar dat insig verwerf kan word in die redes waarom lesers tekste verskillend interpreteer deur na te gaan hoe die leser se teoretiese en metodologiese aannames sy interpretasie van die gedigte stuur en rig. Hier gaan dit dan nie sonder meer om 'n keuse van die een korrekte lesing nie, maar om aan te toon hoe lesers tot verskillende interpretasies geraak. Alhoewel so 'n transendentale ondersoek glad nie die korrektheid of foutiwiteit van 'n interpretasie bo alle twyfel kan vasstel nie, is dit moontlik om deur 'n komparatiewe aanpak die verskillende interpretasies met mekaar te vergelyk en kan die literator aanstip waarom hy 'n voorkeur vir 'n bepaalde interpretasie het.

##### 3.3.1.2 Die vlakke waarop die interpretasiever-skille lê

As aanloop tot die bespreking van die faktore wat aanleiding tot verskillende interpretasies van die gebedsgedigte gee, word 'n kort oorsig gebied oor die vlakke waarop hierdie verskille lê, met klem op die verskille wat telkens voorkom.

Daar heers soms meningsverskil oor hoe die manuskriplezing van die teks daar behoort uit te sien (*carmina* 21, 2, 36 en 76). Verskille oor die linguale struktuur van die teks kom ook voor (kyk byvoorbeeld in *carmina* 36 en 2). Besonder algemeen is dispute oor hoe die makrostruktuur van die teks daaruitsien (*carmina* 2, 17, 36 en 76) en in watter verhouding

oor 'n teks geskryf het, hoe groter is die waarskynlikheid van meerdere en uiteenlopende interpretasies daarvan.

Literatore wil oor die algemeen nie maar net herhaal wat reeds deur vroeëre navorsers gesê is nie. Waar daar in die bestudering van die Klassieke Romeinse poësie so 'n lang tradisie van reeds gelewerde resepsies is, is die probleem des te akuter.

Hierdie strewe na oorspronklikheid is nie slegs 'n persoonlike saak nie, maar het ook 'n sosiale, en spesifiek 'n institusionele kant. Hier kan verwys word na die eis wat binne akademiese verband geld dat 'n studie soos 'n proefskrif of 'n artikel 'n eie oorspronklike bydrae moet lewer.

Die feit dat die aantal interpretasies wat van 'n gedig gebied word, nou saamhang met die aantal persone wat daaroor geskryf het, dui weer daarop dat die leser 'n belangrike rol in betekeniskonstruksie speel. Waar lesers se literêre "competence" verskil, waar hul verwysingsraamwerke nie dieselfde is nie en waar hul vraagstellings oor die literatuur verskil, moet verwag word dat die resultate van hul ondersoeke sal verskil. Die aantal uiteenlopende lesings wat daar van tekste gebied word, is trouens 'n aanduiding van lesers se kreatiwiteit, iets wat ook in wetenskaplike kennisvorming 'n belangrike rol speel.

Tog is dit opvallend dat daar nie dieselfde graad van meningsverskille heers oor elk van die tekste wat in hierdie studie bespreek is nie. Die feit dat 'n gedig soos carmen 34 soveel minder interpretasieverskille oplewer as die ander gedigte wat hier bespreek is, het waarskynlik daarmee te doen dat lesers dit eens is oor die raam waarbinne hierdie gedig gelees moet word ('n lofprysing aan 'n godheid) en dat daar geen aanduidings is van uitdrukings wat as ambivalent gelees kan word nie. Terwyl daar by die bespreking van die faktore wat aanleiding gee tot interpretasieverskille heelwat klem gelê is op die leser se aandeel in die konstruering van verskillende betekenis, dui die waarneming oor carmen 34 daarop dat die tipe teks wat bespreek word, nie buite rekening gelaat kan word nie.

### 3.4 DIE BEPAALDESVRAAGSTUK IN LITERÊRE INTERPRETASIE, MET TOESPITING OP DIE GELDIGHEIDSVRAAGSTUK

#### 3.4.1 Inleiding

Die bespreking wat hierop volg, het betrekking op die volgende vraagstukke:

- Kan 'n gedig op slegs een wyse korrek geïnterpreteer word, of is meerdere (selfs botsende) lesings daarvan moontlik?
- Watter kriteria vir "korrektheid" en "juistheid" kan voorgestel word?
- Kan die "korrektheid" van bepaalde interpretasies bewys word deur 'n beroep te doen op bepaalde tipes argumente?
- Moet daar gekies word vir of teen 'n objektivistiese wetenskapsbeskouing?

van die studie aan die lig gebring is, is die meningsverskil oor hoe die slotreëls van carmen 1 behoort te lees. 'n Ander voorbeeld was die verskil in opvatting of die lectio brevior of longior van carmen 2 as die korrekte beskou moet word (kyk hoofstuk 8, punt 4.2). Op 'n ietwat ander vlak lê die tekskritiese verskille wat nie op makrostrukturele vlak van soveel belang is nie, soos die verskille oor die juiste tekslesing van carmen 76.21 (kyk hoofstuk 7, punt 2.2.3.2) en carmen 36.19 (kyk hoofstuk 9, punt 3.4.4.3 en voetnoot 2).

Om dan by laasgenoemde minder ingrypende verskille te begin: die dispuut oor die juiste inleidingswoord van carmen 76.19 hou wel konsekwensies in vir hoe die formele, sintaktiese struktuur van die precatio daaruitsien, maar het nie ingrypende semantiese implikasies nie. Dieselfde geld vir die keuse tussen rure of ture in carmen 36.19. Albei van hierdie woorde kan geïntegreer word by die res van die teks: rure by die uitbeelding van die boersheid van die geskifte van Volusius; ture by die oproep van rituele handeling.

Interessanter is die wyse waarop literare die verskille ten opsigte van carmina 1 en 2 hanteer. In hierdie gevalle is die uiteenlopende interpretasies heeltemal verstaanbaar, omdat lesers hulle besig hou met tekste wat van mekaar verskil, en hierdie verskille ingrypende implikasies vir die strekking van die gedigte inhou. In Iser se terme is hier verskille aan te merk ten opsigte van die artefak.

Wat metodologies interessant is, is die wyse waarop literare hul keuse vir 'n bepaalde tekslesing motiveer en in die proses gewoonlik skerp afwysend staan teenoor ander voorstelle oor hoe die teks daar behoort uit te sien. Sover dit carmen 1 aangaan, is daar aangetoon hoe lesers 'n hele reeks argumente aanvoer, wat die hele spektrum vanaf ortografiese tot makrostrukturele argumente dek (kyk hoofstuk 10, punt 2.2). Wat veral ter sake is, is hoe hierdie argumente 'n beroep doen op die onderdeel se sinvolheid binne die geheel. In hierdie proses voer lesers meermale argumente aan om aan te toon dat 'n bepaalde lesing juis is omdat dit, ooreenkomstig 'n samehangs- en funksionaliteitsargument, die beste inpas by die geheel. Hierdie geheel word dikwels beskou as die teksgeheel. Dit wil my voorkom of 'n mens hier eerder te doen het met 'n Gestalt wat lesers vir die teksgegewens konstrueer en waarbinne die besonderhede tuisgebring word. Hierdie Gestalt is myns insiens 'n leserskonstruksie, eerder as 'n kenmerk van die objek,<sup>7</sup> waaroor daar op suiwer tekskritiese gronde uitsluitel gebied kan word. Die uiteenlopende "gehele" ten gunste waarvan daar geargumenteer word, toon myns insiens aan dat ons hier nie sonder meer met 'n objeksgewewe te doen het nie, maar eerder met leserskonstruksies, alhoewel hierdie konstruksies weliswaar in die leser se besigwees met die teks ontwikkel word.

<sup>7</sup> Mueller-Vollmer (1986:16) wys daarop dat Wilhelm von Humboldt (1767-1835) reeds ingesien het dat die idee van die geheel iets is wat die kenner self moet voorsien: "If the historian must interpret individual phenomena in the light of an overriding cohesive whole which itself is not directly observable, he must supply the idea of the whole himself."

Waar tekskritiese verskille dikwels gerieflikheidshalwe binne 'n objektivistiese paradigma beskou word as verskille oor die (outonome) objek, dui die paslikheids- en funksionaliteitsargumente aan dat lesers nie net tekste dekodeer nie, maar ook konstrueer.

Terwyl daar gestel kan word dat tekskritiese verskille een van die faktore is wat aanleiding kan gee tot interpretasieverskille, moet opgelet word dat sekerheid oor presies hoe die teks daar behoort uit te sien, nog geensins waarborg dat lesers 'n teks enkelduidig sal interpreteer nie. Sels al sou ons byvoorbeeld deur die ontdekking van die oorspronklike manuskrip van *carmen 1* bo alle twyfel weet dat die tradisionele tekslesing die juiste een is, sal dit nog nie uitsluitel daarvoor bied of die gedig ironies gelees moet word of nie.

Die betekenis van 'n teks is dus nie maar iets wat die leser passief "ontvang" by die lees daarvan nie, maar iets wat die leser al lesende interpreterend tot stand bring.

### 3.3.3 Verskille oor taalkundige aangeleenthede speel 'n onbelangrike rol

Alhoewel daar slegs in die bespreking van *carmen 36* hierop ingegaan is (kyk hoofstuk 9, punt 5.2.1), het dit in die loop van hierdie studie geblyk dat die vernaamste interpretasieverskille nie toe te skryf is aan verskille oor die grammatikale of sintaktiese struktuur van die tekste nie. Lesers stem tot 'n groot mate saam oor hoe die tekste grammatikaal aanmekearsit. Die feit dat taalkundige verskille 'n betreklik onbeduidende rol speel, wil dit laat voorkom of die antwoorde op interpretasievraagstukke nie sonder meer gevind sal word in 'n deeglike linguale bestudering van die onderhawige tekste nie.

### 3.3.4 Verskille oor die makrostruktuur 'n onbelangrike faktor

Sover dit die verskille oor die beskrywing van die makrostruktuur van verskillende van die gedigte aangaan, kan opgemerk word dat daar nie 'n direkte verband bestaan tussen die makrostruktuur van die teks en die betekenis wat aan die gedig toegesê word nie.

So het dit byvoorbeeld ten opsigte van *carmen 36* geblyk dat hierdie leser en Williams se beskrywing van die makrostruktuur van hierdie gedig ooreenstem, maar dat die interpretasies van die strekking van die gedig verskil. Omgekeerd blyk dit ook dat grootliks ooreenstemmende interpretasies soms gebied word, alhoewel daar verskillende opvattings gehuldig word oor hoe die makrostruktuur daaruitsien (kyk hoofstuk 9, punt 5.2.2.3).

Terwyl daar dikwels, veral in kringe van literatore wat struktuur-georiënteerd te werk gaan, beweer word dat die strekking van 'n teks nie vasgestel kan word sonder om die vorm daarvan in berekening te bring nie, blyk dit hieruit dat daar nie so 'n direkte verband tussen die makrostruktuur en die betekenis van 'n gedig is as wat soms gemeen word nie. Hier moet natuurlik in gedagte gehou word dat literatore wat beweer dat die "wat" van 'n teks spreek deur die "hoe" daarvan, nie net die

makrostruktuur in gedagte het wanneer hulle beweer dat betekenis nie los van die vorm staan nie.

Dit wil eerder voorkom of beskrywings van die makrostruktuur beskou moet word as 'n metode wat literatore gebruik om 'n greep op die ontwikkeling van die teks te verkry en om die bespreking daarvan makliker te laat verloop.

Hierdie gegewens is ook ter sake vir opvattinge oor die verhouding tussen analise en interpretasie.

### 3.3.5 Lesersbelangstellings

Waar die faktore wat vroeër bespreek is, hoofsaaklik slaan op die teks en as sodanig gerig is op die objek van literêre studie, word daar nou oorbeweeg na die bespreking van faktore wat meer spesifiek aan die leser of kensubjek georiënteer is.

In hierdie onderafdeling sal eerstens aandag geskenk word aan verskil in lesersbelangstellings wanneer tekste gelees en bestudeer word. Hierdie faktor hang egter dikwels saam met die teoretiese paradigma waarbinne die literator die literatuur bestudeer (kyk punt 3.3.7), en kan as 'n aanloop tot die bespreking daarvan beskou word.

Uit die verkenning van die lesersresepsies van die gebedsgedigte van Catullus wat in hierdie studie behandel is, is dit ooglopend dat lesers die gedigte met verskillende belangstellings en toespitsings lees. Soos Howard (1982:85) tereg opmerk: "Knowledge (or understanding) and interests (or purposes) are interwoven." Sommige lesers is veral geïnteresseerd in die idee-inhoud van gedigte. In die bespreking van carmina 109 en 76 is daar gewys op ideïstiese benaderings tot literatuurbestudering (kyk hoofstuk 6, punt 1 en hoofstuk 7, punt 3.3). In sodanige ondersoekte waar gefokus word op die idees wat in tekste voorgestalt word, is daar gewoonlik baie min klem op die gedigte as woordkunswerke. In die loop van hierdie studie is daar ook kennis gemaak met biografiese aanpakke. 'n Voorbeeld hiervan is Comfort se lesing van carmen 36 (kyk hoofstuk 9, punt 3.3). Ander lesers toon weer 'n belangstelling in psigologiese sake. Hier kan verwys word na Commager se opvatting oor skryf as "problem solving" en na Adler se psigoanalitiese lesing van carmen 76 (kyk hoofstuk 7, punt 3.2). Ander lesers toon weer 'n belangstelling in die gedigte as tekste waarin taal en sy moontlikhede ontgin word. In sodanige ondersoekte staan die soeke na tekspatrone, strukture en formele fasette (dit wat die "hoe" van die teks raak) dikwels op die voorgrond. Hierdie lys van belangstellings en toespitsings sou verder uitgebrei kon word. Wat egter ter sake is by 'n ondersoek van die faktore wat tot interpretasieverskille aanleiding gee, is die feit dat lesers die tekste met verskillende toespitsings lees, en dat daar nie slegs 'n enkele manier is waarop tekste bestudeer kan word nie. Die soort belangstelling wat die literator in die gedig toon, het dikwels belangrike invloed op die soort vrae wat hy oor of aan die teks stel. In die lig van die verskillende vraagstellings is verskille in resultate heeltemal te verwagte.

As daar eenstemmigheid sou bestaan oor wat die enigste tipe vrae is wat 'n literator oor 'n gedig mag of behoort te vra, en as daar konsensus sou wees oor watter metodes literatore in hul ondersoek moet gebruik en watter tipe bevindinge as "geldige resultate" van literêre ondersoek

aanvaar kan word, dan sou dit waarskynlik die aantal moontlike interpretasies van gedigte kon verminder. Aangesien daar egter geen wet van Meders en Perse oor hierdie aangeleenthede bestaan nie, en niks lesers verbied om tekste vanuit die hoek van hul eie keuse te lees nie, kan 'n mens nie al te eenduidige resultate in literatuurondersoek verwag nie.

Met hierdie opmerkings staan ons egter reeds op die drumpel van paradigmaverskille se rol in die uiteenlopendheid van interpretasies.

Voordat daar egter - na 'n diskussie van die rol wat raamkonstruksie speel - tot die bespreking daarvan oorgegaan word, moet opgemerk word dat hierdie uiteenlopendheid van belangstellings nie sonder meer as 'n belemmering in die proses van kennisverwerwing beskou moet word nie. Alhoewel dit eenduidigheid in interpretasie teenwerk, gee verskillende belangstellings en aanpakke aanleiding tot 'n verskeidenheid van ryk geskakeerde lesings. Groei in kennis hou dikwels verband met 'n veranderde tipe vraagstelling deur die literator. Terselfdertyd illustreer verskillende aanpakke iets van die kreatiwiteit wat met lees en kennisverwerwing gepaard gaan.

### 3.3.6 Raamkonstruksie

'n Verdere faktor wat tot uiteenlopende interpretasies van die gebedsgedigte aanleiding gee, is dat lesers die tekstuele inligting tuisbring binne verskillende rame. Dat sodanige rame 'n noodwendige en onvermydelike deel uitmaak van die proses van betekenis-konstruksie, word vandag in die meeste kringe nie betwis nie. In die leesproses assimileer die leser die (nuwe) teksinligting binne die raamwerk van skemas wat aan hom bekend is. So 'n raam funksioneer as 'n ordenende Gestalt wat aan die besonderhede 'n plek binne die geheel toeken en so die funksie daarvan bepaal.

Dit gebeur dikwels dat lesers hierdie rame as iets vanselfsprekend en "natuurlik" of voor-die-hand-liggend beskou. In die bespreking van *carmina* 2, 36 en 109 is daarop gewys hoe lesers sonder eksplisiete teksaanduidings sonder meer die figure in hierdie gedigte as Catullus en Lesbia identifiseer. Hieruit blyk dit dat lesers, anders as wat voorstanders van 'n outonومistiese benadering beweer, die teks nie "op sigself" bestudeer nie. Die feit dat lesers so eenstemmig is oor hierdie identifikasie en dat hulle dit nie beskou as iets wat enige beredenering nodig het nie, opper die vraag hoe lesers daarby uitkom. Dit wil my voorkom of hierdie identifikasie van figure wat nie tekstueel vermeld is nie, onder meer saamhang met die leser se vertrouetheid met ander gedigte van dieselfde skrywer. Waar 'n beduidende aantal van Catullus se gedigte sy liefdesverhouding met Lesbia as tema het, orden die leser, op grond van sy kennis van laasgenoemde tekste, gedigte soos *carmina* 2, 36 en 109 binne dieselfde raam in.

Dit is egter nie in alle gevalle so dat lesers dit eens is oor wat die toepaslike raam is waarbinne die teksinligting tuisgebring moet word nie. Dit is geïllustreer in die bespreking van *carmen* 36 waar sommige lesers die teksinligting binne die raam van 'n liefdestwis tussen Catullus en Lesbia inorden, terwyl Williams op sy beurt meen dat die gedig verstaan moet word binne die raam van Catullus se veilige terugkeer na 'n oorsese reis (kyk hoofstuk 9, punt 3.5.1 en 3.5.2). Die raam wat die leser kies, het 'n belangrike invloed op hoe die leser die gedig interpreteer.

In Catullusnavorsing word die probleme rondom die konstruksie van 'n toepaslike raam verder gekompliseer deur dispute of hierdie rame verband hou met historiese gebeurtenisse (soos in Comfort se lesing van carmen 36) al dan nie (soos in die lesing wat Buchheit aan die hand doen), iets wat weer eens verband hou met lesersparadigmas.

Hierbo is beweer dat raamkonstruksie onder meer saamhang met die leser se vertrouwdheid met ander tekste van dieselfde skrywer. Die saak word kompleks wanneer lesers by die bestudering van 'n gedig intertekstuele assosiasies met die werke van ander skrywers herken. Die beste voorbeeld van hoe intertekstuele verbande aanleiding kan gee tot 'n radikaal anderse interpretasie van 'n gedig, is te sien in die reeds bespreekte alternatiewe lesing van carmen 109 vanuit die hoek van die ooreenkomste daarvan met die teks van Terentius (kyk hoofstuk 6, punt 4.4).

Verder moet opgelet word dat lesers dit dikwels nie eens is oor die intertekste wat ter sake is by die interpretasie van 'n besondere gedig nie. Dit blyk uit die meningsverskille met betrekking tot die vraag watter intertekste ter sake is by die interpretasie van carmen 76 (kyk hoofstuk 7, punt 3.8).

Die kernvraag in hierdie verband is of die leser, wanneer hy by die lees van 'n teks eggo's of spore van ander tekste daarin ingeskryf sien, verplig is om die interteks by te haal in sy interpretasie van die gedig. 'n Verdere vraag wat in hierdie verband ontstaan, is of intertekstuele verbande slegs op een wyse interpreteerbaar is.

Die feit dat die byhaal van intertekstuele assosiasies by die interpretasie van 'n teks ingrypende betekenisverskuiwing tot gevolg kan hê, vestig opnuut die aandag op die rol van die leser in literêre interpretasie. Die leser se verwysingsraamwerk, wat opgebou is uit sy leeservaring van 'n wye verskeidenheid tekste, kan 'n besliste invloed hê op hoe hy tekste interpreteer. Verskille in lesers se leeservaring en vaardigheid is 'n faktor wat beslis 'n rol speel in die wyse waarop tekste geïnterpreteer word.

Sover dit die vraag aangaan of intertekstuele eggo's slegs op een wyse geïnterpreteer kan word, kan daar op grond van die bestudering van die resepsies van carmen 1 daarop gewys word dat intertekstuele verbande op meerdere wyses uitgelê kan word. Daar het dit geblyk dat Németh en Glood in hul interpretasies albei 'n beroep doen op die gedig se verwantskappe met carmen 49, maar dat hulle die intertekstuele verband heeltemal verskillend uitlê en aanwend as argument ten gunste van interpretasies wat ingrypend van mekaar verskil (kyk hoofstuk 10, punt 4.7).

Om op te som: wanneer dit moontlik is om verskillende rame te konstrueer waarbinne die teksgegevens ingeorden kan word en wanneer daar verskille is oor of en hoe intertekstuele assosiasies in interpretasie aangewend behoort te word, gee hierdie faktore aanleiding tot interpretasieverskille. Terselfdertyd werk hierdie faktore die bereiking van 'n enkele, onbetwisbare lesing van 'n teks teen. Dit dui daarop dat interpretasie minder bepaald en eksak kan wees as wat deur voorstanders van 'n enkele korrekte interpretasie voorgegee word.

### 3.3.7 Paradigmatiese faktore

'n Besonder belangrike faktor wat aanleiding gee tot interpretasieverskille, maar een wat gewoonlik nie die aandag kry wat dit verdien nie, is paradigmaterskille. Hierdie verskille hou verband met die implisiete of eksplisiete teoretiese raamwerke waarbinne lesers die literatuur bestudeer. Interpretasieverskille is dikwels die gevolg van 'n verskil in aannames onder literatore oor:

- wat literatuur (of in hierdie studie: 'n gedig) is
- wat die taak van die literator is en wat literatuurbestudering behels
- hoe presies die ondersoekveld afgebaken behoort te word
- watter data en argumente toelaatbaar is in literêre interpretasie
- watter metodes in die bestudering van die literatuur aangewend mag of aangewend behoort te word
- watter resultate kwalifiseer as geldige of aanvaarbare bevindinge in literatuurbestudering.

Hierdie paradigmaterskille is in verskeie van die gedigbesprekings uitgewys, in besonder in die bespreking van carmen 36. Dit is daarom nie nodig om hier weer in besonderhede daarop in te gaan nie. Wat wel vermelding verdien in 'n ondersoek oor die faktore wat aanleiding gee tot interpretasieverskille, is die volgende:

- Wanneer literatore verskillende opvattinge huldig oor wat literatuur "eintlik" of "wesentlik" is, moet dit niemand verras dat hulle literatuurbestudering verskillend aanpak en dat verskillende resultate uit sodanige ondersoeke voortvloei nie.
- Die literator se opvatting oor wat "literatuur" en "literatuurbestudering" is, speel 'n belangrike rol in hoe hy / sy die veld van ondersoek afbaken.
- Die teoretiese aannames wat die literator huldig, oefen 'n besliste invloed uit op die teoretiese kategorieë wat in die ondersoek gebruik word, en ook op die keuse van metodes en die dataseleksie.

In die afwesigheid van eenstemmigheid oor die teoretiese en metodologiese aannames waarbinne literêre ondersoek behoort plaas te vind, is uiteenlopende resultate heeltemal te verwagte.

Die vroeëre bespreking van lesersbelangstellings as faktor wat aanleiding gee tot uiteenlopende lesings, kan maklik die indruk wek dat 'n mens hier te doen het met 'n verskynsel wat suiwer 'n saak van die individuele voorkeur van die betrokke literator is. Dit sou egter 'n oorvereenvoudiging wees om die saak so te beskou, aangesien lesersbelangstelling en leesfokusse gewoonlik ten nouste saamhang met die paradigma waarbinne die literator sy ondersoek onderneem. So 'n paradigma is eerder 'n sosiale as 'n individuele verskynsel aangesien dit hier gaan om 'n stel opvattinge wat deur 'n groep wetenskaplikes gehuldig word oor hoe wetenskaplike ondersoek onderneem behoort te word. Literatore se opleiding en skoling speel gewoonlik 'n deurslaggewende rol in hoe hulle die ondersoekveld afbaken, watter probleme as geskik vir wetenskaplike ondersoek beskou word, die metodes wat in navorsing gebruik behoort

te word en die tipe resultate wat as aanvaarbaar beskou word binne die kring van navorsers wat in die betrokke vakgebied werksaam is. Kuhn (1973b:187) het pertinent die aandag gevestig op die belangrike rol van modelvoorbeelde in die opleiding van wetenskaplikes. Dit is na aanleiding hiervan dat navorsers 'n paradigma aanleer en later dikwels as vanselfsprekend aanvaar.

'n Paradigma kan vergelyk word met 'n bepaalde soort lens waardeur die wetenskaplike die verskynsel wat hy bestudeer, beskou. In sy bestudering van die literatuur is die literator dus nie besig met sogenaamde naakte feite nie, maar met "feite" binne raamwerk van teorieë. Dit hou in dat kennisvorming oor die literatuur nooit direk sonder die bemiddeling van voorveronderstellings geskied nie, maar dat dit altyd deur die lens van bepaalde preteoretiese of teoretiese opvattinge en met behulp van bepaalde metodes geskied.

In die lig hiervan is 'n ingesteldheid dat teorie iets oorbodig is en dat 'n mens maar net die teks moet lees, gewoon naïef en onaanvaarbaar in 'n wetenskaplike bestudering van die literatuur.

Terwyl die rol van paradigmatische faktore uitvoerig geïllustreer is in die bespreking van *carmen* 36, is dit egter interessant om daarop te let dat nie alle interpretasieverskille aan paradigmatische faktore toegeskryf kan word nie. Die verskillende resepsies van *carmen* 1 lewer getuienis hiervan, want, afgesien van enkele paradigmatische verskille met betrekking tot die toelaatbaarheid al dan nie van intertekstuele en kontekstuele argumente, bestudeer die meeste lesers hierdie teks met min of meer dieselfde vraagstelling, grootliks ooreenstemmende aannames en metodes, maar nogtans met uiteenlopende resultate (kyk hoofstuk 10, punt 5).

Terwyl dit betreklik eenvoudig is om in te sien dat lesersbelangstellings in 'n groot mate met paradigmaverskille verband hou, moet opgelet word dat ook raamkonstruksie nie heeltemal los hiervan staan nie. Die soort teorie wat die leser hanteer, oefen soms 'n invloed uit op die tipe raam waarbinne hy die teksinligting tuisbring. Dit kan byvoorbeeld geïllustreer word met verwysing na Comfort se lesing van *carmen* 36, waar sy opvatting oor die teks as dokument meebring dat hy die teksinligting tuisbring binne die raam van die historiese situasie wat daartoe aanleiding gegee het. Daar moet egter toegegee word dat verhouding tussen raamkonstruksie en teoretiese aannames nie so direk is as dié tussen lesersbelangstellings en die teoretiese paradigma nie.

In hoofstuk 2 is daar 'n algemene tipering gebied van neigings in die filologiese bestudering van die literatuur, en is die aandag gevestig op enkele paradigmas waarbinne die Klassieke literatuur dikwels bestudeer word. Op die verdienstes en gebreke van hierdie paradigmas sal daar in die bespreking van die geldigheidsvraagstuk ingegaan word (kyk punt 3.4.6). Hier is dit genoeg om te konstateer dat paradigmatische faktore uiters belangrik in die bewerkstelling van interpretasieverskille is.

### 3.3.8 Die strewende na oorspronklikheid; institusionele eise en kreatiwiteit

Dit wil voorkom of daar 'n korrelasie bestaan tussen die aantal (uiteenlopende) interpretasies van 'n gedig en die aantal literatore of navorsers wat hulle met die bestudering daarvan besig hou. Hoe meer outeurs daar

oor 'n teks geskryf het, hoe groter is die waarskynlikheid van meerdere en uiteenlopende interpretasies daarvan.

Literatoure wil oor die algemeen nie maar net herhaal wat reeds deur vroeëre navorsers gesê is nie. Waar daar in die bestudering van die Klassieke Romeinse poësie so 'n lang tradisie van reeds gelewerde resepsies is, is die probleem des te akuter.

Hierdie strewe na oorspronklikheid is nie slegs 'n persoonlike saak nie, maar het ook 'n sosiale, en spesifiek 'n institusionele kant. Hier kan verwys word na die eis wat binne akademiese verband geld dat 'n studie soos 'n proefskrif of 'n artikel 'n eie oorspronklike bydrae moet lewer.

Die feit dat die aantal interpretasies wat van 'n gedig gebied word, nou saamhang met die aantal persone wat daarvoor geskryf het, dui weer daarop dat die leser 'n belangrike rol in betekenis-konstruksie speel. Waar lesers se literêre "competence" verskil, waar hul verwysingsraamwerke nie dieselfde is nie en waar hul vraagstellings oor die literatuur verskil, moet verwag word dat die resultate van hul ondersoek sal verskil. Die aantal uiteenlopende lesings wat daar van tekste gebied word, is trouens 'n aanduiding van lesers se kreatiwiteit, iets wat ook in wetenskaplike kennisvorming 'n belangrike rol speel.

Tog is dit opvallend dat daar nie dieselfde graad van meningsverskille heers oor elk van die tekste wat in hierdie studie bespreek is nie. Die feit dat 'n gedig soos *carmen 34* soveel minder interpretasieverskille oplewer as die ander gedigte wat hier bespreek is, het waarskynlik daarmee te doen dat lesers dit eens is oor die raam waarbinne hierdie gedig gelees moet word ('n lofprysing aan 'n godheid) en dat daar geen aanduidings is van uitdrukkings wat as ambivalent gelees kan word nie. Terwyl daar by die bespreking van die faktore wat aanleiding gee tot interpretasieverskille heelwat klem gelê is op die leser se aandeel in die konstruering van verskillende betekenis, dui die waarneming oor *carmen 34* daarop dat die tipe teks wat bespreek word, nie buite rekening gelaat kan word nie.

#### 3.4 DIE BEPAALDESVRAAGSTUK IN LITERÊRE INTERPRETASIE, MET TOESPITING OP DIE GELDIGHEDSVRAAGSTUK

##### 3.4.1 Inleiding

Die bespreking wat hierop volg, het betrekking op die volgende vraagstukke:

- Kan 'n gedig op slegs een wyse korrek geïnterpreteer word, of is meerdere (selfs botsende) lesings daarvan moontlik?
- Watter kriteria vir "korrektheid" en "juistheid" kan voorgestel word?
- Kan die "korrektheid" van bepaalde interpretasies bewys word deur 'n beroep te doen op bepaalde tipes argumente?
- Moet daar gekies word vir of teen 'n objektivistiese wetenskapsbeskouing?

- Op watter van die waarheidsmodelle is die literator aangewese in die bereddering van uiteenlopende interpretasies?

Al hierdie vraagstukke hou verband met die vraag na die aard, doel en status van literêre interpretasie, waaroor daar later (punt 5) meer gesê sal word.

### 3.4.2 Werkwyse

Om bogenoemde vraagstukke aan te spreek, sal daar vervolgens aandag geskenk word aan:

- problematiese fasette in verband met die aanspraak op 'n korrekte interpretasie, met toespitsing op die konsep van selfontlediging
- 'n kritiese bespreking van die kriteria wat aangevoer word vir die beoordeling van die korrektheid van 'n interpretasie
- verskillende tipes literêre argumente, en hul begrensdeheid
- 'n kritiese bespreking van enkele gangbare paradigmas
- interpretasie en die waarheidsmodelle
- die onvergelykbaarheidsvraagstuk
- die vraag of daar van interpretasie afgestap moet word.

### 3.4.3 Problematiese fasette in verband met die aanspraak op 'n enkele korrekte interpretasie

Terwyl literêre interpretasie, soos ook in die formalistiese strewes van hierdie studie, gewoonlik gekenmerk word deur 'n strewes na presisie en bepaaldheid, wil dit voorkom of 'n aanspraak op 'n enkele, korrekte interpretasie van 'n gedig om verskillende redes problematies is.

'n Eerste faktor wat hierdie aanspraak problematies maak, is gewoon histories van aard. Wanneer die resepsiegeskiedenis van gedigte nagegaan word en die interpretasies van dieselfde gedig met mekaar vergelyk word, blyk dit dat selfs intensiewe bestudering van die gedigte nie 'n eenduidige interpretasie daarvan oplewer nie.

Alhoewel voorstanders van 'n enkele korrekte interpretasie hierdie historiese argument kwalik sou kon betwis, sou aangevoer kon word dat, alhoewel die resepsiegeskiedenis daarteen getuig, die bestaan van uiteenlopende interpretasies nie inhou dat 'n bepaalde een daarvan nie korrek, en die ander wat daarvan verskil, verkeerd is nie. Daar sou met ander woorde geargumenteer kon word dat 'n normatiewe vraagstuk soos die korrektheid van interpretasies nie bloot deskriptief gehanteer behoort te word nie.

Terwyl toegegee word dat die bestaan van uiteenlopende interpretasies nie uitsluit dat 'n bepaalde een daarvan nie korrek is nie, moet vervolgens gevra word na die kriteria wat vir korrektheid in interpretasie aan

die hand gedoen word. So 'n bespreking behoort sowel die waarheidsmodel wat hanteer word as spesifieke kriteria vir die beoordeling van die juistheid van spesifieke lesings te betrek.

Terwyl daar weldra aandag geskenk sal word aan 'n kritiese bespreking van spesifieke kriteria wat voorgestel word (kyk punt 3.4.4), wil dit voorkom of die huldiging van 'n korrespondensieteorie van waarheid nie 'n criterium bied om te onderskei tussen korrektheid en dwaling in interpretasie nie. Konkreet gestel: wanneer literatore A, B en C elk daarop aanspraak maak dat hul interpretasie van 'n gedig in ooreenstemming van die werklike feite van die saak is, maar hierdie interpretasies radikaal van mekaar verskil, bring die aanspraak op korrespondensie met die feite die navorsers nie nader aan die oplossing van die probleem nie. Die korrektheidsaanspraak moet dan verder beredeneer word deur 'n beroep te doen op verskillende tipes argumente (kyk verder punt 3.4.5).

Indien dit, soos hierbo aangevoer is, so is dat die faktore wat aanleiding tot interpretasieverskille gee hoofsaaklik op die kensubjek betrekking het (byvoorbeeld lesersbelangstellings, leesfokusse, raamkonstruksie, lesersparadigmas), dan lyk die bereiking van 'n enkele korrekte interpretasie nie haalbaar nie. Wanneer lesers werk met objeksbegrensings wat van mekaar verskil, en wanneer hulle verskillende oogmerke nastreef in die bestudering van die literatuur en verskillende metodes aanwend, is die bereiking van eenstemmigheid oor 'n enkele korrekte interpretasie 'n saak van onbegonnenheid.

Aanhangers van 'n enkele korrekte interpretasie is egter nie geneig daartoe om of besondere aandag te skenk aan faktore wat met die kensubjek verband hou of om besondere waarde aan sodanige faktore toe te ken nie. Hulle is eerder geneig daartoe om die antwoorde op interpretasieprobleme in die studie-objek as sodanig te soek. In die geval van die bestudering van 'n gedig, word die antwoorde dan gesoek in die teks self of in die faktore wat tot die teks aanleiding gegee het (kyk verder punt 3.4.4.1 en 3.4.4.2).

In lyn met so 'n objektivistiese wetenskapsbeskouing word van die veronderstelling uitgegaan dat die leser in staat is om die gedig op 'n objektiewe wyse te bestudeer. Om daarin te slaag, moet die leser homself ontleedig van sy eie voorveronderstellings en moet hy daarna streef om die gedig te respieer soos die destydse leser dit sou gedoen het. Kortom: in interpretasie moet daar volledig gekonformeer word aan die senderskode. David West (1967:141) tipeer sowel die ideaal as die onmoontlikheid om dit te realiseer goed, wanneer hy in verband met die lees van Horatius se *Epistulae* opmerk: "Through the haze of two millennia we have to repress all our contemporary preconceptions, to display an exhaustive philological and historical learning and still be able to feel like human beings. Clearly the task is impossible."

Die veronderstellings waarop so 'n objektivistiese leesstrategie berus, is egter onderworpe aan kritiek, sowel ten opsigte van die vraag of die selfontleding moontlik is om te bereik en of 'n poging om volledig te konformeer aan die horison van die destydse leser (1) moontlik is en (2) wenslik is.

Terwyl daar in so 'n benadering (heel verdienstelik) erns gemaak word met 'n poging om die senderskode te rekonstrueer, meen ek dat sowel

die ideaal van selfontleding as die poging om tekste te respieer soos die destydse leser nie haalbaar is nie.<sup>4</sup>

Indien dit so is dat kennisverwerwing oor die literatuur nie direk geskied nie, maar altyd deur die lens van bepaalde preteoretiese of teoretiese opvattinge en met behulp van bepaalde metodes, is dit moeilik om in te sien hoe die leser daartoe in staat kan wees om al sodanige voorveronderstellings sonder meer tussen hakies te plaas en op te hef. Om dit met 'n eenvoudige voorbeeld toe te lig: in die bestudering van die resepsies van Catullus se gebedsgedigte het dit meermale voorgekom dat literatoure hulle besig gehou het met die beskrywing van die struktuur of strukture van tekste. Die opvatting dat tekste se betekenis vasgestel kan word deur te let op die struktuur daarvan en deur na te gaan hoe die onderdeel in die geheel funksioneer, lewer egter blyke van die aanwending van 'n stuk teoretiese apparaat wat nie tot die beskikking van die lesers van die Eerste eeu voor Christus was nie. Indien 'n mens daarna sou streef om streng soos die destydse leser te respieer, sou daar van hierdie dikwels nuttige stuk teoretiese apparaat afstand gedoen moes word.

Aan die probleme wat daaraan verbonde is om soos 'n Romeinse leser te probeer lees, word dikwels lippediens bewys. Daar word eerstens daarop gewys dat die literator 'n literatuur probeer beskryf wat nie in sy eie moedertaal geskryf is nie, en wat hy in die oorgrote meerderheid van gevalle ook nie kan praat nie. Voorts word die aandag daarop gevestig dat die literatuur wat bestudeer word, ingebed is in 'n kultuur wat in belangrike opsigte van dié waarin die moderne leser leef, verskil. As oplossing hiervoor word dan aan die hand gedoen dat die leser hierdie probleme kan oorbrug deur deelike linguale en historiese ondersoek.

Terwyl toegegee word dat die senderskode belangrik is en dat 'n gebrekkige kennis daarvan tot swak resultate aanleiding kan gee (kyk byvoorbeeld hoofstuk 7, punt 3.6), word die standpunt gehuldig dat die moderne leser nie in staat daartoe is om presies dieselfde kompetensie as destydse lesers te ontwikkel nie. Hier kan byvoorbeeld daarop gewys word dat die destydse Romeinse leser kennis sou gedra het van tersaaklike intertekste wat nie vir die moderne leser toeganklik is nie, omdat daardie werke vir ons verlore gegaan het. Dit sou beskou kon word as 'n belangrike leemte in die moderne leser se kennis en sy bevoegdheid om die destydse kulturele (en spesifiek literêre) konteks van 'n gedig te rekonstrueer. Van die meeste van die geskrifte van Catullus se mededigters, die *poetae novi*, het byvoorbeeld omtrent niks vir ons behoue gebly nie, en ook ons kennis van die geskrifte van die digters van Alexandrië is baie fragmentaries in vergelyking met die kennis waaroor die belese tydgenootlike Romeinse leser sou beskik. Voorts wil dit my voorkom of die moderne leser se kennis van die destydse kulturele konteks, wat hy verwerf deur bestudering van die Klassieke kultuur, meer akademies van aard sal wees as dié van die Romeinse leser wat in daardie tydperk geleef het.

<sup>4</sup> Hiermee word nie uitgesluit dat die navorser, waar getuie is oor die destydse resepsie behoue gebly het, kan ondersoek instel na hoe die teks in sy ontstaanskonteks gelees is nie.

'n Volgende vraag is of dit inderdaad wenslik is dat die moderne leser (die onmoontlike) moet probeer om presies soos die (reeds veralgemeende) Romeinse leser te lees. Russell (1981:1) som die dilemma waarvoor die moderne leser te staan kom, goed op wanneer hy met betrekking tot die uitsprake van die kritici van die Oudheid opmerk: "We find them often inadequate and unsatisfactory if we compare them to our own responses to the same texts. But at the same time we cannot help reasoning that the Greeks and the Romans must after all know best, since the language and culture were their own." Terwyl Russell in sy studie aantoon dat kennis van die destydse literêre teorie en beskrywingsmetodes dikwels aan die moderne leser nuttige insigte bied, meen hy tog - en myns insiens tereg - dat die destydse teoretiese apparaat nie daartoe in staat is om 'n toereikende beskrywing en verklaring van die literatuur van die Oudheid te bied nie. Ook Winterbottom (1982:33) is 'n soortgelyke mening toegedaan: "In the Roman world, academics, or their nearest equivalents, practised on literature something that they called kritike (iudicium 'judgement'), but at an infinitely lower level of sophistication than has now been reached."

Afgesien daarvan dat die moderne leser oor 'n veel gesofistikeerder teoretiese apparaat beskik om tekste te analiseer en insig te verwerf in die werking van literêre prosesse, wys Kenney (1982:30) daarop dat die moderne lesers ook in ander opsigte in 'n voordeliger posisie as die destydse leser verkeer. Hieronder reken hy 'n hanteerbaarder boek-formaat, die feit dat die moderne leser waarskynlik oor betroubaarder tekste beskik, en dat hy goeie woordeboeke, kommentare, sekondêre studies en biblioteke tot sy beskikking het.

Quinn (1973:382) waarsku dan ook teen 'n oorbeklemtone van die tydsgaping: "We have to free ourselves from a special kind of scholarly guilt complex which makes us too ready to assume that two thousand years' separation in time from the poet place us in so specially underprivileged a category of reader, we are in danger of being shut off irreparably from the experience the poem has to offer."

Terwyl die moderne leser dus in sommige opsigte in 'n swakker en in ander weer in 'n beter posisie is om die destydse literatuur te interpreteer, moet verder in gedagte gehou word dat ook die destydse leser nie maar net tekste gelees en bestudeer het nie, maar dat ook hy die literatuur gelees en geïnterpreteer het binne die raamwerk van bepaalde preteoretiese of teoretiese opvattinge en aannames. Wanneer die kritiese apparaat van destyds vergelyk word met die teoretiese apparaat wat tot die moderne leser se beskikking is, kan die vraag met reg gestel word of die destydse leser se grondiger kennis van die taal en kulturele konteks heeltemal opweeg teen die nadele van die teoretiese apparaat wat tot hulle beskikking was.

Wat in 'n bespreking van die problematiese fasette van die aanspraak op een korrekte interpretasie ter sake is, is dat hierdeur geïllustreer word dat ook die lees en die interpretasie van tekste 'n historiese aangeleentheid is. Die interpretasie van literatuur hou verband met die teoretiese apparaat wat vir die leser beskikbaar is, en sodanige teoretiese apparaat is self nie iets ahistories nie.

In die lig hiervan wil dit my voorkom of die betekenis van 'n teks nie maar iets is wat vir eens en vir altyd in 'n teks opgesluit is deur die outeur nie, maar dat dit tot stand kom in 'n komplekse dialektiek tussen

die leser, sy aannames, teoretiese opvattinge, vraagstelling en metodes en die "objek" waarmee hy hom (op grond van 'n bepaalde terreinafbakening) besig hou. Ook Hans Robert Jauss (1977:268), een van die grondvesters van die Resepsie-estetika, het in sy bespreking van die verhouding tussen geskiedenis en kuns daarop gewys dat die betekenis van 'n werk nie begrens word deur die beperkte horison van die eerste konkretisering daarvan nie. Met hierdie opmerkings word die belangrikheid van die uitsprake van destydse critici nie geringgeskat nie, aangesien dit belangrike insigte bied in die vroeë resepsie van die tekste, maar word wel beweer dat die destydse resepsie nie in beginsel voorrang geniet bo die hedendaagse resepsie daarvan, omdat dit tydgenootlik is en binne dieselfde kulturele konteks van destyds geskied het of bloot omdat dit ouer is nie. Terselfdertyd moet 'n mens in gedagte hou dat nie net die destydse leser "a prisoner of his own age" was nie, maar dat ook die hedendaagse leser se resepsie van tekste histories gesitueer is en dat die wyse waarop hy dit resipeer onder meer gerig word deur sy eie teoretiese aannames.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die aanspraak op 'n enkele korrekte interpretasie problematies is omdat daar in die "interpretative community" wat hulle besig hou met die bestudering van die Klassieke literatuur, nie eenstemmigheid bestaan oor die kriteria wat vir korrektheid in interpretasie behoort te geld nie.

#### 3.4.4 Bespreking van die kriteria wat aangevoer word vir 'n korrekte interpretasie

Van die kriteria wat voorgestel word vir die korrektheid van 'n interpretasie is die mees algemene dat 'n interpretasie juis is as dit (a) ooreenstem met die bedoeling van die outeur of (b) ooreenstem met die strekking of bedoeling van die teks.

Verre daarvan dat die leser homself moet ontledig van sy aannames om te verstaan, bied sodanige aannames of vooroordele die beginpunt vir kennisvorming. Gadamer (1967b:106) stel dit onomwonde, wanneer hy in verband met vooroordele sê: "Sie sind Voreingenommenheiten unserer Weltoffenheit", of, soos dit nog aforistieser gestel word in die geoutoriseerde Engelse vertaling: "Prejudices are the biases of our openness to the world." (1977:9). Ook Culler neem 'n soortgelyke standpunt in: "To read a text as literature is not to make one's mind a tabula rasa and approach it without preconceptions; one must bring to it an implicit understanding of the operations of literary discourse that tells one what to look for."

##### 3.4.4.1 Outeursbedoeling

Terwyl daar, onder meer onder die invloed van die New Critics, in die Twintigste eeu grootliks afstand gedoen is van die konsep van outeursbedoeling, en terwyl die outeur deur sommige Strukturaliste dood verklaar is (kyk Selden, 1985:52), word daar in die bestudering van die Klassieke literatuur nog dikwels met die konsep van outeursbedoeling gewerk.

Hierdie kriterium is myns insiens nie van veel nut in die beoordeling van die juistheid van 'n interpretasie nie. In die eerste plek is dit vir 'n Twintigste-eeuse leser onmoontlik om 'n kontroleerbare uitspraak te maak oor wat presies die outeur se bedoeling met die skryf van 'n bepaalde teks was. Die opvatting oor die outeur se bedoeling word gewoon afgelees uit die teks. Hier is dus aanduidings van 'n sirkelredenasie. Wanneer daar dispuut heers oor die betekenis van 'n teks, maak die literator aanspraak op die korrektheid van sy interpretasie op grond daarvan dat dit in ooreenstemming met die bedoeling van die outeur is. Dit wat in dispuut is, naamlik wat die teks beteken, word besleg op grond van 'n onkontroleerbare toeëiening van die standpunt van die outeur deur die literator. Dat hierdie ponering van outersbedoeling 'n konstruksie van die leser is, word nie gesien nie.

Afgesien van die onkontroleerbaarheid daarvan en die sirkelredenasie, kan verder gestel word dat dit 'n hoogs debatteerbare punt is of die betekenis van 'n teks begrens kan word deur wat die outeur daarmee bedoel het. Daar is voorbeelde van outeurs se uitsprake oor die betekenis van hul eie werk, wat baie enger is as die betekenis en reikwydte van die werk wat deur ander lesers aangetoon is. Voorts veronderstel die konsep van outeursbedoeling dat die outeur heel bewustelik 'n bepaalde intensie in die gedig vergestalt het. Of so 'n werkwyse eie is aan die poësie, is eweneens 'n ope vraag.<sup>9</sup>

Die vroeër bespreekte strewes daarna om tekste te respieer soos die eerste Romeinse lesers dit (vermoedelik) sou gedoen het (kyk punt 3.4.3), is eintlik maar 'n variasie op die tema van outeursbedoeling, maar nou net geformuleer in terme van die leser.

Ook van die kant van filosowe word die opvatting dat die betekenis van 'n teks beperk kan word tot die mens auctoris baie sterk bevraagteken. Gadamer (1960:280) stel dit soos volg: "Der wirkliche Sinn eines Textes, wie er den Interpreten anspricht, hängt eben nicht von dem Okkasionellen ab, das der Verfasser und sein ursprüngliches Publikum darstellen. Er geht zum mindesten nicht darin auf. ... Nicht nur gelegentlich, sondern immer übertrifft der Sinn eines Textes seinen Autor."

Waarop Gadamer dus die aandag vestig, is dat interpretasie 'n dialektiese proses is,<sup>10</sup> terwyl die kriterium van outeursbedoeling dit as iets nie-dialekties voorhou.

#### 3.4.4.2 Teksbedoeling of -strekking

Juis vanweë die onkontroleerbaarheid van outeursbedoeling as kriterium vir die vasstelling van die korrektheid van 'n interpretasie, maak

<sup>9</sup> Daar word vertel dat die Franse digter, Mallarme, een van sy gedigte aan 'n vriend gestuur het met die opmerking: "Ek het 'n gedig geskryf, sê vir my wat dit beteken." Alhoewel daar nie hieruit afgelei kan word dat alle digters onbewustelik sonder duidelike intensie skryf nie, relatiewe dit die kritiese konsep van outeursbedoeling.

<sup>10</sup> Hierdie dialektiek raak volgens Gadamer nie net die kensubjek en die kenobjek, of die hede en die verlede nie, maar is iets wat plaasvind binne die geskiedenis en die tradisie (kyk Linge, 1977: xxvi).

literatore eerder daarop aanspraak dat hul interpretasie in ooreenstemming met die bedoeling of strekking van die teks is. Hierdie kriterium gaan dikwels gepaard met 'n opvatting dat die strekking van 'n teks af te lees is uit die struktuur daarvan. Die radikaalste wat ek dit formuleer gevind het, is in 'n uitspraak van Bodoh (1974:339 n.2), waar hy in sy afwysing van 'n standpunt van Moritz oor die struktuur van carmen 76, apodikties stel: "... the first law of criticism is to obey the text ..."

Terwyl die kriterium van ooreenstemming met die strekking van die teks in 'n sekere sin kontroleerbaarder is as die maatstaf van outeursbedoeling, aangesien interpretatiewe uitsprake met die teks in verband gebring word, is ook hierdie kriterium beslis nie sonder problematiese fasette nie.

Indien dit so is dat struktuurargumente aan bepaalde beperkinge onderhewig is, soos wat in die bespekings van carmina 36 en 1 aangevoer is (kyk hoofstuk 9, punt 5.2.3.3 en hoofstuk 10, punt 4.6 in sy geheel), dan blyk dit dat strukture nie sonder meer as objekskemerke beskou kan word nie, en dat lesers, op grond van die seleksie van bepaalde parameters, verskillende strukture kan blootlé. Indien strukture dus as konstrakte beskou moet word, en daar nie 'n direkte verband tussen struktuur en betekenis aangetoon kan word nie, is die vasstelling van die strekking van 'n teks op grond van die struktuur daarvan nie so kontroleerbaar en eenduidig as wat dit met die eerste oogopslag mag lyk nie.

#### 3.4.4.3 Ander kriteria

In die bespreking van carmen 36 is daar, as aanloop tot die kritiese beoordeling van die verskillende resepsies van hierdie gedig, gepoog om 'n aantal kriteria voor te stel waaraan die verskillende interpretasies gemeet kan word (kyk hoofstuk 9, punt 5.4). Terwyl die kriteria wat aan die hand gedoen is, myns insiens geraffineerder is as sowel die kriteria van outeursbedoeling as teksbedoeling, is tog bevind dat daardie kriteria nie onproblematies is nie, en dat dit gewis ook nie objektief, neutraal en waardevry is nie, aangesien sommige van die geponeerde kriteria duidelik voortvloei uit 'n bepaalde wetenskaps- en literatuuropvatting. Verder moet opgemerk word dat dit in die kritiese bespreking van die resepsies van carmen 36 nie soseer oor die korrektheid al dan nie van die verskillende interpretasies gegaan het nie, maar eerder oor die insiggewendheid daarvan.

In die lig van die problematiese fasette verbonde aan die kriteria van outeurs- en teksbedoeling sal in die latere bespreking voorgestel word dat die resultate van literêre ondersoek relasioneel verstaan en pragmaties beoordeel moet word (kyk punt 3.4.7). Voordat dit egter gedoen word, sal daar eers ingegaan word op die beperkinge waaraan verskillende tipes argumente onderhewig is.

#### 3.4.5 Argumente in literêre bewysvoering

In die loop van hierdie studie het dit geblyk dat literatore verskillende tipes argumente in literêre bewysvoering aanvoer. Die vernaamste hiervan is argumente wat 'n beroep doen op die struktuur of strukture van die teks, op kontekstuele gegewens, op intertekstuele verbande, op die konvensies van bepaalde tekstipes, op tekskritiese aangeleenthede,

en soms ook argumente gebaseer op psigologiese oorwegings. Veral in die bespreking van *carmen 1* is daar in besonderhede aandag geskenk aan hoe literêre argumentasie inmeekaarsteek. Wat uit daardie bespreking geblyk het, is dat al hierdie tipe argumente aan beperkinge onderhewig is en dat selfs besonder intensiewe analise nie die juistheid van 'n bepaalde interpretasie kan waarborg nie. Dit het geblyk dat die tipes argumente wat aangevoer word, verband hou met die literator se literatuuropvatting, sy terreinafbakening, raamkonstruksie, dataseleksie en sy daarmee verbandhoudende keuse van ondersoekmetodes. Wat opvallend en onverwags was, was dat dit geblyk het dat literatore - anders as in die geval van *carmen 36* - tot radikaal uiteenlopende bevindings geraak, terwyl hul argumentasie-strategieë op 'n dieperliggende niveau groot ooreenkomste vertoon (kyk hoofstuk 10, punt 4.6.7.1 en 5).

### 3.4.6 Kritiese bespreking van paradigmas

Hierdie opmerkings oor die inkonklusiwiteit van 'n wye reeks argumente, sluit egter nie uit dat hierdie outeur 'n voorkeur vir bepaalde wyses van literêre argumentasie het nie. Ter motivering van hierdie voorkeur word 'n beroep gedoen op die ervaring van die leser by die kennismaking met verskillende interpretasies van 'n gedig. Dit gebeur dikwels dat die literator by die nalees van 'n interpretasie, so 'n lesing as insiggewend of oninsiggewend ervaar. Dit wil voorkom of sommige interpretasies boeiender en produktiewer as ander is. In die geval van produktiewe lesings ervaar die literator dat sy kennis oor die gedig uitgebrei word.

Om hierdie voorkeur vir bepaalde interpretasies nie net op 'n intuïtiewe vlak te hanteer nie, word daar vervolgens oorgegaan tot 'n kritiese bespreking van bepaalde paradigmas waarbinne die bestudering van die Klassieke literatuur dikwels onderneem word. In die uiteensetting wat hierop volg, sal aandag geskenk word aan 'n evaluering van hierdie paradigmas. In hierdie bespreking sal aangesluit word by die uiteensetting wat vroeër gebied is oor die beskouings van die literêre werk as dokument, monument en tekensisteem vir die leser (kyk hoofstuk 2, punt 9).

#### 3.4.6.1 Genetiese aanpakke: die teks as dokument

Die genetiese benadering tot literatuurstudie, ingevolge waarvan die teks as 'n dokument van die skrywer of 'n tydperk bestudeer word, word nie deur my hoog aangeslaan nie. Ooreenkomstig hierdie aanpak word 'n teks "verklaar" wanneer die leser insig verkry in die agtergrondsfaktore wat dit veroorsaak het. Die teks word dus gewoon verstaan as die produk van 'n bepaalde historiese situasie. Hierdie argumentasiewyse is die duidelikste geïllustreer deur die uiteensetting van die wyse waarop Comfort (kyk hoofstuk 9, punt 3.3) *carmen 36* geïnterpreteer het, maar kan ook, alhoewel in 'n heelwat geraffineerder gedaante, bemark word in Goold se bespreking van *carmen 1* (kyk hoofstuk 10, punt 4.8). Ten opsigte van Goold se lesing moet egter opgemerk word dat die kontekstuele getuieis hoegenaamd nie al is waarop hy hom in sy lesing beroep het nie.

Die vernaamste besware wat teen hierdie benadering van literatuurbestudering ingebring kan word, kan soos volg saamgevat word. Die rekonstruksie van die historiese situasie wat aanleiding tot die voortbrenging van 'n bepaalde teks gegee het, berus in die meeste gevalle op konjektuur. Aangesien die teks verklaar word as die produk / uit-

loper / gevolg van 'n bepaalde historiese situasie of gebeurtenis, word hier geopereer met 'n opvatting dat iets korrek of waar is indien dit histories plaasgevind het. Waarheid is hiervolgens gewoon historiese waarheid. In die bespreking van Comfort se lesing van carmen 36 is aangevoer dat so 'n (heel verbeeldingryke) rekonstruksie van 'n aanleidende oorsaak in die historiese konteks gerelativeer word, indien daar 'n alternatiewe "oorsaak" voorgestel kan word aan die hand waarvan die ontstaan van die gedig "verklar" kan word (kyk hoofstuk 9, punt 5.4.3).

'n Groot gebrek in so 'n aanpak waar die teks uit sy ontstaanskonteks verklar word, is die feit dat daar ingevolge hierdie benadering bitter weinig en selfs glad nie aandag geskenk word aan die gedig as 'n literêre teks waarin die moontlikhede van taal ontgin word nie. Die belangrikheid van vormlike aangeleenthede word ondergeskik gestel aan die idee- of konsepsuele inhoud van gedigte. Omdat tekste hiervolgens vanuit hul agtergronde verklar word, word in sodanige ondersoeke weinig aandag geskenk aan die beginsels waarop die werking van die gedig berus. Alhoewel opvattinge oor die "insiggewendheid" en "interessantheid" van bepaalde interpretasies sal verskil, onder meer op grond van die literaturopvatting wat literatoure huldig, en dit in daardie opsig subjektief van aard is, is dit waarskynlik een van kriteria wat die sinvolste in die bestudering van die Klassieke literatuur is, veral in die lig van die afstanddoening van 'n korrespondensieteorie van waarheid.

Die kritiek wat hierbo uitgespreek is, impliseer hoegenaamd nie dat die leser se kennis oor die historiese en literêre-historiese konteks nie besonder nuttig kan wees in die bestudering van die literatuur nie. Waarteen daar wel bedenkinge uitgespreek word, is die simplistiese en deterministiese oorsaak-gevolg model waarbinne literatuurbestudering hiervolgens aangepak word. So 'n deterministiese aanpak het geen oog daarvoor dat digters daartoe in staat is om bepaalde gegewens kreatief te transformeer nie.

Om saam te vat: alhoewel 'n historiese benadering, veral onder invloed van die New Critics, in die werk van baie literatoure op die agtergrond geskuif is, is en bly die verhouding van die literatuur tot sy konteks (sowel dié waarin dit ontstaan het as dié waarin dit gelees word) en die geskiedenis 'n belangrike opgaaf vir literatuurbestudering.<sup>11</sup> Culler (1981:13) beweer dan ook dat daar op die oomblik 'n groot behoefte aan "the reinvention of literary history" is. Ook wat Catullusnavorsing betref, sou dit nuttig kon wees, maar dan op 'n heel ander wyse as in die resepsies wat in hierdie studie bespreek is.

### 3.4.6.2 Die teks as monument

In vergelyking met die teks-as-dokument benadering word die teks-as-monument model - met sekere belangrike kwalifikasies - positiewer geëvalueer. Dit is, met inagneming van die voorbehoude wat hierbo gestel is (kyk punt 3.4.4.2), kontroleerbaarder as sogenaamde historiese oorsake, en lewer eksakter resultate op. Daarbenewens toon dit groter sensitiwiteit vir die talige aard van literatuur en bevorder hierdie bena-

<sup>11</sup> In die werk van Marxistiese literatoure staan hierdie vraag byvoorbeeld vandag steeds in die middelpunt van hul belangstelling.

dering 'n intensiewe lees van die teks. Alhoewel dit nie altyd die geval is nie, word daar in hierdie model soms gepoog om die werking van die gedig toe te lig. 'n Verdere positiewe oorweging wat hier vermeld moet word, is dat so 'n benadering waarin die gestruktureerdheid en vormlike sofistikasie van 'n gedig op die voorgrond gestel word, goed aanpas by wat ons van die novi poetae en Aleksandrynse digters se poëtika weet.

Hierdie positiewer evaluering moet egter getemper word deur belangrike voorbehoude te stel. Waar dit in die teks-as-monument benadering daarom gaan om die harmonie, afgerondheid en gestileerdheid van tekste as organiese gehele uit te wys, word daar feitlik deurgaans sterk klem gelê op die gestruktureerdheid van die tekste, en word die mening gehuldig dat die betekenis van 'n teks nou verweef is met die vorm daarvan.

In hierdie studie is daar egter gepoog om aan te toon dat die struktuurbeskrywing van 'n teks nie outomaties lei tot 'n eenduidige vasstelling van die betekenis daarvan nie. Die gebreke van struktuurargumente het veral in die bespreking van carmen 1 aan die orde gekom (kyk hoofstuk 10, punt 4.6). Daar is onder meer daarop gewys dat struktuurbeskrywing berus op die parameters wat daarvoor gekies word. Vanweë die kompleksiteit van taal kan 'n veelheid van strukture aangetoon word, wat mekaar nie altyd bevestig nie. Struktuurbeskrywing berus dus op die aanwending van bepaalde seleksiekriteria, en sodanige seleksiekriteria word deur die leser aangelê. Hieruit vloei voort dat strukture nie sonder meer as loutere objekskemerke beskou kan word nie, alhoewel al hierdie strukture wel "in die teks" aangetoon kan word. Culler (1975:130-131) neem die volgende standpunt in hierdie verband in: "We ... tend to think of meaning and structure as properties of the text, and from one point of view this is perfectly correct: when the sequence of words is treated as a literary work it has these properties. But that qualification suggests the relevance and importance of the linguistic analogy. The work has structure and meaning because it is read in a particular way, because these potential properties, latent in the object itself, are actualized by the theory of discourse applied in the act of reading."

Voorts is aangetoon dat struktuurargumente teleologies van aard is. Op grond hiervan blyk dit dat kennisvorming oor die literatuur nie altyd die netjiese paadjie vanaf analise en beskrywing na interpretasie volg nie, maar dat lesers se opvatting oor die geheel hul analise van die besonderhede beïnvloed.

Die teks-as-monument benadering gaan dikwels gepaard met 'n opvatting oor die outonomie van die teks en die standpunt dat tekste outosemanties is. Hierdie opvatting oor die sogenaamde outonomie van tekste word glad nie deur my gedeel nie. Veral die kanon dat tekste "op sigself" bestudeer moet word, blyk onhaalbaar te wees. In die bespreking van carmen 36 as gebedsparodie is daar byvoorbeeld aangetoon dat 'n parodiërende teks, wanneer dit "op sigself" bestudeer word, nie eers as 'n parodiërende teks herken kan word nie, aangesien sodanige herkenning berus op die leser se inverbandbrenging van die teks met óf 'n sjabloon óf met die leser se opvatting oor die normale konvensies wat vir sodanige tekste geld (kyk hoofstuk 9, punt 4.2). Maar dit is myns insiens nie net die geval ten opsigte van parodiërende gedigte nie, maar ook ten opsigte van die literatuur oor die algemeen. Vir die lees en interpretasie van tekste geld daar bepaalde voorwaardes, in besonder die kennis van die taalkode, wat

iets sosiaal van aard is. Dit sny die opvatting van outosemantiese tekste by die wortel af.

Die feit dat ook paslikheids- en funksionaliteitsargumente nie as finale arbiters kan optree in die beslegting van interpretasievraagstukke nie, relatiewe ook in 'n sekere sin die teks-as-monument model, met sy kenmerkende soeke na die uitwysing van die teksonderdeel se plek en funksie in die teksgeheel.

Daar moet ook in gedagte gehou word dat struktuurbeskrywing dikwels gepaard gaan met die opstelling van bepaalde hiërgargieë en dat sodanige hiërgargieë omkeerbaar is. Dit is byvoorbeeld geïllustreer deur die vorm-georiënteerde parodiërende lesing van *carmen* 36, waar Buchheit se hiërgargisering van temas in die vorm-georiënteerde lesing omgekeer is. Ook in *carmen* 2 met sy aanduidings van sowel spel as somber elemente, is lesers geneig om of aan die spelelement of aan die aanduidings van somberheid voorrang te verleen, en om of die een of die ander as die dominante lyn te beskou en die ander ondergeskik daaraan te maak.

Laastens moet daarop gelet word dat hierdie benadering aanleiding gee tot 'n atomistiese aanpak waarvolgens die enkelteks as 'n soort diggeweefde en in-sigself-geslote kokon bestudeer word. Dit het dikwels daartoe aanleiding gegee dat die teks se verhouding tot ander tekste en tot (die "tekste" van) die geskiedenis en die kultuur op die agtergrond verdwyn het.

Hieruit blyk dit dat ook die teks-as-monument benadering aan besliste beperkinge onderhewig is. Hierdie kritiese opmerkings is nie bedoel om die soeke na strukture en die naspeuring van tekssegmente se verhouding tot die teksgeheel as iets ononens en nutteloos voor te stel nie. Dit is in hierdie verband nuttig om op te let dat selfs Hirsch (1976:50), wat 'n sterk teenstander is van die standpunt dat daar 'n direkte verband tussen die vorm en inhoud van 'n taaluiting bestaan en wat hom verset teen "the false methodological optimism that seeks in stylistic analysis a reliable system of interpretation", nie ontken dat stilistiese ondersoek nuttig en geldig kan wees in literêre ondersoek nie.

Vandaar ook die skatpligtigheid van hierdie studie aan gedetailleerde struktuurbeskrywing en stilistiese ondersoek, ten spyte daarvan dat ek sommige van die kernuitgangspunte van die teks-as-monument model nie onderskrif nie.

### 3.4.6.3 Die teks as tekensisteem vir die leser

Die benadering ingevolge waarvan die teks as 'n tekensisteem vir die leser opgeneem word, het tot dusver nie veel neerslag gevind in Catullusnavorsing nie, alhoewel daar enkele werke verskyn het wat die moontlikhede wat 'n resepsie-estetiese benadering vir die bestudering van die Klassieke literatuur inhou, aan die orde gestel het (kyk hoofstuk 2, punt 8.2). Wat Catullusnavorsing betref, is daar egter tot dusver hoofsaaklik gewerk met 'n outeurs- of konteksestetika (volgens die model van die teks as dokument) of met 'n teksestetika (volgens die model van die teks as monument).

Dit wil my voorkom of so 'n benadering tot literatuurstudie verkiesliker is as die teks-as-dokument en die teks-as-monument aanpakke. Wat verdienstelik daaraan is, is onder meer dat daar daarin groter aandag

geskenk word aan die rol van die leser in betekenis-konstruksie, en dat die bydrae van die leser nie gereëger word tot 'n versweë voorveronderstelling, of - soos in die geval van diegene wat voorstanders is van die leser se ontlediging van sy eie voorveronderstellings - as iets wat as 'n belemmering ervaar word wat oorbrug moet word nie. In beginsel open so 'n benadering ook die weg vir 'n meer refleksiewe benadering tot literatuurstudie, waarin die nodige aandag geskenk word aan die rol wat die leser se teoretiese aannames in die beoefening van literêr-wetenskaplike ondersoek speel, en in die resultate wat met behulp daarvan verkry word. Hierdie aanpak toon groter sensitiviteit vir die historiesiteit van die leeshandeling self. Daarbenewens maak dit erns met die vasstelling van die senders- en periodecodes, en word daar rekening gehou met die invloed van genrekonvensies.

In 'n benadering waarin daar erkenning verleen word aan die rol van die leser in betekenis-konstruksie, word die moontlikheid ook geopen vir resepsiehistoriese ondersoek en 'n komparatiewe werkwyse.

### 3.4.7 Waarheidsmodelle

'n Bespreking van die vraagstuk van bepaaldheid in literêre interpretasie, en van die daarmee verbandhoudende geldigheidsvraagstuk, verg ook dat daar standpunt ingeneem word oor die waarheidsmodel waarop die literator aangewese is in sy beoordeling van die resultate van literêre ondersoek.

Die standpunt wat met betrekking tot bepaaldheid en onbepaaldheid in literêre interpretasie ingeneem word, is enersyds dat die lees en interpretasie van tekste nie 'n vrye spel is nie, aangesien hierdie handeling bepaalde kennis en vaardighede by die leser voorveronderstel. Andersyds word aanvaar dat meerdere lesings van 'n gedig moontlik is en dat selfs noukeurige linguistiese, literêre en kontekstuele ondersoek nie daartoe in staat is om die betekenis van 'n gedig tot 'n enkele korrekte interpretasie te begrens nie.

Terwyl daar dus enersyds aanvaar word dat die verhouding tussen die interpretasie as metateks en die gedig onder bespreking nie willekeurig is nie en andersyds nie hoogs bepaald is nie, word voorgestel dat interpretasies relasioneel tot die teoretiese kader waarbinne dit onderneem word, beoordeel moet word. Dit hou in dat die resultate van literêre ondersoek beoordeel moet word in samehang met die teoretiese aannames wat daaraan ten grondslag lê en met inagneming van die metodes wat in die loop van die ondersoek gebruik is. In so 'n beoordeling word nagegaan of die interpretatiewe uitsprake moontlik is binne die skopus van die teoretiese aannames waarvan daar in die ondersoek uitgegaan is en of daar nie innerlike teenspraak daartussen voorkom nie.

Terwyl die opvatting dat waarheid bestaan in 'n ooreenstemming tussen uitspraak en feit baie aanloklik en - volgens Woolley (1976:125) - amper so voor-die-hand-liggend is dat dit moeilik is om te sien hoe iemand dit sou kon betwyfel, word tog gemeen dat so 'n korrespondensieteorie om die redes wat vroeër genoem is, van weinig nut is om te onderskei tussen die juistheid van kompeterende lesings van 'n gedig. Daarenteen verken 'n koherensiemodel wel beter waarom tekste op uiteenlopende wyses gelees word. Omdat waarheid hiervolgens beoordeel word aan die hand van die samehang tussen 'n reeks uitsprake wat as juis of korrek aanvaar

word, moet egter daarop gelet word dat so 'n model nie die korrektheid van 'n uitspraak kan "bewys" nie. Dit is so omdat daar verskillende en uiteenlopende stelle koherente uitsprake gemaak kan word, afhangende van onder meer die teorie wat hanteer word. Daarom voorgestel dat interpretasies beoordeel moet word ten opsigte van hul interessantheid en insiggewendheid. Die invoering van so 'n pragmatiese kriterium word nodig geag omdat dit geblyk het dat sommige lesings, soos byvoorbeeld Comfort se interpretasie van carmen 36 (kyk hoofstuk 9, punt 3.3), wel koherensie vertoon, maar nogtans as oninteressant en oninsiggewend er-vaar word.

'n Pragmatiese waarheidsbeskouing is self nie sonder sy problematiese kante nie. Dit is enersyds so omdat opvattinge oor wat "insiggewend" en "interessant" is van leser tot leser kan verskil. Terwyl dit moontlik is om konsepte soos "insiggewendheid" en "interessantheid" oor te vertaal in minder subjektiewe terme, soos byvoorbeeld dat 'n interpretasie as 'n produktiewe lesing beskou word indien dit in staat is om probleme wat in die resepsiegeskiedenis van die gedig geïdentifiseer is "op te los", moet daarop gelet word dat ook so 'n beskouing nie alle probleme uit die weg ruim nie. In die bespreking van verskillende interpretasies van carmen 36 is hierdie kriterium aangelê, en alhoewel die bruikbaarheid daarvan nie geringeskat moet word nie, moet tog daarop gelet word dat ook dit nie die laaste woord spreek en 'n onbetwisbare lesing van 'n teks oplewer nie. Nie alleen het dit in die bespreking van carmen 36 geblyk dat uiteenlopende lesings op die oplossing van probleme aanspraak kan maak nie (kyk hoofstuk 9, punt 3.4.4.4 en 4.4.7), maar hierdie vermoë van 'n interpretasievoorstel om probleme op te los, kan die navorser sy oë laat sluit vir ander moontlike lesings van die teks. So sou daar byvoorbeeld aangevoer kon word dat, omdat die tetiese lesing van carmen 1 as 'n gebedstek 'n bevredigende antwoord op meeste van die probleemkomplekse in die bestudering van hierdie gedig bied (kyk hoofstuk 10, punt 3.7), hierdie interpretasievoorstel as die korrekte lesing van die teks aanvaar kan word. In die daaropvolgende metodologiese bespreking van die verskillende tipes argumente wat ter staving van uiteenlopende interpretasies aangevoer is, het dit egter geblyk dat al die verskillende tipes argumente aan beperkinge onderhewig is, en dat daar in die tetiese lesing dikwels op dieselfde wyse geargumenteer word as in die ander interpretasies waarteen daar gekies is.

Ten gunste van die invoering van 'n pragmatiese kriterium kan egter aangevoer word dat lesers soms ervaar dat 'n bepaalde interpretasie bydra tot die groei in kennis oor 'n gedig. Daar heers byvoorbeeld algemene konsensus daaroor dat die latere lesings van carmen 17 insiggewender en interessanter is as die interpretasies wat voortgevloei het uit 'n teks-as-dokument-benadering.

Wanneer in ag geneem word dat "wetenskap een historisch proses is dat zijn dinamiek vindt in een nooit afgesloten reeks van voorgestelde, aan-vaarde en later weer verworpe theorieën" (Van den Broeck & Lefevère, 1984:18), wil dit my voorkom of dit nie so onsinig is om wetenskaplike teorieë aan hul instrumentaliteit te beoordeel nie, dit wil sê met verwysing na wat die wetenskaplike in staat is om met behulp van bepaalde teoretiese konstrukke te doen.

Terwyl die standpunt wat hier oor waarheidsbeskouings ingeneem word die implikasie het dat dit die konsep van 'n korrekte interpretasie problematiseer en ook impliseer dat interpretasie "oper" is as wat dikwels

aanvaar word, meen ek nie dat dit as 'n standpunt wat geheel en al relativisties is, getipeer kan word nie. Die erkenning dat lees en interpretasie 'n bepaalde kompetensie verg en dat kennis van taal en literêre kodes en konvensies nodig is, asook die feit dat 'n komparatiewe benadering tot die bestudering van die literatuur en die resepsies daarvan voorgestaan word, werk algehele relativisme teen. Die model wat hier voorgestel word, sou eerder as 'n relasionele model bestempel kon word.

### 3.4.8 Die vraagstuk van onvergelykbaarheid

Waar daar in die uiteensetting hierbo geargumenteer is ten gunste van die opvatting dat die resultate van literêre ondersoek beoordeel moet word in verhouding tot die kensubjek se aannames en metodes, ontstaan die vraag of literêre ondersoek wat onderneem word vanuit paradigmas wat van mekaar verskil, wesenlik onvergelykbaar is. Die beskouing oor onvergelykbaarheid is afkomstig van Kuhn (1973a:111-135; 144-159). Hy is van mening dat 'n paradigmaverwisseling vergelyk kan word met 'n sogenaamde "Gestalt switch." Dit hou volgens hom in dat die wetenskaplike as 't ware 'n nuwe wêreldbeskouing aanneem.

Op suiwer logiese vlak kan daar met hierdie konsep van onvergelykbaarheid, wat geblyk het baie kontroversieel te wees,<sup>12</sup> myns insiens nie fout gevind word nie. Indien literatore die ondersoekveld verskillend afbaken en verskillende opvattings huldig oor wat as tersaaklike en toelaatbare data in literêre bewysvoering gebruik kan of mag word, kan aangevoer word dat hulle nie besig is om dieselfde objek te bestudeer nie, maar die "objekte" soos dit waargeneem, ervaar of gekonseptualiseer word deur die kensubjek deur die lens van sy teoretiese aannames. Konsekwent verder gevoer, sou dit inhou dat die resultate van sodanige ondersoeke onvergelykbaar is.

Alhoewel die wetenskapsteoretiese posisie wat in hierdie studie ingeneem word, besliste ooreenkomste en raakpunte met dié van die Historiese Skool in die Wetenskapsleer vertoon, is ek huiwerig om hierdie konsep van onvergelykbaarheid te onderskryf.

Wat hiertoe aanleiding gee, is nie 'n logiese inkonsekwentheid in Kuhn se opvatting nie, maar eerder iets wat 'n appèl maak op literatore en navorsers se ervaring. Alhoewel die standpunt onderskryf word dat waarneming teorie-gerig is, en dat lees altyd op bepaalde implisiete of eksplisiete aannames berus, moet daar rekenskap gegee word van die verskynsel dat literatore, by die nalees van interpretasies wat vanuit verskillende paradigmas onderneem is, dikwels ervaar dat so 'n vergelykende bestudering bydra tot kennis- en insigvermeerdering. Dit is iets wat myns insiens nie moontlik sou wees indien die resultate wat uit verskillende paradigmatische raamwerke bereik word, heeltemal onvergelykbaar was nie. Daar moet met ander woorde daarvan rekenskap gegee word dat, alhoewel lees en interpretasie op bepaalde aannames berus, die leser nie onherroeplik die gevangene van sy aannames is nie. Aannames is veranderlik, en 'n vergelykende lees van interpretasies wat uit verskillende teoretiese raamwerke onderneem is, en 'n vergelyking

<sup>12</sup> Kyk Kuhn (1973b:198-204) vir sy verweer teen die kritiek wat sy standpunt uitgelok het.

van die resultate wat verkry word, lei meermale tot 'n wysiging van teoretiese aannames.

### 3.4.9 Moet daar afgestap word van interpretasie?

Die standpunt wat in hierdie studie ingeneem is, naamlik dat volslae bepaaldheid in literêre interpretasie nie haalbaar is nie, en dat dit om verskillende redes nie moontlik is om 'n enkele, kanonieke en korrekte interpretasie van 'n gedig te bied nie, bring die literator by die onontwykbare vraag of daar dan nie van die hele bedryf van literêre interpretasie afgesien moet word nie. Daar is verskeie voorstanders van hierdie standpunt, maar die saak is die sterkste gestel deur Susan Sontag in haar bekende artikel "Against interpretation." In haar totale afwysing van interpretasie neem sy die standpunt in dat interpretasie "the revenge of intellect upon art" is. (1967:7.) Verder brandmerk sy dit as "the philistine refusal to leave the work of art alone" (1967:8) en konkludeer sy uiteindelik: "In place of a hermeneutics we need an erotics of art." (1967:14.) Alhoewel sy nie uitsluit dat daar wel maniere is waarop daar oor kuns geskryf kan word nie (1967:12), neem sy die standpunt in dat kuns en dus ook literatuur iets is wat direk ervaar (moet) word. Wat sy nie in berekening bring nie, is dat die konsep van direkte ervaring problematies is en dat haar beskouing van kuns as iets wat ervaar moet word, en nie geïnterpreteer nie, self 'n filosofiese keuse impliseer.

Dit wil my voorkom of daar ten opsigte van die vraagstuk van die wenslikheid van interpretasie onderskei moet word tussen interpretasie in 'n ruim en in 'n beperkter sin. In die ruimer sin van die woord, naamlik in die sin van 'n poging om te verstaan en insig te verwerf in verskynsels, is dit myns insiens nie moontlik om afstand te doen van interpretasie nie. Schleiermacher het tereg opgemerk dat verstaan 'n taak sonder einde is (In Mueller-Vollmer, 1986:9.) Saam met Schleiermacher en Gadamer is ek eerder geneig om interpretasie as iets onontbeerliks in die hele menslike situasie te beskou, ook - maar nie uitsluitlik nie - sover dit sy wetenskaplike arbeid aangaan (kyk Linge, 1977: xi). Ook Fish (1978:631) is hierdie mening toegedaan: "... we are never not in a situation. Because we are never not in a situation, we are never not in the act of interpreting. Because we are never not in the act of interpreting, there is no possibility of reaching a level of meaning beyond or below interpretation."

Sover dit interpretasie in enger sin aangaan, naamlik as 'n handeling wat gerig is daarop om die definitiewe betekenis van tekste te bepaal, kan wel gevra word of daar nie reeds genoeg interpretasies van die Klassieke literatuur bestaan nie, en of dit nie tyd geword het dat daar ook aan ander belangrike probleme aandag geskenk moet word nie (kyk Culler, 1981:6 vir 'n oorsig oor vraagstukke wat aandag verdien). Hiermee word nie gesê dat interpretasie in enger sin nie ook 'n bestaansreg in die bestudering van die literatuur het nie, maar dat daarteen gewaak moet word om interpretasie te verskraal tot die poging om die konsepsuele betekenis van enkeltekste te beskryf, terwyl die sisteem wat betekening moontlik maak, op die agtergrond geskuif word.

Oor bepaalde klemverskuiwings wat myns insiens wenslik is in literêre interpretasie, sal later (kyk punt 5) meer gesê word. Sover dit die vraag oor die wenslikheid van die interpretasiebedryf in enger sin aangaan, wil dit my voorkom of die waarde van die interpretasie van tekste in die konteks van die bestudering van die Klassieke nie geringgeskat moet word

nie. In 'n situasie waar al hoe minder mense in staat daartoe is om die Klassieke literatuur te lees, hou die voortdurende interpretasie en herinterpretasie van tekste die literatuur van die Oudheid "lewend", en kan dit beskou word as 'n poging om te registreer wat die literatuur van die Oudheid vir die hedendaagse mens te sê het. Hiermee sny 'n mens die vraagstuk van die oogmerke met literatuurbestudering en interpretasie aan, waaroor daar eweneens weldra meer gesê sal word (punt 5).

Ter afsluiting van hierdie bespreking oor bepaaldheid in literêre interpretasie moet daar nog die vraag gestel word of hierdie soeke na bepaaldheid en eksaktheid in literatuurbestudering nie dalk onvanpas is in die bestudering van die poësie nie. Dit is moontlik dat hierdie strewende na eksaktheid ingegee is deur 'n bepaalde wetenskapsideaal, waarvolgens daar gepoog is om die sogenaamde Geesteswetenskappe te bestudeer op die model van die Natuurwetenskappe. Wanneer daar verder in gedagte gehou word dat literatuur veelal simbolies funksioneer, lyk die vraag na die gepastheid van 'n soeke na presiese kennis wel geregverdig. Segal (1968:15) se standpunt in hierdie verband verdien oorweging: "... we should not be misled by demanding from literature a kind of prosaic definiteness which it should not be asked to give." In dieselfde artikel merk hy op: "Absolute explicitness is a virtue neither of poetry nor of the ancient mind in general." (1968:8).

'n Wetenskapsideaal, waarvolgens daar nie gestreef word na die vaspenning van 'n enkele betekenis nie, maar waarvolgens daar 'n hoë premie gestel word op die vermoë van literatuur om vele dinge te beteken, sou 'n heel ander aanpak van literatuurbestudering tot gevolg hê. Die wegbeweging van 'n realistiese literatuuroopvatting (op die model van 'n teks as dokument) en die neiging tot simbolistiese interpretasie van die poësie (kyk hoofstuk 2, punt 8.5) het reeds 'n mate van kentering hierin teweeggebring, en toon aan hoe 'n ander leesbenadering verreikende gevolge vir literatuurbestudering kan hê.

#### 4. SAMEVATTENDE STANDPUNT MET BETREKKING TOT DIE VOORGESTELDE HIPOTHESES

Hierdie hoofstuk, soos ook die studie in sy geheel, is gekenmerk deur die dialektiek tussen die strewende na bepaaldheid in literêre interpretasie en die bewustheid van faktore wat sodanige bepaaldheid in die weg staan.

In hierdie slothoofstuk is daar in punt 2 'n hoogs bepaalde interpretasie gebied van die voorkoms en literêre funksies van die gebed in die carmina minora, terwyl daar in punt 3 aandag geskenk is aan die sake wat hierdie bepaaldheid teenwerk.

Dit is nodig om vervolgens standpunt in te neem oor die stel bepaaldheids- en mededingende hipoteses wat in hoofstuk een (punt 6.1 en 6.2) voorgestel is.

Interpretasie impliseer keuse, en die uiteensetting wat hierbo van die voorkoms en literêre funksies van die gebed in die carmina minora gebied is, verteenwoordig hierdie leser se interpretasie daarvan. Die standpunte wat in hierdie verband ingeneem is, is uitsprake waartoe daar gekom is deur aan die gebedstekste se verwantskappe met die vorm, styl en topoi

van die gebed 'n belangrike plek toe te ken in die bestudering van hierdie gedigte.

Wanneer die gedig se aansluiting by of afwyking van die konvensies van die gebed as matriks gekies word waarbinne die gedig bestudeer word, bied dit myns insiens wel 'n belangrike sleutel tot die interpretasie van die gebedsgedigte, alhoewel in gedagte gehou moet word dat baie meer faktore as die gedig se verhouding tot die konvensies van die vorm 'n rol speel in die toesegging van betekenis. Daar is ook aangevoer dat, indien die literator hierdie invalshoek kies, daar onderskei kan word tussen bepaalde wyses waarop die gebedstekste gerespieer word en dat die verhoudings waarin die gebedsgedig tot die konvensionele opvattinge oor 'n gebed staan, beskryf kan word.

Ten spyte van hierdie opmerkings lewer die bevindings waartoe daar in hierdie studie geraak is, getuienis ten gunste van die stel mededingende hipoteses.

Terwyl dit nie moeilik is om 'n hoogs bepaalde interpretasie van 'n gebedsgedig te bied nie, bly die vraag egter of so 'n spesifieke interpretasie die moontlikheid van ander lesings van 'n teks uitsluit. Dit blyk nie die geval te wees nie, onder meer omdat niemand verplig is om die teks se konformering aan of afwyking van die konvensies van die gebed die invalshoek van sy ondersoek te maak nie.

Die stel mededingende hipoteses (die laaste daarvan geherformuleer in terme van waarheidsteorieë) word gevolglik onderskryf:

- Gebedstekste kan op meerdere en selfs botsende wyses geïnterpreteer word.
- 'n Teks se konformering aan 'n streng en konvensioneel geïnterpreteerde vorm soos die gebed waarborg nie dat dit enkelvoudig geïnterpreteer kan word nie.
- Noukeurige teksanalise, selfs wanneer dit aangevul word deur intertekstuele en kontekstuele argumente, waarborg nie 'n enkelvoudige interpretasie van 'n gebedsgedig waarvan die korrektheid - tot die uitsluiting van ander moontlike interpretasies - vasstaan nie.
- Die antwoorde op interpretasieprobleme is nie sonder meer in die teks te vind nie. Die leser se teoretiese en metodologiese aannames en die metodes wat hy in sy ondersoek gebruik, speel 'n beduidende rol in die resultate waartoe daar met behulp van literêre ondersoek gekom word.
- Die feit dat lesers soortgelyke teoretiese en metodologiese aannames huldig, waarborg egter nie noodwendig dat lesers tot dieselfde resultate sal geraak nie.
- Die resultate van literêre ondersoek moet relasioneel (dit wil sê in verhouding tot die literator se teoretiese en metodologiese aannames en tot sy metodes van ondersoek) verstaan word binne die raamwerk van 'n koherensieteorie of 'n pragmatiese beskouing van waarheid.

Die feit dat hierdie onbepaaldheidshipoteses onderskryf word, impliseer nie dat lees en interpretasie 'n spel sonder enige reëls is nie. Dit

impliseer ook nie dat daar afgestap moet word van 'n poging om tekste noukeurig te lees, te analiseer en te interpreteer nie. Alhoewel daar gepoog is om aan te toon dat 'n noukeurige bestudering van die tekste nie die finale antwoorde op interpretasieprobleme kan bied nie, bly dit steeds die dinge waarop die leser aangewese is in sy poging om gedigte te verstaan in 'n proses van skynbaar oneindige betekening. Die standpunt wat hierbo ingeneem is, hou bepaalde implikasies in vir die wetenskaplike bestudering van die Klassieke literatuur.

## 5. IMPLIKASIES

Hierdie studie word afgesluit met enkele opmerkings oor die implikasies van die bevindinge waartoe daar in hierdie studie geraak is, vir die bestudering van die Klassieke literatuur.

Die twee vernaamste implikasies is eintlik kruis en munt van dieselfde saak en kan positief en negatief geformuleer word.

Om dan by die negatiewe te begin: dit wil my voorkom of daar radikaal gebreek moet word met die objektivisme en die positivistiese ingesteldheid wat so 'n sterk tendens verteenwoordig in die Klassieke Filologie.

Om dit positief te formuleer: dit wil my voorkom of daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n kritiese besinning oor die aard van en oogmerke met die bestudering van die Klassieke literatuur, en in besonder aan die teoretiese uitgangspunte waarvan daar in sodanige ondersoeke uitgegaan word.

Daar word vervolgens aan albei hierdie sake aandag geskenk. In hoofstuk 2 is daar 'n algemene tipering van die vernaamste tendense van wetenskaplike besinning oor die Klassieke literatuur gebied, en is daar aandag geskenk aan twee taamlik algemene paradigmas waarbinne literêre ondersoek plaasvind.

Sommige grondleggers van die filologiese metode het deeglik besin oor teoretiese en metodologiese aangeleenthede. Om hiervan oortuig te word, kan 'n mens maar bloot die geskrifte van August Boekh (1775-1867), in besonder sy "Enzyklopädie und Methodenlehre der Philologischen Wissenschaften", gaan nalees. Selfs waar die skrywer van hierdie studie baie dikwels ander standpunte huldig as dié wat Boekh voorgestaan het, getuig sy werk van 'n sensitiwiteit vir die identifisering van hermeneutiese en metodologiese kwessies. Dit wil my egter voorkom of hierdie filologiese benadering na die yking en aanvaarding daarvan tot 'n blote tegniek verskraal is, waarvan die teoretiese onderbou grootliks uit die oog verloor is. Alhoewel teoretiese en metodologiese besinning nie opgehou het nie, vind 'n mens myns insiens te min getuienis daarvan in die werk van literatore wat hulle besig hou met die bestudering van die Klassieke literatuur. Saam met Horatius sou 'n mens kan sê: nos nequiores. (Carmina, 3.6.47).

Die noodsaaklikheid van 'n herbesinning oor teoretiese en metodologiese aangeleenthede word soveel dringender wanneer daar in ag geneem word watter ontwikkelinge daar op wetenskapsfilosofiese en literêrteoretiese

gebied plaasgevind het sedert die grondleggers van die filologiese metode hulle met hul kritiese besinning besig gehou het.

Op wetenskapsteoretiese gebied het die Positivisme die afgelope aantal dekades die wind van voor gekry met die verskyning van die geskifte van figure soos Kuhn en Feyerabend. Die objektivistiese wetenskaps-ideaal se vernaamste vertrekpunte is in belangrike opsigte heeltemal ondergrawe of minstens skerp gerelativeer. Waar die filologiese metode sterk affiniteite met die Positivisme en die Historisme vertoon, wil dit my voorkom of dit kortsigtig sou wees om nie van hierdie ontwikkelinge op wetenskapsfilosofiese gebied kennis te neem en die objektivistiese wetenskapsideaal van die Klassieke Filologie in die lig daarvan te herformuleer nie.

Ook op literêrteoretiese gebied het daar sedert die yking van die filologiese benadering, en veral in die laaste aantal dekades van die Twintigste eeu belangrike ontwikkelinge plaasgevind. Dit sou myns insiens geen oordrywing wees om te beweer dat die huidige situasie in die besinning oor literêrteoretiese aangeleenthede aan 'n slagveld herinner, waar 'n magdom kompeterende teorieë stry om die oorhand te verkry nie. Bruss (1982) se geskrif is tekenend van die totale afwesigheid van 'n gedeelde paradigma vir die bestudering van die literatuur: "Beautiful theories: the spectacle of discourse in contemporary criticism." Om in so 'n tydperk van intense kritiese besinning voort te gaan met die bestudering van die Klassieke literatuur asof lees onproblematis is, en asof hierdie ontwikkelinge geen implikasies inhou vir die benadering tot die bestudering van die literatuur van die Oudheid nie, sou myns insiens dui op 'n selfvoldaanheid wat aan hubris grens. Diegene wat gekant is teen die klem wat op teoretiese en metodologiese aangeleenthede geplaas word, en wat hul toevlug neem tot 'n nougesette bestudering van tekste, asof die teorie irrelevant is, verloor uit die oog dat ook die geïkte benadering op sekere teoretiese aannames berus. Young (1981: viii) formuleer dit goed, wanneer hy in verband met so 'n ateoretiese ingesteldheid opmerk: "There is no possibility of a 'non-theoretical' criticism. The only choice is between a criticism that is self-reflexive, that is aware of how and what it is doing, and a criticism that is not. No criticism is without an implicit - if not explicit - theoretical position. Thus the complaint most often levelled against so-called 'theoretical' criticism - that it imposes its theories onto texts rather than reading the texts themselves - is in fact most applicable to so-called 'non-theoretical' criticism, whose preconceptions about how to read, and what to read for, are so fundamental that they remain unvoiced and unthought, and thus appear 'natural', 'intuitive', free of theory and 'abstract ideas.'" Ook Culler (1975:129) lê klem hierop: "Reading is not an innocent activity. It is charged with artifice, and to refuse to study one's mode of reading is to neglect a principal source of information about literary activity."

Die gevaar verbonde aan 'n negering van wetenskapsfilosofiese en literêrteoretiese ontwikkelinge is dat die bestudering van die Klassieke literatuur daardeur gereleëger kan word tot 'n ondersaaklike uithoek van kontemporêre wetenskaplike besinning.

Terwyl daar, sover dit literêrteoretiese aangeleenthede aangaan, in die kring van diegene wat hulle besig hou met die bestudering van die Klassieke literatuur, in die laaste aantal jare 'n groter openheid te bespeur is (kyk hoofstuk 2, punt 8.2), moet daar terselfdertyd gewaak word teen 'n kritieklose navolging van elke nuwe ontwikkeling (kyk

Arkins, 1986:121), sonder dat die teoretiese implikasies daarvan in berekening gebring word. In hoofstuk 2 is daar byvoorbeeld daarop gewys dat sommige klassici die teks-as-dokument-benadering verruil het vir 'n beskouing van die teks-as-monument. Alhoewel hierdie oorskaking dikwels knap interpretasies opgelewer het, kry ek die indruk dat die teoretiese en filosofiese implikasies daarvan nie altyd krities deurgrond is nie. Om bevry te word van die las van "literary history" bloot om in die greep van 'n verskraalde outonomie te beland, en dan jou hoop daarop te vestig dat deeglike linguale en literêre analise alle verstaansprobleme uit die weg sal ruim, word nie as 'n besondere bevryding beskou nie. Terwyl dit wetenskapshistories verstaanbaar is dat die aanvanklike sukses van die nuwere paradigma hierdie kritiese besinning op die agtergrond geskuif het, het die tyd vir 'n herwaardering daarvan gewis aangebreek.

Kortom: daar is binne die kringe van diegene wat hulle besig hou met die bestudering van die Klassieke literatuur 'n behoefte aan 'n herbesinning oor hermeneutiese vraagstukke en metodologiese aangeleenthede. Daar is in besonder besinning nodig oor die ontwerp van 'n sistematiese poëtika, iets wat, soos Culler (1981:5) opmerk, nie gerealiseer sal word solank as wat die bestudering en interpretasie van enkeltekste as die hoofwerkzaamheid van literêre ondersoek beskou word nie. In so 'n poëtika moet daar veral klem gelê word op dit wat die verstaan van literatuur moontlik maak. Om Culler weer in hierdie verband aan te haal: "... the real object of poetics is not the work itself but its intelligibility. One must attempt to explain how it is that works can be understood; the implicit knowledge, the conventions that enable readers to make sense of them, must be formulated."

So 'n toespitsing impliseer 'n afwysing van 'n objektivistiese literatuurbeskouing waar tekste in die middelpunt staan, ten gunste van 'n benadering wat georiënteer is aan die kensubjek as iemand wat binne die raamwerk van bepaalde teoretiese opvattinge en met behulp van bepaalde metodes in 'n bepaalde historiese situasie "objekte" bestudeer.

'n Breuk met die objektivisme hou gevolglik in dat daar herbesin moet word oor die oogmerke met die bestudering van die Klassieke literatuur. Waar die heersende opvatting oor die oogmerk met die bestudering van die tekste van die Oudheid binne 'n filologiese benadering die klem feitlik uitsluitlik laat val op ('n poging tot) die rekonstruksie van hoe die literatuur in sy ontstaanskonteks gefunksioneer het, wil dit voorkom asof die veld van ondersoek verruim moet word om na te gaan hoe tekste in die loop van die geskiedenis gerespieël is en om na te gaan wat die Klassieke literatuur vir die moderne leser te sê het. Segal (1968:7), terwyl hy die waarde van beduidende en sensitiewe historiese literêre kritiek aanprys, waarsku daarteen om sodanige historiese ondersoek die alfa en die omega van die bestudering van die literatuur van die Oudheid te maak: "But we should not use historical reconstruction as a pretext for evading the genuine critical question of what the work, after all, means in our terms."

Ook Gadamer (1960:157-159; 274-275) verset hom teen 'n beskouing van die taak van interpretasie as blote historiese rekonstruksie, en stel in die plek daarvan voor dat interpretasie beskou moet word as 'n mediëring tussen die horison van die teks / outeur en die horison van die leser. In sy uitwysing van wat hy die dialogiese aard van interpretasie noem, lê hy klem daarop dat die "gespreksgenote" of deelnemers aan hierdie

dialog op 'n gelyke voet verkeer, en toon hy ook aan dat interpretasie 'n wederkerige proses is wat albei hierdie horisonne wysig.

In hierdie sin kan die literator wat hom besig hou met die bestudering van die Klassieke literatuur beskou word as 'n "vertaler" wat die literatuur van die Oudheid oorvertaal vir die mens van die Twintigste eeu.<sup>13</sup>

Die laatvaarding van die objektivisme hou terselfdertyd in dat die verwagtings wat van wetenskaplike ondersoek gekoester word, en in besonder die aansprake wat daarvoor gemaak word, meer beskeie geformuleer moet word. In plaas van die eis wat in positivistiese kringe aan uitsprake gestel word om as wetenskaplike uitsprake te kwalifiseer, naamlik dat dit objektief en waardevry moet wees, en dat die resultate daarvan vas en seker en in 'n bepaalde sin tydloos is, word 'n veel meer beskeie wetenskapsopvatting voorgestel.

Om dit spesifiek op die ondersoek van die literatuur van toepassing te maak: literêre interpretasie moet nie beskou word as 'n objektiewe, waardevrye nasegging van die teks waaruit tydlose kennis verkry word deur (in Bodoh se woorde) die teks te gehoorsaam nie. Literêre interpretasie kan eerder beskou word as 'n menslike handeling wat histories gesitueerd is, wat gerig word deur preteoretiese en teoretiese aannames, wat berus op bepaalde kennis en saamhang met die kompetensie en vaardighede van die leser en wat ten doel het om 'n beredeneerde, intersubjektief-toetsbare voorstel te formuleer oor die werking van prosesse van betekening. Die krag van so 'n interpretasie lê in die vermoë daarvan om ander lesers tot die standpunt te oorreed. Waaraan daar 'n besondere behoefte bestaan, is 'n sterk mate van kritiese refleksiwiteit. So 'n kritiese refleksiwiteit verg aandag vir die teoretiese onderbou waarop die lesings van tekste berus, en hef ook nie die eise wat aan die leser gestel word, op nie. Hillis Miller (1987:284) het onlangs die aandag gevestig op wat hy "the ethics of reading" noem. In hierdie verband merk hy op: "If this phrase means anything, it must have something to do with respecting any text discussed, with accepting an obligation to read - to read carefully, patiently, and scrupulously, under the elementary assumption that the text being read may say something different from what one wants or expects it to say or from what received tradition says it says." Waar daar in hierdie studie klem gelê is op die dikwels verwaarloosde rol van preteoretiese en teoretiese aannames in die bestudering van die literatuur, vorm so 'n ingesteldheid 'n noodsaaklike deel van die voorgestelde kritiese refleksiwiteit.

<sup>13</sup> Sommige outeurs, byvoorbeeld Bardon (1970b) en Segal (1968) beskou die taak van die literator binne die raamwerk van 'n ruimere kultuuroopvatting en met 'n hoë aanprysing van die waarde van die Klassieke literatuur. Segal (1968:7) stel dit soos volg: "Classics, almost by definition, are works of art which frame human experience in enduring and universally meaningful form. If, to render their meaning fruitful for our time, we resort to contemporary conceptualizations of experience, we do only what every age has done and must do with the great works of the past: translate them into our own 'language'."

## 6. SUGGESTIE VIR VERDERE ONDERSOEK

Waar daar in hierdie studie aangetoon is hoedat die resultate van literêre studie baie dikwels verband hou met die leser se implisiete of eksplisiete aannames oor literatuur en literatuurbestudering, wil dit my voorkom of daar behoefte is aan 'n ondersoek oor hoe literêre teorieë verband hou met 'n daaraan onderliggende ideologie of ideologieë.

## ABSTRACT

### THE PRAYER IN THE CARMINA MINORA OF CATULLUS: A LITERARY AND METHODOLOGICAL STUDY DIRECTED AT SOME PROBLEMS RELATED TO LITERARY INTERPRETATION

In this study a literary and methodological investigation was undertaken of the prayer in the carmina minora of Catullus, and attention was focused on the discussion of some problems linked to literary interpretation.

Two objectives were aimed at. The first of these was to offer a systematic literary description of the incidence and functions of the prayer within the carmina minora. The second and equally important objective was, by way of the study of the form, style and topoi of the Roman prayer, and in conjunction with a discussion of the prayer texts in the carmina minora, to reflect methodologically on some problems related to literary interpretation - more specifically on the issue of multiple and divergent interpretations of these poems. It was with a view to the problem of determinacy in literary interpretation that the prayer poems of Catullus were chosen as a topic for study. Because the prayer is a well-known and fixed form, with established conventions, and because Catullus is usually regarded as a very direct poet (especially in the carmina minora) one would reasonably expect that there would not be a great deal of divergence in the interpretation of these poems. When the history of the reception of these poems is studied, however, the reader encounters widely divergent and even directly opposing interpretations of the poems. This divergence of interpretation has implications for the validity of scholarly statements - as such the study of the prayer poems in the carmina minora can be regarded as a test case for determinacy in literary interpretation.

The course of the study is dialectical. On the one hand an attempt is made by way of a study of the conventions of prayer texts and also by way of penetrating analyses of each text to indicate what functions can be attributed to the use of the prayer form. On the other hand a study is made of the factors which oppose determinacy in interpretation. In the light of this dialectic, which is sustained throughout the study, a set of determinacy hypotheses and a set of competing hypotheses are formulated.

The study is divided into four sections. In Section A the wider intellectual context against which this study is to be situated is outlined. In this section the attention is directed to the issue centring on objectivism and relativism (or relationality) in scholarship and science. Attention is also given to developments in the field of the Philosophy of Science, Hermeneutics and Literary Theory. An outline is offered of trends in the development of a philological hermeneutics, as well as to twentieth-century trends in the study of classical poetry. In this section an attempt is made to indicate why an objectivist view of scholarly practice and a normative hermeneutic theory are still dominant in Classical Philology.

In Section B attention is given to a formal and stylistic description of the Roman prayer. An outline is offered of prayer typologies by authors

of Antiquity and by modern researchers. The formal scheme, style and typical *topoi* are discussed in detail. Subsequently a study is made of the question as to whether it is possible to distinguish between so-called literary and non-literary prayer texts, and various possible distinguishing models are discussed critically.

In Section C the prayer texts which occur in Catullus' *carmina minora* are discussed in four sub-sections in accordance with Kleinknecht's prayer typology. In the first place, *carmen* 34 is discussed, as a text written in accordance with the conventions of cultic hymns. It is followed by a discussion of personal prayer texts, *carmina* 109 and 76. In the third place prayer parodies are discussed, both the veiled parodies in *carmina* 31, 44, 2 and 17, and the open prayer parody in *carmen* 36. In the final instance *carmen* 1, with the prayer to the muse, is discussed.

The order in which the prayer poems are discussed is not only related to typological considerations, but also and especially with a view to the degree of difference of opinion about their interpretation (as emerges from the reception history of these poems). The poems about which relatively little controversy exists are done first, with a gradual movement towards texts about which there are profound differences of opinion. As the investigation proceeds progressively more attention is given to the discussion of theoretical and methodological concerns. While both analytic and comparative methods are used, an attempt is made to indicate why readers interpret texts differently. In this regard attention is given to the way in which arguments are constructed in literary argumentation, as well as to the implicit or explicit presuppositions from which readers proceed in their interpretation of the poems. A study is made of methods used in the study of the poems, as well as to the effect exerted on the results of literary study by pretheoretical, theoretical and methodological presuppositions. In the course of the discussion attention is directed to both the merits and the limitations associated with different strategies of interpretation.

In the conclusion in Section D a systematic description is offered of the incidence and functions of the prayer in the *carmina minora*. In this discussion the attention is directed to the various prayer types, the position of the prayer text in the poems, and the distribution of the prayer texts in Catullus' oeuvre. A study is also made about how the prayer schema, style and *topoi* are handled in his poetry. Attention is given to the perspectives offered by a study of Catullus' prayer poetry on stereotypings of the Roman prayer, and a viewpoint is assumed about the issue as to whether the prayer poems in the *polymetra* and epigrams differ from each other.

As far as the literary functioning of the prayer poems are concerned, the view is taken that the prayer poems can be received against the background of what the reader knows of a prayer and would stereotypically expect of it. Three relationships are identified in which the literary prayer texts stand towards the basic form presumed to be familiar. In the first place the prayer poem can be linked to it formally and intentionally; in the second place the link can be purely *pro forma*, but not in terms of intention; and in the third place the prayer text can subtly and with certain transformations be linked to what the reader knows and expects of a prayer, and to the attitudes typically associated with this.

The poems which are discussed are then placed within this schema, and the functions which are associated with the use of the prayer form are identified within the context and in terms of the specific poems.

In the course of this discussion the attention is directed to Catullus' versatility in the use of the prayer form, and to his preference for the writing of prayer parodies. This preference is related to the anti-establishment attitude of the *novi poetae*.

After this systematic description the methodological problems are dealt with, and issues centring on the required reader competence, the factors which give rise to interpretational differences, and the problem centring on determinacy in interpretation, especially to the extent that it involves the validity of divergent interpretations are looked into. A critical discussion is offered of different paradigms within which literary investigation is undertaken. Attention is also given to the issue centring on the comparability of results obtained from different theoretical frameworks, and to the question about the meaningfulness of literary interpretation.

On the basis of the findings obtained, a choice is exercised between the determinacy hypotheses and the set of competing hypotheses formulated in the opening chapter.

To round off this investigation, a brief look is taken at the implications which the findings obtained in this study have for the study of classical poetry.

It is maintained, on the one hand, that one has to shed an objectivistic view of scholarship, and on the other hand, a case is made for a more reflexive form of literary study, in which cognizance is clearly taken of the reader's share in processes of literary signification, and the role which the scholar's theoretical and methodological presuppositions play in the eventual results of literary study is assessed. It is finally suggested that a study should be made of the ideologies on which various theories and interpretative strategies rest.

## BIBLIOGRAFIE

- ADLER, Eve. 1981. *Catullan self-revelation*. New York : Arno Press. (Monographs in Classical Studies.)
- ALTHEIM, F. 1930. Die neuesten Forschungen zur Vorgeschichte der römischen Metrik. *Glotta*, 19:24-48.
- APPEL, G. 1975 (1909.) *De Romanorum precationibus*. New York : Arno Press.
- ARBUSOW, L. 1948. *Colores Rhetorici*. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- ARKINS, B. 1982. *Sexuality in Catullus*. Hildesheim, Zürich, New York : Georg Olms Verlag. (Altertumswissenschaftliche Texte und Studien, Band VIII.)
- ARKINS, B. 1983. Further thoughts on Catullus 1. *Liverpool Classical Monthly*, 8(2):18-20.
- ARKINS, B. 1986. Fads upon Eleusis? New approaches and the Classics. *Liverpool Classical Monthly*, 11(7):121-127.
- AX, W. 1976. *Probleme des Sprachstils als Gegenstand der lateinischen Philologie*. Hildesheim : Georg Olms Verlag.
- AXELSON, B. 1945. *Unpoetische Wörter: Ein Beitrag zur Kenntniss der Lateinischen Dichtersprache*. Lund : Hakan Ohlssons Boktryckeri. (Skrifter utgivna av Vetenskaps-societeten i Lund, 29.)
- BAEHRENS, A. red. 1893. *Catulli Veronensis liber*. Nova editio a K.P. Schulze curata. Lipsiae : In aedibus B.G. Teubneri.
- BAILEY, C. 1932. *Phases in the religion of ancient Rome*. London : Oxford University Press.
- BAILEY, C. 1935. *Religion in Virgil*. Oxford : Clarendon Press.
- BAKER, R.J. 1970. Catullus and friend in *carm. XXXI*. *Mnemosyne*, 23:33-41.
- BARDON, H. 1957. *Catulle et ses modèles poétiques de langue latine*. *Latomus*, 16:614-627.
- BARDON, H. 1970a. *Propositions sur Catulle*. Bruxelles : Latomus Revue d'Études Latines. (Collection Latomus, 118.)
- BARDON, H. 1970b. *Philologie et nouvelle critique*. *Revue Belge de Philologie et d'Histoire*, 48:5-15.
- BARDON, H. 1979 (1943.) *L'Art de la composition chez Catulle*. New York & London : Garland Publishing, Inc.
- BARNER, W. 1977. *Neuphilologische Rezeptionsforschung und die Möglichkeiten der klassischen Philologie*. *Poetica*, 9:499-521.

- BASSNETT-McGUIRE, S. 1980. *Translation Studies*. London and New York : Methuen. (New Accents.)
- BAYET, J. 1969. *Histoire politique et psychologique de la religion romaine*. 2e édition, revue et corrigée. Paris : Payot.
- BEARDSLEY, M.C. & WIMSATT, W.K. 1966. *Intention*. (In Shipley, J.T. red. 1966. *Dictionary of world literature: criticism, forms, technique*. Totowa : Littlefield, Adams & Co. p. 326-329.)
- BELSEY, Catherine. 1982. The problems of literary theory: the problem of meaning. *New Literary History*, XIV(1):175-182.
- BENEDIKTSON, D.T. 1977. *Vocabulary analysis and the generic classification of literature*. *Phoenix*, 31:341-348.
- BERNSTEIN, R.J. 1983. *Beyond objectivism and relativism: science, hermeneutics and praxis*. Oxford : Basil Blackwell.
- BETTI, E. 1972 (1962.) *Die Hermeneutik als allgemeine Methodik der Geisteswissenschaften*. Tübingen : J.C.B. Mohr. (Philosophie und Geschichte, 78 & 79.)
- BISHOP, J.D. 1966. *Catullus 2 and its hellenistic antecedents*. *Classical Philology*, 61:158-167.
- BISHOP, J.D. 1971. *Catullus 85. Structure, hellenistic parallels and the topos*. *Latomus*, 30:633-642.
- BISHOP, J.D. 1972. *Catullus 76: elegy or epigram?* *Classical Philology*, 76:293-294.
- BLEICHER, J. 1983. *Contemporary hermeneutics. Hermeneutics as method, philosophy and critique*. London : Routledge & Kegan Paul.
- BODOH, J.J. 1974. *Catullus 76*. *Emerita*, 42:337-342.
- BOEKH, A. 1877. *Enzyklopädie und Methodenlehre der philologicischen Wissenschaften*. Herausgeg. von E. Bratuscheck. Leipzig : Teubner.
- BOEKH, P.A. 1986. (1877.) *Formal theory of Philology; Theory of Hermeneutics; Theory of criticism*. Translated by J. Prichard. (In Mueller-Vollmer, K. red. *The hermeneutics reader. Texts of the German tradition from the Enlightenment to the present*. London : Basil Blackwell. p. 132-147.)
- BOTHA, J. 1987. *Semeion: inleiding tot die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament*. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.
- BRAUNLICH, Alice F. 1923. *Against curtailing Catullus' "passer"*. *American Journal of Philology*, 349-352.
- BREMER, J.M. 1979. *Griekse hymnen*. *Lampas*, 12:95-97.

- BREMER, J.M. 1981. Greek hymns. (In Versnel, H.S., red. Faith, hope and worship: aspects of religious mentality in the ancient world. Leiden : Brill. (Studies in Greek and Roman religion, 2.) p. 193-195.)
- BRONZWAER, W.J.M., FOKKEMA, D.W., KUHNE-IBSCH, Elrud. 1977. Tekstboek algemene literatuurwetenschap: moderne ontwikkelingen in de literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publicaties. Baarn : Ambo. (Basisboeken.)
- BROTHERTON, B. 1926. Catullus' carmen II. *Classical Philology*, 21:361-363.
- BRUSS, Elizabeth W. 1982. Beautiful theories: the spectacle of discourse in contemporary criticism. Baltimore & London : John Hopkins University Press.
- BUCHHEIT, V. 1975. (1959.) Catulls Dichterkritik in c.36. (In Heine, R., red. Catull. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. p.36-61.) (Wege der Forschung, CCCVIII.)
- BÜCHNER, K. 1957. Die philologische Methode. Catull und die Elegie. (In Büchner, K. *Humanitas Romana. Studien über Werke und Wesen der Römer.* Heidelberg : Carl Winter Universitätsverlag. p. 106-146.)
- BUTLER, C. 1986. Interpretation, deconstruction and ideology: an introduction to some current issues in literary theory. Oxford : Clarendon Press.
- CAIRNS, F. 1969. Catullus I. *Mnemosyne*, 22:153-159.
- CAIRNS, F.J. 1972. Generic composition in Greek and Latin poetry. Edinburgh : Edinburgh University Press.
- CAIRNS, F. 1974. Venusta Sirmio. (In Woodman, T. and West, D. reds. *Quality and pleasure in Latin poetry.* London : Cambridge University Press. p. 1-17.)
- CÉBE, J-P. 1966. La caricature et la parodie dans le monde romain antique des origines a Juvénal. Paris : Éditions E. De Brocard. (Bibliothèque des écoles françaises d'Athènes et de Rome - Fascicule Deux-cent-sixième.)
- CILLIERS, Louise. 1987. Catullus XXXI: 'n interpretasie (nog eens.) *Akroterion*, XXXII(3 + 4):75-83.
- CLARKE, G.W. 1968. The burning of books and Catullus 36. *Latomus*, 27:575-580.
- CLAUSEN, W. 1964. Callimachus and Latin poetry. *GRBS*, 5:181-196.
- CLAUSEN, W. 1982. The new direction in poetry. (In Kenney, E.J. red. *The Cambridge history of classical literature*, vol. 2. *Latin literature.* Cambridge : Cambridge University Press. p. 178-206.)
- COLBY, J.K. 1926. Catullus 1.7. *The Classical World*, 19:123.

- COMFORT, H. 1929. An interpretation of Catullus XXXVI. *Classical Philology*, 24:176-182.
- COMMAGER, S. 1962. *The Odes of Horace: a critical study*. New Haven and London : Yale University Press.
- COMMAGER, S. 1965. Notes on some poems of Catullus. *Harvard Studies in Classical Philology*, 70:83-110.
- COOKE, H.P. 1916. Note on Catullus XVII.17 ff. *The Classical Review*, 30:193.
- COPLEY, F. 1949. Emotional conflict and its significance in the Lesbia-poems of Catullus. *American Journal of Philology*, 70:22-40.
- COPLEY, F.O. 1951. Catullus, c. 1. *Transactions of the American Philological Association*, 82:200-206.
- COPLEY, F.O. 1958. Catullus c. 4: the world of the poem. *Transactions of the American Philological Association*, 89:9-13.
- COPPEL, B. 1973. *Das Alliusgedicht. Zur Redaktion des Catullicorpus*. Heidelberg : Carl Winter Universitätsverlag.
- CROCE, B. 1941. Catullo. Carme LXXXVI. (In Croce, B. *Poesia antica et moderna. Interpretazioni*. Bari : Laterza. p. 65-71.)
- CRUTWELL, C.T. 1898. *A history of Roman literature: from the earliest period to the death of Marcus Aurelius*. London : Charles Griffin and Company.
- CUDDON, J. 1979. *A dictionary of literary terms*. London : Deutsch.
- CULLER, J.D. 1975. *Structuralist poetics. Structuralism, linguistics and the study of literature*. London : Routledge and Kegan Paul.
- CULLER, J.D. 1981. *The pursuit of signs: semiotics, literature, deconstruction*. London : Routledge and Kegan Paul.
- CUTT, T. 1979 (1936.) *Meter and diction in Catullus' Hendecasyllabics*. New York & London : Garland Publishing, Inc.
- DALY, L.W. 1952. Callimachus and Catullus. *Classical Philology*, 47:97-99.
- DEANGELI, Edna S. 1969. A literary chill : Catullus 44. *The Classical World*, 62:354-356.
- DE LEPPER, J.L.M. 1950. *De godsdienst der Romeinen*. Roermond en Maaseik : J.J. Romen & Zonen.
- DERRIDA, J. 1984. *Of grammatology*. Translated by G.C. Spivak. Baltimore Md. : John Hopkins University Press.
- DEN HENGST, D. Catullus Carmen 76 II. *Lampas*, 9:257-268.

- DETTMER, H. 1983. A note on Catullus 1 and 116. *The Classical World*, LXXVII:19.
- DUFF, J.W. 1962 (1909.) *A literary history of Rome: from the origins to the close of the Golden Age.* Ed. by J.M. Duff. London : Ernest Benn.
- EAGLETON, T. 1983. *Literary theory: an introduction.* Oxford : Basil Blackwell.
- DYSON, M. 1973. Catullus 8 and 76. *The Classical Quarterly*, 23(1):127-143.
- ECO, U. 1979. *The role of the reader. Explorations in the semiotics of texts.* Bloomington : Indiana University Press.
- EISENHUT, W. 1965. Zu Catull c.2a und der Trennung der Gedichte in den Handschriften. *Philologus*, 109:301-305.
- EHRlich, V. 1965. *Russian Formalism. History - Doctrine.* The Hague : Mouton.
- ELDER, J.P. 1966. Catullus I, his poetic creed, and Nepos. *Harvard Studies in Classical Philology*, 71:143-149.
- ELLIS, R. red. s.j. *Catulli carmina. Recognovit brevique adnotatione critica instruxit.* Oxonii : E Typographaeo Clarendoniano.
- ELLIS, R. 1876. *A commentary on Catullus.* Oxford : Clarendon Press.
- ELLIS, R. 1885. *Adversaria.* *Journal of Philology*, 14:78-92.
- EZORSKY, Gertrude. 1967. Pragmatic theory of truth. (In Edwards, P. red. *The encyclopedia of philosophy.* Vol. 6. New York : Macmillan & The Free Press. p.427-430.)
- ÉVRARD-GILLIS, E. 1976. *La récurrence lexicale dans l'oeuvre de Catulle. Étude stylistique.* Paris : Société d'Édition <<Les Belles Lettres.>> (Bibliothèque de la Faculté de Philosophie et Lettres de l'Université de Liège. Fascicule CCXVII.)
- ÉVRARD-GILLIS, J. 1977. *Le jeu sur la personne grammaticale chez Catulle.* *Latomus*, 46:114-122.
- FAUTH, W. 1967. *Gebet.* (In *Der Kleine Pauly : Lexicon der Antike.* Zweiter Band. Stuttgart : Alfred Druckenmüller Verlag. p. 708-710.)
- FAY, E.W. 1913. Catullus carmen 2. *Classical Philology*, 8:301-309.
- FEYERABEND, P. 1975. *Against method.* London : NLB.
- FERGUSON, J. 1986. The arrangement of Catullus' poems. *Liverpool Classical Monthly*, 11(2):2-6, 18-20.
- FERGUSON, J. 1988. *Catullus.* Oxford : Clarendon Press. (Greece & Rome, New Surveys in the Classics, 20.)

- FISH, S. 1973/1974. How ordinary is ordinary language? *New Literary History*, 5:40-54.
- FISH, S. 1978. Normal circumstances, literal language, direct speech acts, the ordinary, the everyday, the obvious, what goes without saying, and other special cases. *Critical Inquiry*, 4(4):625-644.
- FORDYCE, C.J., red. 1965. *Catullus: a commentary* by C.J. Fordyce. Oxford : Clarendon Press.
- FORSYTH, P. 1976. *Catullus : the mythic persona*. *Latomus*, 35:555-566.
- FOWLER, R. red. 1973. *A dictionary of modern critical terms*. London : Routledge and Kegan Paul.
- FRAENKEL, E. 1957. *Horace*. Oxford : Clarendon Press.
- FRAENKEL, E. 1962. *Catullus. A Commentary*. By C.J. Fordyce. Oxford : Clarendon Press 1961. XXVIII, 419S. *Gnomon*, 34:253-263.
- FRAZER, J. 1947. *The golden bough: a study in magic and religion*. Abridged edition. London : Macmillan.
- FRAZER, J. red. 1959. *Ovid's Fasti*. London : Heinemann.
- GADAMER, H.-G. 1960. *Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik*. Tübingen : J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).
- GADAMER, H.-G. 1967a. *Wahrheit in den Geisteswissenschaften*. (In Gadamer, H.-G. *Kleine Schriften I. Philosophie. Hermeneutik*. Tübingen : J.C.B. Mohr (Paul Siebeck). p. 39-45.)
- GADAMER, H.-G. 1967b. *Die Universalität des hermeneutischen Problems*. (In Gadamer, H.-G. *Kleine Schriften I. Philosophie. Hermeneutik*. Tübingen : J.C.B. Mohr (Paul Siebeck). p. 101-112.)
- GADAMER, H.-G. 1967c. *Ästhetik und Hermeneutik*. (In Gadamer, H.-G. *Kleine Schriften II. Interpretationen*. Tübingen : J.C.B. Mohr (Paul Siebeck). p. 1-8.)
- GADAMER, H.-G. 1977. *Philosophical Hermeneutics*. Translated and edited by David E. Linge. Berkeley, Los Angeles, London : University of California Press.
- GENOVESE, E.N. 1974. *Symbolism in the passer poems*. *Maia*, 26:121-125.
- GERMAIN-DEMOULIN, A. 1971. *La critique nouvelle et les études classiques*. *Otia*, 19:3-40.
- GIAGRANDE, G. 1976. *Catulls Gedicht auf Gallus*. *Eranos*, 74:170-173.
- GIGANTE, M. 1951. *A Catullo, c. 76 vv. 5-6*. *Latomus*, 10:137-142.
- GIGON, O. & LE BONNIEC, H. 1965. *Gebet*. (In *Lexicon der Alten Welt*. Zürich. p. 1028-1030.)

- GLENN, J. 1970. Fossa in Catullus' simile of the cut tree (17.18-19.) *Classical Philology*, 65:256-257.
- GOOLD, G.P. 1974. O patrona virgo. (In Evans, J.A.S. red. *Polis and Imperium. Studies in honour of Edward Togo Salmon.* Toronto : Hakkert. p. 253-264.)
- GRÄBE, Ina. 1984a. Aspekte van poëtiese taalgebruik. Teoretiese verkenning en toepassing. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, Reeks A, Nommer 46.)
- GRÄBE, Ina. 1984b. Local and global aspects of interaction processes in poetic metaphor. *Poetics*, 13:433-457.
- GRANAROLO, J. 1967. L'oeuvre de Catulle. Aspects religieux, éthiques et stylistiques. Paris : Société D'Édition <<Les Belles Lettres.>> (Collection d'Études Anciennes.)
- GRANAROLO, J. 1982. Catulle, ce vivant. Paris : Les Belles Lettres. (Collection d'Études Anciennes.)
- GRANT, M. 1958. Roman literature. Penguin Books.
- GRIMAL, P. 1978. Le lyrisme à Rome. Paris : Presses Universitaires de France.
- GUGEL, H. 1968. Die Einheit von Catulls erstem Passergedicht. *Latomus*, 27:810-822.
- HAARHOFF, T.J. 1934. On Catullus XLIV.21. *Classical Philology*, 29:255-256.
- HAFFTER, H. 1934. Untersuchungen zur altlateinischen Dichtersprache. Berlin : Weidmannsche Buchhandlung. (Problemata. Forschungen zur klassischen Philologie, Heft 10.)
- HARRAUER, H. 1979. a Bibliography to Catullus. Hildesheim : Gerstenberg Verlag. (Bibliography to Augustan Poetry, III.)
- HARTMAN, G.H. 1980. Criticism in the wilderness: the study of literature today. New Haven & London : Yale University Press.
- HARTMAN, J.J. 1918. De Catulli c.I vss. 8-10. *Mnemosyne*, 46:156-160.
- HAVELOCK, E.A. 1938. The lyric genius of Catullus. Oxford : Basil Blackwell.
- HEILER, F. 1923. Das Gebet. Eine religionsgeschichtliche und religionspsychologische Untersuchung. 5. Auflage. München : Verlag von Ernst Reinhardt.
- HEINE, R. 1967. Zum 2. und 17. Gedicht Catulls. *Gymnasium*, 74:315-321.

- HEINE, R. red. 1975. Catull. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Wege der Forschung, CCCVIII.)
- HELLEGOUARC'H, J. 1965. Commentaire métrique du poème 76 de Catulle. *L'information littéraire*, 27:171-174.
- HENDERSON, W.J. 1984. The International Conference on "Greek and Latin Philology in the twentieth century" (Rome, 17-21 September 1984.) *Akroterion*, 29(4):109-117.
- HERESCU, N.I. 1959. De Catulle à Saint Cyprien. Évolution d'un conception de la divinité. *Orpheus*, VI:119-134.
- HERING, W. 1975. Properz und Catull. Anmerkungen zum neoterischen Erbe in der augusteischen Literatur. *Eirene*, 13:77-85.
- HEUSCH, H. 1954. Das Archaische in der Sprache Catulls. Bonn : Peter Hainstein Verlag.
- HIGHET, G. 1959. *Poets in a landscape*. : Penguin Books.
- HIGHET, G. 1972. *The speeches in Vergil's Aeneid*. Princeton, New Jersey : Princeton University Press.
- HILLIS MILLER, J. 1987. Presidential address 1986. The triumph of theory, the resistance to reading, and the question of the material base. *PMLA*, 103(3):281-291.
- HIRSCH, E.D. (Jr.) 1967. *Validity in interpretation*. New Haven : Yale University Press..
- HIRSCH, E.D. (Jr.) 1976. *The aims of interpretation*. Chicago and London : University of Chicago Press.
- HOLUB, R.C. 1984. *Reception theory*. London : Methuen. (New Accents.)
- HOWARD, R.J. 1982. *Three faces of hermeneutics. An introduction to current theories of understanding*. Berkeley, Los Angeles, London : University of California Press.
- HUBBARD, T.K. 1983. The Catullan libellus. *Philologus*, 127:218-237.
- ISER, W. 1970. Die Appelstruktur der Texte. Unbestimmtheit als Wirkungsbedingung literarischer Prosa. Konstanz : Universitätsverlag GMBH. (Konstanzer Universitätsreden, 28.)
- ISER, W. 1978. *The act of reading: a theory of aesthetic response*. London : Routledge and Kegan Paul.
- JÄGER, G. 1975. Einführung in die klassische Philologie. München : Beck. (Beck'sche Elementarbücher.)
- JAEGER, W. 1970. (1916.) *Philologie und Geschichte*. (In Oppermann, H. red. *Humanismus*. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Wege der Forschung, 17.) p. 1-17.)

JAKOBSON, R. 1971. Structures linguistiques subliminales en poésie. *Poétique*, 7:324-333.

JAKOBSON, R. 1977. Linguïstiek en poetica. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W., Kuhne-Ibsch, Elrud. reds. *Tekstboek algemene literatuurwetenschap: moderne ontwikkelingen in de literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publicaties*. Baarn : Ambo. p.96-106.) (Basisboeken.)

JAUSS, H.R. 1970. *Literaturgeschichte als Provokation*. Frankfurt : Suhrkamp.

JAUSS, H.R. 1977. Geschiedenis en kunst. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W., Kuhne-Ibsch, Elrud. reds. *Tekstboek algemene literatuurwetenschap: moderne ontwikkelingen in de literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publicaties*. Baarn : Ambo. p.266-283.) (Basisboeken.)

JENKYN, R. 1982. Three classical poets. Sappho, Catullus and Juvenal. London : Duckworth.

JONES, C.P. 1968. Parody in Catullus 44. *Hermes*, 96:379-383.

JORDAAN, G.J.C. 1980. *Inleiding in die filologische methodiek*. Potchefstroom : Wesvalia Boekhandel.

KAPPELMACHER, A. 1922/23. Zum Stil Catos in De re rustica. *Wiener Studien*, 43:168-172.

KENNEY, E.J. 1982. Books and readers in the Roman world. (In Kenney, E.J. ed. *The Cambridge history of classical literature*, vol. 2. Latin literature. Cambridge : Cambridge University Press. p. 3-32.)

KENNEY, E.J. red. 1971. Lucretius. De Rerum Natura Book III. Cambridge : University Press.

KENT, R.G. 1923. Addendum on Catullus' passer. *American Journal of Philology*, 353-354.

KHAN, H.A. 1968. Catullus 76: The summing up. *Athenaeum*, 46:54-71.

KHAN, H.A. 1969. Image and symbol in Catullus 17. *Classical Philology*, 64:88-97.

KINCHIN SMITH, F. and MELLUISH, T.W. reds. 1958. *Catullus. Selections from the poems*. London : George Allen & Unwin.

KLEINKNECHT, H. 1967 (1937.) *Die Gebetsparodie in der Antike*. Hildesheim : Georg Olms Verlagsbuchhandlung. (Tübinger Beiträge zur Altertumswissenschaft, XXVIII.)

KNEBEL, G. 1965. Hymnus. (In *Lexicon der Alten Welt*. Zürich. p. 1344-1345.)

- KOCH, C. 1960. *Religio: Studien zu Kult und Glauben der Römer*. Nürnberg : Verlag Hans Carl. (Erlanger Beiträge zur Sprach- und Kunstwissenschaft, VII. Herausgegeben von Otto Seel.)
- KORZENIEWSKI, D. 1978-1979. *Elemente hymnischer Parodie in der Lyrik Catulls*. *Helikon*, XVIII-XIX:228-257.
- KRISTEVA, J. 1980. *Desire in language. A semiotic approach to literature and art*. Ed. by Leon S. Roudiez. Transl. by T. Gora, A. Jardine, and L.S. Roudiez. New York : Columbia University Press.
- KROLL, W. red. 1960. *C. Valerius Catullus*. Stuttgart : Teubner.
- KUHN, T.S. 1970. *Reflections on my critics*. (In Lakatos, I. & Musgrave, A. reds. *Criticism and the growth of knowledge: Proceedings of the International Colloquium in the Philosophy of Science*. Vol. 4. London : Cambridge University Press. p. 231-278.)
- KUHN, T.S. 1973a. (1962.) *The structure of scientific revolutions*. Second edition, enlarged. Chicago : University of Chicago Press. (International Encyclopedia of Unified Science, Volume 2, Number 2.)
- KUHN, T.S. 1973b. *Postscript-1969*. (In Kuhn, T.S. *The structure of scientific revolutions*. Second edition, enlarged. Chicago : University of Chicago Press. (International Encyclopedia of Unified Science, Volume 2, Number 2.) p. 174-210.)
- LAAGER, J. 1962. *Epiklesis*. (In Klauser, T. red. *Reallexicon für Antike und Christentum*. *Sachwörterbuch zur Auseinandersetzung des Christentums mit der antike Welt*, 5:577-579. Stuttgart : Anton Hiersemann.)
- LACKENBACHER, H. 1935. *Das 36. Gedicht des Catull*. *Wiener Studien*, 53:156-159.
- LAFAYE, G. 1894. *Catulle et ses modèles*. Paris : Imprimerie Nationale.
- LATTA, B. 1972. *Zu Catulls Carmen 1*. *Museum Helveticum*, 29:201-213.
- LATTE, K. 1960. *Römische Religionsgeschichte*. München : C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung. (Handbuch der Altertumswissenschaft, Fünfte Abteilung, Viertes Teil.)
- LEEMAN, A.D. 1976. *Catulls Carmen 76 I*. *Lampas*, 9:244-255.
- LEVINE, P. 1969. *Catullus c.1: a prayerful dedication*. *California Studies in Classical Antiquity*, 2:209-216.
- LEWIS, C.T. and SHORT, C. 1966. *A Latin dictionary*. Founded on Andrew's edition of Freund's Latin dictionary. Revised, enlarged and in great part rewritten by Charlton T. Lewis and Charles Short. Oxford : Clarendon Press.
- LIBERMAN, M.M. & FOSTER, E.E. 1968. *A modern lexicon of literary terms*. Glenview, Illinois : Scott, Foresman and Company.

LIEBERG, G. 1962. *Puella divina: Die Gestalt der göttlichen Geliebten bei Catull im Zusammenhang der antiken Dichtung.* Amsterdam : Verlag P. Schippers.

LIEBESCHUETZ, J.H.W.G. 1979. *Continuity and change in Roman religion.* Oxford : Clarendon Press.

LINDHOLM, E. 1931. *Stilistische Studien: zur Erweiterung der Satzglieder im Lateinischen.* Inaugural Dissertation. Lund : Hakan Ohlsons Buchdruckerei.

LINGE, D.E. 1977. Editor's introduction. (In Gadamer, H-G. *Philosophical hermeneutics.* Translated and edited by David E. Linge. Berkeley : University of California Press. p. xi-lviii.)

LLOYD-JONES, H. 1982. Introduction. (In Wilamowitz-Moellendorff, U. von. *History of classical scholarship.* Translated from the German by Alan Harris. Edited with introduction and notes by Hugh Lloyd-Jones. p. v-xxxii.)

LOTMAN, J. 1977. *Teksttypologie en de typologie van de tekstexterne verbande.* (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W., Kuhne-Ibsch, Elrud. reds. *Tekstboek algemene literatuurwetenschap: moderne ontwikkelingen in de literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publicaties.* Baarn : Ambo. p. 106-120.) (Basisboeken.)

LOUW, J.P. 1982. *Semantics of New Testament Greek.* Philadelphia, Pennsylvania : Fortress Press.

LYNE, R.O.A.M. 1980. *The Latin love poets from Catullus to Horace.* Oxford : Clarendon Press.

MAAS, P. 1942. *The chronology of the poems of Catullus.* *The Classical Quarterly*, 36:78-82.

MACLEOD, C. 1973. *Catullus 116.* *Classical Quarterly*, 23:304-309.

MACURDY, G.H. 1928. *A debt of Catullus to Euripedes.* *The Classical World*, 21(17):129-130.

MANDELBAUM, M. 1967. *Historicism.* (In Edwards, P. ed. *The encyclopedia of philosophy.* Vol. 4. New York : Macmillan & The Free Press. p.22-25.)

MARMORALE, E.V. 1952. *L'ultimo Catullo.* Napoli : Edizioni Scientifiche Italiane. (Collana di Saggi, XII.)

MAROT, K. 1936. *Langue et religion : une esquisse.* *L'Antiquité Classique*, 5(2):249-261.

MAROUZEAU, J. 1949. *Quelques aspects de la formation du latin littéraire.* Paris : Librairie C. Klincksieck. (Collection linguistique, publiée par La Société de linguistique de Paris, LIII.)

MAYER, R. 1982. *On Catullus 1.9 again.* *Liverpool Classical Monthly*, 7:73-74.

- MAYER, R. 1983. Catullus' divorce. *The Classical Quarterly*, 33:297-298.
- McCABE, K. 1986. 'Was Juvenal a Structuralist?' A look at anachronisms in literary criticism. *Greece & Rome*, XXXIII(1):78-84.
- McCARREN, V.P. 1977. *A critical concordance to Catullus*. Leiden : Brill.
- McGUSHIN, P. 1967. Catullus' sanctae foedus amicitiae. *Classical Philology*, 62(2):85-93.
- MENDELL, C.W. 1965. *Latin poetry. The New Poets and the Augustans*. New Haven & London : Yale University Press.
- MERRILL, E.T. red. 1951 (1893.) *Catullus*. Cambridge, Massachusetts : Harvard University Press.
- MEYER, H. 1933. *Hymnische Stilelemente in der frühgriechischen Dichtung*. Würzburg : Dissertationsdruckerei und Verlag Konrad Triltsch. (Inaugural-Dissertation - Universität Köln.)
- MOORE-BLUNT, Jennifer. 1974. Catullus XXXI and ancient generic composition. *Eranos*, 72:106-118.
- MORITZ, L.A. 1968. *Difficile est longum subito deponere amorem*. *Greece & Rome*, 15:53-58.
- MOUNTFORD, J. red. 1967. 'Bradley's Arnold' Latin prose composition. London : Longmans.
- MUELLER-VOLLMER, K. red. 1986. *The hermeneutics reader. Texts of the German tradition from the Enlightenment to the present*. London : Basil Blackwell.
- MURLEY, C. 1938. Was Catullus present at Sestius' dinner? *Classical Philology*, 33:206-208.
- MYNORS, R.A.B. red. 1967. *C. Valerii Catulli Carmina*. Oxonii : E Typographaeo Clarendoniano.
- NÉMETH, B. 1972. How does Catullus' booklet begin? Contribution to the interpretation of the envoy. *Acta Classica Universitatis Scientiarum Debreceniensis*, 8:23-30.
- NÉMETH, B. 1973. Further notes on Catullan poetry. (c.2, c.2a, c.11, c.51.) *Acta Classica Universitatis Debreceniensis*, 9:41-56.
- NEUDLING, C.L. 1955. *A prosopography to Catullus*. Oxford : Printed by Stephen Austin & Sons. Hertford. (Iowa studies in Classical Philology, XII.)
- NEWMAN, J.K. 1967. The concept of vates in Augustan poetry. *Bruxelles : Latomus Revue d'Études Latines*. (Collection Latomus, Vol. LXXXIX.)

- NIDA, E.A. 1976. A framework for the analysis and evaluation of theories of translation. (In Brislin, R.W. red. Translation. Applications and research. New York : Garner Press. p.47-91.)
- NIJHOFF, M. 1964. Lees maar, er staat niet wat er staat; keuze uit de oorspronkelijke gedichten, voorafgegaan door een beschouwing "Over eigen werk." Daamen : Bakker.
- NORDEN, E. 1956 (1923.) Agnostos Theos: Untersuchungen zur Formengeschichte religiöser Rede. Stuttgart : Teubner.
- NORDEN, E. 1958. Die Antike Kunstprosa. Vom VI. Jahrhundert v. Chr. bis in die Zeit der Renaissance. 2 Bde. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- NORDEN, E. 1961. Die Römische Literatur. 6. Ergänzte Auflage. Leipzig : B.G. Teubner Verlagsgesellschaft.
- NORDEN, E. 1975 (1939.) Aus altrömischen Priesterbüchern. New York : Arno Press.
- OFFERMANN, H. 1975. Zu Catull c.2,7f. *Eranos*, 73:55-61.
- OHMANN, R. 1971. Speech acts and the definition of literature. *Philosophy and Rhetoric*, 4:1-19.
- PAGE, T.E. red. 1965. Q. Horatii Flacci Carminum Liber III. London : Macmillan.
- PALMER, L.R. 1977. The Latin language. London : Faber and Faber.
- PALMER, R.E. 1969. Hermeneutics. Interpretation theory in Schleiermacher, Dilthey, Heidegger, and Gadamer. Evanston : Northwestern University Press.
- PATZER, H. 1970. (1948.) Der Humanismus als Methodenproblem der klassischen Philologie. (In Oppermann, H. red. Humanismus. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Wege der Forschung, 17.) p. 259-278.)
- PHILLIMORE, J.S. 1910. Passer. Catull. carm. ii. *Classical Philology*, 5:217 -219.
- PHILLIMORE, I.S. 1919. Ad Catulli C.I. *Mnemosyne*, 47:228-229.
- PIGHI, G.B. 1967. La religione romana. Torino : Bottega D'Erasmus.
- PRIOR, A.N. 1967. Correspondence theory of truth. (In Edwards, P. red. The encyclopedia of philosophy. Vol. 2. New York : Macmillan & The Free Press. p. 223-232.)
- PRATT, Mary Louise. 1977. Toward a speech act theory of literary discourse. Bloomington : Indiana University Press.
- PUTNAM, M.C.J. 1969. Catullus 36,19. *Classical Philology*, 64:235-236.
- QUINN, K. 1968. The commentator's task. *Didaskalos* , 2(3):114-126.

- QUINN, K. 1969a. (1959.) *The Catullan revolution*. Cambridge : W. Heffer & Sons. (Revised impression; first impression 1959 by Melbourne University Press.)
- QUINN, K. 1969b. *Practical criticism: a reading of Propertius i.21 and Catullus 17*. *Greece & Rome*, 16:19-29.
- QUINN, K. red. 1970. *Catullus. The poems*. Ed. with introduction, revised text and commentary. Macmillan : St. Martin's Press.
- QUINN, K. 1972a. *Catullus. An interpretation*. London : B.T. Batsford Ltd.
- QUINN, K. red. 1972b. *Approaches to Catullus: selected and introduced by Kenneth Quinn*. Cambridge : Heffer. New York : Barnes & Noble Books.
- QUINN, K. 1973. *Trends in Catullan criticism*. (In *Aufstieg und Niedergang der römischen Welt. Hommages à J. Vogt*. Tome 1, livre 3. Berlin. p. 369-389.)
- QUINN, K. 1979. *Texts and contexts: The Roman writers and their audience*. London : Routledge & Kegan Paul.
- RABINOWITZ, I. 1982. *New Criticism: beloved infidel*. (In Ryan, R. and Van Zyl, S. reds. *An introduction to contemporary literary theory*. Johannesburg : Donker. p. 24-40.)
- RANKIN, H.D. 1968. *A note on Catullus XVII*. *Latomus*, 27:418-420.
- RAY, W. 1984. *Literary meaning: from Phenomenology to Deconstruction*. Oxford : Basil Blackwell.
- REITZENSTEIN, R. 1912. *Zur Sprache der lateinischen Erotik*. Heidelberg : Carl Winter's Universitätsbuchhandlung.
- RICCIO, O.M. 1980. *The intimate art of writing poetry*. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.
- RICHARDSON, L. (Jr.) 1978. *Poetical theory in republican Rome*. New York and London : Garland Publishing, Inc.
- RENARD, M. 1946. *L'élément religieux dans les poésies de Catulle*. *Latomus*, 5:351-357.
- REYNOLDS, L.D. red. 1983. *Texts and transmission. A survey of the Latin Classics*. Oxford : Clarendon Press.
- RICHMOND, O.L. 1919. *Catulliana*. *The Classical Quarterly*, 13:134-140.
- RICOEUR, P. 1976. *Interpretation theory: discourse and the surplus of meaning*. Fort Worth, Texas : The Texas Christian University Press.
- ROSE, H.J. 1936. *A handbook of Latin literature. From the earliest times to the death of St. Augustine*. London : Methuen.

ROSE, H.J. 1973. Prayer. (In Hammond, N.G.L. and Scullard, H.H. eds. The Oxford Classical Dictionary. Oxford : Clarendon Press. p.875.)

RÖSLER, W. 1980. Dichter und Gruppe: eine Untersuchung zu den Bedingungen und zur historischen Funktion früher griechischen Lyrik am Beispiel Alkaios. München : Fink. (Theorie und Geschichte der Literatur und schönen Künste. Texte und Abhandlungen, Bd. 50.)

ROSS, D.O. (Jr.) 1969. Style and tradition in Catullus. Cambridge, Massachusetts : Harvard University Press.

ROSS, D.O. (Jr.) 1973. Urlosque apertos: a Catullan gloss. *Mnemosyne*, 26:60-62.

ROSSOUW, H.W. 1981. Wetenskap, waarheid, interpretasie. Port Elizabeth : Universiteit van Port Elizabeth. (Seminare, Simposia en Lesings, B7.)

RUDD, N. 1959. Colonia and her bridge: a note on the structure of Catullus 17. *Transactions of the American Philological Association*, 90:238-242.

RUSSELL, D.A. 1981. Criticism in antiquity. Berkeley and Los Angeles : University of California Press.

RUTTER, J. 1967. A further note on the structure of Catullus 17. *The Classical World*, 60:269-270.

RYAN, R. 1982. Post-Structuralism: deconstructing Derrida. (In Ryan, R. & Van Zyl, S. eds. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Donker. p. 92-113.)

RYAN, R. & VAN ZYL, S. eds. 1982. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Donker.

SAUSSURE, F. de 1931 (1916.) Cours de linguistique générale publié par Charles Bally et Albert Sechehaye. Avec la collaboration de Albert Riedlinger. Paris : Payot. (Bibliothèque scientifique.)

SCHÄFER, E. 1966. Das Verhältnis von Erlebnis und Kunstgestalt bei Catull. Wiesbaden : Franz Steiner Verlag GMBH. (Hermes, Einzelschriften, H. 18.)

SCHMIDT, E.A. 1985. Catull. Heidelberg : Carl Winter.

SCHNELLE, Ilse. 1933. Untersuchungen zu Catulls dichterischer Form. Leipzig : Dieterich'sche Verlagsbuchhandlung. (Philologus Supplementband XXV, Heft III.)

SCHÖNBERGER, O. 1980-1981. Interpretation eines Catull-Epigramms. *Helikon*, XX-XXI:329-334.

SEARLE, J.R. 1974/1975. The logical status of fictional discourse. *New Literary History*, 6:318-332.

- SEGAL, C. 1968. Ancient texts and modern literary criticism. Some recent trends in classical literary studies. *Arethusa*, 1(1):1-25.
- SELDEN, R. 1985. A reader's guide to contemporary literary theory. Brighton : Harvester Press.
- SELLAR, W.Y. 1905. The Roman poets of the Republic. Oxford : Clarendon Press.
- SHIPLEY, J.T. red. 1966. Dictionary of world literature: criticism, forms, technique. Totowa : Littlefield, Adams & Co.
- SHIPLEY, J.T. red. 1970. (1943.) Dictionary of world literary terms. forms, technique, criticism. Boston : Writer.
- SIMPSON, F.P. red. 1964. (1879.) Select poems of Catullus: Ed. with introductions, notes, and appendices by Francis P. Simpson. London : Macmillan. New York : St. Martin's Press.
- SINGLETON, D. 1972. A note on Catullus' first poem. *Classical Philology*, 67:192-196.
- SMITH, Barbara Hernstein. 1978. On the margins of discourse. The relation of literature to language. Chicago and London : University of Chicago Press.
- SKINNER, Marilyn B. 1981. Catullus' Passer. The arrangement of the book of polymetric poems. Salem, New Hampshire : The Ayer Company.
- SKINNER, Marilyn B. 1987. Disease imagery in Catullus 76.17-26. *Classical Philology*, 82(3):230-233.
- SOLES, M. 1954. Studies in colloquial language in the poems of Catullus. Ann Arbor, Mich. : University Microfilms. (Dissertation (D. Phil.) - University of Michigan.)
- SONTAG, Susan 1967. Against interpretation. (In Sontag, Susan. Against interpretation. London : Eyre & Spotteswoode. p. 3-14.)
- STOESSL, F. 1977. C. Valerius Catullus: Mensch, Leben, Dichtung. Meisenheim Am Glam : Verlag Anton Hain. (Beiträge zur Klassischen Philologie, Heft 85.)
- STOESSL, F. 1981. Die biographische Methode in der Catullforschung. *Gräzer Beiträge*, X:105-134.
- STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding tot die kosmologie. Bloemfontein : Sacum. (Wetenskaplike Studiereeks, Nummer 1.)
- STURTEVANT, E.H. 1925. Mr. Colby on Catullus 1.7. *The Classical World*, 19:158.
- SVENNUNG, J. 1945. Catulls Bildersprache: Vergleichende Stilstudien I. Uppsala : A.-B. Lundequistska Bokhandeln. (Uppsala Universiters Arsskrift, 1945:3.)

- SVENNUNG, J. 1975. Phaselus ille: zum 4. Gedicht Catulls. (In Heine, R., red. Catull. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. p.401-424.) (Wege der Forschung, CCCVIII.)
- SWANEPOEL, J. 1984. Staat er wat er staat? Resepsies van Catullus se carmen XLIX. *Literator*, 5(1):21-37.
- SWANEPOEL, J. 1986. "Literêre analise van die Griekse Nuwe Testament." *Koers*, 51(3):287-327.
- SYNDIKUS, H.P. 1984. Catull. Eine Interpretation. Erster Teil. Die Kleine Gedichten (1-60). Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Impulse der Forschung, 46.)
- SYNDIKUS, H.P. 1987. Catull. Eine Interpretation. Dritter Teil. Die Epigramme (69-116). Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Impulse der Forschung, 48.)
- THOMSON, D.F.S. 1957. Interpretation of Catullus - 1. *Phoenix*, 11:121-124.
- THOMSON, D.F.S. 1967. Catullus and Cicero: poetry and the criticism of poetry. *The Classical World*, 60(6):225-230.
- THOMSON, D.F.S., red. 1978. Catullus: a critical edition. Chapel Hill : The University of North Carolina Press.
- TOWNEND, G.B. 1980. A further point in Catullus' attack on Volusius. *Greece & Rome*, XXVII :134-136.
- TRAINA, A. 1959. Catullo e i misteri. *Convivium*, 3:335-339.
- TRÄNKLE, H. 1981. Catullprobleme. *Museum Helveticum*, XXXVIII:245-258.
- TYNANOV, J. 1977. Het literaire feit. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W., Kuhne-Ibsch, Elrud. reds. Tekstboek algemene literatuurwetenschap: moderne ontwikkelingen in de literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publicaties. Baarn : Ambo. p. 260-265.) (Basisboeken.)
- VAN COLLIER, H.P. 1983. Teoretiese benaderings van die letterkunde in die jare tagtig. *Literator*, 4(3):1-16.
- VAN DEN BROECK, R. & LEFEVERE, A. 1984. Uitnodiging tot de vertaalwetenschap. Muiderberg : Coutinho.
- VAN GORP, H., red. 1984. Lexicon van literaire termen. 2de herziene en vermeerderde druk. Groningen : Wolters-Noordhoff.
- VAN GELDER, J. 1933. De woordherhaling bij Catullus. Den Haag : N.V. De Zuid-Hollandsche Boek- en Handelsdrukkerij.
- VAN SICKLE, J. 1981. Poetics of opening and closure in Meleager, Catullus, and Gallus. *The Classical World*, 75:65-75.

- VAN ZYL, Susan. 1982. Speech act theory. (In Ryan, R. and Van Zyl, S., reds. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Donker. p. 114-127.)
- VERSNEL, H.S. 1981. Religious mentality in ancient prayer. (In Versnel, H.S., red. 1981. Faith hope and worship. Aspects of religious mentality in the ancient world. Leiden : Brill. p. 1-64.) (Studies in Greek and Roman Religion, 2.)
- VISSER, N.W. 1982a. Russian Formalism. (In Ryan, R. and Van Zyl, S. reds. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Donker. p. 15-23.)
- VISSER, N.W. 1982b. Structuralism. (In Ryan, R. & Van Zyl, S. reds. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Donker. p. 53-65.)
- VON SEVERUS, E. 1972. Gebet I. (In Klauser, T. red.. Reallexicon für Antike und Christentum. Sachwörterbuch zur Auseinandersetzung des Christentums mit der antike Welt, 8:1134-1258. Stuttgart : Anton Hiersemann.)
- WAGENVOORT, H. 1940. De Catulli carmine secundo. Mnemosyne, 8:294-298.
- WAGENVOORT, H. 1956a. Ludus poeticus. (In Wagenvoort, H. 1956. Studies in Roman literature, culture and religion. Leiden : Brill. p. 30-42.)
- WAGENVOORT, H. 1956b. Fas sit vidisse. (In Wagenvoort, H. 1956. Studies in Roman literature, culture and religion. Leiden : Brill. p. 184-192.)
- WAGENVOORT, H. 1980a. (1964.) Orare, precari. (In Wagenvoort, H. Pietas: selected studies in Roman religion. Leiden : Brill. p. 197-209.)
- WAGENVOORT, H. 1980b. (1972.) Characteristic traits of ancient Roman religion. (In Wagenvoort, H. Pietas: Selected studies in Roman religion. Leiden : Brill. p. 223-256.)
- WARDE FOWLER, W. 1971 (1911.) The religious experience of the Roman people. From the earliest times to the age of Augustus. New York : Cooper Square Publishers.
- WATSON, Patricia. 1985. Axelson revisited : the selection of vocabulary in Latin poetry. The Classical Quarterly, XXXV(2):430-448.
- WEINREICH, O. 1975. (1926.) Die Distichen des Catull. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Libelli, Band CXXXII.)
- WELLEK, R. and WARREN, A. 1968. Theory of literature. Penquin Books.
- WEST, D.A. 1957. The metre of Catullus' elegiacs. The Classical Quarterly, 7:98-102.

- WEST, D. 1967. *Reading Horace*. Edinburgh : Univesity Press.
- WHEELER, A.S. 1934. *Catullus and the traditions of ancient poetry*. Berkley, California : University of California Press. (Sather Classical Lectures, 9.)
- WHITE, A.R. 1967. *Coherence theory of truth*. (In P. Edwards, red. *The encyclopedia of philosophy*. Vol. 2. New York : Macmillan & The Free Press. p. 130-133.)
- WILAMOWITZ-MOELLENDORFF, U. von 1921. *Geschichte der Philologie*. Leipzig : Teubner.
- WILAMOWITZ-MOELLENDORFF, U. von. 1962 (1924.) *Hellenistische Dichtung in der Zeit des Kallimachos*. 2. verbesserte Auflage. 2 Bde. Berlin : Weidmannsche Verlagsbuchhandlung.
- WILAMOWITZ-MOELLENDORF, U. von. 1982. *History of classical scholarship*. Translated from the German by Alan Harris. Edited with an introduction and notes by Hugh Lloyd-Jones. London : Duckworth.
- WILKINSON, L.P. 1966. *Golden Latin artistry*. Cambridge : University Press.
- WILLE, Irmgard. 1964. *Catulls Gedicht 76 als Spiegelbild seines Liebeserlebnisses und seiner Liebesdichtung*. *Das Altertum*, 10:89-95.
- WILLIAMS, G. 1968. *Tradition and originality in Roman poetry*. Oxford : Clarendon Press.
- WILLIAMS, G. 1978. *Change and decline: Roman literature in the early empire*. Berkeley, Los Angeles, London : University of California Press.
- WILLIAMS, G. red. 1979. *The third book of Horace's Odes*. Ed. with translation and commentary by Gordon Williams. Oxford: Clarendon Press.
- WILLIAMS, G. 1980. *Figures of thought in Roman poetry*. New Haven and London : Yale University Press.
- WILLIAMS, G. 1982. *The genesis of poetry in Rome*. (In Kenney, E.J. red. *The Cambridge history of classical literature*, vol. 2. *Latin literature*. Cambridge : Cambridge University Press. p. 53-59.)
- WILLIAMS, G. 1983. *The nature of Roman poetry*. Oxford : Oxford University Press.
- WILLIAMSON, G.A., red. 1969. *Poems of Catullus*. London : Bell.
- WIMSATT, W.K. (Jr.) 1970. (1954.) *The intentional fallacy*. (In Wimsatt, W.K. (Jr.) *The verbal icon*. London : Methuen. p. 3-18.)
- WIMSATT, W.K. (Jr.) & BROOKS, C. 1969. *Literary criticism: a short history*. New York : Alfred A. Knopf.

- WINTERBOTTOM, M. 1982. Literary criticism. (In Kenney, E.J. ed. The Cambridge history of classical literature, vol. 2. Latin literature. Cambridge : Cambridge University Press. p. 33-52.)
- WISEMAN, T.P. 1969. Catullan questions. Leicester : Leicester University Press.
- WISEMAN, T.P. 1987. Catullus & his world. A reappraisal. Cambridge : Cambridge University Press.
- WISSOWA, G. 1902. Religion und Kultus der Römer. München : C.H.Beck.
- WISSOWA, G. 1904. Gesammelte Abhandlungen zur römischen Religions- und Stadtgeschichte. München : C.H. Beck.
- WITKE, C. 1972. Verbal art in Catullus, 31. American Journal of Philology, 93:239-251.
- WOZLEY, A.D. 1976. Theory of knowledge: an introduction. London : Hutchingson.
- WÜLFING, P. 1985. Altertumswissenschaft und Philologie. Gymnasium, 92:12-29.
- YOUNG, R. red. 1981. Untying the text: a post-structuralist reader. Boston, London and Henley : Routledge & Kegan Paul.
- ZARKER, J.W. 1969. Mule, nihil sentis (Catullus 83 and 17.) The Classical Journal, 64:172-177.
- ZICARI, M. 1963. Il secondo carme di Catullo. Studi Urbinati di Storia, Filosofia et Letteratura, 37:205 -232.
- ZICARI, M. 1965. Sul primo carme di Catullo. Maia, 17:232-240.
- ZIEGLER, K. 1967. Hymnos. (In Der Kleine Pauly : Lexicon der Alten Welt. Stuttgart : Alfred Druckenmüller. p. 1268-1270.)